Sir David Pieter de Villiers Graaff:

Sakeman en Politikus aan die Kaap

1859 –1931

Ebbe Dommisse

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte (Geskiedenis)

in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof A M Grundlingh

Desember 2011

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat,my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, of in die geheel of gedeeltelik ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 19 Augustus 2011

Handtekening: _____

Kopiereg © 2011 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Hierdie studie is 'n biografie van sir David Pieter de Villiers Graaff, die baronet van Kaapstad wat in 1859 gebore en in 1931 oorlede is. Dit dek sy hele lewensloop, van sy geboorte-uur as arm plaasseun in die distrik van Villiersdorp totdat hy as een van Suid-Afrika se innoverendste sakemanne gesterf het nadat hy hom ook in 'n politieke loopbaan onderskei het. As die pionier van koelbewaring in Suid-Afrika het hy teen die einde van die negentiende eeu die verkoeling van vleis en voedsel op groot skaal na die land gebring en in die vleisbedryf een van die grootste sakeondernemings in die Suidelike Halfrond opgebou. As burgemeester van Kaapstad op die jeugdige ouderdom van 31 het hy 'n deurslaggewende bydrae tot die modernisering van die stad gelewer. As lid van genl. Louis Botha se eerste Kabinet na Uniewording in 1910, 'n bepalende gebeurtenis waardeur die landsgrense van die huidige Republiek van Suid-Afrika vasgelê is, het hy 'n soms onderskatte rol in die opgang van die land en die landsekonomie na die beproewinge en langtermyn-gevolge van die Anglo-Boere-oorlog gespeel. Die lewensverhaal van hierdie komplekse sakeleier-politikus, 'n Kaapse Afrikaner wat as vrygesel op gevorderde leeftyd 'n erflike Britse titel ontvang het en daarna met die dogter van die leraar van sy NG gemeente getroud is, is boonop 'n boeiende voorbeeld van die moeilike keuses wat Kaapse Afrikaners in koloniale tye tussen trou aan die Britse Ryk en verankering in die Suid-Afrikaanse bodem moes maak. Sy lewensverhaal bied voorts insig in die rol van 'n top-sakeman wat tot die aktiewe politiek toetree, 'n faset wat in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing nog weinig ontgin is. Deur die mosaïek van sy lewe uit te beeld in die tydsgewrig waarin hy 'n prominente figuur was, is gepoog om ook meer lig op die maatskaplike en kulturele konteks van daardie epogmakende tydperk te werp en sodoende 'n genuanseerde begrip van die Suid-Afrikaanse verlede te bevorder.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Abstract

This study is a biography of Sir David Pieter de Villiers Graaff, Bt, of Cape Town, who was born in 1859 and died in 1931. It covers his whole life span, from his birth as a poor farm boy in the district of Villiersdorp until his death as one of South Africa's most innovative businessmen after he also distinguished himself in a political career. As the pioneer of cold storage in South Africa he brought the practice of frozen meat and food to the country at the end of the nineteenth century and in the meat trade he built up one of the biggest business undertakings in the Southern Hemisphere. As mayor of Cape Town at the youthful age of 31 he played a decisive rol in the modernisation of the city. As a member of Genl. Louis Botha's first Cabinet after Union in 1910, a defining event which laid down the borders of the present Republic of South Africa, he played a sometimes underestimated role in the development of the country and its economy after the tribulations and long-term effects of the Anglo-Boer War. The life of this complex businessman/politician, a Cape Afrikaner who as a bachelor at an advanced age received a hereditary British title and thereafter married the daughter of the dominee of his Dutch Reformed congegation, is also a fascinating example of the difficult choices which Cape Afrikaners in colonial times had to make between loyalty to the British Crown and commitment to the native soil of South Africa. His biography furthermore offers an insight into the role of a top business leader who enters politics, a facet which has received little coverage in South African historial research. By describing the mosaic of his life in the time span in which he was a prominent figure, it was endeavoured to cast more light on the social and cultural context of an epoch-making period, thereby seeking to contribute to a nuanced understanding of the South African past.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord.....5

1 Inleiding: Herder tot hoogtes.....9

2 Kind van die Overberg.....13

3 In Van Riebeeck se stoel.....24

4 Parlementslid en Rhodes.....42

5 Oorlog.....66

6 Imperial Cold Storage en Graaffs Trust.....79

7 Uniewording.....96

8 Baronet en Skeepsring.....116

9 Krisisse,'n bruilof en diamante 138

10 Terug na De Grendel en sakelewe.....169

11 Afsterwe en nalatenskap.....196

Bronnelys.....213

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Voorwoord

Hierdie biografie is die eerste een wat die volle lewensloop van sir David Pieter de Villiers Graaff dek. Geen omvattende biografie is nog oor hom geskryf nie, afgesien van 'n honneurstesis wat hoofsaaklik oor sy rol in die Kaapse stadsraad handel.[1] Inderdaad is weinig studies nog onderneem oor Suid-Afrikaners wat as die tweede linie van politieke leiersfigure bestempel kan word, maar wat wel betekenisvolle invloed uitgeoefen het. Dit staan in teenstelling met heelwat materiaal wat beskikbaar is oor mense wat tot die eerste linie van politieke leiersfigure gereken kan word, soos die biografieë en ander werke oor Louis Botha, Jan Smuts, D.F. Malan, P.W. Botha, F.W. de Klerk, Nelson Mandela en Thabo Mbeki.

Graaff se lewensverhaal is 'n fassinerende stuk geskiedenis, veral omdat dit nie net die besonder gebeurtenisvolle tydperk ten tyde van Uniewording omvat nie. Graaff die invloedryke politikus was ook 'n hoogs suksesvolle sakeman, 'n entrepreneur wat as die pionier van koelbewaring in Suid-Afrika 'n fortuin uit bevrore vleis en voedsel opgebou het. Graaff se rol as sakeman in die politiek bied op sigself stof vir 'n afsonderlike studie, aangesien die rol van sakeman-politikus in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nog weinig ontgin is. Op die koop toe verteenwoordig hy as sakeman 'n besondere suksesverhaal – die brandarm plaasseun wat 'n internasionale voedselketting opgebou het. Dan is daar ook nog die rariteit van sy erflike baronetskap, wat met die spogplaas De Grendel verbind is.

Die navorsing oor hierdie veelsydige en komplekse pioniersfiguur is begin nadat sy kleinseun, sir David Graaff, die wens teenoor die skrywer uitgespreek het dat 'n boek oor sy oupa geskryf word. Lede van die Graaff-familie het samewerking in die navorsing verleen, maar daar was geen inmenging of beperking van enige aard nie, slegs die versoek dat die relaas so getrou en akkuraat as moontlik moet wees.

In die loop van die navorsing oor Graaff, wat 'n veel omvattender werk opgelewer as wat aanvanklik gemeen is, het prof. Alex Mouton as hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika 'n intreerede oor die waarde van 'n biografie vir geskiedskrywing gelewer wat ook 'n beduidende invloed op hierdie studie gehad het. Daarin het hy betoog dat, sonder biografiese studies van parlementêre politici, dit moeilik sal wees om die Suid-Afrika van voor 1994 te begryp.[2] Mouton gaan voort:

> "The crucial contribution of biography is that it humanises history as it reflects life — its heroism, nobility, endurance, folly, ignorance, weaknesses and brutality. For the British biographer Michael Holroyd, biographers are the messengers of the dead calling to us out of the past, asking to be heard, remembered and understood.[3] As G.M. Trevelyan hauntingly

---

[1] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910".

[2] F.A. Mouton, "'The good, the bad and the ugly': Professional historians and political biography of South African parliamentary politics, 1910-1990." Intreerede by Unisa, 27 Oktober 2009.

[3] M Holroyd, *Works on paper: The craft of biography and autobiography*. p. 19.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> summarised it: "… the poetry of history lies in the quasi-miraculous fact that once, on this earth, once on this familiar ground walked other men and women, as actual as we are today, thinking their own thoughts, swayed by their own passions, but now all gone, one generation vanishing into another, gone as utterly as we ourselves shall shortly be gone, like ghosts at cockcrow."[4]

In Graaff se politieke loopbaan was hy op sy eie en in sy wisselwerking met die belangrikste politici van sy era 'n voorste deelnemer aan 'n rigtingbepalende tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. As vertroueling van die eerste twee Suid-Afrikaanse premiers ná 1910 was hy deel van die betreklik klein netwerk van vooraanstaande persoonlikhede wat die gang van die geskiedenis ná Uniewording bepaal het. Sy lewensloop strek daarby wyer. Dit kan ook meer lig werp op die verhouding tussen sakelui en politici, des te meer aangesien hy as suksesvolle entrepreneur so 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie gelewer het. Sy kundigheid as sakeman het boonop 'n deurslaggewende rol in die plaaslike politiek van Kaapstad gespeel deurdat hy op betreklik jeugdige leeftyd die dryfkrag agter die modernisering van die destydse agterlike munisipale bestuur van die Moederstad was.

In hedendaagse historiografie is sy lewensverhaal relevant aangesien biografiese geskiedskrywing in die laaste paar dekades aansienlik meer aandag van historici begin kry het, onder meer as gevolg van wyer ontwikkelinge in kontemporêre historiese analise. Prof. Barbara Caine, hoogleraar in geskiedenis aan die Monash Universiteit in Australië, wys in hierdie verband in 'n onlangse werk op die afgelope drie tot vier dekades se merkbare beweging weg van strukturalistiese benadering en uitleg in die geesteswetenskappe. Die agteruitgang van Marxisme, beide as 'n teoretiese benadering en 'n intellektuele invloed, wat na die ineenstorting van die Sowjet-blok in die tagtigerjare momentum gekry het, het aanleiding tot 'n reeks van historiese vrae gegee. Die voorrang van klasseverskille het gewyk voor vraagstukke wat oor klassegrense heen strek, insluitende gender, etnisiteit en geslagsidentiteit. Eweneens is die "groot narratief" van dominante groepe se grootskaalse teorieë en ontledings van historiese en maatskaplike veranderings in twyfel getrek; dit is algaande beskou as die onderdrukking en selfs stilmaak van ondergeskiktes. Caine beskryf die belang van biografie in hierdie verband soos volg:

> "At a time when historians want to stress the need to encompass the many different historical narratives which could be produced at any one time … individual lives have become more and more important because of the many ways in which they can illustrate how differences of wealth and power, of class and gender and of ethnicity and religion have affected historical experiences and understanding. Within this framework, biography can be seen as the archetypal 'contingent narrative' and the one best able to show the great importance of particular locations and circumstances and the multiple layers of historical change and experience."[5]

In die lig van die groter waarde wat in die laaste tyd aan historiese biografieskrywing geheg word, is kennis geneem van die drie vernaamste strominge in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, naamlik die nasionalistiese, Marxistiese en liberale benadering. Juis die onlangse wegbeweeg van strukturalisme in die geesteswetenskappe maak dit wenslik dat te

---

[4] D. Cannadine, *G.M. Trevelyan, A Life in History*, p. 190.

[5] B. Caine, *Biography and History*, pp. 2 en 124.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

noue kategorisering met enige van hierdie strominge sover moontlik vermy moet word. Ander gevaarligte dreig ook wanneer vooroordeel in biografieskrywing oorneem, hetsy in 'n bloot aftakelende ikonoklastiese aanslag of oordrewe empatie wat in 'n hagiografie eindig.

Daarom was die vertrekpunt met Graaff se lewensverhaal om 'n vertolkende, kritiese biografie te skryf, dus 'n benadering wat die dissiplinêre konvensies van die historikus eerder as die tegnieke van die literêre outeur of 'n herinneringswerk (commemorative biography) volg. Die verskil tussen hierdie werkwyses en genres is onder andere belig deur Hans Renders, wat die ontwikkeling van die biografie sedert die laat-sewentiende eeu se aanvanklik bloot aanprysende lewensverhale uitvoerig uiteengesit het. Hy wys daarop dat die vertolkende, kritiese biografie op diverse bronne, persoonlik sowel as onregstreeks, gegrond is. Dit plaas die biografiese onderwerp in 'n spesifieke konteks en beskryf die mate waarin hy of sy uniek in sy omgewing was.[6]

Met die oog hierop is gepoog om 'n beeld van Graaff *in* sy tyd te gee, nie 'n relaas van die man *en* die tyd waarin hy geleef en gewerk het nie. Dit is dus dieselfde benadering as wat W.K. Hancock in sy omvangryke biografie oor Smuts gevolg het.[7] Hierbenewens verg die skryf van so 'n biografie, soos Lytton Strachey ingesien het, dat dit nie net 'n blote versameling van feite in chronologiese volgorde moet wees wat in 'n "dorre kroniek sonder lewe" eindig nie.[8] Empatie vir die onderwerp moet nogtans nie uitloop op die gevaar wat Hancock uitwys, dat 'n biograaf die historiese verloop verdraai deurdat hy die onderwerp se pleitbesorger word nie. Begrip vir die onderwerp se lewe, gegrond op noulettende aandag aan beskikbare getuienis en bronne, kan die biograaf die kragte laat begryp wat daardie lewe gevorm het, die motiewe wat dit aangevuur het, en die konteks waarbinne dit plaasgevind het.[9]

Hoewel betreklik min argivale materiaal oor Graaff se persoonlike lewe bestaan en slegs enkele briewe van hom en sy eggenote behoue gebly het, is tog gepoog om die mosaïek van sy lewe uit te beeld. Hierdeur kan bygedra word om beter begrip van die verlede te bevorder. Voorts kan in ag geneem word dat die klem op die belang en betekenis van 'n enkeling se lewe historici in die negentiende en twintigste eeu verontrus het. Tog het ontwikkelinge sedertdien in die geesteswetenskappe die belangstelling laat verskuif na die wyse waarop 'n individuele lewe wyer patrone in die samelewing weerspieël of as 'n toonbeeld van die uitwerking van maatskaplike, ekonomiese en politieke veranderings op gewone mense kan dien.[10]

Navorsing oor Graaff se loopbaan is hier te lande sowel as in die buiteland onderneem. Van die belangrikste argivale bronne in Suid-Afrika is in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad en die

---

[6] H. Renders, *De Seven Hoofdzonden van de Biografie: Over Biografen, Historici en Journalisten,* asook sy artikel "Did Pearl Harbour Change Everything?: The Deadly Sins of Biographers," *Journal of Historical Biography* 3 (Spring 2008).

[7] W,K, Hancock, *Smuts II: The Fields of Force,* p. xii: "I have tried not to write about Smuts *and* his times but I have had to write about Smuts *in* his times."

[8] J.C. Kannemeyer haal Strachey in hierdie verband aan in "Biografiese geskiedskrywing: 'n Rekenskap" in die *Tydskrif vir Letterkunde* 43 (1).

[9] F.A. Mouton, *Prophet without Honour,* p 3.

[10] B. Caine, *Biography and History,* p. 122.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Nasionale Argief in Kaapstad en Pretoria gevind. Ander primêre bronne is die versamelings van die Graaff-familie en Graaffs Trust, asook Imperial Cold Storage se dokumentasie in onderskeidelik De Beers en Tiger Brands se argiewe in Kimberley en Johannesburg. Die biblioteke van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad beskik oor 'n groot aantal sekondêre, maar ook primêre bronne. Voorts is in persoonlike onderhoude met 'n verskeidenheid van mense, hier en in die buiteland, waardevolle inligting bekom. In die buiteland was die argivale bronne van Rhodes House en die Bodleian Library in Oxford, die Cambridge University Library, die National Library in Londen en die National Archives in Kew, Londen, tot groot nut om dieper insig in Graaff se loopbaan te verkry. Uitvoerige gebruik is ook gemaak van koerantberigte en –artikels, wat as 'n vername primêre vorm van geskiedskrywing beskou kan word.

Aanhalings in die proefskrif is behou in die taal waarin dit oorpronklik geskryf is, hetsy Nederlands, Engels of Afrikaans. Ook is die destydse geldstelsel en mate en gewigte deurgaans gebruik, aangesien die metrieke stelsel eers in die middel van twintigste eeu in Suid-Afrika in gebruik geneem is. Die kwessie van "ras" is behandel in die konteks van die tydperk onmiddellik ná die Anglo-Boere-oorlog, toe dit hoofsaaklik verwys het na die stryd tussen Afrikaans- en Engelssprekendes – destyds beskou as "rassisme" - in teenstelling met die latere veelrassige beskouings.

Dankbare erkenning is verskuldig aan die promotor van hierdie studie, prof. Albert Grundlingh, hoogleraar in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, nie net vir sy aanmoediging nie, maar veral vir sy waardevolle wenke en kritiese insig wat die biografie moontlik gemaak het.

Ander mense wat behulpsaam met die navorsing was en spesiale vermelding verdien, is Melanie Geustyn van die Nasionale Biblioteek in Kaapstad; Jaco van der Merwe van die Argief in Kaapstad; Charmaine McClean van De Beers Argief in Kimberley; Liesl du Preez en Gustav Hendrich, navorsers in Pretoria en Kaapstad; die personeel van die Bodleian Library en Rhodes House in Oxford en die National Archives, College of Arms en British Library in Londen; personeel van die universiteitsbiblioteke van Stellenbosch en Kaapstad; Chris Theron en Brett Moore van Graaffs Trust in Kaapstad; en Pieter Cronjé van die Kaapse stadsraad. Dankbare erkenning gaan ook aan Richard Rosenthal en familie vir hul verlof om Eric Rosenthal se ongepubliseerde manuskrip oor Imperial Cold Storage te raadpleeg.

Laastens 'n besondere woord van dank aan my vrou, Daléne, vir haar liefde, geduld en volgehoue belangstelling in 'n projek wat 'n jaar of wat langer geduur het as wat aanvanklik gemeen is.

Ebbe Dommisse
Kaapstad 2010

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Inleiding: Herder tot hoogtes

Skaars 'n paar maande na Uniewording in 1910 demonstreer die Unie van Suid-Afrika vir die eerste keer met mening sy nuut verworwe onafhanklike status van die voormalige koloniale owerheid, Brittanje. Dit geskied in die Parlementsitting van 1911 onder aanvoering van 'n Suid-Afrikaanse kabinetslid aan wie die Britse koning kort tevore 'n erflike titel toegeken het: sir David Pieter de Villiers Graaff, die baronet van Kaapstad.

Die demonstrasie van Suid-Afrikanisme vind plaas onder die vleuels van die onwaarskynlike portefeulje van Pos- en Telegraafwese, een van die twee poste wat Graaff in die eerste Unie-kabinet beklee het. Ter sprake was die Skeepsring, 'n kombinasie van Britse skeepsrederye wat met samespanning en 'n afslagstelsel (rabatte) op hul pos- en vragskepe 'n wurggreep op die Kaapse seeroete gehandhaaf het. Graaff, 'n vertroueling van die eerste premier, genl. Louis Botha, was vasbeslote om hieraan 'n einde te bring. Dit verg 'n nuwe Poswet, maar ook al die sakevernuf wat Graaff, die pionier van koelbewaring in Suid-Afrika, onderskei het in 'n sakeloopbaan wat reeds op elfjarige leeftyd begin het.

'n Joernalis wat die gebeurde vroeg in die Volksraadsitting van 1911 uit die Persgalery dopgehou het, beskryf hoe die jong nasie onder aanvoering van Graaff op sy agterpote gekom en oorlog teen die Skeepsring met sy rabatte, voorskriftelikheid en onregverdige tariewe verklaar het. Die Unie van Suid-Afrika, pas tevore saamgesnoer uit vier provinsies met 'n bewoë geskiedenis, laat hoor 'n magtige brul; 'n brul om aan te toon dat hy baas op sy eie werf wil wees.[1]

Graaff, die aanvoerder van 'n kruistog, kry 'n triomfantelike ontvangs in die Parlement, waar bo-oor partyverbintenisse heen steun aan hom verleen word. Sy optrede sou jare later steeds in herinnering geroep word. In koerantberigte is verklaar dat daar destyds in Suid-Afrika net twee sakelui was wat die ingewikkelde onderhandelinge kon hanteer, Graaff en John William Jagger, die Kaapse groothandelaar. Graaff se vertoning word 'n parlementêre hoogtepunt in 'n veelsydige loopbaan waarin hy in meer as een opsig 'n stempel op die Suid-Afrikaanse landskap laat. Nie net as invloedryke politikus nie – hy was later ook minister van finansies en hoë kommissaris in Londen – maar ook as welgestelde sakeman en suksesvolle boer. Weinig ander top-sakelui sou in die Suid-Afrikaanse geskiedenis so 'n invloedryke rol in die politieke hiërargie soos Graaff beklee. As vriend en vertroueling van die verenigde Suid-Afrika se eerste twee premiers, Louis Botha en Jan Smuts, het hy intieme insae en by tye deel gehad aan die groot besluite wat die twee Boeregeneraals oor etlike gewigtige kwessies moes neem.

'n Betekenisvolle aspek van sy loopbaan was sy vermoë om tussen verskillende sfere, byna verskillende wêrelde, te beweeg. Sy komplekse loopbaan - as kapitalis-politikus, as entrepreneur en vernuwer, as Kaapse Afrikaner wat tussen Boere-simpatie en Brits-imperiale magte moes beweeg, as 'n aanvanklik arm plaasseun wat naderhand 'n sleutel-posisie op deurslaggewende momente beklee het – werp meer lig op die, politieke, maatskaplike en kulturele lewe van daardie tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. In hierdie opsig bied sy lewensloop 'n historiese venster op 'n spesifieke tydperk en kan dit tot groter kennis en begrip van die verlede bydra.[2] Inderdaad rus die "nuwe Suid-Afrika" wat in 1994 begin het op fondamente wat heelwat ouer is, en daartoe het mense soos Graaff bygedra. Sy buitengewone welslae as sakeman alleen is relevant in die 21ste-eeuse Suid-Afrika se omstandighede van

---

[1] *The Cape Argus*, 7 Maart 1911.

[2] F.A. Mouton het in sy intreerede by Unisa op 27 Oktober 2009, "'The good, the bad and the ugly': Professional historians and political biography of South African parliamentary politics, 1910-1990", behartigenswaardig hierop gewys.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

aandele-opsies en –oordragte. Hy was boonop invloedryk in die politiek, beginnende op die vlak van plaaslike bestuur, waar hy grootliks tot die modernisering van die stad Kaapstad bygedra het. Dit verloop verder na nasionale vlak, deurdat hy 'n vertroueling van die twee premiers Botha en Smuts was. Weinig top-sakelui in Suid-Afrika het nog soveel invloed op die hoogste vlak van landsregering uitgeoefen.

Graaff se opkoms uit 'n armoedige gesin op 'n plaas in Villiersdorp, waar hy 'n veewagter met weinig skoolonderrig was, is 'n verhaal van besondere dryfkrag en deursettingsvermoë: inderdaad van herder tot hoogtes. Klein Dawie Graaff was naamlik maar elf jaar oud toe hy van sy geboorteplaas in die Overberg na Kaapstad vertrek om by die slagtery van 'n familielid, Jacobus Arnoldus Combrinck, te gaan werk. Die Afrikaanssprekende plattelandse seun, wat op skool op sy tuisdorp waarskynlik net st. III geslaag en daarna 'n aandskool in Kaapstad bygewoon het, toon vroeg-vroeg dat hy oor 'n buitengewone sakebrein beskik. As jong entrepreneur neem hy op agttienjarige leeftyd die bestuur van die onderneming Combrinck & Kie oor by sy "oud-oom" Combrinck. Hy brei sy innovasies met verkoeling en nuwe ontwikkelinge in die vleisbedryf uit met 'n uitgebreide verspreidingsnetwerk vir bevrore produkte, onder meer met behulp van koeltrokke wat hy self aankoop vir vervoer op die uitbreidende Suid-Afrikaanse spoorweg-netwerk. Hy vorder so vinnig dat hy binne enkele jare as die pionier van koelbewaring in Suid-Afrika beskou word. Die grootskaalse verkoeling van vleis, vrugte en ander produkte, voorheen ongekend in sy geboorteland, besorg aan hom 'n fortuin. Sy entrepreneurskap verskil aanmerklik van dié van die mynmagnate wat in hierdie tyd hul fortuine uit die land se minerale-rykdomme soos goud en diamante gemaak het.

Graaff se South African Cold Storage Company, wat uit Combrinck & Kie ontwikkel het, lewer in die Anglo-Boere-oorlog vleis aan die Britse troepe, maar ook aan die binnelandse inwoners en die konsentrasiekampe. Hy was waarskynlik as gevolg van sy simpatie met die Boere, onder wie 'n familielid wat 'n Kaapse rebel was, tydens die oorlog in huisarres in Kaapstad, waar drakoniese maatreëls gegeld het ingevolge die krygswet wat die Britse magte in die Kaapkolonie afgekondig het. Graaff se wedervaringe bied 'n insiggewende blik op Kaapse Afrikaners se moeilike posisie tussen twee pole: enersyds trou aan die Britse Ryk, waarvan die Kaapkolonie deel was, en andersyds lojaliteit teenoor hul Afrikaanse herkoms en bloedbande met die burgers van die republieke in die noorde. Onder sy intieme republikeinse verbintenisse tel twee van die beroemdste Boeregeneraals, Louis Botha en Jan Smuts.

Graaff is een van 'n aantal prominente sakelui wat in die dekades voor en na Uniewording 'n belangrike rol in die politiek gespeel het, hetsy in die ou Kaapse Parlement of na 1910 in die Suid-Afrikaanse Parlement. Van die voorstes was Cecil John Rhodes, sir James Sivewright, John William Jagger, Richard Stuttaford en Sammy Marks. Vroeër is die Kaapse sakelewe en politiek in die negentiende eeu deur Engelssprekendes oorheers, totdat die Afrikanerbond van Onze Jan Hofmeyr 'n impak begin maak het. Die entrepreneurs wat in daardie stadium gesofistikeerde industriële en finansiële maatskappye gestig het, was hoofsaaklik van Britse oorsprong en Oos-Europese Jode, terwyl Afrikaners in die Boland op wyn- en graanboerdery gekonsentreer het.[3] Graaff se vleisbelange word na die Anglo-Boere-oorlog opgeneem in die Imperial Cold Storage Company, wat deur Rhodes as 'n mededingende maatskappy gestig is. Graaff bly 'n groot aandeelhouer in die Imperial, waaroor hy in die jare twintig weer volle beheer oorneem.

Graaff, as 'n gebore Suid-Afrikaner, was 'n uitsondering op die tendens dat die merkwaardige ekonomiese vooruitgang wat Suid-Afrika in die twintigste eeu gemaak het, aanvanklik hoofsaaklik die gevolg was van Engelssprekende ondernemers wat na Suid-Afrika gekom het om hier te bly. Michael O'Dowd beskryf hoe hierdie Engelssprekendes al die bekwaamhede wat nodig is vir nywerheidsontwikkeling, van finansiële en sake-kundigheid tot die vaardighede van mynwerkers, vakmanne en spoorwegwerkers, hierheen gebring het. So is 'n inheemse

[3] H. B. Giliomee, "Ethnic Business and Economic Empowerment: The Afrikaner Case, 1915-1970". *South African Journal of Economics,* Vol. 76:4, 2008, p. 767.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

entrepreneurskap ontwikkel, die grootste bate wat 'n land kan hê. Die entrepreneurs het help verseker dat Suid-Afrika, soos die Verenigde State, nie 'n uitgebuite kolonie gebly het wat in agterlikheid verval onder regerings wat nywerhede nasionaliseer of probeer beheer nie.[4] Graaff was so 'n entrepreneur, hoewel uit 'n Afrikaanse agtergrond. Sy opgang in die sakelewe vind terselfdertyd plaas 'n paar dekades voor die versnelde mobilisasie van Afrikaner-kapitaal wat op die Eerste Ekonomiese Volkskongres van 1939 gevolg het.[5] Dit het toe gepaard gegaan met 'n aktiewe beleid van sekondêre industrialisasie (soos die ontwikkeling van Yskor, Eskom, Sasol en Foskor). Daarvoor, volgens O'Dowd, moet die krediet Afrikaners toekom, aangesien dit deur die meeste Engelssprekendes teengestaan is.[6]

Graaff die entrepreneur sou hom nie net tot Suid-Afrika beperk nie, maar internasionaal uitbrei, na Europa, Suid-Amerika en buurlande van Suid-Afrika. As suksesvolle jong sakeman toon hy ook vroeg-vroeg 'n besondere sin vir maatskaplike verantwoordelikheid. Hy word reeds op 23-jarige ouderdom tot stadsraadslid van Kaapstad verkies en op 32 jaar word hy die burgemeester van die Moederstad. As stadsraadslid, maar bowenal as burgemeester van 1890-1892, word die stad in sy ampstermyn grondig gemoderniseer. Hy speel 'n deurslaggewende rol om elektrisiteit na die Moederstad te bring en die eerste kragsentrale word na hom genoem. Hy benut sy ervaring as sakeman om die stad se wankelrige geldsake op 'n gesonde grondslag te vestig. Gemotiveer deur burgertrots speel hy 'n leidende rol om die eens vuil stad 'n veel leefbaarder plek te maak.

Sy welslae op plaaslike vlak lei tot hoër diens. Hy word as ondersteuner van die Afrikanerbond tot lid van die hoër huis van die Kaapse Parlement verkies. Soos in die geval van baie ander Kaapse Afrikaners volg 'n breuk met die destydse premier, die mynmagnaat Cecil John Rhodes, as gevolg van die Jameson-inval in 1895. Teen 1897 tree Graaff tydelik uit die politiek om meer aandag aan sy sakebelange te wy. 'n Volle dekade verloop voordat Graaff, teen daardie tyd een van die rykste sakelui in Kaapland, in 1908 in die politiek terugkeer as lid van John X. Merriman se Kaapse kabinet.

Graaff en F.S. Malan as voorste Kaapse Afrikaners speel in 1910 in die nuut gestigte Suid-Afrikaanse Party 'n beslissende rol in die verkiesing van genl. Louis Botha as eerste premier van die Unie. As gevolg daarvan ontstaan 'n verwydering met Merriman, die ander kandidaat, wat Graaff en Malan as "Judasse" uitkryt. Graaff se steun help die SAP in Kaapland teen die Randlords se geldelike hulp aan die imperialisties-gesinde Unioniste van dr. Leander Starr Jameson. Graaff, wat met Uniewording tot Volksraadslid vir Namakwaland verkies is, dien in die Botha-kabinet in verskeie portefeuljes, laastens as minister van finansies. Hy en sy broer sir Jacobus Graaff, wat ook 'n kabinetslid word, is tot op hede die enigste twee broers wat saam as kabinetslede in Suid-Afrika gedien het.

Graaff was 'n vrygesel toe Britse eretitels kort na Uniewording aan Suid-Afrikaners toegeken is. Hoewel aanvanklik teensinnig, ontvang hy in 1911 'n baronetskap, 'n erflike titel, waarskynlik omdat gemeen is dat hy nie erfgename sou hê nie. Twee jaar later trou die die 53-jarige vrygesel, nou 'n lid van die adelstand, met 'n predikantsdogter wat dertig jaar jonger as hy is - na aanvanklike teenstand van die pastoriemoeder weens die ouderdomsverskil. Die bruid is die dogter van Graaff se leraar in die Groote Kerk in Kaapstad, die oudste kerk in die land. Drie seuns word uit die huwelik gebore.

Graaff sukkel met gesondheidsprobleme na 'n ernstige operasie in 1912 en hy tree in 1916 uit die kabinet. Hy bly 'n vriend en vertroueling van genl. Louis Botha, saam met wie hy die

---

[4] M. O'Dowd, ""An Assessment of the English-Speaking South Africans' Contribution to the Economy", in A.de Villiers, *English-speaking South Africa Today*, pp. 142-144.

[5] Sien byvoorbeeld E.P. du Plessis, '*n Volk staan op: Die Ekonomiese Volkskongres en daarna,* en D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism.*

[6] M. O'Dowd, ""An Assessment of the English-Speaking South Africans' Contribution to the Economy", in A. de Villiers, *English-speaking South Africa Today,* p. 150.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Versailles-vredesberaad in 1919 aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog bywoon. In hierdie stadium speel hy 'n belangrike rol in die oordrag van Suidwes-Afrika (Namibië) se ryk diamantvelde na Suid-Afrikaanse belange onder leiding van sir Ernest Oppenheimer.

Toe Graaff in 1920 finaal as Parlementslid uittree, wy hy sy volle aandag aan sy sakebelange. Hy word die voorsitter van Imperial Cold Storage, wat 'n op-en-af-siklus tot met die Groot Depressie beleef. Onder sy ander belange tel Graaffs Trust, 'n maatskappy wat gestig is om die Graaff-familie se bates te behartig, en Milnerton Estates, vandag die moedermaatskappy van Graaffs Trust en die bron van groot grond-aankope in die Tygerberg. Sy seuns word groot op sy spogplaas De Grendel, waar hy net buite Kaapstad met stoetvee boer. Twee erfgename van sy titel, sy oudste seun, De Villiers, wat die land se langs dienende opposisieleier sou word, en sy kleinseun David volg ook 'n politieke loopbaan en saam verteenwoordig hulle drie geslagte Graaffs in die Parlement.

Graaff word ook bekend as 'n ruim weldoener, onder meer vir opvoeding en onderwys, en hy finansier 'n skool wat na hom genoem word, die Hoërskool De Villiers Graaff op sy geboortedorp, Villiersdorp. Toe hy in die Groot Depressie sterf, skep hy in sy testament 'n baronetfonds wat verseker dat sy erflike titel, wat aan De Grendel gekoppel word, tot in die tiende geslag sal voortbestaan solank soos daar 'n erfgenaam is. Die rariteit van die baronetskap, die eretitel waarvan daar in 2009 nog net twee in Suid-Afrika oorbly, weeg in die skaal van Graaff se bydrae tot die ontwikkeling en gang van sake in Suid-Afrika nogtans veel ligter as die politieke rol en die besondere entrepreurskap wat die plaasseun van Villiersdorp onderskei het.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Kind van die Overberg

Die Graaffs het 'n lang geskiedenis in Suid-Afrika.

Die familielede wat na Suid-Afrika gekom het, het hoofsaaklik uit Duitsland hierheen geëmigreer. Soos die meeste ander Duitssprekendes het hulle spoedig Nederlands begin praat, wat in daardie stadium aan die Kaap die algemene spreektaal was nadat Jan van Riebeeck in 1652 'n verversingspos vir die Verenigde Oost-Indiese Compagnie (VOC) gestig het. In baie Duitssprekendes se geval was dit maklik om na Nederlands oor te slaan, veral vir diegene uit Noord-Duitsland wie se huistaal, Plat Deutsch, baie na verwant aan Nederlands was.

Die eerste Graaff, Johan Jürgen Gräff, kom van Dorn-Assenheim in Duitsland na Suid-Afrika. Hy land hier in 1761 op die Borsselen as soldaat in diens van die VOC. Veertien jaar later volg die tweede Graaff, die stamvader van sir David Graaff se Suid-Afrikaanse familie. Hy was Johannes Jacobus Graff (1754-1804), wat van Reidlingen, 'n dorp naby Baden in die Swart Woud-gebied van Duitsland, gekom het. Graff, soos die van oorspronklik gespel is voordat dit mettertyd tot Graaff verander is, is op 21 Julie 1754 gebore en kom in 1775 as 21-jarige soldaat in diens van die VOC na Kaapstad. Hy trou in 1779 hier met Anna Catharina Wolmarans en werk sedert daardie tyd as skrynwerker en skilder.[1]

As skrynwerker raak hy bekend om 'n besondere nalatenskap: die indrukwekkende preekstoel van die Groote Kerk in Kaapstad. Graaff, in sommige geskrifte (soos dié van die NG Kerk) ook genoem Jan Jacob Graaf, is die skrynwerker wat die bekende preekstoel van hout wat op twee leeus rus na 'n ontwerp van die vermaarde beeldhouer Anton Anreith gemaak het. Die preekstoel van Indiese hout is een van drie wat Anreith ontwerp het – die ander twee is onderskeidelik in die Lutherse Kerk in Strandstraat in Kaapstad en die Rynse Kerk op Stellenbosch. Die Groote Kerk betaal £400 vir die preekstoel, waarvan Anreith £180 en Graaff £220 ontvang. Dit vervang die kewer-verweerde preekstoel van die eerste kerkgebou, wat in 1704 ingewy is. Graaff voltooi die preekstoel binne agttien maande en dit word op 29 November 1789 ingewy.[2] Twee eeue later sou sir David Graaff as 'n ouderling in die Groote Kerk dien en terselfdertyd bekend staan as 'n groot weldoener van die oudste gemeente in die land, waar sy voorvader se handewerk steeds bewondering uitlok.

Een van die stamvader Graaff se kleinseuns, Petrus Norbertus Johannes Graaff, in die wandel bekend as Nort (waarskynlik afgelei van die Hoog-Duitse *Norbert,* met sy Latynse variant *Norbertus*), was David Graaff se vader. In sommige geskrifte is hy Novbertus genoem, vermoedelik weens verwarring tussen 'n 'r' en 'n 'v' in ou dokumente.

Toe Nort op 15 Julie 1823 gebore is, was die Kaap onder Britse bestuur. Die Nederlandse heerskappy, aanvanklik beëindig deur die eerste Britse besetting in 1795, is weer van 1803-1806 onder die Bataafse Republiek voortgesit, maar daarna word Kaapland 'n Britse kroonkolonie, die situasie wat tot Uniewording in 1910 sou voortduur.

Nort bevind hom teen die middel van die negentiende eeu op 'n plaas in die distrik Villiersdorp, anderkant die Franschhoekberge. Op hierdie plaas sou een van die mooiste liefdesverhale uit die Overberg hom afspeel. Dit is die romanse van David Graaff se ouers – die verhaal van die kneg wat die hart van die mooi jong plaasnooi verower het.

Nort is deur 'n vooraanstaande boer van die plaas Radyn, Pieter Hendrik de Villiers, stigter van Villiersdorp, as 'n kneg op sy veepos aangestel. Die veepos, Wolfhuiskloof, lê aan die voet van

---

[1] J A Heese en R T J Lombard, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters Deel 2*, p. 501.

[2] C de Bosdari, *Cape Dutch Houses and Farms*, p. 50; *Die Groote Kerk 100 Jaar Oud*, pp. 21-27; *NG Kerk 350*, pp. 66-67.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Wolfberg, een van die berge wat Villiersdorp omring. Soms het dit Wolfieskloof geheet, die latere eienaars noem die plaas eenvoudig Wolfkloof. Slegs 'n paar kilometer verder en binne sigafstand oorkant die vrugbare vallei lê Radyn, die pioniersplaas wat oorspronklik behoort het aan 'n vryburger van Poolse afkoms, Jan Jurgen Radyn. Hy het in 1707 as 'n soldaat van die HOIK in die Kaap aangekom en 'n wapad tot in die huidige Villiersdorp-vallei gemaak. Die plaas, wat Radyn se naam behou het, word in 1836 oorgeneem deur Pieter Hendrik de Villiers, 'n Hugenote-afstammeling wat in Stellenbosch se distrik geboer het voordat hy na die destydse buiteveld verhuis het. Volgens sy afstammeling sir De Villiers Graaff ('n kleinseun) is hy Pieter Silwermyn genoem, 'n bynaam wat hy verkry het deurdat pogings aangewend is om silwer teen die hange van Simonsberg op sy vroeëre plaas De Goede Hoop naby Stellenbosch te ontgin.[3]

Pieter Hendrik de Villiers, 'n gesiene man wat ook die veldkornet van die distrik was, laat die plaasgrond van Radyn opmeet en onderverdeel met die oog op dorpstigting, wat plaasvind in 1844, die stigtingsdatum van die latere Villiersdorp. Van Bo-Radyn bly uiteindelik net 293 morg in sy besit. Die Kaaps-Hollandse plaashuis met sy buitengewone onsimmetriese H-vorm is in 1976 tot historiese gedenkwaardigheid verklaar . Op die pilaster voorgewel met sy driehoekige pediment verskyn twee datums, 1777 en 1836, blykbaar 'n aanduiding van verbouings.[4]

Verskeie nuwe inwoners vestig hulle neffens Bo-Radyn op die nuwe dorp, wat aanvanklik Akkedisdorp genoem word. Verlof word egter van die koloniale goewerneur, sir Peregrine Maitland, verkry om die dorp na sy stigter, P H de Villiers, te vernoem, en van toe af heet dit Villiersdorp.

De Villliers was die vernaamste leiersfiguur en regeringsamptenaar van die omgewing nadat hy as veldkornet van die wyk Boven Rivier Zonder End aangestel is. Hy was getroud met Catharina Helena Minnaar en hulle het vyf kinders, twee seuns en drie dogters, gehad. Een van die dogters is Anna Elizabeth – die mooie Annie, op wie Nort verlief raak nadat hy as veewagter van Wolfhuiskloof kort-kort na Bo-Radyn moes kom. Klaarblyklik is Annie spoedig ook aangetrokke tot die jong en aantreklike Nort.

Die baas van die latere spog-vrugteplaas neem egter nie genoeë met die jonkman se belangstelling in sy dogter nie, gevolglik belet veldkornet De Villiers die bywoner-seun om op die plaas te kom. Maar aan die liefde is daar geen keer nie. Nort sluip deur die bosse en struike kamtig om Annie by die meulstroom met die wasgoed te gaan help. Hiervoor loop Nort 'n stywe pak slae op die lyf, volgens 'n vertelling van sir De Villiers Graaff aan Cobus le Roux, latere eienaar van Bo-Radyn. Minnebriewe wat Nort met 'n boodskapper aan Annie gestuur het, is later gevind in 'n geheime laai van 'n groot laaikas, 'n erfstuk wat van Wolfhuiskloof gekom en na omswerwing weer na die Graaff-familieplaas De Grendel teen die Tygerberg in die Kaap gebring is.[5]

Die uiteinde van die sage, volgens familie-oorlewing, is dat dat Nort op 23-jarige ouderdom met sy jong minnares wegloop. Volgens die legende het die jong Graaff die De Villiers-dogter ontvoer, te perd.[6] Op 2 Mei 1846 word Nort en die 18-jarige Annie op Franschhoek voor 'n landdros in die huwelik bevestig. Skoonvader De Villiers willig uiteindelik in tot die huwelik, maar hy dring daarop aan dat seunskinders uit die nageslag die voornaam De Villiers moet bykry. Vandaar die samevoeging van die Hugenote-naam De Villiers met die Duits-Nederlandse Graaff wat sommige later geslagte sou kenmerk.

---

[3] Besonderhede van die vroeë jare van die De Villiers's en die Graaffs van Radyn en Wolfhuiskloof is onder meer verkry in 'n onderhoud op 1 Junie 2008 met Cobus le Roux, eienaar van Bo-Radyn, wat ook die boek *Elke Dag 'n Vol Dag* privaat gepubliseer het. Sien ook artikel "Benut Goede Verwachting vir toerisme", *Die Burger - By*, 9 Junie 2007, p. 14.

[4] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000*, p. 19.

[5] C. le Roux, *Elke Dag 'n Vol Dag*, p. 22.

[6] Aangehaal in P.H. Coetzer, *Wolfkloof Stamland Villiersdorp*, p. 3.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

In 'n tyd dat groot gesinne aan die orde van die dag was, word vyf seuns en vier dogters gebore uit die huwelik van Nort en Annie[7], wat hulle in alle eenvoud vier kilometer buite Villiersdorp op Wolfhuiskloof vestig. Die sesde van die nege kinders, David Pieter de Villiers Graaff, is op 30 Maart 1859 gebore. Hy en sy oudste broer, Pieter Hendrik de Villiers Graaff (gebore in 1848), kry wel die voornaam De Villiers, maar dit ontbreek in die geval van sy drie ander Graaff-broers, Johannes Jacobus Arnoldus (Jan of John, 1854), Jacobus Arnoldus Combrinck (Kobie of Koos, 1863) en Pieter Christiaan (1866).

Die voornaam De Villiers sou voortleef in die geval van David Graaff se drie seuns, De Villiers, David Pieter de Villiers en Johannes (Jannie) de Villiers Graaff. Sy oudste seun, De Villiers Graaff, die latere opposisieleier in die Suid-Afrikaanse Parlement, laat ook die oudste kleinseun, David de Villiers Graaff, die derde baronet, so doop. Die tradisie word voortgesit deurdat die oudste agterkleinseun eweneens De Villiers Graaff heet.

Nort, wat mettertyd ook as smid op Villiersdorp werk, was nie 'n vermoënde man nie. Hy raak wel bekend as tandetrekker. Die tandetrekkery geskied sonder verdowing, maar as hulp saamgebring word om die ongelukkige pasiënt in die hooimied vas te druk terwyl die "tandarts" sy taak afhandel, geld 'n afslag glo.[8]

Die afgeleë gebied wat sonder goeie paaie en openbare vervoer moet klaarkom, dra by tot die armoedige bestaan van die meeste mense. Hoewel arm aan die tydelike, was heelparty ryk aan kinders, so vertel Cobus le Roux, die latere eienaar van Bo-Radyn, in sy tagtigerjare.[9] Weens 'n tekort aan arbeid moes baie kinders jonk-jonk begin werk, soos Le Roux se voorouers. Sy vader, Awie le Roux, het as arm plaasseun, ook die kind van 'n bywoner, saam met die Graaff-broers op Wolfkloof grootgeword. "Saam met die Graaffies het hul dagtaak daarin bestaan dat beeste en varke opgepas moes word. Met 'n streepsak-kappiejas om hulle teen die reën en koue te beskerm, en as kos growwe brood deurtrek met moskonfyt, is elke dag se taak in die veld aangedurf."[10] Cobus le Roux se vader, Awie, vertel aan hom dat Dawie Graaff, soos hy destyds genoem is, 'n groot swart vark as rydier gebruik het.

Beperkte onderwys is deur reisende skoolmeesters onderneem. Klein Dawie Graaff gaan aanvanklik op Villiersdorp skool in 'n ou waenhuis wat as skool vir kleintjies ingerig is. Dit was waarskynlik 'n kerkskool wat Hollandssprekendes in 1866 as teenvoeter vir 'n Engelse skooltjie op die dorp gestig het, en Dawie was een van die nagenoeg vyftien leerlinge wat deur ene mnr. Hartley onderrig is.[11] Hy was klaarblyklik skrander, en ou inwoners van Villiersdorp meen dat hy min of meer st. III (graad vyf) op die dorp kon geslaag het.

Cobus le Roux beklemtoon dat, hoewel die kinders se onderwysgeleenthede beperk was, hulle 'n deeglike huislike opvoeding ontvang het: "Die atmosfeer in die ouerhuise was eg Christelik en lewensvormende Bybeltekste het teen die mure gepryk. Huisgodsdiens is gereeld gehou. Strenge vermaninge en tug was aan die orde van die dag. Onsedelike gedrag is nie geduld nie. Respek vir ouer mense en die onderwerping aan gesag was algemeen geldende reëls. Onderling het die mense bymekaar gestaan en mekaar in tye van nood en beproewing ondersteun en wanneer daar geslag is, het die hele buurt se mense 'n karmenaadjie gekry. Betroubaarheid in woord en daad, hardwerkendheid en eerlikheid was die algemeen geldende reël. Hierdie lewensingesteldheid het daartoe gelei dat kinders van jongs af toegerus is om ongekende hoogtes in die lewe te bereik, wat ook en veral die geval by die Graaff- en die Le Roux-gesinne was."[12]

---

[7] J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters Deel 2,* p. 502.
[8] C. le Roux, *Elke Dag 'n Vol Dag*, p. 22.
[9] Onderhoud op 1 Junie 2008 met Cobus le Roux.
[10] C. le Roux, *Elke Dag 'n Vol Dag*, p. 22.
[11] J. A. Malherbe, *Predikante-prestasies en petaljes*, p. 121-122, en G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp*, p. . 222.
[12] C. le Roux, *Elke Dag 'n Vol Dag*, p. 23-24.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die verwysings na die Graaffs en Le Rouxs kon mettertyd gestaaf word. Awie le Roux moes "die lewe byna ongeletterd slyt deur slegs sy naam te kon skrywe, maar hy kon darem ook vlot lees", aldus sy seun, Cobus. Tog koop hy in 1934 die plaas Bo-Radyn, waar hy as bywoner gewerk het, op 'n veiling. Toe Awie se kredietwaardigheid deur die afslaer betwyfel word, moes goedkeuring van die Standard Bank op Worcester verkry word. Die bank laat weet dat twee sulke plase aan hom verkoop kon word.[13]

En wat die "Graaffies" betref, sou David Graaff bekend word as 'n hoogs suksesvolle sakeman en politikus, 'n man van aansien wat naderhand die groot weldoener van Villiersdorp sou word. Teen 1870 lê die destydse veewagter se latere opgang egter nog ver in die verskiet.

Uitkoms vir die jong David Graaff uit sy taamlik haglike omstandighede op Wolfhuiskloof, waar sy vader as kneg 'n sukkelbestaan gevoer het, kom op elfjarige ouderdom toe 'n familielid van moederskant, Jacobus Arnoldus Combrinck, 'n besoek aan die gesin by Villiersdorp bring.

Vermoedelik geskied die besoek deur die toedoen van jong Dawie se moeder, Anna Elizabeth Graaff. Hoewel lief vir die plaaslewe in die skilderagtige landstreek, kon Nort nie 'n behoorlike bestaan maak nie. Hy probeer wyn en vrugte kweek, maar die mark vir albei produkte stort ineen, en sy verliese word deur droogte vererger. Die kinders moes toekyk hoe hul vader worstel om 'n verband af te betaal, totdat hy uiteindelik, oud voor sy tyd, verplig is om die bestuur van sake in sy vrou se hande te laat.[14]

'n Boervrou maak 'n plan. Vandaar die koms van Combrinck, deur die familie 'n "oud-oom" genoem, na Wolfhuiskloof in die benarde omstandighede wat daar heers. Combrinck, 'n welgestelde slagter van Kaapstad, was 'n halfbroer van Dawie se vader, Nort. Combrinck se moeder, Johanna Catharina Elizabeth, 'n nooi Uys, was 'n familielid van die Voortrekkerleier Piet Uys. Sy was eers getroud met Johannes Jacobus Graaff, en uit hul huwelik is vyf kinders gebore, drie seuns en twee dogters, van wie Norbertus (gebore op 15 Julie 1823) die jongste kind was. Uit haar tweede huwelik, met Petrus Arnoldus Combrinck, is drie kinders gebore, van wie Jacobus Arnoldus Combrinck (gebore op 31 Mei 1828) die oudste was.[15]

Combrinck geniet klaarblyklik hoë aansien by die Graaffs. Die verwysing na 'n "oud-oom" spruit sekerlik uit die familie-verwantskap met hierdie halfbroer. Een van Annie en Nort se seuns, Kobie, die latere sir Jacobus, is na hom genoem: Jacobus Arnoldus Combrinck Graaff, jonger broer van Dawie. Combrinck was die sewejarige Kobie se peetvader.

Combrinck kom op Wolfhuiskloof aan juis op 'n middag dat die skool al uit was. Die gebruik was dat die seuns met hul tuiskoms hand moes bysit met die plaaswerk, en daardie middag was dit klein Dawie se beurt om die varke op te pas en te keer dat hulle nie in die tuin kom nie. Op die warm middag raak hy egter onder 'n vyeboom aan die slaap. Toe hy hom weer kom kry, word hy met geweld wakker geskud terwyl sy vader uitroep: "Dawie, Dawie, hier slaap jy en die varke is in die tuin!"

Combrinck, die "oud-oom" wat die hele petalje aanskou het, kry die jong plaasseun, wat dalk nog 'n oorveeg of twee gekry het, jammer en vra terstond of hy hom kan saamneem Kaap toe om hom daar behoorlik te laat opvoed.[16] 'n Bykomende motivering kon gewees het dat hy op

---

[13] C. le Roux, *Elke Dag 'n Vol Dag*, p. 40-41.
[14] E. Rosenthal, "Vleis het die Graaffs ryk gemaak." *Huisgenoot*, 20 November 1959, p. 8.
[15] Inligting oor die familie-verbintenis verkry van me. Alet Swanepoel van die Paarl, wat uitgebreide navorsing oor die families Combrinck, Swanepoel en Groenewald gedoen het.
[16] J. A. Malherbe, *Predikante-prestasies en petaljes,* en P H. Coetzer, *Wolfkloof Stamland Villiersdorp,* stem min of meer ooreen oor hierdie weergawe.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

soek was na 'n familielid wat hom in sy besigheid kon help en dit dalk met verloop van tyd kon bestuur, sodat hy meer tyd kon kry om tot die openbare lewe toe te tree.[17]

Die Graaff-seuns wat hul vader moes help, moes hard werk – en "meer as die gewone laer onderwys van die dae het die broers nie geniet nie, maar dit het hulle glad nie verhinder om al drie na die boonste sport van die maatskaplike leer te klim nie. Hulle was natuurlik begaaf, David nie die minste van die drie nie", berig *Die Burger* later.[18]

Klein David maak ook op ander mense 'n sterk indruk. 'n Politieke teenstander, prof. H.E.S. Fremantle, skryf na sy dood:

> "When he was a boy, Graaff impressed everyone with eyes to see. I remember the Rev. D.S. Botha, afterwards Moderator of the Dutch Church of the Cape Province, who was at Villiersdorp 60 years ago, telling me how young Graaff impressed him. He had been sent with a message. There was something about him that arrested Mr. Botha's attention, something in the precise way he delivered the message, and something altogether intangible, but Mr. Botha marked the boy from that day on."[19]

Combrinck het sekerlik goed gekies – en Dawie vertrek saam met hom na Kaapstad. Die omstandighede van sy verhuising na die stad word beskryf deur die skrywer Janie Malherbe, wat goed vertroud was met die omstandighede op Villiersdorp, waar haar skoonvader, ds. E G Malherbe, die NG leraar was: "Met opgewondenheid in sy hart, maar trane in sy oë, het klein Dawie sy rug op Villiersdorp se vaal huisies gekeer en met sy hand in dié van sy oud-oom 'n skitterende toekoms tegemoet gegaan."[20]

As vermoënde eienaar van die slagtery Combrinck & Ross (wat mettertyd Combrinck & Kie sou word), staan Combrinck in 'n lang tradisie van slagters wat sedert die vroeë dae aan die Kaap 'n welvarende besigheid opgebou het.

Die vraag na vars vleis en groente was die aanvanklike aanleiding tot die geleidelike modernisering van die land. Voorheen het kommunale besit die boerdery en veestapels van die land gekenmerk. Die handelspatroon verander nadat Jan van Riebeeck in 1652 die Nederlandse verversingspos aan die destydse Kaap van Storms, later die Kaap van Goeie Hoop, vir die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) gevestig het. Op die lang skeepvaart tussen Europa en die Ooste om die Kaap bied die verversingspos vars voorrade vir die skepe met hul vleis wat gepekel en gerook is - dikwels die oorsaak van verwoestende skeurbuik en die dood van talle seevarendes.

Vanaf ongeveer 1681 bestuur verskeie slagters hier reeds onder die VOC-bewind hul eie sake, onder andere D.G. van Reenen, H.A. Truter, J.C. (Jacob) van Reenen, Jan Smook, Johan Jakob Meyer en J.G. Steytler.[21]

'n Slagter was inderdaad die eerste kapitalis van Suid-Afrika: Henning Hüsing (soms ook gespel Huising of Huisen), wat die rykste man aan die Kaap geword het. Hüsing, gebore op 3 Augustus 1649 in Hamburg, kom kort na Van Riebeeck se aankoms as gewone soldaat na die Kaap. Sy latere loopbaan toon opvallende ooreenkomste met dié van die jong Graaff – hy begin ook werk as plaaskneg en beeswagter nadat hy sy ontslag as soldaat gekry het. As vryburger en een van die eerste nedersetters begin hy teen 1678 in die Hottentots-Holland-berge vee teel. As heemraad van Stellenbosch gaan hy 'n kontrak met die VOC aan om vleis aan die plaaslike hospitaal en besoekende skepe te verskaf, en naderhand verkry hy saam met sy vennoot

---

[17] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891– Combrinck se doodsberig.
[18] *Die Burger*, 14 April 1931: Afsterwe van sir David Graaff.
[19] *The Cape Argus*, 15 April 1931: "David Graaff – A Personal Tribute", deur H.E.S. Fremantle.
[20] J.A. Malherbe, *Predikante-prestasies en petaljes*, p. 124.
[21] E. Rosenthal, *Manne en Maatskappye*, pp. 17-18.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Willem van Dieden die vleiskontrak vir die garnisoen. 'n Opgaaf van 1705 toon dat hy 100 000 riksdaalders kontant, 1 000 stuks grootvee, 20 000 skape en 545 morge grond besit het. In die burgerlike opstand teen goewerneur Willem Adriaan van der Stel in 1706 staan hy aan Adam Tas se kant en word as een van die samesweerders in hegtenis geneem. Nadat die Amsterdamse owerheid die nedersetters in hul saak gelyk gegee het, gaan woon Hüsing op sy plaas Meerlust, die latere spogplaas van agt geslagte van Myburghs, waar hy 100 000 wingerdstokke gehad het.[22]

Combrinck tree, soos Dawie, ook op jeugdige leeftyd tot die vleisbedryf toe. Hy was skaars tien jaar oud toe hy in diens geneem word deur 'n vriend van sy familie, Johannes Mechau, 'n leweransier van Kaapstad.[23] (Klaarblyklik sou Combrinck sowel as Dawie ingevolge latere arbeidswetgewing en kinderwette in geen omstandighede toegelaat gewees het om op so 'n jeugdige leeftyd te begin werk nie.)

Combrinck, wat nooit getrou het nie, was in sy vroeë veertigerjare toe hy klein Dawie met hom saamneem na Kaapstad, destyds beskou as die "Koloniale Metropool". Die sakeman onder wie se vleuels die jong seun sou grootword, is op 21 Mei 1828 op Worcester gebore as lid van die Combrinck-familie wie se stamvader in 1717 uit Duitsland na die Kaap geëmigreer het. Sy oupa was Herman Combrinck, 'n argitek van Stellenbosch, en sy vader, Petrus Arnoldus Combrinck, was 'n sendeling en skoolmeester van die Paarl, wat met sy tweede vrou getroud is nadat haar Graaff-eggenoot haar in 1813 ontval het.

Combrinck raak sedert sy jeugjare onder Mechau vertroud met alle fasette van sy slagtery. Nadat hy sy vakleerlingskap uitgedien het, word hy aangestel as voorman van die onderneming van Othmard Bernard Schietlin, destyds die voorste slagter aan die Kaap, wat mettertyd na Switserland teruggekeer het.[24] In 1857 gaan Combrinck 'n vennootskap met Henry John William (soms genaamd Hendrikus Johannes Wilhelmus) Ross aan, en Combrinck & Ross ontwikkel spoedig tot 'n prominente en hoogs suksesvolle slagtery aan die Kaap. Behalwe verskeie huishoudings tel die Britse vloot, die leër en staatsdepartemente onder die slagtery se kliënte.[25]

Combrinck vaar nie net goed in die vleisbedryf nie, maar het ook uitgebreide sakebelange daarbuite. Die leuse "Skoenmaker hou jou by jou lees" is na sy mening slegs bedoel vir mense wat nie in staat is om na meer as een ding op 'n slag te kyk sonder om dit te bederf nie. Hy spekuleer ook op ander terreine, onder meer met muile, aandele en eiendom, en besit kleims in Kimberley se diamantmyne. Hy bekom huise in die middestad sowel as in Seepunt, Drieankerbaai en Wynberg, en op die platteland koop hy vier veeplase waarvandaan hy sy eie en ander slaghuise van lewende hawe voorsien. "Mr. Combrinck, in fact, was one of those lucky men, or gifted men – it matters very little which – in whose hands everything seemed to turn insensibly into gold," skryf *The Cape Argus* na sy dood.[26]

Ten tyde van klein Dawie se vertrek na Kaapstad in 1870 was daar juis 'n oplewing in die eens sukkelende ekonomie van die Kaapkolonie, aangevuur deur die ontdekking van diamante in Suid-Afrika by Hopetown in 1867. Groot getalle fortuinsoekers van oral in die wêreld tuimel uit skepe wat in die Tafelbaaise hawe aankom. Op die Parade verkoop die plaaslike handelaars ingevoerde en plaaslike goedere, en nie ver daarvandaan nie word die Commercial Exchange, wat in 1821 geopen is en die sentrum van die stad se sakebedrywighede geword het, 'n miernes van bedrywigheid.

Die ekonomiese oplewing bevoordeel ook slaghuise, waar mense vleis kan koop wat hulle in die maer jare moes ontbeer. Combrinck & Ross se slaghuis, Shambles No. 4, beloof in 1870, die

---

[22] E. Rosenthal, *Manne en Maatskappye*, p. 18.
[23] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 13.
[24] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891.
[25] E. Rosenthal, "Founders of South African Commerce", no 12. Artikel oor "Sir David Graaff – Founder of Imperial Cold Storage".
[26] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

jaar waarin Dawie in die Kaap arriveer, in advertensies: "Shipping supplied with the best Fresh and Salted Meat on the Shortest Notice and most Reasonable Terms. Always on hand: a good supply of live-stock."[27]

By die jong Dawie se nuwe werkplek word druk sake gedoen – maar in toestande wat moderne mense wat aan 'n meer higiëniese werkwyse gewoond is met verontwaardiging sou afkeur. Die slagpale van Kaapstad, gepas genaamd Shambles[28] in Engels, is toentertyd geleë aan die onderkant van Strandstraat tussen die destydse seefront en die Parade. Aan die agterkant van die slaghuise, 'n ry geboue met strooidakke, is 'n kraal ingerig waarheen vee uit die binneland gebring is om geslag te word. Die slagpale was op die strand, sodat die bloed van die slagvee in die see kon wegspoel en afval onder die sand begrawe kon word. Daar was geen vullisverwydering nie, en die verrottende vleis tesame met vrot vis van die nabygeleë vismark in Roggebaai wat op die strand uitspoel, veroorsaak 'n ondraaglike stank. Snags vroetel die Kaap se straathonde grommend en keffend in die gemors rond. Toestande sou eers 'n paar jaar later verbeter.[29]

In hierdie omstandighede bring Combrinck die jong Dawie uit die staanspoor in daaglikse aanraking met alle bedrywighede van die slagtery, en "met sy wakkere verstand het die seuntjie omtrent alles waargeneem en oneindig baie geleer omtrent die sakewéreld. Van kleins af het hy hy aan die einde van elke week met sy oom saamgegaan wanneer die werknemers betaal moes word. Hy het onmiddellik geleer hoe om geld te hanteer, want sy oud-oom het hom tussen sy bene laat staan en gewys hoe om geld uit te tel en te oorhandig".[30]

Soos sy oud-oom raak Dawie bedrewe in alle fasette van die vleishandel, van die afslag van diere tot die byhou van boeke en rekenings. Tot die einde van sy lewe sou hy trots wees op die praktiese ervaring wat hy in daardie tyd opgedoen het: inderdaad indiensopleiding van formaat. Hy leer alles omtrent vleissnitte, en hy kon vertel dat hy steeds weet hoe om karkasse af te slag en te bewerk, wors te maak, vleispakkies op te maak en van afval ontslae te raak.[31]

Dawie gaan tuis in Combrinck se huis in die destydse Papendorp, die woonbuurt digby die middestad wat vandag Woodstock heet. Die woning, Woodstock House, behoort voorheen aan die welbekende regter Henry Cloete. Op die groot erf plant Combrinck 'n hele klomp bome en rig hy 'n watermeul op wat hy self ontwerp het. In die blomtuin pryk verskeie blomsoorte soos gousblomme, petunias, renonkels en angeliere.[32] Die elegante woning vorm 'n opvallende teenstelling met die onwelriekende, morsige werkplek waarheen klein Dawie daagliks moet terugkeer. En die welgestelde Combrinck, teen daardie tyd 'n vooraanstaande inwoner van die Moederstad, bied aan sy jong familielid 'n beskaafde en gekultiveerde omgewing wat grootliks daartoe sou bydrae om die lewens, voorkeure en ambisies van die jong Graaff en sy broers en susters te vorm.[33]

Volgens oorlewering woon Dawie ook 'n aandskool by. Dit is onseker watter skool dit was. In daardie jare was daar vyf skole in Kaapstad onder toesig van die NG Kerk, waaronder die sendingskool in Papendorp wat as dag- sowel as aandskool gedien het. Ook in Kanaladorp, die latere Distrik Ses, was daar in die bekende Hanoverstraat 'n skool wat onder beheer van die NG Kerk was. Al hierdie skole word deur wit en gekleurde kinders, ook van ander

---

[27] Advertensie in *General Directory of the Cape Colony,* 1870.
[28] Die Engelse woord verkry mettertyd die betekenis van verwarring en verwaarlosing, maar in die ou Kaapstad had Shambles nog sy oorsponklike betekenis: 'n plek waar geslag word.
[29] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 12.
[30] J.A. Malherbe, *Predikante-prestasies en petaljes,* p.124.
[31] E. Rosenthal, Founders of South African Commerce, no 12. Artikel oor "Sir David Graaff – Founder of Imperial Cold Storage".
[32] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 14.
[33] Ibid, p. 17.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

kerkgenootskappe, bygewoon en staan tot 1907 onder beheer van die NG Kerk.[34] As 'n geheel was Kaapstad en die Skiereiland goed daaraan toe wat die onderwys betref. Onder ander nabygeleë skole was daar die Educational Institute aan Roelandstraat, wat ook dag- en aandklasse aangebied het.[35]

Volgens ander bronne bring Dawie saans ook tuis met sy boeke deur en brei sy kennis sodoende uit, al was hy net Nederlands en sy onderwyser net Engels magtig.[36] Wat in elk geval duidelik is, is dat die klein Graaff, uit huis uit Afrikaanssprekend, hom wel deeglik bekwaam het in Engels, wat noodsaaklik in die sakewêreld was. Hy kon Engels nie net vlot praat nie, maar as volwassene skryf hy dit vloeiend en sintakties korrek.[37]

Onderwys en opvoeding sou 'n lewenslange belangstelling bly. Mettertyd sou hy groot bedrae vir daardie doel aan skole en universiteite skenk.

Spoedig, al is hy nog so jonk soos die meeste seuns wat pas die skool verlaat het, het David Graaff reeds etlike jare se ervaring agter die rug as bestuurder van een van die takke van Combrinck & Ross.[38] Hy word beskryf as "A dignified, serious youth, with the characteristic droopy moustache of the period." Die firma merk op dat hy knap en ywerig is, en hy vorder vinnig in die slagtery.[39]

Die jong David Graaff is kwalik 17 toe Combrinck aan hom 'n aanbod maak wat sy asem sekerlik kon laat wegslaan: hy kan die volle bestuur van die hele onderneming van Combrinck & Ross oorneem.

Dit gebeur in die loop van 1876, en teen hierdie tyd is Graaff 'n selfstandige jong man. Sy vader, Nort, is kort tevore, in 1875, oorlede. Vermoedelik om die laste van Nort se weduwee, Annie, nog ligter te maak, laat kom Combrinck op daardie tydstip haar twaalfjarige seun Jacobus (soms ook genoem Koos of Kobie), sy naamgenoot en die sestienjarige David se jonger broer, ook Kaap toe. Die twee broers sou voortaan jare lank saam in die vleisbedryf werk.

Min of meer dieselfde tyd kom Graaff se suster Hannie (Johanna Catharina Elizabeth) as huishoudster na die Combrinck-woning in Woodstock.[40] Sy is agt jaar ouer as David, en haar koms bring 'n welkome vroulike teenwoordigheid na die bedrywige woning van Combrinck en die twee Graaffs na wie hy omsien. Sy kwyt haar klaarblyklik goed van haar take in Woodstock House, want sy is een van Combrinck se vernaamste erfgename toe hy in 1891 sterf.

Namate die slagtery floreer, laat Combrinck die bestuur al hoe meer in die hande van die twee jeugdige Graaffs. Hy dra sy onderneming in 1876 oor aan die Graaffs en 'n ander getroue werknemer, J.A. Rynhoud, ook 'n neef van Combrinck.[41] "Ek het jou hier sien opgroei," sê Combrinck aan die jong David Graaff, " en ek het volle vertroue om die leisels in jou hande te laat."[42]

Ross se belang word dieselfde jaar uitgekoop en die nuwe firma Combrinck & Kie kom tot stand. Maar eers is daar probleme met Ross. Hoewel Combrinck 'n baie aantreklike aanbod vir die oorname van die ouer wordende Ross se belang in die firma maak, val die prys van vleis

---

[34] E. P van der Schijff, "Die Rol van die Ned Geref Kerk in die Inisiëring van Maatskaplike en Ander Dienste in die Kaapse Skiereiland, 1844-1937", pp. 26-28.
[35] Ibid, p. 25; ook *Het Volksblad*, 5 Januarie 1860; *De Kerkbode*, 19 Junie 1956.
[36] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p.,9.
[37] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 15.
[38] E. Rosenthal, "Founders of South African Commerce", no 12.
[39] E. Rosenthal, "Founders of South African Commerce", no 12
[40] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 15.
[41] *The Cape Times*, 7 Augustus 1891
[42] E. Rosenthal, "Founders of South African Commerce", no 12.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

skielik met 'n pennie per pond. Combrinck meen gevolglik dat die voorwaardes vir 'n beoogde skriftelike ooreenkoms, wat nog nie onderteken is nie, gewysig moet word. Ross is woedend, hul vriendskap van twintig jaar vergete, en hy dagvaar Combrick weens kontrakbreuk. Die hofsaak word in Mei 1877 aangehoor en ten gunste van die klaer uitgewys.[43] Combrinck moet skadevergoeding van £10 000 aan Ross betaal plus £1 500 per jaar vir vier jaar. Dit blyk binne Combrinck se vermoë te wees op 'n tydstip dat die slagtery in die omgewing van £47 000 werd was.[44]

Ondanks die probleme met Ross volg snelle uitbreiding van Combrinck & Kie in die volgende paar jaar, waarin die twee Graaffs hulle as bevoegde bestuurders van die grootste en florerendste slagtery in Kaapstad bewys.

In hierdie vroeë stadium sluit 'n derde Graaff, Johannes Jacobus Arnoldus, ouer broer van David en 'n jonger broer van sy suster Hannie, hom by die onderneming aan. Jan Graaff, beter bekend as die latere sen. John Graaff, was byna vyf jaar ouer as David. Hy volg mettertyd ook 'n politieke loopbaan en word 'n parlementslid soos sy broers David en Jacobus, albei kabinetslede na Uniewording in 1910. Al drie broers het swart baarde en snorbaarde gehad. Al drie was volgens 'n tydgenoot besiel met 'n groot ondernemingsgees, hulle het hard gewerk en van die laagste trap tot eienaars van die onderneming opgeklim.[45]

Ten einde 'n gereelde en genoegsame bron van vleis te verseker, soek die broers Graaff plase verder die binneland in waar vee aangehou en geslag kan word sodat dit na Kaapstad gestuur kan word. Dit moet naby spoorvervoer wees, gevolglik kies hulle die omgewing van 'n stasie in die distrik van Tulbagh wat destyds bekend was as Piketbergweg (later Portervilleweg, vandag Gouda) en op die hoofspoorlyn na die noorde lê. Hulle koop in Mei 1882 hul eerste grond, 'n deel van die plaas Bonne Esperance.[46] Jan Graaff, 'n kenner van diere, word die veekoper.[47] Hy word ook aangestel om die plaas te bestuur en hy kry daarby die verantwoordelikheid vir twee aangrensende plase wat bekom word, La Gratitude en Kleinbergrivier. Plaaslike werkers word in diens geneem, onder meer om in die slaghuis te werk wat daar opgerig word.[48]

In Kaapstad self besit Combrinck & Kie die slagpale aan die bo-ent van Hanoverstraat in Distrik Ses en verskeie kleinhandel-slaghuise word in die stad en voorstede bedryf. In die vroeë oggendure lewer die firma se karweiwaens daagliks vleis aan die slaghuise en die huishoudings tussen Seepunt en Mowbray. Groot kontrakte vir lewering van vleis is aangegaan: vleis vir skepe, vir die die Britse leërafdeling wat in Kaapstad gestasioneer is, vir die afdeling van die Britse vloot in Simonstad.[49]

Combrinck bly vasbeslote om tot die politiek toe te tree, maar dit sou nog vyf jaar duur voordat hy sy ideaal verwesenlik en voordat David Graaff in 1881 die alleenbeheer oor Combrinck & Kie verkry.

Intussen is Graaff besig met ingrypende modernisering wat groot dividende sou oplewer. Hy begryp in die jare tagtig dat die bevolking vinnig groei en dat moderne metodes vir die hantering van vleis nodig is. Dis noodsaaklik om die bedryf te meganiseer, om koelbewaring – 'n nuwe uitvinding – op die proef te stel en na massaproduksie oor te skakel.

Suksesvolle verkoeling vorder sedert die middel van die negentiende eeu op verskillende plekke in die wêreld geleidelik namate al hoe meer proewe geneem word, sommige sonder veel welslae,

---

[43] *Standard & Mail*, 22 Mei 1877.
[44] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 15-16.
[45] J.H. Steinmeyer se herinneringe van die Graaff-familie in *Die Burger*, 18 Desember 1956.
[46] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 24.
[47] *Die Burger*, 18 Desember 1956.
[48] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Brief van Combrincks aan die Londense regsfirma Mellor, Smith & May, 2 Junie 1898.
[49] *Die Burger*, 18 Desember 1956.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

om vleis en voedsel langer vir verbruik te bewaar. Sout, speserye en chemikalieë is gebruik, naderhand kratte met ys, maar suksesvolle bewaring bly jare lank 'n probleem. Verskeie uitvinders eksperimenteer met verskillende vorms van koelbewaring, totdat ontdek word dat skepe met koelkamers en treine met koeltrokke vleis van een uiteinde van die aarde na die ander kan vervoer. In 1877-'78 slaag Ferdinand Carré daarin om 150 ton vleis wat by 'n temperatuur van 27-30 grade Fahrenheit gehou word, op die Franse skip Paraguay van Frankryk na Buenos Aires en terug te vervoer. In Skotland ontwerp Henry Bell, John Bell en Joseph James Coleman in 1879 die Bell-Coleman-masjien op die skip Circassia, wat 'n vrag bevrore vleis van Amerika na Londen bring. Dieselfde jaar vaar die Strathleven, ook toegerus met 'n Bell-Coleman-masjien, met 'n vrag beesvleis, skaapvleis en botter uit Melbourne, en die bevrore vrag kom na 'n vaart van nege weke en 24 000 kilometer in 'n goeie kondisie in Londen aan.[50]

Die nuwe ontwikkelinge is vir Combrinck & Kie van groot belang, veral nadat Australië en Nieu-Seeland met hul groot veestapels in die jare tagtig bevrore skaapvleis begin uitvoer. David Graaff word oorsee gestuur, na Europa, die Vasteland en die Verenigde State, waar hy die groot markte, slagpale en vleisverpakkingfirmas besoek.[51] In Chicago doen hy waardevolle ondervinding op by die groot vleisverskeper Armour, en hy besoek ook ondernemings in ander Amerikaanse stede.

Op sy besoek aan Buenos Aires, die hoofstad van Argentinië, 'n land met groot bees- en skaaptroppe, trek 'n ander spesie sy aandag: die Argentynse arabierperde wat 'n groot indruk op hom maak. Hy koop arabierperde wat deur H. Ayersa van Buenos Aires geteel is en bring hulle na Kaapstad. Hy voer ook arabierperde van Sirië in, waarvan een, Malaf, 'n geregistreerde merrie is.[52] Hy bring die stoetperde aanvanklik na Fernwood, die landgoed digby Kirstenbosch wat hy in daardie stadium huur.[53] Maar die klamheid van klimaat was nie geskik vir sulke perde nie en hy koop gevolglik in die 1890's die Tygerbergse eiendom De Grendel, waar hy manjifieke stalle laat bou en die perde as ry- en karperde gebruik.

Hy vestig mettertyd ook sy stoet van opreg geteelde Friesland-beeste op die plaas, wat in die vroeë dae aan die Kaap aan Booy Booysen toegeken is.[54] Die pad uit Kaapstad het daarlangs geloop, want in die ou dae was dit vir ossewaens makliker om oor die Tygerberg eerder as oor die sanderige vlaktes van Bellville te ry. Die Graaffs se plaas het sy Nederlandse naam dus as die grendel tussen die Kaap en die Tygerberg gekry.[55] Graaff bedryf hierdie plaas teen die hange van Plattekloof as 'n here-landgoed waarvoor hy landwyd bekend sou word. Sy stoetbeeste en arabierperde sou op verskeie landbouskoue top-pryse wen. In 1911 byvoorbeeld is drie van De Grendel se arabierperde die wenperde in hul onderskeie afdelings op die Rosebank-skou in Kaapstad. Hul name word op 'n silwer skinkbord gegraveer wat steeds in die Graaff-familie se besit is: Sultan, die beste hings, Kalaf, die beste merrie, en Zarina, die beste vulletjie.[56]

---

[50] Inligting hoofsaaklik uit R. Thévenot, *A History of Refrigeration throughout the World*.
[51] E. Rosenthal, "Founders of South African Commerce", no. 12.
[52] C. Grobbelaar, *The Arabian Horse and its influence in South Africa,* p. 76.
[53] Fernwood het voorheen behoort aan Charles Rudd, 'n vennoot van Cecil John Rhodes. Hy is die man wat die Rudd-konsessie met Lobengula beding het in Rhodesië (vandag Zimbabwe), die land vernoem na Rhodes waardeur hy sy imperiale droom van die Kaap na Kaïro wou verwesenlik.
[54] D. Fairbridge, *Historic Houses of South Africa,* p. 63.
[55] *Die Burger*, Bylae, 1 November 2006, "Ryke geskiedenis agter De Grendel", p. 10.
[56] Meegedeel deur sir David Graaff, derde baronet.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff is nie die enigste persoon met Suid-Afrikaanse konneksies wat die enorme voordele van koelbewaring insien nie. 'n Skotse entrepreneur, sir Donald Currie, eienaar van die skeepsredery Castle Line en die man wat die Curriebeker vir die Suid-Afrikaanse rugby- en krieket-kompetisies geskenk het, sien eweneens die moontlikhede in. Boonop is sy dogter Bessie getroud met 'n progressiewe vrugteboer, Percy Alport Molteno, seun van die eerste premier van die Kaapkolonie. Hy wou graag Kaapse vrugte na Europa uitvoer. Dit gebeur op 13 Februarie 1889, toe die vragskip Grantully Castle met 'n vrag van vyftien ton druiwe in sy koelkamers uit die Tafelbaaise hawe vaar. Die proefneming word 'n ramp, want die hele besending kom verrot by Covent Garden in Londen aan. Wat suksesvolle koelbewaring van vrugte betref, was daar nog baie te leer.[57]

Klipharde bevrore vleis is egter 'n ander saak; dit het nie dieselfde subtiele behandeling as sagtevrugte nodig nie.

Graaff maak teen hierdie tyd reeds planne om die nodige masjinerie vir verkoeling in te voer. Na sy terugkeer van sy oorsese verkenningsbesoek voer hy in Januarie 1890 briefwisseling met die Pulsometer Engineering Company oor die nuutste verkoelinginstallasies, ammoniak-kompressors en so meer.[58] Dit sou nie lank duur voordat koelkamers op die persele van Combrinck & Kie ingerig word en koelbewaring op 'n stewige basis in Suid-Afrika gevestig word nie.[59] As die pionier van koelbewaring in Suid-Afrika neem Graaff die leiding daarmee. Sy rol hierin word 'n paar dekades daarna steeds erken, onder meer in 'n amptelike ondersoek deur die Raad van Handel en Nywerheid, wat opmerk dat een firma van slagters die leiersrol in die bedryf sowel as met die koelbewaring van vleis geneem het: Combrinck & Kie.[60]

Intussen is daar egter 'n ander wending in sy loopbaan. Combrinck se deelname aan Combrinck & Kie neem geleidelik af totdat hy in 1882 tot die Kaapse Parlement verkies word. Op daardie tydstip neem David Graaff se loopbaan ook 'n nuwe beloop: hy tree toe tot die plaaslike politiek.

---

[57] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 23.
[58] E. Rosenthal, "Vleis het die Graaffs Ryk Gemaak", *Die Huisgenoot*, 20 November 1959, p. 9.
[59] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 23.
[60] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Verslag no. 54. "Meat, Fish and other Foodstuffs: An Inquiry into Trade Combinations, Supplies, Distribution and Prices."

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

In Van Riebeeck se stoel

'n Jaar nadat David Graaff die alleenbeheer van Combrinck & Kie verkry het, word hy lid van die Kaapse stadsraad.

Dit gebeur in 1882, toe Combrinck 'n setel in die Kaapse Parlement verkry. Combrinck stel reeds geruime tyd belang daarin om tot die openbare lewe toe te tree. Reeds in 1849 speel hy 'n rol in die Anti-Bandietebeweging en help voorkom dat 300 Britse en Ierse bandiete in Kaapstad afgelaai word. 'n Boikot is verklaar teen enige handelaar wat voorraad aan die bandieteskip Neptune verskaf. Die Anti-Bandietevereniging, die eerste massabeweging in Suid-Afrika, was ook die gebeurtenis waardeur Kaapstad se hoofstraat ter ere van die leier van die beweging tot Adderleystraat vernoem is.[1]

Die plaaslike politiek word belangriker nadat die Kaapkolonie in 1872 selfbestuur verkry en die Britse goewerneur, sir Henry Barkly, in 1875 die eerste hoeksteen van die Kaapse Parlement (die huidige Parlementsgebou) gelê het.

Nadat Combrinck sy onderneming aan Graaff oorgedra het, beywer hy hom om tot lid van die Wetgewende Raad, die hoërhuis van die Kaapse Parlement, verkies te word. Besware teen sy kandidatuur smoor hy gou-gou:

> "Thirty years ago a butcher was by no means held to be a person of no account. There was Jacob van Reenen, for instance, who was the chosen friend of English Governors, and kept a pack of hounds for their sport. Jacob was one of the best-known men of his day in this country, and I could name others who were looked up to with great respect, and held quite a good position as he did."[2]

Na sy verkiesing bly Combrinck 'n parlementslid tot sy dood in 1891. Hy word beskou as 'n man van aansien – "distinguished for practical good sense and business aptitude, respected by all his fellow members, and honoured by the public at large".[3]

Toe Combrinck uit die stadsraad bedank, volg Graaff, hoewel slegs 23 jaar oud, hom op as die verteenwoordiger van Papendorp (later vernoem tot Woodstock, soos die Kaapse voorstad bekend sou staan nadat dit in 1881 met Soutrivier geamalgameer is).

Graaff se toetrede tot die munisipale politiek kom in 'n tydsgewrig waarin Kaapstad aansienlik begin uitbrei, hoofsaaklik as gevolg van die ontdekking van diamante en goud in die binneland. Die ontdekkings, wat Suid-Afrika as een van die wêreld se grootste mineralerykdomme sou vestig, tesame met die bou van spoorweë dra by tot die uitbreiding die hawestad as een van die land se vernaamste handelsentrums. Die ontginning van goud en diamante, onderskeidelik op die rykste goudvelde ter wêreld en die delwerye met die wêreld se grootste en duurste diamante, bring mee dat Suid-Afrika van 'n landbouland in 'n landbou-mynbouland verander.

Die opkoms van die Kaapprovinsie as 'n kolonie wat spoorweg- en hawewerke kon onderneem, maak dit moontlik dat lenings op die Londense mark aangegaan kon word. Kaapstad self as die hoofstad beskik oor uitbreidende hawegeriewe, en as die spoorwegterminus van die Wes-Kaapse spoorstelsel dien dit as die suidelike afspringplek na die binneland en Rhodesië (die

---

[1] H. Giliomee en B. Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 140; *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891.
[2] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891
[3] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

latere Zimbabwe). Hierdie groeiende handelsentrum lok onder meer die hoofkantore van banke en versekeringsmaatskappye wat 'n stewige kapitaalinvloei tussen 1870 en 1900 verseker.[4]

Leiers met die nodige dryfkrag en visie is in daardie stadium 'n groot behoefte om die stad te moderniseer en verbeter. In die jare sewentig vertoon Kaapstad inderdaad allesbehalwe as 'n toonbeeld van netheid en higiëne. Flou gasligte verlig slegs die hoofpaaie, private kontrakteurs maak die strate nie behoorlik skoon nie, oop riole loop kruis en dwars deur die stad en rioolvuil vloei in die see uit. Sommige skrywers meen Kaapstad verdien sy titel van Stad van Stanke.[5]

Teen die tyd dat Graaff in die stadsraad begin dien, is 'n sterk agitasie aan die gang dat die stad skoon en modern gemaak moet word. Onder meer dring koerante soos *Lantern* en *The Cape Times* daarop aan dat 'n "Skoon Party" die sogenaamde "Vuil Party" vervang wat die stadsraad beheer. Die "Vuil Party" bestaan meesal uit besitters van klein eiendomme wat nóg die vermoë nóg die gretigheid toon om die onhigiëniese toestande te verbeter. Hulle is, soos 'n groot aantal belastingbetalers, gekant teen die hoër belastings wat 'n skoonmaakproses verg.[6]

Selfs voor die pokke-epidemie van 1882 beskuldig die *Cape Times* die stadsraad dat hy toelaat dat Kaapstad 'n "Stad van Krotbuurte" (City of Slums) word. Stadsraadslede soos M.J. Louw, J.C. Hofmeyr. G.A. Ashley en Zoutendyk word vir kritiek uitgesonder. In die verkiesing van Augustus 1880 sê die koerant sy steun toe aan "hervormers", mense soos W. Fleming, W.M. Farmer, H. Bolus, J.L. Brown, P.J. Stigant en A.R. McKenzie, wat almal verkies word.[7]

Met sy verkiesing in 1882 word Graaff, komende van die vleishandel wat tot die liederlike toestande in die stad bydra, aanvanklik deur die *Cape Times* met die "Vuil Party" gegroepeer. 'n Bydraende faktor kan moontlik wees dat die koerant hom as 'n Afrikaner beskou het wat nie tuishoort nie by die hoofsaaklik Engelssprekende "hervormers", 'n groep wat meesal uit suksesvolle sakelui en handelaars bestaan. Graaff, deur Merriman beskryf as "one of the new breed of pushy urban Afrikaners"[8], en sy weldoener Combrinck word mettertyd albei ondersteuners van die Afrikanerbond. Hierdie nuwe politieke beweging, aanvanklik gestig deur ds. S.J. du Toit, beleef 'n sterk oplewing na die anneksasie van Transvaal deur Shepstone. Die daaropvolgende opstand teen die Britse bewind loop uit op die Eerste Vryheidsoorlog, waarin die Boere by die Slag van Majuba op 27 Februarie 1881 seëvier. Onder die leiding van J.H. (Onze Jan) Hofmeyr, wat Afrikaners se politieke aspirasies wou koördineer en deur Graaff as sy leier beskou word, groei die Bond vinnig. Hofmeyr, die redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, streef na 'n verenigde Suid-Afrika onder die leuse "Afrika voor de Afrikaners". Hy snoer aanvanklik in sy "Zuidafrikaanse Boeren Beschermings Vereniging" die ekonomiese krag van boereverenigings saam en word een van die belangrikste politieke figure in die Kaapkolonie na die samesmelting van die Bond en boerebeskermingsverenigings.[9] Die Afrikanerbond se bevordering van die belange strek naderhand wyer as boere namate suksesvolle Afrikaner-handelsentrepreneurs soos Graaff, D.C. de Waal, G.J. Krige, A.B. de Villiers, C.W.H. Kohler, N.F. de Waal. P.G. Wege, M.M. Venter en ander hulle by die Bond aansluit.[10]

Die jaar 1882 word bowendien 'n mylpaal vir sterker munisipale bestuur in Kaapstad. Dit is die jaar waarin die koloniale regering groter duidelikheid bring oor die heen-en-weer-skuif van verantwoordelikheid tussen die koloniale en plaaslike bestuur, nadat stadsraadslede 'n hele klompie jare taamlik ondoeltreffend was weens onsekerheid oor die presiese omvang van hul verantwoordelikhede. Die Kaapse Parlement aanvaar wetgewing waarin die regte en pligte van

---

[4] V. Bickford-Smith, "Keeping Your Own Council", *Studies in the History of Cape Town*, vol. 5, p. 6.
[5] E. Bradlow, "Cape Town 100 Years Ago" in 'n byvoegsel van *The Cape Times*, 27 Maart 1976.
[6] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician", pp. 19-21.
[7] V. Bickford-Smith, "Keeping Your Own Council", *Studies in the History of Cape Town*, vol. 5, pp. 10-11.
[8] *The Cape Times,* 15 Augustus 1882. Merriman verwys hier klaarblyklik na Afrikaners wat in latere akademiese beskrywings as "opwaarts mobiele" persone bekend sou staan.
[9] H. Giliomee en B. Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 192; C.F.J. Muller (redakteur), *Vyfhonderd jaar Suid-Arikaanse Geskiedenis*, p. 162.
[10] M. Tamarkin, *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners,* p. 69.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

die Kaapse stadsraad duidelik uiteengesit word. Voortaan sou waterverskaffing, slaghuise, washuise en rioolvuil die eksklusiewe verantwoordelikheid van die stadsraad wees.[11]

In dieselfde jaar, 1882, word Kaapstad getref deur 'n pokke-epidemie, die ergste sodanige epidemie wat die stad in langer as 'n eeu ervaar. Dit dwing die stadsvaders tot daadwerklike optrede ten behoewe van die inwoners. In daardie stadium woon sowat 40 000 mense in die stad self, en 'n verdere 15 000 in die voorstede. Die armste gemeenskappe word die ergste getref, en die Maleiers van die stad en die Bo-Kaap kom in opstand teen hul behandeling. Van Junie tot November 1882 vergader die stadsraad byna elke dag. Waterverskaffing verbeter nadat die Molteno-reservoir in Oranjezicht die vorige jaar voltooi is, maar opgradering van die sanitêre geriewe word gebiedend.[12]

Ondanks sy Afrikaner-wortels begin Graaff, een van die Kaap se suksesvolste sakemanne-in-wording, spoedig die "hervormers" steun in hul strewe om die stad skoon te maak. As sakeman is hy hul natuurlike bondgenoot, maar hy bly een van die baie Kaapse Afrikaners wat hulle nie geheel en al aan die proses van verengelsing onderwerp nie.[13] Dit sou later ook in sy loopbaan blyk: hy sou ontwikkeling en vooruitgang voorstaan sonder om hom te vervreem van Afrikaners, van wie sommige alle imperiale bande wou verbreek.

Kritici van die "hervormers" meen dat hulle die hoër belastings vir die skoonmaakproses kon bekostig, aangesien hulle nie erg geraak sou word deur 'n betreklik klein heffing op hul eie eiendom nie. Op die koop toe sou hul sakebelange baat vind by die verbeterings en ontwikkelinge wat die stadsraad aanpak, en kon die waarde van hul geboue in die sentrale sakedeel toeneem. Koerante wat hulle steun, soos die *Cape Times, Lantern* en *Cape Argus*, is daarby grotendeels van hierdie sakelui afhanklik vir advertensie-inkomste, word gemeen.[14]

Hierteenoor kan aangevoer word dat, selfs al kon daar sprake van "verligte eiebelang" wees, dit nie altyd vir almal 'n nadeel kon wees nie. Kaapstad sou agterlik bly sonder die inisiatief van sulke "hervormers", selfs al werk modernisering tot hul voordeel. Die groei en uitbreiding van Kaapstad noodsaak inderdaad 'n nuwe soort raadslid; diegene wat ervaring het in die uitdagings van stedelike ontwikkeling. Terselfdertyd moet lenings aangegaan word op 'n skaal groter as ooit tevore, en daarvoor sou sakelui soos Graaff met hul finansiële agtergrond 'n groot bate in die munisipale diens wees. Graaff was boonop reeds oorsee en het in die buiteland ervaring opgedoen van watter rol munisipale vernuwing kan speel om stedelike toestande te verbeter.[15]

Hy word ook in Junie 1882 'n intekenaar van die leeskamer van die Kaapse Kamer van Koophandel, waarvan hy in 1886 'n volle lid word.[16] In die leeskamer, 'n gewilde besoekplek van Kaapse sakelui, kon hy allerlei publikasies oor finansiële en ekonomiese aangeleenthede te lese kry.

Die koerantveldtog ten gunste van die "hervormers", tesame met afgryse oor die pokke-epidemie van 1882, dra daartoe by dat die "Skoon Party" daardie jaar se stadsraadsverkiesing wen. Volgens die *Cape Times* behaal die "Skoon Party" 'n meerderheid van 8-6, met 4 "neutraal", hoewel Stigant en O'Reilly, voorheen beskou as "hervormers", ook onder laasgenoemde tel.[17] Ondanks die feit dat die koerant Graaff nie as behorende tot die "Skoon

---

[11] H.W.J. Picard, *Grand Parade,* p.66.
[12] Ibid, p. 67.
[13] V. Bickford-Smith, "Keeping Your Own Council", *Studies in the History of Cape Town*, vol. 5, p. 23.
[14] Ibid, p. 17.
[15] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician", pp. 20-24.
[16] R.M.P. Immelman, *Men of Good Hope,* p. 195.
[17] V. Bickford-Smith, "Keeping Your Own Council", Studies in the History of Cape Town, vol. 5, p. 18.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Party" beskou nie, word hy vir een jaar verkies, sestiende uit die agttien verkose lede, met 526 stemme.[18]

Kaapstad beleef 'n ekonomiese terugsakking in die eerste vyf jaar nadat Graaff tot raadslid verkies is.[19] Tog kry Graaff vanaf 1883 al hoe sterker steun van die kiesers. In wyke 2 en 3, die sakekern van Kaapstad, trek hy daardie jaar die meeste stemme van alle kandidate. In 1887 se verkiesing is hy inderdaad die kandidaat van die belastingbetalersvereniging, die Ratepayers' Protection Association.[20]

Hoewel skaars 23, imponeer hy die stadsvaders toenemend ondanks sy betreklike jeugdigheid met sy sakevernuf en verfrissende vasbeslotenheid om die fasiliteite en geriewe te verbeter van die stad wat hulle dien.[21] Met verloop van tyd word dit duidelik dat Graaff, wat klaarblyklik eerder tot die "Skoon Party" behoort, presies die soort raadslid is wat die stadsraad nodig het. Die belastingbetalers besef dit klaarblyklik ook, want tussen 1882 en 1894 is Graaff altyd onder die raadslede wat die hoogste getal stemme trek.[22] Die "hervormers" sou die Kaapse stadsraad vir die volgende twee dekades oorheers. Hy steun hul aandrang op beter sanitasie in die stad dermate dat hy hom vereenselwig met die aandrang dat die slagpale, die Shambles, weens die toestande gesluit word.

Ontevredenheid oor die primitiewe slagpale aan die onderent van Adderleystraat neem sodanig toe dat sake teen 1883 op die spits gedryf word. Kol. Anthony Reynolds Vivyan Crease, bevelvoerder van die Royal Engineers in die nabygeleë barakke van die imperiale garnisoen, dagvaar die stadsraad op grond daarvan dat die Shambles 'n openbare steurnis is en verwyder moet word. Die hofsaak in die Hooggeregshof word as so belangrik geag dat die prokureur-generaal vir die klaer verskyn en sir Thomas Upington, Q.C., en adv. W.P. Schreiner, 'n latere eerste minister van Kaapland, vir die verweerder. 'n Jurie bevind aanvanklik na 'n inspeksie ter plaatse dat die slagpale wel verwyder moet word, maar die stadsraad appelleer. 'n Volle regbank onder die hoofregter, sir (later lord) John Henry de Villiers, hoor die appél aan. 'n Inspeksie ter plaatse word een oggend gehou, pas nadat 'n hele paar diere geslag was. Toe die regters, vergesel van die advokate en prokureurs, na die strand stap waar die onwelriekende rioolstelsel in die see loop, was die lot van die Shambles beklink. Regter De Villiers lewer einde 1883 uitspraak dat die minste wat van die stadsraad verwag kan word, is dat die vee elders geslag moet word. Hy reik dus 'n bevel uit dat die slag van diere by die Shambles verbied en die slagpale verskuif moet word.[23]

'n Briefskrywer, Civis, verwelkom die finale interdik:

> "On Monday afternoon, the curtain fell upon one act, at least, of a forensic drama, which has been many months on the boards and for years in rehearsal. The laurel of a not bloodless victory wreaths the brow of the distinguished officer at the head of Her Majesty's War Department in this Colony. No longer shall sounds of bovine sorrow, or the sights and smells of sickening slaughter derange the delicate nervous organisations of those young warriors whom unequal fate from time to time destines to spend their lives in that gory vicinity. No one can begrudge the War Department, and its enthusiastic supporters, wherever placed, those felicitations which such success deserves."[24]

Die gevolg van die hofbevel is dat die Kaapse munisipaliteit sy eie slagplaas moet inrig. Vir Graaff beteken die "terugslag" egter eerder 'n geleentheid. Combrinck & Kie kry nou nie net die

---

[18] *The Cape Times*, 15 Augustus 1882.
[19] H.W.J. Picard, *Grand Parade,* p. 66.
[20] *The Cape Times*, 3 Augustus 1887.
[21] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa*, p. 25.
[22] *The Cape Times*, 12 Augustus 1884, 9 Augustus 1887, 12 Augustus 1890, 12 Augustus 1893.
[23] E. Rosenthal, "Cold Storage Chronicle", pp. 17-22.
[24] *The Cape Argus,* 16 Januarie 1884.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

kans om sy eie slagtoerusting te installeer nie, maar ook om die voordele van koelbewaring in Suid-Afrika te demonstreer.[25]

Combrinck & Kie se hoofkantoor verskuif hierna na Strandstraat, waar die firma adverteer:

Combrinck & Co.
Butchers
Contractors to Her Majesty
Shambles Nos 3, 4 & 5. Near the Custom House, Cape Town.
Shipping supplied with the Best Fresh and Salted Meat
on the Shortest Notice and Most Reasonable Terms.
Poultry, Vegetables & Potatoes
Always on Hand a Good Supply of Live Stock.[26]

Graaff spits hom nie net op die vleisbedryf toe nie, maar probeer ook ander sakegeleenthede benut. Een so 'n geleentheid doen hom in 1885 voor, toe tenders gevra word om kos en ander benodigdhede te lewer aan swart arbeiders wat aan die verlenging van die treinspoor van die Grootrivier (Oranje, later die Gariep) na Kimberley werk. Hy en 'n ouer vriend, David C. de Waal, 'n swaer van Onze Jan Hofmeyr, doen onder die naam Graaff & Co. aansoek om die tender, en dit word aan die twee Davids toegestaan.

De Waal, die latere parlementslid[27] na wie die De Waal-park in Kaapstad genoem is wat hy met bome beplant het, was toe al in sy veertigste jaar. Sy "goeie jong Afrikaner-vrind" Graaff word in De Waal se biografie beskryf as "'n kêreltjie toe nog maar van ses-en-twintig, maar in besit van 'n wonderlike besigheidsaanleg en baie wakker en gedetermineerd van geaardheid". Spoedig ontdek die twee dat hulle in hul nuwe onderneming "in 'n allesbehalwe ligte taak" begewe het. Hulle moet persoonlik, ten minste beurtelings, aanwesig wees, en dit "beteken die verdra van stof, hitte, ontberings en 'n regtig ru(w)e, onbenydenswaardige lewe".

Toe hulle een aand na 'n vermoeiende dag by hul vuurtjie sit, sug die ouer David, later 'n getroue vriend van Cecil John Rhodes wat hom op sy reise na Masjonaland vergesel het[28], oor die "hondelewe" wat hy in die veld moes deurmaak. "Die jonger een, 'n model van flegmatiese kalmte, wys hom toe daarop dat ondernemingsgeeste gewoonlik, meer as ander, aan teisterings onderhewig is, maar dat dit juis sulke geeste is wat klim in die wêreld. 'Ek, byvoorbeeld,' voeg David Graaff by, 'gaan nog kabinetminister word.' Die ander David het daaroor skepties geglimlag. Maar die ambisieuse jong man kon nog bygevoeg het dat hy die rykste Hollandssprekende Afrikaner van sy tyd in geheel Suid-Afrika sou word, daarby ook baronet!"[29]

Wat uit hierdie relaas na vore kom, is dat, naas Graaff se sakevernuf, sy dryfkrag, deursettingsvermoë en vasbeslotenheid om die hoogste sport in sy loopbaan te bereik, reeds op vroeë leeftyd merkbaar was.

Die opkoms van ondernemende verstedelikte Afrikaners wat ook in die politiek invloedryk is, word betekenisvol in hierdie tydvak, hoewel dit nie oral gunstig ontvang word nie. Die politikus John X. Merriman, wat Graaff vroeër as een van die "new breed of pushy urban Afrikaners" beskryf het, skryf byvoorbeeld in 1886 in 'n brief aan M. Currey:

> "I feel sorry for the Mole (Hofmeyr), who has to fight an uphill battle and obviously does with great pluck, but I wish he saw that his interest led him in the opposite direction of the Graaffs and De Waals."

---

[25] E. Rosenthal, "Cold Storage Chronicle", p. 22.
[26] Ibid, p. 23.
[27] D.C. de Waal was van 1884 tot 1903 die lid vir Piketberg van die Wetgewende Vergadering in die Kaapse Parlement.
[28] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel II, pp. 188-189.
[29] J.H.H. de Waal, *Die Lewe van David Christiaan de Waal*, pp. 111-112.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Merriman se afhalerige aanmerkings word deur sy biograaf, Phyllis Lewsen, vertolk as 'n verwysing na die nuwe groep opwaarts mobiele stedelike Afrikaners van Kaapstad.[30] Hulle speel 'n belangrike rol in die Afrikanerbond.

Naas sy uitbreidende belange in die vleisbedryf, wat wel deeglik deur die verbetering van sanitêre toestande geraak word, speel Graaff in in sy openbare rol in die stadsraad vorentoe toenemend 'n rol in die finansiering van stadsprojekte. Dit geld veral die elektrifisering van die stad, wat in daardie stadium slegs met flou gaslampe verlig was.

Hy word in 1884 vir die eerste keer lid van die stadsraad se geldsakekomitee, waar hy 'n belangrike bydrae lewer om die stad se geldsake op 'n gesonde grondslag te bedryf.

Die belasting wat die vorige jaar geïn is, was nie genoeg om die begrote bedrag vir algemene werke te dek nie.[31] Die geldsakekomitee besluit dus om regstappe te doen teen diegene wat nie hul munisipale belasting betaal nie. Beter reëlings word getref om 'n lening by Standard Bank te herstruktureer en geleidelik af te los. Houers van 6%-skuldbriewe ten bedrae van £243 650 kry ses maande kennisgewing van rente-terugbetaling tensy hulle verkies dat die rente tot 5% verlaag word, aangesien die stadsraad nou tenders vir 5%-skuldbriewe kan aanvaar. Die stadsraad tref ook 'n reëling met die regering om sy leningsbedrag in paaiemente te trek, sodat die regering nie rente verloor nie en die stadsraad slegs rente betaal op die bedrag wat werklik uitgekeer word.[32]

Die stadsraad verkry voorts buitelandse lenings. Graaff speel klaarblyklik 'n rol in hierdie besluite, aangesien hy twee keer tot die geldsakekomitee herverkies word hoewel hy sy setel moes afstaan omdat hy nie vergaderings kon bywoon nie. Die belastingbetalers, wat hierdie stappe met hul geldelike implikasies moes goedkeur, gee aan die stadsraad meer magte as ooit tevore in die tydperk dat hy betrokke bly.[33]

'n Buitengewone lening van £12 000 wat in 1886 aangegaan word vir 'n dreineringstelsel wat as noodsaaklik vir die stad se vooruitgang en gesondheid beskou word, word in 1887 gevolg deur 'n lening van £25 000 vir die Tafelberg-waterverskaffingskema. Die jaar daarna word £3 075 vir rioolpype in die stad goedgekeur.[34]

Klaarblyklik kan al die eer vir die finansiering van die stadsprojekte nie aan Graaff alleen gegee word nie. Hoewel hy aansienlike invloed by die belastingbetalers gehad het, het die pokke-epidemie ook 'n groot rol gespeel, aangesien dit verbeterde sanitasie gebiedend gemaak het. As kundige sakeman was hy nogtans die regte man op die regte plek.

Sy sake-ervaring kom bowendien goed te pas in die Kaapstadse Kamer van Koophandel, waarvan hy in 1886 lid geword het. Spoorweguitbreidings na Transvaal, 'n belangrike aangeleentheid vir Kaapstad, word in 1887 bespreek op 'n vergadering van die Kamer wat onder andere deur Onze Jan Hofmeyr en D.C. de Waal bygewoon word. Die klem val op uitbreiding na die Transvaalse grens met 'n verlenging van die spoorweg van Kimberley na Parys. Graaff, vir wie die vervoer van vleisprodukte 'n saak van groot belang is, word lid van die Kamer se waaksaamheidskomitee wat na die belange van Kaapstad moet omsien rakende die spoorweguitbreidings van die goudvelde na die Kaapkolonie.[35]

---

[30] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman 1890-1898,* Merriman-Currey, 24 Maart 1886, p. 210. Merriman het Hofmeyr as "Die Mol" beskryf omdat hy in die politiek hoofsaaklik agter die skerms gewerk het. As voorsitter van die Bond se Kommissie van Toezicht kon Hofmeyr 'n wakende oog oor alle bedrywighede van die Bond hou.

[31] Argief, Kaapse stadsraad. C.Lewis, burgemeestersverslag, 1883-'84.

[32] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 21 Januarie 1886.

[33] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician", p. 27.

[34] Argief, Kaapse stadsraad. Notules van Kaapse stadsraad, 18 Mei 1887 en 19 April 1888.

[35] R.M.P. Immelman, *Men of Good Hope,* p. 202.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die aansienlike bydrae wat hy in die openbare lewe lewer, onder meer in die bedrywighede van die stadsraad, maak so 'n goeie indruk dat Graaff binne enkele jare as parlementêre stoffasie beskou word. As 29-jarige word hy in 1888 deur invloedryke Kapenaars, onder wie die dienende burgemeester, John Woodhead, genader om hom as lid van die Kaapse Parlement verkiesbaar te stel. In 'n koerantadvertensie wys hy die eer wat hom aangedoen is, beleef van die hand. Hy verklaar dat hy weens sy sakeverpligtinge nie reg sal kan laat geskied aan die groot verantwoordelikhede wat as verteenwoordiger van die setel van Kaapstad in die Wetgewende Vergadering (House of Assembly) op hom sou rus nie.[36]

'n Groter politieke rol sou eers wag nadat hy tot burgemeester van die Moederstad verkies is.

Kort voor die einde van 1889 dien Graaff in 'n afvaardiging wat Marie Koopmans-De Wet oorreed om 'n dinee ter ere van pres. F.W. Reitz van die Oranje-Vrystaat by te woon. Mev. Koopmans-De Wet, 'n invloedryke dame in die Kaapse sosiale lewe, wou vandat haar eggenoot oorlede is by geen openbare geleentheid van enige aard gesien wees nie. Toe Graaff, sy goeie vriend David C. de Waal, wat toe die burgemeester van Kaapstad was, en regter J.G. Kotzé egter by haar opdaag, haal hulle die gesiene weduwee oor om die uitnodiging na die onthaal in Kaapstad te aanvaar.[37]

Kort hierna volg Graaff vir De Waal as burgemeester op. Hoewel nog net 31 jaar oud, is hy reeds een van die stad se vooruitstrewendste sakemanne toe hy op 14 Augustus 1890 in hierdie amp verkies word. Hy word voorgestel deur 'n voormalige burgemeester, John Woodhead, gesekondeer deur nog 'n oud-burgemeester, Charles Lewis. In 'n stemming behaal Graaff elf stemme teenoor die vyf van die enigste ander benoemde, Johan Mocke.[38]

'n Halwe eeu nadat Kaapstad munisipale status verkry het en Michiel van Breda (1840-'44) vir die eerste keer as die stad se eerste burger aangewys is[39], beklee Graaff die legendariese stoel wat in populêre geskiedskrywing as Jan van Riebeeck se Stoel bekend staan.[40] Hy word die twaalfde persoon in die amp sedert die titel van voorsitter van die munisipaliteit in 1867 tot burgemeester verander is, toe Gillis J. de Korte amptelik die eerste burgemeester geword het.[41] In die swaar, leergebonde notuleboek onderteken die nuwe burgemeester vir die eerste keer in die destydse stadsaal, die ou Burger-Waghuis langs Groentemarkplein, die vorige vergadering se notule met sy swierige handtekening: D P Graaff, Mayor.[42]

Hy neem sy ampspligte ernstig op, onder meer deur selfs plakboeke te hou waarin 'n verskeidenheid van koerantberigte en kennisgewings oor munisipale aangeleenthede geplak word.[43] 'n Diep gevoelde sin van burgertrots, sekerlik versterk deur sy oorsese reise, is klaarblyklik 'n groot dryfveer in die innovasies waarmee hy in die Moederstad begin. Hy wou Kaapstad nie net tot 'n skoon, sindelike stad omvorm nie, maar met 'n reeks moderniserende maatreëls tot die voorste stad van die land uitbou. Sy visie was 'n bestemming aan die suidpunt van Afrika waarop elke inwoner van Kaapstad so trots soos hy kon wees.

---

[36] Graaff-versameling, De Grendel. Ongedateerde knipsel in plakboeke in besit van Graaff-familie.
[37] J.H.H. de Waal, *Die Lewe van David Christiaan de Waal,* p. 130.
[38] Argief, Kaapse stadsraad.Notule van Kaapse stadsraad 1890.
[39] Van Breda is die man na wie die dorp Bredasdorp genoem is.
[40] Die burgemeester se stoel is nie werklik Jan van Riebeeck s'n nie. Dit is vroeër in sommige geskrifte so genoem, waarskynlik omdat die burgemeesters as opvolgers van die stad se eerste heerser, Jan van Riebeeck, beskou is. Kommissaris J.A. de Mist het tydens die Bataafse bewind in 1804 'n wapenskild van Van Riebeeck aan die stad geskenk. Volgens munisipale amptenare is 'n nuwe burgemeesterstoel in 1905 saam met ander meubels vir die nuwe stadhuis langs die Parade gemaak, en 'n portret van Van Riebeeck het daarbo gehang.
[41] Argief, Kaapse stadsraad. Inligting verkry uit naamlyste in Kaapstad se burgemeestersverslae (Mayor's Minutes).
[42] Die Burger-Waghuis was tot 1927 die setel van die Burger-Senaat.
[43] Graaff-versameling, De Grendel. Plakboeke in besit van die Graaff-familie.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Spoedig doen hy 'n reeks van stappe om die status van burgemeester op 'n hoër voetstuk te plaas.

'n Burgemeesterskamer (Mayor's Parlour) word in die Burger-Waghuis ingerig waar amptelike sake afgehandel word. Die portrette van vorige en dienende burgemeesters word daar gehang.[44]

Graaff skenk aan die stadsraad die ampstekens (insignia of office) van die eerste burger - die burgemeesterstoga, -hoed en –ampstaf (mayoral robe, hat and rod). 'n Brief waarin hy sy beweegredes uiteensit, word op 22 Mei 1891 voorgelees by 'n burgemeestersnoenmaal wat onder andere deur die goewerneur, luitenant-generaal, premier en ministers van die Kaapkolonie bygewoon word. Sy brief oor die skenking lui:

> "It has been my desire on leaving office to present the City for the use of the Mayor at all public functions the necessary official robe, hat, and rod, as worn by the first citizens of the principal towns in other countries, and as my term will shortly expire I think the present a fitting time for making the presentation. I have therefore promised and now offer to the Town Council of Cape Town, the Mayoral Robe, in royal silk velvet and ermine fur; also a Mayoral Hat and Rod of office. My sole motive in making the presentation is that the Chief Magistrate of the Metropolis of South Africa may in this respect be invested with the dignity of office which belongs to him, and to remove the long standing reproach that, while the mayors of smaller towns in the Cape Colony appear at public functions in official robes the Mayor of Cape Town is unable to do so. I trust the Council will be pleased to receive the gift of behalf of the City and that by its use the prestige and dignity of the City and the Mayor may be maintained and strengthened."[45]

Die ampstekens word daarna aan Graaff oorhandig, wat gevolglik die eerste burgemeester van die stad word wat die burgemeesterstoga dra wat hy self geskenk het. Die goewerneur, (die latere lord) Henry Brougham Loch, verklaar dat Kaapstad 'n ou en eerbare reputasie het wat veilig in die hande van die huidige burgemeester en sy munisipaliteit is.[46] 'n Maand daarna bestel die stadsraad ook die burgemeestersketting wat tot vandag by amptelike geleenthede deur Kaapstadse burgemeesters gedra word.[47]

Graaff se dinamiese rol kry lof in die media. Die nuusblad *The Lantern* spreek die hoop uit dat Graaff as burgemeester herkies sou word. Hy is volgens die blad op pad om Kaapstad se Whittington te word – 'n verwysing na sir Richard Whittington (1354–1423), die Middeleeuse handelaar en politikus wat as burgemeester van Londen groot openbare projekte in die Britse hoofstad deurgevoer het. "In demeanour, courtesy, self-repression and dignity, and in the almost parental fondness with which he regards the new city he has for so long seen growing up by and with him, (he) … is eminently the right man in the right place as Mayor of Capetown," skryf die blad.[48]

Graaff se gevoel van burgertrots vind noue aansluiting by die Britse burgerlike kultuur wat in daardie tyd dominant in die Kaapkolonie, maar nog sterker in Natal was. Die Britse setlaarsgemeenskap het hulle in hierdie stadium as essensieel Britse beskou: deel van en lojaal teenoor die Britse empire. Simbole en rituele het dit gereflekteer, soos die vlag, openbare monumente en geboue en openbare vierings en seremonies, asook die inhuldiging van ampsdraers, die ontvangs van hoogwaardigheidsbekleders, verwelkoming van koninklikes en openingsplegtighede.[49]

Graaff lewer aan die einde van sy eerste ampstermyn sy burgemeestersverslag (mayoral minute) op die stadsraadsvergadering van Donderdag, 6 Augustus 1891 – dieselfde dag waarop

---

[44] Burgemeestersverslag in *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891.
[45] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 22 Mei 1891.
[46] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 22 Mei 1891.
[47] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 18 Junie 1891.
[48] *The Lantern*, 11 Julie 1891, p. 6.
[49] P.S. Thompson, *The British civic culture of Natal, South Africa, 1902-1931*, het hierdie tendensie beskryf.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

sy groot weldoener, "oud-oom" Combrinck, sterf. Combrinck beswyk op 62-jarige leeftyd aan kanker na 'n siekbed van 'n paar weke.

Graaff se verslag is 'n lang en getailleerde opgaaf van wat in die voorafgaande jaar op munisipale gebied vermag is, sowel as wat jare gelede gebeur het en wat gaan gebeur in die jare wat voorlê. Dit word beskou as een van die omvangrykste en insiggewendste burgemeestersverslae wat nog in Kaapstad uitgereik is.[50] Dieselfde middag verskyn die verslag oor vyf koerantkolomme in *The Cape Argus* – en langsaan staan 'n berig oor die afsterwe van Combrinck.[51]

Graaff beskryf sy ampstermyn tot dusver as "steadily progressive", maar merk op: "There is a great deal to do and much to undo to bring the city in harmony with its magnificent surroundings."

Die verslag klink voorts amper soos 'n historiese roman, deurdat hy die stad skilder as die beeldskone koningin wat deur die bose magte van agteruitgang gevange gehou en deur die lojale ridders van vooruitgang – die burgemeesters en raadslede – bevry word. Graaff verwys terug na die jaar 1667, toe die die eerste munisipale owerheid, die Burgerraad, onder die bewind van die V.O.C. ingestel is. Daarop volg die Burgersenaat van 1796 onder Britse kroonkoloniebestuur. In die Bataafse tydperk (1803-'06) is veldkornetskappe ingestel wat vir afsonderlike wyke verantwoordelik was. In 1828 word die munisipaliteit oorgeneem deur die Britse koloniale regering, wat die bestuur van munisipale sake egter aan die plaaslike owerhede teruggee in 1840 (toe Michiel van Breda die stad se eerste burger word). Die munisipale wet van 1861, wat die stad in 12 distrikte en 48 wyke verdeel, word in 1867 gewysig, toe 'n burgemeester die eerste keer amptelik verkies word. Hy verstrek die volledige lys van burgemeesters sedert De Korte in 1867 amptelik die eerste burgemeester geword het.

Graaff verklaar dat sy ampstermyn op twee fondamentstene rus: 'n "manjifieke dreineringstelsel" en "die voorsiening van fondse". Hy is trots dat die fondamente vir die dreineringstelsel, wat 'n gesonde stad verseker, in sy bewindstermyn gelê is. Dit vervang die ou en onwelriekende rioolstelsel wat die stad deurkruis. Ten tweede verwys hy na geldsake, 'n kwessie waarvoor hy groot krediet sou kry, veral omdat hy die munisipaliteit se leningsprogram heeltemal verander. Deur sy toedoen verkry die stadsraad die reg om regeringseiendom te belas.[52] Dit word moontlik gemaak nadat die Crown Property Rating Bill deur die premier, Cecil John Rhodes, in die Kaapse Parlement ingedien is. Rhodes wys daarop dat 'n agtste van die eiendom in Kaapstad staatseiendom is waarop geen munisipale belasting betaal word nie. Dit is onregverdig teenoor die hoofstad van die kolonie, wat moet toesien dat geboue veilig en in 'n goeie sanitêre toestand is.[53]

Nadat die wetgewing goedgekeur is, word 'n nuwe bron van inkomste uit voorheen onbelaste eiendom verseker. Kaapstad verkry dus in die Graaff-era die nodige kapitaal om aansienlike uitbreidings en verbeterings binne die munisipale grense aan te pak. Vir 'n doeltreffende dreineringstelsel is byvoorbeeld 'n lening van £162 000 uitgeskryf.

Graaff lewer in sy verslag gedetailleerde kommentaar op 'n verskeidenheid van munisipale en verwante sake, van die burgemeesterskamer, die ampstekens en ampsketting tot 'n see-promenade, die treinspoor na Seepunt en die tremspore. Hy meen die vismark is onhigiënies en moet gesloop word. Hy beveel voorts aan dat 'n epidemiese hospitaal op Rentzki Farm buite die stad gebou word aangesien die bestaande een ongeskik is. Hy stel hierbenewens voor dat 'n hondetehuis vir rondloperhonde ingerig word, asook dat die verwydering van nagvuil beter georganiseer word.[54]

---

[50] H.W.J. Picard, *Grand Parade,* p. 91.
[51] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891.
[52] Burgemeestersverslag in *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891, en *Men of the Times,* p. 189.
[53] *Hansard,* 15 Junie 1891, pp. 75-76.
[54] *The Cape Argus*, 6 Augustus 1891.Graaff se burgemeesterverslag, 1890-1891.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Onder die belangrikste gebeurde van die voorafgaande jaar noem hy die beoogde nuwe teater op die Parade, die aankoop van die erf van die Commercial Exchange vir die oprigting van die nuwe poskantoor en die beplanning van 'n nuwe brandweerstasie.

Verdere aktiwiteite is die verwydering van aanstootlike kennisgewingborde. Paaie word geplavei en gebou. Daar is aansienlike ruimte vir 'n verbetering in die ontwerp van geboue, en stoepe word verwyder en balkonne afgebreek. Elektriese straatligte, soos wat reeds 'n paar jaar tevore in Kimberley in gebruik geneem is, verg dringende aandag, verklaar hy. So ook 'n nuwe stadsaal, aangesien die hoeksteen van die Burger-Waghuis op 17 November 1775 gelê is en die gebou nie meer aan die behoeftes van die stad voldoen nie.

Die Kompanjiestuin word deur die regering aan die munisipaliteit oorgedra, 'n stap wat hy geesdriftig verwelkom. Hy verwys ook na die kieserslyste en die sensus, belangrike besoekers uit die buiteland en die stadsraad se Londense agente. Ten slotte bedank hy die raadslede en amptenare, asook die pers. So brei Graaff uit in 'n verslag wat volgens 'n waarnemer "vibrates with energy and activity".[55]

Verskeie stadsraadslede prys Graaff na die lewering van sy verslag vir wat hy in sy diensjaar verrig het – in die besonder vir die "great interest he has taken and the energy and ability he evinced … in furthering and advancing the best interests of the City both as regards sanitary as well as financial matters and also for his able and impartial conduct in the chair". Die oudste raadslid, G.A. Ashley, ag dit sy plig om sy gelukwense by dié van die vorige sprekers te voeg. Hy verklaar dat Graaff na sy mening in sy diensjaar meer verrig het as al sy voorgangers tesame.[56]

Graaff bedank die sprekers. In 'n koerant word berig dat hy onder applous verklaar het:

> "He had always understood that public service men in Cape Town got more kicks than halfpence for public service, but he must say that he was very glad to admit that his experience had been quite the contrary. Not only had he been thanked and supported by the Councillors in Council, but even the outside public had been eager to acknowledge any little good that had been done to promote the interests and the welfare of the city and its inhabitants. His experience had been a most pleasing one… He only desired to see Cape Town made the queen of South African cities, a metropolis worthy of the country. His heart was full, and all he could do was to thank them earnestly and sincerely."[57]

Die begrafnis van Graaff se "oud-oom" Combrinck word die daaropvolgende Saterdag, 8 Augustus 1891, gehou. Volgens 'n uitvoerige berig in *The Cape Times* kom betoon 'n groot aantal begrafnisgangers, onder wie verskeie hoëlui van die Kaap, die laaste eer – 'n sterk aanduiding van die aansien wat Combrinck in die Kaapse gemeenskap geniet het.

Na 'n kort diens in Woodstock House vertrek die begrafnisstoet na die Groote Kerk in Kaapstad, waar Combrinck 'n ouderling was. David Graaff is in die eerste koets agter die lykwa saam met sy suster Hannie, sy jonger broer, Kobie (die latere sir Jacobus), en dié se vrou, Susan Elsabie Maria ('n nooi Theunissen, met wie Kobie in 1889 getroud is). Nog familielede volg in die volgende drie koetse. Die vyfde, die oorledene se private koets met sy eie koetsier en sy gunsteling-perde, bevat 'n groot aantal blommekranse. Daarna volg 'n lang optog van sowat vyftig koetse, perdekarre en ander rytuie.

In Kaapstad word die kis die kerk ingedra deur die Kaapse premier, Cecil John Rhodes, sir John Henry de Villiers (latere hoofregter van die Unie), J.W. Sauer, Onze Jan Hofmeyr, sir Gordon Sprigg, kol. F. Schermbrucker, M.L. Neethling en D.C. de Waal. Die prediker, ds. A.I. Steytler, wat die roudiens in Nederlands lewer, verklaar dat Combrinck altyd gereed was om te

---

[55] H.W.J. Picard, *Grand Parade,* p. 91.
[56] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 1891.
[57] *The Cape Times*, 7 Augustus 1891

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

help met enige skema wat die welsyn van Kaapstad kon verbeter. Hoewel hy nooit getroud was nie, was die oorledene altyd lief vir kinders, en hy het 'n aantal kinders van gestorwe familielede in sy huis aangeneem en opgevoed. Hy het 'n rukkie gelede na sy tuiste as 'n weeshuis verwys. As 'n politikus – hy was 'n energieke lid van die Afrikanerbond – was hy nie bekend om sy welsprekendheid nie, maar sy gesonde verstand is op prys gestel deur almal wat hom geken het.

Na afloop van die diens beweeg die begrafnisstoet na die Kaapse stasie, waar 'n spesiale trein die begrafnisgangers na Maitland se begraafplaas bring. Daar laat sak die draers die kis van kiaathout in die graf wat Combrinck self uitgesoek het. Rhodes plaas twee bosse wit en blou viooltjies op die kis. Nadat die graf toegegooi was, word kranse bo-op gelê, onder meer een van die familielede David en Johanna Graaff, 'n tweede van John en Rosetta Graaff en 'n derde van Jacobus en Susan Graaff.[58]

Die reëlings vir die begrafnis is deur Hannie (Johanna Catharina Elizabeth Graaff) getref, soos bepaal in Combrinck se testament, wat op 28 Julie 1891 te Woodstock onderteken is. Hy laat al sy meubels, breekware, silwer en juwele, trekperde en harnasse aan haar. Hy bepaal ook dat sy sy begrafnis moet reël.

Afgesien van sy erflating aan Hannie laat Combrinck aan sy neefs D.P. de V. (David) en J.A.C. (Kobie) Graaff 'n som van £500 elk. Verskeie eiendomme in Kaapstad en Woodstock word nagelaat aan sy neef Jacobus Arnoldus Rynhoud sowel as aan sy niggie Hannie. Sy kan voorts Woodstock House vir die bedrag van £2 000 oorneem. Die restant van die boedel word in gelyke dele tussen haar en Rynhoud verdeel. Hulle word ook as eksekuteurs van sy boedel aangestel.[59]

Hannie, wat as die Graaffs se huishoudster opgetree het, is 'n paar jaar later in Woodstock House met Pieter Maritz Botha in die huwelik bevestig. Die bruid word deur haar broers David en Jan weggegee en sowat 400 gaste woon die onthaal in Woodstock House by.[60] Maritz Botha, 'n kleinseun van die Voortrekkerleier Gerrit Maritz, was beroemd as 'n grootwildjagter. Hy het na die Dorslandtrek en die stigting van Upingtonia met sy leier stry gekry en in sy omswerwinge daarna met Hannie getrou. Na hul huwelik het sy haar op Villiersdorp gevestig, waar hy haar net af en toe besoek het. In die NG pastorie op die dorp het 'n portretstudie van Hannie gehang waarin sy 'n loket op die bors dra waarin sy altyd 'n foto van Botha gehou het.[61]

Ondanks Graaff se vroeëre aanduiding dat hy na sy termyn van 'n jaar as burgemeester gaan uittree, word hy op 13 Augustus 1891 vir die amp herbenoem. Daar was wel 'n ander benoemde, Johan Mocke, wat die benoeming egter van die hand wys nadat raadslid Thomas O'Reilly daarop gewys het dat die werk wat verrig word kontinuïteit vereis en dat dit die algemene wens van die belastingbetalers is dat Graaff moet voortgaan. Mocke, wat Graaff 'n jaar later as burgemeester sou opvolg, stem saam dat dit 'n jammerte sou wees om die goeie werk te staak waarmee Graaff begin het.[62] Graaff word gevolglik eenparig en met akklamasie herkies.

Op hierdie vergadering ontvang die burgemeester en stadsraad 'n uitnodiging van die Anglikaanse Kerk om die daaropvolgende Sondagoggend die erediens in die St George-katedraal by te woon. Op voorstel van raadslede Stigant en Wessels word die uitnodiging met dank aanvaar. Hulle voeg by dat, as die NG Kerk hulle uitnooi, hulle die aanddiens

---

[58] *The Cape Times*, 10 Augustus 1891
[59] Suid-Afrikaanse Nasionale Argief (SANA), Kaapstad. Combrinck se testament CA/ MOOC 13/1/614.
[60] *The Owl*, 1 Mei 1897.
[61] *Die Burger*, 27 Oktober 1973.
[62] *The Cape Times*, 14 Augustus 1891.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

(klaarblyklik in die Groote Kerk) sou wil bywoon. Hul voorstel word eenparig aanvaar[63] – 'n aanduiding van verbeterde verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in Kaapstad in daardie stadium, nadat die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal 'n mate van verwydering gebring het. Burgemeester-Sondag sou lank 'n instelling in Kaapstad bly.

Graaff word in hierdie tyd ook die bevelvoerder van die Cape Garrison Artillery Regiment, waar hy as vrywilliger aangesluit het. Hy word erekolonel van die regiment, waar hy later in dieselfde hoedanigheid deur sy seun De Villiers opgevolg sou word.[64]

Die volle verwesenliking van Graaff se belangrikste bydraes tot die stad, veral kragverskaffing en effektiewer bestuur van geldsake, lê in hierdie stadium egter nog 'n rukkie verder vorentoe.

Terselfdertyd ontstaan 'n sterk beweging dat hy hom as parlementslid beskikbaar moet stel. Een versoek kom van 94 Maleiers, almal belastingbetalers van die middestad en die Bo-Kaap – dus nog 'n aanduiding van sy aansien onder alle sektore van die veelrassige Kaapse gemeenskap. Hul versoekskrif, onderteken deur almal, lui onder meer:

> "… a widespread desire has been expressed that no time should be lost in requesting you, even in these early hours of your grief, to allow yourself to be nominated for the vacant seat.Your eminent business tact, the unprecedented record of your first year as Mayor, the ability you have displayed in conducting the affairs of the Metropolis, the influence you carry in high quarters, which will be used for the good of the people, and the thorough knowledge you possess of the Country and its people, all point to you as the man most fitted to carry on the good work of your late Uncle and further the interests of South Africa."[65]

Die steun vir Graaff uit die Maleier-gemeenskap van die Kaap is besonder betekenisvol, aangesien Maleiers tydens die pokke-epidemie van 1882 in opstand teen die munisipale owerhede gekom het.[66] Die epidemie woed so erg dat begraafplase binne die munisipale grense gesluit word. Moslems verset hulle hierteen, en 'n Maleier-versetbeweging word gelei deur Abdol Burns, wat ook as die "Mahdi van Kaapstad" bekend staan.[67]

Die welslae wat Graaff as burgemeester behaal, besorg hom klaarblyklik soveel steun dat hy nie veel moeite sou ondervind om tot die Kaapse Parlement verkies te word nie. Sy voorneme om as parlementslid te staan word verwelkom deur *The Lantern*, wat sy verkiesing as 'n formaliteit beskou: "…the Cape District could get no better and more enlightened representative within the solemn chamber of the Legislative Council…"[68]

'n Paar maande daarna het *The Lantern* egter 'n appeltjie te skil met Graaff:

> "What is a man without his clothes, or a Mayor without his robes? Thomas Carlyle has declared that a man and a flunkey should always be correctly and distinctly apparelled, and why should not Mayor Graaff of Capetown? True, Mayor Graaff sports the ermine he has no more right to than Jones's coachman has to the cockade and royal scarlet, but, then, he pays his money and takes his choice. Yes, we have a crow to pluck with the Mayor, and this is how we do it. It was we who went and got him photographed in his brand new official robes, to be resplendently and eternally advertised in these everlasting pages, and then he meanly goes behind our backs and gives our idea (and his photo) to that miserable *Argus* he is an unfortunate and helpless shareholder in. Mayor Graaff must therefore go to the wall

---

[63] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 13 Augustus 1891.
[64] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 10.
[65] Graaff-versameling, De Grendel. Ongedateerde versoekskrif in besit van die Graaff-familie.
[66] A. Davids, "The revolt of the Malays" in Studies in the History of Cape Town, vol 5, pp. 69-73.
[67] R. Shell, "Rites and Rebellion: Islamic Conversion at the Cape, 1808-1915" in *Studies in the History of Cape Town*, vol 5, p. 35. Burns lewer onder meer getuienis voor 'n gekose komitee van die Kaapse Parlement.
[68] *The Lantern*, 4 Julie 1891, p. 7.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> this issue, for, after that, we will neither advertise him, nor his moustachios, nor his beef, nor his ox, nor his ass, nor anything that is his."[69]

Ondanks hierdie ligte skrobbering van 'n blad wat hom intensief met munisipale sake bemoei, bly die openbare aandrang sterk dat hy parlementslid moet word.

'n Maand nadat hy as burgemeester herkies is, word Graaff op 14 September 1891 onbestrede tot lid van die Westerse Sirkel van die Wetgewende Raad verkies.

'n Nuusbrokkie in 'n plaaslike koerant meld dat hy geen uitgawes vir 'n verkiesingsveldtog aangegaan het nie. Vanweë die toevallige sameloop van omstandighede (fortuitious concatenation of circumstances) wat hom in staat stel om as 'n jong man lid van die hoërhuis te word, is hy van plan om 'n bedrag gelyk aan dié wat hy aan 'n veldtog sou bestee het, onder liefdadighede van Kaapstad uit te deel.[70]

Graaff, wat eers 'n paar maande later as lid ingesweer word, vul dus in die hoërhuis van die Kaapse Parlement die vakature wat deur die heengaan van Combrinck gelaat is. Sy verantwoordelikhede neem gevolglik toe in sy tweede jaar as burgemeester, 'n selfs bedrywiger termyn as die eerste. Tog doen die bykomende pligte geen afbreuk aan die toegespitste aandag wat hy aan modernisering en verbeterings in Kaapstad bestee nie.

Een van die vernuwings in Kaapstad waarvoor Graaff heelwat krediet sou kry, is die verskaffing van elektrisiteit, wat gaslampe vervang. Dit word moontlik gemaak deur groter waterkrag, waarna hy reeds aan die einde van sy eerste termyn in sy burgemeestersverslag verwys het: "With the water power now available, electric light should be possible and this will prove a boom and large returns from places of business and residences."[71]

Die idee dat die stad elektriese krag moet kry, was nie Graaff s'n alleen nie; ander stadsraadslede pleit ook vroeër daarvoor. 'n Begin hiermee is reeds gemaak toe die Anglo-African Light Company in 1883 krag aan die spoorweë verskaf het vir 22 ligte in die dokke en 6 by die stasie. Die Kaapse Parlement word 'n ruk daarna met boogligte verlig. Maar elkeen wek sy eie krag op; vir die meeste Kaapse verbruikers was daar geen gesentraliseerde kragverskaffer nie.[72] Graaff se dryfkrag om so 'n kragverskaffer op die been te kry en gaslampe deur elektriese ligte te vervang, blyk deurslaggewend te wees in die dekade nadat die Amerikaanse uitvinder Thomas Edison die elektriese gloeilamp teen 1879 ontwikkel het.

Druk dat Kaapstad in sy geheel behoorlike elektriese beligting moet kry, neem toe kort na die aanvang van Graaff se tweede termyn as burgemeester. In *The Lantern* verskyn 'n artikel waarin die rooftogte en aanrandings snags op die Parade beskryf word. Die artikel stel die vraag of dit toe te skryf is aan "laziness, inertness or stupidity that is responsible for not properly lighting the city?" Die skrywer raai Graaff aan om sy lendene te omgord en behoorlike verligting vir die stad te verskaf.[73] In 'n hoofartikel in dieselfde blad, wat kort tevore gebelg was dat Graaff 'n foto van hom in sy burgemeesterstoga aan *The Cape Argus* gegee het, word die burgemeester lof toegeswaai vir wat hy op 32-jarige leeftyd vir die stad verrig het:

> "He is the most valuable kind of man – a self-made man. But Mr. Graaff's value to his fellow-citizens is not so much as an enterprising business man, as because the work he has done for Capetown in his municipal capacity. That Mayor Graaff is responsible for the improvements which are on the way, everybody must admit.

---

[69] *The Lantern*, 5 September 1891, p. 7.
[70] *The Lantern*, 31 Oktober 1891, p. 4.
[71] Argief, Kaapse stadsraad. D.P. Graaff, burgemeestersverslag (1890-'91).
[72] J. Carruthers: "G.H. Swingler and the Supply of Electricity to Cape Town" in Studies in the History of Cape Town, vol 5, pp. 209-210.
[73] *The Lantern*, 7 November 1891.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> When Capetown is but a few years older, and our visitors more frequent, it will be the Mayor the people will thank for the care taken in the devising of plans for their health and comfort. In those days, not so far away, we shall have a floating bath out in the bay, a theatre worthy of the artists we shall receive, an hotel fit to receive a distinguished visitor in, a sea-wall promenade which will be a place worthy the attendance of our wives, our daughters and their friends, and streets which are well paved and cleaned."

Graaff word deur *The Lantern* aangeraai om fyn op te let wat gebeur in stede in Amerika, wat hy binnekort sou besoek:

> "In the first place, it is absolutely essential for him to look into the workings of the electric light system in such towns as New York (particularly in Madison Square), Chicago and San Francisco. We have little doubt that he will return, convinced of the necessity, economically and *morally,* of doing away with gas and substituting electricity."[74]

Voor sy reis na die buiteland lê Graaff op 14 November 1891 die hoeksteen van die nuwe operagebou wat op die Parade opgerig staan te word. Die gebou met sitplek vir 1 500 mense word op die hoek van Darling- en Parlementstraat gebou teen 'n koste van £40 000 veral danksy die steun van Graaff en die nyweraar Anders Ohlsson, wat saam in die direksie van die Grand Parade Buildings Company dien.[75]

Graaff vaar op 18 November 1891 aan boord van die posboot Hawarden Castle na Engeland, vergesel van sy suster, Hannie, en ander familielede. Byna al sy kollegas in die stadsraad sowel as munisipale amptenare kom groet hom.[76] Die lang oorsese reis, wat hy as gedeeltelik plesier en ontspanning en gedeeltelik werk beskou, duur byna ses maande. Hy vertrek na sy besoek aan Engeland na die Vasteland, en hy doen ook die Verenigde State aan. Hy raak vertroud met allerlei stedelike innovasies, waaronder die voordele van elektrisiteit, wat hom veral in Berlyn imponeer.

Op die koop toe word hy op sy besoek deur verskeie hooggeplaastes, onder wie burgemeesters en voorsitters van kamers van koophandel, ontvang vandat sy geselskap in Plymouth se hawe voet aan wal sit. Op die stasie wag 'n salonwa wat spesiaal deur Great Western Railways gestuur is om sy geselskap per trein na Londen te vervoer.

In Londen voer die blad *South Africa* in Desember 'n onderhoud in die Savoy Hotel met Graaff , wat beskryf word as "young, rich, handsome – and popular with the ladies, who made him a presentation some few weeks back". In die onderhoud sit Graaff sy planne uiteen vir lenings wat vir Kaapstad verkry is. Dit sluit in 'n nuwe reservoir, elektriese ligte vir die strate, 'n see-promenade, nuwe strate na die seefront, 'n vismark, 'n nuwe stadsaal en nuwe plaveisel vir die strate. Die hawe word uitgebrei en die dreineringstelsel van die stad gaan verander word om die emmerstelsel uit te skakel, en grond is vir die doel by Maitland verkry. Die mense van Kaapstad "are now forging ahead very fast, determined to make Cape Town the first, and the finest, town in South Africa", vertel hy.[77]

Tydens sy verblyf in Londen, waar hy 'n strawwe program van vergaderings met verskeie mense volhou, het hy byna elke dag verkoue.[78] Dit noop hom om na die Vasteland uit te wyk. Hy laat in Londen 'n brief agter vir sy vriend D.C. de Waal, wat ook op 'n buitelandse besoek was, waarin hy oor die koue kla – "voete koud, hande koud, bene koud, die hele lyf koud!" Sy brief lui voorts: "Die koue is genoeg om 'n olifant dood te maak. En elke dag ellendiger. Saans trek

---

[74] Ibid, 7 November 1891.
[75] Die amptelike opening het op 1 September 1895 geskied, toe "Dorothy" op die openingsaand deur die Lyric Opera Company van Edgar Perkins opgevoer is.
[76] *The Cape Times*, "A Hearty Send-off", 19 November 1891.
[77] *South Africa*,"Graaff's visit", 19 Desember 1891.
[78] *The Cape Argus,* "The Mayor's Return", 2 Junie 1892.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

ek my flenniefrok en twee paar pyjamas aan en ek maak my toe met drie komberse, maar ek bly koud. Die koue dring deur alles heen, en in die reël is ek nogal 'n warm mens.[79]

In Berlyn kry Graaff vroeg in die nuwe jaar 'n deftige ontvangs. Die Burgomaster van Berlyn, Herr von Josczkenberg, stel 'n sekretaris tot sy beskikking, en hy besoek die stad se instellings onder leiding van 'n ervare gids. Hy bestudeer in detail die Berlynse dreinering en die stelsel om rioolvuil weg te doen.[80]

Die keiser nooi hom een aand na die keiserlike losie in die Berlynse Opera en voer by die onthaal daarna 'n lang gesprek met hom. Keiser Wilhelm II, wat Engels vlot kon praat, wil onder meer weet wat Graaff dink van die menings van lord Randolph Churchill, wat neerhalend oor die "Dutch" van Suid-Afrika geskryf het.[81] Graaff antwoord diplomaties, maar die keiser was minder diplomaties, volgens berigte. Een berig lui:

> "Then the Kaiser, with characteristic bluntness, said that although he had never spoken to Lord Randolph he had once seen him from a distance. What he had been able to learn of the noble lord had not given him an exalted idea of his lordship as a public man. He had perused some of the letters which Lord Randolph had written from the Cape, but had not been able to make much out of them. He preferred, indeed, the description of South Africa which can be found in some of Mr. Rider Haggard's novels. And the Mayor smiled."

Die keiser verbaas Graaff met sy kennis van Afrika en sy belangstelling in die kontinent. Hy vra die Suid-Afrikaner uit: "Watter soort burgers is die Duitsers van die Kaapkolonie?" "The very best we could wish for, Sire," antwoord Graaff, waarop die keiser opmerk: "That comes from the military training they receive in their homeland." Ter afsluiting groet hy: "Do not forget to give my greetings to the Germans in Cape Town, and tell them I am glad to hear of their loyalty and prosperity."[82]

In Duitsland oorreed Graaff die firma Siemens & Halske om op hul koste 'n elektriese ingenieur na Kaapstad te stuur om 'n skema vir elektriese ligte aan die stadsraad voor te lê. Dieselfde gebeur in Londen met die firma Crompton & Co Ltd.[83] Daardeur bespaar Graaff die stadsraad 'n aansienlike bedrag wat aan deskundige advies bestee sou gewees het.

Graaff keer terug na Engeland, waar hy weer eens deur verskeie hooggeplaastes onthaal word, voordat hy vir vakansie na die Riviera vertrek. Daarna besoek hy Nederland. Die koningin-regentes Emma, die weduwee van koning Willem III wat waarneem totdat haar twaalfjarige dogter koningin Wilhelmina die Nederlandse troon kan bestyg, staan 'n oudiënsie aan hom toe. Sy toon groot belangstelling in Suid-Afrika. Daar moet altyd 'n band van simpatie tussen die mense van Nederland en die koloniste van Nederlandse afkoms aan die Kaap wees, sê sy aan Graaff, wat 'n kopie van 'n portret van Jan van Riebeeck wat in die stadhuis in Kaapstad hang met hom saamgebring het. Hy wou vasstel of dit 'n ware gelykenis was.[84]

Graaff bring in Nederland ook 'n besoek aan Friesland, waar hy Fries-stoetbeeste koop wat per skip na sy plaas De Grendel vervoer word. Die stoetbul met die naam Pieter wat hy van S.J. van der Werff van Leeuwarden verkry, word as 'n besondere spesie beskou: "It was admitted on every hand there was not his compeer in the whole of Friesland, and the Frieslanders say nothing finer was ever exported…"[85]

---

[79] J.H.H. de Waal., *Die lewe van David Christiaan de Waal,* p. 174.
[80] *The Times*, Londen, 18 Januarie 1892.
[81] Churchill, die vader van sir Winston Churchill, het Suid-Afrika in 1891 besoek en gerugmakende koerantartikels na Londen teruggestuur. Op Matjiesfontein is hy onthou as die edelman wat 'n jaghond geleen en dit nie teruggegee het nie.
[82] *Pall Mall Gazette*, 27 Januarie 1892. Die romansier H. Rider Haggard is die skrywer van onder meer *King Solomon's Mines*.
[83] Argief, Kaapse stadsraad. D.P. Graaff, burgemeestersverslag (1891-'92).
[84] *The Cape Argus,* 2 Junie 1892.
[85] *The Cape Times,* 7 Junie 1892

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff keer terug na Engeland voordat hy na Amerika vertrek. In sommige publikasies word vermeld dat hy aan koningin Victoria voorgestel is.[86] Dit is nie heeltemal korrek nie. Hy is wel op 12 Mei 1892 aan die Hof van St. James voorgestel by 'n hereresepsie (levée) wat in opdrag van die koningin namens haar deur die Hertog van Connaught en Strathearne waargeneem is.[87]

Op sy besoek van vyf weke aan die Verenigde State maak die 32-jarige Graaff in Washington 'n sterk indruk op die *Washington Post*, wat in 'n verslag oor sy besoek skryf: "He is a man of commanding appearance and elegant address. His face is covered by a full brown beard, long military moustache, high and intellectual forehead, and penetrating eyes. Mr. Graaff is the youngest councillor who has yet filled the Mayoral chair of Cape Town… He is young, rich, handsome, and popular."[88]

Middel Mei 1892 keer Graaff terug na Kaapstad. Sy vriend D.C. de Waal sluit hom op die terugreis aan boord van die Tartar by Graaff en sy suster Hannie aan. 'n Halfdosyn stadsraadslede wag die Tartar in toe Graaff en sy geselskap op 2 Junie in die Tafelbaaise hawe aan wal stap.[89] Hy is net betyds vir die parlementsopening die volgende dag deur die goewerneur-generaal, sir Henry Loch, waar hy as lid van die Wetgewende Raad ingesweer word.

Naas sy munisipale verantwoordelikhede rus parlementêre verpligtinge dus op Graaff se skouers in die tweede jaar van sy ampstermyn as burgemeester, wat bowenal 'n finansiële sukses word. Die geldsakekomitee rapporteer in hierdie tyd dat gunstige geleenthede ontstaan het vir die heruitskrywing van die munisipale lening sodat 'n dreineringstelsel in werking gestel kan word. Terselfdertyd kan laer rentekoerse as die bestaande 5% vir die munisipale skuld beding word. Graaff is geesdriftig hieroor. Hy som dit op:

> "… the works could be done without increasing the present rate of taxation, while the sinking fund would eliminate the whole indebtedness of the city, including the present debts and costs of all new works in 57 years."[90]

Hy bepleit in die loop van die jaar ander bronne van waterverskaffing as die Molteno-reservoir. Hy stel ook voor dat die tender van die Duitse firma Siemens & Halske aanvaar word vir 'n kraginstallasie wat deur waterkrag aangedryf word. Daar word ook besluit dat genoegsame stoomkrag voorsien moet word om deurlopend krag te verskaf in geval van tydelike onderbrekings van die waterbron.[91]

Op 4 Augustus 1892 lewer Graaff sy tweede en laaste burgemeestersverslag. Hy spreek sy tevredenheid uit dat sy eerste "fondamentsteen" – 'n uitstekende dreineringstelsel – nou in werking gestel word. Die stadsraad het die plan van die ingenieur Clement Dunscombe aanvaar en werk sou binnekort begin. Rioolvuil gaan voortaan van die monding van die Soutrivier na 'n pompstasie naby Soutrivier se stasie en van daar na die plaas Outspan langs die pad na Malmesbury gepomp word.

Graaff rapporteer dat besluit is om 'n geheel nuwe paaieprogram te begin, "because the present method is an absolute failure". Die hoofstrate lyk soos vuil skaakstelle. Volgens 'n memorandum van die stadsingenieur wat by die burgemeestersverslag gevoeg is, sal hierdie chaotiese toestand nou beëindig word. Tegniese verslae toon dat die uitleg en oppervlak van die vernaamste deurpaaie en sekondêre strate verbeter gaan word.

---

[86] In *Men of the Times* word genoem dat hy in 1892 aan die hof van St. James voorgestel is, en in *Ice Cold in Africa* en *Div looks back* dat hy koningin Victoria ontmoet het. Graaff het wel Victoria se opvolger, koning Eduard VII, ontmoet.
[87] *The Times* Court Circular, 13 Mei 1892.
[88] "An American Interview", aangehaal in *The Cape Argus*, 6 Mei 1892.
[89] *The Cape Argus*, "The Mayor's Return", 2 Junie 1892.
[90] Argief, Kaapse stadsraad. D.P. Graaff, burgemeestersverslag (1891-'92).
[91] Argief, Kaapse stadsraad. J. Mocke, burgemeestersverslag (1892-'93).

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff spreek voorts sy tevredenheid uit dat een van die stad se oudste en grootste attraksies, die Kompanjiestuin, op 1 Januarie 1892 deur die stadsraad van die koloniale owerheid oorgeneem is.

Hy spreek lof uit vir die stad se polisiemag, waaroor die polisiehoof, Mcleod B. Robinson, vir die eerste keer aan die stadsraad verslag doen.[92] Met slegs 85 konstabels moet die polisiemag nogtans as onvoldoende beskou word as in gedagte gehou word dat Kaapstad in daardie tyd met heelwat meer as 50 000 inwoners spog. Die stad, met sy meer as dertig bordele, ervaar die plaag van alle hawestede, en inderdaad word bereken dat daar twee prostitute vir elke konstabel is.[93]

Waterverskaffing word verbeter, en dit is 'n voorvereiste vir elektrifisering van die straatligte. Hoewel besteding van £20 000 'n paar jaar tevore wenkbroue sou laat lig het, word nou 'n bedrag van £225 000 begroot vir openbare werke: elektriese beligting £60 000, waterwerke £50 000, stadsaal en kantore £50 000 en straatplaveisel £20 000. Graaff raam die totale besteding op £450 000, 'n bedrag wat moontlik gemaak is deurdat die Crown Property Rating Bill aanvaar is nadat dit in die Kaapse Parlement deur die premier, Cecil John Rhodes, ingedien is.[94]

Na afloop van die burgemeestersverslag neem die stadsraad eenparig en met akklamasie 'n mosie aan waarin die raad sy hoë waardering boekstaaf vir die dienste wat Graaff gelewer het "… in securing the augmentation of the City Revenue, inaugurating a comprehensive and able scheme of public works, thus laying the foundation of increased comfort to the Citizens; and of the energy and impartiality with which he has discharged the duties of his high office". 'n Geraamde huldeblyk word die volgende jaar op 'n stadsraadsvergadering aan hom oorhandig.[95]

Ook *The Cape Argus* lewer vleiende kommentaar op Graaff se dienstyd, wat die koerant as "briljante burgemeesterskap" (a brilliant mayoralty) bestempel. "In more than one respect we have entered upon new methods of conducting municipal business. It was an excellent thing for the town that the Mayor should travel, at his own costs and charges, and utilise his journey as he did for the inspection of what is being done in other cities."[96]

Graaff se termyn as burgemeester was die mees progressiewe en innoverende tot op daardie tydstip in die geskiedenis van die stad. Burgertrots, die begeerte om die stad ten bate van sy inwoners as 'n toonaangewende baken aan die suidpunt van Afrika uit te bou, was sekerlik sy grootste motivering, eerder as kleinlike eiebelang. Dit word onder meer gestaaf deur die oorsese reise wat hy op eie koste onderneem het, en waaruit die stad en sy inwoners voordeel getrek het. Die vernuwing en verbeterings waarmee hy in sy termyn begin het, en wat voortgesit is terwyl hy 'n gewone stadsraadslid gebly het, was in die eerste plaas gegrond op 'n gesonde finansiële beleid. Daardeur is die steun van die kiesers en verbeterde dienslewering verseker. Sy dienstermyn kan ongetwyfeld as uitnemende voorbeeld op munisipale vlak dien in die "nuwe Suid-Afrika", waar korrupsie, baantjies vir boeties, tender-ongerymdhede, burokratiese onbevoegdheid, geldvermorsing en hebsug vroeg in die 21ste eeu hoogty gevier het.

Toe Graaff in 1892 as burgemeester uittree, word hy deur Johan Mocke opgevolg. Dit beteken dat drie Bondsmanne – Graaff, sy voorganger, D.C. de Waal, en sy opvolger, Mocke – agtereenvolgens burgemeester van Kaapstad was.[97]

---

[92] Argief, Kaapse stadsraad. D.P. Graaff, burgemeestersverslag, 4 Augustus 1892.
[93] H.W.J. Picard, *Grand Parade,* p. 93.
[94] Argief, Kaapse stadsraad. D.P. Graaff, burgemeestersverslag, 4 Augustus 1892.
[95] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 16 Maart 1893.
[96] *The Cape Argus,* "The Mayor's Minute", 4 Augustus 1892.
[97] J.H.H. de Waal, *Die Lewe van David Christiaan de Waal,* p. 134. Die biograaf voeg by: "Maar rassehaat was destyds nie so erg op die voorgrond nie."

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die kragverskaffingsprojek word ná Graaff se burgemeesterstermyn verder gevoer. Die eerste kabels vir elektrifisering word in Januarie 1894 gelê en Siemens & Halske voltooi die werk binne vyftien maande.[98] Toe die netwerk in Kaapstad oplaas in 1895 voltooi word, word dit as 'n triomf vir Graaff beskou. Op voorstel van die raadskomitee vir openbare werke word die stad se eerste kragsentrale na hom genoem. Ook word voorgestel dat 'n gedenkplaat ter ere van Graaff op die gebou aangebring word, aangesien dit grootliks deur sy toedoen is dat die stad elektriese ligte verkry het.[99] Die skrywer Lawrence Green wys daarop dat Graaff jare lank die stadsraad probeer oortuig het om die strate met elektrisiteit te verlig. Voorheen was daar gasligte, nadat die eerste gasaanleg in 1845 geopen is.[100]
Graaff's Electrical Lighting Works word op 13 April 1895 deur die burgemeester, George Smart, geopen. Volgens 'n gedenkplaat op die steeds bestaande gebou, 'n historiese gedenkwaardigheid langs die Molteno-reservoir in Oranjezicht[101], skakel die burgemeestersvrou dieselfde aand in die stadsaal op Groentemarkplein die eerste elektriese straatligte in Kaapstad aan. Altesame 775 pale is reg deur die stad en Drieankerbaai geplant vir die straatlampe wat eensklaps die stad verlig.[102]

Die nuwe kragsentrale is teen 'n koste van £75 000 opgerig. Op die openingsaand breek burgemeester Smart 'n bottel sjampanje teen een van die turbines, wat met stoom of water aangedryf word. Een van die gaste wat met lede oë toekyk is die burgemeester van "dark and distant Durban".

Daarna sit almal af na die stadsaal langs Groentemarkplein, waar die polisie en brandweermanne die skares terughou. Toe die ligte om halfagt aangeskakel word, word die plein helder verlig, 'n orkes speel "Old Hundredth" en op 'n elektriese skerm op die balkon van die stadsaal verskyn die woorde "Graaff's Electrical Lighting Works".

Burgemeester Smart spreek die opgewonde skare toe: "One street light is worth three policeman. Electricity has not come one hour earlier than necessary. It will bring about a very great improvement in the moral atmosphere of the city and afford protection to property. Our works are equal to any in the world." Sy siening word deur *The Cape Argus* onderstreep: "Cape Town is ahead of many towns in Britain in adopting this mysterious force, the electric fluid."[103]

Smart sê dat nóg Graaff nóg die stadsraad daarop aanspraak maak dat Graaff die eerste met die idee vorendag gekom het. Ander, onder wie raadslede Thomas O'Reilly en John Woodhead (na wie die Woodhead-reservoir op Tafelberg genoem is), het dit bepleit, maar nadat die stadsraad dit aanvaar het, beywer Graaff hom met hart en siel om dit uit te voer.

Die werk het, wat ingenieurskoste betref, die stadsraad niks gekos nie, aangesien Graaff die koste self gedra het.[104] Dit is wat hy ware patriotisme noem, verklaar Smart.

Graaff kom onder luide applous aan die woord en sê dat hy dink Smart oorskat die werk wat hy rakende elektriese ligte gedoen het. Sonder die bystand van die baie raadslede wat hom gesteun het, sou elektriese ligte in Kaapstad nie tot stand gekom het nie. Voorts het hy net sy burgerlike plig verrig en dit het hom groot plesier gegee.[105]

---

[98] H.W J. Picard, *Grand Parade*, p. 95.
[99] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van Kaapse stadsraad, 28 Maart 1895.
[100] *The Cape Argus*, 15 Julie 1953. L. Green, "Power cuts remind us of modern electrical comforts."
[101] Die gebou staan steeds langs die dam, maar 'n lang skoorsteen is in 1921 afgebreek.
[102] H.W.J. Picard, *Grand Parade*, p. 97.
[103] *The Cape Argus*, 15 Julie 1953. Aangehaal deur Lawrence Green.
[104] *The Cape Argus*, 22 Februarie 1995. Graaff het £60 000 beskikbaar gestel, volgens 'hierdie berig.
[105] Argief, Kaapse stadsraad. G. Smart, burgemeestersverslag, 1895-'96.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Parlementslid en Rhodes

Toe Graaff op 2 Junie 1892 as lid van hoërhuis van die Kaapse Parlement, die Wetgewende Raad, ingesweer word, beklee Cecil John Rhodes die pos van eerste minister. Rhodes, die imperiale kolos wat die bewind in Julie 1890 na die val van die Sprigg-ministerie oorgeneem het, was in 'n enorme magsposisie as die rykste man in die land en in beheer van die grootste provinsie, die Kaapkolonie.

Teen hierdie tyd is die Kaapkolonie onder verantwoordelike regering, 'n vorm van selfbestuur wat in 1872 van krag geword het, nadat verteenwoordigende regering sedert 1853 gegeld het. Hoewel enkele belangrike wysigings aangebring is, bly die grondwet van 1853 die een wat tot 1910 in die Kaapkolonie geld, gekenmerk deur parlementêre regering met ministeriële verantwoordelikheid.

Die jaar 1853 is inderdaad die begin van parlementêre demokrasie in die Kaapkolonie – 'n tradisie wat ook ongeveer uit daardie tydperk strek in die drie ander provinsies van die latere Unie van Suid-Afrika, naamlik Natal, Transvaal en die Vrystaat. Al drie word 'n slag onder republikeinse regeringsvorms geregeer: Natalia, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat.

Die twee opmerklikste kenmerke van die Kaapse Parlement, wat hom met aansienlik meer sake as die bloot plaaslik-koloniale bedrywighede bemoei het, is 'n verkose hoërhuis en kleurblinde stemreg.[1] Lidmaatskap van die twee huise van die Kaapse Parlement is geensins deur 'n kleurslagboom soos onder apartheid beperk nie. Stemreg vir die Wetgewende Raad sowel as die Wetgewende Vergadering was eweneens algemeen: alle meerjarige Britse burgers in die Kaapkolonie was stemgeregtig, mits hulle hul naam, adres en beroep kon skryf, 'n gebou ter waarde van minstens £75 bewoon of 'n loon van £50 per jaar verdien. In die praktyk is die stemregkwalifikasies egter op so 'n wyse toegepas dat die kandidatuur van bruin- en swartmense vir alle praktiese doeleindes uitgesluit is, en tot 1910 is geen bruin of swart persoon tot lid van die Kaapse Parlement verkies nie.[2]

Die Wetgewende Raad bestaan uit 21 verkose lede, vir sewe jaar verkies, drie elk vir die sewe sirkels waarin die kolonie verdeel is. Lede moes stemgeregtigde burgers en minstens dertig jaar oud wees, en onbeswaarde eiendom ter waarde van minstens £2 000 of vaste en/of roerende eiendom van minstens £4 000 besit.

Ondanks die Britse owerheid se verengelsingsbeleid was Engels nie meer die enigste amptelike taal in die Kaapse Parlement nie. Hofmeyr slaag in 1882 daarin om Hollands as tweede amptelike taal in die parlement erken te kry. Daarvoor kry hy onder andere die steun van Rhodes, wat hom aktief vir ondersteuning van die Afrikanerbond beywer om sy doel en ideaal, die verbreiding van die Britse ryk oor die hele Afrika, te bereik. Rhodes, wat 'n hegte vriendskap met Hofmeyr en ander Afrikaners opgebou het, het in daardie tyd aangevoer dat hy, soos Hofmeyr, die uitskakeling van die ryksfaktor in Suid-Afrika begeer. Hy het ook sy diamantreus, De Beers, in Kaapstad geregistreer. Daarom is hy deur sommige as 'n Kaaps-koloniale eerder as 'n Britse imperialis beskou.

Soos Hofmeyr en ander lede van die Afrikanerbond werk Graaff aanvanklik goed saam met Rhodes. Toe Rhodes premier word, neem hy in sy ministerie al die bevoegde manne in die

---

[1] J L. McCracken, *The Cape Parliament, 1854-1910,* p. 137. Hy wys uit dat die Kaapse Parlement dikwels aandag moes gee aan sake wat wyer strek as die vier gewone komplikasies ("slegte brandewyn, goedkoop brood, brandsiekte en spoorweg-mededinging"). Dit behels betrekkinge met die noordelike repup.ieke, anneksasie van aangrensende gebiede, oorlog en sy gevolge en die steeds teenwoordige prop.eem van gekleurdes binne en oorkant die grense.

[2] L. Thompson, *The Unification of South Africa,* pp. 109-110.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

parlement op, met die uitsondering van Gordon Sprigg, wat pas tot 'n val gekom het, en Hofmeyr, wat vanaf 1881 konsekwent weier om 'n kabinetsportefeulje te aanvaar. Hofmeyr word beskou as die mag agter die troon, 'n rol wat hom in die politiek die bynaam van "Die Mol" besorg.[3] Van opposisie was daar in daardie stadium weinig sprake, aangesien die Afrikanerbond so 'n omvattende beweging geword het wat ten bate van alle koloniste optree dat geen ander party gevorm kon word wat fundamenteel van die Bond verskil nie.[4]

Rhodes benodig die steun van die Afrikanerbond vir sy noordelike uitbreidingsplanne, na die Zambezi en verder. Op dieselfde dag, 29 Oktober 1889, dat hy 'n koninklike oktrooi vir die stigting van die British South Africa Company ontvang, onderteken hy 'n ooreenkoms met die Kaapse regering vir die konstruksie van 'n spoorlyn van Kimberley na Vryburg.[5] Die spoorlyn, 'n voorvereiste vir die stigting van die BSA (die Charter Company), stel hom in staat om deur Betsjoeanaland die Zambezi te bereik. Daardeur word die Transvaalse republiek omseil, waar agterdog teenoor die Kaapkolonie en onwilligheid om vryer handel en gunstiger spoortariewe te bevorder, regstreeks teen die belange van Kaapse boere ingewerk het.

Die stigting van die Charter Company beteken dat Rhodes enorme magte bekom om die minerale-rykdom van Rhodesië te ontgin, 'n proses wat in 1888 begin het met die ondertekening van die Rudd-konsessie deur opperhoof Lobengula van Matebeland. Rhodes se versekering teenoor verskeie lede van die Afrikanerbond, dat hy met sy ekspansionistiese beleid Rhodesië ten bate van die Afrikaners wil ontgin, het tot gevolg dat die Bond op sy kongres in Maart 1890 'n resolusie ten gunste van die Charter Company eenparig aanneem.[6]

Rhodes deel na die stigting van die British South Africa Company aandele in die nuwe maatskappy uit, onder andere aan enkele lede van die Afrikanerbond, hoewel verreweg die meeste aandele aan kleiner Engelse aandeelhouers van Kimberley en in die buiteland gaan, meesal nie meer as 'n paar honderd teen pari nie. In 'n brief van die maatskappy-sekretaris, F. Rutherfoord Harris, oor Suid-Afrikaanse aandeelhouers, blyk dat daar twee toekennings van die 69 434 opbetaalde aandele teen drie sjielings elk was. Graaff ontvang een toekenning, 750 aandele teen pari. Hofmeyr se broer Tielman Johannes Roos Hofmeyr kry twee toekennings, 1 000 + 2 000, en sy swaer David C. de Waal 1 500 + 1 000. Rhodes self is met 10 000 aandele aanvanklik die grootste aandeelhouer, maar met 'n tweede toekenning kry sy vennoot Frank Johnson 8 000 aandele by sy vorige 4 000.[7]

Klaarblyklik probeer Rhodes met beginsellose begunstiging om steun vir sy intriges te werf. Tog bied dit nie genoegsame bewys dat dit in daardie stadium deurslaggewend in die Bond se steun vir hom was nie; daar was dieper beweegredes. Smuts verwys agterna ook daarna dat die vernaamste rede vir die Bond se steun was dat Rhodes sake "haaks gemaak het" (squaring):

> "To say that this was the result of indirect bribery and corruption is ludicrously unjust. Some Dutch members of parliament and some people may have materially benefited from Rhodes's friendship; but a people cannot be bribed in the vulgar sense."[8]

Hofmeyr se *rapprochement* met Rhodes, wat geleidelik ontwikkel het, berus grotendeels op persoonlike vriendskap en die persepsie van 'n gemeenskaplike uitkyk en belange. In sy geval was stoflike voordeel eerder die smeermiddel as die enjin.[9]

---

[3] Die bynaam is deur John X. Merriman gebruik.
[4] M.A.S. Grundlingh, *The Parliament of the Cape of Good Hope,* p. 231.
[5] M. Tamarkin, *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners,* p. 116.
[6] *De Zuid-Afrikaan*, 22 Maart 1890.
[7] Rhodes House Argief, Oxford Universiteit. Harris se brief, MSS.Afr.s.228, C3A/90, "Second List of Allotments in South Africa, Dec 8th 1890.". Altesame 68 000 volopbetaalde aandele is teen die nominale waarde (pari) uitgereik; Rhodes het 69 434 toegeken.
[8] W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. I, p. 173.
[9] M. Tamarkin, *Cecil John Rhodes and the Cape Afrikaners,* pp. 119-123.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hofmeyr was wel die belangrikste figuur in die binnekring van Rhodes se vriende in die Bond. 'n Ander vriend was D.C. de Waal, wat Rhodes op sy reise na die noorde vergesel het. Graaff was goed bevriend met al hierdie toonaangewende figure in die Kaapse politiek. Rhodes was die eregas by 'n dinee wat De Waal vir hom aanbied die aand voordat hy op 14 Januarie 1891 na Brittanje vertrek. Onder die ander gaste by De Waal se "lekker Kaapse dis" in sy woning op Bellevue, sy wyn-en-vrugteplaas aan die bo-ent van Kloofstraat in Kaapstad, tel 'n aantal Bond-lede, onder wie Graaff, sy "oud-oom" Combrinck, Onze Jan Hofmeyr, sy broer Tielman en James Sivewright. De Waal se biograaf beskryf dit as 'n "reg broederlike geselskap".[10]

Graaff spits hom in die begin van sy parlementêre loopbaan veral op munisipale sake, spoorwegkwessies en boerderybelange toe. By tye onthul dit die paradoks tussen Graaff die verstedelikte sakeman en Graaff die boer met die landelike agtergrond.

In een van sy eerste parlementêre toesprake dien hy op 26 Augustus 1892 'n mosie in dat die strengste moontlike kwarantynmaatreëls teen die snelle verspreiding van cholera getref word. Hy wys daarop dat die dodelike epidemie van St. Petersburg na Hamburg versprei het. Daar is voortdurend stoomskepe wat van Hamburg na Suid-Afrika vaar, en 'n ander gevaarplek is Mekka, waarvandaan pelgrims na Suid-Afrika terugkeer. Hy lees korrespondensie aan hom voor van dr. Lawrence Herman, wat later in sy loopbaan 'n belangrike rol sou speel, en stel voor dat 'n mediese beampte onmiddellik aan boord van elke skip gaan wat Suid-Afrikaanse hawens aandoen, asook dat die Kaapse regering met Natal oor samewerking onderhandel. Die mosie word aangeneem.[11]

Die volgende dag behartig Graaff, steeds 'n stadsraadslid van Kaapstad, in die Wetgewende Raad 'n verslag van 'n gekose komitee oor 'n dreineringstelsel vir Kaapstad en Woodstock. Dit is die stelsel wat Graaff op munisipale vlak bevorder het. Die Cape Town Municipal Bill word sonder wysiging aangeneem.[12] As gevolg van die goedkeuring van hierdie wetsontwerp word die Dunscombe-skema om van die stadsriool ontslae te raak 'n paar jaar daarna in Kaapstad in werking gestel.[13]

Graaff se parlementêre bydrae oor gesondheidsake sluit aan by die stappe wat hy op munisipale vlak in Kaapstad gedoen het. As burgemeester stel hy die vorige jaar 'n sanitêre komitee aan, 'n saak wat hy as so dringend beskou dat hy dit op sy eie doen, sonder om die stadsraad te raadpleeg. Dit word as waarskynlik sy mees betekenisvolle bydrae tot die verbeterde sanitasie van Kaapstad beskou.[14] Mediese beamptes word op permanente grondslag aangestel. Hul taak is om die stad te monitor, dringend teen siektes op te tree en die stadsraad van die uitbreek van aansteeklike siektes in te lig, asook om gebrekkige sanitasie aan te meld.[15] Hierbenewens word die skema vir skoon water in die stad in sy termyn as burgemeester verwesenlik, hoewel die eerste konstruktiewe stappe om beter sanitasie vir die stad te verseker reeds na die pokke-epidemie van 1882 gedoen is.[16]

Sy betrokkenheid by die Kaapse stadsraad blyk ook uit sy toespraak in die debat oor die Liesbeek Ordinance Amendment Bill, wat voorsiening maak vir heffings op paaie van die afdelingsraad. Hy redeneer dat daar sewe munisipaliteite tussen Seepunt en Wynberg is waardeur paaie van die afdelingsraad loop, en Kaapstad en Seepunt betaal die helfte van die belasting daarop. Hy spreek hom ten gunste daarvan uit dat al die munisipaliteite op dieselfde

---

[10] ***J.H.H. de Waal, Die lewe van David Christiaan de Waal***, p. 151.
[11] *Hansard*, 26 Augustus 1892, pp. 282-283.
[12] *Hansard*, 26 Augustus 1892, pp. 285-286.
[13] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", pp. 40-41.
[14] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", pp. 41.
[15] Argief, Kaapse stadsraad. Notule van die Kaapse stadsraad, 19 April 1891 en 31 April 1891.
[16] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", p. 38.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

grondslag belasting vir die paaie betaal.[17] Daardeur bevestig hy sy verbintenis met en lojaliteit teenoor die Kaapse stadsraad.

Graaff se betrokkenheid by spoorwegsake kan saamgelees word met sy sakeonderneming, wat van die spoorweë afhanklik is vir die vervoer van vee sowel as die verskaffing van verversings en voorrade aan stasies en kantiene. Reeds in sy laaste burgemeestersverslag verwys hy na die belang van spoorwegvervoer:

> "The Government has been forging the States of South Africa together by an important system of trunk railways and Cape Town has gained and the trade of the City is in a healthy condition."[18]

In sy eerste toespraak oor spoorwegsake in die Wetgewende Raad spreek hy hom uit teen 'n voorstel dat werkers op die spoorlyne net in kontant betaal word, eerder as in kontant en rantsoene. Die idee was dat dit diefstal sou voorkom, maar Graaff meen dat dit duur sou wees en die bou en instandhouding van spoorlyne onprakties sou maak. Die staatstrein verskaf maandeliks voorrade aan spanne werkers en die stelsel werk goed, daarom stel hy voor dat die voorstel teruggetrek word.

Hy steun ook die meerderheidsbevinding van 'n gekose komitee wat spoorwegrade vir die toekomstige administrasie van die spoorweë teenstaan. Hy vrees dat sulke rade wrywing en die afskuif van verantwoordelikheid sal veroorsaak, en dat hulle veel swakker as onder die huidige bestuur sal vaar. Die opbrengste toon dat die spoorweë in vergelyking met dié in ander lande baie winsgewend bedryf word, verklaar hy.[19]

Graaff se boerderybelange kon 'n rol in sy openbare optrede gespeel het. Toe voorgestel word dat £4 000 van die Wetgewende Raad se bewilliging vir die invoer van stoethingste teruggehou word, staan hy dit sterk teen. Graaff, self die eienaar van ingevoerde arabierperde, verklaar dat daar nie genoeg ondernemingsgees is om volbloed-perde in te voer nie. Goeie perde sal hoë pryse behaal, aangesien mynbase bereid is om duur te betaal as die perde dit werd is. Hy kritiseer terselfdertyd die boere deur sy verbasing uit te spreek dat, wanneer ook al die regering bereid is om geld ten bate van die boere te bestee, dit altyd hulle is wat dit die eerste teenstaan.[20]

Graaff help wel om boerderybelange te beskerm. In sy eerste jaar in die Wetgewende Raad word hy lid van die landboukomitee, maar hy dien ook in die gekose komitee oor arbeid. Laasgenoemde komitee bevind dat daar volop arbeid is, maar dat boere bereid moet wees om hoër lone te betaal en groter aandag aan nywerheidsopleiding moet gee. Die komitee beveel aan dat kinders nie langer as wat nodig is in laerskole moet bly nie, aangesien dit die arbeidstoevoer onderbreek.[21]

Graaff spreek hom by meer as een geleentheid in die Wetgewende Raad uit ten gunste van die Brandsiektewet (Scab Act, wat in 1887 ingestel is om die verspreiding van die gevreesde siekte onder skape en bokke te voorkom). Baie boere was gekant teen die wet, aangesien swaar boetes gegeld het en die dipstof wat deur die regering verskaf is baie duur was. Graaff wys daarop dat die land getreiter word deur veesiektes wat die handel in wol, huide en so meer benadeel. Veeartse is tot voordeel van die boere aangestel.[22] By 'n later geleentheid, toe 'n wetswysiging voorgestel word, verklaar hy dat almal wat die land se belange op die hart dra die wet in sy bestaande vorm sal steun, en dat boere wat dit opponeer nie weet wat in hul beste belang is nie. Hy weet dat Engeland Australiese wol bo Kaapse wol verkies weens die brandsiekte onder

---

[17] *Hansard,* 30 Augustus 1893, pp. 218-221.
[18] Argief, Kaapse stadsraad. D.P. Graaff, burgemeestersverslag (1891-'92).
[19] *Hansard* 4 September 1893, pp. 236-237.
[20] *Hansard*, 6 September 1893, pp. 251.
[21] *Hansard*, 18 Augustus 1892.
[22] *Hansard*, 1 September 1893, pp. 231.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

skape. Hy doen dus 'n beroep op lede wat teen die wet gekant is om hul goeie oordeel te gebruik, aangesien die wet tot voordeel van die boere is. Die wet word nie gewysig nie.[23]

Buiten sy parlementêre optredes bly Graaff betrokke by 'n ander groot belangstellingsveld: die onderwys. Op 9 September 1893 woon hy 'n dinee by ter ere van studente van die South African College wat hul eksamen geslaag het. Hy stel by die geleentheid in die Poole's Hotel in Seepunt 'n heildronk in op die South African College Union, waarop adv. W.P. Schreiner gepas antwoord.[24]

Graaff en die Afrikanerbond se goeie verhouding met Rhodes word spoedig op die proef gestel toe die eerste groot toets vir die Rhodes-ministerie met die Logan-krisis van 1893 aanbreek.

Dit spruit uit die toekenning van 'n verversingskontrak vir die koloniale spoorweë, sonder dat tenders gevra is, aan J.D. (Jimmy) Logan, 'n persoonlike vriend van sir James Sivewright, die kommissaris van kroongrond en openbare werke, onder wie die spoorweë val.

Sivewright was 'n lid van die Afrikanerbond. Die slim Skotse ingenieur het na Suid-Afrika gekom om die telegrafiese stelsels van die republieke en die kolonies tussen 1877 en 1881 te organiseer en ontwikkel. As spekulant wat geglo het dat die doel die middele heilig, tree hy op as tussenganger tussen Rhodes en Hofmeyr enersyds en die Kaapkolonie en die Boererepublieke andersyds. En toe hy in 1891 die Sivewright-ooreenkoms met die Vrystaatse regering onderhandel, word hy tot ridder geslaan. Die ooreenkoms, waardeur die Kaapse spoorlyn van Bloemfontein noordwaarts na die Vaalrivier en die Transvaalse goudvelde verleng word, gee aan die Kaapkolonie 'n feitlike monopolie vir twee jaar.[25]

Met die nuwe kontrak wat Sivewright toegeken het, kon Logan, 'n moeilike politikus wat hom op die dorpie Matjiesfontein met sy bekende spoorweghalte ingegrawe het, sy kantiene oor 2 000 myl se spoorlyne versprei. Die toekenning van so 'n monopolie aan een persoon, boonop iemand wat aansienlike politieke invloed kon uitoefen, versterk die gevoelens aan die Kaap teen monopolieë op 'n tydstip dat daar boonop 'n verkiesing op hande was. Toe dit op die koop toe blyk dat Sivewright die kwessie vir sy kollegas verbloem het deurdat dit nooit vir bespreking aan die kabinet voorgelê is nie, was die gort gaar.

Te midde van sterk openbare verontwaardiging besluit drie ministers – J.W. Sauer, John X. Merriman en Rose-Innes – op 'n kabinetsvergadering dat optrede gebiedend is. Hulle stuur 'n kabelgram aan Rhodes en Sivewright, wat op daardie tydstip in Engeland was, waarin hulle aandring op kansellasie van die kontrak, wat vir tien jaar sou geld en dan vir nog vyf jaar hernuwe kon word.

Terselfdertyd word druk vanuit die geledere van die Afrikanerbond op Rhodes uitgeoefen. Nie net politieke belange was op die spel nie. Graaff het self belang by die kwessie gehad, aangesien Combrinck & Kie in 1886 die verversingskontrak vir kantiene op die verlenging van die Kimberley-spoorlyn verkry het.[26]

Hofmeyr en Graaff stuur 'n kabelgram aan Sivewright wat aandui hoe nou Graaff reeds in daardie stadium met Hofmeyr saamgewerk het. Dit lui:

> "New Logan contract causes great dissatisfaction, weakening Ministry, places friends in false position. Retreat in time. Show Rhodes."[27]

---

23. Hansard, 2 Augustus 1894, pp. 249-251.

[24] W. Ritchie, *The History of the South African College*, p. 330.
[25] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 4, pp. 572-574.
[26] *Standard Bank Inspection Records*, 1/1/27 – 1895.
[27] J. H. Hofmeyr en F.W. Reitz, *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, p. 445.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die twee ministers in Engeland stem in dat Logan se kontrak gekanselleer word. Toe Logan dit te hore kom, dagvaar hy die Kaapse regering vir £50 000 weens kontrakbreuk. Met Rhodes se terugkeer in Kaapstad dring die "Drie Muiters" - Merriman en sy kollegas - daarop aan dat hy Sivewright afdank. Veral Merriman, wat lank reeds met Sivewright oorhoops lê, was verontwaardig: "Surely we have seen the wicked in great power and flourishing like green bay trees with our Sivewrights and our Barnatos," skryf hy in 'n brief aan sy moeder.[28]

Rhodes kon egter nie 'n kompromis uitwerk nie. Toe sy ministerie ontbind word, vra hy Hofmeyr om 'n kabinet te vorm. Hofmeyr weier, maar raai Rhodes aan om die hoofregter, sir Henry de Villiers, te raadpleeg. Hofmeyr beveel ook aan dat Graaff in die kabinet moet dien.[29] Terwyl regter De Villiers nog die saak oordink, stel Rhodes self 'n nuwe kabinet saam, sonder om De Villiers te raadpleeg. Hy laat die Drie Muiters sowel as Sivewright weg uit die nuwe kabinet, waarin die voormalige premier sir Gordon Sprigg nou ook dien, en hy vind nie plek vir Graaff nie.

Wat die Logan-kontrak betref, word £5 000 skadevergoeding aan Logan toegestaan, en onder die nuwe Rhodes-bewind word die kontrak weer aan hom toegeken.

In die Kaapse Parlement heers toe 'n nuwe situasie. Teenoor die tweede Rhodes-ministerie sit daar nou in die opposisiebanke drie van Rhodes se voormalige kabinetskollegas wat hom nie om politieke redes nie, maar oor 'n kwessie van politieke eerlikheid verlaat het. Op die koop toe is hulle meer regskape politici wat as lede van Rhodes se kabinet voorheen sy kragdadigheid in bedwang kon hou. Geeneen van sy nuwe kabinetslede kon daardie invloed uitoefen nie. Hofmeyr bly die leier van die Afrikanerbond, eintlik die enigste sterk politieke party in die Kaapkolonie, aangesien daar van 'n tweepartystelsel in daardie stadium nie veel sprake was nie. Maar toe Hofmeyr in 1895 sy parlementêre setel bedank, verdwyn die laaste teenwig wat Rhodes se stormloop na sy eie ondergang in toom kon hou.[30]

Terwyl Graaff sy dubbele rol as parlementslid en stadsraadslid vervul, bly hy ook aktief as sakeman en entrepreneur. In hierdie hoedanigheid beland hy in 'n uitgerekte dispuut met die Rhodes-regering, wat die eiendom van Combrinck & Kie wou onteien.

Die geboue van die ou Shambles, insluitende dié van Combrinck & Kie, staan langs die Kaapse stasie, wat op sy beurt naby die see en byna teenaan die historiese Kasteel lê. Die stasie aan die onderent van Addeleystraat, waarvandaan alle passasiers op die hooflyn na die noorde vertrek, raak besonder bedrywig vanaf 1890, toe voorstedelike treine na Simonstad ingestel word. Die enigste moontlikheid van uitbreiding vir die spoorweë is na die kant waar Combrinck & Kie reeds sestig jaar sy sake bedryf.

Dit behels onteiening. Combrinck & Kie kry kennis van die hoofbestuurder van die spoorweë, Charles Bletterman Elliot, dat 'n alternatiewe perseel gevind moet word, en dat kompensasie betaal sal word. Hiermee is die maatskappy, wat goed geleë is naby die hawe, die stasie en die mark, hoegenaamd nie gediend nie. James Keddie Stephenson, 'n Skot wat toe al as die knap bestuurder van Combrinck & Kie beskou is, tree namens die maatskappy tot die strydperk toe. Stephenson, wat in 1881 uit Skotland na Suid-Afrika geëmigreer het, groei saam met Combrinck & Kie vandat hy hom in 1884 by Graaff-hulle aangesluit het. Hy trou hier met May Enslin, dogter van 'n lid van die Vrystaatse Volksraad, George Frederick Enslin. Hy toon 'n

---

[28]P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman-dokumente, No. 50. Merriman aan Julia Merriman, 18 Februarie 1893.

[29] J.H. Hofmeyr en F.W Reitz, *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr,* p. 445.

[30] M.A.S. Grundlingh, *The Parliament of the Cape of Good Hope,* pp. 231-241.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

besondere aanleg vir die sakewêreld en skryf in die volgende paar jaar duisende briewe namens die maatskappy.[31]

In 'n brief op 10 April 1893 aan Charles Elliot as spoorweghoof voer Stephenson aan dat verskuiwing groot verliese sal meebring. Voordat 'n raming van kompensasie gemaak kan word, is dit nodig dat die regering aandui watter alternatiewe perseel hy in gedagte het, hoewel dit onmoontlik lyk om so 'n perseel te vind, verklaar Stephenson. Hierna volg korresponsie en vergaderings tussen die twee partye wat maande lank duur. Die spoorweë stel oplaas 'n geswore waardeerder aan wat Combrinck & Kie se perseel en geboue aan die seefront op £8 000 pond waardeer, maar die Graaff-broers is nie bereid is om 'n pennie minder as £77 000 te aanvaar nie. Verdere korrespondensie eindig met 'n ultimatum van die kommissaris van kroongrond, John Laing, aan Combrinck & Kie op 1 Mei 1894: "I hereby give you formal notice that it is the intention of the Government to proceed to … the expropriation according to the usual provision of law." [32]

David Graaff is op 'n sakebesoek aan Brittanje terwyl die toutrekkery voortduur. Toe hy 'n kabelgram oor die krisis ontvang, stel hy 'n seereis na New York af en keer op die volgende skip terug na Kaapstad. Combrinck & Kie skryf 'n gebelgde brief aan die regering:

> "(We) had suffered enormous expenditure, loss and inconvenience. Mr. Graaff was in England on his way to America and Australia in connection with the extension of the firm's business. His plans had been all arranged when he received a cable calling upon him to return. He has been delayed here for eight months solely on account of the expropriation…"[33]

Toe die hele kwessie in die Kaapse parlement vasval, word dit duidelik dat net onpartydige arbitrasie 'n uitweg bied. Dit begin op 26 Februarie 1895 in die kantore van die Colonial Orphan Chamber aan Kerkplein in Kaapstad. Die spoorweë stel kapt. Charles Henry Jackson as arbiter aan, en Combrinck & Kie se keuse as arbiter is Jacobus Wilhelmus Sauer, die bekende parlementariër wat 'n vriend van Graaff en die vader van die latere minister Paul Sauer was. 'n Derde arbiter, George William Steytler, word aangestel om uitsluitsel in geval van 'n staking van stemme te gee.

Combrinck & Kie word in die verhoor verteenwoordig deur Van Zyl & Buissiné, 'n vooraanstaande prokureursfirma. Die firma se senior vennoot is Casper Hendrik van Zyl, die vader van Gideon Brand van Zyl, 'n latere vennoot, wat die eerste Suid-Afrikaans-gebore goewerneur-generaal (1945-1950) sou word. Die spoorweë se regsadviseur is J & H Reid & Nephew. Vooraf kom die regsverteenwoordigers ooreen om "in the most absolute and irrevocable manner" die kompensasie te aanvaar waartoe die drie arbiters besluit, en dat dit ongeag enigiets anders 'n bevel van die Hooggeregshof gemaak sal word. 'n Bindende kontrak word opgestel wat op 9 Februarie 1895 deur die onderskeie partye onderteken word.

Die arbitrasie se uitslag word op 2 Maart 1895 bekend gemaak. Twee van die drie arbiters, met kapt. Jackson in die minderheid, stem saam dat nie minder nie as £55 000 se kompensasie aan Combrinck & Kie betaal moet word deur die koloniale regering, wat ook die arbitrasiekoste van £110 moet dra.

Rhodes se regering en sy finansminister, sir Gordon Sprigg, kon kwalik in hul skik gewees het met hierdie uiteinde, want £55 000 was destyds 'n reuse-bedrag. Toe Rhodes en Sprigg hoor dat Graaff op pad na die Hooggeregshof is om aansoek te doen dat die arbitrasiebedrag tot 'n finale hofbevel verklaar word, voer hulle aan dat "the defence will be that in view of the unreasonableness of the amount the Government will not expropriate". Graaff deel die spoorweghoof, Charles Elliot, ook mee dat, as die regering arbitrasie vermy het en eerder 'n

---

[31] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle*, pp. 77-80.
[32] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa*, pp. 30-31.
[33] *Hansard*, "Annexure to Votes and Proceedings of House of Assembly", Kaapse Parlement, 1895. Brief van Combrinck & Kie, 22 Maart 1894. CCP 1/2/1/91.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

private skikking probeer bereik het, hulle beter daaraan toe sou gewees het. Graaff se opmerking sou hom allermins meer gewild by Rhodes gemaak het indien Elliot dit aan die premier oorgedra het. Rhodes kon dit nie veel dat hy nie sy sin kry nie.[34]

Die verhoor in die Hooggeregshof begin 'n week later, op 9 Maart. Die hoofregter, sir Henry de Villiers, en regter Thomas Upington, 'n voormalige premier, hoor die betoë aan van adv. James Rose Innes, QC (vir Combrinck & Kie), en adv. Henry Juta, QC (vir die Rhodes-regering).

Charles Elliot verklaar in 'n beëdigde verklaring dat die regering nie meer meen dat onteiening geregverdig is nie, aangesien die bedrag aansienlik meer is as wat die parlement beoog het. As die perseel nie onteien word nie, kan Combrinck & Kie daar bly en die hele kwessie kan verval. Die hoofregter stem egter glad nie saam nie. Hy wys op die bindende kontrak en dat, hoewel die bedrag sekerlik baie groot is, daar geen bewering van partydigheid of wangedrag aan die kant van die arbiters is nie. As 'n kleiner bedrag toegeken is, sou die aansoeker gebonde gewees het om daarin te berus. Hy staan Graaff se aansoek met koste toe, en regter Upington stem saam.[35]

Van regeringskant word nog 'n paar pogings aangewend om uit die penarie te kom. Allerlei aanbiedings, waaronder een in 'n brief van Charles Elliot, word aan die Graaffs gedoen, maar hulle weier om kop te gee. Die tjek van £55 000 kom baie goed te pas; sommige reken dat dit die fondament was waarop Graaff se rykdom berus.[36]

Ondanks die dispuut oor onteiening word dit vir Graaff duidelik dat Combrinck & Kie sy perseel aan Strandstraat die een of ander tyd sal moet ontruim.

'n Nuwe perseel moet nogtans so naby as moontlik aan die Tafelbaaise hawe wees. Een van die beweegredes is dat Combrinck & Kie deur die Kaapse Kamer van Koophandel en die Vrugtekwekersvereniging sowel as parlementslede genader is om koelkamers in te rig vir vrugte wat na Europa verskeep moet word. Daarvoor is Combrinck se nuwe koelkamers in Nuwe Markstraat te ver van die hawe, want die vrugte moet in die middel van die somer vervoer word. Maar waar moet die pakhuise dan kom?

Min mense ken Kaapstad teen hierdie tyd beter as Graaff, die oud-burgemeester en steeds stadsraadslid. Hy sien die voordele in van drooglegging van die strandgebied onderkant Strandstraat en die Waterkant – die straatname wat aandui tot hoe ver die seewater destyds gekom het. Drooglegging vanaf Roggebaai se vismark sou dit moontlik maak om die betreklik klein stukkie gelyk grond tussen die strandfront en Tafelberg aansienlik uit te brei.

Combrinck & Kie nader die Tafelbaaise Haweraad oor drooglegging, en 'n dringende vergadering word op 8 November 1894 gehou waarop Graaff en ander lede van sy maatskappy teenwoordig is. Hy stel voor dat die gebied tussen twee hawehoofde langs Dokweg aan die onderent van Breestraat van die see herwin word. Dit is gerieflik naby die hawe en die spoorlyne van die Kaapse stasie loop langs die seefront.

Die Haweraad, sekerlik bewus van bykomende inkomste uit die uitvoerhandel sowel as munisipale belastings, val in by die drooggleggingsplan. Graaff sal sy nuwe hoofkantoor hier kan vestig, wat verklaar waarom hy so vasgeskop het teen die spoorweë se onteieningsplanne.

Die voorwaardes waaraan Graaff moet voldoen, word uiteengesit in 'n brief van die Tafelbaaise Haweraad, gedateer 8 November 1894 en onderteken deur Frank Robb.[37] Voordat Graaff met die nuwe projek kan voortgaan, is parlementêre goedkeuring nodig. Verdere meningsverskille en oponthoude volg totdat 'n ooreenkoms aangegaan word wat die drie broers Graaff en sir

---

[34] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 35
[35] *Cape Times Law Reports*, 1895, p. 130-132.
[36] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 37.
[37] Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NBSA), Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55,5, Boks 5. Brief van Frank Robb aan Combrinck & Kie, 8 November 1894.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Gordon Sprigg, die finansminister, op 10 Julie 1895 onderteken.[38] Die koloniale regering stem in dat Combrinck & Kie "(should) reclaim from the sea a piece of land, in extent 38 799 square yards, between the North Wharf and the old Coaling Wharf". Die maatskappy, wat onderneem om die werk binne twaalf maande te voltooi, kan ook die aangrensende terrein onderkant Dokweg van die Haweraad aankoop. Dit beslaan 3 996 vierkante jaart. Combrinck & Kie kry kaart en transport vir die hele gebied van byna 38 799 vierkante jaart. Ingevolge 'n ooreenkoms met die Kaapse regering sal die koelkamers gebruik word vir die berging van vrugte, suiwelprodukte en vis, asook van ander voedselsoorte indien dit vir uitvoer bestem is. Die maatskappy se aansoek is deur die Kamer van Koophandel en ander belanghebbende partye gesteun.[39]

Toe die Kaapse Parlement die ooreenkoms twee weke later, op 24 Julie 1895, bekragtig, verkry die 36-jarige David Graaff een van die gesogste nywerheidspersele van die Moederstad.[40]

Die vorige jaar het Combrinck & Kie reeds met die Kaapse spoorweë 'n ooreenkoms aangegaan wat op groot uitbreidingsplanne dui. Daarvolgens sal die maatskappy al sy geslagte vleis en lewende hawe vanaf 1 Januarie 1895 vir tien jaar lank op die Kaapse spoorlyne laat vervoer. Combrinck & Kie onderneem om koelkamers en ysmasjiene op verskillende plekke langs die spoorlyne in te rig en ook om geskikte koelkamers in Johannesburg op te rig. Die spoorweë stem in dat hy sy vervoertariewe vir die eerste drie jaar nie met meer as 20 persent sal verhoog nie en dat die tariewe daarna onveranderd sal bly. [41] Hierbenewens onderneem die spoorweë om die nodige spoorvoertuie te verskaf. Dit gebeur nogtans nie soos Graaff verlang nie. 'n Tekort aan die nodige spoorwegtrokke en burokratiese rompslomp lei tot talle klagtes van Combrinck & Kie in die volgende paar jaar.

Terwyl die uitbreidings elders voortgaan, begin die drooglegging van Combrinck & Kie se nuwe staanplek onderkant Dokweg met 'n kofferdam wat die see terugstoot. Die leeggepompte deel word gevul met bourommel van allerlei aard wat van oral in die stad en omgewing met perdewaens aangery word. Werkers maak die rommel met pik en graaf gelyk.

Die argitek van die nuwe gebou is Charles Freeman, 'n kleurryke Engelse immigrant wat ook optree as agent vir die firma Walter MacFarlane & Co., vervaardigers van ornamentele gietysterwerk in Glasgow. Hy het baie daarmee te doen dat oral in Suid-Afrika Victoriaanse verandas, traliewerk en die bekende *broekie lace* te sien is. Freeman verkry die aanvanklike kontrak vir die nuwe parlementsgebou in Kaapstad, maar word afgedank toe die owerhede agterkom dat hy die koste hopeloos onderskat het. Ander bekende geboue wat hy in Kaapstad ontwerp, is die statige Standard Bank aan Adderleystraat en die Metodistekerk op Groentemarkplein.

Freeman kry opdrag om die hoofkantoor vir Combrinck & Kie te ontwerp sodat dit die voorkoms van Tafelbaai verbeter. Argitektonies is die bouwerk hoog in die mode van daardie tyd. Die ruim veelverdieping-gebou in laat-Victoriaanse styl, met sy ondergrondse koelkamers en vriesmasjinerie, kry torinkies en allerlei ornamentele versierings. Op die dak pryk 'n gietysterboog met die maatskappy se naam.[42]

---

[38] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Volgens die kontrak is Combrinck & Kie verteenwoordig deur die drie Graaffs: David Pieter de Villiers, Johannes Jacobus Arnoldus (na wie in die kontrak as John Arnold verwys is – hy het in 1896 bedank) en Jacobus Arnoldus Combrinck.

[39] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 4.

[40] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 41.

[41] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 3.

[42] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 42-44.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Reeds terwyl konstruksiewerk aan die gang is, toon Graaff dat hy bedrewe met openbare skakelwerk is. Kort nadat die eerste koelkamers ingerig is, nooi hy die Kaapse minister belas met landbou, sir Pieter Faure, in Oktober 1895 na die perseel:

> "May we ask whether it would be convenient for you to accompany a member of our firm to our Cold Storage Chambers on Monday or Tuesday, with the view to arriving at some idea of the space which we shall have to provide for public use at the Dock Road in terms of our contract with the Government.The plans for these Cold Chambers are in course of preparation. If you will then kindly state the most convenient day and the hour, a member of our firm will call at your office and take you to the present cold storage chambers."[43]

Faure aanvaar die uitnodiging. Nadat hy die perseel besigtig het, spreek hy sy bewondering uit vir wat reeds bereik is.[44] 'n Paar daarna verwittig Graaff-hulle hom dat sketsplanne voorberei is vir twee groot koelkamers, en hulle doen ook 'n voorstel aan Faure wat vir die wynboere van die land groot voordele sou inhou:

> "Those two chambers will be specially fitted up and held at the disposa1 of your Department. We also undertake that, as soon as further cold storage is found to be necessary, we shall put all the available additional space at the disposal of the Department and at once commence with the construction of such further cold chambers as may be wanted. We shall be glad to know that the above arrangement meets with your approval. It has been suggested to us that Wines could be matured more satisfactorily under an equal and low temperature than by the ordinary methods adopted in the Colony; and should your Department wish to test the matter we should be prepared to store a quantity of spirit for the Government free of charge for this purpose."[45]

Die uitvoer van wyn en vrugte sou dramaties toeneem nadat Combrinck & Kie se nuwe koelkamers in Dokweg tot stand gekom het.

Die drooglegging van die gebied vorder sodanig dat Frank Robb, sekretaris van die Tafelbaaise Haweraad, vroeg in 1898 aan Combrinck & Kie 'n tesouriewissel oorbetaal vir £2 300, synde die kontrakprys vir die herwinning van die grond.[46] Vier dae later stel Robb die Kaapse regering in kennis dat herwinning voltooi is en dat oordrag aan Combrinck & Kie kan geskied. Toe die laaste rekening op 1 Augustus 1899 betaal word, beloop die totale koste van die projek die bedrag van £12 171 9s. 5d.[47]

Graaff bombardeer die spoorweë intussen met versoeke om beter vervoer- en bergingsgeriewe. Stephenson rig ook in Oktober 1895 'n brief aan die sekretaris van die Tafelbaaise Haweraad oor 'n onwelriekende ghwano-pakhuis naby Combrincks se nuwe perseel wat afgebreek moet word:

> "If it were pointed out to the Agricultural Department that the smells arising from guano would destroy the very Foodstuffs which Cold Storage is meant to preserve, they would at once see how impossible it would be for us to carry out our Contract with your Board and with the Government to provide Cold storage. Just imagine what Butter, Milk or Cheese would be like if the surrounding air were to be charged with the odours arising from Guano. One of the very first conditions, in fact the most essential, is that the air must be pure; and we feel certain that the Agricultural Department, having the Cold Storage of Colonial Products at heart, would at once assist you in carrying out your agreement with us to remove these old buildings..."[48]

---

[43] Tiger Brands Argief. Letter Book O, p. 46, 18 Oktober 1895.
[44] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 42.
[45] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, p. 154-156, 6 November 1895.
[46] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Robb se kennisgewing, 16 Maart 1898.
[47] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 44.
[48] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Stephenson-Haweraad, 26 Oktober 1895.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die landbou-departement reageer teensinnig, maar gee uiteindelik opdrag dat die ghwano na 'n ander bergplek verskuif moet word.

Teen hierdie tyd word die uitbreiding van Graaff se sakeryk deur verreikende politieke ontwikkelinge geaffekteer.

Politieke spanning in Suid-Afrika neem in die loop van 1895 toe namate die Uitlander-vraagstuk in Transvaal ernstiger afmetinge aanneem. Aan die Rand, die polsende nuwe mynsentrum van die land, woed 'n politieke storm weens die Uitlander-agitasie om stemreg en politieke regte. Pres. Kruger bly egter onversetlik teenoor die Uitlanders.

Die situasie in die Zuid-Afrikaansche Republiek het klaarblyke implikasies vir imperialistiese ambisies, veral vir Rhodes, wie se uitbreidingsplanne aansienlik aangehelp sou word deur 'n regeringsverandering in Pretoria en 'n gevolglike greep op die Transvaalse goudmyne. Die Transvaalse regering onder pres. Paul Kruger staan in die pad van sy omsingelingsbeleid

Brittanje het eweneens belang by die Uitlander-verset onder leiding van die Reformiste in Johannesburg teen die Kruger-regering. In die omstandighede maak dit saak wie Brittanje se gesant in Suid-Afrika, dus ook die goewerneur van die Kaapkolonie, is.

Die dienende Britse hoë kommissaris, Loch, word vroeg in 1895 te midde van heelwat intrige vervang deur sir Hercules Robinson, wat tevore (1880-1889) dieselfde pos beklee het. Daar was teenkanting teen Robinson se aanstelling as goewerneur in Kaapstad, aangesien dit bekend was dat Rhodes hom steun.

Die sekretaris van die hoë kommissaris, sir Graham Bower, besluit om in Kaapstad iets daaromtrent te doen. Rhodes en Hofmeyr was uitstedig en hy bespreek die agitasie met Graaff, wat hy as Hofmeyr se luitenant bestempel. Hulle stap saam na die Kaapse stasie en Bower verduidelik sy vrese oor die Uitlander-vraagstuk in Johannesburg, die gevare van rasse-konflik, en die noodsaaklikheid van 'n hoë kommissaris wat wegbly van verstrikkings en as arbiter tussen die partye kan optree. Graaff sê dat daar 72 resolusies ten gunste van Robinson van elke tak van die Afrikanerbond kan kom, as dit enigsins sou help, hoewel hy vrees dat Bond-resolusies sir Hercules meer sou skaad as bevoordeel. Bower reageer dat Bond-resolusies welkom sou wees. Hy vermoed dat Graaff met sy leier (Hofmeyr) kajuitraad gehou het. Daarna word Bond-vergaderings in elk geval byeengeroep en Bond-resolusies stroom na die kantoor van die hoë kommissaris. Hulle word so vinnig as wat hulle ontvang word na "home" (Londen) gestuur, volgens Bower.[49]

Die 72-jarige Robinson word op 18 Februarie 1895 as hoë kommissaris en goewerneur van die Kaapkolonie aangestel. Agterna sou dit blyk dat hy, soos die pas aangestelde Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain, bewus was van die gekonkel tussen Rhodes en dr. Leander Starr Jameson, administrateur van die Charter Company in Rhodesië, om die regering van pres. Paul Kruger oor te neem.

Chamberlain, as oortuigde imperialis, verteenwoordig die meer aggressiewe gees van die nuwe Britse bewind onder lord Salisbury. Die Britse regering neem 'n dreigende standpunt teen pres. Kruger in tydens die sogenaamde driwwekrisis van September en Oktober 1895, toe die ZAR die driwwe aan die Transvaalse kant vir Kaapse vervoer gesluit het ten einde die spoorlyn na Delagoabaai te beskerm. As gevolg van die Britse reaksie word Kruger gedwing om die driwwe te heropen.

Rhodes besef dat sy omsingelingsbeleid teenoor Transvaal nie sou slaag indien die ZAR nie as 'n selfregerende Britse kolonie oorgeneem en deel van 'n federasie onder die Britse vlag word nie. Gevolglik word voortgegaan met die imperiale komplot op hoë vlak om Transvaal binne te

[49] D. Schreuder and J. Butler, *Sir Graham Bower's Secret History of the Jameson Raid*, p. 38.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

val. Jameson en sowat 500 man, hoofsaaklik Charter-polisiemanne, trek saam op Pitsani in Betsjoeanaland om steun te verleen vir 'n opstand van die Uitlanders aan die Rand. Die Uitlander-agitasie is gelei deur die Reform Committee onder leiding van sommige Randlords en Rhodes se broer Frank.

Jameson, 'n geneesheer met powere militêre kundigheid, spring egter die aand van 29 Desember 1895 te vroeg weg, voordat die beplande opstand aan die Rand soos afgespreek kon plaasvind. Sy ekspedisie oor die Transvaalse grens word 'n volslae fiasko. Die Boerekommando's van pres. Kruger, wat klaarblyklik vooraf oor die aanslag ingelig is omdat die invallers die verkeerde telegraafdrade geknip het, verslaan die invalsmag by Doornkop naby Roodepoort. Toe die wit vlag op 2 Januarie 1896 gehys word, arresteer die kommando's 'n klomp van die ringkoppe en samesweerders. Daardie aand slaap Jameson saam met ander avonturies in die gevangenis in die Goudstad.[50]

Die geskiedskrywer C.W. de Kiewiet som die skouspelagtige mislukking verdoemend op:

> "The raid is a story woven of such stupidities that it might be dismissed as a farce were it not so tragic in the damage which it wrought. It was inexcusable in its folly and unforgiveable in its consequences."[51]

Jan Smuts spreek in 1906 'n ewe kragtige oordeel uit, dat die Jameson-inval "in die groot stryd tussen Boer en Brit die werklike oorlogsverklaring was … (die) aggressors het hul verbond verstewig … die verdedigers, daarenteen, het hulle stilswyend en grimmig op die onvermydelike voorberei".[52]

In Kaapstad is die gevolg van die mislukte inval die verharding van anti-imperialistiese gesindhede en volslae ontgogeling met Rhodes onder voorste lede van die Afrikanerbond. Jameson se opmars na Johannesburg "het Rhodes se koloniale binnekamer met geweld oopgeruk en hom ontbloot vir die jingo wat hy was". Hy word "uit die Afrikaner-sinagoge gegooi omdat die 'vrome' aanhanger van hul geloof homself bewys het as 'n bedrieër – inderdaad 'n ketter".[53]

Hofmeyr het Rhodes nog tydens die driwwekrisis gesteun, maar vereenselwig hom nou met die verontregte Transvaal. Hy verklaar ronduit: "As Rhodes betrokke is (by die inval), is hy nie langer 'n vriend van my nie." Die dag na die inval neem Graaff hom met sy perdekar na Groote Schuur om met Rhodes te praat.[54] Graaff onderteken ook daarna 'n telegram van Hofmeyr waarin hy dreig om die Charter aan te val indien Rhodes nie uit die openbare lewe bedank nie.[55]

Rhodes, 'n gebroke man, bedank as eerste minister. Hy sou nooit weer sy aansien herwin nie. Hy word deur sir Gordon Sprigg vervang.

Graaff, totaal ontnugter, beskryf Rhodes daarna as een van die grootste skurke met wie hy in sy lewe te doen gekry het. Hy belet sy seuns om ooit aansoek te doen om 'n Rhodes-beurs (wat vir studie aan Oxford voorsiening maak) of om een te aanvaar. [56] Sy eggenote vertel later dat haar oudste seun, De Villiers, 'n Rhodes-beurs aangebied is toe hy matrikuleer by die Kaapse skool Bishops, een van die skole wat Rhodes in sy testament vir beurse geoormerk het. Graaff weier beslis en sê dat hy self vir sy seun se studie aan Oxford sal betaal.[57] Sy nageslag

---

[50] T. Cameron (Red), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* p. 190.

[51] C.W. de Kiewiet, *A History of South Africa, Social and Economic.* p. 135.

[52] T. Pakenham, *Die Boere-Oorlog,* p. 9.

[53] M. Tamarkin, *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners,* pp. 318-319.

[54] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", p. 79. Onderhoud met sir De Villiers Graaff.

[55] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", p. 79.

[56] Meegedeel deur sir David Graaff, derde baronet.

[57] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff, jongste seun van sir David, eerste baronet.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

handhaaf die tradisie, en geeneen van sy direkte afstammelinge ontvang ooit 'n Rhodes-beurs nie.

Nog voor die Jameson-inval blyk dit of Graaff groter onafhanklikheid van imperiale Brittanje voorstaan. Dit word vereenselwig met die soort visioenêre onafhanklikheidsdenke wat die geskiedenis van die Verenigde State weerspieël. Teenoor die skrywer-politikus Percy Fitzpatrick, een van die samesweerders agter die Jameson-inval, doen Graaff vroeër daardie maand 'n voorstel dat almal wat in Suid-Afrika gebore is, moet saamwerk in 'n poging tot die skepping van 'n "United States of South Africa, upon friendly terms with England, but confining the direct Imperial right to a naval base in Simon's Town and possibly a position in Natal".[58]

Fitzpatrick, ook bekend as die skrywer van *Jock of the Bushveld*, bestempel Graaff as 'n "apostel van republikanisme". Hy verklaar later dat Graaff ook kort na die Jameson-inval in Januarie 1896 dieselfde gedagtes teenoor die Randse mynbaas Alfred Beit, eweneens een van die samesweerders agter die inval, geopper het. Graaff sou ook te kenne gegee het dat, as Beit en Rhodes die idee steun, hulle die "konsekwensies" van hul verbintenis met die inval sou vryspring. Hulle het egter die "konsekwensies" verkies, volgens Fitzpatrick.[59]

Een van die konsekwensies was dat Rhodes in Brittanje verhoor, maar vrygespreek is in 'n ondersoek waarin sy en die Britse owerhede se rol in die komplot verdoesel is. Jameson, wat deur Kruger aan Brittanje uitgelewer is om gestraf te word, is tot vyftien maande tronkstraf veroordeel, waarvan hy 'n paar maande uitgedien het voordat hy weens swak gesondheid ontslaan is. Die 64 lede van die Reform Committee is gearresteer en hul leiers, Lionel Phillips, John Hays Hammond, Frank Rhodes en George Farrar, is in die Hooggeregshof ter dood veroordeel op aanklag van hoogverraad, waarop hulle skuld beken het. Pres. Kruger het die vonnisse tot 'n boete van £25 000 elk versag. Cecil Rhodes het die boetes betaal.

Die politieke skeidslyne tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die Kaapkolonie word na die Jameson-inval sterker omlyn, en die Bond word weer by uitstek die draer van Afrikaner-sentimente en -aspirasies.[60] Die Bond se politieke beskouings en gedrag berus nogtans steeds op 'n kombinasie van koloniale Kaaps-gesentreerdheid, lojaliteit aan die empire en die Kroon, solidariteit met hul republikeinse broers in die republikeinse diaspora, en die najaag van onmiddellike en langertermyn- ekonomiese belange.[61]

Ondanks sy ontnugtering met Rhodes en sy gebelgdheid oor die Jameson-inval word jare lank gegis dat Graaff een van die voorste Reformiste uit Kaapstad help ontsnap het. Daardie middernagtelike eskapade is teen die middel van 1896 in die Kaapse Parlement in 'n debat oor Charles Leonard, voorsitter van die Transvaal National Union, bespreek.

Leonard, 'n prokureur in die diens van die mynbaas Alfred Beit, was een van die aanvoerders van die Reform Committee, saam met Randlords soos Lionel Phillips, George Farrar en Percy Fitzpatrick asook Rhodes se broer, kol. Frank Rhodes. Hy was ten tyde van die Jameson-inval nie in Johannesburg nie, aangesien die Reformiste hom en Phillips na Rhodes in Kaapstad gestuur het om die inval uit te stel. Dit was nadat bekend geword het dat Jameson sy troepe onder die Britse vlag sou lei, terwyl Leonard en ander Reformiste onder die Transvaalse vlag in opstand wou kom.[62] Leonard was gekant daarteen dat die Transvaalse onafhanklikheid bedreig

---

[58] P. Fitzpatrick, *The Transvaal from Within,* pp. 228-229.
[59] P. Fitzpatrick, *The Transvaal from Within,* p. 229.
[60] T. Cameron (red), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld,* pp. 190-191.
[61] M. Tamarkin, *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners,* p. 319.
[62] L. Phillips, *Some Reminiscences,* p. 114.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

word. Hy en Phillips word deur Rhodes verseker dat hy nie van plan is om die Zuid-Afrikaansche Republiek in 'n Britse kolonie te verander nie.[63]

In die Kaapse parlementêre debat blyk dit dat Leonard na die mislukking van die Jameson-inval op 19 Januarie 1896 in die geheim aan boord van die Guelph uit die Tafelbaaise hawe vertrek het - voordat 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming (weens openbare geweldpleging, sedisie en hoogverraad) aan hom bestel en hy aan Transvaal uitgelewer kon word. Volgens die Kaapse prokureur-generaal, sir Thomas Upington, het Leonard se geneesheer, dr. J.F. Manikus, vroeër 'n doktersertifikaat uitgereik dat Leonard in Seepunt is, "suffering from congestion of the brain and nervous prostation", en minstens twee weke nie sal kan reis nie. Volgens die polisie, so verklaar Upington onder luide gelag, "Mr Leonard's brain was not so congested and his nervous system not so prostated that he was not prevented from obtaining in Cape Town a complete disguise, including a false beard."[64]

Leonard, wat hom daarna in Brittanje vestig, is wel kort na die Jameson-inval In Kaapstad by Graaff opgemerk deur sir Graham Bower, wat op 2 Januarie 1896 saam met sir Hercules Robinson na Pretoria vertrek het vir samesprekinge met pres. Kruger, wat die Britte op aanbeveling van Hofmeyr soontoe genooi het. Daardie aand omstreeks nege-uur kom Graaff, wat weer eens deur Bower as Hofmeyr se luitenant beskryf word, saam met Leonard na die Britse hoë kommissaris se treinwa op die Kaapse stasie. "I thought they were a queer couple, but there was a good deal of changing sides at the time. Moreover, C. Leonard was an orator," vertel Bower.[9] Graaff en Leonard dring daarop aan dat Hofmeyr ook na Pretoria gaan, en Bower rig 'n telegram aan Hofmeyr wat deur Robinson goedgekeur word. Op pad ontvang Robinson egter 'n telegram waarin Hofmeyr die uitnodiging van die hand wys en verklaar dat hy Chamberlain sal versoek om 'n ondersoek in te stel.

'n Paar maande daarna beweer 'n rubriekskrywer, Lobbyist van *The Cape Times,* dat daar samespanning (collusion) tussen Graaff, Leonard en die Transvaalse regering was om Leonard in staat te stel om uit Kaapstad te ontsnap sodat hy die Transvaalse saak in Londen kon bevorder.[65]

Kabelgramme word gepubliseer om die bewerings te staaf. Graaff ontken dit egter op 7 Julie 1896 kategories.[66] *The Cape Times* se redakteur, Edmund Garrett, skryf aan sy niggie, Agnes Garrett: "You will see that we have gone in for the Disclosure business and got a little bitten though obviously on the right track."[67] Die koerant gaan daarna voort om druk uit te oefen dat 'n gekose komitee aangestel moet word om Leonard se ontsnapping te ondersoek. 'n Dag na Graaff se ontkenning publiseer die koerant 'n brief van Leonard se broer, J.W. Leonard, waarin hy verklaar dat hy die kabelgram gestuur het wat volgens Lobbyist deur 'n hoë Transvaalse amptenaar gestuur is. Die koerant aanvaar dadelik Leonard se verklaring en trek die bewering terug. Op 9 Julie haal die koerant Charles Leonard aan wat in Londen ontken dat sy ontsnapping enigiets met 'n beweerde Transvaalse komplot te make het. Hy verklaar dat regsprobleme en "bevriende polisie" sy arrestasie in Kaapstad voorkom het. [68]

'n Paar jaar daarna verklaar *The Cape Times:*

---

[63] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel II, p. 520.
[64] *Hansard*, Debatte in die Wetgewende Vergadering, 27 Mei, 15 Junie en 6 Julie 1896, CCP1/3/2/13.
[65] *The Cape Times*, 7-10 Julie 1896.
[66] *The Cape Times*, 7Julie 1896. Graaff se brief lui onder meer: "As a matter of fact, I never had any communication, directly or indirectly, official or unofficial, or with any Transvaal Government official, high or low, or with any one acting on behalf of the Transvaal Government with respect to Mr. Leonard, nor did I ever hear Mr Leonard's object in going to England discussed or approved of at any meeting or by any member of the Afrikander Bond, leading or otherwise. With Mr Leonard himself I have always been on terms of good friendship, but to the allegations that I took even the smallest part in his escape, or even got so much as a hint of his intentions to leave for England, I give the lie direct."
[67] G. Shaw (red), *The Garrett Papers,* p. 70.
[68] *The Cape Times*, 9 Julie 1896.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "The full story of that exciting episode has never been told, but rumours of it were current at the time, and probably Sir Thomas Upington could have given more information on the subject than he vouchsafed when he was cross-questioned in the matter on the floor of the Cape House of Assembly. There is no doubt that Sir David's part in the escapade was gratefully remembered by the Reformer to whose assistance he came, and it was quite in keeping with Sir David's sporting instincts."[69]

Graaff ontken wel kategories dat hy Leonard gehelp het, maar hy het waarskynlik iemand anders gehelp. 'n Leidraad verskyn in sy seun sir De Villiers Graaff se outobiografie, waarin hy vertel van die verdwyning van dr. Lawrence Herman uit Kaapstad kort na die Jameson-inval.[70] In 'n onderhoud tien jaar voor die publikasie van sy lewensverhaal verklaar hy ronduit dat sy vader vir Herman, 'n geneesheer, help ontsnap het.[71] Herman, 'n lewenslange vriend en adviseur van sy vader, het in die jare negentig na bewering noue bande met Charles Leonard gehad. In *The Cape Times* is berig dat "dr. Herman" kort na die Jameson-inval, op 16 Februarie 1896, lid van die Afrikanerbond geword het op 'n byeenkoms van Bond-takke wat in die kantoor van sir James Sivewright in Kaapstad gehou is. By daardie geleentheid was Onze Jan Hofmeyr in die voorsitterstoel en D.P. Graaff en sy broer J.A.C. Graaff was teenwoordig, volgens die berig.[72]

Alles in ag genome, lyk dit taamlik seker dat Herman die man was wat Graaff uit Kaapstad help ontsnap het – waarskynlik omdat Herman se verbintenis met Leonard agterdog gewek het.

Kort op die hakke van die fiasko van die Jameson-inval tref 'n ander ramp Suid-Afrika in die jare negentig: runderpes breek uit.

Hierdie mees gevreesde dieresiekte is hoogs aansteeklik en kan hele veestapels en buffels uitwis. Runderpes, gekenmerk deur akute inflammasie van die slymvliese van veral beeste en wildsbokke, versprei in 1896 van lande noord van die Limpopo na Suid-Afrika in 'n tempo van meer as dertig kilometer per dag.[73] Diere wat aangetas word, vrek binne enkele dae. In talle lande in Oos-Afrika en verder suid is net die wit beendere van karkasse te sien. Na skatting krimp die veestapel in Afrika suid van die Sahara met 80-90 persent. In Suid-Afrika, veral in die noordelike gebiede, slaan trekdiere langs die pad neer en oor uitgestrekte dele van die land lê verrottende karkasse. Entstof wat in Kimberley deur die Duitse bakterioloog dr. Robert Koch en in Pretoria onder leiding van die veearts sir Arnold Theiler, eerste direkteur van Onderstepoort se Navorsinginstituut buite Pretoria, ontwikkel word, stuit oplaas verdere verspreiding.[74] Eers teen 1903 word die bedreiging in die subkontinent heeltemal in bedwang gebring.

Die veeboere van Suid-Afrika word swaar getref, maar ook die vervoerstelsel wat in groot mate op ossewaens aangewese was. Terselfdertyd is die runderpes vir die vleisbedryf 'n sware slag. Na skatting word meer as drie miljoen stuks vee uitgeroei, gevolglik is daar bitter min vleis beskikbaar om aan die kleinhandel en huisvroue te verkoop. Die vernaamste gevolg van die ramp is dat vee- en vleispryse aanmerklik styg.

---

[69] *The Cape Times*, 14 April 1931.
[70] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 16.
[71] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician", p. 79. Onderhoud met sir De Villiers Graaff.
[72] *Cape Times*, 17 Februarie 1896, p. 7.
[73] C. van Onselen, "Reactions to Rinderpest in Southern Africa, 1896-7", *Journal of African History* XIII, 3, p. 473.
[74] L. Blumberg, "Robert Koch and the rinderpest," *SA Medical Journal*, Vol. 76, 21 Oktober 1989, pp. 438-440.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff, reeds in die in-en-uitvoerbedryf, besef dat daar bowenal een uitweg is, om vleis op nog groter skaal in te voer. Hy probeer om meer buitelandse leweransiers te oorreed om kontrakte met hom aan te gaan om bevrore produkte na Suid-Afrika uit te voer.

Dit verg 'n doeltreffende verspreidingsnetwerk dwarsoor Suid-Afrika, met depots op strategiese punte oor die hele land langs die uitbreidende spoorweg-netwerk. Combrinck se Kaapse hoofkwartier, hoofsaaklik ingerig as pakhuise vir uitvoerprodukte, sal ingevoerde vleis moet kan berg voordat dit na die binneland uitgestuur word. 'n Groot voordeel is die syspoor wat in die gebou in Kaapstad ingerig is. Dit loop van die skepe in die Tafelbaaise hawe, en daarvandaan strek dit diep die binneland in. Op die koop toe beleef die produksie van bevrore vleis in Australië 'n bloeitydperk, met Nieu-Seeland en Argentinië wat nie agterbly nie.[75]

Afgesien van ingevoerde vleis doen Graaff ook teenoor die Kaapse regering 'n ander plan aan die hand: om koelkamers op te rig op plekke wat aan besmette distrikte grens en daar vee aan te koop en te slag, sodat die risiko verminder kan word dat runderpes verder versprei. Die plan bevoordeel klaarblyklik die land sowel as Graaff se onderneming, en na 'n lang vertraging laat weet die kommissaris vir openbare werke dat die administrasie instemming oorweeg. Combrinck & Kie aanvaar per kerende pos die regeringsaanbod:

> "We also have to thank you for your courtesy in recording the fact that the suggestion from which the proposal has been evolved, originated with our firm, and that it was made with the object of providing means of minimising the effects of dire public calamity.You state in your letter under reply that it is understood that Molteno Station is the first point at which a Refrigerating Chambers would be erected. By the agreement entered into between us and the General Manager of Railways, acting for the Colonial Government, it was provided that the Refrigerating Chambers should be erected at different points along the Railway to Kimberley,at Cape Town or near Beaufort West, at Victoria Road, at Kimberley, at or near Mafeking, one or more on the Midland Line, and one at Johannesburg, with right to us to change the different points according to the exigencies of the stock market.We accept the terms contained in your letter under reply, provided that each and every icemaking or Refrigerating machine erected in the Cape Colony within the prescribed period, shall be counted as of the six enumerated in the agreement hereto before mentioned."[76]

Die bedreiging van runderpes oorheers 'n lang ruk die bedrywighede van Combrinck & Kie. Alle slagvee moet deur inspekteurs geïnspekteer word voordat hulle geslag word, en die beweging van alle vee word streng gekontroleer.

Kort tevore, voordat runderpes in sy volle omvang in Suider-Afrika toegeslaan het, kom Graaff vorendag met 'n besondere innovasie, een van die innovasies wat sy maatskappy aan die voorpunt plaas. Danksy sy oorsese reise raak hy oortuig dat 'n basiese vereiste vir die verspreiding van vleis oor groot gebiede 'n doelmatige vloot van koeltrokke is. Aangesien die Kaapse spoorweë nie oor sulke fasiliteite beskik nie, besluit hy om sy eie aan te koop.Op 16 Maart 1895 verskyn 'n kennisgewing in koerante wat sy maatskappy se alleenreg op die koeltrokke uitspel:

> "Combrinck & Co. and their successors have the right for the whole of South Africa to use the 'Hudson' Car, no matter by whom it may be run, as the right covers any railway, private or public, running the cars for their benefit. No company or individual or firm can hinder Messrs. Combrinck & Co. in this operation, as they have purchased the right from the inventors, nor can any individual, firm, company or government in South Africa be held liable for any royalty in respect of the use of these cars either by Combrinck & Co. for them or on their behalf."[77]

---

[75] P.B. Simons. *Ice Cold in Africa,* p. 45
[76] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 68-69.
[77] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 63-64

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff se koeltrokke word spoedig landwyd bekend. Die spoorweë begin ook koeltrokke aankoop, maar burokratiese onbeholpenheid veroorsaak dat Graaff-hulle kort-kort oor 'n ondoeltreffende diens moet kla.

Nadat Graaff 'n beherende belang in Johannesburg Cold Storage & Supply Company verkry het, moet bykomende koeltrokke en groter ysvoorrade verkry word om bevrore produkte oor die langer afstand na Transvaal te vervoer. Op 7 Desember 1895 stuur Combrincks 300 kiste botter na Johannesburg, en verneem dadelik of die drie ton ys voldoende was om hierdie metode om bederfbare goedere te vervoer suksesvol afgeloop het. In die brief word vermeld dat daar feitlik geen botter meer in Kaapstad te koop is nie, en dat die volgende besending botter eers oor 'n maand op 'n Australiese stoomskip verwag word.[78]

Een van die eerste private persone in Johannesburg wat van Combrinck se dienste gebruik maak, is die mynmagnaat (die latere sir) Abe Bailey. Op 20 Desember 1898 stel Combrincks hom in kennis dat sy bestelling van twee mandjies en een kis wildsvleis in 'n koeltrok op pad na Transvaal is.[79]

In die suide verskyn die name van verskeie bekende ander Suid-Afrikaners in die korrespondensie van Combrinck & Kie. Premiers van die Kaapkolonie, onder wie John X. Merriman en sir Gordon Sprigg, was kliënte, so ook eerw. H.C.V. Leibbrandt, die historikus en argivaris, en Francis J. Dormer, stigter van die Argus Printing and Publishing Company en die eerste redakteur van *The Star.* 'n Ander bekende was Dan Dix, eienaar van die eerste teekamer in die land, Dix's Café in Adderleystraat. Uit Elgin het sir Anthonie Viljoen, 'n pionier van die distrik se vrugtebedryf, varke wat met akkers op sy Oak Valley Estate gevoer is na die maatskappy gestuur. Die naam van R.W. Murray jr., stigter van *The Cape Times,* verskyn in briefwisseling. 'n Sonderlinge kliënt was die kommissaris van Robbeneiland, wat destyds gevangenes, melaatses en kranksinniges gehuisves het. Combrinck & Kie het ook sybokhaar en wol aangekoop van S.C. Cronwright-Schreiner van Krantz Plaas, Cradock, die eggenoot van die skrywer Olive Schreiner. Nog 'n belangrike kliënt is die Britse troepe wat aan die Kaap gestasioneer is, veral die garnisoen in Wynberg.[80]

Die moderne verkoelingingsmetodes wat Graaff as die pionier van verkoeling in Suid-Afrika begin toepas, stel hom in staat om bevrore produkte op groot skaal in te voer. Vandat die eerste vriesmasjinerie in 1892 afgelewer en in Strandstraat in werking gestel is, brei sy onderneming so uit dat hy in staat is om 'n veel groter verskeidenheid van produkte te koop aan te bied. Die aanvanklike klem op vleisprodukte word met suiwelprodukte soos botter en kaas aangevul.

Besoekers stroom op warm somerdae na die koelkamers aan Strandstraat waar hulle die vleis- en ander produkte kan besigtig wat daar geberg word. Graaff se agente reis na die binneland en die verste uithoeke van die Kaapkolonie tot in Transvaal en die Vrystaat om sy bevrore produkte te bemark, meermale met instruksies dat die vleis eers ontdooi moet word.

'n Voorbeeld van die verskeidenheid van bevrore produkte wat in Combrinck & kie se koelkamers gehou word, blyk uit 'n brief in antwoord op 'n navraag van J. Harrison, die aankoper van Dondal Currie Co. van Kaapstad, bestuurder van die Castle-skeepsredery. Hy word ingelig dat, behalwe 'n groot voorraad van koloniale bevrore beesvleis, die volgende beskikbaar is: Australiese kalkoene, konyne, hase, hoenders, eendjies, krikeende, blouvlerk-duiwe, swart eende, skaapvleis en vars botter, asook Nieu-Seelandse Edendale- en Bodalla-kaas.[81]

Afgesien van vleis- en suiwelprodukte besluit die Graaffs ook om ys te verkoop, aan groothandelaars sowel as die publiek, en dit word spoedig 'n lonende bedryf. In Maart 1896

---

[78] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, p. 290-292, brief aan Lance Donaldson van Donaldson and Sivewright, 7 Desember 1895.
[79] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 54.
[80] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 101-103.
[81] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 32.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

bestel Combrinck & Kie yshouers uit New York. Die eerste ammonium-kompressor word uit Glasgow bestel. Teen 1897 besit die maatskappy agt ys- of vries-aanlegte, waarvan ses in die Kaapkolonie. Een is op Aliwal-Noord, nog een in Kimberley, 'n derde op Beaufort-Wes, die vierde op Piketbergweg (Gouda) en die orige twee in Kaapstad. Nog twee sou in Port Elizabeth en Johannesburg volg.

Graaff bly ook op die hoogte van die ontwikkeling van preserveermiddels. Op 17 Oktober 1895 word A Curtis & Co in Johannesburg per brief meegedeel dat monsters van 'n preserveermiddels gemerk A & C na hulle gestuur is. Die middel word op vleis gestrooi om vlieë weg te hou en die resultaat is baie suksesvol. Combrincks hou 'n groot voorraad daarvan aan en kan dit teen 6¼d. per pond verskaf. [82]

Soos ander groot sakemanne wat sukses behaal het, gee hy uitvoerige aandag aan detail. Dit blyk uit 'n opdrag aan sy Australiese agent, Willoughby C. Devlin van Dunn & Co. in Queen's Place, Sydney, om 'n nuwe briefhoof te ontwerp waarop die nuwe hoofkantoor sal pryk:

> "I am sending you enclosed a perspective view of the premises now in the course of erection for Messrs. Combrinck & Co., and I wish you to prepare a plate, in your very best style, and supply a trial lot of note and letter-paper equal to sample with the present heading, so arranged as to work in advantage, and in harmony and good taste, with the addition of the view of the premsises, without taking up too much space on the paper, but at the same time taking care to so dispose your lines, and view as to ensure a good result.You will find the width of the note paper will cramp the view, but I don't suppose we can reduce the size of it in the least - for the letter paper and backs of envelopes you will find it is in good proportion. I should suppose that 1 000 sheets of note paper and perhaps the same quantity of letter paper will do for a trial lot, with (say) 1 500 to 2 000 envelopes. I think white paper and envelopes as per sample will be correct. I enclose a bill-head upon which the view of the building is required, with some particulars regarding the business in which the Company is engaged. Note: I think the view of building should be placed on the angle across envelope."[83]

Graaff bly ook op die hoogte van tegniese ontwikkelings. Toe aanbeveel word dat hy 'n mariene-ingenieur in diens neem, skryf hy terug dat hy eerder besluit het om 'n deeglik opgeleide verkoelingsingenieur uit die buiteland te laat kom – die soort spesialis wat destyds onbekend in Suid-Afrika was.

Op 22 Mei 1897 versoek hy die posterye om 'n private telefoonsentrale, met al die nuutste verbeterings en instrumente, in sy hoofkantoor in te rig. Op 4 Junie 1897 word die eerste private telefoonlyn van Dokweg na een van die maatskappy se takke in Kaapstad aangebring. Met verloop van tyd word dit na ander buitekantore uitgebrei, waardeur toesig oor takke verbeter word.

In hoeverre Graaff-hulle nogtans sonder moderne kommunikasiemetodes moes klaarkom, blyk uit die probleme met die oorplaas en versending van geld. Daar was nie oral handelsbanke nie, gevolglik moes kontant gebruik word. Een metode om mense te betaal was om halwe banknote vooruit te stuur, met die ander helftes wat later volg. 'n Brief aan E. Grobbelaar van Calvinia lui byvoorbeeld:

> "Referring to our letter of the 24th inst covering the right halves of 160 Bank notes of £5 each, we now send you under separate cover the corresponding left halves, which kindly acknowledge."[84]

---

[82] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 87, 123.
[83] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 44-45.
[84] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Lettter Book, ICS, 20 Oktober – 8 Desember 1899, p. 155, J.K. Sephenson-E. Grobbelaar, 27 Oktober 1899.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

James Keddie Stephenson blyk 'n streng en pligsgetroue bestuurder te wees van die onderneming, waar die personeel in die hoofkantoor soggens om halfvyf begin werk om vleis op te sny en na kliënte uit te stuur. Hy berispe 'n bestuurder wie se tak 'n verlies toon:

> "Be careful to see that you are not robbed. Are you first at business in the morning, and do you remain until the last thing at night and lock the door? If that is done and a careful watch kept over all your men, we think you will be able to show a better state of affairs during the month to come."[85]

Klaarblyklik verg Graaff se uitbreidende sakebedrywighede teen die laaste jare van die negentiende eeu al hoe meer aandag, en nie net weens die eise wat runderpes aan sy maatskappy stel nie. Al hoe meer bevrore vleis moet ingevoer en oor die hele Suid-Afrika versprei word. Dit verg aansienlike organisasie, veral weens burokratiese rompslomp omdat daar destyds vier verskillende spoorwegadministrasies, elk met sy eie reëls en regulasies, in Suid-Afrika was. Dit sou eers met Uniewording in 1910 tot 'n einde kom.

Op die koop toe kom 'n nuwe bedreiging vir sy onderneming mettertyd na vore in die persoon van 'n potensieel formidabele mededinger, Cecil John Rhodes, wat ook sy oog op die vleishandel het. Graaff, wat aanvanklik in die politiek met Rhodes saamgewerk het, sou na sy breuk met die groot imperialis uiteindelik met hom kragte meet as 'n finansiële mededinger. Die kragmeting met Rhodes begin in der waarheid met 'n ooreenkoms in Mei 1897 ingevolge waarvan die Charter Company onderneem het om 10 000 stuks slagvee uit die pas besette Masjonaland aan Combrinck & Kie te lewer. Weens die runderpes kon Rhodes se maatskappy nie sy verpligting nakom nie en litigasie volg daarop. Die verweerder betwis Combrincks se eis op grond daarvan dat die runderpes 'n natuurramp (Act of God) was, maar die hof beslis teen Rhodes-hulle. Skadevergoeding van £25 word aan Combrinck & Kie toegeken.[86]

Die groter wordende sakeverpligtinge speel waarskynlik 'n rol in Graaff se besluit om voorlopig uit die openbare lewe te tree. Hy bedank in 1897 as parlementslid en tree ook uit die Kaapse stadsraad.

Die vernuwings en verbeterings waarmee hy as burgemeester in Kaapstad begin het, is tydens sy verdere termyn as stadsraadslid voortgesit. In 1896 is byvoorbeeld vermeld dat nog £200 000 nodig is om die "Graaff Improvement Scheme" in Kaapstad voort te sit – waaronder £100 000 vir dreinering, £30 000 vir 'n reservoir op Tafelberg en £50 000 vir stormwaterslote.[87]

Toe hy na 'n dienstydperk van vyftien jaar as stadsraadslid uittree, het Kaapstad ingrypende veranderinge beleef en ongekende vooruitgang ervaar. Die Kaapse stadsraad aanvaar sy bedanking "…with great regret and the best thanks of the Council … for the valuable services rendered to the City … and for the untiring energy which he … invariably displayed as a member of the Corporation and as Mayor of the City."[88]

In een van sy laaste optredes in die Wetgewende Raad, waarvan hy vyf jaar lid was, steun hy 'n mosie dat skoolinspekteurs Hollands sowel as Engels moet verstaan, en hy dring daarop aan dat Hollands in skole gebruik moet word.[89] Hy sou eers kort voor Uniewording in 1910 as parlementslid terugkeer, as lid van John X. Merriman se Kaapse kabinet.

---

[85] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 97-100. Voorbeelde van Combrinck & Kie se verbeterde sakemetodes word hier uitvoeriger behandel.
[86] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p.6.
[87] *The Cape Times,*7 September 1897.
[88] Argief, Kaapse stadsraad. T. Ball, burgemeestersverslag, 1897-'98.
[89] *Hansard*, 13 Mei 1897.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Combrinck & Kie het teen 1897 feitlik alleenbeheer oor die vleishandel in 'n groot deel van Suid-Afrika, met die gevolg dat beskuldigings van 'n monopolie al hoe sterker teen die Graaffs gehoor word. Een van hul sterkste kritici is die *South African Review,* 'n knaende ondersteuner van Rhodes. Die koerant, benepe antagonisties teenoor Graaff, sou sy veldtog jare lank volhou. In byna elke uitgawe verskyn berigte met opskrifte soos "The butchers' tyranny", "Rich robbers and poor public", "The vampire meat ring" en so meer. Spotprente verskyn ook gereeld oor Graaff en sy ondersteuner sir James Sivewright.

Toe daar uiteindelik kompetisie vir die Graaffs opdaag in die persoon van 'n Australiër, William Marshall, verwelkom die *South African Review* sy bemarkingsveldtog met die slagspreuk "Cheap meat. No more rings!" Marshall speel egter binne 'n paar maande bankrot. Daarop probeer die *Review* die Kaapstadse munisipaliteit oorreed om sy eie koelkamers te bou, maar dit is ook vergeefs. Combrincks verkry die koelkamers onder die naam van 'n sindikaat, en Stephenson skryf op 4 Mei 1898: "There is not the least probability of any public body taking the matter up."[90]

Een persoon was egter wel bereid om teen die Graaffs se vleiskartel mee te ding: Cecil John Rhodes. Hy betoog in die Kaapse Parlement dat die duurder vleispryse as gevolg van die runderpes arm mense die meeste raak – en hy moet by Kimberley se diamantmyne voedsel aan 10 000 mense verskaf. Die vleiskwessie is teen hierdie tyd 'n eersteklas politieke strydvraag, met openbare agitasie teen hoë vleispryse. Die invoer van bevrore vleis is uitsluitend in die hande van Combrinck & Kie.[91]

Rhodes probeer oorreed die Kaapse regering laat in 1898 om koelkamers in te rig omdat daar te min bergingsplek vir bevrore vleis is. Toe die Schreiner-regering nie gehoor wil gee nie, kondig hy aan dat hy op sy eie sal voortgaan: "This close monopoly must not be allowed to go on." Rhodes, wat dikwels moes deurloop onder beskuldigings van die Afrikanerbond oor sy diamant-monopolie, De Beers Consolidated Mines Limited, die sterkste diamantmaatskappy ter wêreld, verklaar ook: "The distinction between the luxury of diamonds and the necessity of meat I leave to you."[92]

Rhodes se protestasies het waarskynlik meer te doen gehad met die kostestruktuur van sy mynkampongs en sy grandiose uitbreidingsplanne in Rhodesië, waar hy groot nywerhede wou vestig, eerder as kommer oor arm mense en mededinging met 'n Kaapstadse onderneming. Nogtans gee hy einde 1889 opdrag dat sy diamantmaatskappy, De Beers, verkoelingsdepots in Kaapstad en Kimberley moet bou.

Graaff toon hom aanvanklik bereidwillig om met Rhodes saam te werk. Stephenson stel voor dat Combrincks bereid is om De Beers se bederfbare goedere te berg totdat hulle self koelkamers het, teen 'n prys van 6d per skaapkarkas en 1s 6d per beeskwart. Hy wys ook daarop dat Combrincks 'n groot invoerder is en voorrade teen lae pryse kan aankoop. Hy bied aan om namens De Beers vleis in te voer, teen 'n kommissie van slegs 5 persent. Rhodes weier om in te stem. Graaff skryf gevolglik 'n brief aan hom waaruit duidelik blyk dat hy glad nie bang vir sy mededinger is nie:

> "With regard to the interview which you had with me with respect to the establishment of Cool Chambers at Cape Town, I have consulted with my people, with the result that they have decided to form an independent Company for the exploitation of Cool Storage, the Capital for the purpose having been guaranteed. My people are well advanced with the project, and so soon as ground is obtainable in the Docks whereon to erect the works they will start to do so and to fit them up. There will doubtless be competition between us for space in the Docks. Perhaps an arrangement might be arrived at so as not to drive each other up in price unnecessarily. A similar offer, but to what extent we are unable to say,

[90] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 50-51

[91] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 5.

[92] De Beers Argief, Kimberley. Rhodes op De Beers se jaarvergadering, 23 Februarie 1900.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> has, we believe, been made to Port Elizabeth. We are watching results and shall be perfectly prepared, when the time arrives, to give any opposition a heavy engagement."[93]

Rhodes, wat teen die eeuwisseling as die rykste man in Brittanje beskou is, weier om toe te gee en stig De Beers Cold Storage. Hy stuur een van De Beers se direkteure, die mynmagnaat David Harris, om 'n geskikte perseel in Kaapstad te vind. 'n Perseel in Woodstock word aanbeveel, maar Harris vind die prys te hoog en boonop is dit te ver van die dokke. Hy wys daarop dat vrag uit die dokke per trein na die perseel vervoer moet word. Dit beteken dat die nuwe maatskappy van die spoorweë afhanklik sal wees – en die kommissaris van spoorweë is J.W. Sauer, 'n vriend en regsadviseur van die Graaffs, iemand wat volgens Harris waarskynlik "a great many plausible reasons" sal vind om verkeer tussen die hawe en Woodstock se koelkamers te vertraag.[94] 'n Ander perseel word oplaas in Woodstock gevind. Rhodes, nooit suinig wanneer nuwe masjinerie en toerusting aangekoop word nie, dra sorg dat die pakhuis met die nuutste verkoelingstoerusting spog, en teen Februarie 1900 is die bouwerk afgehandel. Met sy diamantmaatskappy as 'n gewaarborgde kliënt slaag hy daarin om sy Kimberley-tak spoedig winsgewend te bedryf. In Kaapstad slaag sy verkoelingsdepot teen 1900 daarin om sonder verlies uit te kom.[95] Slegs vier maande nadat die Kaapstadse depot geopen is, beveel die takbestuurder aan dat die pakhuis van 160 000 tot 220 000 kubieke voet vergroot word.[96]

In Transvaal, waar die Johannesburg Cold Storage and Supply Company suksesvol uitbrei, kom Graaff te staan teen 'n mededinger van 'n ander aard: Transvaalsche Koelkamers Beperkt van Pretoria. Dit is een van 'n reeks monopolieë wat deur die Kruger-regering begin is om nywerheidsontwikkeling te bevorder. Die belangrikste is Eerste Fabrieken by Hatherley naby Pretoria, wat deur Sammy Marks en sy neef Isaac Lewis tot die grootste vervaardigingsonderneming in die Zuid-Afrikaansche Republiek uitgebou is. Die Transvaalse posmeester-generaal, Isaac van Alphen, is die Kruger-regering se verteenwoordiger in Transvaalsche Koelkamers en 'n neef van pres. Kruger, Piet Grobler, later 'n lid van die Unie-kabinet, dien in die direksie. Transvaalsche Koelkamers, wat op 21 Mei 1898 geregistreer is, kry voorkeur by die regering vir die verskaffing van vleis.

Graaff probeer aandele in Koelkamers verkry met 'n aanbod van 50s. per aandeel. Hy laat weet Stephenson:

> "It is a big thing, but I think we would do well to secure a preponderance of power in the Koelkamers, even if we have to pay something extra for it."[97]

Hy probeer ook met Koelkamers meeding vir die verskaffing van vleis aan die Transvaalse Staatsartillerie deur middel van die bekende ou slagtery Anghern & Piel van Johannesburg, maar voorlopig vorder sy pogings nie.

Sy uitbreidingsplanne gaan intussen elders voort. Behalwe slagpale en koelgeriewe in Kaapstad en binnelandse plekke soos Beaufort-Wes en Aliwal-Noord in die Oos-Kaap, naby die grens van die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, hou 'n Switserse meganiese ingenieur genaamd Frank Jose Kuttel toesig oor die oprigting van slagpale en koelkamers in Durban, wat nader aan die Rand en meer geskik vir die invoer van vleis uit Australië is, asook Kimberley en Port Elizabeth. Grond vir ontwikkeling word voorts in Delagoabaai (Lourenço Marques, later Maputo) verkry.

Die ambisieuse uitbreidings verg aansienlike kapitale uitleg – heelwat meer as wat die suksesvolle broers Graaff in daardie stadium kon bekostig. David en Jacobus Graaff - hul broer Jan het teen hierdie tyd by Combrincks uitgetree - begin dus nuwe planne maak. Soos David Graaff reeds teenoor Rhodes te kenne gegee het, behels dit 'n nuwe maatskappy – een met

---

[93] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 84.
[94] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS2. Brief van Harris aan direkteure van De Beers, 4 April 1899.
[95] R.I. Rotberg, *The Founder,* p. 644.
[96] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS2, J.M. Buchanan aan De Beers-direksie, 15 Oktober 1900.
[97] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 132.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

beperkte aanspreeklikheid wat met 'n aandele-uitgifte die nodige bykomende kontant kan verskaf.

Goeie regsadvies is onontbeerlik, en die Graaffs wend hulle tot Charles Leonard, die Reformis wat na die Jameson-inval uit Kaapstad ontsnap het en nou in Londen as prokureur praktiseer. Waarskynlik weens Leonard se steun vir die Afrikanerbond sowel as sy regskennis raadpleeg David Graaff hom deur sy hoofbestuurder, Stephenson, met die oog op 'n Londense notering. Stephenson wys in 'n vertroulike brief aan Leonard daarop dat al Combrinck & Kie se belange in die nuwe maatskappy sal opgaan, en dat hulle kontant sowel as aandele in die nuwe onderneming wil bekom. Hy voeg by:

> "Mr. Graaff, who would personally devote his whole time to the concern for a stated period, would be willing to take the whole of his interest in scrip."[98]

Leonard sowel as die Londense bestuurder van die Bank of Scotland raai die Graaffs aan om versigtig te beweeg in die onstabiele geldmark. Stephenson nader egter die Standard Bank in Kaapstad, waar Combrinck & Kie reeds oortrokke geriewe van £25 000 bekom het, om 'n bykomende bedrag van £50 000 beskikbaar te stel. In 'n brief van dertien bladsye beskryf hy die maatskappy se blink vooruitsigte. Al die maatskappy se eiendomme en bates is reeds ten volle betaal. In Johannesburg, Durban en Port Elizabeth oorheers Combrinck & Kie die vleishandel dermate dat al die slagters in daardie stede kontraktueel verbind is om hul bevrore voorrade van Combrincks se takke aan te koop. Die maatskappy beheer byvoorbeeld die Johannesburg Cold Storage and Supply Co. deurdat hy 39 100 van die 50 000 aandele hou. In die Goudstad, waar elke maand 25 500 skape en 4 000 osse verbruik word, lewer Combrincks se aandeelhouding 'n geskatte £30 000 per jaar terwyl die verwagte jaarlikse wins van die goed gevestigde onderneming in Kaapstad sowat £8 000 sal wees, sonder inagneming van bevrore vleis. Stephenson som sy versoek om oorbruggingsfinansiering op:

> "You will observe, how complete our organisation is in every respect, and how thoroughly we have encircled and have in our grasp the whole meat trade of the country, and it is for this reason, and because when we float we want to make the perfect appearance before the public and show conclusively by a few months' working that our estimate of profits have been borne out by results, that we now ask the additional credit of £50 000 to enable us to complete the works and keep the supplies of frozen meat going until flotation has taken place."[99]

Stephenson verwag dat die omskakeling van Combrinck & Kie in 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid teen April afgehandel sou wees. Hy onderneem voorts om Combrincks se Kaapstadse eiendom, geboue en masjinerie as aanvullende sekuriteit aan die bank te sedeer. Standard Bank, volgens Graaff sy maatskappy se enigste krediteur, staan die gevraagde oortrokke geriewe toe.

Die invoer van Australiese vleis neem dramaties toe voordat die nuwe maatskappy op die been kom. Terwyl 429 616 pond bevrore vleis in 1896 uit Australië ingevoer is, vervierdubbel die invoer tot 1 957 758 pond in 1898.[100] Dit beteken dat groot geld op die spel is, want Combrinck & Kie verkoop die ingevoerde vleis oor die hele Suid-Afrika. Die vleishandel brei so uit dat Graaff ook voelers na Argentinië uitsteek met die oog daarop om op groot skaal vleis uit Suid-Amerika in te voer.

Die nuwe maatskappy, genaamd South African Supply & Cold Storage Co. Ltd, word oplaas op 4 Mei 1899 in Londen geregistreer. Die oorspronklike koopakte, wat onder die Graaff-dokumente in die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek neffens die Parlement in Kaapstad geliasseer is, is deur die broers Graaff en 'n prokureur onderteken – David Pieter de Villiers Graaff, "Cape Colony merchant and member of the firm Combrinck & Co.", Jacobus Arnoldus

---

[98] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 107.
[99] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 110.
[100] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 49.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Combrinck Graaff sowel as Henry James Faiers van Leytonstone in Essex.[101]

Die samestelling van die direksie gaan egter gepaard met groot drama. Op 17 Mei 1899 skryf Stephenson uit Kaapstad aan Graaff, wat in Londen was om die maatskappy te loods, dat die premier van die Kaapkolonie, sir Gordon Sprigg, wat ook die leier van die Progressiewe Party is, die voorsitterskap aanvaar het. Hy stel egter as voorwaarde dat dit nie bekend gemaak moet word voordat die algemene verkiesing tien dae later gehou is nie. Die minister van landbou, sir Pieter Faure, stem in om in die direksie te dien, so ook die skeepseienaar Hendrik Stephan, maar Anders Ohlsson van bierbrou-faam wys die uitnodiging van die hand.

Sake loop skeef toe Sprigg skielik en onverwags aankondig dat hy sy benoeming as voorsitter terugtrek. Stephenson lig Graaff in dat Sprigg omgepraat is nadat Edmund Garrett, redakteur van *The Cape Times,* 'n advertensie vir sy koerant met die prospektus van die nuwe maatskappy vooraf gesien het. Garrett en ander politici stel dit daarna reguit aan Sprigg dat hy die voorsitterskap moet opgee of as leier van die Progressiewe Party moet bedank, klaarblyklik omdat hy hom by 'n maatskappy onder leiding van 'n voorste lid van die Afrikanerbond sou aansluit . Stephenson beskryf Sprigg in sy brief, gedateer 14 Junie 1899, as "the old fool" en kom tot die gevolgtrekking: "He is a wobbler and has evidently been got at by Garrett and his friends, and probably also by Rhodes himself." 'n Paar weke daarna, op 11 Julie, skryf hy verder aan Graaff: "Sir Gordon Sprigg's resignation was certainly a great drawback, but the old donkey has no backbone… He is very weak on almost every point, and politically a baby."[102]

In die omstandighede word sir Peter Faure die voorsitter en sir James Sivewright, wat vroeër deur Graaff as sy Londense verteenwoordiger aangestel is, die Londense voorsitter van die nuwe maatskappy. Sivewright, eienaar van die landgoed Lourensford naby Somerset-Wes, was in daardie stadium in Engeland nadat hy in 1898 se verkiesing 'n setel in Stellenbosch as Progressief gewen het. Net nadat hy in Desember 1898 per skip na Engeland vertrek het, is een van sy verkiesingsagente egter skuldig bevind daaraan dat hy 'n kieser probeer omkoop het. Sivewright word ontsetel en keer nie terug vir die tussenverkiesing nie. Hy bly aan in Engeland om 'n loskomkans van die Kaapse politiek te kry en op die hoogte van die Britse openbare mening teenoor Transvaal te kom.[103] Hy sou 'n belangrike rol speel in die verdere welslae van Graaff, wat as besturende direkteur van die nuwe onderneming dien.

Ondanks die woelinge in Kaapstad verloop die notering van die South African Supply & Cold Storage Co. Ltd. in Londen suksesvol. Die aanvangskapitaal beloop £450 000, verdeel in 300 000 gewone aandele en 150 000 voorkeuraandele van £1 elk.[104] Daarby word £100 000 se skuldbriewe teen 'n rentekoers van 5 persent uitgereik.[105] Onder die Suid-Afrikaners wat aandele opneem, is ook bekende Progressiewes. Stephenson noem dat Frederick York St. Leger, H.J. Dempers, Arthur Douglas, Alexander Wilmot sowel as "ons ou vriend Neethling van Stellenbosch" aandeelhouers geword het.[106]

Die meeste van Combrinck & Kie se bates word na die nuwe onderneming oorgedra. Daaronder is die hoofkantoor in Dokweg, die slagpale in Hanoverstraat, winkels en takke in Parlementstraat en die Waterkant en 'n erf in Seepunt. Vier plase in Piketbergweg word ingesluit, asook alle perde, muile, trekosse, waens, meubels, kontant en implemente van die maatskappy. Combrincks se belange op Beaufort-Wes en in Johannesburg, Durban, Pietermaritzburg en Port Elizabeth word eweneens oorgedra. Die koopprys word op £272 000

---

[101] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5.
[102] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 112-116.
[103] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel IV, pp. 572-574.
[104] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Koopakte, 4 Mei 1899.
[105] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no. 54. "Meat, Fish and other Foodstuffs".
[106] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle*,p. 115.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

vasgestel. Hiervan word £100 000 in gewone aandele, £50 000 in voorkeuraandele en die restant in kontant aan Combrincks uitbetaal.[107]

Een uitsondering wat die bates betref, is dat net 43 727 vierkante voet van die oorspronklike 38 799 vierkante jaart wat vir drooglegging langs Dokweg beoog is aan die nuwe maatskappy oorgedra word. Combrincks & Kie bly geregtig om die oorblywende deel op eie koste droog te lê.[108]

Die telegrafiese adres "Osvel" word in 1899 geregistreer. Die maatskappy reageer op 'n navraag oor die naam:

> "In reply to your enquiry regarding the derivation of the word 'Osvel', we beg to say that same is from the Dutch language and means 'Oxhide'."[109]

Kort nadat die Graaffs die nuwe maatskappy in Londen gestig het, word 'n laaste poging aangewend om oorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke te voorkom.[110] Sivewright neem uit Londen die leiding met die pogings om die Bloemfontein-konferensie tussen pres. Kruger van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Britse hoë kommissaris, Alfred Milner, te bewerkstellig, deurdat hy telegramme aan Onze Jan Hofmeyr stuur.[111] Die ontmoeting einde Mei in Bloemfontein tussen die onversetlike Kruger en die hardkoppige, benepe Milner misluk egter. Milner gee voor dat hy oor stemreg vir die Uitlanders wil onderhandel, maar Kruger takseer die aartsimperialis se ware motiewe korrek: "Dit is my land wat jy wil hê."[112] Oorlogswolke pak al hoe dreigender saam.

Die nuwe maatskappy van die Graaffs doen in die gespanne atmosfeer sake met kliënte met uiteenlopende belange. 'n Brief word byvoorbeeld op 9 Junie 1899 per adres van die Duitse konsulaat in Kaapstad aan die bevelvoerder van die Duitse vlootvaartuig Wolf gerig waarin vir die volgende jaar se verskaffing van Suid-Afrikaanse bees-, skaap- en varkvleis en Australiese bees- en skaapvleis aan die imperiale Duitse vloot getender word.[113]

Kort voordat die oorlog uitbreek, bied Sivewright aan die Transvaalse finansier en nyweraar Sammy Marks, wat bekend sou staan as die ongekroonde koning van Transvaal, 'n aandeel in die nuwe maatskappy.[114] Sivewright was 'n ou vriend van Marks, vandat hy Transvaal tevore besoek het om oor die spoorwegstelsel te onderhandel. Sivewright was ook die eerste voorsitter van Milnerton Estates toe die Kaapse eiendomsmaatskappy in 1897 gestig is, en Marks was kort daarna 'n direkteur. Mettertyd sou Graaff egter die grootste belang in Milnerton Estates bekom.

In 1899 wys Marks, wie se sakeondernemings byna almal van begunstiging deur die regering afhanklik was, egter Stephenson se aanbod van die hand. "I do not like the gentlemen connected with it nor do I approve their methods of doing business," skryf hy aan sy neef en vennoot, Isaac Lewis, wat saam met hom die onderneming Lewis & Marks bedryf.[115] Marks, altyd bedag op 'n goeie wins, sou egter nie lank uit die vleishandel uitbly nie.

---

[107] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5.
[108] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Kontrak tussen Combrinck & Kie en ICS, 7 Augustus 1903.
[109] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 99.
[110] Pres. Steyn van die Oranje-Vrystaat het onderneem om Transvaal teen 'n aanval te steun.
[111] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel IV, pp. 572-574.
[112] H. Giliomee en B. Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* p. 209.
[113] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book, ICS, 19 Mei-9 Augustus 1899, p. 245.
[114] Marks was 'n vriend van pres. Paul Kruger, wat hom 'n buitengewone guns bewys het deur hom toe te laat om die staatsmunt in Pretoria vir een dag te gebruik om 215 goue Marks-tiekies te slaan. Naas Marks se mynbelange het hy Eerste Fabrieken op Hatherley buite Pretoria begin.
[115] Sammy Marks Collection, Kaplan Centre, Universiteit van Kaapstad, SM/B32/16, Marks-Lewis 18 en 25 Junie 1899.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Oorlog

Pres. Paul Kruger se ultimatum aan Brittanje, dat die Britse troepe aan die republikeinse grense teruggetrek moet word, verstryk op 11 Oktober 1899 en die Anglo-Boere-oorlog breek uit.

Die rustige Kaapstad word 'n kookpot van bedrywigheid namate al hoe meer Britse troepe, handelaars van allerlei aard, avonturiers en oorlogskorrespondente die hawestad binnestroom.

Altesame 365 693 Britse imperiale troepe word uiteindelik by die oorlog betrek, benewens 82 741 koloniale troepe en 30 000 gewapende swartes. Aan die kant van die twee Boererepublieke het ongeveer 75 000 man geveg, onder wie 13 300 Kaapse rebelle.[1]

Die driejarige konflik, wat 'n verwoeste Suid-Afrika agterlaat, word een van die bepalendste gebeurtenisse in die land se geskiedenis. Vir die Britse ryk word dit, in die woorde van die skrywer Thomas Pakenham, die langste, die duurste, die bloedigste en die vernederendste oorlog waaraan Brittanje in die eeu tussen 1815 en 1914 deelneem. Pleks dat die oorlog teen Kersfees verby was, soos in Brittanje geglo is, duur dit byna drie jaar. 'n Oorweldigende oormag, wat die Britse belastingbetaler meer as £200 miljoen uit die sak jaag, moes uiteindelik na Suid-Afrika gestuur word.[2]

Die logistieke behoeftes van oorlogvoering oor so 'n lang afstand plaas die Britse skeepsvervoer onder groot druk. Gevolglik word soveel moontlik produkte plaaslik aangekoop, maar tog bring die Britte 360 000 perde uit 'n totaal van 519 000 per skip na Suid-Afrika.[3] Trekosse word meesal plaaslik verkry, 150 000 in die eerste vyftien maande van die oorlog. In die Kaapkolonie en Natal koop die Britte 2 163 waens en perdekarre en huur 'n verdere 1 400 ossewaens tot Maart 1900. Hiervoor word kontrakte met plaaslike maatskappye, vernaamlik met Julius Weil, gesluit.[4]

Die Britse weermag koop ook die meeste voedsel plaaslik aan. Die kontrak vir die verskaffing van vleis aan die troepe word met die aanvang van die oorlog toegeken aan die South African Cold Storage and Supply Company, die enigste leweransier in die land wat in staat is om die groot weermagbestellings met hul logistieke kompleksiteit te hanteer. Graaff se maatskappy het eensklaps 'n enorme taak op hande – een wat omvangryke organisasie en bestuurskundigheid sou verg, maar in die proses aan Graaff 'n fortuin sou besorg.

Graaff was ondanks die tekens dat oorlog onvermydelik geword het – Brittanje het reeds van September versterkings na Suid-Afrika begin stuur - tot die laaste oomblik nog hoopvol dat dit vermy kon word. Op die dag dat pres. Paul Kruger se ultimatum aan Brittanje verstryk het, 11 Oktober 1899, skryf hy aan sy ou Natalse vriend Charles G. Smith, 'n pionier van die suikerbedryf wat met Durban Cold Storage gemoeid was:

> "We begin first of all by talking of the political situation, and I regret to say that, since you wrote the letter matters have not improved. It appears to me that we are on the eve of some sad disaster; I hope there will a rift in the clouds shortly."[5]

Teen hierdie tyd het Graaff hom egter reeds vir die ergste voorberei. Hy het toe al opdrag gegee dat sorgvuldige voorraadopnames en waardasies in sy maatskappy gedoen moet word. In

---

[1] F. Pretorius (red), *Verskroeide Aarde,* p. 21.
[2] T. Pakenham, *The Boer War,* p. xv.
[3] A.T. Mahan. *The Story of the War in South Africa 1899-1900*, p. 85.
[4] K. Webb, "The Continued Importance of Geographic Distance and Boulding's Loss of Strength Gradient", *Comparative Strategy*, Volume 26, Issue 4, p. 297-299.
[5] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 140.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Transvaal tree die Kruger-regering op met die bedekte dreigement dat beslag gelê kan word op al Johannesburg Cold Storage se voorrade en pakhuise, gevolglik moet Graaff-hulle instem tot die pryse wat die regering self vasstel. Boonop verkry Transvaalsche Koelkamers 'n belangrike kontrak vir die republikeinse weermag.[6]

In Kaapstad en in Londen het onderhandelinge met die Britse owerheid oor 'n vleiskontrak nog voor die finale oorlogsverklaring begin. Kabelgramme vlieg heen en weer tussen Dokweg en die South African Cold Storage and Supply Company se kantoor by Bishopsgate Street 18 in Londen. Sivewright woon vergaderings met die Britse oorlogsministerie (War Office) by. Daar is een ander mededinger: Julius Weil, wat aanvanklik 'n tender van 10 pennies per pond teenoor Graaff-hulle se sjieling (12 pennies per pond) indien. Toe die tenders nagegaan word, skuif Weil sy bod tot 11d op. Aangesien Weil ook vir 'n ander kontrak tender en South African Cold Storage die enigste maatskappy met die nodige toerusting en organisasievermoë is, word die ooreenkoms met Graaff se maatskappy gesluit. [7]

Die kontrak behels dat 4 miljoen pond vleis aan die Britse leër in Suid-Afrika gelewer sal word, en die prys word op 11d per pond vasgestel. Volgens Stephenson sou die Britse militêre owerheid nooit Weil se aanbod aanvaar nie, aangesien hy slegs lewende hawe wou lewer. In 'n brief aan Sivewright voeg hy by dat Weil vir Graaff gelukgewens het dat sy tender aanvaar is, wel wetende dat hy (Weil) 'n laer tender ingedien het. "You will remember this is the friend whose wedding you attended. It is about time we got to know our friends."[8]

Op 17 Oktober stel Combrincks die Kaapse spoorweë in kennis:

> "We have contracted with the Imperial Government to supply meat to the Troops along the Line of Railway and for this purpose will require from time to time Refrigeration Cars for the conveyance of the meat."[9]

Combrincks wys daarop dat reeds begin is om vleis na die troepe op De Aar te stuur en versoek dat soveel moontlik koeltrokke bymekaargemaak word ten einde sonder haakplek die nodige voorrade aan die Britse regering te lewer. Terselfdertyd moet na die behoeftes van die burgerlike bevolking omgesien word, gevolglik is koeltrokke op die spoorlyn na Port Elizabeth nodig vir die vervoer van vleis. 'n Dag later skryf Graaff aan Sivewright in Londen:

> "Political things are as bad as bad can be out here and I scarcely know what to say with respect to the position of my unfortunate country … as it makes one sick to think of white men flying at other white mens' throats when matters might have been settled otherwise. Our friend Mr Hofmeyr is very grateful to you for the action that you took in England to avert such a calamity as war. I am looking forward to the time when you will be out here as there is lots to do in the way of business…"[10]

Sivewright, wat in Edinburg in Skotland die voorsitter van die South African Students' Union was, het kort na die aanvang van die oorlog 'n ambulans met Suid-Afrikaanse mediese studente na Pretoria gestuur. Dit het as die Sivewright-ambulans of die Afrikaner-ambulans bekend gestaan.[11] Kort daarna skryf Graaff oor die militêre kontrak aan hom:

> "Do not worry your head about this matter one little bit. I am quite satisfied that under the circumstances you did the very best in the interests of all concerned and as you say if you had not reduced the price to eleven pence there was just an off-chance of somebody else getting it if only for a short time. It is quite true that Weil and Oom Jannie Faure were constantly seen about the military offices…

---

[6] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 136-138.
[7] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 123.
[8] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, p. 576, Stephenson-Sivewright, 31 Oktober 1899.
[9] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 141.
[10] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, p. 558, Graaff-Sivewright, 18 Oktober 1899.
[11] J.C. de Villiers, *Healers, Helpers and Hospitals,* pp. 514-518.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> I notice with great pleasure that you have asked me to contribute on your behalf to Mr. Hofmeyr's fund for the Boer's Sick and Wounded Widows and Orphans an amount not exceeding 216 guineas. I shall discharge that pleasant duty today and I know that our friend will be very pleased and will doubtless write you a few lines in recognition of the handsome subscription himself. I have myself contributed pounds 334 odd and brother James contributed the balance making together pounds 500. Old friend Hertzog also gave pounds 500 towards the fund. I also see by the cables in this morning's papers that you have organised an ambulance corps to be sent to Pretoria. If this is so I say Bravo."[12]

Sivewright skryf 'n paar dae later uit Londen aan Graaff oor pogings om 'n skikking oor die oorlog te bereik:

> "This I can tell you that it is idle to talk about negotiations for peace at this stage and don't for Heaven's sake send (as the papers say) Merriman and Solomon here for it. Simple madness. They are both utterly discredited. I would welcome the Devil if he could do any good. But there's only one man in South Africa at present who if he came here would be listened to in official quarters – and that's Hofmeyr… They look on me as an independent Briton with a strong Afrikaner sentiment and they – the GW. party – have offered me a seat in the House of Commons if I will join them. I tell them I can't do it. I must await further developments in South Africa."[13]

Vir Graaff die entrepreneur bied die oorlogsituasie 'n besondere sakegeleentheid. Maar vir Graaff die prominente lid van die Afrikanerbond beteken die oorlog ook 'n moeilike politieke keuse.

Alles in ag genome verkeer Graaff, soos talle ander Kaapse Afrikaners, tydens die Anglo-Boere-oorlog in 'n verskeurde posisie. Terwyl sy simpatie ongetwyfeld aan Boerekant lê en hy hegte vriendskappe met die Boeregeneraals Botha en Smuts sou smee, is hy in die Kaapkolonie ook 'n onderdaan van die Britse Ryk, met wie se militêre opperbevel hy noodgedwonge sake moet doen. Indien hy sou weier, kon die Britse weermag ingevolge krygswet op sy onderneming beslag lê, ofte wel nasionaliseer – en in getuienis voor 'n Britse kommissie van ondersoek na die oorlog is die moontlikheid inderdaad deur 'n Britse offisier geopper.

Een van die sleutel-getuies voor hierdie kommissie oor die aankoop van vleis deur die Britse magte tydens die oorlog was kol. sir Wodehouse Richardson, KCB, die direkteur van voorrade (director of supplies) in Suid-Afrika onder die opperbevelhebber van die Britse magte, lord Roberts.

Richardson getuig op 24 Oktober 1902 dat hy 'n week voor die aanvang van die oorlog in Kaapstad aangeland het. Die eerste ding wat hy moes doen, was om 'n kontrak vir vleis te verkry. Hy wys daarop dat hy op 11 Maart 1902 na aanleiding van 'n bespreking in die Britse Parlement 'n memorandum aan die kwartiermeestergeneraal, as die offisier verantwoordelik vir die vleiskontrakte met die Cold Storage Company in 1899-1900, geskryf het. Daarin voer hy aan dat, pleks van buitensporig, die kontrakte vir vleisverskaffing aan die Britse troepe op aktiewe diens in Suid-Afrika eerder besonder gunstig was in soverre dit die "public purse" betref.

---

[12] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, p. 605, Graaff-Sivewright, 15 November 1899.

[13] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 7 Desember 1899 uit Bedgebury Park, Goudhurst, Kent, in besit van Graaff-familie.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die kleinhandelsprys was toe 'n sjieling (12d) per pond, beide vir plaaslik verkoelde en bevrore vleis. In Bulawayo was dit tot 2s 6d per pond. Aksynsreg op ingevoerde vleis bedra 1d tot 2d per pond. In 1889 nog het die Cold Storage Company aan die Britse Leër en Vloot bevrore vleis teen minder as 6d per pond verskaf, volgens Richardson. Die rede vir die hoë prys van vleis hierna was na sy mening deels te wyte daaraan dat die gevoel van onrus pryse laat styg het, maar hoofsaaklik omdat die runderpes tussen 50% en 75% van die veestapel in Suid-Afrika uitgewis het. Nog 'n faktor wat die prys van vleis hoog gehou het nadat die oorlog uitgebreek het, was dat die plaaslike ("Dutch") bevolking ongeneë sou wees om vee of inderdaad enige ander produk te verkoop as hulle wis dat dit vir die gebruik van (Britse) troepe sou wees. Duisende trekosse sou voorts vir oorlogsdoeleindes gebruik word en dus nie beskikbaar vir voedsel wees nie. Gevolglik het hy drastiese maatreëls aanbeveel:

> "I consequently suggested to my General the desirability from a supply point of view of proclaiming Martial Law, or of taking advantage of the Colonial Burgher Act, and commandeering cattle and supplies generally in the Cape Colony with the aid of the Civil Authorities. The High Commissioner was approached on the subject, but there were no doubt political reasons for not resorting to this expedient, which might have caused many of our difficulties in obtaining cattle, horses, and locally grown produce to disappear."

Gevra of die kontrak met die South African Cold Storage and Supply Company bevredigend gewerk het, antwoord Richardson:

> "Of course it was a very large business, much larger than we anticipated at the beginning when we were needing for 40 000 or 50 000 troops, and they were raised to 250 000. But the number was not so much the point. Nobody else could do it, nobody else had cold storage. And it was the first experiment in refrigerated meat I believe that has ever been made on active service."

Gevra hoe dit afgeloop het, antwoord hy:

> "It saved South Africa. The quantity of meat, the millions, I think three hundred or four hundred million pounds of meat that we have used, and which was to be imported, would have to be obtained from live cattle. There would not have been an ox or a sheep alive in South Africa by this time if we had not used refrigerated meat."

Hy voeg by dat die gebruik van bevrore vleis een van die groot suksesse van die Anglo-Boere-oorlog was, omdat bewys is dat bevore vleis gebruik kan word wanneer troepe per trein vervoer word. Hy wys ook daarop dat "there is nothing that gets so tough as an ox or sheep that you drive, and sheep are most difficult to drive too".[14]

Wat Richardson nie genoem het nie, is dat behalwe Julius Weil daar net een ander moontlike groot leweransier was, De Beers Cold Storage, wat in daardie stadium op 'n veel kleiner skaal sake begin doen het. De Beers se eienaar, Rhodes, was egter in Kimberley vasgekeer deurdat Boeremagte die Diamantstad op 14 Oktober 1899 omsingel het, 'n paar dae nadat pres. Kruger se ultimatum aan Brittanje verstryk het. Soos lt.-genl. George White op Ladysmith (Natal) en kol. R.S.S. Baden-Powell op Mafeking was die bevelvoerder van die Britse garnisoen, lt.kol. Robert Kekewich, onder beleg in Kimberley. Rhodes se monumentale ego lei tot heftige woordewisselings en 'n vier maande lange magstryd met Kekewich, teenoor wie hy woedend uitbars: "You low, damned, mean cur, Kekewich, you deny me at your peril."[15] Hoeveel gal Rhodes ook al wou braak, die beleg veroorsaak dat De Beers nie vleis aan die Britse troepe kon lewer nie.

Sivewright was ook bedag op mededinging van De Beers. Hy verwys vroeg in die oorlogsjare daarna in 'n brief uit Londen waarin hy Graaff vermaan dat hy moet begryp dat hulle nie meer bestuurders van die maatskappy is nie, maar trustees van die aandeelhouers. Die direksie het

---

[14] British National Library (BNL), Londen. "Royal Commission on the War in South Africa", Vol 1, 1903, p. 139-140.

[15] T. Pakenham, *The Boer War*, p. 321-323.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

nie net die reg op alle inligting nie, hulle moet dit weet, anders gaan niemand met enige selfrespek in die direksie dien nie. Hoe meer aandeelhouers daar is, skryf Sivewright, des te beter: "Specially at South Africa because De Beers, Logan & Co like neither you nor me and from sheer personal spite might try to do any injury when if they were injuring many of possibly their friends they would think a second time."[16]

'n Ander getuie voor die Britse kommissie, maj. O. Armstrong, finansiële adviseur van lord Kitchener na 1901, staaf Richardson se mening oor die vleiskontrak. Hy getuig op 10 Junie 1903 oor die eerste kontrak: "I think that was not a very favourable one to us, but I do not see what else we could have done at the time." Hy voeg by: "I do not think anybody could have come forward with the same organisation for distribution these people had."[17]

Die uiteindelike bevinding van die Britse kommissie is dat daar vir die Britse magte geen ander uitweg was as om vleis teen enige prys aan te koop nie. Toe kol. Richardson gemeen het dat die prys van bevrore vleis te hoog was, het die Cold Storage Company ingestem om die prys tot 9d per pond te verlaag. Die kommissie bevind voorts:

> "The invention of cold storage which had not previously been applied in warfare, appears to have contributed much to the success of operations on a large scale in South Africa. There seems to be justification for the contention of the supply officers that the prices, even under the first contract, though high, were not unreasonable, considering all the circumstances and the risks run by the contractors; and at any rate – and this is the point for special notice at this stage – that the delay in making arrangements till the last moment, practically left no alternative."[18]

Ondanks die feit dat hy op groot skaal met die Britse besettingsmag sake moet doen, verkeer Graaff in die paradoksale posisie dat Afrikaners in die Kaapkolonie, veral diegene wat lid van die Afrikanerbond is, met agterdog deur die Britse owerhede bejeën word.

In een stadium tydens die oorlog was Graaff blykbaar op sy plaas ingeperk. Sy oudste seun, sir De Villiers Graaff, vertel in 'n onderhoud dat sy vader tydens die oorlog 'n ruk lank in huisarres was.[19] Dit word beaam deur sy jongste seun, dr. Jannie Graaff, wat onthou dat sy moeder meermale vertel het dat haar eggenoot tydens die oorlog "prakties (in effect) in huisarres" was.[20]

Of Graaff wel in huisarres was, kon nie in bestaande dokumente bo alle twyfel vasgestel word nie. Dit was egter wel moontlik, aangesien die drakoniese krygswet wat op 18 Oktober 1901 in Kaapstad afgekondig is, voorsiening vir sulke inperkings gemaak het. Ingevolge die krygswet-regulasies kon offisiere sonder 'n lasbrief iedereen arresteer wat daarvan verdink is dat hy of sy betrokke is "in assisting the enemy, exciting disaffection, or otherwise disturbing the peace". Boere en andere kon verbied word om hul eiendom te verlaat of kon tot hul wonings ingeperk word.[21] Krygswet het almal se persoonlike vryheid in hul daaglikse lewe erg aan bande gelê en baie Kaaplanders is op plase en elders geïmmobiliseer omdat perde en ander vervoermiddels vir militêre doeleindes opgekommandeer is.[22]

---

[16] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 19 Februarie 1900 uit 27 Hertford Street, Park Lane, Londen, in besit van Graaff-familie.

[17] BNL, Londen. Royal Commission on the War in South Africa, Vol. 29, 1903, p. 572.

[18] BNL, Londen. Royal Commission on the War in South Africa, Vol 30, Report and Appendix, 1906, pp. 117-119.

[19] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", p. 81

[20] Meegedeel deur dr Jannie Graaff.

[21] National Army Museum, Londen. "Papers relating to the Administration of Martial Law in South Africa."

[22] J.H. Snyman, "Die Afrikaner in Kaapland 1899-1902", p. 411.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Een van die bekendste Kaaplanders wat vir 'n kort tydperk in huisarres was, was die formidabele Marie Koopmans-De Wet in haar woning aan Strandstraat in Kaapstad.[23] Die skryfster Olive Schreiner het ook beskryf hoe sy op Hanover ingeperk is nadat krygswet afgekondig was.[24] Selfs 'n prominente Engelssprekende soos John X. Merriman was 'n slag onder polisiebewaking op sy plaas Schoongezicht by Stellenbosch en is verbied om na Kaapstad te reis.[25] Die latere sir Anthonie Viljoen, 'n geneesheer wat lid van die Kaapse Parlement en in 1910 'n senator geword het, is ook feitlik vir die duur van die oorlog op sy plaas, Oak Valley Farm in Elgin, aangehou deur twee wagte wie se salaris hy moes betaal.[26]

In die Kaapkolonie is groot verbittering veroorsaak deur "Martjie Louw", soos "Martial Law" in die volksmond geheet het, onder meer deur die teregstelling van Kaapse rebelle. Die buitensporige hardhandigheid waarmee die Britse owerhede die krygswet-maatreëls toegepas het, versterk anti-Britse gevoelens in die Kaapkolonie en dra by tot die verdeeldheid wat die na-oorlogse jare kenmerk.[27]

Graaff se simpatie teenoor die Boere se saak, soos dié van baie ander Kaapse Afrikaners, onder wie Onze Jan Hofmeyr, word gedeel deur 'n klompie anti-imperialistiese Engelssprekendes soos John X. Merriman, die Schreiner-egpaar en die Molteno's. (Tydens die oorlog het Hofmeyr, toe 'n wewenaar, op 1 September 1900 met Johanna Hendriksz, die suster van sy oorlede vrou, getrou. Graaff skenk aan die bruid die bedrag van £525, terwyl die Afrikanerbond vir die bruidegom 'n beursie met £52 10s present gee.[28])

Volgens sy jongste seun, dr. Jannie Graaff, korrespondeer hy reg deur die oorlog met genls. Botha en Smuts. [29] Alle korrespondensie in krygswet-distrikte was egter onderworpe aan militêre sensuur.

Nog 'n faktor wat die Britte moontlik in Graaff se geval as verswarende faktor kon beskou, is dat hy 'n militêre agtergrond as die bevelvoerder en later erekolonel van die Cape Garrison Artillery Regiment gehad het.[30]

Boonop was daar familiebande – en bloed is dikker as water, in oorlogstyd soms des te meer so. Soos in die geval van 'n aantal ander Kaapse Afrikaner-families, veg minstens een Graaff as 'n Kaapse rebel aan Boerekant, dus 'n oortreding wat met die dood strafbaar was. Die rebel is David Graaff se broerskind Pieter Hendrik de Villiers Graaff, seun van sy oudste broer (eweneens genaamd Pieter Hendrik de Villiers Graaff, wat op 25-jarige ouderdom oorlede is). Omdat sy van so bekend was, gebruik die rebel, wat as 'n weeskind grootgeword het, tydens die oorlog slegs die naam Pieter de Villiers. Pieter, 'n eie neef van sir De Villiers Graaff, neem van kort na die uitbreek van die oorlog aan 25 veldslae deel voordat hy op 24 Maart 1901 gevange geneem word en die res van die oorlog in 'n krygsgevangekamp in Indië deurbring.[31]

Die Kaapse rebel se ouma, David Graaff se moeder, sterf kort na die uitbreek van die oorlog – en die Kaapse rebel is een van die erfgename wat in haar testament bevoordeel word. Die 73-jarige Anna Elizabeth Graaff is op 17 Desember 1900 op Villiersdorp oorlede. Haar doodskennisgewing word deur David Graaff onderteken. In haar testament bemaak sy haar meubels en woning op die dorp aan haar vyf oorlewende kinders, Johanna Elizabeth Catharina

---

[23] F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet,* pp. 216-225.
[24] K. Schoeman, *Only Anguish to Live Here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer War*, p. 129.
[25] J.H. Snyman, "Die Afrikaner in Kaapland 1899-1902", pp. 224-226; P. Lewsen, *John X. Merriman, Paradoxical South African Statesman,* pp. 247-248.
[26] J.C. de Villiers, *Healers, Helpers and Hospitals,* p. 393.
[27] J.S. Galbraith, "British War Measures in the Cape Colony, 1900-1902: A Study of Miscalculations and Mismanagement", p. 84.
[28] J.H.H. de Waal, *Die Lewe van David Christiaan de Waal,* p. 276.
[29] Meegedeel deur dr Jannie Graaff.
[30] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 10
[31] *The Star* het in 1976 'n artikelreeks oor Pieter onder die opskrif "The Rebel" gepubliseer. Daarin bevestig sir De Villiers Graaff dat Pieter 'n eie neef van hom was.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

(Hannie, wat met Maritz Botha getrou het), Johannes Jacobus Arnoldus (Jan of John, lid van die Kaapse Parlement), Anna Elizabeth (Van der Merwe), David en sy jonger broer, Jacobus, wat ook as eksekuteur van die boedel aangestel word. Sy stel slegs een besliste voorwaarde oor die erfporsies: dat elke erfgenaam "verplicht zal sijn" om vyftien pond sterling te betaal aan haar kleinkinders, Catharina Helena Minnaar Viljoen (geb. Delport), Anna Elizabeth Graaff en Pieter Hendrik de Villiers Graaff.[32]

Tydens die oorlog raak Graaff ook goed bevriend met F.S. (Frans) Malan, die latere minister in die eerste Unie-kabinet, aan wie in 1901 as redakteur van *Ons Land* tronkstraf opgelê is weens 'n ondermynende berig wat in sy koerant verskyn het. Malan, wat kort tevore op 1 Desember 1901 as lid van die Wetgewende Vergadering vir Malmesbury verkies is, is van sedisie en misdaad van gekweste majesteit (crimen laesae Majestatis) aangekla. Die aanklagte spruit uit die publikasie van 'n brief van twee vroue wat uit 'n konsentrasiekamp geskryf het dat genl. John French kanonne op 'n boerewoning gerig het waarin daar vroue en kinders was. Regter Twentyman Jones vonnis Malan in Kaapstad tot twaalf maande tronkstraf sonder harde arbeid voordat die vroue as getuies kon opdaag.[33] Graaff besoek Malan so gereeld moontlik in die gevangenis in Tokai en verskaf skryfbehoeftes en leesstof aan hom.[34] Malan se vrou, Johanna, is verbied om hom in die tronk te besoek, maar deur bemiddeling van Graaff verkry sy na enige weke toestemming van die Koloniale Sekretaris om hom een maal in die teenwoordigheid van die sipier te kom sien.[35]

'n Ander koerantredakteur, Albert Cartwright van die *South African News*, moes ook tronkstraf uitdien en sy koerant is gesluit voordat krygswet in Julie 1902 opgehef is, 'n paar maande nadat vyandelikhede gestaak is.[36]

Tydens die oorlog dien David Graaff en sy broer Jacobus saam met F.S. Malan in die Kaapse komitee onder voorsitterskap van Onze Jan Hofmeyr wat geld insamel om lyding te verlig wat deur die oorlog veroorsaak is. [37] Die twee broers teken elkeen dadelik vir die som van £500 op die lyste.[38] Die komitee maak byna £70 000 bymekaar vir burgers te velde en hul afhanklikes, veral die vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe. Die geld sou na die oorlog onder hulle uitgedeel word. Nog £40 000 en £25 000 se goedere word ingesamel vir gespesifiseerde krygsgevangenes.

Die konsentrasiekampe was die oorsaak van die grootste bitterheid wat na die oorlog geheers het – selfs meer so as die Britse opperbevelhebber lord Roberts se beleid van "verskroeide aarde", waardeur 30 000 plaasopstalle afgebrand, enorme getalle lewende hawe doodgemaak en voedselvoorrade in die nabyheid vernietig is.[39] Altesame 27 927 Boere het in die konsentrasiekampe gesterf: verreweg die meeste (26 251) was vroue en kinders, van wie meer as 22 000 onder die ouderdom van sestien jaar was .[40] Nadat die Britse filantroop Emily Hobhouse na haar besoeke aan Suid-Afrika 'n agitasie teen die gruwelike toestande in die

---

[32] SANA, Kaapstad. Testament van Anna Graaff, CA/MOOC 6/9/1667.

[33] F.S. Malan, "In die gevangenis", artikel in *Die Huisgenoot*, 2 Julie 1937, p. 27.

[34] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 10.

[35] F.S. Malan, "In die gevangenis", artikel in *Die Huisgenoot*, 2 Julie 1937, p. 27; Bettie Cloete, *Die Lewe van Senator F S Malan, President van die Senaat,* p. 161.

[36] N. Worden, E. van Heyningen and V. Bickford-Smith, *Cape Town. The Making of a City,* .p. 22.

[37] J H Hofmeyr en F.W. Reitz, *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, p. 557.

[38] *Die Burger*, 7 April 1927.

[39] S.B. Spies, *Methods of Barbarism?,* p. 118. Ook F. Pretorius, *Verskroeide Aarde,* p. 28, wat aantoon (p. 22) dat Roberts se opvolger, Kitchener meermale vir die beleid van "verskroeide aarde" verantwoordelik gehou word, maar dat Roberts inderdaad daarmee begin het.

[40] F. Pretorius (red), *Verskroeide Aarde,* p. 45. Die skrywer bereken dat 'n totaal van 34 116 Boeremans, -vroue en -kinders in die oorlog omgekom het, dus sowat 10 persent van die Boerebevolking van die twee republieke.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

konsentrasiekampe op tou gesit het, het die latere Britse premier Henry Campbell-Bannerman dit beskryf as "methods of barbarism" - woorde wat wêreldwyd weerklink het.[41]

Graaff en sy broers gee tydens die oorlog self finansiële steun vir mediese hulp en voorrade aan die Boerevroue en –kinders in die konsentrasiekampe. Uit Springfontein, een van die konsentrasiekampe waar die ergste sterftes voorgekom het, betuig die kamp-leraar, ds. E. Dommisse, dank aan die Boere-Hulpkomitee in Kaapstad. Hy skryf aan *Die Kerkbode*: "Hiermee wens ons ons hartlike dank aan die Komitee in Kaapstad, aan al die kinders en vriende in die Kolonie, en ook aan die here D. en J. Graaff, wat al soveel vir die kampe gedoen het, toe te bring."[42] Ds. Dommisse, wat op een dag sestien babas moes begrawe, vertel hoe hy bygestaan het as klere en ander goedere uit Kaapstad aangekom het; "met wat se dankbare harte het mense die geskenke ontvang".[43]

Na die oorlog skenk Graaff en sy broer Jacobus £100 000 vir noodleniging onder die vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe gely het. Dit is 'n enorme bedrag, gelyk aan miljoene in 21ste-eeuse terme. Die skenking is teenoor Graaff se seun, sir De Villiers Graaff, bevestig deur die vermaarde Boere-krygsman genl. Koos de la Rey se dogter Polly.[44]

Die oorlog veroorsaak nie net vir Graaff probleme wat sy persoonlike gevoelens betref nie, maar ook eindelose probleme aan die bedryfskant van sy maatskappy. Hoe gunstig ook al die vleiskontrak met die Britse weermag vir die South African Cold Storage and Supply Company se balansstaat blyk te wees, die logistiek van die oorlogspoging verg vernuf en inspanning soos sy maatskappy nog nooit beleef het nie.

Terwyl al hoe meer Britse troepe na Suid-Afrika stroom, neem die invoer van bevrore vleis sowel as lewende hawe vinnig toe, veral na die hawens van Kaapstad en Durban, waar Graaff ook 'n belang in Durban Cold Storage verkry het. Aanvanklik word hoofsaaklik vleis uit Australië ingevoer, maar naderhand ook uit Nieu-Seeland en Argentinië, 'n land met wie Graaff geruime tyd onderhandel. Einde 1902 stig hy die La Plata Cold Storage Company Limited, 'n maatskappy met eiendom aan die La Plata-rivier in Argentinië. Hy en sy broer Jacobus is die direkteure saam met John Tregidga, 'n Kaapse slagter met noue bande met die Graaffs wat na Argentinië gereis het om die transaksie te beklink.[45] Graaff vertel later dat hy in hierdie projek aansienlike hulp van die Argentynse regering gekry het, wat so gretig was dat hy die koelkamer-onderneming begin dat 'n hawehoof met toerusting soos elektriese hysers verskaf is. Spoorwegvervoer is deur private maatskappye gereël, wat trokke beskikbaar gestel het waarin net vee vervoer kon word. Die vee is van die een kant van die trokke deur hekke soos in 'n kraal ingejaag, met die gevolg dat beserings en kneusings tot 'n minimum beperk is.[46]

Die feit dat gevegte in die eerste maande van die oorlog meesal langs spoorlyne gevoer is, blyk 'n groot gelukskoot vir South African Cold Storage te wees. Australiese bevrore vleis kom in hierdie vroeë stadium teen 'n groothandelsprys van 3 tot 3½d per pond in Kaapstad aan. Die groot onsekerheid gaan oor doeltreffende verspreiding, aangesien geen leër te velde tevore van bevrore vleis voorsien is nie. Van die vier miljoen pond vleis wat ingevolge die eerste kontrak afgelewer moes word, was drie miljoen pond bevrore vleis. Die burgerlike handel was ook voordelig, aangesien die maatskappy die eerste koelkamers in groot dorpe en stede ingerig het

---

[41] H. Giliomee en B. Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 221.
[42] *Die Kerkbode*, 16 Januarie 1902.
[43] A.W.G. Raath en R.M. Louw, *Die Konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902*. Kampherinneringe van ds. E. Dommisse, Springfontein, Junie 1900-September 1902, pp. 122-152.
[44] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 10.
[45] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa*, p. 82.
[46] *Hansard*, Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange Limited. Getuienis van Graaff, 22 Junie 1922, p. 96.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

en daar vars vleis kon verkoop. Groter vervoerprobleme ontstaan eers nadat die Boere se guerrillamagte begin het om spoorlyne op te blaas en telegraafverbindings te saboteer.[47]

Hoewel Graaff sy eie koeltrokke aangekoop en voorkeur vir die vervoer van vleis by die spoorweë beding het, bly genoeg koeltrokke sowel as trokke vir lewende hawe 'n staande probleem. Spoorwegtrokke word nie net vir die vervoer van vee gebruik nie, maar ook vir oorlogstuig, ammunisie en perde, terwyl duisende Britse soldate per trein na die binneland geneem word. Wanneer trokke nie betyds wegkom nie en lank in die son staan, kan die vleis gekontamineer word. By tye word koeltrokke, wat voortdurend skoongemaak moet word om vleis so higiënies moontlik te vervoer, vir ander doeleindes gebruik, onder meer meubels en 'n vrag hawer, soms selfs as 'n gewone goederetrok.[48]

Vandat die eerste skote in die oorlog op 12 Oktober geklap het by Kraaipan aan die wesfront, waar genl. Koos de la Rey 'n Britse pantsertrein oorrompel het, behaal die Boeremagte oorwinnings by Modderspruit en Nicholsonsnek, en die beleëring van Mafeking, Kimberley en Ladysmith (Natal) begin. Hoewel die Britse magte elders welslae behaal, veroorsaak die nederlae wat hulle van 10 tot 15 Desember 1899 opeenvolgens by Stormberg, Magersfontein en Colenso op die lyf loop dat daardie week onder hulle as "Black Week" bekend staan.[49] Die Britte, aanvanklik so neerhalend oor die Boerekrygers, ontdek dat hulle teen 'n gedugte mag te staan gekom het; een wat aanvanklik met loopgraaf-oorlogvoering en naderhand met guerrilla-taktiek en berede kommando's 'n uitgerekte konflik laat voortduur.

In Kaapstad stap nog Britse versterkings voortdurend aan wal. Vragskepe wat vleis en voorrade moet inbring, hoop op in die Tafelbaaise hawe langs die Britse oorlogsbodems omdat daar nie genoeg vasmeerplek is nie en die vrag nie vinnig genoeg afgelaai kan word nie. Sommige vragskepe moes na Saldanhabaai gestuur word. 'n Streng vereiste vir bevrore vleis is dat dit by 'n temperatuur van 15 grade Fahrenheit (-9,4°Celsius) bewaar moet word. Dikwels gebeur dit dat die temperatuur in die ruime van skepe styg voordat die vleis afgelaai word, met die gevolg dat dit in die Kaapse somerhitte in 'n onbevredigende toestand aan land kom. Vragte moet naderhand bedags en snags afgelaai word. Sommige van die vragte vee wat lewend per skip vervoer word, oorleef nie die seevaart nie. Van die 510 beeste wat op die eerste besending uit Argentinië in April 1900 na Kaapstad gestuur word, vrek 300 aan boord van die vragskip S S Dorset.[50] Soms is daar nie trokke beskikbaar om vee na die slagvelde te neem nie. Toe James Keddie Stephenson 'n slag na Kaapstad terugkeer nadat hy die binnelandse poste besoek het, vind hy dat 2 067 beeste, sommige met tuberkolose-simptome, drie weke lank in die dokke aangehou is omdat geen vervoer beskikbaar was nie.[51]

Afgesien van die logistieke vervoerkwessies ontstaan verdere probleme namate die Britse magte na die Slag van Paardeberg, waar genl. Piet Cronjé op 27 Februarie 1900 met 4 000 man oorgee, stadigaan die oorhand in die oorlog begin kry en derduisende stuks vee buitmaak. Geleidelik neem South African Cold Storage beheer oor hierdie loslopende vee oor. Opgeleide slagters en veewagters vergesel die troepe en begin 'n stelsel van buiteposte en versamelingsdepots instel. Hulle word na spesifieke plekke gestuur en spesiale reëls en instruksies word vir hulle opgestel. Hulle moet boekhou van die beweging van koeltrokke, verhinder dat die slagdiere gesteel word, toesig hou oor die slag van vee en die huide en velle bewaar.[52]

Diefstal bly 'n netelige kwessie, onder meer van ys. Graaff se personeel in die binneland ontdek spoedig dat hoeveelhede ys in koeltrokke onderweg na die binneland in die warm somermaande verdwyn. Klaarblyklik is dit veral troepe wat in die somerhitte van die Karoo die ys vaslê.

---

[47] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 124.
[48] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p.166.
[49] F. Pretorius (red), *Verskroeide Aarde,* pp. 12-13.
[50] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* pp. 149-173, skryf uitvoerig oor die probleme tydens die oorlog.
[51] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book 12, ICS, p. 443-445.
[52] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 59.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Stephenson gee opdrag dat die yskompartemente in koeltrokke voortaan gesluit moet word en die spoorweë word gewaarsku dat hulle verantwoordelik gehou sal word vir skade wat die vleisbesendings as gevolg van die diefstal opdoen.[53]

Ondanks al die probleme bly die verskaffing van vleis in die oorlogsgeteisterde Suid-Afrika 'n winsgewende sake-transaksie. 'n Paar maande nadat die oorlog uitgebreek het, moet 'n nuwe vleiskontrak beding word. Op 24 Januarie 1900 – dieselfde dag as die slag van Spioenkop, die grootste veldslag van die oorlog waarin die Britte hul swaarste nederlaag ly – skryf Graaff aan Sivewright dat 'n tweede kontrak met die Britse leër gesluit is:

> "Having received a hint that the War Office was not prepared to pay more than 9d., we thought it advisable to conclude definitely here the contract under the best terms that could be obtained with a result that we have secured a contract for 12 months to come, dating from the completion of the first 4 000 000 lbs. at the same prices and on the same conditions as before, allowing the 2d. per lb. on frozen supplies… For now, you have put opposition out of the way for 12 or 14 months to come, and I may tell you that we are very well satisfied with the contract, and have no doubt you will be."[54]

Die tweede kontrak vir 'n tydperk van een jaar was klaarblyklik belangriker as 'n laer prys. Dit maak ook voorsiening vir die hantering van vee wat deur die Britte buitgemaak is, en dit blyk ewe winsgewend te wees – juis in 'n tydperk dat vleispryse en weermagkontrakte besonder lonend was. Hoewel die Britse regering daarna geld probeer terugkry het wat na bewering te veel betaal is, word 'n skikking bereik danksy Siverwight se bemiddeling met die Britse minister van oorlog in die regering van Campbell-Bannerman.[55]

Die tweede kontrak sou Graaff se posisie as dominante leweransier van die Kaapkolonie verder bestendig. Hy word 'n selfs meer vermoënde man. 'n Week voordat die kontrak aangegaan is, bestel Graaff, met die aanvang van die oorlog reeds een van die bes geklede sakemanne in 'n stad waar die destydse Victoriaanse kleredrag hoogmode was, nog een van die snyerspakke wat hy in Londen laat maak. Op 17 Januarie 1900 plaas hy per brief 'n bestelling by sy Londense kleremaker, Cooling, Lawrence & Sons in die Weseinde:

> "Dear Sirs, Be good enough to build *[sic]* me a nice suit *of* clothing, dark colour, but be sure and have nothing *slaty about it.* You know I don't like a *slaty colour.* Morning coat same as last one you made me, and this is the first time that I order clothing without being present to try it on, and that I leave the selection *of* the material to you, so if this suit is a success I may continue this method *of* business, but be sure that you select me a nice material, and forward it by parcel post - or otherwise as you may consider best - as soon as finished, addressed D P Graaff, City Club, Capetown, and advising me of despatch."[56]

'n Week tevore besoek Graaff vir Merriman, wat in sy dagboek aanteken: "Graaff called on me, very full of war and gloomy as to the future."[57] Einde Januarie is Graaff weer by Merriman, wat hom beywer vir vrede voordat buitelandse inmenging dit onmoontlik maak. Merriman skryf in sy dagboek dat, as die Boere sou weet dat hul onafhanklikheid veilig is, "…they would abandon

---

[53]. Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, p. 971, J.K. Stephenson-J.W. Townsend, 7 Desember 1899.

[54] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Letter Book O, ICS, pp. 712-714, Graaff-Sivewright, 24 Januarie 1900.

[55] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 6. In 1907 is in die Koelkamer-verslag oor die oorlogstydse kontrakte bevind: "Frozen meat held the field, trade was excellent, profits high and competition not unduly severe."

[56] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 68.

[57] P. Lewsen (red.), *Selections from the Correspondence of John X. Merriman 1899-1905*, Merriman-dagboek,, p. 138, 12 Januarie 1900.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

the war, which has cost us so heavily in every way. Graaff also called and urged the same thing! He amazed me by taking up 200 000 of our issue of Treasury Bills for himself."[58]

Namate die oorlog voortduur, maak die South African Supply & Cold Storage Company enorme winste, selfs vir 'n tydperk waarin goud- en diamantmyne kolossale meevallers oplewer. Volgens die eerste jaarverslag beloop die wins in die boekjaar Julie 1899 tot Junie 1900 byna 'n halfmiljoen pond - £462 874, op 'n markkapitalisasie van £450 000. 'n Dividend van 45 persent word verklaar.[59] In die volgende boekjaar styg die wins tot oor die miljoenkerf. Danksy die wins van £1 071 169 word 'n dividend van 105 persent uitgekeer en die reserwefonds met nog 'n miljoen pond aangevul.[60] Aandeelhouers het binne die bestek van agttien maande meer as hul aanvanklike belegging teruggekry. "Die resultate is uniek in die geskiedenis van industriële maatskappye," verklaar die voorsitter.[61]

Sivewright maak planne in Londen om vyandige propaganda oor die winste teen te werk. Hy skryf hieroor 'n brief aan Graaff: "The cry, when it is seen how well we have done, of 'Monopoly' will again be raised. Of course it is all bosh. But I want to deal with it and for that purpose let Mellor & Wild bring home with them the retail prices of Beef and Mutton throughout South Africa today with what it was in past years. Of course if the figures are against us we will say nothing."[62]

Die groot winste trek tog aandag in ander sakekringe. Isaac Lewis stuur uit Londen 'n eksemplaar van die 1901-jaarverslag aan Sammy Marks, met 'n aansporende opmerking: " I cannot help thinking that there ought to be good business in that direction…"[63] Marks sou egter eers 'n rukkie later aan die aas byt.

Gedurende die oorlog raak Graaff ook betrokke by die strydvraag oor opskorting van die Kaapse grondwet. Weens die oorlog kon die Kaapse Parlement nie in 1901 byeengeroep word nie, en teen die einde van die oorlog ontstaan 'n sterk beweging dat die grondwet van die Kaapkolonie opgeskort moet word. Milner was reeds sedert die uitbreek van die oorlog ten gunste hiervan, maar Chamberlain verskil deurentyd met hom en waarsku dat die Britse parlement so 'n ingrypende stap sonder presedent in die Britse gemenebes nie sou goedkeur nie.

Die Progressiewes was verdeeld oor die saak. Sommige staan opskorting voor, terwyl ander meen 'n kabinetskommeling is die antwoord, met Rhodes as premier in die plek van Sprigg. In die Afrikanerbond was daar ewe groot onsekerheid oor watter koers om in te slaan. Sommige Bond-leiers, onder wie Graaff, oorweeg ook die moontlikheid om Rhodes te nader. Graaff opper die idee by Hofmeyr as een van verskeie moontlikhede, omdat hulle volgens hom meer uit Rhodes as selfs 'n Bond-ministerie sou kan kry. Hofmeyr reageer dat dit 'n vernedering sou wees. Hy verkies eerder Graaff se finale voorstel, dat die Bond se parlementariërs stilweg met sake voortgaan en na hul kiesers omsien, teen korrupsie waak en hulle van onnodige aanvalle op imperiale belange weerhou. So 'n beleid hoef nie die oordeel van 'n toekomstige geskiedskrywer te vrees nie, volgens Hofmeyr. Hy vrees ook nie die inherente gevare van opskorting van die grondwet nie:

---

[58] P. Lewsen (red.), *Selections from the Correspondence of John X. Merriman 1899-1905*, Merriman-dagboek, p. 143, 29 Januarie 1900.

[59] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 124.

[60] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Jaarverslag van South African Supply and Cold Storage Company, 1901. Vergelykenderwys kan genoem word dat De Beers Consolidated Mines Limited se wins deur Rhodes vir twee agtereenvolgende boekjare tot 30 Junie 1899 op ongeveer £2 000 000 per jaar aangegee is.

[61] *The Financial News,* 31 Oktober 1901.

[62] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 6 September 1900 uit Clayquhat, P.airgowrie, in besit van Graaff-familie.

[63] Sammy Marks Collection, UK. SM/B3, Lewis-Marks 18 en 24 Oktober 1901.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "As for the 'abolition of the Constitution', do not worry yourself about threats under that head. If our Jingo friends wish to turn South Africa into a worse than Ireland, let them. We live intermingled with one another. If we have to suffer under autocratic Government, so will they. And if such Government has to come over us I for one would rather see it exercised by a Governor from England (who will not always be a Milnerite) sent over by the Imperial Government (who will not always be Chamberlainites) rather than, under the specious forms and fictions of Constitutional Government, by a bitterly anti-Dutch Colonial Jingo party. . . "[64]

Uiteindelik vergader die Kaapse Parlement wel in 1902. In hierdie sitting word geen wetgewing deurgevoer om die strawwe van Kaapse rebelle te wysig nie, met die gevolg dat 'n groot aantal rebelle ontkieser word. Altesame 12 828 Kaapse Afrikaners is uiteindelik op aanklagte van hoogverraad voor die hof gedaag, van wie 9 747 skuldig bevind is.[65]

Voordat die oorlog tot 'n einde kom, ervaar die South African Supply and Cold Storage Company al hoe meer mededinging om die voordelige kontrak met die Britse leër.

Op 27 Januarie 1901, vier dae na die dood van koningin Victoria, vra lt.kol. H.G. Morgan, direkteur van voorrade in Pretoria, in 'n kennisgewing in Suid-Afrikaanse koerante tenders vir die verskaffing van vleis aan die Britse troepe in die land vir 'n tydperk van een jaar, beginnende op 1 April 1902.

Die broers Graaff was optimisties dat hul tender aanvaar sou word; so ook De Beers Cold Storage, wat gemeen het dat hulle laer pryse kan aanbied. Rhodes, glad nie goedgesind teenoor die Graaffs nie, het waarskynlik ook gemeen dat die tekort aan slagvee goeie winste na die oorlog sou oplewer. Wat Graaff, Sivewright en ander voorste lede van South African Cold Storage betref, is hulle as "pro-Boer" beskou.[66]

Die Britse oorlogsministerie het teen hierdie tyd ander planne gehad. Op 10 Januarie 1902 word De Beers – en vermoedelik Graaff-hulle ook – in kennis gestel dat die tenders "elders geplaas" is.[67]

Kort voor lank word dit bekend dat die kontrak toegeken is aan M. Bergl & Co., 'n Australiese maatskappy met kantore in Sydney en Londen wat vleisvoorrade op groot skaal aan die Britse leër in Engeland en Skotland lewer. Bergl, wat met Australiese skeepsrederye saamgewerk het, onderneem om vleis aan die Britse troepe oral in Suid-Afrika te verskaf teen 'n prys van 45s 8d per 100 pond bevrore vleis en 70s 6d per 100 pond vir vars vleis – dus goedkoper as wat Graaff-hulle dit gedoen het. Die *South African Review,* altyd gereed om die Graaffs af te kraak, kraai oor die nuus:

> "It is expected that contractors of such varied and wide experience, and who are also favourably known for their honourable methods of business, will give every satisfaction to the military authorities."[68]

De Beers Cold Storage is egter so vasberade om die vleiskontrak te bekom dat Bergl genader word met die doel om hom uit te koop. Hulle kom ooreen oor 'n skikkingsbedrag van £100 000, hoewel Bergl daarop aandring dat De Beers alle bevrore Australiese vleis vir die volgende drie jaar deur sy sindikaat moet aankoop. Die onderhandelinge word in Londen deur een van De Beers se direkteure, Carl Meyer, 'n adviseur van lord Rothschild, gevoer en die oordrag van die kontrak word op 7 Februarie 1902 by die Britse oorlogsministerie bevestig.

---

[64] T.R.H. Davenport, *The Afrikanerbond,* p. 238. Ook Graaff-versameling, De Grendel. Brief aan Graaff, gedateer 12 Junie 1901, in besit van Graaff-familie.
[65] F. Pretorius, *Die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902,* p. 33.
[66] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 126.
[67] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 70.
[68] *South African Review* , 17 Januarie 1902.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Baie vroeg blyk egter dat die vleiskontrak groot probleme vir Rhodes veroorsaak, volgens Carl Meyer nog voordat dit in werking tree. Hy skryf uit Londen dat Bergl hulle ingeloop het. Volgens Meyer moes hulle aan Bergl sy £100 000 betaal, aangesien hy sy pond vleis geëis het en hulle nie wou toelaat om die bedrag af te trek wat die verskepingsmaatskappy beloof het om aan hulle terug te gee nie. Hy verwag nie dat hulle die kontrak vir langer as 'n jaar sal hou nie, "…but anyhow, we are being squeezed all round". Die oorlogsministerie maak ook "a great fuss" omdat De Beers nog nie 'n deposito van £200 000 betaal het nie. Meyer spreek voorts 'n minagtende oordeel oor Bergl uit wat die *South African Review* se mening lynreg weerspreek: "Bergl, I need scarcely say, turns out to be a scamp with whom decent people can hardly associate." Hoewel Bergl voorgee dat hy alles aan Rhodes-hulle oorgedra het, het hy met die Britse regering 'n afsonderlike kontrak vir die konsentrasiekampe aangegaan wat hy tot sy eie voordeel sou bedryf. Meyer merk op dat die kontrak tot almal se bevrediging uitgevoer moet word selfs al bly daar nie 'n reusagtige wins oor nie.[69]

Nadat die diamantbase van Kimberley die vleiskontrak oplaas ingepalm het, blyk dit gou-gou dat Rhodes-hulle nie rekening gehou het met 'n ander belangrike kwessie nie: kundigheid op 'n terrein waarop hulle nie bedrewe was nie. Nie net gee Graaff-hulle se jarelange ervaring hulle 'n besondere mededingende voordeel nie, hulle beskik ook oor die belangrike vervoermiddele, 'n faktor wat Rhodes en sy makkers heeltemal onderskat het. Die koeltrokke in die Kaapkolonie behoort feitlik deur die bank aan Graaff, en weens die oorlogstoestande wat die spoorweë erg ontwrig, is dit nie maklik om nuwe koeltrokke aan te skaf nie. Graaff kan dus 'n beter diens en dikwels beter vleis aan sy kliënte lewer.[70] De Beers vind by een geleentheid dat meer as 500 skaapkarkasse in 'n swak kondisie in Kimberley aankom; 'n ander keer word ontdek dat 'n hele besending varkspek van maaiers wemel. Deel van die probleem is dat die Kaapse spoorweë se trokke nie altyd genoeg verkoel is nie, terwyl ook te kenne gegee word dat nie opgemerk is dat vleis soms voor die besending bederf was nie. De Beers se direkteure is vroeer reeds gewaarsku dat hul kliënte kontant moet betaal en hul vleis self moet gaan haal, terwyl Graaff se onderneming die vleis aflewer en krediet toestaan.[71] Nogtans veroorsaak die mededinging dat Harris teen einde 1901 rapporteer dat vleispryse in die Kaapkolonie met minstens 2d tot 3d per pond afgeneem het.[72]

Toe De Beers die vleiskontrak verkry, is Rhodes 'n sterwende man. Sy longe en hart begin ingee en hy bring sy laaste dae deur in sy strandhuisie in Muizenberg, waar hy op 26 Maart 1902 die laaste asem uitblaas.[73] Hy sterf voordat die vleiskontrak 'n paar dae daarna op 1 April in werking tree. Die volgende maand word die Vrede van Vereeniging op 31 Mei gesluit en is die verwoestende oorlog verby.

Nog voor die vredesluiting is Graaff sowel as Rhodes se opvolgers besig met nuwe planne; planne wat albei mededingers ingrypend sou raak.

---

[69] Rhodes House Argief, Oxford Universiteit. MSS. Afr. s. 228, C6, Meyer-Rhodes, 15 Februarie 1902.
[70] Eric Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 86. Bevestig in onderhoud met Bill Neate.
[71] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS2. J McD Buchanan aan De Beers-direksie, 15 Oktober 1900.
[72] De Beers Argief, Kimberley. De Beers se jaarvergadering, 23 Desember 1901.
[73] R. I. Rotberg, *The Founder,* p. 674.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Imperial Cold Storage en Graaffs Trust

Teen die einde van die Anglo-Boere-oorlog was die Boererepublieke op hul knieë, daarenteen het die koopkrag van die Britse weermag met sy tienduisende imperiale troepe relatiewe voorspoed vir die kolonies van die Kaap en Natal gebring.

In Transvaal en die Vrystaat het Roberts en Kitchener se beleid van "verskroeide aarde" veroorsaak dat boerderybedrywighede feitlik tot stilstand gekom het, terwyl Transvaalse goudproduksie, die groot nuwe welvaartsbron, tydens die oorlog grotendeels gestaak is. Heropbou sou stadig begin, aanvanklik veral met die terugkeer van die burgerlike bevolking na die Goudstad, Johannesburg – waarheen ook aansienlike getalle verarmdes gestroom het wat nie meer 'n bestaan in die landbou kon maak nie.

Toe die oorlog in 1902 tot 'n einde kom, was daar tot middel 1903 in Suid-Afrika 'n kortstondige tipies na-oorlogse voorspoedsgolf, maar dit word gevolg deur 'n depressie wat tot 1909 voortsleep – een van die swaarste en langdurigste depressies wat die land nog moes deurmaak.[1]

Die inkomstebronne van die vleishandel word spoedig regstreeks geraak deur die terugkeer van sowat 250 000 Brits-imperiale soldate, van wie net 'n handjievol, 20 000, in Suid-Afrika agterbly.[2] Die Britse oorlogsmag was byna 'n kwart van die blanke bevolking van die land – in die sensus van 1904 is die getal blankes aangegee as 1 117 000 uit die totale bevolking van 5 175 200.[3] Eensklaps was daar aansienlik minder verbruikers in die vier kolonies onder die gesag van die Britse hoë kommissaris, lord Alfred Milner, die ongenaakbare verpersoonliking van imperialisme, en die amptenare-groepie van jong Oxford-geleerdes onder hom wat as sy "Kindergarten" bekend gestaan het.

Die verlies van die Britse vleiskontrak aan Rhodes se De Beers Cold Storage dwing die Graaffs om opnuut oor hul onderneming se strategie te besin. Van 1898 tot 1901, die laaste jaar waarin die South African Supply and Cold Storage Company die Britse kontrak gehad het, het die invoer van bevrore vleis van 1 965 000 pond tot net minder as 43 000 000 pond toegeneem, waarvan sowat 40 000 000 pond uit Australië gekom het.[4] Begerig om hul Australiese konneksies te versterk en sodoende die gereelde invoer van genoeg bevrore vleis vir die burgerlike bevolking te verseker, besluit hulle om 'n nuwe maatskappy te stig waarin sommige van hul bates oorgedra kan word.[5] Ander beweegredes was klaarblyklik dat hulle besef het die verlies van die oorlogskontrak beteken kleiner winste en dat daar plaaslik groter mededinging gaan wees.[6]

Die Graaffs se nuwe onderneming, die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company, word op 27 Februarie 1902 in Londen geregistreer – net agt dae nadat Rhodes ook 'n nuwe maatskappy, die Imperial Cold Storage & Supply Company Limited, in Pretoria geloods het om die vleis- en verkoelingsbelange van sy De Beers Consolidated Mines oor te neem.

De Beers wou koelkamers in Johannesburg oprig en het met voorste ondernemings in Johannesburg, waaronder Johannesburg Consolidated Investments (JCI of Johnnic), begin

---

[1] C.G.W. Schumann, "Landbou-Mynbouland 1870-1909", p. 248 in A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II.*
[2] T. Pakenham, *The Boer War,* p. 570.
[3] T. Cameron (red), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld,* p. 221. Die syfers is naasteby dieselfde as in L. Thompson, *The Unification of South Africa 1902-1910,* p. 486.
[4] *Statistical Register of the Cape of Good Hope*, 1899 en 1902.
[5] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 76.
[6] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 127.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

onderhandel.[7] Hierdie keer beland die mynmagnaat en nyweraar Sammy Marks wel deeglik in die vleishandel. Hy aanvaar 'n aanbod om 'n direkteur van Imperial Cold Storage te word nadat die sieklike Rhodes uit Londen aan hom by JCI laat weet het wie hy namens De Beers in die direksie wil benoem. Die Rhodes-manne is dr. Leander Starr Jameson, maj. Charles Mullins en kol. David Harris (wat egter bedank omdat "neither profit nor prestige" vir die nuwe onderneming wag[8] - hy word deur Thomas Gilbee Tyson vervang). Naas Marks is die ander direkteure Julius Weil, eienaar van die vervoersaak wat voertuie aan die Britse oorlogsmasjien gelewer het, en Carl Hanau van Rand Mines, wat as voorsitter dien van Imperial Cold Storage, wat op 18 Februarie 1902 in Transvaal gestig is.[9] Die aandelekapitaal van ICS is in hierdie stadium geheel en al in die hande van De Beers, Barnato Bros., JCI, Lewis & Marks, Julius Weil en die parlementslid John Stroyan. Geen aandele word aan die publiek uitgereik nie.[10] Die belang van die mynbase, onder wie 'n aantal van die Randlords, in die vleishandel is klaarblyklik: vleis moes so goedkoop moontlik vir die swart mynwerkers in die mynkampongs aangekoop word. Vandat die kampongstelsel sedert 1880 in Kimberley ingestel is om mynwerkers te huisves, is 'n pond vleis per dag aan mynwerkers verskaf. Laegraadse vleis, meesal bene, is op groot skaal aangekoop.[11]

Die stigting van die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company bring 'n einde aan die kortstondige, maar winsgewende bestaan van die Graaffs se South African Supply and Cold Storage Company. Die abnormale winste van die oue word weerspieël in die kapitalisasie van die bates en klandisiewaarde wat na die nuwe onderneming oorgedra word.

Hiervoor ontvang die ou maatskappy £1 000 000, 'n bedrag bestaande uit £333 333 in volopbetaalde gewone aandele, £150 000 in voorkeuraandele, £116 650 in skuldbriewe en die restant van £400 617 in kontant. Dit word beskou as 'n baie winsgewende transaksie op 'n tydstip dat die bedryf sy maksimum bereik het.[12]

Die nuwe maatskappy reik 'n miljoen gewone aandele teen £1 elk uit sowel as 150 000 voorkeuraandele en skuldbriewe van £500 000. Voorts word ooreengekom dat South African Supply and Cold Storage Company sy beleggings in vier filiale – Johannesburg Cold Storage, Port Elizabeth Supply & Cold Storage, Pietermaritzburg Supply & Cold Storage en Sparks & Young in Durban – aan die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company sal verkoop. Laasgenoemde maatskappy oefen uiteindelik nie sy regte uit nie, en die beleggings word verkoop aan die Cold Storage Trust, 'n houermaatskappy wat net aandele besit en in Engeland geregistreer is.[13]

Ingevolge 'n kontrak wat ICS met Combrinck & Kie aangaan, onderneem laasgenoemde om mettertyd die hele drooggelegde gebied van 113 747 vierkante voet langs Dokweg in Kaapstad aan ICS oor te dra.[14] Combrinck & Kie se droogleggingsbelange word in 1901 oorgedra aan 'n nuwe maatskappy, die South African Reclamation and Building Company, Limited, waarvan Graaff die besurende direkteur en Stephenson die hoofbestuurder is.[15]

---

[7] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS4. Londense direksie aan William Pickering, sekretaris van De Beers, 9 Januarie 1902.
[8] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS5, brief van Harris aan Pickering, 13 Maart 1902.
[9] De Beers Argief, Kimberley. De Beers se direksieverslag vir boekjaar tot 9 Januarie 1902.
[10] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 6.
[11] R. Morrell, "Farmers, Randlords and the South African State: Confrontation on the Witwatersrand Beef Markets circa 1920-1923." *Journal of African History*, Vol. 27, No. 3, p. 514.
[12] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 6.
[13] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 6.
[14] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Ooreenkoms tussen Combrincks en ICS, 7 Augustus 1903.
[15] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 5. Memorandum en oprigtingsakte gedateer 25 Julie 1901.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die gebruik destyds was dat minstens een direkteur met 'n titel in die direksie moet dien. Op die eerste vergadering van die Londense direkteure van die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company op 27 Februarie 1902 word twee titelhouers aangestel, sir Edwyn Sandes Dawes, KCMG, as voorsitter en lt.genl. sir Frederick Forestier-Walker, GCMG, KCB, voorheen bevelvoerder van die Britse troepe in die Kaapkolonie. David Graaff en Sivewright woon in April sommige van die vergaderings in Londen by. Die eerste vergadering van die Kaapse direksie word eers op 23 Mei in Kaapstad gehou. Op hierdie vergadering in die Dokweg-gebou is slegs twee direkteure teenwoordig, James Keddie Stephenson, wat weer as hoofbestuurder aangestel is, en Hendrik Stephan, 'n bekende in die visbedryf, wat in die afwesigheid van David Graaff die voorsitterstoel inneem.[16]

Verwagtinge dat vleispryse spoedig sal daal as gevolg van kwaai mededinging tussen twee sulke groot konkurrente word gou teleurgestel. Rhodes se dood ontneem Imperial Cold Storage van sy vernaamste dryfkrag. In ICS se Johannesburgse kantoor heers voorts voortdurende binnegevegte en onverkwiklikheid tussen senior peroneellede. Terselfdertyd is dit duidelik dat ICS hoegenaamd nie oor Graaff se praktiese ervaring en kundigheid in die vleisbedryf beskik nie. Gekontamineerde vleis kom by die bestemmings aan en die verlies van vee wat lewend vervoer word, is ontstellend hoog.[17] Hierbenewens het Graaff 'n sterk mededingende voordeel opgebou met die koeltrokke wat hy aangekoop het. Graaff kan nie net vleisvoorrade in 'n beter toestand vervoer nie, hy het ook spesiale spoortariewe met die Kaapse spoorweë beding.

Samesmelting lyk aangewese, en dit duur nie lank voordat voelers uitgesteek word nie. Skaars vyf maande na die stigting van die nuwe maatskappye laat weet William Pickering, sekretaris van De Beers in Kimberley, vir Thomas Tyson, pas aangestelde direkteur van ICS, dat 'n kabelgram uit die Londense kantoor ontvang is wat lui:

> "Following strictly private. Negotiations as near as possible concluded for Imperial absorbing Sivewright-de Graaff Company by increase Imperial share capital, keep this private but impress on De Beers representatives, stop at once any further expenditure and incur no liability, this is most important."[18]

Die ooreenkoms tussen die twee maatskappye is vervat in 'n dokument wat op 29 Julie 1902 voor die Londense komitee van die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company dien. Daarvolgens word hierdie maatskappy se bates en klandisiewaarde deur Imperial Cold Storage oorgeneem vir 'n bedrag van £1 650 000, betaalbaar in £1 150 000 gewone aandele en £500 000 in skuldbriewe. ICS se kapitaal word van £650 000 tot £2 000 000 verhoog. ICS sal met die oorname ook aandele sowel as ander bates in De Transvaalsche Koelkamers Beperkt en Johannesburg Cold Storage Company verkry, met die opsie om die orige aandele in filiale in Durban, Pietermaritzburg en Port Elizabeth oor te neem.

Die dokument word deur 'n drieledige ondertekening bekragtig: Graaff en Sivewright namens beide die South African Cold Storage and Supply Company en die Cold Storage Trust; Alfred Beit, Leander Starr Jameson en Isaac Lewis as verteenwoordigers van die Imperial Company; en sir Edwyn Sandes Dawes en C.S. Dicken van die Australasian Company.[19]

Die woord "Imperial" word ter herinnering aan Rhodes in die nuwe maatskappy se naam behou. Die woorde "& Supply Company" verteenwoordig die belange van die vervoersaak van Julius Weil & Co., wat nou met Rhodes saamgewerk het. Die praktiese ervaring en kundigheid van Graaff se kant word erken deurdat James Keddie Stephenson as hoofbestuurder aangestel word.[20]

---

[16] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 75-79.
[17] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS5. Brief van T.G. Tyson aan Pickering, 2 en 4 Julie 1902.
[18] De Beers Argief, Kimberley. S4/ICS7. Brief van Pickering aan Tyson, 11 Julie 1902.
[19] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 7.
[20] E. Rosenthal, *Cold Storage Chronicle,* p. 195.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die direksievergaderings sou in Johannesburg gehou word, onder voorsitterskap van maj. Harry Rogers. Die bestuur sou in Kaapstad gesetel wees en 'n spesiale komitee in Londen sou verantwoordelik wees vir sake in Brittanje.

In onderhandelinge wat dr. Jameson en Alfred Beit namens De Beers met Graaff voer, word op 22 Augustus 1902 ooreengekom dat Graaff die volle beheer en bestuur van ICS in Kaapstad sal behou.[21] 'n Kaapse komitee word vroeg in 1903 onder voorsitterskap van David Graaff saamgestel. Die ander lede is Julius Weil en die finansier Edward Ridge Syfret, wat E.R. Syfret & Company ontwikkel het en in Rhodes se laaste jare sy finansiële adviseur was. Stephenson woon ook die vergaderings by.[22] Die perseel in Dokweg in Kaapstad word uiteindelik in Februarie 1904 aan ICS oorgedra.

Hoewel dit nou kon voorkom of die hersaamgestelde Imperial Cold Storage 'n monopolie in die vleishandel bewerkstellig het, tree 'n hele aantal ambisieuse nuwe maatskappye in hierdie stadium toe tot wat hulle as 'n winsgewende bedryf beskou. Die na-oorlogse depressie tref alle sakeondernemings in Suid-Afrika egter binne 'n kort tyd nadelig. Die bedryf is oorgekapitaliseer en ervaar ernstige mededinging.[23]

Politieke figure speel steeds 'n rol in Imperial Cold Storage. Een van die direkteure wat deur Rhodes benoem is, dr. Jameson, het na Suid-Afrika teruggekeer nadat Kruger hom aan Brittanje uitgelewer het om gestraf te word. Jameson is tot vyftien maande tronkstraf veroordeel, waarvan hy 'n paar maande uitgedien het voordat hy weens swak gesondheid ontslaan is. Terug in Kaapstad word hy die leier van die Brits-gesinde Progressiewe Party in die Kaapkolonie nadat die Suid-Afrikaanse Party in 1902 deur leiers van die Afrikanerbond gestig is. In die Kaapse Parlement word die skeidslyne tussen anti-imperialiste en empire-lojaliste nou sterker.

Die naam van die Suid-Afrikaanse Party, 'n uitvloeisel van die Afrikanerbond, is aanvaar op 'n vergadering van Bondslede onder leiding van Onze Jan Hofmeyr om 'n wyer politieke party te vorm. Op die vergadering, gehou voordat die Kaapse Parlement in 1902 geprorogeer het, is ook besluit dat die Afrikanerbond sy naam sal behou. Die SAP beywer hom vir 'n verenigde Suid-Afrika op federale grondslag, onbeperkte selfregering en gelyke regte wat taal en onderwys betref. Die Engelssprekende John X. Merriman word die leier van die party.[24]

In die na-oorlogse politiek staan die Brits-gesindes onder Jameson se leiding aanvanklik sterk, deels weens die ontkiesering van Kaapse rebelle. Jameson se Progressiewes wen die verkiesing wat in 1903 in die Kaapkolonie gehou word, hoewel net-net – in die Wetgewende Raad met sy 23 lede is sy meerderheid slegs een.

Graaff bly in hierdie stadium uit die partypolitiek. Hoewel gegis word dat hy dit doen uit simpatie met die Kaapse rebelle wat hul stemreg verloor het[25], wou hy waarskynlik meer aandag aan sy sakebelange wy, soos reeds sedert 1897. Sy broer Jacobus het in elk geval tot die politiek toegetree – hy is in 1903 tot lid van Suid-Afrikaanse Party vir die Noordwestelike Sirkel in die Wetgewende Raad verkies.

Die SAP het wel die verkiesing verloor, maar die party beskik oor 'n aantal bevoegde manne, soos John X. Merriman, J.T. Molteno, Henry Burton, F.S. Malan, S.C. Cronwright-Schreiner, Harry Currey, C.J. Krige en G.H. Maasdorp. Die teenwoordigheid van prominente Engelssprekendes in die SAP, mense wat gekant was teen Britse imperialisme wat die onafhanklikheid van die Boererepublieke gewelddadig vertrap het, dra by tot vriendskaplike

---

[21] De Beers Argief, Kimberley. S4/CS1. De Beers se direksienotule, 28 November 1902.
[22] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 82.
[23] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 7.
[24] M.A.S. Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics", pp. 286-287.
[25] S. Orman, "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910", p. 82.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

samewerking tussen Engelssprekendes en Afrikaners na die oorlog. Hoewel van Britse afkoms, help sulke Engelssprekendes die Afrikaners in hul stryd teen die magte van Britse oorheersing en uitbuiting, soos verteenwoordig deur die Progressiewe Party.[26]

Toe Jameson die bewind oorneem, is die na-oorlogse depressie reeds in volle gang. Die depressie sou tydens sy bewind vererger, aangehelp deur droogtes wat die land geteister het. Die opposisiepers beskuldig die Jameson-regering boonop van ernstige finansiële wanbesteding. In 1906 beskryf *Ons Land* die regering se finansiële beleid as:

> "…een doorbrengerspolitiek, die berekend is het krediet der Kolonie te bederven, en de toekoms van de land met ondragelike schulden te bezwaren."[27]

Jameson en sy Progressiewes se reeds prekêre posisie – met 'n meerderheid van net een in die hoërhuis - sou gaandeweg verder versleg.

Ook die nuut gestigte Imperial Cold Storage voel die koue winde van die voortslepende depressie, afgesien van strawwer mededinging van nuwe toetreders tot die verkoelingsbedryf in Johannesburg. Nog 'n groot terugslag tref ICS toe die Britse leër aanvoer dat hy te veel vir die derde vleiskontrak gevra is en 'n deel van sy betaling terughou. Dit spruit uit lord Kitchener, die Britse opperbevelhebber, se besluit teen die einde van die oorlog dat dit nie meer nodig is dat ICS bevrore vleis aan die front lewer nie, aangesien die Britte groot veestapels van die Boere buitgemaak het. ICS win regsadvies in van adv. W.P. Schreiner, wat aanraai dat 'n kopie van die maatskappy se geouditeerde jaarverslag soos op 31 Maart 1903 aan die Britse oorlogsministerie gestuur word. Dit toon die verliese wat ICS gely het, waaronder die Britse leër se verskuldigde bedrag van £189 994. Toe geen positiewe reaksie ontvang word nie, besluit ICS om die Britse leër te dagvaar. Die Britse skuld neem 'n jaar later toe tot £232 000, maar die hofsaak sou nog 'n hele paar jaar voortsleep.[28]

Die verliese teen Maart 1903 veroorsaak ontsteltenis in die direksie, waar dit in elk geval gou-gou blyk dat die samesmelting van die Graaff-belange met die Rhodes-belange onder die vaandel van ICS 'n baie ongelukkige huwelik is. Tussen die direkteure sowel as die personeel heers kort-kort onenigheid.

Graaff het voorheen 'n meer optimistiese vooruitskatting oor die finansiële situasie aan die Londense komitee verskaf, gegrond op inligting wat amptenare van die maatskappy aan hom verskaf het. Hy eis nou 'n verduideliking van die Johannesburgse direksie oor die verskil tussen die geskatte en werklike verlies. Uiteindelik word 'n gewysigde, geouditeerde balansstaat en wins-en-verliesrekening in September aan die Kaapstadse komitee voorgelê. Teen die einde van die jaar is die maatskappy se rekening by Standard Bank met £24 178 oortrokke.

Die naam van 'n nuwe lid van die Kaapstadse komitee verskyn sedert 3 Oktober 1903 in die notule: Johannes Gerhardus Pieter van der Horst, wat vroeër as Graaff se private sekretaris aangestel is. Hy tree op as alternatiewe direkteur in die plek van Graaff, wat op een van sy buitelandse besoeke vertrek het. Van der Horst, 'n gekwalifiseerde prokureur wie se bekwaamheid vroeg deur Graaff raakgesien is nadat hy hom in 1899 by 'n Kaapse regsfirma aangesluit het,[29] sou vorentoe 'n belangrike rol in ICS en Graaff se lewe speel.

Vroeg in die nuwe jaar spreek ICS se hoofbestuurder, James Keddie Stephenson, die Graaffs se jarelange staatmaker sedert die dae van Combrinck & Kie, in ' n sterk bewoorde brief aan die Kaapse komitee sy ontevredenheid uit oor die situasie in die maatskappy. Hy bedank oplaas, volgens die Johannesburgse direksie se notule van 9 Maart 1904.[30] Een van die

---

[26] M.A.S. Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics", p. 297.
[27] *Ons Land,* 23 Augustus 1906.
[28] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 86.
[29] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* pp. 820-821.
[30] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 87-89.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Johannesburgse direkteure, Sammy Marks, klaarblyklik ontstoke, skryf 'n siedende brief aan sy mededirekteur Julius Weil:

> "All I can say to this is to hell with Stevenson (sic) and all like him. I can only characterise Graaff, the Stainless Knight and Stevenson and a few of their apostles as a pack of thieves."[31]

In 'n volgende brief aan Julius Weil vra Marks dat sy vennoot Isaac Lewis sy bes moet probeer om elke direksievergadering by te woon "because that crowd have made up their minds to rob the whole concern with capital and all."[32] Drie weke daarna beskou Marks, wat self 'n reputasie as 'n gewikste sakeman verwerf het, sy direkteurskap as 'n vermorsing van tyd:

> "…what I cannot do is what Sir James Sivewright and Graaff are constantly doing, that is scheming, planning and manoeuvring, and they might therefore out-manoeuvre me, and that is why I may take a sledgehammer and knock the trouble on the head. For… all the time one takes in watching these scoundrels and keeping one's hands in one's pockets to prevent them from robbing one, something else can be done."[33]

'n Opvolger vir Stephenson is geen maklike taak nie. Uiteindelik word twee mans, John Harris en Thomas Morgan, aangestel – 'n aanduiding van hoe groot Stephenson se verantwoordelikhede was. Hoewel aanvanklik gemeen is dat hulle gesamentlik die pos sal beklee, word op aanbeveling van Graaff besluit dat Harris die hoofbestuurder en Morgan sy assistent sal wees.[34]

Die wantrouige Marks gaan intussen voorts met sy agitasie. Hy waarsku Isaac Lewis in Londen dat Graaff per skip vertrek het na La Plata, die Argentynse maatskappy waarin ICS 'n belang van een-vyfde het, maar wat nou "waardeloos" is: "I give you this information so that you may be on your guard should our affable friend Sir James Sivewright come to you and offer to sell you a few La Plata shares at cost or even below cost."[35]

Slegs enkele weke na hierdie private uitbarstings skryf Marks, wat gereeld met Sivewright gekorrespondeer het, egter aan die Vlekkelose Ridder in Skotland 'n brief van gelukwensing met sy knap toespraak oor die South African & Australasian Cold Storage Company. Hy verseker hom van 'n baie warm verwelkoming as hy weer die Suid-Afrikaanse sonskyn opsoek.[36] 'n Paar dae daarna bestryk hy Sivewright verder met die heuningkwas en skilder hom in 'n Suid-Afrikaanse leiersposisie: "(South Africa) is a great country, which has been singularly favoured in many respects, but the people in it are like sheep and want a strong man to lead them. I do not wish to flatter you, but I consider that a better leader than yourself would be difficult to find…"[37] Later in die jaar nooi Marks, van geboorte 'n Litause Jood, vir Sivewright en sy eggenote vir 'n Kersmaal met 'n lekker vet kalkoen en 'n keurige Kerspoeding by Zwartkoppies, die Marks-gesin se spogwoning buite Pretoria. In dieselfde brief deel hy Sivewright mee dat Graaff in Londen is, en dat hy Isaac Lewis gevra het om sake met Graaff uit te praat voordat hy na Kaapstad terugkeer. "You are quite welcome to show this paragraph to our friend (Graaff) and you can depend on it that wherever and whenever I can do my share to pull the waggon (sic) out of the mud." Hy sluit af: "…as it is such a splendid waggon it will be such a pity if it should be pulled to pieces…"[38]

---

[31] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/21, Marks-Weil, 8 Januarie 1904. "Stainless Knight" verwys na sir James Sivewright.
[32] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/22, Marks-Weil, 30 Januarie 1904.
[33] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/22, Marks-Weil, 21 Februarie 1904.
[34] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa*, p.89.
[35] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/22, Marks-Lewis, 12 Mei 1904
[36] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/20, Marks-Sivewright, 6 Junie en 18 Junie 1904.
[37] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/22, Marks-Sivewright, 1 Julie 1904.
[38] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/20, Marks-Sivewright, 20 Augustus 1904.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die spog-wa beland volgens Marks gou-gou in die drif. Marks beskuldig Graaff en sy genote as die enigstes wat uit die maatskappy voordeel trek:

> "The Company is used as a great political lever and it matters very little to men like Graaff whether the shareholders get a return on their money or not so long as their political objects are attained."[39]

Marks se tirade kom vreemd voor, en nie net omdat hy self deurentyd so swaar op politieke begunstiging gesteun het nie. Hy gee geen aanduiding van hoe Graaff baat daarby sou vind om aandeelwaarde te vernietig nie. Graaff was immers 'n groot aandeelhouer, vyftien jaar later steeds die grootste enkele aandeelhouer in ICS, met byna 'n derde van die aandele.[40]

Marks verwys in 'n verdere brief aan Lewis na bewerings van maj. Samuel Weil, broer van die vervoermagnaat Julius Weil, dat die vleisvoorraad wat na die nuwe maatskappy oorgedra is, oud en muf is en al agt jaar daar lê.[41]

Samuel Weil beweer ook op 'n vergadering op 30 November 1904 dat Graaff in die samesmelting-onderhandelinge sy maatskappy se winssyfers oordryf het. 'n Verdere dispuut gaan oor 'n waarborg van £50 000 wat verkry is rakende die maatskappy se eis teen die Britse leër. Hoewel ICS se direkteure hul verbasing uitgespreek het omdat niemand kwansuis weet wie die waarborgers is en waar die oorspronklike waarborgdokument gehou word nie, blyk dit dat die waarborgers die oorspronklike vyf oprigters van Imperial is: De Beers Consolidated Mines, ICS, Barnato Brothers, Lewis & Marks en Julius Weil. Minstens twee van hul verteenwoordigers, Sammy Marks en Carl Hanau, was teenwoordig toe die bestaan van die waarborg openbaar gemaak is. By dieselfde geleentheid is bekend gemaak dat die oorspronklike dokument aan Graaff gegee is en in die Standard Bank in veilige bewaring gehou word. Voor die jaarvergadering word besluit dat Graaff die waarborg "in proper legal form" aan die maatskappy moet sedeer, wat hy binne die volgende paar dae doen. Nadat besluit is dat die £50 000 by winste in die balansstaat gevoeg moet word, word ICS se jaarvergadering oplaas op 25 Januarie 1905 in Johannesburg gehou.[42]

Hoewel Marks sy kritiek in private briefwisseling uitgespreek het, het hy hom waarskynlik ook op direksievergaderings en elders nie onbetuig gelaat nie, sodat Graaff daarvan bewus moes gewees het. Graaff kry 'n hele ruk daarna wel 'n wederwoord in, toe hy hom op sy beurt in die openbaar oor die bestuur van ICS uitspreek. Op 'n politieke vergadering waar hy oor sy belang in die maatskappy uitgevra word, verklaar hy dat hy net 'n aandeelhouer is. Hulle het sy dienste in die verlede telkemale probeer bekom, maar hy het gesê:

> "No, gentlemen, your ways are not my ways, and I shall have nothing to do with your company."[43]

Nadat ICS einde 1904 vir 'n tweede agtereenvolgende jaar geen dividend verklaar het nie, word 'n aantal werknemers afgedank. Die hoofbestuurder, John Harris, erken teenoor Graaff dat hy glad nie in staat is om sy pligte uit te voer nie. Hoewel 'n afdankingsbrief reeds uitgeskryf was, word hom die geleentheid gebied om summier te bedank. Sy opvolger is die energieke Thomas Morgan.[44]

Die reëling dat die direksievergaderings in Johannesburg plaasvind terwyl die bestuur in Kaapstad bly, word ook beëindig en van einde Januarie 1905 vergader die nuut saamgestelde direksie weer eens in Kaapstad. Op voorstel van een van die direkteure, Julius Weil, word sir James Sivewright die voorsitter, met maj. Charles Mullins (wat kort daarna deur Francis Oats,

---

[39] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/22, Marks-Lewis, 25 Augustus en 17 November 1904.
[40] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Box 2 in Nasionale Biblioteek. Memorandum, ongedateerd en nie onderteken nie, maar gemerk as (J K) Stephenson se dokumente, p. 1.
[41] Sammy Marks Collection, UK,SM/B2/22, Marks-Lewis,, 25 November 1904.
[42] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 93-95.
[43] *The Cape Times*, 17 Januarie 1908.
[44] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 96.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

lid van die Kaapse Parlement en 'n direkteur van De Beers, vervang word), Edward Ridge Syfret en James Keddie Stephenson as die ander lede van die direksie. Graaff is ook teenwoordig, soos ooreengekom in die samesmelting, waarvolgens hy direksievergaderings binne die eerste drie jaar mag bywoon. Hy word, soos aanbeveel in 'n brief van Stephenson, as alternatiewe direkteur vir Stephenson aangestel. In die noorde vorm Sammy Marks en Thomas Theron die Transvaalse direksie.

Ondanks die direksieskuiwe bly ICS in die moeilikheid. Die vleiskontrak vir die Britse troepe wat in Suid-Afrika agtergebly het, word aan 'n mededinger, die nuut gestigte Federal Company, toegeken, terwyl veral die sake van die Rand Cold Storage Company al hoe meer agteruitgaan. In die erger wordende depressie neem die invoer van vleis dramaties af, onder meer uit Argentinië, wat van 1903-1905 die vernaamste buitelandse leweransier was. Nog 'n nekslag is die herinstelling van invoertariewe op bevrore vleis in 1906.[45] Tot met Uniewording lê 'n baie moeilike tydperk voor, en sou dit met ICS se sake nie goed gaan nie. Een kommentator som die situasie op:

> "Chief among the sufferers was Imperial Cold Storage Company ~ whose stockholders found very 'cold' comfort, as the press aptly put it, in the reports of their company. Born of such an imposing group of sponsors, the company's affairs were marked by extravagant muddled administration and unsound financial policy."[46]

In een stadium smelt ICS selfs saam met sy mededinger die Federal Company en filiale van die Cold Storage Trust om 'n kartel te vorm. Hierdie onderneming, gestig in Oktober 1905 en genaamd die Cold Storage Association, was inderdaad die eerste vleis-kartel in Suid-Afrika. Die feitlike herlewing van 'n ongewilde monopolie word bewerkstellig deur groothandelpryse vas te pen, mededingers uit die kartel te dryf en kleinhandelslagters te verplig om voorrade slegs van lede van die kartel aan te koop.[47] Die bestaan van die Cold Storage Association is egter van korte duur. ICS kla dat die Federal Company pryse sny om 'n groter markaandeel te verkry, en wedersydse agterdog en wantroue onder lede ondermyn die beginsels waarop die samesmelting gevorm is. Die doodsklok vir die kartel lui op 'n direksievergadering op 16 Augustus 1906 in Kaapstad waar dit ontbind word. Hierna is die dae van die Federal Company ook getel, en die maatskappy verdwyn van die toneel.[48]

Openbare ontsteltenis oor die monopolistiese praktyke het tot gevolg dat J.W. Jagger in die Kaapse Parlement wetgewing teen die greep van verkoelingsmaatskappye op die kleinhandel-vleisbedryf indien. Die Meat Trade Act van 1907 maak voorsiening vir boetes van tot £500 of twaalf maande tronkstraf. Geen skuldigbevinding ingevolge die wet kon jare daarna egter opgespoor word nie.[49]

Persoonlikheidsbotsings en bedankings uit die direksie kenmerk voorts die bedrywighede van ICS. Thomas Theron (wat later op eie versoek terugkeer) en James Keddie Stephenson bedank einde 1905. Stephenson word op 1 Maart 1906 deur J.G.P. van der Horst opgevolg. 'n Week daarna tree sir James Sivewright uit as voorsitter; hy voer sy lang verblyf in Engeland as rede aan. Hy word in die Londense komitee aangestel en in die Kaap deur John Tregidga opgevolg. In Johannesburg word die direksie van Rand Cold Storage tot drie verminder: Thomas Theron, Francis Oats en Sammy Marks. Teen Oktober 1906 bedank nog twee direkteure, Edward Ridge Syfret en J.G.P. van der Horst, wat slegs sewe maande in die direksie gedien het. Van der Horst neem blykbaar nie genoeë met sy mededirekteure se hantering van geldsake nie. Toe hy agterkom dat die direkteure nie van plan is om sy bedanking op die jaarvergadering te vermeld

---

[45] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 128.
[46] S.G. Hanson, *Argentine Meat and the British Market,* p. 129.
[47] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 7.
[48] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 100.
[49] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 7.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

nie, reageer hy ontstoke. Hy verklaar dat dit die direkteure se plig is om aandeelhouers oor sy bedanking in te lig en dring daarop aan dat 'n advertensie in plaaslike koerante geplaas word. Hy dreig dat, indien hulle dit nie doen nie, hy dit self sal doen.

Op die jaarvergadering van 12 Desember 1906 wou geen direkteur as voorsitter optree nie, totdat John Tregidga oplaas die voorsitterstoel inneem. Hy deel die vergadering mee dat eiendomspryse in Suid-Afrika, ICS s'n inkluis, drasties verlaag het, dat die maatskappy se kapitaal verminder moet word en dat geen dividend verklaar word nie. Op die vergadering is maj. Samuel Weil, broer van die vervoermagnaat Julius Weil en een van die direkteure wat kort tevore verplig is om te bedank, weer eens in 'n veglustige bui. Hy beweer dat die netto wins van £12 996 'n opgeblase syfer is en dat 'n konsessie van £50 000 in Delagoabaai waardeloos geword het. Hy doen ook 'n kwaai aanval op Graaff en beskuldig hom daarvan dat hy die rol van "'n diktator van die direkteure" gespeel het. Teen die einde van die vergadering stel Samuel Weil self voor dat die resolusie aanvaar word dat die maatskappy se kapitaal tot £875 000 verminder word (van £2 miljoen, waarvan £1,75 miljoen uitgereik is). Die resolusie word eenparig aanvaar. [50]

In 1907 word dit duidelik dat die mark in bevrore vleis feitlik ineengestort het en dat ICS, met sy oormaat van infrastruktuur, op vars vleis vir inkomste sal moet staatmaak. Die hoofkantoor word in hierdie stadium na Londen verskuif, waar Sivewright weer die voorsitter van die direksie word. Twee van die agt direkteure, Sammy Marks en Thomas Theron, bly permanent in Transvaal, terwyl 'n plaaslike komitee opnuut in Kaapstad saamgestel word. Graaff, wat toenemend by die aktiewe politiek betrokke geraak het, dien nie in die direksie of bestuur nie.

Ondanks pogings tot diversifikasie sou ICS se agteruitgaande situasie nog 'n paar jaar voortduur.[51]

Graaff het intussen, hoewel hy groot welslae in die vleisbedryf behaal het, ook op ander terreine begin beweeg. Miskien die belangrikste, 'n skuif waardeur hy groter afstand tussen die Graaffs en die vennote van Imperial Cold Storage plaas, is die stigting van Graaffs Trust.

Die maatskappy, gestig om die Graaff-familie se belange te hanteer, word op 1 Julie 1905 ingevolge die Wet op Maatskappye van 1892 met beperkte aanspreeklikheid geregistreer. Die sakebelange van die Graaffs waaroor die maatskappy waak, strek teen daardie tyd reeds ver buite die vleishandel en omvat eiendomme en ondernemings wat nie noodwendig met verkoeling verband hou nie. Die trustmaatskappy, wat steeds bestaan, sou mettertyd uitgebrei word as 'n maatskappy wat private en korporatiewe kliënte voorsien van finansiële advies "gelykstaande met dié van enige van die reuse".[52]

Die eerste vergadering van die direksie word op Woensdag 4 Oktober 1905 te Koningin Victoriastraat 52 in Kaapstad, die geregisteerde adres van Graaffs Trust, gehou. Graaff woon die vergadering by saam met sy broer Jacobus. Die jonger Graaff, sedert 1903 lid van die Kaapse Parlement, het by Combrinck & Kie uitgetree toe dié maatskappy in die South African Supply and Cold Storage Limited opgegaan het. Hy sou voortaan sy sakebedrywighede op Graaffs Trust toespits. Ook teenwoordig op die eerste vergadering is J. G. P. van der Horst, wat as sekretaris van die trust aangestel word, met 'n salaris van £1 500. Daar word besluit dat Van der Horst sal voortgaan as sekretaris van die Cold Storage Trust Ltd en La Plata Cold Storage Co Ltd, en as likwidateur van die South African Supply and Cold Storage Co Ltd. Van der Horst word toegelaat om as direkteur van die Hollandsch-Afrikaansch Uitgewers Maatskappij aan te bly.

---

[50] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 100-104.
[51] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 104-107.
[52] *The Cape Times,* 13 Julie 2005: " A heritage of trust – celebrating a remarkap.e century".

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die twee Graaffs en R. S. (Roelf) van der Merwe (eggenoot van Nonnie van der Merwe, die twee broers se ouer suster Anna Elizabeth Graaff) word as direkteure aangestel, met David Graaff as uitvoerende direkteur (governing director) en as sodanig voorsitter van die direksie. Die maatskappy se kapitaal word onderskryf en toegeken aan die lede van die firma Combrinck & Kie in verhouding tot hul belang daarin, te wete twee derdes aan David Graaff en een derde aan Jacobus Graaff. Hieruit kan afgelei word dat sekere bates van Combrinck & Kie, waaronder eiendomme, uitgehou is toe die South African Cold Storage and Supply Company in 1899 gestig is.

Die personeel van Combrinck & Kie word op dieselfde diensvoorwaardes deur die nuwe trustmaatskappy oorgeneem, en die kantoormeubels word gratis oorgedra. As bankier word die Standard Bank of SA Ltd aangestel, en as prokureurs die vooraanstaande Kaapse prokureursfirma Van Zyl & Buissiné.[53]

Op die tweede vergadering van die direksie op 25 Oktober 1905 word besluit dat, ten einde Van der Merwe as direkteur te laat kwalifiseer, 100 000 aandele aan hom toegeken sal word, 66 667 van David Graaff en 33 317 van Jacobus Graaff. Die aandele-uitgifte sal in geheel deur Combrinck & Kie betaal word en die maatskappy sal van Combrinck & Kie £100 000 se tesouriewissels van die Kaapse regering oorneem.

'n Tak van Graaffs Trust word ook in Pretoria geopen. Die plaaslike Pretoriase komitee sal bestaan uit Thomas Theron, John James Grindley-Ferris en Simon Michaelson.[54]

Uit die notules blyk dit dat die trust uitgebreide belange in etlike ander ondernemings, waaronder verkoelingsmaatskappye, besit. Graaff self was 'n aandeelhouer in verskeie ondernemings, waaronder City Tramways, die Grand Parade Building en Chamberlain Building, asook die African Shipping and Agency Ltd. Die trust besit voorts 'n groot aantal eiendomme en huise wat verhuur word. Graaff was ook 'n direkteur van die Sea Point Waterworks Co.[55] Die twee broers bly groot aandeelhouers in Imperial Cold Storage en behou ook tesouriewissels.

Die trust begin vroeg met Milnerton Estates onderhandel oor die aankoop van grond in Milnerton en omgewing, waar Graaff mettertyd een van die grootste grondbesitters in en om die Kaapse Skiereiland sou word.

Die eerste direksie van Milnerton Estates, wat in 1897 gestig is, het bestaan uit sir James Sivewright (voorsitter), maj. Johnson en J. D. Logan (van Matjiesfontein-faam), W. Hare en F. J. B. Langerman. Toe Logan in 1899 bedank, word Carl Jeppe, wat in sy plek as direkteur aangestel is, die voorsitter. Ander direkteure was Anders Ohlson, Julian Neil en John G. Reid van Kaapstad, Sammy Marks van Pretoria en Gideon Brand van Zyl as alternatief vir Sivewright.

Graaffs Trust se vroeë verbintenis met Milnerton Estates blyk uit die notuleboek van 21 Augustus 1906, waarin genotuleer word dat die jaarverslag, balansstaat en wins-en-verlies-rekening van Milnerton Estates soos op 31 Maart 1906 ter tafel gelê is.[56] Die volgende jaar verklaar David Graaff op 'n vergadering van Graaffs Trust dat hy Milnerton Estates se jaarvergadering op 23 September 1907 sal bywoon. Mettertyd bekom Graaffs Trust al hoe meer aandele in Milnerton Estates, totdat beheer sewe jaar later oorgeneem word.

Reeds op die vierde vergadering van Graaffs Trust op 15 Desember 1905 kom een van Graaff se groot passies, onderwys, ter sprake. Daar word besluit om voort te gaan met 'n donasie van £200 per jaar vir tien jaar wat Graaff twee jaar tevore belowe het aan die Victoria Kollege (later die Universiteit van Stellenbosch), wat nou 'n derde £200 vra. Toe die kollege in 1909 in 'n brief

---

[53] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Inligting oor hierdie en ander direksievergaderings van Graaffs Trust Limited uit notuleboeke van die maatskappy verkry.
[54] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 25 en 31 Oktober 1905.
[55] *General Directory of Cape of Good Hope*, 1897.
[56] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 21 Augustus 1906.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

'n bedrag van £1 000 vra, antwoord sekretaris Van der Horst dat Graaff £200 oor vyf jaar belowe het, maar dat 'n tjek van £1 000 aangestuur word ter stywing van die fonds wat die kollege insamel.[57] Graaff se donasie is een van die voorlopers van die insameling wat na Uniewording uitgeloop het op die latere bekende skenking van £100 000 van Jannie Marais, wat as voorwaarde gestel het dat Afrikaans "geen mindere plek" as Engels aan die Universiteit van Stellenbosch sal beklee nie.[58]

Graaff skenk ook in 1908 'n beurs van £25 per jaar aan die South African College (die latere Universiteit van Kaapstad), 'n skenking wat tot 1910 sou geld en daarna deur hom voortgesit word.[59] Sy betrokkenheid by hierdie universiteit hou waarskynlik verband met sy noue verbintenis met die Groote Kerk, waar hy 'n lidmaat en ouderling was. Die aanvanklike besluit om so 'n "seminarium" in Kaapstad te stig, is in die konsistorie van die Groote Kerk geneem, waar 'n vergadering onder voorsitterskap van sir John Truter, later hoofregter van die Kaapkolonie, gehou is. Die NG leraar, ds. Abraham Faure, was een van die verteenwoordigers van verskillende kerkgenootskappe wat hierdie byeenkoms op 14 Oktober 1828 bygewoon het. Die formele inhuldiging van die South African College, die voorloper van die Universiteit van Kaapstad, het op 1 Oktober 1829 in 'n tweetalige diens in die Groote Kerk plaasgevind nadat aansoeke van 115 voornemende studente ontvang is.[60]

'n Lang memorandum oor die skool op Villiersdorp dien ook op Graaffs Trust se vergadering in Desember 1905.[61] 'n Nuwe skoolgebou vir Villiersdorp word in hierdie tyd 'n groot behoefte vanweë die drastiese toename van die skool se leerlingtal. Samesprekinge met die superintendent-generaal van onderwys, dr. Thomas Muir, loop egter op niks uit nie. Graaff kom hiervan te hore en bied aan om finansiële bystand met die oprigting van 'n nuwe skoolgebou te verleen. Op die skoolkomiteevergadering van 2 Desember 1905 op Villiersdorp maak die voorsitter bekend:

> "…de Ed. Heer D.P. de Villiers Graaff, het vaste aanbod aan hom gemaakt heeft om de helfte der rente van die totale bouwenkosten te betalen, voor zoolang die SchoolCom. daarvoor verantwoordelijk moge zijn." [62]

Vroeg in 1906 stel die munisipaliteit 'n terrein van tien morg aan die skoolkomitee beskikbaar vir die bedrag van £1 000, wat deur Graaff betaal word. Kort daarna word 'n aanvang gemaak met die voorbereiding van die terrein en die oprigting van die geboue van die De Villiers Graaff Instituut, die nuwe skool op Villiersdorp wat na Graaff genoem sou word.

Graaff se obsessie met onderwys spruit waarskynlik uit die feit dat hy en ander van sy familielede benadeel is in die onderrig wat hulle ontvang het, en dat hy gemeen het dit moet 'n belangrike rol in jong mense se lewe speel.[63]

Dit is nie net die skool wat toon dat Graaff sy belangstelling in sy geboortedorp behou nie. Sy suster Hannie, nou mev. Maritz Botha, woon teen hierdie tyd op die dorp, skuins oorkant die NG kerk in die sierlike Kaaps-Hollandse opstal Oude Huis. Sy skenk in 1906 die bedrag van £2 000 vir die bou van die nuwe NG pastorie op Villiersdorp, wat op haar versoek "Combrinck's

---

[57] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 26 Maart 1909.
[58] H.B. Thom (sameroeper), *Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys*, p. 60.
[59] W. Ritchie, *The History of the South African College*, p. 534.
[60] W. Ritchie, *The History of the South African College*, p. 24, en H. Philips, *The University of Cape Town 1829-1918,* p. 1.
[61] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 15 Desember 1905.
[62] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 109.
[63] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 36.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Gift" heet ter gedagtenis aan haar oud-oom Combrinck, van wie sy ruim geërf het. Die naam word op die gewel van die pastorie aangebring.[64] Op 30 Julie 1906 neem die direksie van Graaffs Trust kennis dat Graaff ingestem het om £2000 aan mev. J. C. E. Botha te leen vir die spesifieke doel om die bedrag aan die NG kerk op Villiersdorp te skenk om die koste van die oprigting van 'n nuwe pastorie te dek.[65]

Verskeie ander vooraanstaande mense word in die beginjare van Graaffs Trust ook geldelik bygestaan. Uit die notule van die plaaslike tak van Pretoria blyk dat 'n buurman van genl. Louis Botha, ene Badenhorst, aansoek om 'n lening van £450 gedoen het. Die lening word toegestaan op voorwaarde dat die nodige sekuriteit verskaf word.[66] In Augustus 1906 besluit die trust se direksie om in te stem tot 'n voorstel van die Pretoriase kantoor: dat by betaling van £900 die verband opgehef word op een van die plase waarop 'n verband van £1 400 aan genl. Koos de la Rey toegestaan is, en dat op aanbeveling van genl. Botha die rentekoers op die restant tot 7 persent verminder word.[67] Dieselfde maand word kennis geneem van lenings by Combrinck & Kie. Onder leningsbedrae verskuldig is: J. C. Krige £2 000, J. W. Sauer £3 546.14.0, John Tregidga £8 900 en sir James Sivewright £2 583.8.4.[68] In November word in opdrag van Graaff besluit tot 'n kredietgerief van £500 by Standard Bank ten gunste van F.S. Malan, en dat alle onttrekkings daarteen teen Malan se leningsrekening by Combrinck & Kie gedebiteer sal word.[69]

Graaff, hoewel vroeg in die dekade buite die partypolitiek, handhaaf steeds belangrike politieke bande, in Transvaal in die besonder met generaals Botha en Smuts, met wie hy noue vriendskapsbande aangeknoop het. Die twee toekomstige premiers van Suid-Afrika is albei oorlogshelde. Louis Botha, die besonder knap veggeneraal wat teen die Kruger-ultimatum aan Brittanje gekant was, is in 1900 na die dood van genl. Piet Joubert as waarnemende kommandant-generaal van die Boeremagte aangestel. Jan Smuts, staatsprokureur onder Kruger, was een van die voorste Transvaalse bevelvoerders en die skrywer van die skrynend anti-Britse *Een Eeuw van Onrecht*. Saam met die ander Boereheld genl. Koos de la Rey, die Leeu van Wes-Transvaal, weier hulle na die oorlog om in Milner se wetgewende raad te dien. In 1904 stig Botha en Smuts die politieke beweging Het Volk in Transvaal.

In 1905 bring Graaff 'n besoek van drie tot vier maande aan Botha in Pretoria. Op Botha se verjaardag, 27 September, skenk hy 'n silwer sigaardoos aan die Bothas. Die geskenk word aan die Graaffs terugbesorg na die dood van mev. Annie Botha.[70]

Tydens sy verblyf in Pretoria voer hy 'n gesprek oor die Transvaalse onderwysstelsel met Patrick Duncan, lid van Milner se Kindergarten, wat as minister van kolonies in die Milner-administrasie dien. Duncan laat hom per brief weet dat die verteenwoordigers van Het Volk die Milner-bewind formeel in kennis moet stel watter stelsel hulle verlang. Smuts, wat onder meer na Duncan se brief aan Graaff verwys, stuur daarna aan Duncan 'n dokument met uitvoerige voorstelle, onder meer dat gelyke tyd en aandag aan die onderrig van Engels en Hollands in alle elementêre laer skole bestee moet word.[71]

---

[64] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 109.
[65] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 30 Julie 1906.
[66] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 5 Maart 1906.
[67] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 11 Augustus 1906.
[68] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 31 Augustus 1906.
[69] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 2 November 1906.
[70] De V.Graaff, *Div Looks Back*, p. 10.
[71] W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. 3, no. 12 en 23, pp. 192-193. Sir Patrick Duncan was die latere goewerneur-generaal (1937-1943).

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Teen die einde van die jaar hou Graaff in Kaapstad 'n dinee met Smuts as eregas. Onder die ander gaste is Onze Jan Hofmeyr, J.W. Sauer, Charlie de Villiers, F.J. Centlivres, F.S. Malan, J.G.P. van der Horst, dr. Julius Petersen en H.E.S. Fremantle.[72]

Teen hierdie tyd is daar 'n sterk beweging na eenwording in Suid-Afrika, hetsy deur 'n unie of 'n federasie. Milner het op 2 April 1905 na Brittanje teruggekeer, 'n teleurgestelde imperialistiese vaandeldraer wie se "Milnerisme" vir Afrikaners die essensie van Britse verdrukking geword het. Die geskiedskrywer Leonard Thompson som sy nalatenskap op:

> "On balance … there can be little doubt that Lord Milner and the Unionist Government wrought harm in South Africa. Encouraging unattainable aspirations among British South Africans, increasing anglophobia among Afrikaners, and doing little to improve the prospects of the non-whites, they made it immeasurably more difficult for the peoples of South Africa to establish for themselves a stable and humane society."[73]

In Januarie 1906 kry Brittanje 'n nuwe regering toe die Liberale Party die Unioniste verslaan. Die nuwe premier is sir Henry Campbell-Bannerman, die man wat die Britse oorlogsmetodes in die konsentrasiekampe as "methods of barbarism" veroordeel het. Onder sy bewind word selfbestuur toegestaan aan die verslane Boerepublieke, waar nuwe politieke partye die oorhand oor die imperialisties-gesindes begin kry: onderskeidelik Het Volk met Louis Botha aan die spits in Transvaal en die Orangia Unie met Abraham Fischer as leier in die Oranjerivierkolonie. Tesame met die vordering van die Suid-Afrikaanse Party in die Kaapkolonie sou die geskiedenis van Suid-Afrika spoedig 'n nuwe beloop neem.

Op 20 Februarie 1907 wen Het Volk die algemene verkiesing in Transvaal. Graaff was in die verkiesingsveldtog verskeie weke in die hoofstad, Pretoria. Hy beland in 'n relletjie met sir Percy Fitzpatrick, wat hom daarvan beskuldig dat hy 'n vleistrust bedryf en vir die sluiting van die slaghuise van onafhanklike slagters in Pretoria verantwoordelik is. Graaff daag Fitzpatrick daarop uit dat elkeen £1 000 neersit en die geskil vir arbitrasie verwys. Die verloorder se geld kan dan na werkloses gaan. Fitzpatrick verwerp die uitdaging, om dieselfde rede waarom hy geen lastersaak instel nie teen diegene wat hom 'n "onbeskaamde leuenaar" noem – hy meen die saak moet voor die verkiesing uitgemaak word.[74]

In koerantberigte word melding gemaak dat Graaff "…door zijn daadwerkelike belangstelling in het politiek sukses van 'Het Volk' geen klein aandeel heeft gehad in de gunstige uitslag…Zijn energieke en belangelose bijstand wordt door menig 'Het Volker' hoog op prijs gesteld en zijn gesonde Afrikaanse beginselen worden oprecht gewaardeerd".[75]

Vyf jaar na die einde van die Anglo-Boere-oorlog word Botha die eerste minister en Smuts die koloniale sekretaris van die Transvaalse regering. Botha, vasbeslote om sy konsiliasie-politiek te laat slaag, bied onder meer 'n kabinetsetel aan H.C. Hull, 'n Reformis wat na die Jameson-inval tronkstraf in Pretoria uitgedien het.

Die Transvaalse parlement word op 21 Maart in Pretoria geopen. Graaff reis dieselfde aand per trein terug na Kaapstad. Voor sy vertrek bied Botha en drie van sy nuwe kabinetskollegas 'n afskeidsdinee in die Pretoria Club vir Graaff aan.[76]

Kort daarna reis Botha self na Kaapstad sodat hy op 27 Maart die Carisbrooke Castle kon haal na Londen, waarheen die Britse regering hom ontbied het om die koloniale konferensie[77] van

---

[72] W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. 3, no. 110, p. 207. Smuts-S.M. Smuts, 17 Desember 1905.
[73] L.M. Thompson, *The Unification of South Africa 1902-1910,* pp. 26-27.
[74] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land,* 18 Februarie 1907.
[75] *Volkstem,* 20 Maart 1907.
[76] *The Cape Times,* 23 Maart 1907.
[77] Op hierdie konferensie is besluit om dit voortaan gereeld te hou en die naam in die Rykskonferensie (Imperial Conference) te verander. Die eerste Rykskonferensie is in 1911 in Londen gehou. Na die Tweede Wêreldoorlog is die konferensies deur die byeenkoms van Statebondspremiers (CHOGM) vervang.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

staatsmanne by te woon. Die Transvaalse premier word op sy treinreis deur die Kaapkolonie op byna al die stasies deur klein skares ingewag. In Kaapstad ontvang hy 'n verwelkomingsadres van die burgemeester, H. Liberman, sowel as een van die Afrikanerbond, onderteken deur Onze Jan Hofmeyr, J.P.L. Volsteedt en Jacobus Graaff, wat as voorsitter van die Kaapstadse tak van die Afrikanerbond die generaal namens die Bond persoonlik verwelkom. Botha, wie se toespraak in Hollands deur die Transvaalse parlementslid W.F. Beyers in Engels getolk word, verklaar dat hy as Suid-Afrikaner en Afrikaner na Engeland gaan om na die belange van Suid-Afrika om te sien. Hy wil aan die Engelse mense wys dat die Britse Ryk in die hande van 'n Boer-ministerie so veilig soos in dié van enige ander ministerie sal wees. Hy wil voorts graag een wens uitspreek, en dit is dat "ons moet saamwerk en een edele ras uit die twee rasse in Suid-Afrika moet maak".[78]

Toe Smuts verneem dat Botha deur Graaff op die besoek aan Brittanje vergesel sal word, skryf hy uit Pretoria aan Graaff:

> "… to tell you how pleased I am to hear that it is your intention to accompany Louis to England. You are just the companion that he would want and your friendly advice to him will I feel sure be highly appreciated. You know your South Africa and know the interests and requirements and could therefore contribute very materially to the solution of some at least of the great questions … Ps. I am sure my colleagues would agree with my above premises."[79]

Graaff het ter elfder ure besluit om Botha te vergesel en word deel van sy geselskap.[80] In ander kringe was daar bedenkinge oor Botha se deelname aan die koloniale konferensie, wat hoofsaaklik oor verdediging en ekonomiese sake sou handel. Oudpres. Steyn skryf die dag nadat die Londense konferensie op 16 April geopen is vanaf sy plaas, Onze Rust, aan John X. Merriman:

> "With you I agree that it would be better if Botha did not lay the loyalty butter so very thick; I daresay he is afraid to be misjudged. I am sorry he went to London. No good will come out of it for us. He told me he is only going to listen, and will not bind us to anything. Still I am sorry he went."[81]

Steyn wys daarop dat Botha se kollegas daarop aangedring het dat hy moet gaan, onder meer om geld vir 'n landbank te verkry. Hy wonder of Botha dit sal regkry. Sy kommer blyk ongegrond te wees, want Botha keer terug met 'n belofte van 'n lening van £5 500 500 wat deur die Britse regering gewaarborg word.[82] Botha is boonop in Londen soos 'n held ontvang. Hoewel hy op die Rykskonferensie 'n ondergeskikte rol speel, kry hy meer publisiteit as enige ander afgevaardigde.[83] Hy word lid van die Geheime Raad (Privy Councillor) en met eerbewyse oorval, onder meer 'n eregraad van die Universiteit van Dublin en die reg van vrye toegang tot Edinburg en Manchester.[84]

Graaff se oorsese verpligtinge verhinder hom om die hoeksteenlegging van die nuwe skool op Villiersdorp by te woon. Hy vertrek eers op 25 Mei aan boord van die posskip uit Southampton terug na Kaapstad.[85] Die hoeksteen van die skool wat na Graaff genoem word, word op 7 Mei 1907 gelê deur Onze Jan Hofmeyr, wat na hom as 'n "edelmoedige, vrijgewige stichter" verwys.

---

[78] *The Cape Times,* 28 Maart 1907.
[79] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 22 Maart 1907 in Graaff-familie se besit.
[80] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land,* 30 Maart 1907.
[81] P. Lewsen (red.), *Selections from the Correspondence of John X. Merriman 1905-1924,* Steyn-Merriman, p. 36.
[82] F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha,* pp. 147-153.
[83] T. Cameron (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* p. 225.
[84] F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha,* pp. 147-153.
[85] *Rand Daily Mail¸* 27 Mei 1907.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die twee geboue in koloniale styl, die skool se hoofgebou met nege klaskamers en die koshuis, Graaffsaal, staan teen die helling van die berg. Die geboue "maakt… een prettige indruk" en Villiersdorp kry 'n skoolinrigting wat "een blijvend sieraad voor de dorp is", word berig.

Hofmeyr verwys in sy toespraak na die opkoms van Japan, wat van ander lande geleer en Rusland in 'n oorlog verslaan het. "Neen, de Afrikaander kan evengoed strijden voor zijn land, evengoed leren als de Japanners, mits men zijn nationale gevoel niet uitdooft, hem zijn taal niet ontneemd, hem op dieselfde manier prakties onderwijst, hem zijn oog en hand leert gebruiken, hem metodes van orde, tucht, gehoorsaamheid inprent, en het respekt dat hij heeft voor zijn 'goede familie', benuttigt als drangmiddel om hem zich te leren verheffen door arbeid en studie, in plaas van niets doende te versinken," verklaar hy. Graaff se broer Jacobus roep by die geleentheid in herinnering hoe hy as jong seun op Villiersdorp in 'n waenhuis skoolgegaan het. Mense kan vra waarom die skool nie in Kaapstad opgerig is nie, maar hy volstaan daarmee dat "er vele dierbare banden bestaan, die de Graaff's familie aan Villiersdorp verbinden".[86]

David Graaff woon die amptelike opening van die skool op 16 Augustus 1907 by. Die opening word waargeneem deur die superintendent-generaal van onderwys, dr. Thomas Muir, wat die sleutel vir die opening van die plaaslike NG leraar, ds. E.G. Malherbe, ontvang.

Graaff, wat die gehoor in Afrikaans toespreek, bepleit moedertaalonderrig in sy toespraak. Hy merk op dat Afrikaans die enigste taal is wat hy kon praat toe hy Villiersdorp verlaat het, en hy gebruik die taal nog elke dag. Maar hy het ook agtergekom dat dit nodig is om 'n ander taal te ken en elke dag te gebruik. Hy verklaar onder applous:

> "Daarom wil ik aan de kinderen zeggen, dat terwijl ik hoop dat zij de grootste aandacht zullen wijden aan hun Engelse lesse en zullen trachten om die taal so goed mogelik te kennen, want zij sullen het nodig krijgen, ik toch vertroue dat zij de taal die zij aan moeders knie geleerd hebben en in hun ouders huis praten, nooit zullen minachten of verwaarlozen. Over de taalkwestie wil ik nog dat bijvoegen, en dit is dat ik bij eigen ondervinding weet hoe moeilik dit voor een kind is om te leren door middel van een taal die hem nog onbekend is, en dat ek van gevoelen ben dat dit noodzakelik is voor ons Afrikaanse kinderen is om onderwijs in hun moedertaal te genieten."

Hy spreek hom voorts uit ten gunste van vrye en verpligte onderwys sowel as die sedelike ontwikkeling van die kind. "Op school behoren kinderen hoedanigheden als zindelikheid, hulpvaardigheid, vriendlikheid, vaarlandsliefde, gehoorsaamheid en recht te leren waarderen, anders gaat hun opvoeding mank." Hy sluit af dat 'n groot eer hom aangedoen is om die inrigting na hom te noem "en ik voel mij vereerd om mijn naam genoemd te zien in verband met die zaak van opvoeding in Villiersdorp".[87]

Graaff skenk ook 'n wapenskild van die De Villiers-familie aan die skool. Hy wys daarop dat die dorp sewentig jaar tevore deur sy oupa, P.H. de Villiers, 'n afstammeling van die Hugenote, gestig is en na hom vernoem is. Die De Villiers's kom uit die omgewing van La Rochelle in Frankryk, waarvandaan hulle tydens die vervolging van die Protestante na Holland gevlug het. Uit die ou argiewe blyk dit dat drie broers De Villiers – Pierre, Abraham en Jacob - in 1680 uit Holland na die Kaap gekom het. Al die De Villiers's in Suid-Afrika stam van hulle af, en daar is 'n hele klomp van hulle. Daar word vertel dat die oudste broer twee keer getroud is, en 25 kinders gehad en geleef het om sy honderdste kleinkind te sien. Die De Villiers's het 'n familiewapen gehad wat deur sommige familielede gebruik word, vertel Graaff. Aangesien Villiersdorp nou 'n eie munisipaliteit het wat sy eie wapenskild en seël wil hê, lyk dit vir hom na die regte en gepaste ding dat die munisipaliteit die De Villiers-familiewapen gebruik. Na konsultasie met vooraanstaande lede van die familie De Villiers doen dit hom groot genoeë om 'n kopie van die familiewapen aan die munisipaliteit te oorhandig.[88]

---

[86] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 9 Mei 1907, p. 5.
[87] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 20 Augustus 1907, p. 7; *South African News*, 19 Augustus 1907, p. 8.
[88] *South African News*, 19 Augustus 1907, p. 8.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die aanvanklike koste van die skoolgeboue beloop £13 000, waarvan Graaff die helfte bydra. Naderhand blyk dit egter dat die totale koste tot £16 000 opgeloop het. Mnr. A.M. de Villiers, 'n latere skoolhoof van die Hoërskool De Villiers Graaff, soos die Instituut mettertyd vernoem is, het 'n brief van Graaff aan ds. Malherbe in die muurkassie van die kantoor gevind, oënskynlik vir bewaring in die skoolargief. De Villiers, wat van 1920 tot 1951 die skoolhoof was, skryf daaroor:

> "In die brief maak sir David vir ds. Malherbe daarop attent dat die werklike koste van die geboue R4 000 (£2 000) meer is as wat beraam was, wat beteken dat hy nou meer sal moet bydra as die bedrag wat hy ingestem het om te betaal. Sir David gee sy misnoeë te kenne dat addisionele koste aangegaan is sonder sy wete en toestemming. Ek het die inhoud van die brief met ds. Malherbe bespreek en hy het gesê dat die addisionele koste te wyte was aan sekere noodsaaklike 'ekstras' wat aan die geboue moes gedoen word nadat die kontrak so te sê reeds voltooi was. Hy het dit aan sir David verduidelik en hy was daarmee tevrede. Ek het van ds. Malherbe verstaan dat die totale koste om en by R32 000 (£16 000) was."[89]

Graaff speel intussen 'n rol in die skenking van die Cullinan-diamant aan die Britse koning, 'n stap wat groot opspraak wek. As vriend van Botha moedig hy die Boeregeneraal, wat met sy konsiliasie-beleid vas geglo het dat die Afrikaanse en Engelse "rasse" versoen moet word, aan om die uitsonderlike diamant aan koning Eduard VII te skenk.[90] Die edelsteen van 3 106 karaat, die grootste diamant wat ooit ontdek is,[91] is genoem na sir Thomas Cullinan, die eienaar van die Premier-myn naby Pretoria waar dit in 1905 uitgehaal is. Die yslike edelsteen, te duur vir private besit, word vir £150 000 verkoop aan die Transvaalse regering, wat dit daarna aan die Britse koning skenk.

Die Botha-kabinet doen die skenking in 'n poging om Britse argwaan weens Transvaalse trou aan die kroon uit die weg te ruim. Toe Botha egter in die Volksraad sy voorstel indien dat die Cullinan-diamant aan die Britse vors geskenk word "as 'n uitdrukking van gehegtheid van die waardering van die volk van Transvaal jeens die persoon en troon van Sy Majesteit", is die Brits-gesinde Progressiewe opposisie heftig daarteen gekant. In die debat op 19 Augustus 1907 bestry sir George Farrar en sir Percy Fitzpatrick die voorstel namens die opposisie. Hulle beweer dat dit ontydig is weens Transvaal se swak finansiële en ekonomiese posisie, maar die skenking word oorweldigend met 42 stemme teen 19 goedgekeur.[92]

Botha kry daarna tog iets terug vir sy skouspelagtige welwillendheidsgebaar. Op dieselfde aand van die debat in die Transvaalse Volksraad besluit die Britse Laerhuis met 199 stemme teen 62 om 'n lening van £5 miljoen pond aan Transvaal toe te staan. Die Transvaalse skatkis was toe "heeltemal leeg" en 'n groot gedeelte van die lening word vir die stigting van die Landbank gebruik. Voorts word gratis primêre onderwys ingestel, die spoorweë uitgebrei, proefplase ontwikkel en die veldtog teen veesiektes versterk. 'n Verdere gevolg is dat die Progressiewe lojaliste se aansien taan onder die mynhuis-base wat hulle finansieel gesteun het.

Botha se biograaf Engelenburg beskou die Cullinan-skenking nogtans as moontlik die allereerste element in die groeiende verdenking onder sy volk dat Botha mooi op pad was om te verengels.[93]

---

[89] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 230.
[90] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 12.
[91] Die Cullinan is inderdaad vier keer groter as die naasgrootste diamant, die Golden Jubilee van 755 karaat, wat in 1985 in die Premier-myn in Suid-Afrika ontdek is.
[92] C.V. Engelenburg, *Generaal Louis Botha,* p. 160.
[93] C.V. Engelenburg, *Generaal Louis Botha,* p. 161.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Koning Eduard VII, wat die troon na die dood van sy moeder, koningin Victoria, bestyg het, kom later te hore van Graaff se rol in die Cullinan-skenking. Toe Graaff aan hom voorgestel word, gee die koning hom hand en sê met groot warmte: "Graaff, Graaff, jy is my vriend."[94]

Die diamant is deur Joseph Asscher van die Koninklijke Asscher Diamant Maatschappij van Amsterdam in nege groot en honderd kleiner diamante gesplyt en gepoleer. Die grootste steen wat uit die Cullinan gesny is, die peervormige Ster van Afrika, pryk in die koninklike septer wat saam met die Britse kroonjuwele in die Londense Tower gehou word.

Toe verskeie prominente Transvaalse politici in 1909 in Londen in verband met unifikasie besoek, word 'n noenmaal vir hulle in die Buckingham-paleis aangebied. Die koninklike egpaar nooi Botha, Smuts en Henry Hull daarna om die Cullinan-kroonjuwele te besigtig. Hull vra die koning om ook die ander Transvaalse gaste, Farrar en Fitzpatrick, te nooi. Koning Eduard, bewus dat hierdie tweetal hulle teen die skenking beywer het, "smaak genot" uit Hull se ondeunde inval en roep hulle in om getuie te wees van die sukses van Botha se "beau geste".[95]

'n Latere politieke teenstander, Arthur G. Barlow, is ook deur Graaff gehelp. Barlow was redakteur en hoofbestuurder van die Bloemfonteinse blad *The Friend* toe dit aan nuwe eienaars verkoop is kort voordat selfbestuur in 1907 aan die Vrystaat toegestaan is. By 'n noenmaal in Pretoria verkry Barlow £8 000 van Botha en Smuts en ander vriende waarmee aandele gekoop moet word wat gelykop onder die Vrystaters Abraham Fischer, genl. Hertzog, C.H. Wessels en Jack Brebner verdeel moet word. Barlow reis daarna na Graaff in Kaapstad, waar hy van sy sekretaris, Van der Horst, 'n verdere £2 000 verkry om in aandele om te skep.[96]

Graaff verkoop ook in die loop van 1907 die Argentynse maatskappy La Plata Cold Storage aan die Amerikaanse onderneming Swift & Company.[97] Sy toenemende betrokkenheid by die politiek loop einde 1907 daarop uit dat hy tot die aktiewe politiek in die Kaapkolonie terugkeer.

---

[94] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 12.
[95] C.V. Engelenburg, *Generaal Louis Botha,* p. 164.
[96] Arthur G. Barlow, *Almost in Confidence,* p. 113.
[97] *Die Burger,* 14 April 1931.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 7

Uniewording

Graaff se terugkeer tot die politiek val saam met verdere tekens van grondverskuiwings in die politieke landskap van Suid-Afrika. In die Oranjerivierkolonie volg die Orangia-Unie in die spore van Het Volk in Transvaal en behaal in November 1907 'n oorweldigende oorwinning in die algemene verkiesing wat op die toekenning van selfbestuur gevolg het. Fischer word die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog minister van justisie en onderwys en genl. Christiaan de Wet minister van landbou.

In die Kaapkolonie verkeer die Jameson-regering teen hierdie tyd onder groot druk. Die depressie wat sedert 1903 voortduur, dwing die premier, dr. Leander Starr Jameson, om belastings te verhoog en amptenare af te dank.[1] Sy Progressiewe Party loop in September 1907 'n parlementêre nederlaag op die lyf as gevolg van een van sy lede, J.D. (Jimmy) Logan, se hernieude onbetroubaarheid.

Die maneuvers van Logan, dieselfde man wie se optrede die eerste Rhodes-ministerie tot 'n val gebring het, veroorsaak dat 'n begrotingswetsontwerp nie aangeneem kan word nie. As gevolg van die parlementêre dooie punt word 'n verkiesing van die Wetgewende Raad vir 21 Januarie 1908 uitgeskryf. Die verkiesing van die laerhuis, die Wetgewende Vergadering, sou later gehou word.[2]

In die verkiesing word Kaapse rebelle wat tydens die Anglo-Boere-oorlog ontkieser is, toegelaat om weer te stem. Volgens syfers wat aan Onze Jan Hofmeyr verstrek is, word meer as 7 000 weer stemgeregtig.[3] Daar is boonop aanduidings van 'n frontverandering onder die publiek teen Jameson se regering, veral weens sy finansiële beleid. In die omstandighede besluit Jameson se toenemend defaitistiese Progressiewe Party om voor die verkiesing 'n nuwe naam, die Unionisteparty, aan te neem.

Graaff stel hom verkiesbaar as kandidaat van die Suid-Afrikaanse Party. Hy en dr. Julius Petersen, 'n geneesheer, is die party se kandidate in die Westelike Sirkel, wat voorheen deur Jameson se Progressiewes oorheers is. In die verkiesingsveldtog spreek hulle verskeie vergaderings in Kaapstad en omliggende dorpe toe.

Wat die stemreg van gekleurdes betref, een van die kwessies wat met Uniewording 'n brandende strydvraag sou wees, steun Graaff en Petersen die behoud van die bestaande stelsel in die Kaapkolonie. Graaff beklemtoon hul standpunt hieroor op 'n groot vergadering in 'n stampvol Kaapse stadsaal waar verskeie hoogwaardigheidsbekleders op die verhoog is, onder andere die partyleiers John X. Merriman en F.S. Malan, wat die twee kandidate in toesprake steun, asook Hofmeyr, voorsitter van die Afrikanerbond se Kommissie van Toezicht.[4]

Graaff verklaar dat hy wil herhaal wat hy op elke platform hieroor gesê het. Dit is dat, hoewel hy sterk ten gunste van unifikasie van die vier provinsies van Suid-Afrika is, nóg hy nóg Petersen tot uniewording sou instem as die stemreg van die Kaapkolonie se gekleurdes nie erken word nie. Hy weet nie waarom gekleurdes kan glo dat hy en Petersen nie hul vriende sal bly nie, aangesien die SAP hulle tot dusver sover moontlik beskerm het.

Merriman, wat die Jameson-regering bestempel as ondoeltreffende "knoeiers" (bunglers) wat geld in elke departement verspil, verwys in sy toespraak na Graaff:

---

[1] J. Hatherley, "The effects of the depression after the Anglo-Boer War on Cape politics 1902-1910," p. 123.
[2] M. A. S Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics," pp. 304-308.
[3] T.R.H. Davenport, *The Afrikanerbond*, p. 263.
[4] *The Cape Times*, 12 Januarie 1908.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "… a man with the commercial experience of my friend here - and I can bear him out, and everybody here can bear him out – says that the country is in a state of depression. There is a want of employment, there is financial distress, and there is gloom in this country. Now why? Why is that? Yes, bad administration…
> The bottom of the whole thing, I am sorry to say – it is a vice right thoughout South Africa of every Government – is extravagance in public, private, municipal and every other life, and that is the real cause of our present difficulties."[5]

Graaff se verbintenis met die Imperial Cold Storage Company kom in die verkiesingsveldtog ter sprake. Enkele dae voor die stemdag word hy in vraetyd op 'n vergadering in Woodstock hieroor uitgevra. Hy antwoord dat die vraesteller gesê het sommige mense het hul geld deur die toedoen van ICS verloor. Hy het nog nooit 'n verkoelingsmaatskappy gestig waarin iedereen nie sy geld kon terugkry of 'n wins op sy aandele gemaak het nie. ICS is deur Rhodes en 'n klompie Johannesburgse mynmagnate gestig. Dit was eers De Beers Cold Storage Company, wat deur ICS ingesluk is. Hy het aandele gehad in 'n ander maatskappy, die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company, waarvan hy 'n direkteur was. ICS het die South African & Australasian Supply and Cold Storage Company oorgeneem en sy aandele daarin is vir ICS-aandele verruil. Tot sy spyt besit hy nog daardie aandele, hulle is in sy brandkas opgesluit, en hy beskou dit as goeie geld wat verlore is, verklaar Graaff onder gelag.

Hy gaan voort dat dit sy verbintenis met ICS is. Hy is nie meer verantwoordelik vir die administrasie of enigiets in verband met ICS as die man in die maan nie, sê hy onder toejuiging. Hulle het sy dienste in die verlede telkemale probeer bekom, maar hy het gesê: "No, gentlemen, your ways are not my ways, and I shall have nothing to do with your company." In sy sakeloopbaan het hy niks om weg te steek of oor skaam te wees nie, maar hy is bly om die gehoor mee te deel dat hy geen sake-verbintenis meer het nie, anders sou hy nie soveel aandag aan die politiek soos tans kon gee nie.[6]

As 'n groot aandeelhouer sou Graaff se negatiewe beoordeling van ICS se sake sekerlik deur ander belanghebbendes opgemerk word. Die maatskappy sou vir 'n hele lang ruk maer jare beleef en eers weer na Uniewording in 1910 onder nuwe bestuur 'n oplewing beleef. Dit sou nog langer duur voordat Graaff weer aan die bestuurskant van ICS betrokke raak.

In die verkiesingsveldtog praat hy meermale oor die deelname van sakelui aan die politiek. In vraetyd op vergaderings in Claremont en Mowbray verklaar hy dat ministers in die regering nie maatskappydirekteure behoort te wees nie.[7]

Graaff en Petersen hou op een dag twee vergaderings in die Paarl, een in Afrikaans en die ander in Engels, en 'n derde op Wellington. Op die oggendvergadering in die Paarlse stadsaal stel die voorsitter, dr. De Jager, 'n voormalige Kaapse parlementslid, die kandidate voor as twee here wat hy by die kiesers kan aanbeveel. Graaff is iemand wat 'n klomp geld gemaak het, wat toon dat hy 'n uitstekende finansier is, terwyl Petersen, volgens De Jager 'n "flukse kêrel", al agttien jaar lid van die Afrikanerbond is.[8]

Graaff verwys in sy Paarlse toespraak na die swak finansiële posisie van die Jameson-regering, wat lenings ten bedrae van £12 miljoen aangegaan het, en nie altyd op die beste voorwaardes nie. Daarenteen het genl. Louis Botha onlangs in Engeland op veel gunstiger voorwaardes 'n lening van £5 miljoen verkry. Hy meen ook dat die landbou en koloniale nywerhede veel meer steun verdien. 'n Deel van die wins uit diamante en minerale behoort hiervoor aangewend te word. Hy gaan voort dat te veel geld aan administrasie bestee word in 'n land met net 'n miljoen

---

[5] *The Cape Times*, 12 Januarie 1908.
[6] *The Cape Times*, 17 Januarie 1908.
[7] *The Cape Times*, 15 Januarie 1908.
[8] *The Cape Times*, 18 Januarie 1908.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

blankes, maar vyf administrasies. Die besteding kan verminder word deur unifikasie, sodat daar net een parlement van Simonstad tot die Zambezi sal wees.[9]

Op 'n vergadering in Rondebosch verklaar Graaff dat, as hy verkies word, hy hom sal beywer daarvoor dat die Britse hoë kommissaris weer in Kaapstad, die oudste stad in die oudste Suid-Afrikaanse kolonie, gesetel sal wees.[10] In geval van nouer uniale reëlings sal hy hom daarvoor beywer dat Kaapstad die hoofstad en die regeringsetel van 'n verenigde Suid-Afrika moet wees. Hy neem ook die waarnemende Kaapse premier, Edgar Harris Walton, kwalik dat hy niemand afgevaardig het om die Transvaalse premier, genl. Botha, welkom te heet toe hy Kaapstad op pad na Engeland aangedoen het nie. Ordentlikheidshalwe behoort sulke hoflikheid aan die eerste minister van 'n susterstaat betoon te word. Dit kan nie reg wees dat genl. Botha deur Kaapstad gaan sonder dat die Kaapse regering van hom kennis neem nie, terwyl ministers van Haar Majesteit se regering in Engeland dink dit is reg dat die premier van die jongste kolonie in die Britse ryk nie geringgeskat word nie.[11]

Op hul laaste vergadering op die vooraand van stemdag word Graaff en Petersen se kandidatuur in toesprake deur Hofmeyr en F.S. Malan gesteun. Graaff spreek hom beslis uit oor onderwysgeleenthede vir alle groepe:

> "The full development of every faculty of all the races demanded the continuous attention from the central as well as from the local authorities. This was the one department of expenditure that ought never to be stinted, and for which sacrifices would have to be made, however bad the times might be. His utmost endeavour would be devoted to this end, without regard to race, colour or creed…
> He would always be found prepared to consider all feasible and reasonable measures for grappling with the great evils of intemperance and drunkenness, and he would do so without respect of colour and class, to the utmost of his powers, maintaining inviolable the equal rights of all voters, European or native, and the other principles equal rights for all civilised men south of the Zambezi."[12]

Graaff se vriend F.S. Malan het ook 'n kleurskeidslyn as onverstandig, onprakties en onregverdig beskou; indien nodig sou dit syns insiens beter wees om vyf tot tien jaar met uniewording te wag.[13]

Hofmeyr, wat voorheen verklaar het dat hy in die verkiesingsveldtog nie op 'n politieke platform sal verskyn nie, sê op Graaff-hulle se laaste vergadering dat hy daardie oggend "ineengestort" het voor versoeke dat hy moet wys dat hy Graaff en Petersen steun. Hy hoop dat hulle sal wen, omdat hulle lede van sy party en 'n hele paar jaar ook sy persoonlike vriende is. Hy het hulle leer ken en respekteer as goeie landsburgers wat in die Parlement sal help om die land te kry uit die verskriklike gemors waarin dit beland het.[14]

Op die meeste vergaderings wat Graaff en Petersen toegespreek het, word oorweldigende mosies van vertroue aanvaar in die twee SAP-kandidate, wat selfs in die hart van "vyandelike gebied" geesdriftige steun kry.[15] Namate die verkiesingsveldtog van sewe weke voortduur, word dit al hoe duideliker dat 'n regeringsverandering op hande is.

Die eerste teken dat die Suid-Afrikaanse Party die Unioniste van Jameson gaan verslaan, kom met die uitslag van die Westerse Sirkel, waar Graaff en Petersen verreweg die meeste stemme

---

[9] *The Cape Times*, 18 Januarie 1908.
[10] Die Britse hoë kommissaris was in Pretoria gesetel nadat lord Milner aan die einde van die Anglo-Boere-oorlog die beheer oor Transvaal oorgeneem het.
[11] *The Cape Times*, 20 Januarie 1908.
[12] *The Cape Times*, 21 Januarie 1908. J.L. McCracken, *The Cape Parliament, 1854-1910,* p. 101.
[13] J.L. McCracken, *The Cape Parliament, 1854-1910,* p. 101.
[14] *The Cape Times*, 21 Januarie 1908.
[15] *The Cape Times*, 21 Januarie 1908.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

trek. Hul name verskyn bo-aan die lys van uitslae wat in die venster van *The Cape Times* in St. Georgestraat opgeplak word.[16] Die verkose kandidate is:

Julius Petersen (SAP)	17 560
D.P. de Villiers Graaff (SAP)	17 140
J.C. Cartwright (U)	13 327
P. Faure (U)	12 661

Die verslane kandidate is R. Powell (U) en die nimlike Jimmy Logan, wat as onafhanklike gestaan, maar reeds na Matjiesfontein teruggekeer en die minste stemme gekry het, 6 716. Logan word deur Jameson se biograaf beskryf as die man wat veroorsaak het dat die Progressiewe regering "was at an end, ignominiously slain by the treachery of one supporter".[17] Sy dwarstrekkery het veroorsaak dat die Jameson-regering nie 'n begrotingsmaatreël kon deurvoer nie en gedwing is om na die stembus te gaan.

Dr. Petersen kry 'n hartlike ontvangs toe sy uitslag in St. Georgestraat bekend gemaak word. Kort daarna ry Graaff saam met F.S. Malan deur die stad. "Both were welcomed with cheers by various groups en route," berig *The Cape Times*.[18]

Die finale uitslae van die Wetgewende Raad word op 29 Januarie aangekondig. Die Suid-Afrikaanse Party behou al sy vorige setels en kry ses nuwes by, wat sy ledetal op agttien te staan bring teenoor die Unioniste se agt.[19]

Twee dae later, nog voordat die verkiesing van die laerhuis begin het, bedank die Jameson-ministerie. Merriman neem op 3 Februarie as die nuwe eerste minister die bewind oor nadat F.S. Malan ten gunste van hom teruggestaan het. Nadat die Britse goewerneur, sir Walter Hely-Hutchinson, Merriman gevra het om 'n kabinet saam te stel ontmoet hy Graaff in Kaapstad, wat instem om as minister sonder portefeulje te dien.[20] Naas Graaff word drie ander lede van die Afrikanerbond in die Merriman-ministerie opgeneem: N.F. de Waal, die koloniale sekretaris, Henry Burton, die prokureur-generaal, en F.S. Malan, die sekretaris van landbou. Merriman beklee ook die portefeulje van finansies en J.W. Sauer word kommissaris van openbare werke, terwyl H.L. Currey as 'n tweede minister sonder portefeulje dien.[21]

Graaff neem ook deel aan die daaropvolgende verkiesing van die Kaapse Parlement se laerhuis, die Wetgewende Vergadering. Hy herhaal in die veldtog 'n standpunt wat hy en Petersen meermale in hul verkiesingsveldtog gestel het, dat die opbrengs op diamante meer belas moet word. Hulle verklaar dat die onbevredigende stand van die Kaapkolonie se finansies, en die gevolglike swaarkry van werkers en vakmanne, grootliks daaraan te wyte is dat die Jameson-ministerie 'n De Beers-ministerie is wat nie genoegsame belasting op die diamanthandel wou hef nie. *The Cape Times* kritiseer Graaff-hulle hieroor. Die koerant verklaar dat SAP-kandidate waarskynlik nie so goed in werkersklas-kiesafdelings soos Woodstock sou gevaar het as hulle nie versekerings oor belasting op diamante gegee het nie. Bowendien het Merriman daarop gewys dat die insinking in die diamantmark 'n vermindering van 'n miljoen pond in die salarisrekening as belastingbron veroorsaak.[22]

'n Briefskrywer, W. Cowley van Soutrivier, neem *The Cape Times* die volgende dag kwalik oor die "berugte" steun wat die koerant altyd aan De Beers gee. Hy skryf dat hoër belasting op

---

[16] *The Cape Times*, 23 Januarie 1908.
[17] I.D. Colvin, *The Life of Jameson,* Deel II, p. 265.
[18] *The Cape Times*, 23 Januarie 1908.
[19] *Ons Land*, 29 Januarie 1908.
[20] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman-dagboek, p. 103, 3 Februarie1908.
[21] M.A. S. Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics", p. 309.
[22] *The Cape Times*, 17 Februarie 1908.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

diamante veel wyer as bloot die werkersklas gesteun word. Daar is weinig ander terreine waaruit die regering 'n inkomste kan kry. Die vraag na diamante gaan in elk geval toeneem, en geen ander land of lande kan hieraan voldoen nie.[23]m

Graaff praat in die verkiesingsveldtog onder meer tot steun van die SAP-kandidaat Matabele Thompson op Vryburg, waar hy unifikasie bepleit. Hier verwys hy na die groot aantal witmense wat Suid-Afrika verlaat om hongersnood te ontkom. Die land kan nie bekostig om hulle te verloor nie, verklaar hy.[24]

In Mowbray, waar hy tot steun van drie SAP-kandidate toetree, keur hy dit nog eens af dat ministers nie van hul direkteurskappe afstand doen nie. Hy verwys spesifiek na dr. (later sir) Thomas Smartt, die Unionis "wat blykbaar bevrore vleis en mnr. Merriman op sy brein het". Die verwysing na bevrore vleis spruit uit bewerings dat Graaff vleis wil laat belas – wat hy ontken; hy wil slegs belasting op ingevoerde vleis hef. Graaff neem Smartt kwalik dat, terwyl hy besturende direkteur van 'n sekere onderneming was, hy as kommissaris van openbare werke 'n salaris van £1 500 per jaar getrek het:

> "A managing editor is bound to give a good deal of his time and attention to the interests confided to his charge. How can a salaried Minister of the Crown at the same time look after the interests of shareholders of his company and the interests of the country that pays him a fair salary? I do not know who suffered the most in this instance…
> Personally, when my time was fully occupied with my own business I abstained from politics, because I felt that I could not serve two masters at the same time, and before I joined the Ministry (although without portfolio or pay), I freed myself from directorships and other business that made inroads on my time. Dr. Smartt took a different view. He thought it fair to take the money of the shareholders as well as that of the taxpayers at the same time."[25]

Die laerhuis-verkiesing verloop selfs gunstiger as dié van die Wetgewende Raad vir die Suid-Afrikaanse Party, wat 69 setels inpalm teenoor die Unioniste se 30 en 8 onafhanklikes.[26] Graaff se broer Jacobus, wat jare lank die voorsitter van die Kaapse tak van die Afrikanerbond was en reeds in 1903 tot die Wetgewende Vergadering verkies is, word onbestrede as lid van die Suid-Afrikaanse Party vir die Noordwestelike Sirkel herkies.

Die oorwinning besorg aan Merriman die grootste meerderheid in die geskiedenis van verteenwoordigende regering aan die Kaap.[27] Die SAP staan sterker as ooit tevore, onder leiding van 'n ministeriële span wat gretig is om die eenwording van die Suid-Afrikaanse kolonies te bewerkstellig sonder dat gekoesterde Kaapse regte prysgegee word.

Drie partye met baie soortgelyke ideale – die Suid-Afrikaanse Party, Het Volk en die Orangia Unie – beheer nou die politieke situasie in die Kaapkolonie, Transvaal en die Oranjerivierkolonie. Dit is die kulminasie van 'n merkwaardige anti-imperialistiese reaksie teen die partye wat die beskouings deel van diegene wat die Anglo-Boere-oorlog veroorsaak het. Twee jaar tevore was Transvaal en die Oranjerivierkolonie nog onder die bewind van Milner, wat groot getalle Britse koloniste as die oplossing vir die Suid-Afrikaanse probleem beskou het, en het 'n pro-imperialistiese party die Kaapkolonie geregeer. In Februarie 1908 het al drie

---

[23] *The Cape Times*, 18 Februarie 1908.
[24] *The Cape Times*, 7 Maart 1908.
[25] *The Cape Times*, 21 Maart 1908. Smartt, wat teen daardie tyd reeds sy kabinetspos afgestaan het, is in 1911 tot ridder geslaan en het Jameson as leier van die Unioniste opgevolg.
[26] *Ons Land*, 7 April 1908.
[27] M.A. S. Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics", p. 308.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

hierdie kolonies selfbestuur en al drie regerings dank hul bestaan aan die steun van Afrikaners.[28]

Die beweging na eenwording van die vier kolonies kry nou momentum. 'n Eerste stap is die interkoloniale konferensie van Mei 1908, wat onder voorsitterskap van Frederick Robert Moor van Natal as die senior eerste minister gehou word. Voorheen was die Britse hoë kommissaris die voorsitter van die konferensie; nou is dit vir die eerste keer 'n Suid-Afrikaner. Dit lê die grondslag vir die uitskakeling van die imperiale faktor in toekomstige beraadslagings oor die grondwetlike toekoms van die land.[29]

Die konferensie word bygewoon deur die Boeregeneraals wat Suid-Afrika na Uniewording van 1910 tot 1948 sou regeer: Botha, Smuts en Hertzog. Die drietal wat die Era van die Generaals sou oorheers, sou die fondamente lê vir die toekomstige nywerheids- en landbouland wat die modernste staat met die beste infrastruktuur in Afrika sou word. Op die konferensie word besluit om oor te gaan tot 'n nasionale konvensie oor 'n "Suid-Afrikaanse Nasionale Unie", waarheen dertig afgevaardigdes van die vier kolonies afgevaardig sou word.[30] Hierna sou die kwessie van uniewording en 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika ook die verrigtinge van die Kaapse Parlement oorskadu.

Een van die vernaamste kwessies wat op die Nasionale Konvensie uitgemaak moes word, was 'n federale of 'n uniale regeringsvorm. Smuts en Merriman was ten gunste van 'n unie; Onze Jan Hofmeyr, Graaff en F.S. Malan ten gunste van 'n federasie. Merriman as premier van die Kaapkolonie wou Hofmeyr as een van die Kaapse afgevaardigdes na die Nasionale Konvensie benoem. Hofmeyr se gesondheid het egter verswak en nadat hy die saak met Merriman bespreek het, verkeer hy onder die indruk dat Merriman vir Graaff – "who speaks for me" – sou aanstel. Uiteindelik stel Merriman nòg Hofmeyr nòg Graaff aan.[31] Dit word aan F.S. Malan oorgelaat om namens die Kaapkolonie die saak vir 'n federasie te stel op die Nasionale Konvensie, wat in Oktober 1908 'n aanvang neem.

In die sitting van die Kaapse Parlement wat intussen op 22 April 1908 begin het, probeer die Merriman-ministerie bowenal om die Kaapse geldsake op 'n gesonder grondslag te plaas. 'n Opgehoopte tekort beloop byna drie miljoen pond, gevolglik moet strenge finansiële maatreëls ingestel word. Teen hierdie tyd het die depressie egter reeds 'n laagtepunt bereik en geleidelik is tekens van 'n ekonomiese oplewing merkbaar.[32]

Graaff wys in 'n debat daarop dat dit nodig is om amptenare af te dank weens die betreurenswaardige toestand van die Kaapkolonie se geldsake. Hy het geen idee gehad dat die Kaapkolonie se geldsake so haglik is toe hy tevore belowe het dat die nuwe regering nie mense sal afdank nie. Die vorige premier (Jameson) het op Grahamstad verklaar dat die inkomende tesourie 'n miljoen pond aan openbare werke sal kan bestee, maar die nuwe regering het gevind daar is verpligtings eerder as die geld waarna die vorige premier verwys het. Hy doen 'n beroep dat lede die regering in sy veeleisende taak sal bystaan. Wanneer mense weer sien dat die regering van plan is om sy verpligtinge na te kom, sal die vertroue herstel word wat ongelukkig verlore gegaan het. Hy self het volle vertroue in die toekoms.[33]

---

[28] L. Thomson, *The Unification of South Africa 1902-1910*, p. 30.
[29] C.F.J. Muller (red), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 335.
[30] T. Cameron (red.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 226
[31] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 11. Naas Merriman en Malan was die ander Kaapse verteenwoordigers op die Nasionale Konvensie J.H.M. Beck, Gysbert Maasdorp, J.W. Sauer en H.C. van Heerden (SAP), J.W. Jagger, L.S. Jameson en E.H. Walton (Unioniste) en W.E.M. Stanford (Onafhanklik).
[32] M.A.S. Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics", p. 309.
[33] *Hansard*, kol. 155-156, 30 Julie 1908.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff reageer vroeër op 'n voorstel dat handelsreisigers wat bestellings by plaaslike mense neem lisensies daarvoor moet kry. Hy beskou dit as onregverdig dat hulle met ander ondernemings meeding sonder dat hulle iets tot die skatkis bydra.[34]

In 'n debat oor proteksiemaatreëls verklaar Graaff dat groot hoeveelhede goedere ingevoer word wat plaaslik vervaardig of gekweek kan word. Veels te veel hoeveelhede voedsel word ingevoer, verklaar hy onder toejuiging. Dit is tyd dat die regering oorweeg of iets nie gedoen kan word om hierdie betreurenswaardige situasie te verander nie. 'n Gewysigde voorstel word na sy toespraak in 'n verdeling met 19 stemme teenoor 4 aangeneem.[35]

Toe stemreg vir vroue bespreek word, wys Graaff daarop dat 'n wetswysiging ook sal beteken dat die grondwet verander moet word. Dis waar dat vroue stemreg in lande soos Australië en Nieu-Seeland het, maar dit is jonger lande. Hy is eerder ten gunste daarvan om te wag en sien hoe vroue-stemreg werk in ouer lande soos Engeland, waar vroue tot dusver net op munisipale vlak stemreg het. 'n Wysiging van die grondwet sal in elk geval moontlik beteken dat die Parlement ontbind moet word, en hy is nie seker dat lede gereed is daarvoor nie. Terselfdertyd kan hy die versekering gee dat, as die voorstel aanvaar word, die regering dit ernstig sal oorweeg.[36]

In die voortgesette debat oor vroue-stemreg verklaar Graaff se broer Jacobus dat hy die saak goed oordink het en dat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie. Die Kaapkolonie behoort voordeel te trek uit die ervaring van Amerika. Tevore is ook van koningin Victoria melding gemaak, maar hy wil 'n brief van die koningin, gepubliseer in *The Cape Times*, voorlees wat aantoon dat sy geheel en al teen stemreg vir vroue gekant is. Die voorsteller trek daarna sy mosie terug.[37]

Teen die einde van die sitting word 'n voorstel van Graaff aanvaar dat 'n skildery van die voorsitter van die wetgewende raad, sir Henry de Villiers, wat ook die hoofregter van die Kaapkolonie is, in die raadsaal gehang word. By die daaropvolgende openingsplegtigheid verklaar Graaff in die teenwoordigheid van die 66-jarige De Villiers:

> "For more than a third of a century, you have kept the fountain of justice pure, the Judicial Office free from reproach or suspicion; and for all time to come, I believe that your term of occupation of that office will serve as a model in this country. We feel sure that … the portrait we are now presenting to the Council will act as an incentive for the continuation of the tradition of dignity and impartiality which has so long characterised this Chamber."[38]

Die portret van De Villiers word onder toejuiging deur Graaff en die opposisielid William Ross onthul. 'n Maand later word De Villiers die voorsitter van die Nasionale Konvensie, waarvan die eerste sitting op 12 Oktober 1908 in Durban gehou word. Dit sou sewe maande lank tot Mei 1909 voortduur.

Tydens die Nasionale Konvensie bly Graaff in verbinding met voorste deelnemers. Merriman teken byvoorbeeld in sy dagboek aan: "Lunched with Graaff, Botha and Smuts."[39]

Kort voor die Nasionale Konvensie se finale beraadslaginge oor die konsep-Suid-Afrika-Wet ontstaan 'n haakplek waarby Graaff betrek word. Van der Horst het skattings oor die effek van artikels 39 en 40 van die ontwerp-grondwet (wat oor die afbakening van kiesafdelings en die kiesersgetalle handel) gemaak. Hy bevind dat die Unioniste 27 of 28 van die Kaapprovinsie se 51 setels in die Volksraad sou inpalm. Sy berekenings word opgeneem in verslag van die

---

[34] *Hansard*, kol. 60, 3 Julie 1908.
[35] *Hansard*, kol. 232, 13 Augustus 1908.
[36] *Hansard*, kol. 128-129, 14 Julie 1908.
[37] *Hansard*, kol. 136, 28 Julie 1908.
[38] *Hansard* kol. 337-340, 4 September 1908.
[39] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman-dagboek, p. 106, 3 Februarie 1909.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Afrikanerbond se Kommissie van Toezicht, wat deur Hofmeyr onderteken is en aan die Bond se kongres op Dordrecht voorgelê word. Van der Horst, wat dit vermoedelik aan die kongresgangers verduidelik het, toon dit aan Graaff, wat so ontsteld is dat hy na Bloemfontein vertrek om die nuus aan Fischer en Botha mee te deel. Botha was eweneens ontsteld. Op 17 Maart skryf hy aan Merriman:

> "If this is correct I do not see what reply we shall be able to give to our people when they ask us why we altered their majority into a minority. At the convention Smuts and I went through the figures with you and Sauer and we arrived at a very different conclusion. . . We are also getting all your figures in order to work it out for ourselves. I still hope that Graaff is not right and in that case we should I think pass the Draft Constitution without any amendments.'"[40]

Merriman vind die vraag onvanpas. Hy gee Graaff opdrag om aan Botha te sê dat, hoewel hy altyd teen proporsionele verteenwoordiging gekant was en steeds is – "the horrid thing is logically fair" – hy oortuig is dat enige veranderings nou tot ernstige ontwrigting kan lei en baie van die goeie werk wat gedoen is ongedaan kan maak. "To rip the whole framework up now," verklaar hy, "would be very risky." Ook die voorsitter van die Nasionale Konvensie, sir Henry de Villiers, spreek hom op 19 Maart in die Paarl uit teen die agitasie teen artikels 39 en 40.

Teen hierdie tyd maak Botha and Smuts egter reeds hul eie berekeninge van die Kaapse setels en kom tot die gevolgtrekking dat Graaff-hulle se vrese ongegrond is. Op die 19de skryf Botha aan Merriman:

> 'We calculate that the S.A.P. will have 31 members and the Progressives 20 [for the Cape Colony]. I have pointed out to Graaff where he went wrong in his calculations. . . . I am quite convinced that van der Horst's figures are misleading. . . [and] . . . that it is best not to *try* to amend the Draft Constitution, because that would be very dangerous, and I think that the Transvaal delegates will certainly not support amendments."[41]

Met die ongerustheid uit die weg geruim gaan die reëlings voort vir die laaste stadiums van die grondwetlike beraadslaginge. Die onderskeie parlemente oorweeg die konsep-Suid-Afrika-Wet, wat op 16 April voor die Kaapse Parlement dien. Graaff wys in sy toespraak op die voordele van uniewording, maar verklaar dat die voorstelle vir een stem met een waarde en proporsionele verteenwoordiging bevraagteken kan word. As hierdie kwessies nie bevredigend geskik kan word nie, is dit raadsaam dat lede hul kiesafdelings raadpleeg.[42]

Die laaste haakplekke rakende die nuwe grondwet word uitgestryk op die sitting van die Nasionale Konvensie wat van 3 Mei 1909 in Bloemfontein gehou word. Die afgevaardigdes onderteken op 11 Mei 1909 die konsep-Suid-Afrika-Wet, waarna dit deur die parlemente van Transvaal, die Oranjerivierkolonie en Kaapkolonie bekragtig en in Natal in 'n referendum goedgekeur word.

Die konsep-grondwet, gegrond op die Westminster-model van wenner-vat-alles, maak voorsiening vir 'n uniale regeringstelsel met 'n tweekamer-parlement, 'n laerhuis (Volksraad) en 'n hoërhuis (Senaat), hoewel magte na vier provinsiale rade afgewentel word. Die grondwet word ook gekenmerk deur belangrike kompromisse. Hoewel F.S. Malan 'n eenvormige, kleurblinde stemreg vir die hele Unie bepleit het,[43] word uiteindelik aanvaar dat slegs blankes tot die Volksraad en Senaat verkies mag word, maar dat gekleurdes se stemreg in die Kaapprovinsie behou word. Wat die hoofstad-kwessie betref, word Kaapstad die wetgewende hoofstad en Pretoria die administratiewe hoofstad, terwyl Bloemfontein die setel van die Appélhof word. Twee amptelike tale word aanvaar, Hollands en Engels.

---

[40] Aangehaal in L.M. Thompson, *The Unification of South Africa 1902-1910,* p. 321.
[41] Aangehaal in L.M. Thompson, *The Unification of South Africa 1902-1910,* p. 322.
[42] *Hansard.* kol. 9, 16 April 1909.
[43] L.M. Thompson, *The Unification of South Africa 1902-1910,* p. 218. Behalwe Malan het drie ander Kaapse afgevaardigdes, T.S. Smartt, J.W. Jagger en en E.H. Walton, stemreg vir gekleurdes bepleit.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoewel Graaff 'n sterk voorstander van 'n federasie was en hy reg deur sy lewe geglo het dat Suid-Afrika 'n gelukkiger plek onder 'n federale regeringstelsel sou wees[44], werp hy sy volle gewig by die nuwe uniale indeling in. In die Kaapse Parlement speel hy 'n aktiewe rol in die laaste fases van parlementêre bekragtiging van die konsep-grondwet. Hy en sir Pieter Faure word aangestel in 'n gekose komitee wat 'n gesamentlike adres aan die Britse koning moet opstel in ooreenstemming met die aangenome resolusie ten gunste van die Unie van Suid-Afrika. Die tweeman-komitee doen op 7 Junie verslag oor die adres, wat soos volg afsluit:

> "…and we therefore pray that Your Majesty may be graciously pleased to cause the necessary steps to be taken to authorise the contemplated Union. And we humbly assure Your Majesty of our continued loyalty and devotion to Your Majesty's Throne and Person."

Op voorstel van Graaff word die verslag aangeneem.[45]

Die Kaapse Parlement verdaag kort daarna tot 23 September vir 'n kort sitting waarin Graaff meesal parlementêre vrae beantwoord en begrotingsmaatreëls hanteer. Op 'n vraag of die salarisse van staatsamptenare weer soos in die huidige boekjaar met 5 persent verminder gaan word, antwoord hy dat sake sodanig verbeter het dat gehoop word dat dit nie weer nodig sal wees nie. Met die oog op Uniewording kan hy hom in elk geval nie indink dat 5 persent in een deel van die Unie en nie in 'n ander afgetrek sal word nie. Hy hoop dus dat dit die laaste aftrekking sal wees, verklaar hy onder toejuiging.[46]

Twee weke daarna sterf Graaff se mentor, Onze Jan Hofmeyr. Hofmeyr, wat in Londen as lid van die Kaapse afvaardiging oor die Suid-Afrika-Wetsontwerp was, kry in daardie stadium mediese behandeling, ten laaste deur Graaff se vriend dr. Lawrence Herman. Hofmeyr skryf aan Graaff dat "ons ou vriend" dr. Herman van Kaapstad in daardie tyd die meeste van sy tyd deurbring in Florence, waar hy kuns bestudeer. Hofmeyr se laaste brief aan Graaff is gedateer 15 Oktober 1909, die dag voordat hy aan angina pectoris oorlede is.[47] Botha skryf daarna 'n brief aan Graaff oor reëlings vir die begrafnis.[48] Hofmeyr se stoflike oorskot word na Suid-Afrika gestuur per adres van Graaff by Graaffs Trust. Die doodkis, wat met lood uitgevoer is, was in 'n groot krat waarop "Antique Furniture" gestaan het, aangesien bygelowige matrose destyds geweier het om 'n doodkis op 'n skip te vervoer. Dit word by die doeane deur Christian Anthony Raats van Villiersdorp, sekretaris van Graaffs Trust, afgehaal.[49]

Graaff, wat op 19 Oktober in die Kaapse Parlement 'n huldebetuiging aan Hofmeyr lewer, stel 'n mosie van roubeklag aan Hofmeyr se weduwee en familie voor wat staande aangeneem word. Hy sê dat Hofmeyr se sending na Londen die laaste diens was wat hy aan sy land kon lewer. Reg deur sy lewe was Hofmeyr vervul met die een idee om vir Suid-Afrika die vryheid te verkry wat die land nodig het vir die volle en behoorlike ontwikkeling en vooruitgang van al sy mense. Hy het ook sterk aan die Britse konneksie geglo. "Ek glo dat die mense van hierdie land, al die mense van die land, 'n groot dankwoord aan hom verskuldig is. Natuurlik het hy nader gestaan aan diegene van sy eie ras en wat sy taal gepraat het, en vir wie se politieke vordering hy so baie gedoen het. Sy groot werk was om sy mense te leer om belang te stel in die politiek van die land en in die werking van die konstitusionele masjinerie vir die vooruitgang van die land en die ontwikkeling van die mense," verklaar Graaff.[50]

Die wetlike proses wat die Unie van Suid-Afrika tot stand sou bring, is intussen in Londen verder gevoer. Ondanks sterk teenstand van swart en bruin leiers in Suid-Afrika wat teen die kleurslagboom in die konsepwet beswaar gemaak het, word die wetgewing in albei huise van

---

[44] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 37.
[45] *Hansard*, kol. 28-29, 7 Junie 1909.
[46] *Hansard*, kol 50, 30 September 1909.
[47] Graaff-versameling, De Grendel. Briewe, gedateer 19 September en 15 Oktober 1909, in Graaff-familie se besit.
[48] Graaff-versameling, De Grendel. Brief in Graaff-familie se besit.
[49] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 11. Raats, later die voorsitter van Graaffs Trust, het op die ouderdom van tagtig afgetree nadat hy hom as vyftienjarige kantoorbode by die trust aangesluit het.
[50] *Hansard*, kol. 80-81, 19 Oktober 1909.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

die Britse Parlement goedgekeur. Die wetsontwerp, wat op 20 September 1909 deur koning Eduard VII onderteken is, word van krag op 31 Mei 1910 – dieselfde dag waarop die Vrede van Vereeniging in 1902 gesluit is. Agt jaar na die afloop van die Anglo-Boere-oorlog sou die Unie van Suid-Afrika, bestaande uit die provinsies Kaap van Goeie Hoop, Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat, 'n verenigde, onafhanklike staat word. Die samesnoering van die vier provinsies wat aanvanklik deur opeenvolgende Boeregeneraals gelei word, loop uit op Afrika se vernaamste geïndustrialiseerde staat wat ook die vinnigste met modernisering vorder.

Die Kaapse Parlement, wat die setel van die Unie se Parlement sou word, nader sy einde na byna veertig jaar van verantwoordelike regering aan die Kaap wat deur amper twintig jaar van verteenwoordigende regering voorafgegaan is. As voorloper tot die Unie-parlement speel die Kaapse Parlement 'n belangrike rol wat wyer erken is. Die geskiedskrywer J.L. McCracken haal J.W. Sauer aan, wat die Kaapse Parlement bestempel as die ordelikste in die hele Britse empire, die Moeder van Parlemente in Brittanje inkluis. McCracken voeg daaraan toe:

> "And not only did the members uphold the dignity of parliament, they displayed a respectable range of talents… The old Boer virtues which had contributed so much in the pioneer days were strongly represented amongst the members from the rural constituencies. The business acumen which had saved many a British 1820 Settler from ruin was still vigorous among their descendants, the substantial farmers and merchants who sat for Eastern province constituencies. Parliament had its share of able lawyers, experienced administrators, and skilled debaters. There were members whose financial wizardry had brought them golden rewards and made them figures of world-wide renown, members whose oratorical skill won them recognition far beyond the limits of the colony, members whose vision of the future, whether it took the form of imperial expansion or national development, was bold and imaginative."[51]

'n Ander geskiedskrywer, M.A.S. Grundlingh, maak melding van die parlementêre verrigtinge wat met waardigheid en die grootste dekorum en ordelikheid geskied het.[52] Hy haal die Britse goewerneur, sir Walter Hely-Hutchinson, aan wat in 1909 in sy openingsrede by die laaste sitting van die Kaapse Parlement verklaar het:

> "This is probably … the most important of all the sessions of the Cape Legislature. I hope that it may long be held in remembrance as a worthy climax of your dignified and useful career, and that the Parliament of South Africa, which will be called to take your place, may create as honourable a reputation as that which the Parliament of the Cape of Good Hope has achieved."[53]

Einde 1909 kom 'n ander situasie wat vir Graaff van belang is tot 'n einde. Dit is die voortslepende hofgeding oor die vleiskontrak tydens die Anglo-Boere-oorlog wat Imperial Cold Storage teen die Britse oorlogsministerie aanhanging gemaak het. Die Britse hoofregter, lord Alverstone, lewer oplaas op 20 Desember 1909 in Londen sy uitspraak wat hy voorbehou het nadat die verhoor langer as vyf jaar geduur het.

ICS het £286 000 weens kontrakbreuk van die Britse regering geëis na aanleiding van die kontrak wat in Januarie 1902 met die Britse leër aangegaan is. Een van die eise gaan oor vee wat van die Boere gebuit en aan ICS oorgedra is. ICS betwis die prysvasstelling en eis alleen daarvoor £136 344 4s 11d, afgesien van eise rakende newekontrakte.

---

[51] J.L. McCracken,*The Cape Parliament 1854-1910,* pp. 140-141.
[52] M. A. S. Grundlingh, "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics," p. 317.
[53] *The Cape Times*, 4 Desember 1909.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Regter Alverstone wys daarop dat die regte ingevolge die kontrak vir die bedrag van £100 000 deur 'n groep Suid-Afrikaanse finansiers, onder wie Rhodes en Jameson, gekoop is. Daar is gesê dat die kontrak om vleis aan die leër te lewer voorheen deur 'n ander maatskappy gehou is, en dat dié maatskappy enorme winste gemaak het. Die offisiere wat die militêre owerhede verteenwoordig het, was wat saketransaksies betref nie opgewasse teen die verteenwoordigers van die ou maatskappy nie. Kitchener het gevolglik opdrag gegee dat geen soortgelyke bepalings in enige toekomstige kontrak opgeneem moet word nie.

Aan die einde van sy lang geskrewe uitspraak verwerp regter Alverstone met koste al die eise van ICS.[54] Die uitspraak is 'n harde slag vir die maatskappy, wat reeds met kontantvloeiprobleme sukkel en nou die koste van 'n lang regsgeding moet opdok. Die waarborg van £50 000 waarvan vroeër kennis geneem is, help in sekere mate. De Beers Consolidated Mines kom onmiddellik sy verpligting na en nog drie van die oorspronklike vyf waarborgers volg, maar Julius Weil trek kop uit en weier om te betaal. Sy weiering loop uit op 'n uitgerekte hofgeding wat in die Appélhof in Bloemfontein eindig, waar Weil gelas word om sy aandeel in die waarborg te betaal.[55]

Nogtans, in geen stadium in die verlede het die maatskappy se vooruitsigte so droewig gelyk soos einde 1909 nie.[56] Sake verbeter eers 'n jaar later nadat 'n staatmaker uit die geledere van die Graaffs, steeds groot aandeelhouers, tot ICS se redding sou kom.

Die beweging na 'n nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika kry intussen momentum. Voordat dit op 31 Mei 1910 in werking tree, ontstaan 'n ernstige twispunt waarby David Graaff ten nouste betrokke raak: wie gaan die eerste minister wees? Klaarblyklik die sterkste kandidaat sou oudpres. M.T. Steyn wees, maar weens sy swak gesondheid is hy nie beskikbaar nie. 'n Stryd om die premierskap woed gevolglik tussen die twee vernaamste oorblywende leiers, John X. Merriman van Kaapland en Louis Botha van Transvaal.

Met 'n parlementêre dienstydperk van 42 jaar agter hom, is Merriman as die leier van die oudste en grootste provinsie ongetwyfeld die bekwaamste parlementariër. Sy anti-imperialistiese steun vir die Boere in die oorlogsjare en daarna, sy intellek, onkreukbare integriteit en moed word wyd gerespekteer. Maar hy is hy reeds 69 jaar oud, iesegrimmig, pessimisties en hy haas hom om ander se tekortkominge uit te wys terwyl hy hul goeie eienskappe teensinnig erken. Teenoor hom is Botha op 47-jarige ouderdom in die fleur van sy lewe. Hoewel nie 'n geleerde man soos Merriman nie, is hy as 'n ware oorlogsheld 'n gewilde leier onder alle groepe en hy beskik oor groot sjarme om mense te oorreed. Sy grootmoedigheid na die oorlog en sy wellewendheid maak indruk. Aan sy regterhand staan die bekwame Jan Smuts, en bowenal beskik hy oor 'n formidabele politieke masjien – iets wat in Merriman se geval ontbreek by die Suid-Afrikaanse Party, wat buite parlementsittings feitlik geen rol speel nie. Die SAP is in kiesafdelings geheel en al afhanklik van die Afrikanerbond.

Graaff en F.S. Malan, wat na Onze Jan Hofmeyr se dood in 1909 as voorsitter van die Afrikanerbond se Kommissie van Toezicht oorgeneem het, skaar hulle aan Botha se kant, wat daarop uitloop dat hulle hulle Merriman se gramskap op die hals haal.

Hofmeyr, die mag agter die troon, het dit vroeër in briewe aan Graaff duidelik gemaak dat, hoewel hy niks teen Merriman hou nie, hy geneig is om Botha te steun. Hofmeyr skryf in een van sy laaste briewe uit Londen aan Graaff: "There's no doubt that Botha is the popular person here. All prominent people who broached the subject in my presence are most decidedly

---

[54] *The Times*, 21 Desember 1909.

[55] Imperial Cold Storage and Supply Company Limited v Julius Weil and Company, 1912 AA 747, 21-27 November 1912.

[56] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa*, p. 108.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

advocates of his for the premiership… But Merriman's claims they reject utterly. It is notably Botha's personal qualities of tactfullness and dignified calmliness which stand him in good stead, but also and even more so to the aureole of effulgent glory which his deeds and those of his men in the war have wrapped around his head. On the other hand they talk of Merriman's changeful impulsiveness, lack of selfcontrol and cool judgment; but, I have no doubt, that the fact that he, an Englishman, stood on the side of the Boers during the war, unconsciously influences the judgment of your unbending thoroughgoing Britisher!"[57]

Graaff bespreek die kwessie van Merriman in Januarie 1910 met Malan. Hy sê die leiers van Het Volk in Transvaal is "most anxious not to give our old friend offence, and would like to be as reasonable as possible, but there is one thing they will not do, and that is to give him the position he covets". Oudpres. Steyn het Botha genader en weet dat hy sal weier om onder Merriman te dien, en dat Smuts dieselfde sal doen. In Februarie vra Botha vir Graaff om Malan en Abraham Fischer te oorreed om 'n meer besliste standpunt oor die premierskap in te neem.[58]

Korrespondensie in Merriman se dokumente gee te kenne dat daar onder hierdie manne 'n sameswering teen die Kaapse leier was, nie net om hom die premierskap te ontsê nie, maar ook om hom sy setel, Victoria-Wes, te ontneem as hy nie bereid is om in 'n kabinet onder Botha te dien nie. Merriman beskuldig Graaff en Malan van "wretched treachery" en "hatching a plot to turn me out of my seat at Victoria … I have it on the authority of one of my constituents as well as from other sources. This is the sort of thing that gives Africanders such a bad name – unjustly as I think…"[59]

Graaff gaan vroeg in Mei na Potchefstroom vir 'n besproeiingskonferensie wat deur verskeie voorste politici, onder wie Botha, Henry Hull, Lionel Phillips, J.W. Sauer en sir Thomas Smartt bygewoon word. Hier word steun vir Botha aktief gewerf en volgens een van die konferensiegangers "it soon became clear that heaven and earth would be moved not to have Merriman as a leader or Premier of the first Union Government".[60]

Botha kry steun uit al vier provinsies, sodanig dat Merriman, wat self nie bereid was om onder enigiemand anders behalwe Steyn te dien nie, in elk geval sou gesukkel het om 'n kabinet saam te stel. En toe die eerste goewerneur-generaal, lord Herbert Gladstone, seun van die voormalige Britse premier, op 17 Mei in Kaapstad aankom, weet hy dat Botha, wat in 1907 en 1909 suksesvolle besoeke aan Brittanje gebring het, ook die gunsteling van die Britse regering en die Britte is. Hy raadpleeg nogtans die koloniale kabinetslede sowel as Jameson.

Oplaas kon Gladstone net tot een gevolgtrekking kom, en hy versoek Botha op 21 Mei om die nuwe kabinet saam te stel.

Botha skryf dieselfde dag 'n hoflike brief aan Merriman waarin hy hom versoek om by sy ministerie aan te sluit. Merriman wys die aanbod egter van die hand: "I do not think that much good would be attained by my joining your Government and I may do more by supporting it from the outside."[61]

---

[57] Graaff-versameling, De Grendel. Brief, geskryf op 22 Augustus 1909 uit die Royal Colonial Institute in Londen, in besit van die Graaff-familie.

[58] T.R.H. Davenport, *The Afrikanerbond,* p. 295.

[59] P. Lewsen, *Selections from the Corresponcence of John X. Merriman.* Merriman se dagboek, Merriman-Rose-Innes, 3 Junie 1910, p. 196.

[60] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman-dokumente, P. Rabie-Merriman, 5 Junie 1910.

[61] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman se dagboek, 21 Mei 1910.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die kabinet word in 'n ongewone stap vir 'n nuwe staatsbestel saamgestel voordat 'n verkiesing gehou word. Die suksesvolle poging om Botha die premierskap te besorg laat Merriman egter verbitterd. Hy is veral seergemaak deur die rol van Graaff en Malan, wat hy op 27 Mei in sy dagboek uitkryt: "The two Judasses called to say farewell. Walked to call on poor John Graaff, a good fellow full of sympathy."[62] Hy beskryf Graaff en Malan as "traitors in my own Government".[63] Botha se biograaf Engelenburg oordeel egter dat die houding van die twee Kaapse ministers die keuse vir Gladstone maklik gemaak het: "…hulle verkeer trouens geensins onder 'n verpligting om, soos blykbaar deur Merriman verwag, luidkeels te verkondig hoe hulle buite enige Kabinet sal bly waarin Merriman die premier sal wees nie".[64]

Merriman ontvang wel 'n stroom meelewende briewe, onder andere van Olive Schreiner en bowenal van oudpres. Steyn, wat hom verseker dat "though you are not in die ministry you are in the hearts of all true South Africans who love straight-forward honest and clean statesmanship, and as far as Dutch South Africa is concerned I sincerely pray that they may never forget what you have been to them in the hour of their troubles".[65] 'n Meer algemene oordeel word egter uitgespreek deur *The Times*, wat verklaar dat Merriman met sy toesprake sedert die Nasionale Konvensie uit sy pad gegaan het om sy eie kanse te bederf.[66]

Op 27 Mei 1910, dieselfde dag dat Merriman sy mening oor "die twee Judasse" in sy dagboek neerpen, verskyn 'n spotprent en hoofartikel in *The Cape* wat 'n groot woordetwis veroorsaak. Die spotprent, deur D.C. Boonzaier, later die spotprent-tekenaar van *Die Burger* wat met sy Hoggenheimer-karikature 'n groot bydrae tot die Nasionale Party se sukses teen die Suid-Afrikaanse Party sou lewer, verskyn onder die opskrif "Cheating at Cards". Dit was gebaseer op 'n bekende werk van die Franse skilder Meissonier en toon 'n kaartspel waar Merriman langs die kaarttafel staan en minagtend neerkyk op drie lede van sy kabinet wat hy uitvang dat hulle met die kaarte kul.[67] Die drie, Graaff, S.F. Malan en N.F. de Waal, het geeneen sy kandidatuur vir die premierskap van die Unie gesteun nie. Elders in die uitgawe beskuldig *The Cape* ook vir Graaff en Malan van "discreditable and dishonourable conduct" om Merriman as premier uit te hou.[68]

Die koerant is daardie middag op twee-uur uitverkoop, skryf Boonzaier in sy dagboek. Sy redakteur, A.D. Donovan, vertel dieselfde middag aan hom dat R. Philipson-Stow as redakteur van die *South African News* bedank het , die gevolg van sy koerant se houding teenoor Merriman. Hulle het almal verwag dat die *News* maande gelede al sou toegemaak het, maar die blad het voortgegaan. "I now learn that it got financial support from the Botha Govt in the Transvaal. This would account for its favourable reception of General Botha as Prime Minister of South Africa."[69] Die volgende dag verwys Boonzaier daarna dat *The Cape* se eienaar, J.G.P. van der Horst, baie verbaas is oor die standpunt wat die blad oor die Unie-premierskap ingeneem het:

> "He is in favour of General Botha for the curious reason that Botha will get the better of his opponents by smiling and pretending to agree with them. Merriman's candour he holds will

---

[62] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman se dagboek, 27 Mei 1910. Merriman verwys na Graaff se broer Jan.
[63] NBSA, Kaapstad. Molteno Collection, Merriman-Molteno, p. 318, April 1910.
[64] F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha,* p. 207.
[65] P. Lewsen, *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Steyn-Merriman, 25 Mei 1910.
[66] *The Times*, 25 Mei 1910.
[67] F.A. Mouton, "The Burden of Empathy: John X. Merriman, F.S. Malan and Phyllis Lewsen's Quest for Biographical Authenticity", p. 127.
[68] *The Cape,* 27 Mei 1910.
[69] Botha en Smuts het inderdaad in April 1910 'n beherende belang in die *South African News* verkry. Sien T.R.H. Davenport, *The Afrikanerbond,* p. 295.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> destroy the SA Party in a short while. There can be no doubt that the Cape is being talked about everywhere this week and my 'tricked' cartoon has excited much comment."[70]

Boonzaier se spotprent was egter 'n oorvereenvoudiging van die gebeurde. Boonop was hy 'n bewonderaar van Merriman en 'n wraakgierige persoon wat genot uit sy slagoffers se ongemak en gekwetsheid geput het.[71]

Op 30 Mei ontvang Boonzaier 'n brief van Merriman waarin hy hom komplimenteer met sy werk in daardie week se *Cape*. Die volgende dag nooi Van der Horst vir Boonzaier en Donovan om die middag na sy kantoor te kom. Graaff het uit Pretoria privaat aan Van der Horst geskryf om te protesteer teen die hoofartikel en spotprent in *The Cape*, volgens Boonzaier:

> "The position was however a very delicate one, for Van der Horst now explained that as he was the private friend and adviser of Graaff, he could no longer remain so if we refused to withdraw what he called the 'objectionable reference' to his friend. He … persisted in defending Graaff and Malan against the charge of conspiring to keep Mr Merriman out of the post (of premier). As Mr Merriman had assured Mr Donovan that he had been betrayed by Graaff and Malan he did not see his way to do what Van der Horst wished."[72]

Die finale samestelling van die Botha-ministerie word die volgende dag, 31 Mei, aangekondig. Graaff, wat weens gesondheidsredes nie minister van finansies wou wees nie[73], kry die portefeulje van openbare werke. Hy word beskou as die besigheidsman by uitnemendheid in die kabinet.[74] Botha wou genl. J.B.M. Hertzog aanvanklik nie in sy kabinet opneem nie en bied hom 'n appélregterskap aan, wat Hertzog egter van die hand wys. Daarop word Hertzog as minister van justisie aangestel in die eerste kabinet, wat soos volg saamgestel word:

Louis Botha (Transvaal) - Eerste minister en Minister van Landbou;
J.W. Sauer (Kaap) - Minister van Spoorweë en Hawens;
J.C. Smuts (Transvaal) - Minister van Binnelandse Sake, Mynbou en Verdediging;
J. B. M. Hertzog (Vrystaat) - Minister van Justisie;
F. S. Malan (Kaap) - Minister van Onderwys;
H. C. Hull (Transvaal) - Minister van Finansies;
A. Fischer (Vrystaat) - Minister van Lande;
H. Burton (Kaap) - Minister van Naturellesake;
F. R. Moor (Natal) - Minister van Handel en Nywerheid;
D. P. de V. Graaff (Kaap) - Minister van Openbare Werke en Pos- en Telegraafwese;
F. O'G. Gubbins (Natal) – Minister sonder portefeulje.

Die name van regters, administrateurs van die provinsies en die hoë kommissaris in Londen is dieselfde dag aangekondig. Sir Henry de Villiers, voorsitter van die Nasionale Konvensie, was die outomatiese keuse as hoofregter en hy word ook verhef tot baron, die hoogste eretitel wat toegeken is aan iemand wat in Suid-Afrika gebore is. Sir Richard Solomon, die Transvaalse agent-generaal, word as die hoë kommissaris in Londen aangewys.

Oor die keuse van die Kaaplandse administrateur ontstaan 'n toutrekkery onder ministers. Sauer en Burton was ten gunste van Merriman se kandidaat, H.L. Currey, minister sonder portefeulje in sy kabinet, wat vroeër as Rhodes se private sekretaris gedien het totdat hy 'n uitval met hom gehad het. Malan en Graaff dring egter daarop aan dat N.F. (Frederik) de Waal, Kaapse koloniale sekretaris en lid van die Afrikanerbond, die pos moet kry.[75] Die feit dat De

---

[70] NBSA, Kaapstad. Boonzaier-versameling, Vol. 6, Dagboek, 28 Mei 1910.
[71] F.A. Mouton, "The Burden of Empathy: John X. Merriman, F.S. Malan and Phyllis Lewsen's Quest for Biographical Authenticity", p. 127.
[72] NBSA, Kaapstad. Boonzaier-versameling, Vol. 6, Dagboek, 27-30 Mei 1910.
[73] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 12.
[74] F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha,* p. 229.
[75] L.M. Thompson, *The Unification of South Africa,* p. 459.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Waal aangestel word, dui waarskynlik daarop dat Malan en Graaff meer invloed by Botha kon uitoefen.

Weens die dood van koning Eduard VII op 6 Mei word die nuwe bestel op Uniedag, 31 Mei, met 'n minimum van seremonies en feestelikhede ingewy. Die koninklike bevelskrif waardeur die goewerneur-generaal aangestel is, word in Pretoria in Engels en Nederlands voorgelees, en die ampsede van Gladstone en die lede van die kabinet voor die Hoofregter afgelê.

Die Unie van Suid-Afrika kom tot stand. Maar daar was nog geen Parlement nie.

Drie dae later skryf *The Cape* in 'n hoofartikel dat, hoe gekrenk hy ook al oor Merriman voel, dit sy plig is om die beste van die saak te maak. Die Kaap, met vier van die elf kabinetslede, het in elk geval nie rede om te kla nie:

> "The Department of Public Works, Post and Telegraphs, has fallen to Mr Graaff, who has had fine training in the first-named branch of his work under Mr Sauer… the control of Education has come to Mr Malan, who has taken a deep and almost life-long interest in the subject."[76]

Toe Boonzaier die volgende dag by sy kantoor aankom, deel Donovan hom mee dat Van der Horst besluit het om *The Cape* te stop. Hulle gaan praat toe in Keeromstraat met Van der Horst, wat hulle taamlik kil ontvang. Hy lees ook 'n telegram van Graaff voor waarvolgens sy prokureur die artikel in *The Cape* as lasterlik beskou.[77]

Op 11 Junie teken Boonzaier in sy dagboek aan: "This morning all anxiety is at an end & the fate of the paper is sealed." Van der Horst publiseer 'n brief oor "Mr Merriman's Manifesto" in *Ons Land* wat deur die *South African News* oorgeneem word. Van der Horst vra waarom Merriman nie 'n kabinetspos aanvaar het nie nadat hy in 'n brief aan sy kiesafdeling geskryf dat die Unie van groter belang as persoonlikhede is, 'n sukses moet wees en dat hy sy steun aan die huidige administrasie gee. Van der Horst gaan voort:

> "…two members of the Merriman Ministry… were accused of discreditable and dishonourable conduct and of having been faithless to the interests of this Colony, and the paper described the period that we are entering upon as 'The Era of Jobbery'. It was alleged that Mr Merriman was personally at the back of this attack. Is this perhaps the manner in which the right hon. gentleman will give his support to the Government?"

Boonzaier reageer skerp in sy dagboek:

> "Van der Horst has, <u>without a word of warning,</u> gone to *Ons Land,* with which he is connected in some way, and used its columns for committing as grave a breach of the journalistic code of honour as it is possible to conceive, namely, the making public of the name of a man who had expressly asked us not to disclose his identity. Van der Horst has acted in the most contemptible way and will in days to come recognise the great mistake he made at this critical juncture. But, after all, the man owes everything to Graaff and he no doubt considers his own position before everything else."

Boonzaier en Donovan dien hul bedankings in en begin met Merriman se steun 'n nuwe weekblad, *New Nation,* wat in September met die *Cape Observer* saamsmelt. Van der Horst kondig aan dat A.H. Roworth as redakteur van *The Cape* oorneem. In die volgende uitgawe plaas *The Cape* 'n voorblad-apologie, "Amende Honorable", onder die opskrif "John X Merriman" oor die spotprent en hoofartikel van 27 Mei. Die blad skryf dat 'n brief van die prokureursfirma Van Zijl and Buissiné ontvang is:

> "…demanding, on behalf of the Hon F.S. Malan and D.P. de V. Graaff, an immediate apology for the false and malicious accusations brought against them therein, and intimating that if we fail to comply with this demand legal proceedings will be instituted in the Supreme

---

[76] *The Cape*, 3 Junie 1910.
[77] NBSA, Kaapstad. Boonzaier-versameling, Vol. 6, Dagboek, 5 Junie 1910.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> Court against us. As we are satisfied that there was not the slightest foundation for the injurious allegations complained of, our duty is to withdraw them and to tender such reparation as is in our power. To our readers we must express our regret for this lapse from the course of conduct which had been marked out for this paper, and can only say that we have taken the most effective steps to prevent a recurrence."[78]

Die gewraakte uitgawe van *The Cape* met Boonzaier se omstrede spotprent is na die dreigement van regsoptrede heeltemal onttrek; daar is geen eksemplaar in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad te vind nie. Boonzaier se spotprent het ook verdwyn. Phyllis Lewsen, die biograaf van Merriman, het die enigste oorblywende kopie daarvan by mev. Jim Merriman gesien, wat dit daarna verloor het.[79]

'n Ruk na die geskil oor Merriman kom 'n verdere tussenspel tussen Graaff en Boonzaier voor wat die karikaturis op 28 Junie in sy dagboek beskryf:

> "This morning on going into town I had to wait several minutes at Newlands & while seated there on a bench was surprised to see D P de V Graaff, who has returned from Pretoria and staying at his old home at 'Fernwood' for a week or two, come out of the station and walk towards me with outstretched hand. This was our first meeting since the publication of my 'Tricked' cartoon, and Graaff's demeanour certainly took me by surprise. He immediately sat down at my side and after we had exhanged some commonplace remarks about his recent stay in Pretoria he abruptly turned the conversation in the direction of our quarrel with Van der Horst. 'I am sorry to hear about this business of yours' or 'the unpleasantness you are having'. I am not sure of the exact words, but it was perfectly clear that he was alluding to *The Cape*."

Graaff gee daarna 'n lang verduideliking van sy eie optrede in die tydperk wat genl. Botha se aanstelling as eerste minister voorafgegaan het:

> "He had in the beginning, so he assured, favoured the idea of Merriman being Prime Minister, but Merriman's many indiscretions and testiness of character rendered his chance in the race for the premiership hopeless and so rather than allow Botha to be surrounded by the 'Jingoes of the Rand' decided to take office under him. Hofmeyr, he said, had written to him from London saying that Merriman's chances had vanished completely. All this was related to me during the railway journey into town. There was never a break in Graaff's long explanation and when we reached town he said, 'And now, with regard to this trouble, is there no way of patching up things?' I told him that I was afraid there was no hope for reconciliation.
> He rather surprised me with the freedom with which he discussed Van der Horst's position with me. 'Van der Horst,' he said, 'serves me and you must see that this accusation, published in a paper owned by him, placed him in a very awkward position so far as I am concerned. Of course, I shall tell him that I don't blame <u>him</u>, but I can see he feels his position deeply.'"

Boonzaier sluit sy relaas af:

> "The meeting was certainly a strange and unexpected one and one which I shall long remember. A good deal of the conversation had been carried on in Dutch, and Graaff for reasons best known to himself had spoken throughout as if confiding a grievance to a friend. He never attempted to extract any information from me as to the authorship of the Merriman article or rather the source from which Donovan had gathered his details, but once or twice he said that he had been 'grossly misrepresented' and if it ever came to a case and he had to go into the witness box he could make some startling relevations."[80]

---

[78] *The Cape*, 17 Junie 1910.
[79] P. Lewsen, *Reverberations,* p. 92, 93, 112, 160.
[80] NBSA, Kaapstad. Boonzaier se versameling, Vol 6. Dagboek, 28 Junie 1910.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die relletjie tussen die voorste Kaapse politici word gevolg deur verdere dramatiese gebeurde tydens Uniewording. Die situasie word op 18 September 1910, drie dae na die Unie se eerste verkiesing, opgesom deur 'n gewese lid van Milner se Kindergarten van jong amptenare, die skrywer en bankier R. H. (later lord) Brand, wat uit 'n Londense perspektief aan Smuts skryf: "I wonder why South Africa has the power of being perenially interesting. Something dramatic is always going on there…" [81]

In die verkiesing op 15 September 1910 word die eerste minister, Botha, in die kiesafdeling Pretoria-Oos deur sir Percy Fitzpatrick van die Unioniste verslaan. Botha, saam met Hull en Moor een van drie ministers wat in die verkiesing 'n nederlaag ly, was baie terneergedruk oor die klap in die gesig vir sy regering. Hy blameer Hertzogisme vir die nederlaag en dink daaraan om te bedank. Hy bly egter aan toe die veilige kiesafdeling Losberg hom aangebied word. Hull aanvaar na weifeling Barberton se aanbod om daardie kiesafdeling te verteenwoordig, maar Moor, voorheen die Natalse premier, bedank uit die kabinet en word deur sy mede-Nataller kol. George Leuchars, onafhanklike lid vir Umvoti, vervang.[82]

Die verskillende partye wat die regering gevorm het, was in daardie stadium nog nie in een party saamgesnoer nie. Botha het op 'n openbare vergadering wat op 14 Junie in die Pretoriase operagebou gehou is die hoop uitgespreek dat die verskillende partye hul ou weë sal laat vaar en hulle in gelid sal skaar om een groot party te vorm, wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Party sal heet. Graaff was saam met hom op die verhoog, asook Smuts, Fischer, Hertzog en Sauer. [83] Tog is die regering se verkiesingsveldtog inderdaad afsonderlik deur die drie koloniale partye – die Suid-Afrikaanse Party in Kaapland, Het Volk in Transvaal en die Orangia Unie in die Vrystaat – gevoer. Die Suid-Afrikaanse Party onder Botha kry eers in 1911 sy beslag, toe die Afrikanerbond ook ontbind.

Graaff vaar in die verkiesing heelwat beter as sy leier. Hy word in die kiesafdeling Namakwaland as SAP-kandidaat onbestrede verkies.[84] Die joernalis J.H. Steinmeyer skryf dat Graaff sy verkiesingsveldtog "stokalleen" gevoer het. "Dit was gewoonlik 'n eienaardige verkiesing. Voordat hy in Namakwaland aangekom het, was daar heelparty aspirant-kandidate. Sir David het na die kiesafdeling gegaan, die een kandidaat na die ander het hom ten gunste van sir David teruggetrek en hy het onbestrede na die Parlement teruggekeer."[85]

In sy verkiesingsveldtog reis hy per motor – en sy motor is vir heelparty van sy kiesers die eerste sodanige rytuig wat hulle te sien kry. Graaff, wat in 1910 voorsitter van die Automobiel-Assosiasie in Suid-Afrika geword het, word beskou as een van die pioniers van die outomobiel in die Kaap. Hy was een van die eerste Suid-Afrikaners wat die rybewys van die Royal Automobile Club in Brittanje verwerf het. Sy eerste motor, 'n Daimler met 22 perdekrag, was 'n replika van 'n soortgelyke sedan wat aan koning Eduard VII verskaf is.[86]

Twee weke na die verkiesing skryf Boonzaier, wat met 'n advokaat oor Graaff se werkaanbod gepraat het, in sy dagboek 'n laaste woord oor hul onderonsie:

> "I met Advocate Greer last week when he told me he had at last procured an interview with Graaff. This was their first meeting since Graaff had assured him at 'Fernwood' that he accepted all our conditions regarding the resuming of work on *The Cape*. Greer says that he is now convinced that Graaff tricked him. The latter now treated the whole affair in an off-hand way, saying that he hadn't the time to be worried about such trifling matters and that

---

[81] C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide*, p. 27. Aanhaling uit Smuts papers, III, 15.
[82] L.Thompson, *The Unification of South Africa, 1902-1910*, p. 479.
[83] *The Cape Times*, 14 Junie 1910.
[84] B.M. Schoeman, *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 28.
[85] *Die Burger*, 18 Desember 1956.
[86] *South Africa*, p. 454, 30 November 1912. Afgesien van sy Daimler het Graaff onder meer 'n Brush (10 pk), 'n Lanchester (10 en 28 pk), 'n Panhard (10 pk) en 'n Panhard Limousine (26-34 pk) besit. In verskeie uitgawes van die *South African Who's Who* is sy stokperdjie as motorry (motoring) aangegee. Hy was 29 jaar lid van die Royal Automobile Club.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> after leaving 'Fernwood' on the Sunday he had had a consultation with Van der Horst who had in the meanwhile changed his mind and decided not to part with his control of *The Cape*. This explanation seemed such a puerile one to Greer and he saw so plainly that Graaff had all along deceived him that he did not prolong the interview which Graaff too, obviously, did not wish to continue. This man Graaff would seem to deserve all hatred which most people who are brought into contact with him entertain towards him ever after, and he appears to have an excellent first lieutenant in Van der Horst."[87]

Boonzaier, bekend om sy skerp en dikwels siniese oordele oor politici, val Graaff later in spotprente veel minder aan as sy hoofteikens – veral die oud-Boeregeneraals Botha en Smuts, wat hy as marionette van Joodse kapitaal en Britse imperialisme uitbeeld saam met hul Engelse nooi Smartina (sir Thomas Smartt, leier van die Unionisteparty). Sy karikature in *Die Burger,* die nuwe dagblad waarby hy hom in 1915 sou aansluit, dra meer by tot die uiteindelike val van die SAP-regering as honderde hoofartikels en dosyne politieke pamflette, is daarna beweer.[88]

Die verdeeldheid rakende Merriman in die SAP word met verloop van tyd geheel namate dit duidelik word dat Merriman in sy kiesafdeling te sterk staan om uitgegooi te word, asook dat hy bereid is om uit die agterbanke as 'n "humble musket-bearer" in Botha se party op te tree. Merriman is in Victoria-Wes, soos Graaff in Namakwaland, onbestrede verkies. Hoewel Merriman die storie van 'n sameswering teen hom geglo het, het Malan dit nie 'n persoonlike kwessie probeer maak nie, en in Junie die idee laat vaar om Merriman te ontsetel.[89]

As sterk voorstander van die konsiliasie-beleid kan daar min twyfel wees dat Graaff wat Merriman betref ook soos sy goeie vriend Malan gereageer het. F.V. Engelenburg, biograaf van genl. Botha, oordeel bowendien dat Merriman hom mettertyd met Graaff en Malan se houding versoen het.[90] Graaff en Malan het in elk geval met die steun wat hulle aan Botha gegee het die gang van die politiek tydens Uniewording help bepaal.

Intussen, terwyl Graaff hom tydens Uniewording op sy politieke loopbaan toegespits het, is Imperial Cold Storage deur bankrotskap in die gesig gestaar.

Op 31 Mei 1910, dieselfde dag dat Suid-Afrika die geboorte van die Unie beleef het, notuleer die Londense komitee van ICS 'n bespreking om nuwe lewe in die maatskappy te blaas. Die naam van 'n ou bekende kom nou na vore: Charles Leonard, die Reformis wat na die Jameson-inval uit Kaapstad ontsnap en daarna as regsgeleerde in Londen gepraktiseer het. Leonard, 'n groot aandeelhouer in ICS, wou die direksie laat ontbind en 'n nuwe direksie aanstel. Toe sy plan teenstand kry, gee hy op 21 Junie 1910 op 'n vergadering van die Londense komitee toe dat daar net een ander uitweg is: die ontbinding van die maatskappy. Al die Londense direkteure behalwe Sivewright staan dit teen. Leonard veronagsaam die besware en hy, gesteun deur Sivewright, doen in die Transvaalse Hooggeregshof aansoek om die ontbinding van ICS. Ondanks die heftige besware van Graaff, eweneens 'n groot aandeelhouer, word 'n voorlopige bevel vir die likwidasie van die maatskappy op 21 Desember 1910 toegestaan.[91]

---

[87] NBSA, Kaapstad. Boonzaier se versameling, Vol 6. Dagboek, 3 Oktober 1910.
[88] C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide: Geboorte en Groei van die Nasionale Pers, 1915-1948,* p. 348.
[89] T.R.H. Davenport, *The Afrikanerbond,* p. 295-296. Davenport staaf hierdie weergawe van die situasie met verskeie briewe van die Merriman-versameling.
[90] F.V. Engelenburg, *Generaal Louis Botha.,* p. 202.
[91] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 109-110.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

ICS se verliese neem teen November 1910 toe tot £28 991, en die aandeelprys daal in hierdie tyd tot 6 pennies per aandeel. In direksieverslae word gereeld melding gemaak van die tekort aan slagdiere, hoë veepryse en kwaaier mededinging van ander maatskappye.[92]

Op die daaropvolgende direksievergadering op Nuwejaarsdag 1911 in Johannesburg spreek veral twee direkteure, Francis Oats en Sammy Marks, hulle sterk uit teen die ondergang van die maatskappy. Vasbeslote om ICS te red, stel hulle voor dat die Londense direkteure onmiddellik bedank en 'n nuwe direksie in Suid-Afrika saamgestel word. Slegs twee lede word in die nuwe direksie aangestel. Soos verwag kan word, is dié twee Oats en Marks – en hul voorstel word gesekondeer deur J.G.P. van der Horst.

Die nuwe direksie hoef nie ver te soek na 'n nuwe uitvoerende amptenaar om ICS te laat herlewe nie. Op versoek van Oats en Marks tree Van der Horst toe tot die direksie, dieselfde direksie waaruit hy vyf jaar tevore as 'n gebelgde direkteur bedank het. Dit beteken dat hy sy veilige pos as sekretaris van Graaffs Trust, waar hy reeds 'n hele paar jaar David Graaff se vertroude regterhand was, moet opgee,[93]

Van der Horst, wat voortaan as ICS se besturende direkteur optree, spring dadelik aan die werk en begin met 'n omvattende regruk-poging. Op sy versoek word die keerdag van die voorlopige likwidasiebevel teen ICS tot 15 Maart uitgestel. Later, na bemiddeling deur Marks, word 'n skikking met Leonard bereik en hy trek sy aansoek in die Transvaalse Hooggeregshof terug.[94]

Rakende die koste van die Londense geding oor die militêre eis word besluit dat die vyf waarborgers gevra sal word om die hofkoste te help delg. Uiteindelik dra De Beers en Lewis & Marks om die helfte by tot die oorblywende hofkoste. In onderhandelinge tussen 1910 en 1911 word die belange van ICS en die Cold Storage Trust saamgevoeg. Op 12 April 1911 word ICS se aandelekapitaal van £875 000 tot £201 000 verminder, maar met 'n gelyktydige vermeerdering van £199 000 om oornames te kan doen. Nie-winsgewende filiale buite die maatskappy se kernbesigheid word verkoop of gesluit, en filiale in Durban, Port Elizabeth, Pietermaritzburg en Johannesburg oorgeneem. 'n Dekade later word gerapporteer dat ICS in 1906 en 1911 "fictitious assets" ten bedrae van 'n verstommende £1 316 000 afgeskryf het, waarvan die werklike bedryfsverlies net £203 000 was.[95]

Van der Horst inspekteer self al die geboue en eiendom van ICS oor die hele land. Te hoë waardasies word aangepas en nuwe gebruike gevind vir koelkamers wat verouder of in onbruik geraak het.[96] In die suiweldistrikte van die Oos-Kaap en die Vrystaat word romerye begin, so ook in Johannesburg en Port Elizabeth. Die suiwelfabrieke produseer spoedig altesame 52 000 kiste botter per jaar.[97]

Van der Horst verbeter ook die navorsingsfasiliteite vir uitvoervrugte by ICS se perseel in Dokweg in Kaapstad, waar voorheen veral op vleisprodukte, steeds die kern van die maatskappy se bedrywighede, gekonsentreer is. Danksy sy dinamiese leierskap word die bestuur van ICS herorganiseer, dissipline opgeskerp en koste besnoei.[98] Sy omkeerstrategie slaag daarin om ICS weer eens op 'n winsgrondslag te plaas, en in 1911 word 'n klein wins van £7 973 verklaar. Die volgende jaar word 'n tussentydse dividend van 6 pennies per aandeel in Oktober uitbetaal.[99]

---

[92] E. Rosenthal, "Cold Storage Chronicle", p. 235.
[93] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 110-111.
[94] E. Rosenthal, "Cold Storage Chronicle", p. 216.
[95] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 8. Die verslag verwys na die besturende direkteur se rapportering in September 1921 aan ICS.
[96] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 114-115.
[97] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Voorsittersverslag van ICS, 22 September 1921.
[98] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 116.
[99] E. Rosenthal, "Cold Storage Chronicle", p. 222.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Van der Horst se hernieude toetrede tot ICS word 'n suksesverhaal wat onder sy leiding byna 'n dekade sou voorduur. Teen die einde van die dekade sou die verhouding tussen hom en Graaff egter swaar beproef word.

Tydens Uniewording het Graaff hom reeds heeltemal van sy betrokkenheid as aktiewe sakeman in die verkoelingsbedryf onttrek, hoewel hy steeds 'n groot aandeelhouer in ICS was. In hierdie stadium word sy loopbaan deur sy politieke rol oorheers.

Die steun wat hy en F.S. Malan aan Botha in die stryd om die premierskap verleen het, was deurslaggewend in die verloop van die landspolitiek in die eerste jare van die nuut gestigte Unie van Suid-Afrika. In die daaropvolgende verkiesingsveldtogte was dit eweneens 'n groot voordeel vir die SAP in Kaapland dat die party op die ondersteuning van prominente lede van die Afrikanerbond soos die broers Graaff en F.S. Malan kon staatmaak. In Kaapland het dit sterk onderskraging gebied vir die rigting wat Botha en Smuts na Uniewording ingeslaan het. Algemeen word ook aanvaar dat Botha en Smuts geldelik deur die Graaffs gesteun is.[100]

[100] *The Times,* 7 April 1927. In 'n doodsberig oor sir Jacobus Graaff verklaar die koerant oor die verkiesingsveldtog: "...the Graaffs played a decisive part in rallying the Cape Dutch to General Botha, whose leadership,as that of a Transvaaler, was not accepted without hesitation by the conservative Bondsmen of the Old Colony. Graaff's wealth, moreover, and the liberal aid which the brothers gave in the electoral campaign, were undeniap.y effective in the constituencies and in strengthening Botha's position generally, which had not then been consolidated by the adhesion of the mining magnates of the Rand."

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 8

Baronet en Skeepsring

Kort na Uniewording ontstaan 'n situasie wat Graaff en sy nageslag intiem sou raak. Dit spruit uit die Britse vors se toekenning van eretitels aan Suid-Afrikaners in 1911 – die eerste keer sedert die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het dat koning George V se Nuwejaarslys van eretitels uitgereik word. Die nuwe koning het die troon op 6 Mei 1910 bestyg na die dood van sy voorganger, Eduard VII - dus 'n paar weke voor Uniewording op 31 Mei 1910.

Botha en Smuts, die twee Boeregeneraals wat nog sterk onder die republikeinse tradisie was en nie van titels gehou het nie, wys eretitels van die hand. Graaff, in daardie stadium 'n vrygesel, word genader om 'n baronetskap te aanvaar, aangesien gemeen is dat daar nie erfgename vir hierdie erflike titel sou wees nie. Hy weier aanvanklik ook, maar word deur sir Herbert Stanley, private sekretaris van die eerste goewerneur-generaal van die Unie, lord Gladstone, oorreed dat sommige mense tog bereid moet wees om titels te aanvaar. [1] In Londen verklaar *The Times*: "His baronetcy was conferred …in recognition of services in connection with the passing of the South Africa Act, which sealed the Union of the Four Colonies."[2] Graaff se benoeming word deur Botha en Smuts ondersteun, in die besonder vanweë die noodlenigingswerk wat hy en sy broer Jacobus gedurende die Anglo-Boere-oorlog in die konsentrasiekampe gedoen het, en ook vanweë hul onvermoeide pogings om versoening tussen Afrikaans- en Engelssprekendes teweeg te bring.[3]

'n Baronetskap is deel van die eeue-oue Britse tradisie van eretitels. Hierdie besondere titel dateer terug tot 1611, toe koning James I dit ingestel het om geld in te samel. 'n Baronetskap is soos 'n lordskap 'n erflike titel, hoofsaaklik vir manlike erfgename, en het 'n territoriale aanwysing. 'n Baronet val tussen 'n baron en 'n ridder, maar kry nie outomaties sitting in die Britse Hoërhuis (House of Lords) nie.[4] 'n Baronet word regtens (by right) as "Sir" aangespreek, 'n ridder word uit hoflikheid (by courtesy) "Sir" genoem.

Op 6 Februarie 1911 word Graaff ingevolge 'n koninklike bevelskrif formeel 'n baronet: Sir David Pieter de Villiers Graaff, Bt, van Kaapstad.[5]

Twee ander baronetskappe gaan dieselfde jaar aan mense met Suid-Afrikaanse konneksies: sir Leander Starr Jameson, vorige premier van die Kaapkolonie en die politikus wat in 1895 die leiding met die berugte Jameson-inval geneem het, en sir George Farrar, mynmagnaat van Bedford (Transvaal).[6] Ter herdenking van die totstandkoming van die Unie slaan die koning ook sewe ander mense tot ridder, maar hulle kry nie erflike titels nie.[7]

Die eretitels wat met Uniewording gepaard gaan, word in die Suid-Afrikaanse media gunstig ontvang. *De Zuid-Afrikaan* wens die ontvangers van harte geluk met die eer wat hulle te beurt

---

[1] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 12. Ook in *Die Burger* van 17 Desember 1956 gee J.H. Steinmeyer 'n relaas van Jan Graaff, aan wie 'n vriend van David Graaff vertel het dat hy gekies is omdat dit feitlik seker was dat die titel met hom sou verdwyn, d.w.s. dat hy geen opvolger sou hê nie.

[2] Graaff se doodsberig in *The Times,* Londen, 14 April 1931.

[3] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 12.

[4] In die hiërargie van die Britse adelstand staan 'n hertog bo-aan, daarna 'n markies, 'n graaf, 'n burggraaf en 'n baron. Hierna volg die drie hoogste ridderskappe – die Orde van die Kousband, die Orde van die Distel en St Patrick – dan baronetskappe, en daarna die verskillende ridderskap-ordes. Pup.ikasies soos *Debrett's* en *Burke's Peerage* verduidelik dit in besonderhede.

[5] British National Archives, Londen. Patent Rolls C 66/5239 Part 5 1 Geo V.

[6] *The London Gazette*, 30 Junie 1911, p. 4832-4833.

[7] Volgens die *London Gazette* van 2 Januarie 1911 word die Orde van St Michael en St George (KCMG, tweede klas) toegeken aan: Sen. Frederick Robert Moor, sir James Percy Fitzpatrick, Nicolaas Frederic de Waal (Administrateur van die Kaapprovinsie), sen. Edward Philip Solomon, Thomas William Smartt, Edgar Harris Walton en Abe Bailey.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

geval het. Die blad wys daarop dat 'n erflike titel reeds geruime tyd toegeken is aan die voorsitter van die Nasionale Konvensie, lord John Henry de Villiers (ook die eerste hoofregter van die Unie), wat in 1910 tot die adelstand verhef is.[8] Hy is 'n baron – "de laagste titel van die hoogste engelse adel". Die edelman Graaff en die twee ander baronette is "verheven … tot de hoogste erflike titel van de kleine engelse adel". Die blad swaai hom lof toe: "Sir David Graaff heeft het land, de stad zijner in wonen en zijn partij, uitstekende diensten bewezen en zijn uiterst bekwame en onbaatsuchtige diensten als minister zonder portefeuille is in de verleden niet genoegzaam erkend."[9] Uit Kaapstad rapporteer die goewerneur-generaal, Gladstone, aan Lewis Harcourt, wat Chamberlain as minister van kolonies opgevolg het: "The Honours List has been well received."[10]

Die titels vind egter nie oral byval nie. Emily Hobhouse, op besoek in Rome, skryf uit die Italiaanse hoofstad aan "Dear Oom Jannie" (Smuts) 'n brief waarin sy haar krities uitlaat oor die aanstaande Rykskonferensie – "How ancient Roman it all is, this Empire business" – en na die verlening van titels verwys: "How many more titles are you going to give in South Africa? I could never have believed that Fischer would have taken anything so cheap or even Mr. Graaff. I thought better of him."[11]

Graaff se baronetskap is een van veertien wat tussen 1840 en 1925, toe die eretitels in Suid-Afrika afgeskaf is, aan mense met Suid-Afrikaanse konneksies toegeken is.

Die eerste Suid-Afrikaanse baronet was die Oos-Kaapse staatsman sir Andries Stockenstrom, eertydse landdros van Graaff-Reinet en latere luitenant-goewerneur, aan wie die titel in 1840 toegeken is.Tussen 1905 en 1924 is nog dertien baronetskappe toegeken, hoofsaaklik aan die sogenaamde Randlords, die skatryk mynmagnate wat hul fortuin op die Randse goudvelde en Kimberley se diamantmyne gemaak het. Die helfte van hierdie veertien baronetskappe is uitgestorwe, aangesien daar geen erfgenaam was nie. Naas Stockenstrom is die ander uitgestorwe baronetskappe dié van:

• Sir Julius Wernher van Luton Hoo, mynmagnaat, baronetskap toegeken in 1905.
• Sir George Farrar, 1911.
• Sir Leander Starr Jameson, 1911.
• Sir Sothern Holland van Westwell Manor, 1917.
• Sir Bernard Oppenheimer van Stoke Poges, 1921. Sir Bernard was 'n diamantmagnaat soos sy jonger broer, sir Ernest Oppenheimer, wat dieselfde jaar tot ridder geslaan is, maar nie 'n erflike titel ontvang het nie. Sir Ernest, stigter van die Suid-Afrikaanse Oppenheimer-dinastie (hy is gevolg deur sy seun Harry en kleinseun Nicky), is na die dood van sy eerste vrou getroud met Ina, lady Oppenheimer, die weduwee van sy broer Bernard se seun Michael. Sir Bernard se kleinseun sir Michael Oppenheimer het nie 'n manlike erfgenaam gehad nie.[12]
• Sir Otto Beit van Tewin Water, 1924. Hy was verbonde aan die Randse mynmaatskappy Wernher, Beit & Co, waarin sy broer Alfred 'n vennoot saam met sir Julius Wernher was. Die Beit-brug tussen Suid-Afrika en Zimbabwe is na Alfred Beit genoem.

Die oorblywende sewe van die veertien baronetskappe - waaronder die Graaff-baronetskap – het vroeg in die 21ste eeu steeds bestaan. Naas Graaff is die ses ander:
• Sir Elliot Philipson Philipson-Stow van Kaapstad en Lodsworth, baronetskap toegeken in 1907.
• Sir Joseph Robinson van Hawthornden en Dudley House, mynmagnaat, 1908.

---

[8] Baron De Villiers van Wynberg was die eerste en enigste ontvanger van die hoogste Britse titel wat aan 'n Suid-Afrikaner toegeken is.
[9] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 5 Januarie 1911.
[10] British Library, Londen. Viscount Gladstone Collection, AS 45997, Gladstone-Harcourt, 16 Januarie 1911.
[11] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1/194, Hobhouse-Smuts, 1 Maart 1911. Die verwysing na Abraham Fischer spruit uit sy aanstelling as lid van die Geheime Raad (Privy Council).
[12] A. Hocking, *Oppenheimer and Son*, p. 166.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

• Sir George Albu van Johannesburg, mynmagnaat, 1912. Albu en sy broer Leopold het General Mining and Finance Corporation in 1895 gestig – die voorloper van Federale Mynbou en Union Corporation, wat Gencor geword het, daarna Billiton en toe BHP Billiton, een van die grootste mynhuise in die wêreld. Albu se kleinseun sir George Albu, die derde baronet, gebore op 5 Junie 1944, woon op Glen Hamish Farm, Richmond in Kwazulu-Natal. Twee dogters is uit sy huwelik met Joan Valeri Millar gebore.
• Sir Lionel Phillips van Tylney Hall, mynmagnaat, 1912.
• Sir Abe Bailey van Cradock, mynmagnaat en filantroop, 1919. Die Bailey-reisbeurse vir Suid-Afrikaners is deur hierdie diamantmagnaat ingestel. Hy was een van die weinige Randlords wat 'n nalatenskap in Suid-Afrika gelaat het – sy groot versameling kunswerke word in die Nasionale Kunsgalery in Kaapstad uitgestal. Hy was die eggenoot van lady Bailey, die Britse vlieënier wat 'n vliegtuig van Engeland na Suid-Afrika en terug geloods het. Op 40-jarige ouderdom het sy dame Mary Bailey geword – 'n Dame Commander of the Order of the British Empire, 'n rang gelykstaande aan 'n ridderskap.
• Sir Lewis Richardson van Yellow Woods, 1924.

Behalwe in die geval van Graaff en Albu dui die vyf ander oorlewende derde baronette – Philipson-Stow, Robinson, Philips, Bailey en Richardson – in amptelike bronne 'n woonadres in Londen of die Kanaaleilande aan.[13]

Sommige baronette is, soos lede van die hoogste adelstand of ridders grootkruis (Knights Grand Cross), geregtig op 'n familiewapen of wapenskild (armorial ensign).[14] Maar dit gebeur meesal in uitsonderlike gevalle, en hulle moet toestemming van die Britse monarg ontvang om skildhouers (supporters) daarvoor te gebruik, dus figure (menslik of dierlik) wat die skild op die familiewapen omhoog hou.

Graaff rig dus later in 1911 'n versoekskrif tot die Britse koning waarin hy verlof vra vir die gebruik van skildhouers vir so 'n wapenskild wat gedurende sy leeftyd en sy erfgename s'n gebruik kon word. In 'n amptelike memorandum wat saam met sy versoekskrif in die Nasionale Argief in Londen gehou word, word daarop gewys dat dit 'n uitsonderlike versoek is, wat desnieteenstaande simpatiek bejeën moet word. Volgens die memorandum is 'n paar soortgelyke versoeke in die onlangse verlede afgekeur, maar daar is wel twee goedgekeurde presedente vir Graaff se versoek, dié van sir John Fleetwood Fuller (1910) en sir Alfred Mond (1910). Graaff se geval is analoog met Fuller s'n, wat "dienste van 'n politieke aard" vir die Britse Ryk gelewer het. Sy aanspraak is selfs sterker as dié van Mond, wat die voorreg van skildhouers bloot uit erkenning vir sy vader se wetenskaplike prestasies ontvang het.[15]

Die bewoording van Graaff se versoekskrif, wat 29 Augustus 1911 in Londen ontvang is, sowel as die destydse briefwisseling bied 'n beeld van die gebruike wat vir sulke gevalle geld. Die versoekskrif aan "The King's Most Excellent Majesty" lui onder meer:

> "That in order to commemorate the connection of Your Petitioner with the foundation of the said Union of South Africa as aforesaid, he is desirous that Supporters should be assigned to be borne and used by him and by his successors in the dignity of a Baronet."[16]

By ontvangs van die versoekskrif in Londen blyk daar nie eenstemmigheid tussen verskillende betrokke Britse staatsdepartemente en die vorstehuis te wees nie. Die minister van kolonies, Harcourt, se aanbeveling dat die versoek toegestaan word, word aanvanklik deur die koning

---

[13] Official Roll of the Baronetage, Burke's Peerage & Baronetage and Who's Who 2008 ed.
[14] So 'n wapenskild word ingevolge die Britse gebruik slegs aan 'n individu en sy manlike afstammelinge uitgereik, nie aan die hele familie nie.
[15] British National Archives, Londen. Home Office (hierna HO) 45/10652, 211982/2
[16] British National Archives, Londen. HO 45/10652, 211982/2

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

afgekeur. Op 16 September 1911 skryf lord Stamfordham uit Balmoral Castle, die koninklike residensie in Skotland, aan J.C.C. Davidson van die departement van kolonies:

> "In reply to your letter of 11th instant, as recently several applications made by Baronets for permission to bear and use supporters have been refused, the King thinks that considerable difficulty might be caused if leave were now granted to Sir David de Villiers Graaff to have this privilege."[17]

Konsepbriewe om Graaff oor die verloop van sake in te lig beland op die lessenaar van die Britse minister van binnelandse sake, Winston Churchill, wat tydens die Anglo-Boere-oorlog 'n oorlogskorrespondent in Suid-Afrika was. Churchill, die latere oorlogstydse premier wat in daardie stadium in die Liberale kabinet van Asquith dien nadat sir Henry Campbell-Bannerman in 1908 oorlede is, dink anders oor die saak. 'n Brief aan sir Hartman Just uit Churchill se departement lui:

> "Mr Churchill … is inclined to make an exception to the general rule which imposes a strict limit on the grant of such applications. Sir David Graaff is an influential Minister in South Africa, and Mr Churchill thinks that the grant of the present application might be a good thing for reasons of state; but he would prefer to be guided by Mr Harcourt in this matter."[18]

Churchill onderneem om die koning dienooreenkomstig te adviseer. Koning George V bly egter huiwerig, en lord Stamfordham skryf uit die Buckingham-paleis aan Churchill dat die koning meen dat dit beter sou wees om "some clearly defined lines" vas te lê waarvolgens hulle met sulke gevalle kan werk.[19]

Churchill se departement antwoord eers 'n paar maande later, weens kabinetskommelinge en die koning se afwesigheid in Indië. Volgens 'n brief van Reginald McKenna aan Stamfordham stem hy saam met Churchill se standpunt, dat 'n uitsondering in Graaff se geval geregverdig is:

> "Each case should, in my opinion, be considered on its merits as has been the practice up to the present. If Sir Peter Graaf's (sic) application is so considered, it appears to me there are strong grounds for recommending His Majesty to confer the privilege. The fact that he is a Minister of the Crown should in itself carry great weight, and I think the grant of supporters would be a grateful recognition of his distinguished services in South Africa. Harcourt, I know, is strongly in favour."[20]

McKenna kry drie dae daarna 'n positiewe antwoord uit Sandringham:

> "His Majesty is pleased to approve of your submission, that he should confer this privilege on Sir David in recognition of his distinguished services in South Africa. The King quite agrees with your view that it is not desirable to alter the practice of limiting strictly the granting of Supporters to Baronets, and that special cases should be considered on their merits."[21]

Op 30 April 1912 skryf die College of Arms aan Graaff dat die koning sy versoek toegestaan het. Hy word gevra vir 'n tjek van £20.2.6 "for the defrayal of the Fee to the Exchequer and the Stamp Duty on the Royal Licence". Die tjek word die volgende dag aangestuur.[22]

In die magtigingsbrief van koning George V, wat op 18 Junie 1912 uitgereik word, word daarop gewys dat toestemming soos hierdie slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word. Die

---

[17] British National Archives, Londen. HO 45/10652, 211982/2, 16 September 1911.
[18] British National Archives, Londen. Brief aan sir Hartman Just, HO 45/10652, 211982/2, 11 Oktober 1911.
[19] British National Archives, Londen. Brief aan Churchill, HO 45/10652, 211986./3, 19 Oktober 1911.
[20] British National Archives, Londen. Brief aan Stamfordham, HO 45/10652, 211986./3, 11 April 1912.
[21] British National Archives, Londen. Brief onderteken deur Clive Wigram, HO 45/10652, 211986./3, 14 April 1912.
[22] College of Arms, Londen. HO 45/10652, 211986/3.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

"Warrant authorising Sir David Pieter de Villiers Graaff, Baronet, to bear and use Supporters to his Armorial Ensigns" lui onder meer:

> "And in testimony of Our appreciation of the services rendered by the aforesaid Sir David Pieter de Villiers Graaff We are pleased to comply with the prayer of his Petition and by Our Princely Grace and Special Favour have given and granted by these Presents to give and grant unto him the said Sir David Pieter de Villiers Graaff Our Royal Licence and Authority that he and his heirs male of his body upon whom the dignity of a Baronet shall descend by virtue of the said Letters Patent of Creation may bear to his and their Arms respectively the Supporters following that is to say 'On the dexter side A Boer Farmer and on the sinister side A Cape Miner', provided the said Supporters be first duly exemplified according to the Laws of Arms and recorded in Our College of Arms…"[23]

Die Graaff-wapen, met die twee skildhouers en die leuse *Justis Creator Favet*[24], word in die gesaghebbende Debrett's soos volg beskryf:

> "Arms – Argent, a Paschal Lamb proper, on a chief azure five stars of the first (representing the constellation of the Southern Cross). Crest – In front of three spades erect in pale, a dexter arm embowed in armour, the hand holding a scimitar, all proper. Supporters – *Dexter,* a Boer farmer supporting with the exterior hand a rifle; *sinister,* a Cape miner supporting with the exterior hand a pickaxe, both proper."[25]

Die College of Arms het tot onlangs nie afskrifte van die motivering vir die ontwerp van sulke wapens gehou nie. Volgens 'n woordvoerder weerspieël die helmteken (crest) moontlik beide sy militêre en ministeriële diens (wapentuig en grawe), en die twee skildhouers verwys volgens hom na Graaff se nasionaliteit.[26] Meer waarskynlik is dat die Kaapse mynwerker eerder na die ontginning van diamante en ander minerale in Kaapland verwys, terwyl Graaff se belangstelling in boerdery die verklaring vir die bykans onvertaalbare "Boer farmer" bied. Graaff was godsdienstig, jare lank 'n ouderling in die Groote Kerk, vandaar waarskynlik die paaslam bokant die Suiderkruis.

Die kwessie van eretitels neem 'n paar jaar later 'n skewe beloop wat uiteindelik daartoe lei dat die Britse titels in 1925 deur die Suid-Afrikaanse Parlement afgeskaf word. Verskeie redes is daarvoor aangevoer, vooraan die Nasionaliste se groot ideaal om Suid-Afrika sover moontlik van Brittanje los te maak. Nog een van die beweegredes is die skandaal oor "kontant vir eretitels" wat tydens die bewind van die Britse premier David Lloyd George (1916-'22) oopgevlek is. Hy is skerp aangeval omdat hy na die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog (1914-'18) titels vryelik uitgedeel het vir bedrae wat gewissel het afhangende van die rang - £10,000 om 'n ridderskap te bekom, £30,000 vir 'n baronetskap en £50,000 vir 'n lordskap. Een bekende Suid-Afrikaner was by die skandaal betrokke, sir Joseph Robinson, wat sy baronetskap tot 'n lordskap wou verhef. Hy is gedwing om sy aansoek terug te trek nadat die lords sy optrede in die Britse Hoërhuis afgekeur het. Die skandaal dra by tot Lloyd George se bedanking in 1922. Sy korrupte optrede ten bate van sy Liberale Party het tot gevolg gehad dat 'n wet teen misbruik, die Honours (Prevention of Abuses) Act, in 1925 deur die Britse Parlement aangeneem is.[27]

Hoewel daar teen daardie tyd nog heelparty voorstanders van eretitels in Suid-Afrika was, onder wie sommige wat verwag het dat eretitels vryelik uitgedeel sou word wanneer die Prins van Wallis later in 1925 'n besoek aan Suid-Afrika sou bring, strek steun vir afskaffing oor

---

[23] British National Archives, Londen. Verwysing College of Arms, MS 176, p. 247-249.
[24] "Skepper begunstig geregtigheid", of "Creator favours the just".
[25] Sien Graaff, Creation (U.K.) 1911, of Cape Town in *Debrett's Baronetage, Knightage and Companionage*, 1914.
[26] Meegedeel deur William G. Hunt van die College of Arms, Londen.
[27] "Kontant vir eretitels" het weer tydens die bewind van Tony P.air, Britse premier van 1997-2007, opspraak gewek te midde van bewerings dat setels in die Britse Hoërhuis aangebied is vir kontant ter stywing van sy Arbeidersparty se fondse. P.air self is deur die Britse polisie ondervra terwyl bedrae van tot £14 miljoen genoem is. Die Arbeidersparty het 'n aantal lenings terugbetaal.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

taalgrense heen. Die voorstel dat die Britse koning versoek word om nie meer eretitels aan Suid-Afrikaners toe te ken nie omdat dit vreemd aan die volksaard is, word in die Volksraad ingedien deur die Engelssprekende Arthur Barlow, lid van die Arbeidersparty. Hy kry sterk steun van die Nasionaliste, terwyl die Suid-Afrikaanse Party, wat die voorstel teenstaan, aanvoer dat die titels 'n bewys van waardering is vir dienste wat aan die volk gelewer is. Die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog, wat self geen eretitel wou aanvaar nie, het in elk geval geen titels aanbeveel nadat die NP in 1924 aan die bewind gekom het nie.[28] Hertzog, wat sterk gevoel het dat die gebruik nie gepas vir Suid-Afrika is nie, word onder meer gesteun deur *The Cape Times*, wat die Britse skandaal veroordeel: "During the war this system of venal debauchery of the King's name was carried to almost incredible lengths."[29]

Die uiteinde is dat Barlow se voorstel aanvaar word. Die goewerneur-generaal, die Graaf van Athlone, skryf op 6 Julie 1925 'n brief aan die Speaker dat die Volksraad se adres aan koning George V waarin afskaffing van die titels versoek is, "…has been laid before His Majesty the King, who was pleased to receive it very graciously".[30]

Suid-Afrikaners met 'n reeds bestaande titel behou hul titel hierna, maar sedertdien is geen ander eretitels hier toegeken nie. Soos in die geval van erflike lordskappe, is in Brittanje geen baronetskappe toegeken nadat die Britse Arbeidersparty in 1964 aan die bewind gekom het nie. Die enigste uitsondering was die baronetskap wat in 1991 vir sir Denis Thatcher, eggenoot van die voormalige Britse premier Margaret Thatcher, geskep is. Sy seun Mark het die titel na sy vader se dood geërf. Vroeg in die 21ste eeu was daar 1 314 baronette op die amptelike rol van baronetskappe[31], hoewel daar ongeveer 1 380 baronetskappe bestaan.[32]

In Suid-Afrika woon slegs twee Suid-Afrikaners wat die baronetskap geërf het met die aanvang van die 21ste eeu steeds in die land: sir George Albu van Richmond in Kwazulu-Natal, wie se titel na sy dood uitsterf[33], en sir David Graaff , die derde baronet van De Grendel, wie se titel die enigste sodanige verbintenis met die imperiale tydperk is wat in die land gaan oorbly.[34]

Toe Graaff in 1911 deur die Britse koning tot baronet verhef word, is hy ironies genoeg in 'n magstryd met Britse seevaartbelange gewikkel. Dit word die verhaal van die Skeepsring, 'n kartel van Britse skeepsrederye wat 'n wurggreep op die skeepstariewe na Suid-Afrika uitgeoefen het.

Skeepvaart het in hierdie tyd, voordat vliegtuie na die einde van die Eerste Wêreldoorlog in 1919 passasiers en vrag baie vinniger begin vervoer het, die wêreld oorheers. In hierdie sage, die eerste keer dat die pas gevormde Unie-regering sy spiere teen buitelandse sakebelange én die Britse regering bult, speel Graaff 'n deurslaggewende rol.

Sentraal in die ontknopende sage staan vragtariewe en die seeposkontrak tussen Suid-Afrika en Brittanje, wat onder Graaff se portefeuljes ressorteer. Toe hy as minister van pos-en-telegraafwese aangestel word, het hy tevore kennis van die skeepvaartbedryf opgedoen, afgesien van sy ervaring met die buitelandse vleishandel. Dit sou hom goed te staan kom in die onderhandelinge met die Skeepsring wat na Uniewording 'n kwessie van hoë prioriteit word.

---

[28] Hertzog, wat ook 'n eregraad van die Universiteit van Stellenbosch van die hand gewys het, was een van die Suid-Afrikaners, onder wie Onze Jan Hofmeyr en John X. Merriman, wat nie 'n eretitel wou aanvaar nie.
[29] *Hansard*, Debatte van die Volksraad, 25 Februarie 1925, kol. 347-350.
[30] *Hansard*, Debatte van die Volksraad, 7 Julie 1925, kol. 5604.
[31] Official Roll of the Baronetcy, 2010.
[32] Wikipedia, "Baronet", url Julie 2011 – verwys ook na die jongste uitgawe van Debretts.
[33] Bevestig in onderhoud met Albu.
[34] In die geval van Suid-Afrika se enigste baron, lord De Villiers van Wynberg, het die titel voortbestaan, maar die afstammelinge het die land verlaat. Die vierde baron, Alexander Charles de Villiers, woon in Fort Lauderdale in die VSA en hy gebruik nie die titel nie. Hy het geen manlike erfgenaam nie.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff se betrokkenheid by die skeepvaartbedryf spruit uit die jare negentig van die vorige eeu, toe die Britse maatskappy Bucknall Brothers onder leiding van Edward Lloyd 'n nuwe redery, die British & Colonial Steam Navigation Company, in mededinging met die gedugte Donald Currie se Castle Mail Packets Company geloods het.[35] Lloyd het 'n slim skuif gemaak deur 'n plaaslike komitee in Suid-Afrika aan te stel waarin invloedryke mense soos Graaff, Ludwig Wiener en James Sivewright gedien het.[36] In 1890 het hierdie nuwe maatskappy die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) se kontrak vir die vervoer van 100 000 ton swaar goedere vir die bou van die spoorlyn tussen Pretoria en Delagoabaai verkry.[37]

Die seeposkontrak en gepaarde gaande skeepsvaartbelange het 'n nog langer geskiedenis. Die mees gewraakte aspek daarvan was die kwessie van uitgestelde rabatte, waartoe die Konferensie van Skeepsrederye reeds in 1886 ooreengekom het. Daarvolgens het vyf skeepsrederye van die Konferensie, ook genaamd die Skeepsring, besluit om 'n afslag van 5 persent, betaalbaar na ses maande, toe te staan op vrag wat verskepers aan hulle toevertrou.[38] Volgens Graaff was die gewoonte dat die rederye 10 persent by die gewone vragprys voeg voordat die 5 persent terugbetaal word.[39]

Die rabatstelsel het tot in die volgende eeu voortbestaan. Die kartelvorming van die Britse rederye was klaarblyklik daarop gemik om mededinging en 'n tarief-oorlog op die roete na Suid-Afrika met sy minerale-rykdom uit te skakel. Dit besorg aan die skeepseienaars 'n sterk houvas op hul kliënte na en van die hawens in die Kaapkolonie en Natal. Van die kant van die skeepseienaars is stabiliteit aangevoer, te wete dat dit aan hul kliënte 'n gereelde, standhoudende diens verseker.

Die voorste Britse redery op die Kaapse seeroete was die Castle Mail Packets Company, wie se eienaar, (die latere sir) Donald Currie, die skeepvaart tussen Suid-Afrika en Brittanje jare lank sou oorheers.[40] Hy was ook die dryfkrag in die Konferensie van Skeepsrederye, en dit het nie lank geduur voordat hy sy invloed rakende Bucknall Brothers se nuwe redery laat geld het nie. In 1892 word Lloyd se British & Colonial Steam Navigation Company ook by die Skeepsring ingeskakel.

Die seeposkontrak met Suid-Afrika is in daardie stadium gedeel deur Castle Mail Packets Company en die ouer Union Line, die twee rederye wat in 1900 saamgesmelt het om die Union-Castle Line te vorm. Union-Castle, wie se skepe tydens die Anglo-Boere-oorlog op groot skaal gebruik is om Britse troepe na Suid-Afrika te vervoer[41], verkry daarna ook die Suid-Afrikaanse seeposkontrak, geldig tot 1910. Currie, wat in 1872 die Union Line se monopolie op die Kaapse seeroete beëindig het, het Suid-Afrikaanse sakebelange gehad, was bevriend met republikeinse presidente en uitgesproke Boergesind, hoewel hy gemeen het die republieke het met die eeuwisseling met voorbedagte rade oorlog gemaak.[42]

---

[35] Currie, mettertyd bekend as "Die Ou Man van die See", is die Britse edelman wat die goue beker geskenk het vir die interprovinsiale rugbykompetisie in Suid-Afrika wat steeds bestaan. Hy het in 1890 die nooiensvaart van die Dunottar Castle meegemaak, sy maatskappy se passasierskip waarmee die Britse rugbyspan na Suid-Afrika gebring is. Na afloop van die toer het die Britse span die Curriebeker toegeken aan Griekwaland-Wes, the provinsie wat volgens hulle die beste op die toer gespeel het.

[36] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* p. 10.

[37] *The Cape Argus,* 19 September 1891.

[38] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* p.7. Die rederye was: Union Steamship Company, Castle Mail Packets Company, Clan Line, South African Line en International Line.

[39] *Hansard*, kol. 653, 7 Maart 1913.

[40] Sir Donald Currie, GCMG, is in 1897 tot ridder geslaan.

[41] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* p. 146. Altesame 26 "Transport Medals" is na die oorlog deur die Britse koning aan offisiere van die Union-Castle Line toegeken – die meeste wat enige redery ontvang het.

[42] A.M. Davey, *The British Pro-Boers 1877-1902,* pp. 10-11 en 148.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Ongedurigheid oor die skeepstariewe duur voort na die Anglo-Boere-oorlog. Veral in die Kaapkolonie word sterk beswaar gemaak dat die Skeepsring se hoë tariewe en die rabatstelsel deur vrye mededinging vervang moet word. In die noordelike kolonies neem ontevredenheid in die mynboubedryf en landboukringe toe oor die skeepstariewe, wat onderskeidelik die uitvoer van goud en mielies raak.

Nie net handelsbelange was op die spel in die onenigheid oor die skeepvaartbedryf nie. Politiek speel ook 'n rol, want aan albei kante was vooraanstaande sakelui wat aktief tot die politiek toegetree het.

Aan Britse kant was, behalwe Currie, ander skeepseienaars wat in een of ander stadium van die sage parlementslede was, onder wie die Wallisser sir Owen Cossby Philipps (later lord Kylsant, wat in 1911 die Union-Castle Line sou oorneem), sir Charles Cayzer, sir Francis Henry Evans en sir Robert Paterson Houston.[43]

Toe die Merriman-regering in 1908 in die Kaapkolonie aan die bewind kom, was daar meer sakelui as ooit tevore in die Kaapse Parlement.[44] Na Uniewording was Graaff, wat vanaf begin 1908 heeltyds in die politiek was, prominent aan Suid-Afrikaanse kant. Ander bekende sakemanne in die politiek was ook met die kwessie gemoeid, veral John William Jagger, die handelaar-politikus wat 'n slag voorsitter van die Verenigde Kamers van Koophandel in Suid-Afrika was, en John Garlick, ook 'n nyweraar en handelaar wat soos Jagger 'n voorste lid van die Kaapstadse Kamer van Koophandel was. Die Kaapse Kamer van Koophandel, wat reeds in 1894 sterk kapsie gemaak het teen verhoogde tariewe wat die Skeepskonferensie wou instel, het oor baie jare 'n prominente rol in die Skeepsring-kwessie gespeel.[45]

Van die griewe teen die Skeepsring is bespreek op die Suid-Afrikaanse Skeepsvragkonferensie in 1904, waar al vier kolonies verteenwoordig is. Die Skeepseienaars het uit die hoogte aangevoer dat dit te veel gevra is dat hulle hulle na Suid-Afrika moet begeef (betake). Verdere sodanige konferensies is in Kaapstad en Londen gehou voordat 'n imperiale kommissie in 1906 aangestel is om skeepsringe te ondersoek. Nog voor die kommissie uitspraak kon lewer, bring sir Donald Currie 'n besoek aan Suid-Afrika waarop hy gunstiger vragtariewe aan Natal aanbied. Dit dryf die Kaapkolonie en Transvaal in mekaar se arms, 'n situasie wat deur Currie vererger word deurdat hy nalaat om genl. Louis Botha, toe pas verkies tot premier, in Transvaal te besoek. Henry Hull, die Reformis wat deur Botha as sy finansminister aangestel is ondanks die feit dat hy in Anglo-Boere-oorlog aan Britse kant geveg het, neem in daaropvolgende onderhandelinge namens Transvaal die strydbyl op teen die Skeepsring.

Die 83-jarige Currie sterf op 13 April 1909. Sy twee skoonseuns, Percy Alport Molteno, wat 'n vennoot van Currie geword het nadat hy met sy dogter getroud is, en sir Frederick Mirrielees, sou voortaan Donald Currie & Company se onderhandelinge met die Suid-Afrikaners hanteer.[46] Molteno, 'n sterk ondersteuner van die pro-Boer-beweging tydens die Anglo-Boere-oorlog[47], sou dit moeilik vind om te begryp dat Louis Botha en die mense wie se saak hy in die beproewende jingoïstiese atmosfeer in Engeland bepleit het, oor die skeepvaartkwessie ernstig met hom verskil.

Die imperiale kommissie wat ondersoek na die Skeepsring ingestel het, reik in Junie 1909 'n lang en ingewikkelde verslag uit. Die Skeepsring en Currie in die besonder word oor hul "arbitrêre" optredes en "outokratiese" houding gekritiseer, maar die kommissie bevind dat skeepskonferensies noodsaaklik is om gereelde dienste en stabiele tariewe te verseker. Die bevinding druis regstreeks in teen die algemene mening in Suid-Afrika.

---

[43] Currie was van 1890-1900 'n Britse parlementslid, Philipps van 1906-1910, Cayzer (Clan Line) van 1892-1906, Evans (Union Line) van 1896-1906 en Houston (R.P. Houston & Co.) van 1892-1924.
[44] J.L. McCracken, *The Cape Parliament 1854-1910,* p. 56.
[45] Jagger was van 1902-1910 lid van die Kaapse Parlement, van 1910-1929 'n Volksraadslid en van 1920-1924 minister van spoorweë en hawens. Garlick was van 1904-1908 lid van die Kaapse Parlement.
[46] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* p. 153.
[47] A.M. Davey, *The British Pro-Boers 1877-1902,* pp. 144-148.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

In verdere samesprekinge weier Molteno om die rabatstelsel te laat vaar. Hy haal hom ook die gramskap van Transvaal op die hals deur die vragtarief op mielies van 10s tot 11s 6d op te skuif. Die gevolg is dat Hull vasskop en daarop aandring dat die seeposkontrak eers na Uniewording gefinaliseer word. Die uiteinde is 'n kortstondige verlenging van die kontrak tot September 1912 – maar voortaan sou die hele kwessie van vragtariewe en die rabatstelsel nou daarmee saamhang.

Die Suid-Afrikaanse regering wat op 31 Mei 1910 onder Louis Botha se premierskap saamgestel word, blyk vasbeslote te wees om die Skeepsring-kwessie eens en vir altyd vas te vat. Graaff en Hull, wat albei met Molteno en andere samesprekinge gevoer het, nader die opposisie, Jameson se Unioniste, wat ewe gretig blyk om die Skeepsring oor ou en nuwe griewe te takel. Gevolglik word besluit om onderhandelinge te laat vaar en wetgewing in te dien.[48]

As minister van pos-en-telegraafwese word die taak aan Graaff opgedra om die Poswetsontwerp deur die parlementêre prosesse te voer. In sy eerste belangrike toespraak as minister in die Unie-kabinet stel hy die tweede lesing van die wetsontwerp op 6 Maart 1911 in die volgepakte Volksraad voor.

Graaff verduidelik ten aanvang dat die bedoeling van die wetsontwerp in die eerste plaas is om die 51 verskillende wette oor die pos-en-telegraafdiens in die vier provinsies te konsolideer. Vervolgens word beoog om geen seeposkontrak toe te staan aan enige maatskappy wat 'n kombinasie vorm of uitgestelde rabatte op seevrag toestaan nie. Hy verwys na 'n brief van die Union-Castle Line wat vooraf aan alle parlementslede gestuur is. (Daaruit blyk opnuut dat Union-Castle geen toegewing oor die rabatstelsel wil doen nie. Die brief wek boonop die rampspoedige indruk dat Union-Castle bo-oor die kop van 'n trotse nuut-onafhanklike regering 'n pleidooi tot die inwoners van die land wil rig.)

Graaff se kommentaar op die rabatte is reguit:

> "Het is duidelijk, dat dit stelsel een krachtig middel is om konkurrentie te weren en dat het zich leen tot ernstig misbruik. De reders varen er goed genoeg bij. Kooplieden, verbruikers en producenten in Zuidafrika daarentegen lijden schade."

Hy gee daarna 'n uiteensetting van wat alles gebeur het sedert die Suid-Afrikaanse Skeepsvragkonferensie van 1904, hoewel die griewe verder terugstrek. Die Skeepsring kon die situasie uitbuit, nie net omdat die vier kolonies nie verenig was nie, maar ook weens die uiteenlopende belange van hawens in dieselfde kolonie. Noudat die Unie tot stand gekom het, is dit in iedereen se belang dat die Suid-Afrikaanse regering optree om die land te red van die las wat deur die skeepvaartkombinasie opgelê word.

Graaff verstrek voorbeelde van gedifferensieerde tariewe na verskillende lande, wat vrag sowel as passasiers betref, en toon aan hoe Suid-Afrika met buitensporige tariewe benadeel word. Die tarief op mielies, 'n belangrike uitvoerproduk, is pas verhoog en sal verder verhoog word, hoewel daar nie altyd skepe beskikbaar is nie. Sodoende word die Suid-Afrikaanse handel aan bande gelê.[49]

Sy toespraak word kort-kort met toejuiging en uitroepe van ongeloof oor die stand van sake onderbreek. Sommige agterbankers reageer woedend toe hy na mielies verwys. Die Volksraadslede staan feitlik deur die bank agter hom, gereed vir 'n groot geveg. Skeptiese tussenwerpsels kom volgens 'n koerantkommentator op die Persgalery uit slegs twee oorde, "Don John" (Merriman) en die "Professor" (F.E.S. Fremantle), maar dit pla Graaff glad nie:

> "These signs dit not deter the bold Baron. With unflinching mien he announced war to the Combine! war against rebates! war against dictation! war against unfair charges! war, red war, in the cause of the principle that the Union must be master in its own borders… This

[48] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* pp. 222-223.
[49] *Hansard*, kol. 1466-1478, 6 Maart 1911.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> was the first time the young nation had got up on its hind legs, and the roar seemed full and strong."[50]

Graaff maak dit duidelik dat vragtariewe in 'n vrye mark bepaal moet word, en dat rederye buite die Skeepsring tot die regering se beskikking is. Die regering is voorts bereid om te bepaal dat goud en volstruisvere, groot geldverdieners op die uitwaartse roete, per pakketpos vervoer moet word, soos reeds die geval met diamante is. 'n Ander redery wat die seeposkontrak verkry, kan dan tot £500 000 per jaar verdien. Onder luide applous sluit hy af met 'n perorasie wat klaarblyklik op verteenwoordigers van die rederye in die openbare galery gemik is:

> "Eén zaak altans is duidelik: de bestaande toestand kan niet langer worden geduld. De bevolking van Zuidafrika moet baas zijn in eigen huis en dat is zij niet terwyl de kombinatie het in haar macht heeft om ongestraf de willekeurige handelingen uit te oefen, waaraan zij door de Imperiale Kommissie is schuldig bevonden. De Regering sal met de zaak doorgaan en uitvoeren. De uitvoerders van het bestaande mailkontrakt moet kiezen tussen het kombinatie of Zuidafrika."[51]

Toe Graaff na sy toespraak gaan sit, word hy oorval deur LV's van alle partye wat hom met sy toespraak gelukwens. "Van middag het seur David de Villiers Graaff 'n grote spiets gemaak en soos 'n man honderd gepraat," lui die "Parlementse Praatjies" in *De Zuid-Afrikaan.* "Solank als hy gepraat het, 't almal doodstil sit luister en toe hy na 'n anderhalf uur gaan sit, het die hele groenspan hul hande hard geklap en hoor! hoor! geskree."[52]

Dit was die eerste keer dat die jong nasie sy onafhanklike status met mening laat geld het. Graaff, wat die leier van 'n kruisvaart geword het, het 'n groeiende Suid-Afrikanisme met oorgawe gedemonstreer. Die klem op Suid-Afrikaanse belange, 'n paar jaar later sterker verwoord deur genl. J.B.M Hertzog met sy veldtog van "Suid-Afrika Eerste", toon in daardie stadium veral patriotiese, nasionalistiese en anti-imperialistiese kenmerke.[53]

Agterna word kommentaar gelewer dat slegs twee Suid-Afrikaanse sakemanne in daardie tyd die ingewikkelde onderhandelinge met die Skeepsring kon hanteer: Graaff en Jagger. Twintig jaar later som een koerant Graaff se hantering van die wetgewing steeds so op:

> "There were said at the time to be only two men in the country whose business ability was equal to the pilotage – Sir David Graaff and Mr. J.W. Jagger, and, indeed, in a cartoon of the day, the shipping company is represented as a man endeavouring to hold up an omnibus, of which Graaff is the driver and Jagger the guard, the latter urging the former to proceed and drive over him. The 'Post Office Bill' which Sir David devised, defended and carried into law, debarred any mail contractor from resorting to other combines or rebates. There was much Parliamentary chaff as to its author being the well-known creator of a considerable combine himself. It was on this occasion when speaking to his Bill – and perhaps the only signal occasion – that Sir David laid bare to all and sundry persons his formidable gifts and powers as a man of business."[54]

In die debat wat op Graaff se rede volg, loop gevoelens hoog, ook teen 'n klein minderheid van LV's wat probeer walgooi. Een van die lede wat Graaff "kliphard ondersteun" is sir Thomas Smartt van die Unioniste, wat aanvoer dat "dit vir die maatskappy beter betaal om mielies baing goedkoper naar Europa te vervoer als om sand en klippe in die skip te laai om dit nie te laat omslaan nie…"[55]

---

[50] *The Cape Argus,* 7 Maart 1911.
[51] *Hansard*, kol. 1478, 6 Maart 1911.
[52] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land,* 7 Maart 1911.
[53] B. Bozzoli, *The political nature of a ruling class: capital and ideology in South Africa,* p. 243.
[54] *The Cape Argus*, 13 April 1931.
[55] *De Zuid-Afrikaan Verenigd met Ons Land,* 9 Maart 1911

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Onder die teenstanders, wat hul eie saak egter sou benadeel, is John X. Merriman, wat vroeër in 'n brief aan oudpres. M.T. Steyn gekla het dat hy in 'n baie moeilike posisie is, aangesien hy die tekortkominge van politieke vriende moet uitwys. Hy het die poskontrak as voorbeeld genoem: "This freak of Graaff will cost South Africa millions!"[56] In die Volksraad kon verwag word dat hy sy vooroordeel teenoor Graaff sowel as sy anti-Transvaalse gevoelens en minagting vir handelaars sou botvier. Soos meermale in sy loopbaan bederf Merriman egter sy saak met sarkastiese aanmerkings, onder meer oor "my vriend die baronet" wat "goed op die hoogte van die ongeregtighede van kombinasies is". Hy steun wel die wetgewing, maar maak beswaar teen die opheffing van die rabatstelsel en voorspel dat die Poswet in totale mislukking sal eindig.[57] Vooraan onder die skeepseienaars se ondersteuners in die debat is die akademikus prof. Fremantle, wat onder meer van die "slovenly and incorrect statements" uitwys waarop Molteno sy aandag gevestig het.[58] Fremantle, wat Graaff "lelik ingeklim" het, voorspel dat "die gowerment te swak sal wees om die oorlog te win".[59] Ook hy bederf sy saak met persoonlike aanmerkings: "The professor picked up Don John's abandoned *bon mot* at the expense of his 'friend the Baronet' and quoted the phrase beyond all limit."[60]

Soos die ergerlike Merriman vervreem Fremantle met sy kwasterige aanslag mense wat in die gewone loop van sake nie aan Graaff se kant sou wees nie. Toe die debat die aand om elfuur eindig, word die tweede lesing van die Poswetsontwerp met 'n oorweldigende meerderheid goedgekeur.[61]

Die komiteestadium en die derde lesing van die wetsontwerp in die Volksraad word gekenmerk deur debatte tot na middernag waaraan 'n aantal kabinetslede en senior parlementslede deelneem - wat toon hoe belangrik die nuwe regering die debat ag. Naas Graaff hou die premier, Botha, 'n toespraak, asook die mees senior kabinetslid, J.W. Sauer (spoorweë en hawens), Abraham Fischer (lande), Henry Burton (naturellesake) en George Leuchars (handel en nywerheid). Onder ander sprekers tel LV's soos Merriman, Fremantle, Jagger, sir Lionel Philips, sir Thomas Smartt (wat Jameson as leier van die Unioniste opgevolg het) en kol. F.H.P. Creswell (leier van die Arbeidersparty).[62]

In die debatte blyk dit dat die Suid-Afrikaanse regering die Union-Castle Line op 'n belangrike kwessie voorgespring het. Die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen, sir Richard Solomon, het naamlik van Graaff opdrag gekry om van die Britse Poskantoor 'n versekering te verkry dat dié in geen omstandighede afsonderlik met die redery oor die seeposkontrak sou onderhandel nie. Dit was 'n slim skuif, want Molteno het inderdaad 'n week daarna die Britse Poskantoor juis hieroor genader. Hy wou weet of die Britse Poskantoor bereid sou wees om weens verwagte beperkings op Union-Castle 'n groter pos-subsidie te betaal. As die Britte inderdaad 'n afsonderlike kontrak met Union-Castle oor die uitgaande pos na Suid-Afrika sou aangegaan het, kon dit die hele Suid-Afrikaanse poging kelder. Molteno kry 'n verbasend diplomatiese reaksie dat die Britse Poskantoor nie verleentheid vir Pretoria wou veroorsaak nie en dat eers op Suid-Afrika se voorstelle gewag moet word.[63] Graaff kon die opgetoë raad meedeel dat die regering 'n voorsprong gehad het: "We got in first!"[64]

---

[56] P. Lewsen, *Selections from the Corresponcence of John X. Merriman.* Merriman-Steyn, 24 Junie 1912, p. 224.
[57] *Hansard*, kol. 1482-1485, 6 Maart 1911.
[58] NBSA, Kaapstad. Fremantle-versameling, Molteno-Fremantle, 7 April 1911. Molteno het in dieselfde brief geskryf: "In every way it is very much like Satan rebuking sin for Graaff himself and the Government to talk about iniquities of rebates and combinations."
[59] *De Zuid-Afrikaan Verenigd met Ons Land,* 9 Maart 1911.
[60] *The Cape Argus,* 7 Maart 1911.
[61] *Hansard*, kol. 1494, 6 Maart 1911.
[62] *Hansard*, kol. 1708-1723 en 1920-1930, 17 Maart en 29 Maart 1911.
[63] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* p. 225.
[64] *Rand Daily Mail,* 18 Maart 1911.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Molteno het ook sonder welslae die Britse minister van handel, Buxton, sowel as Lewis Harcourt, wat Chamberlain as minister van kolonies opgevolg het, genader om in te meng. Hy skryf 'n gebelgde brief aan genl. Hertzog:

> "But what am I to think now! Here is General Botha joining Dr. Jameson in punishing me because our people helped his colleague Graaff to be elected; and the latter is also helping to do this to me!"[65]

Toe Botha tot die debat in die Volksraad toetree, trek hy te velde teen die Union-Castle Line se verhoging van die vragtarief op mielies sonder om die regering te raadpleeg. Hy verklaar dat die nuwe seeposkontrak vir tien jaar sal geld, daarom:

> "… moet een kontrakt tot stand komen dat Zuidafrika niet sal doodmaken… Het zou toch zeker een misdaad zijn voor dit Huis om wel de rechten van een maatschappij te beskermen en niet van de volk… De maatschappij sal rechtvaardig behandeld worden, maar de Regering sal geen monopolie toelaten dat zal trachten Zuifdafrika te regeren".[66]

Die derde lesing word in die Volksraad met 'n groot meerderheid, 86-12, goedgekeur.[67] Ook in die Senaat is daar geesdriftige steun, sodanig dat 'n resolusie ten gunste van 'n Unie-redery daaruit spruit. Op 17 April word "koninklike goedkeuring" verleen deurdat die goewerneur-generaal, Gladstone, die Poswet bekragtig.[68] Die datum van promulgasie moes egter nog vasgestel word.

Hierna haal Graaff twee nuwe troefkaarte uit. Eers deel hy Gladstone vertroulik mee dat die Unie-regering alternatiewe planne het as die seeposkontrak nie vasgemaak kan word nie: 'n vloot van tien skepe wat Suid-Afrika self sal bou. Indien nodig, sal Suid-Afrika self die koste dra, maar die skepe sal volgens Britse vloot-spesifikasies gebou word sodat dit as oorlogskepe gebruik kan word. Gladstone het gemeen hy bedoel dit ernstig, maar Harcourt beskou dit as 'n blufspel. Tog toon dit dat die Suid-Afrikaners gebeurlikheidsplanne gereed het, daarom raai Harcourt vir Molteno aan om onderhandelinge te hervat. [69] Molteno, wat Suid-Afrika besoek het om met Graaff samesprekinge te voer oor die voorneme dat die seeposkontrak nie toegeken sal word aan enige redery wat die rabatstelsel toepas nie, keer onverrigtersake terug na Engeland.[70]

Twee maande na sy triomf in die Suid-Afrikaanse Parlement vergesel Graaff genl. Botha op nog 'n belangrike sending na die buiteland: die Rykskonferensie wat in Londen ten tyde van die kroning van koning George V gehou word. Graaff is klaarblyklik spesiaal in die Suid-Afrikaanse afvaardiging opgeneem met die oog op die Skeepsring-kwessie, wat op die imperiale konferensie van vyftien eerste ministers uit die Statebond geopper sou word. Botha laat weet die Goewerneur-generaal, Gladstone, dat Hull aanvanklik sou gegaan het, maar deur Graaff vervang word, en dat hy Harcourt moet laat weet. Gladstone stel Londen in kennis dat Graaff ongetroud is.[71]

Botha, Graaff en die derde lid van die afvaardiging, F. S. Malan, vertrek op 3 Mei aan boord van die Edinburgh Castle uit Kaapstad en kom op 20 Mei in Londen aan vir die konferensie, wat tot 21 Junie duur. Botha skryf voor die bespreking van die seeposkontrak uit die Hotel Cecil aan Smuts: "…ons grootste werk is, Mail Kontrakt, en ons David leg stil en kalm met slinger in de hand klaar voor de dag." Botha verwag moeilikheid van die Britse regering, maar het hulle "een

---

[65] V.E. Solomon (Red), *Selections from the Correspondence of Percy Alport Molteno, 1892-1914,* pp. 331-332. Molteno verwys na steun wat in die verkiesingsveldtog aan Graaff gegee sou gewees het, maar Graaff is in sy kiesafdeling, Namakwaland, onbestrede verkies.
[66] *Hansard*, kol. 1718-1720, 17 Maart 1911.
[67] *Hansard*, kol. 1988, 3 April 1911.
[68] *Hansard*, kol. 2276, 17 April 1911.
[69] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* p. 233.
[70] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* p. 155.
[71] NASA, Pretoria. Goewerneur-generaal se argief. SAB GG Vol 94/3/324-386.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

freeslijk schrik op die lijf gejaagd" met die voorstel aan die Britse vloot dat Suid-Afrika stoomskepe kan laat bou waarop kanonne in oorlogstyd geplaas kan word.[72]

Graaff speel op die Rykskonferensie sy tweede troefkaart: hy dien 'n voorstel in waarin gesamentlike optrede bepleit word om beter handels- en posdiens-kommunikasie tussen Brittanje en die oorsese dominiums moontlik te maak, en om skeepskartelle en –konferensies te beteuel om die vragtariewe tussen die onderskeie dele van die Britse Ryk te beheer. Daardeur verskuif hy die fokus van 'n bloot Suid-Afrikaanse aangeleentheid na die wyer kwessie van skade wat skeepskartelle vir die Britse handel in die algemeen veroorsaak. Hy wys op die nadele wat die metodes van die Konferensie-rederye, veral die uitgestelde rabatstelsel, vir Suid-Afrika veroorsaak. Hy verstrek voorbeelde van buitensporige vragtariewe na Brittanje vergeleke met tariewe op ander handelsroetes. Hy voer aan dat die Unie van Suid-Afrika besluit het om 'n ope vragmark te steun wat Suid-Afrikaanse handelaars, verskepers, produsente en die gemeenskap in die algemeen sal bevoordeel.[73]

Sy toespraak maak indruk. Na die oordeel van 'n Nieu-Seelandse afgevaardigde, sir John G. Findlay, was dit "a very powerful, exhaustive and convincing speech, showing, among many matters of great interest, some astounding extortions under a shipping combine".[74]

Graaff, wat op die konferensie ook as tolk vir Botha opgetree het nadat Botha se sekretaris, dr. W.E. Bok, siek geraak het[75], kry steun van Kanada, Australië en Nieu-Seeland. Die Britse minister van handel, Sydney Buxton[76], dien egter 'n amendement in wat bepaal dat slegs tot gesamentlike optrede deur alle regerings oorgegaan mag word wanneer aangetoon kan word dat 'n skeepskartel tot nadeel van die rykshandel opgetree het. Die gewysigde voorstel, wat eintlik op goeie bedoelinge eerder as daadwerklike optrede neerkom, word daarna deur die konferensie aanvaar.[77] Botha beskou dit nogtans as 'n oorwinning - die amendement is slegs 'n "klein verandering".[78]

Na die Rykskonferensie duur onenigheid tussen die Suid-Afrikaanse regering en die Britse skeepvaartbelange 'n paar maande voort. Mirrielees en Molteno, wat intussen ingelig is dat Graaff en Solomon navrae tot ander rederye en skeepsbouers gerig het, ontmoet 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging bestaande uit Graaff, Solomon en sir Thomas Reece Price van die Suid-Afrikaanse Spoorweë op 5 Julie in Londen. Hierdie samesprekinge, asook 'n laaste poging op 9 Augustus om die dooie punt uit die weg te ruim, verloop egter onverrigtersake, ondanks toegewinge wat Molteno-hulle aan die hand doen. Die groot haakplek bly dat Molteno weier om die rabatstelsel te aanvaar, terwyl Graaff, gesteun deur Botha, op sy beurt weier om die bestraffende klousules te laat vaar.[79]

Onderhandelinge sou eers weer vorder nadat die Suid-Afrikaanse Parlement in Januarie 1912 byeengekom het. Maar dit sou gebeur na 'n sensasionele ontwikkeling in die Britse skeepvaart: die oorname van die Union-Castle Line. Op 18 Desember 1911 word die nuus bekend gemaak dat Donald Currie & Company vir die asemrowende bedrag van meer as £5 miljoen verkoop is. Vir Union-Castle se £10-aandele is £32 10s 0d per aandeel aangebied. Drie jaar na die dood van sy deurlugtige stigter, sir Donald Currie, die "Ou Man van die See", word die beroemde skeepvaartmaatskappy huidjie en muidjie van die hand gesit deur sy verbitterde skoonseun, Percy Alport Molteno, wat die Unie-regering vir sy "skandalige behandeling" blameer "nadat

---

[72] W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,*Vol. III, p. 28-29. Botha-Smuts, 3 Junie 1911.
[73] *The Times,* 17 Junie 1911.
[74] J. G. Findlay, *The Imperial Conference of 1911 from within*, p. 52.
[75] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 12.
[76] Sydney Buxton, later lord Buxton, was later, van 8 September 1914 tot 17 November 1920, die goewerneur-generaal in Suid-Afrika.
[77] *The Cape Times,* 19 Junie 1911.
[78] *The Times,* 28 Junie 1911.
[79] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* pp. 234-238.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

drie geslagte van Molteno's hul bes gedoen het om die hulpbronne en kommunikasiemiddele van Suid-Afrika op land en ter see te ontwikkel".[80]

Die kopers is die Elder Dempster Line en die Royal Mail Steam Packet Company, en die nuwe eienaar is die skeepsmagnaat sir Owen Philipps, die latere lord Kylsant, wat as die "Napoleon van die Oseane" bekend sou staan. Philipps is op 48-jarige ouderdom in die fleur van sy lewe toe hy 'n tjek vir £5 173 572 aan Mirrielees oorhandig. Eensklaps, reeds voor die finale datum waarop hy Currie se maatskappy in April 1912 sou oorneem, bring hierdie nuwe sleutelfiguur 'n heel nuwe dimensie in die uitgerekte Skeepsring-kwessie. Hy stuur dadelik 'n kabelgram aan die Suid-Afrikaanse regering dat hy bereid is om ingevolge die bepalinge van die Poswet oor die seeposkontrak te onderhandel. Hy en lady Philipps sou op 4 Mei aan boord van die Balmoral Castle na Kaapstad vertrek.[81]

Die Suid-Afrikaner met wie Philipps bowenal moet onderhandel, Graaff, het vroeg in die Parlementsitting van 1912 eers ander sake op sy agenda. Hy dien op 14 Februarie 'n voorstel in oor die aankoop van Westbrooke en Groote Schuur, wat tot vandag ministeriële wonings op die parlementêre landgoed teen die hange van Tafelberg in Kaapstad is. Hy het die regering as minister van openbare werke in die onderhandelinge verteenwoordig, waarvolgens die twee eiendomme vir "een lage prijs" van £25 000 aangekoop kon word. Die doel is om die Groote Schuur-landgoed volledig te maak en die grond word spesiaal aangekoop om die toekomstige universiteit (van Kaapstad) daarop te bou, verklaar hy. Sy voorstel word aangeneem.[82]

Die volgende dag is die seeposkontrak weer op die parlementêre sakelys. Graaff verwys na die gesloer in die onderhandelinge toe hy op 15 Februarie in die Volksraad verklaar dat geen bevredigende aanbod vir die kontrak ontvang is nie. Onderhandelinge is gestaak nadat die Suid-Afrikaanse regering geweier het om te voldoen aan voorwaardes dat die rabatstelsel slegs afgeskaf kan word indien waarborge teen verliese gegee word. Die regering het ook 'n noukeurige raming gemaak van die koste om 'n eie vloot op te bou indien tot so 'n radikale stap oorgegaan moet word.

Graaff vermeld dat die Union-Castle Line intussen oorgeneem is deur die Royal Mail Steam Packets Company en die Elder Dempster Line. Daar bestaan rede om te glo dat die Poswet die firma van Currie beweeg het om die veld te ontruim. Graaff wys daarop dat sir Owen Philipps, wat op 18 April as die nuwe voorsitter van Union-Castle oorneem, binnekort na Suid-Afrika vertrek om met die regering te onderhandel. Philipps het reeds die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen, sir Richard Solomon, meegedeel dat hy insien dat die regering ingevolge die Poswet moet optree en hy sal waarskynlik nie moeilikheid oor die rabatte maak nie mits die seeposkontrak op bevredigende grondslag gereël kan word. Die bestaande kontrak verstryk in September, en die regering sal geen stappe doen voordat samesprekinge met Philipps gevoer is nie, verklaar Graaff.[83]

Veertien dae later, midde-in die voortslepende skeepvaart-kwessie, raak Graaff ernstig siek. Sy gesondheid het al tevore probleme veroorsaak, soos genl. Botha in Maart 1910 tydens

---

[80] P.A. Molteno Papers. Molteno-Wiseley, ongedateerd, circa April 1912. Aangehaal deur V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* p.. 244.
[81] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* pp. 158-159.
[82] *Hansard*,, kol. 283-286, 14 Februarie 1912. Groote Schuur was jare lank die woning van die Suid-Afrikaanse eerste minister en later van die uitvoerende president, totdat pres. Nelson Mandela na 1994 sy intrek geneem het in Westbrooke, wat hy tot Genadendal herdoop het.
[83] *Hansard*,, kol. 304-307, 15 Februarie 1912.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Uniewording uit Pretoria in 'n brief aan F.S. Malan opgemerk het.[84] Hierdie keer is dit ernstiger.

Op skrikkeldag, Donderdag 29 Februarie 1912, woon Graaff nog die Parlementsitting by, maar daardie aand raak hy ongesteld. Die volgende drie dae verswak sy toestand. Op Sondag, 3 Maart, gaan hy verder agteruit en word vier geneeshere ingeroep om hom te ondersoek. Die aand word hy van sy woning in Seepunt na die Monte Rosa Hospitaal in Oranjezicht gebring, waar hy 'n "kritieke operasie" weens blindedermontsteking ondergaan.[85] Die volgende oggend word 'n mediese bulletin deur drs. A.E. Thompson, P.M. Daneel en H.A. Moffat uitgereik: "Sir David Graaff passed a fairly good night, and his condition, though critical, is hopeful."[86] As gevolg van Graaff se ernstige siekte word die huwelik van sy broerskind Veronique Graaff met dr. P.M. Daneel uitgestel.[87]

Blindederm-operasies is teen hierdie tyd selfs deur interniste beskou as die korrekte behandeling vir appendisitis wat 'n lewensgevaarlike toestand kon wees indien dit te laat gediagnoseer is of in ouer persone voorgekom het. Boonop was narkose tot na die Eerste Wêreldoorlog betreklik onveilig. Een van die eerste openbare figure wat so 'n operasie ondergaan het, was koning Eduard VII, met wie Graaff se paaie na die skenking van die Cullinan-diamant gekruis het. Sy kroning is in 1902 uitgestel nadat sy blindederm ontsteek het. Die operasie, wat destyds weens sy ouderdom en swaarlywigheid as gewaag beskou is, is uitgevoer deur sir Frederick Treves, en Eduard het die volgende dag regop in sy bed gesit en 'n sigaar gerook. Twee weke later wat hy buite gevaar.[88] Blindederm-operasies het daarna tot die hoofstroom van die geneeskunde toegetree en sir Frederick is tot baron verhef.

In Graaff se geval tree komplikasies in nadat hy geopereer is. Op 5 Maart skryf die kommandant-generaal van die weermag, genl. C.F. Beyers, aan oudpres. Steyn:

> "Onze Minister Graaff is ernstig en gevaarlijk ziek. Was onder operasie voor appendicitis en toen vonden de 6 dokters een verzweering in zijn ingewand. Ik weet niet hoe het heden gaat. Gister was hij ellendig."[89]

'n Verdere operasie word nodig geag. Ontsteking het waarskynlik versprei of 'n abses kon ontwikkel het, en dit sou chirurgiese dreinering verg. So 'n abses sou ook in die vroeë hersteltydperk die beweging van sy regterbeen kon affekteer.[90] Op Saterdag, 16 Maart, meld 'n verdere mediese bulletin:

> "Sir David Graaff has undergone an operation this morning. Though weak, his condition is fairly satisfactory."[91]

---

[84] A.H. Marais, *Politieke briewe, 1909-1910,* p. 151, Botha-Malan, 31 Maart 1910: "Het speet my dat ik niet meer van onze vriend Davie kan sien toen hij hier was – doch ik was juist bezig met rondreizen en toen word hy ook nog ongesteld. Ik hoop dat hy weer geheel hersteld is."

[85] *The Cape Times*, 4 Maart 1912.

[86] *The Cape Times*, 5 Maart 1912. Sir Alfred Thomson was 'n internis en dr. Henry Moffat, 'n kleinseun van die Skotse sendeling Robert Moffat van Kuruman, was destyds 'n vooraanstaande chirurg in Kaapstad.

[87] Johanna Veronique Waterston Graaff, wat as sangeres die verhoognaam Vera de Villiers gebruik het, was die oudste dogter van Graaff se jonger broer Jacobus. Sy was eers getroud met Graaff se bogenoemde dokter, Pieter Michiel Daneel van Stellenbosch, daarna in Engeland met Frederick J. Nettlefold (drie kinders uit elke huwelik) en uiteindelik kinderloos met die komponis-dirigent Albert Coates.

[88] P. Mirilas en J. E. Skandalakis, "Not just an appendix: Sir Frederick Treves" in *Archives of Disease in Childhood* 2003:88, pp. 549-522.

[89] M.T. Steyn-versameling, 156/1/6. Beyers-Steyn, 5 Maart 1912. In A.H. Marais, *Politieke Briewe 1911-1912,* p. 77.

[90] Prof. Kay de Villiers, emeritus-hoogleraar in neurochirurgie aan die Universiteit van Kaapstad, is hieroor geraadpleeg.

[91] *Cape Times*, 18 Maart 1912.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

In amptelike kringe heers kommer oor Graaff se siekbed. Uit Pretoria skryf die goewerneur-generaal, Gladstone, op 16 April aan Graaff:

> "We have received the ups and downs of your long illness with much anxiety and sympathy – and with sincere admiration for your splendid courageous contest against distressingly heavy odds. And now we are thankful to think that you are daily gaining ground. May progress be rapid."[92]

Uit Londen skryf die minister van kolonies, Harcourt, 'n maand later aan Gladstone:

> "Poor Graaff seems to have had a terrible time. In each of your letters you have spoken of his illness being critical, but then I am comforted by the fact that, when they reach me, that statement is seventeen days old and I have not heard of Graaff's death. Your last letter seems at least to give good hope of his recovery, but I fear he will not be fit to play any part in the Dominion's Royal Commission."[93]

Graaff herstel stadig. Twee maande nadat hy in die hospitaal opgeneem is, verskyn 'n dankbetuiging in *The Cape Times*:

> "Sir David Graaff wishes us to express to the many friends who have written to him and inquired at Monte Rosa Nursing Home his sincere thanks and great appreciation of their kindness and interest in the progress of his illness. He regrets that he is unable at present to acknowledge these letters and inquiries individually. We are pleased to be able to state that Sir David's medical advisers consider him out of danger, and anticipate a satisfactory convalescence."[94]

Nogtans kry Graaff se gesondheid weens sy siekbed en ernstige operasie waarskynlik 'n permanente knou. By meer as een geleentheid daarna voer hy gesondheidsredes aan om uit die openbare lewe te tree.

'n Aantal van Graaff se dade as weldoener word ten tyde van sy siekte uitgevoer. Dit blyk onder meer uit die notules van Graaffs Trust. Reeds op 'n vergadering van die trust op 17 Januarie 1912 word 'n brief van hom voorgelees waarin hy onderneem om van 1 Januarie 1913 vir 'n tydperk van drie jaar in kwartaallikse bydraes die bedrag van £50 per jaar tot die salaris van ds. E. G. Malherbe, die NG leraar op Villiersdorp, by te dra.[95] Op 19 Junie 1912 besluit Graaffs Trust om op versoek van dr. Abdullah Abdurahman, sekretaris van die Moslem Education Committee, 'n tjek vir vyf ghienies (£5.5.0) te stuur vir die bou van 'n skool vir Moslem-kinders. Aan die Heilsleër word 'n tjek vir drie ghienies (£3.3.0) toegeken.[96]

'n Maand later skenk Graaff £2 000 vir 'n saal vir godsdienstige en opvoedkundige werk onder kinders en jong mense wat lidmate van die NG kerk in Adderleystraat (Groote Kerk) in Kaapstad is. Dit moet gebou word op grond wat gratis verskaf is deur die kerkraad, wat verantwoordelik sal wees vir alle belastings, herstelwerk en ander koste. Die bestuur en beheer word geplaas in die hande van 'n komitee onder voorsitterskap van ds. J. P. van Heerden, leraar van die gemeente, of sy opvolgers. As gevind word dat die saal nie meer vir die oorspronklike doeleindes gebruik kan word nie, sal die kerkraad daarop geregtig wees om dit te verkoop of te verhuur, mits die opbrengs aangewend word ten bate van jong mense soos aanvanklik bedoel.[97] Die saal, wat steeds deur die gemeente gebruik word, word die Van Heerden Saal genoem – ter ere van die leraar, wat vorentoe 'n nog belangriker rol in Graaff se lewe sou speel.

---

[92] Graaff-versameling, De Grendel. Brief, gedateer 16 April 1911, in Graaff-familie se besit.
[93] British Library, Londen. Viscount Gladstone Collection, AS 45997, Harcourt-Gladstone, 13 Mei 1912.
[94] *The Cape Times*, 18 Mei 1912.
[95] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 17 Januarie 1912.
[96] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 19 Junie 1912. Dr. Abdullah Abdurahman was die stigter van die African Peoples Organisation, 'n voorloper van die African National Congress.
[97] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 19 Julie 1912.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Tydens Graaff se siekte neem Smuts waar in sy portefeuljes. Hy en Henry Hull, die minister van finansies, beraadslaag aanvanklik met Philipps, wat met sy eggenote 'n feitlik koninklike optog deur Suid-Afrika voer. Philipps, nog skaars vyftig, welgesteld en 'n aantreklike man met 'n imposante statuur, maak oral indruk. In alle belangrike sentrums bied Union-Castle swierige onthale aan, en genl. Botha en lede van sy kabinet beskou Philipps as 'n redelike man met wie hulle kan onderhandel.[98]

Smuts moet naderhand die onderhandelinge met Philipps alleen voer, aangesien Hull op 18 Mei 1912 as minister van finansies bedank het en Smuts ook sy portefeulje oorgeneem het. Ondanks sy siekbed stel Graaff steeds belang in die onderhandelinge en hy adviseer Smuts by geleentheid.[99] Smuts en Philipps kon nogtans nie die knoop deurhak nie, hoewel Philipps die Poswet aanvaar, soos hy dit in 'n toespraak by 'n banket van die Kaapstadse Kamer van Koophandel stel:

> "… the country had expressed its view on this subject – and he felt that every country must settle for itself how the trade and commerce of that country was to be carried on."

In hierdie toespraak spreek Philipps sy spyt uit oor die siekbed van Graaff, wat hy daardie middag besoek het. Hy is bly dat Graaff vinnig van sy ernstige operasie herstel.[100]

Die haakplek oor die finale kontrak, veral wat regeringsvrag betref, veroorsaak dat die onderhandelinge tussen Smuts en Philipps vasval. Philipps keer begin Julie aan boord van die Walmer Castle terug na Engeland.[101] Intussen is daar ook aanbiedinge van ander rederye. Daaronder tel 'n aanbod van Maclay & MacIntyre, 'n redery wat 'n tweeweeklikse diens ingevolge 'n vyfjaarkontrak voorstel, op voorwaarde dat die Suid-Afrikaanse regering self die uitwaartse tariewe kan vasstel mits die bruto wins minstens £5 000 bedra, terwyl die inwaartse vaart 'n bruto wins van £7 500 moet oplewer. Maclay & MacIntyre se aanbod word ook nie aanvaar nie. "Anybody could run steamers under such conditions," merk Graaff later op, aangesien van die regering verwag kon word om enige tekorte te dek.[102] Hierdie aanbod sou nietemin 'n belangrike wapen in daaropvolgende onderhandelinge word.[103]

Merriman, wat hom in hierdie tyd teenoor Molteno hoogs krities oor die Botha-regering uitlaat ("We are now entirely governed by the backveld…"), bly skepties oor die hele skeepvaartkwessie. In dieselfde brief aan Molteno waarin hy die regering kritiseer, takseer hy die situasie soos volg:

> "Poor Owen Philipps has found out that the Afrikander is a little too slim for him. I fancy that the idea of our own line of steamers, ruinous as it may seem in its absurdity, is still very much alive."[104]

Merriman se skeptisisme sou onverwags getroef word, want ook aan boord van die Walmer Castle, die skip waarop Philipps vertrek, is niemand minder nie as sir David Graaff. Graaff onderneem 'n seereis kort nadat hy uit die hospitaal ontslaan is ten einde sy herstel te bespoedig. Hy word op die passasierskip vergesel deur dr. A.E. Thomson, een van die

---

[98] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* pp. 159-160.
[99] NASA, Pretoria. Smuts-versameling A1 194/19, Graaff-Smuts, 30 Mei 1913. Ook *South Africa,* p. 461, 25 Mei 1912.
[100] *South Africa,* p. 627, 15 Junie 1912.
[101] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* p. 160.
[102] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/18; ook in Verenigde Party-Argief, Universiteit van Suid-Afrika. Sir De Villiers Graaff Persoonlik, Legger 1.3.1 Sir David Graaff. Graaff-Botha, 19 Julie 1912.
[103] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* p. 241.
[104] V.E. Solomon (Red), *Selections from the Correspondence of Percy Alport Molteno, 1892-1914,* Merriman-Molteno, 2 Julie 1912, pp. 334-335.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

geneeshere wat hom in die hospitaal behandel het en dit nodig vind om met sy pasiënt saam te reis.[105]

Die oortog na Brittanje word later legendaries, want Graaff en Philipps hervat aan boord van die Walmer Castle die onderhandelinge oor die skeepskwessie, wat uiteindelik daarop uitloop dat 'n ooreenkoms bereik word – waarskynlik omdat Graaff 'n sakeman was en Smuts nie.[106]

Graaff skryf op 19 Julie 1912 uit die kantoor van die hoë kommissaris in Londen aan Botha dat Philipps hom kort na hul vertrek uit Kaapstad oor die seepos- en vragkontrak genader het. Aangesien hy kon sien dat geen ooreenkoms moontlik was solank hulle nie in telegrafiese verbinding met Kaapstad is nie, het hy die kwessie laat vaar totdat Philipps hom weer genader het. Graaff wou klaarblyklik nie op eie houtjie en sonder Botha se instemming met Philipps 'n bindende ooreenkoms aangaan nie. Hy skryf verder in sy brief dat hy eers van Tenerife die bepalings van hul ooreenkoms aan Botha getelegrafeer het, wat onmiddellik daarop gereageer het. Dit het hom in staat gestel om die onderhandelinge op die dag van hul aankoms in Southampton te finaliseer. Graaff laat 'n memorandum met tien punte opstel waarin hy 'n gedetailleerde oorsig gee van waartoe hy en Philipps ooreengekom het.[107]

Graaff stel dit reguit dat die aanbod van die redery Maclay & McIntyre hom in staat gestel het om Philipps te dwing om bes te gee:

> "I must admit that Maclay & MacIntyre's offer has been of very great assistance to me, inasmuch as, with this lever in my possession, I was able to force Sir Owen Philipps' hand. I have no hesitation in saying that Sir Owen's offer (short of our having our own fleet) is by far the best arrangement that could be made. The Imperial Ministers whom I have seen on the subject congratulated me, on behalf of the Union Government, in that we have achieved what no other Government has succeeded in getting, i.e. we have done away with the REBATE SYSTEM and have got satisfactory terms for both our freight and our mails." "

Graaff brei uit oor die gunstige ooreenkoms wat bereik is, waarin die eerste doelwit altyd was om Suid-Afrika se landbousektor te bevorder. Hy wys onder meer op die gratis vervoer van stoetvee na Suid-Afrika, gunstiger tariewe vir vrugte-uitvoer, asook beloftes om die uitvoer van steenkool te bevorder, Philipps se voorneme om ses nuwe stoomskepe te bou en die behoud van bestaande diensstandaarde op alle skepe. In sy brief verwys Graaff ook na sy gesondheid, wat op die seereis verbeter het:

> "I am indeed glad that I took your advice as to the sea trip. The voyage did me a wor1d of good. As you know,when I went on board at Cape Town I could hardly walk - or, at any rate, could only walk with difficulty: but, before I left the ship, I could walk for quite an hour (before breakfast, in the morning.) I picked up weight on the voyage, and felt almost well on my arrival in England."[108]

Toe Graaff en Philipps in Southampton aan wal stap, trek die aankoms van die twee sleutelfigure in die skeepskwessie aandag in die media. In *The Times* verskyn kommentaar dat die Unie-regering, wat in die onderhandelinge die toon aangegee het, die Britte dalk te duur laat betaal het. "Yet while the Imperial Government has been quiescent the Union Government has been calling the tune."[109]

'n Week daarna skryf dieselfde koerant:

---

[105] *South Africa,* p. 112, 20 Julie 1912.
[106] Smuts het die hele affêre blykbaar vervelig gevind – sien onder meer W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. 3, dokumente 522 en 525.
[107] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/18. Memorandum gedateer 17 Julie 1912.
[108] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/18; ook in Verenigde Party-Argief, Universiteit van Suid-Afrika. Sir De Villiers Graaff Persoonlik, Legger 1.3.1 Sir David Graaff. Graaff-Botha, 19 Julie 1912.
[109] *The Times,* Londen, 15 Julie 1912.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "A good deal of sympathy is felt for Sir David Graaff, who, though only now recovering slowly from a very serious operation, has been taking a very active part in the negotiations. And Sir Owen Philipps has the satisfaction of having in the very early days of his control of the Union Castle Line established very friendly relations with the Union Government and, apparently, with the people of South Africa as well. It is to be hoped that all the other shipping lines engaged in the trade will also profit considerably from that good feeling."[110]

Philipps, wat steun van die meeste ander skeepseienaars gekry het, word ook geprys as iemand wat "staatsmanskap in besigheid ingebring het".[111] Philipps, later beskou as die Kolos van Skeepvaart, het met 'n langtermyn-siening 'n lang en stabiele verhouding met die bron van sy maatskappy se handel met Suid-Afrika probeer verseker. Die bevordering van die land se uitvoerhandel sou sekerlik op die lang duur tot sy maatskappy se voordeel wees.

Tydens sy verblyf in Londen voer Graaff samesprekinge met verskeie belanghebbendes, onder wie die Britse minister van kolonies, Lewis Harcourt, die Britse posmeester-generaal, Herbert Samuel, en verteenwoordigers van Union-Castle. Hy beraadslaag ook 'n paar keer met Winston Churchill oor gewapende posskepe.[112] Churchill wys in 'n brief aan Botha daarop 'n eskader van vinnige kleiner kruisers op die Suid-Afrikaanse seeroete verkieslik is eerder as die ses stoomskepe wat Philipps laat bou.[113]

Graaff bespreek met die Britse owerhede ook ander sake wat Suid-Afrika raak. Een is radioverbinding, waaroor hy met Samuel oorleg pleeg. Graaff, 'n geesdriftige ondersteuner van tegnologiese ontwikkelings, verwelkom die Britse aankondiging dat radiosenders (destyds draadlose stasies genoem) oral in die Britse ryk opgerig gaan word, In die besonder is hy bly dat 'n ooreenkoms met die gevestigde Italiaanse Marconi-maatskappy eerder as 'n eksperimentele onderneming gesluit is.[114] Die kwessie is vroeër op die Rykskonferensie te berde gebring, waar ses sulke senders beoog is. Graaff het toe die projek gesteun en verklaar dat, sodra 'n radiosender by Aden opgerig is, die Suid-Afrikaanse regering die nodige verbinding sal oorweeg.[115]

Hy woon ook saam met sir Starr Jameson en sir Lionel Philips 'n konferensie by waar die stigting van 'n universiteit op die Groote Schuur-landgoed verder gevoer word.[116]

Graaff se welslae in Londen word deur die Suid-Afrikaanse premier, Botha, hoog aangeslaan. Hy skryf op 16 Augustus 1912 aan sy afgesant:

> "Mijn lieve Davie, Nu, toen ek jou aanraadde om de reis te nemen had ik slechts een ding in gedachte en dat was jou gezondheid, maar wat vind ek nu? Dat jou reis voor Zuid-Afrika van de grootste betekenis is geweest want jij hebt voor Zuid-Afrika een groot werk verricht, waar die bevolking jou biezonder dankbaar voor is en wanneer jij jou voet aan wal sit in Zuid-Afrika, wil ik graag een van de eersten wezen om te zeggen hoe oprecht ik apprecieer wat jij voor mijn Regering en voor Zuid-Afrika hebt gedaan.
> Jou politiek met betrekking tot de mail kontrakt en jou houding dwars door al de stormen was korrekt en die van een staatsman die weet wat hij hebben wil, en daarom Davie, goede oude vriend, wees van mij hartelik geluk gewenst met het sukses dat jij behaald hebt.
> Daarbij wil ik ook zeggen dat ik biezonder apprecieer wat jij gedaan hebt met betrekking tot de 'High Power Wireless Station'. Jou reis was dus niet alleen goed voor jou gezondheid maar ook voor die gezondheid van Zuid-Afrika."

---

[110] *The Times,* Londen, 18 Julie 1912.
[111] Sir Percy Fitzpatrick, aangehaal in *South Africa*, p. 682, 27 Junie 1914.
[112] *The Cape Times,* 17 Julie en 2 Augustus 1912.
[113] A.H. Marais, *Politieke briewe, 1911-1912,* p. 97, Churchill-Botha, 30 Julie 1912.
[114] *The Cape Times,* 8 Augustus 1912.
[115] *The Cape Times,* 19 Junie 1911.
[116] *The Cape Times,* 8 Augustus 1912. Graaff was later 'n donateur van die Universiteit van Kaapstad.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Botha het so 'n hoë dunk van Graaff gehad dat hy in dieselfde brief vermeld dat hy self sou uittree as Graaff uit die kabinet bedank. Hy verwys in hierdie verband na "een klein incident": 'n onderhoud van sy kabinetslid kol. George Leuchars[117] op Greytown (Botha se geboortedorp) met 'n rapporteur waarin Leuchars vertel het dat Graaff gaan bedank:

> "Dit was geheel en al ongeauthoriseerd en ik het hem bij de eerste ontmoeting daarover gepakt en jij kan wel verstaan hoe ernstig bekommerd ou Leuchars nu gevoelt. Voordat ik jou ontmoet wil ek jou graag dit zeggen. Bedanken voor jou uit mijn Kabinet is totaal uit de kwestie. Daar zijn bijna alle anderen die kunnen bedanken en uitgaan, maar Davie, jij was altijd mijn oud staatmaker, en als jij sou uitgaan, wees dan versekerd dat ik jou voetspoor volg… Ik weet het is voor jou een last maar voor Zuid Afrika is het een dienst."[118]

Toe Graaff op 20 Augustus aan boord van die *R.M.S. Saxon* in Kaapstad terugkeer, lyk hy nie net veel gesonder na liggaam en gees nie, maar bevestig hy ook die goeie nuus dat 'n "wedersyds bevredigende" ooreenkoms oor die seeposkontrak met Union-Castle bereik is:

> "We didn't get all we wanted, and the Shipping Company did not get all it wanted. There was a little bit of give and take, as there is in all matters. At the same time we are satisfied, and I hope they are."[119]

'n Bedrywige tyd wag nou op Graaff. Hy skryf aan Botha dat sy gesondheid beter is, maar hy kry nie rus nie weens die baie mense en sake op kantoor in die Kaap waaraan hy aandag moet gee.[120] Hy doen ook aan die hand dat Suid-Afrika vir olie moet prospekteer, na aanleiding van berigte onder meer in die *Review of Reviews* waarvolgens Brittanje olie as brandstof vir sy vlootskepe wil gebruik eerder as deur stoom te laat aandryf:

> "In my opinion if we can supply Great Britain with oil we will not only be doing ourselves a tremendous amount of good, but will also be doing the Imperial Government a greater service than if we made them a present of half a dozen Dreadnoughts. There is no safer project for our Government to spend money on under present circumstances than looking for oil; furthermore in the majority of cases where you bore for oil if you do not strike it you strike something else …"[121]

Graaff se plan sou eers baie later verwesenlik word, toe Soekor in die sanksiejare van die laat-twintigste eeu 'n olie-soektog begin het waarin meesal gasvelde gevind is.

Einde September 1912 moet hy weer na Londen vertrek om die laaste haakplekke oor die seeposkontrak, wat intussen deur regsgeleerdes opgestel is, met die Britse posterye uit te stryk. Uit die Tesourie in Pretoria skryf Smuts aan Graaff:

> "I think you are doing the right thing in going to England once more – not only for the sake of your health, but also it is more than probable that further work will await you there in connection with this Mail business. Philipps has stood by us and of course we ought to see him through, so long as he does not enter into some other combine detrimental to our interests. I don't mind a rate war or any other war between the ship owners, but those who fix rebates will have to be penalised."[122]

---

[117] *Natal Mercury*, 8 Julie 1912. Leuchars het aan 'n korrespondent van die koerant vertel dat hy na Graaff se bedanking sy portefeuljes gaan oorneem.

[118] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/18; ook in Verenigde Party-Argief, Universiteit van Suid-Afrika. Sir De Villiers Graaff Persoonlik, Legger 1.3.1 Sir David Graaff. Botha-Graaff, 16 Augustus 1912.

[119] *The Cape Times*, 21 Augustus 1912.

[120] Verenigde Party-Argief, Universiteit van Suid-Afrika. Sir De Villiers Graaff Persoonlik, Legger 1.3.1 Sir David Graaff. Graaff-Botha 21 September 1912.

[121] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/18. Brief Graaff-Botha, 4 September 1912.

[122] Graaff-versameling, De Grendel. Brief, gedateer 27 September 1912, in Graaff-familie se besit.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff is in die loop van 1912 so dikwels in Londen dat die idee in Britse regeringskringe ontstaan dat die Suid-Afrikaanse regering 'n tydelike resident-minister in Londen moet aanstel, veral gedurende die bedrywige parlementêre maande van Januarie tot Augustus. Harcourt skryf hieroor aan Gladstone: "Sir David Graaff seems to be here so often and to be so unattached that perhaps he might serve the purpose."[123]

Hierdie idee word nie verder gevoer nie. Die verbintenis wat Graaff met Philipps opgebou het, word egter verder verstewig. Hy en Philipps, wat in 1923 as lord Kylsant van Carmarthen tot baron verhef is, word lewenslange vriende na afloop van hul onderhandelinge.[124] Na Graaff se dood in 1931 woon Kylsant sy begrafnis in Kaapstad by, maar daarna eindig sy loopbaan in omstredenheid. 'n Maand nadat Kylsant uit Suid-Afrika teruggekeer het, word hy in 'n Britse hof aangekla omdat hy 'n misleidende aandele-prospektus geborg het, waardeur duisende klein beleggers hul geld verloor het.[125] Toe Kylsant se appèl teen sy vonnis van 'n jaar tronkstraf misluk, neem die bewaarders hom na Wormwood Scrubs, die Londense gevangenis waar hy in 'n sel van agt by tien voet aangehou word, maar tog toegelaat word om sy maaltye van 'n eersteklas spysenier te bestel.[126]

Graaff se verblyf in Londen in 1912 duur langer as wat hy aanvanklik beoog het. Hy vertrek eers in Desember terug na Kaapstad, nadat sy terugkeer vertraag is weens verkoue wat hy opgedoen het sowel as die ongesteldheid van sy broer Jan Graaff, wat hom op sy reis vergesel het.[127] Graaff beklemtoon in 'n onderhoud dat hy in sy private hoedanigheid en op eie koste die reis onderneem het om sy herstel van sy siekte te bespoedig, maar dat hy ook die geleentheid te baat geneem het om openbare aangeleenthede met 'n paar openbare figure te bespreek.[128]

Die onderhandelinge oor die Skeepsring word oplaas in die Suid-Afrikaanse Parlement se sitting in 1913 beklink. Graaff, wat in Januarie as minister sonder portefeulje aangestel is, stel op 7 Maart 1913 in die Volksraad in sy eerste toespraak van die sitting voor dat die Parlement die ooreenkomste bekragtig wat in Londen gesluit is. Naas die seeposkontrak geld dit vir ooreenkomste oor vrag- en produktevervoer wat op 6 September 1912 tussen die regering en die Union-Castle Stoomvaart Maatschappij, Beperkt aangegaan is.

Dis 'n taak so na Graaff se hart, volgens 'n koerant wat opmerk "… he had not acquired the art of public oratory", gevolglik is sy toespraak "a plain, blunt, business speech".[129]

Graaff verklaar dat mielies nou teen 10s per ton uitgevoer kan word, geldig vir tien jaar, waar dit voorheen 11s 6d per ton was en die rederye dit tot 14s wou opskuif. Die vragprys vir vars vrugte is tussen 27 en 60 persent verlaag, wol met 10 persent. Voorts is die tarief vir huide en velle, vleis en botter verlaag, terwyl "gunstige reëlings" getref is om die uitvoerhandel van steenkool te bevorder.

Graaff se liefde vir opregte diere het waarskynlik 'n rol gespeel in onderhandelinge oor nog 'n vergunning van die rederye wat hy aankondig. Alle volbloedvee behalwe renperde sal kosteloos

---

[123] British Library, Londen. Viscount Gladstone Collection, AS 45997, Harcourt-Gladstone, 13 Desember 1912.
[124] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 12.
[125] M. Murray, *Union-Castle Chronicle,* p. 190. Kylsant, wat van sy ridderskappe ontdoen is, is op 5 Junie 1937 oorlede. In 'n berig oor sy dood skryf *The Times* op 7 Junie 1937: "Briefly the charges included the bringing into annual balances of certain sums of a non-recurring kind and an 'economy of truth' which, the prosecution successfully claimed, falsified the document as a whole, though the figures were accurate in themselves. .. Lord Kylsant bore his trial with dignity, cast no p.ame on any of his colleagues, and on return to ordinary life returned to his residence in South Wales… All who knew him acquitted him of any desire to act criminally and they laid the responsibility on the assumption of duties beyond the power of any individual to bear, and a certain recklessness and a belief in the future which events showed as unjustified."
[126] *Time*, 16 November 1931.
[127] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/18. Brief Graaff-Botha, 15 November 1912.
[128] *South Africa,* p. 498, 7 Desember 1912.
[129] *The Cape Times*, 8 Maart 1913.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

na Suid-Afrika vervoer word. Reeds is 400 sulke diere ingevoer, terwyl sir Owen Philipps aangebied het om 150 stuks vee regstreeks van 'n hawe op die Vasteland te vervoer. Om die invoer van volbloedvee te bevorder sal die regering self sulke stoetvee aankoop en teen kosprys van die hand sal sit.

Graaff spreek lof uit vir die rol van Philipps, wat verseker het dat die seeposkontrak weer met Union-Castle aangegaan is, op die grondslag van £150 000 per jaar, geldig vir tien jaar. Die rabatstelsel is ook afgeskaf, soos in die Poswet bepaal. Daar is nou 'n ope, vrye mark, en die ooreenkomste is tot "groot nut en voordeel" vir Suid-Afrika.[130] Hy sluit sy toespraak onder toejuiging af:

> "… he claimed for South Africa the privilege of being the only country to succeed in breaking down the rebate system, and in securing, at the same time, advantages for importers and exporters, whether large or small… Sir David sat down with a sigh of content, and the House heartily cheered."[131]

Ook sir Lionel Philips erken dat Graaff 'n slag geslaan het, hoewel dit seker die beste was waarvoor gehoop kan word, gegewe die wankelrige grondslag – soos hy en Merriman dit beskou – waarop Graaff die transaksie deurgevoer het.[132] Selfs Merriman gee toe dat Graaff goed gevaar het, ofskoon met 'n tipiese angel: "… he paid him the Cornish compliment of saying that, having got himself into a very bad mess through the Post Office Act, Sir David got out of it far better than he expected."[133]

Die ooreenkomste word op 19 Maart goedgekeur in die Senaat, waar die voorstel van Graaff se opvolger as minister van pos-en-telegraafwese, sir Thomas Watt, deur sy broer sen. Jacobus Graaff gesekondeer word.[134]

As minister sonder portefeulje bly Graaff nog 'n rukkie betrokke by die skeepskwessie. Hy is in Londen toe hy verneem dat handelaars daar 'n nuwe ooreenkoms met skeepseienaars aangegaan het waarvolgens vrag slegs deur 'n spesiale ooreenkoms ("by special agreement only") vervoer sal word. Dit kon as 'n strafbare optrede ingevolge die Poswet beskou word. Graaff win regsadvies in, waaruit die blyk dat die ooreenkoms nie uitsonderlik is nie, maar wel as 'n oortreding van Suid-Afrikaanse wetgewing beskou kan word as verskepers "gedwing" sou word om die ooreenkoms te onderteken. Sodanige dwang sou egter moeilik in 'n hof bewys kon word.[135] Graaff neem gevolglik 'n afwagtende houding aan. Soos hy die Volksraad meegedeel het, die Regering is oortuig dat, deur 'n vrye mark te verseker, dit nie nodig is om die reg van "partikuliere" in te kort om ooreenkomste aan te gaan nie.[136]

Die kwessie neem 'n verdere verloop nadat byna 90 persent van skeepseienaars tot die nuwe ooreenkoms toegetree het. 'n Minderheid, onder wie die Kaapse handelaars Jagger en Garlick, maak beswaar, veral omdat hulle meen die rederye diskrimineer teen diegene wat nie die ooreenkoms onderteken het nie. Philipps wou die geskil hof toe neem, maar Watt, die nuwe minister, wend hom eerder tot arbitrasie. Die verhoor voor die arbiter, lord Mersey, word egter telkens uitgestel.[137] Oplaas word dit nie verder gevoer nie, want op 28 Junie 1914 word aartshertog Franz Ferdinand van Oostenryk in 'n sluipmoord om die lewe gebring en breek die Eerste Wêreldoorlog uit.

---

[130] *Hansard*, kol. 654-658, 7 Maart 1913.
[131] *The Cape Times*, 8 Maart 1913.
[132] *The Cape Argus*, 8 Maart 1913
[133] *The Cape Times*, 8 Maart 1913.
[134] *Hansard*, kol. 131-135, 19 Maart 1913.
[135] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* pp. 258-259.
[136] *Hansard*, kol. 657, 7 Maart 1913.
[137] V.E. Solomon, *The South African Shipping Question 1886-1914,* pp. 260-265.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 9

Krisisse, 'n bruilof en diamante

Die drama van die Skeepsring-kwessie was nie die enigste vuurdoop vir die jong Unie-regering nie. Die aanvanklike goeie samewerking in die Botha-kabinet word ook in die loop van 1912 swaar beproef.

Die eerste kabinetskrisis sedert Uniewording ontstaan toe die minister van spoorweë, J.W. Sauer, wat sy departement as vrywel onafhanklik beskou het, in botsing kom met die minister van finansies, Henry Hull, oor uitgawes wat nie aan die kabinet voorgelê is nie. Hull bedank gevolglik onverwags op 18 Mei 1912. Botha los die probleem op deur sy eie portefeulje, landbou, aan Sauer oor te dra, en Henry Burton kry spoorweë. By die sware lading van Smuts, die minister van verdediging wat ook binnelandse sake en mynwese onder sy vleuels gehad het terwyl hy boonop Graaff se portefeulje tydens sy siekbed moes hanteer, word finansies toegevoeg.

Skaars het hierdie krisis gaan lê of die ou vete tussen Botha en Hertzog steek weer kop uit. Hertzog se aandrang op gelyke taalregte bring hom in botsing met Engelssprekendes wat meen dat sy klem op Afrikaans 'n element van dwang inhou. Botha se konsiliasie-politiek wek weer weersin by baie Afrikaners wat meen dat hulle tweede viool in die land moet speel.[1]

Botha wou teen 1912 sy konsiliasie-beleid bevorder deur die Unionisteparty by sy Suid-Afrikaanse Party in te skakel. Hy skryf aan Graaff dat die Unioniste in 'n volgende verkiesing baie stemme aan die Arbeidersparty sou moet afstaan. Ten einde Unioniste-steun na sy eie party te laat vloei, hoop hy om die Britse protektorate Swaziland, Basoetoland en Betsjoeanaland by die Unie ingelyf te kry, dan kan hy sy kabinet uitbrei en twee of drie Unioniste daarin opneem. "Wij kunnen dan aan de naturellen in Zuid-Afrika self-regering geven, natuurlik onder kontrole van de Unie Regering," verklaar Botha, wat sy plan as 'n "meer liberale wijse" van behandeling beskou. Wat die gekleurde bevolking in die Kaapprovinsie betref, "… deze saak sal volgens mijn mening moeten opgelost worden min of meer alsof zij blanken zijn." As dit alles gedaan is, sal dit ook die invloed van die imperiale regering beëindig wat naturellesake betref. Botha vermeld dat hy nog met niemand in die Kabinet oor sy sienswyse gepraat het nie omdat hy dit eers met Graaff wil bespreek.[2]

Graaff, wat Botha se siening deel, opper die inlywingsplan onder andere met Bonar Law, die leier van die Britse Konserwatiewe Party en latere eerste minister (1922-1923). Die Britse politikus meen dit veel beter sou wees as die swart gebiede by die Unie ingelyf word terwyl die Liberale Party aan die bewind is. Hy voer aan dat die Botha-regering "…would be much more likely to be assailed by the Liberals if the Conservatives were in office than by the Conservatives when the Liberals hold the reins". Volgens Graaff onderneem Bonar Law om alles in sy vermoë te doen om Suid-Afrika te help. Hy wys egter daarop dat Botha hom nie gemagtig het om die saak met die Britse regering op te neem nie.[3]

Terwyl Graaff in Engeland is vir samesprekinge oor inlywing van die protektorate lewer Hertzog op 5 Oktober 1912 op Nylstroom 'n toespraak waarin hy uitvaar teen "de vreemde, voornamelik Engelssprekende fortuinzoekers in Zuid-Afrika" asook teen sir Thomas Smartt, wat by Jameson as leier van die Unioniste oorgeneem het.[4] Hierdie toespraak en toesprake wat Hertzog daarna hou, dra daartoe by dat Botha se inlywingsplan nie van die grond kom nie.

---

[1] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* pp. 347-348; H. Giliomee en B.Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 233-234.

[2] A.H. Marais, *Politieke briewe, 1911-1912,* p. 110, Botha-Graaff, 25 September 1912; Geyser en A.H. Marais (red), *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie,* pp. 104-105.

[3] A.H. Marais, *Politieke briewe, 1911-1912,* pp. 132-133, Graaff-Botha, 31 Oktober 1912.

[4] *De Vriend des Volks*, 17 Oktober 1912.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Op die koop toe behou die Unioniste die kiesafdeling Albanie in 'n tussenverkiesing wat deur Jameson se bedanking genoodsaak is. Botha, oordrewe gevoelig oor opposisiekritiek, skryf aan Graaff dat Hertzog se toespraak 'n storm onder Unioniste laat ontstaan het en hulle 'n stok gee om die regering mee te slaan. Die Unionisteparty het feitlik op sterwe gelê, skryf hy, maar het nou nuwe lewenskrag gekry en is meer verbitterd as ooit tevore. Hy sal sy bes doen om sake weer in orde te kry, "maar ik moet zeggen dat ik moede ben – meer dan moede – van al deze onnodige moeilijkheden".[5]

Die verskille tussen Hertzog en Botha word op die spits gedryf toe Hertzog op 7 Desember 1912 op De Wildt nog 'n uitdagende toespraak hou. Daarin herhaal hy die standpunt dat, wanneer die belange van Suid-Afrika en die Britse Ryk in botsing kom, "dan kom Suid-Afrika eerste". Botha stel dit agterna in 'n persverklaring duidelik dat hy met die standpunt saamstem, maar dat die stelling nooit gemaak moes gewees het nie, aangesien dit Engelssprekendes ontstel. Uit ontsteltenis oor die toespraak bedank die Natalse minister sir George Leuchars nogtans as kabinetslid.

Botha belê 'n kabinetsvergadering om die krisis te bespreek, maar Graaff, op pad na Europa, kon dit nie bywoon nie.[6] Die uiteinde van die struweling is dat Botha op 14 Desember 1912 bedank, maar die goewerneur-generaal, lord Gladstone, vra hom om 'n nuwe kabinet saam te stel. Voordat Botha tot 'n kabinetskommeling oorgaan, skryf Gladstone na aanleiding van 'n gesprek met Botha aan die minister van kolonies, Harcourt: "Graaff is to be the handy man without portfolio. If Fischer goes out, Botha will take Land pro forma and give all the business to Graaff."[7]

Botha laat Hertzog sowel as Leuchars, wat ook nie die kabinetsvergadering bygewoon het nie, uit sy nuwe kabinet. Graaff word as minister sonder portefeulje aangestel.

Dringende pogings word daarna aangewend om die breuk in die party en Afrikanergeledere te heel. Botha was nie bereid om Hertzog weer in die kabinet op te neem nie, maar meen wel dat die partykoukus oor die geskil tussen hom en Hertzog moet beslis. Nadat albei leiers hul standpunte voor die koukus gestel het, besluit die koukus om 'n komitee te benoem om met bemiddeling te help. Sir David Graaff en H.C. van Heerden dien daarin namens Botha, en C.G. Marais en F.R. Cronjé namens Hertzog. Toe die onderhandelings misluk, kry die regering opdrag van die koukus om met sy taak voort te gaan.[8]

Kort hierna, byna 'n jaar nadat Graaff ernstig siek geword en hy stadig herstel het, ontstaan 'n nuwe situasie wat sy gebeurtenisvolle loopbaan opnuut beïnvloed: 'n vrou word permanent deel van sy lewe.

Hoewel Botha en Smuts gemeen het dat hy nie in die huwelik sou tree nie, was Graaff 'n lang ruk een van die hubaarste vrygeselle in die Kaap.

In sy ampspligte as burgemeester van Kaapstad (1890-1892) is hy soms bygestaan deur sy suster Hannie, wat ook sy huishouding behartig het. Sy het byvoorbeeld die alarm seremonieel laat afgaan toe Graaff op 20 November 1891 die Moderator en Sinode van die NG Kerk na 'n vertoning van die Kaapstadse brandweer op Groentemarkplein genooi het.[9]

---

[5] A.H. Marais, *Politieke briewe, 1911-1912,* p. 150, Botha-Graaff, 11 November 1912; Geyser en A.H. Marais (red), *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie,* p. 107.
[6] C.M. van den Heever, *Generaal Hertzog,* p. 317.
[7] British Library, Londen. Viscount Gladstone Collection, AS 45997, Gladstone-Harcourt, 15 Desember 1912.
[8] O. Geyser en A.H. Marais (red): *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie,* pp. 118-119.
[9] *The Cape Argus*, 20 November 1991.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Op sy Londense besoek einde 1891 is berig oor hoe gewild hy onder die vroulike geslag is.[10] 'n Hele paar jaar daarna lui geen huweliksklokkies nie, maar enkele vriende vermoed vroeër, voordat hy op 51-jarige leeftyd die baronetskap ontvang, dat hy tog een of ander tyd in die huwelik sou tree. Een van hulle is mev. Tibbie Steyn, eggenote van oud-pres. M.T. Steyn. In September 1909 skryf sy aan Graaff uit die Hotel Pavillon in Reinhausen in Duitsland, waar "President hard bezig … is met zijn kuur". Die kuur is "een prachtige success – "hy is 30 lb lichter geworden en gevoelt zich een ander man", gevolglik is die oud-president haastig om na Suid-Afrika terug te keer. "Ik hoop als wij in Kaapstad D.V. terug komen dat wij dan zullen horen wie de toekomstige mev. De Villiers Graaff zal zijn."[11]

Daar was dus in daardie tyd wel 'n vrou in Graaff se lewe. En sy was 'n pastoriedogter.

Graaff ontmoet sy aanstaande vrou, Eileen, terwyl hy as kerkraadslid van die Groote Kerk gereeld besoek bring aan die pastorie van ds. J.P. van Heerden van die gemeente in Kaapstad, 'n leraar van wie Graaff baie hou.[12] Die aanvallige Eileen, gedoop Magdalena Susanna, is die egpaar Van Heerden se tweede dogter, en hy voel al hoe meer aangetrokke tot haar. Haar moeder is gekant teen 'n verhouding, veral weens die ouderdomsverskil van dertig jaar. Maar 'n besoek aan De Grendel hak die knoop deur en Eileen aanvaar Graaff se huweliksaanbod.[13]

Die egpaar word op 5 Februarie 1913 in die Van Heerdens se pastorie in Kloofstraat in Kaapstad deur prof. J.I. Marais in die huwelik bevestig. Hoewel dit die 53-jarige bruidegom se wens is dat dit net 'n klein private seremonie moet wees, trek die ministeriële huwelik aandag in koerantkolomme. "De bruid was gekleed in wit satijn, getooid met marquisette en droeg een prachtige sluier van carrickmacrosscant. Zowel de bruid als het strooimeisje zag er zeer lief uit," berig *De Zuid-Afrikaan*. [14] Die 23-jarige bruid "looked charming", berig *The Cape Times* en *The Cape Argus*, en die strooimeisie, haar suster Millie van Heerden, het 'n fraai ligroos satyntabberd gedra.[15]

Slegs sowat sestig uitgelese gaste en familielede woon die bruilof by. Die goewerneur-generaal, lord Gladstone, stel die heildronk op die bruid en bruidegom in, waarop Graaff gepas antwoord. Onder die ander gaste is verskeie van sy mede-kabinetslede en hul gades, onder wie die premier, genl. Louis Botha, min. Abraham Fischer, genl. Jan Smuts, min. F.S. Malan, min. J.W. Sauer en sir Thomas Watt, asook sir Frederic en lady De Waal en sen. J.A.C. Graaff, broer van die bruidegom.[16] *De Zuid-Afrikaan* sluit sy berig gloeiend af:

> "Dit huweliksbootje, dat van wal is gestoken, voert met zich de allerbeste wensen voor een lang, gelukkig en gezegend huweliksleven, zijnde de oprechte wensen niet alleen van een grote vriendekring, doch van het publiek, dat de openbare diensten van sir David de Villiers Graaff in belang van Zuid-Afrika hoog op prijs stelt."[17]

Die egpaar neem aanvanklik hul intrek in Ostende, Graaff se huis in Seepunt. Hy het Ostende, voorheen genoem Dent House, twee jaar tevore vir die bedrag van £3 000 aangekoop.[18]

---

[10] Die p.ad *South Africa* berig op 19 Desember 1891 onder meer hieroor.
[11] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 3 September 1909 in Graaff-familie se besit.
[12] De V.Graaff, *Div Looks Back*, p. 14. Ds. Van Heerden was byna vyftig jaar 'n leraar van die gemeente, aanvanklik saam met ds. A.I. Steytler en naderhand as senior leraar. Hy was 'n geleerde man, 'n produk van die Kweekskool op Stellenbosch, waar hy ook die kaptein van die Maties se krieketspan was. Twee eredoktorate is aan hom toegeken, een deur die Universiteit van Kaapstad en die ander deur St. Andrews in Skotland.
[13] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 14.
[14] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, "Huwelik van Minister Graaff", 6 Februarie 1913.
[15] *The Cape Argus*, "Today's Wedding", 5 Februarie 1913, en *The Cape Times*, "A Ministerial Wedding", 6 Februarie 1913.
[16] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 6 Februarie 1913.
[17] *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land*, 6 Februarie 1913.
[18] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 13 Februarie 1911.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hierheen nooi hy gereeld die kabinet vir 'n noenmaal, soms weekliks.[19] In September neem hy 'n benoeming tot ouderling van die NG gemeente Kaapstad (Groote Kerk) aan.[20]

Graaff beklee sy nuwe amp, minister sonder portefeulje, amptelik vanaf 24 Januarie 1913. Meer verantwoordelikhede word aan hom toegevoeg toe J.W. Sauer op 24 Julie sterf en hy sy portefeulje tydelik moet behartig. Sauer het die omstrede Naturellen Grond Wet van 1913 deur die Parlement geloods nadat Hertzog uit die Kabinet weggelaat is. Die wet het in 'n voorlopige toekenning swart grondbesit tot 'n totaal van 8,9 miljoen hektaar, of minder as 8 persent van die Unie se grondoppervlakte, beperk. [21]

Graaff open kort na Sauer se dood op 6 Augustus op Oudtshoorn die nuwe spoorlyn tussen George en Oudtshoorn, 'n ontwikkeling waaroor voorheen oor 'n lang tydperk vertoë tot Sauer en selfs Rhodes gerig is.

Graaff, die peetvader van Sauer se seun Paul, die latere kabinetslid, betreur dit dat Sauer nie die geleentheid kon bywoon nie. Hy sê dat die spoorlyn vir Oudtshoorn en omgewing regstreekse spoorverbinding met die Westelike Provinsie sowel as regstreekse kommunikasie met die Noorde gee. Dit bied aan Suid-Afrikaanse besoekers en oorsese reisigers die geleentheid om die natuurskoon en vrugbare gebiede van die streek te besigtig en so 'n beter begrip van die land te vorm.

Op 'n tydstip dat ernstige stakings aan die Rand groot kommer by die Regering veroorsaak, vertel Graaff, wat die gehoor in Engels en Hollands toespreek, voorts dat hy pas van die onrustoneel gekom het. Die mynwerkers aan die Witwatersrand verdien die hoogste lone vir hierdie soort werk op enige plek in die wêreld.Dit is verbasend dat groot getalle werkers deur betaalde agitators gelei kan word:

> "What the Government has had to deal with on the Witwatersrand was not a strike, but an attempt at anarchy and revolution on the part of irresponsible persons endeavouring to exercise authoritarian authority."
> "…it is to be clearly understood that any unlawful acts that may be commited by agitators and their followers will be dealt with in the most rigorous manner provided by the law," verklaar hy onder applous. [22]

Die goewerneur-generaal, Gladstone, wat verlof gegee het dat Britse soldate gebruik word om die opstand te help onderdruk, laat weet Harcourt oor Graaff se toespraak:

> "In an admirably vigorous speech at Oudtshoorn after the opening ceremony, Sir David Graaff referred to the industrial disturbances. He emphasised above all the dangers of irresponsible agitation and the determination of the Government to repress any attempts at anarchic revolution in this country."[23]

In die Parlement praat Graaff, soos tevore, nie dikwels nie. Alom is hy beskou as eerder 'n veelsydige, stille werker wat met sy sakekennis probleme kon aanpak. Maar wanneer nodig kon hy wel sy woord doen, soos blyk uit sy hantering van die finale seeposkontrak, wat op 10 Maart

---

[19] De V. Graaff, *Div looks back,* p. 14.
[20] NG Kerkargief, Stellenbosch. GEM – K 1143. Brief van Graaff gedateer 26 September 1913.
[21] H. Giliomee en B.Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 232-233.
[22] *The Cape Times,* 7 Augustus 1913.
[23] British Library, Londen. Viscount Gladstone Collection, AS 45997, Gladstone-Harcourt, 16 Augustus 1912.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

in die Volksraad goedgekeur is. By hierdie geleentheid voldoen hy aan 'n versoek van die LV vir Kroonstad, H.P. Serfontein, om sy repliek ook in Hollands te lewer.[24]

Nog 'n geleentheid waar Graaff hom in 'n parlementêre debat moes laat geld, kom 'n maand daarna voor toe hy in die Volksraad in 'n onderonsie met genl. Hertzog gewikkel raak. Hertzog, in daardie stadium nie meer 'n kabinetslid nie, vaar in 'n wantrouedebat op volle stoom uit teen Botha, wat hy daarvan beskuldig dat hy die prys van imperialisme betaal. Botha probeer die goeie guns van sy teenstanders verkry en plaas sodoende die belange en kinders van Suid-Afrika op die altaar van Moloch. Die eerste minister het Jingoïsme aangeneem en dit is voldoende rede waarom hy nie langer op die kussings behoort te sit nie. Hertzog dring aan op 'n vervroegde verkiesing: "Dis noodsaaklik om na die volk te gaan om te voorkom dat verdere leuens en verdraaide waarhede binne en buite die Huis verkondig word."

Dit bring Hertzog by 'n onwaarheid wat volgens hom op Richmond deur die lid vir Colesberg (G.A. Louw) verkondig is. Die lid verkondig daar dat die heer Tatham[25] 'n minister genader het om hom die premierskap aan te bied, en dat Hertzog en Fremantle[26] kabinetsposte sou kry. Die betrokke minister was Graaff, verduidelik Hertzog. Sulke praatjies word versprei om die saak van die eerste minister goed te maak, en politieke agente word aangestel om die saak van die eerste minister goed te praat.

Hertzog stuur daarop 'n telegram aan Tatham. Dit lui:

> "Graaff alleged to say you approached him, offering Premiership if you, I and Fremantle included in Cabinet. Did you make such or similar proposal? If so, on what authority? Please reply."

Hertzog lees vervolgens Tatham se antwoord voor:

> "I have offered no one the Premiership. Sir David approached me three times on January 26. He urged me to persuade you not to press for re-entry into Cabinet, and offered me Cabinetcy. I refused without you. He said Botha would go to his farm, if he advised Botha to do so. Five names for Premiership were discussed, including your name and his. Fremantle's name as Cabinet Minister was not discussed."

Hertzog wil weet of dit die optrede is van 'n minister ooreenkomstig die reëls van die ridderskap wat hy verwerf het? Ministers neem elke geleentheid te baat om gif in te spuit, verklaar hy.[27]

Graaff kry later in die debat geleentheid om op Hertzog se bewerings te antwoord en hy verklaar dat die saak daar heel anders uitsien.

Die heer Tatham versoek drie maal 'n onderhoud voordat dit toegestaan word, vertel Graaff. Tatham deel Graaff mee dat hy besluit het om hom die eersteministerskap aan te bied omdat hy (Graaff) by alle partye gelief is en hom nie gebonde ag nie (Gelag). Toe hy vra of genl. Hertzog hiervan bewus is, antwoord Tatham dat hy juis op daardie oomblik van Hertzog kom en met Hertzog uit die Vrystaat teruggekeer het, waar aan die huis van President Steyn alle telegramme en korrespondensie tot sy beskikking gestel is.

Tatham vertel voorts dat hy die hoof- en vernaamste adviseur van genl. Hertzog is en dat Hertzog niks sonder sy konsent sou doen nie (Gelag). Hy stel as voorwaarde dat Graaff drie portefeuljes besikbaar sou hou, een vir homself (Tatham), een vir Hertzog en een vir Fremantle

---

[24] *Hansard*, kol. 688, 10 Maart 1913.

[25] Dis onseker na watter Tatham verwys word. Vermoedelik was dit Ralph Tatham, wat die stigtingsvergadering van die Nasionale Waaksaamheidskomitee in Kaapstad bygewoon het nadat hy saam met genl. De Wet op 'n toer deur Transvaal was. Twee ander moontlikhede is Frederic Spence Tatham (1865-1934), wat van 1893-1906 lid van die Natalse parlement en 'n afgevaardigde na die Skeepskonferensie van 1904-'06 was, terwyl Charles Tatham 'n politikus-prokureur van Greytown in Natal was.

[26] Prof. H.E.S. Fremantle was 'n ruk later die ondervoorsitter van die Kaaplandse Nasionale Party onder dr. D.F. Malan.

[27] *Hansard*, kol. 1714-1715, 29 April 1913.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

(Gelag). Volgens Graaff kyk Tatham hom "op napoleontiese wyse" aan en verneem: "Is daar besigheid in?" Graaff antwoord: "Moontlik wel vir u, maar nie vir my nie. Al sou genl. Botha my die premierskap aanbied, sou ek weier."

Tatham het daarna 'n telegram aan genl. Hertzog gestuur waarin hy 'n ander weergawe van die voorval gegee het. Hy het egter vergeet dat hy die kwessie met iemand anders bespreek het. Hy laat Graaff onder die indruk dat Hertzog sy voorstel van die hand gewys het. Aangesien Tatham aangedui het dat hy Hertzog se vernaamste raadgewer is, vertel Graaff, het hy dit nie nodig geag om Hertzog oor die kwessie te raadpleeg nie. Dit verbly hom dat Hertzog niks van die voorval weet nie en sy vriend laat staan het. Hy hoop Hertzog sal nog meer van sy nuwe raadgewers laat vaar, dan sal hy sy posisie ongetwyfeld heelwat verbeter.[28]

Tatham se idee dat Graaff die eerste minister moet word, blyk kort daarna nie heeltemal vergesog te wees nie. Dit blyk uit 'n brief van Smuts nadat Graaff op 22 September weens swak gesondheid uit die kabinet bedank het. Die uitgebreide reise wat Graaff voorheen met die oog op sy sakebelange onderneem het en sy kabinetsverpligtinge het hul tol geëis. As minister sonder portefeulje moes hy na Sauer se dood ook sy portefeuljes behartig. Hy was oorwerk en sy gesondheid was reeds die vorige paar jare nie goed nie.[29] In 'n persverklaring aan Reuters waarvan hy Botha in kennis stel, stel hy dit duidelik dat hy suiwer om redes van sy gesondheid bedank en geen meningsverskille met die eerste minister of lede van sy kabinet het nie.[30]

Die volgende dag stuur Smuts 'n onthullende brief aan hom uit die Tesourie in Pretoria:

> "My dear Davie, Your parting wire of yesterday touched me very much. More helpful and loyal colleague than you I never wish to have. I only hope your health will improve and that you will again be quite strong. … as I have said the country will need you yet.
> My private opinion is that Tatham was premature in his ideas but that, given time and strength, his idea as regards you (which was of course Steyn's idea) may yet be realised.
> Goodbye, my friend. Kindest regards to both you and lady G."[31]

Smuts verwys hier klaarblyklik na oud-pres. M.T. Steyn, wat waarskynlik die Unie se eerste premier sou geword het as sy gesondheid dit toegelaat het. In daardie stadium was Steyn steeds invloedryk in die politiek – hy is eers drie jaar later in 1916 oorlede. Tydens die kabinetskrisis het Steyn gemeen Botha en Hertzog moet saamstem oor 'n leier wat hulle albei kan volg.[32]

Voorts laat Smuts, wat algemeen as Botha se adjunk beskou is en hom as premier sou opvolg, die indruk dat Graaff wel die land sou kon lei, wat die verdere implikasie inhou dat hy bereid sou moet gewees het om onder Graaff te dien. (Smuts, wat Botha as premier opgevolg het, was later na samesmelting in 1933 wel bereid om te dien onder Hertzog, wat teen 1913 reeds feitlik as 'n opposisielid opgetree het.)

Graaff, wat as parlementslid aanbly, is ten tyde van sy bedanking as een van die bekwaamste kabinetslede beskou. Die goewerneur-generaal, Gladstone, oordeel dat hy op Smuts na die mees bevoegde minister was. Volgens hom het die ander Vrystaatse en Transvaalse kabinetslede gebrekkige ervaring van Britse parlementêre instellings gehad, terwyl die Nataller Leuchars weinig invloed uitoefen en die ander Kaaplanders – J.W. Sauer, Henry Burton en F.S. Malan – hulle volgens hom nie met gegronde advies onderskei het nie.[33]

Gladstone skryf op 23 September 1913 uit Pretoria aan Graaff:

---

[28] *Hansard*, kol. 1751-1752, 29 April 1913.
[29] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 15.
[30] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 10/19, Graaff-Botha, 22 September 1913.
[31] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 23 September 1913 in besit van Graaff-familie.
[32] P. Lewsen, *John X. Merriman: Paradoxical South African Statesman,* p. 355.
[33] R. Keiser, "The South African Governor-general, 1910-1919", pp. 8-9.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "I received the news of your resignation with great regret – because of the fact and the cause. But no doubt you were quite right. You have stuck … … most gallantly and loyally and I sincerely hope that well earned rest will give you health and further opportunity for public service."[34]

Graaff ontvang ook ander briewe van mense wat hul spyt uitspreek dat hy uittree. Een van die prominente persoonlikhede is die joernalis Roderick Jones (1877-1962), vir wie Graaff 'n hupstoot in sy loopbaan gee voordat hy in 1915 die uitvoerende hoof van Reuters geword het, 'n pos wat hy tot 1941 beklee het. Die ambisieuse Jones, 'n goeie vriend van Graaff, was in een stadium die Suid-Afrikaanse hoof van die nuusagentskap nadat hy in die Anglo-Boere-oorlog 'n oorlogskorrespondent was. Toe Graaff uit die kabinet bedank, skryf Jones uit The Woolsack, Rosebank, aan hom:

> "… am very sorry to hear of your resignation from the Cabinet. I am sure the General will miss very greatly the practical and moral support you have so admirably given him throughout the time you have been in the ministry, support which everybody recognises (including your political opponents) has been of the greatest value to the Government, because of the sound business knowledge, and the good common sense, which always accompanied it… On the other hand, from the purely personal point of view, and from the point of view of your charming wife, you have certainly done the right thing. Life for both of you cannot be more congenial when it is spent in developing you country estate, and enjoying the delightful surroundings of this beautiful Cape Peninsula, in stead of being exhausted in the thankless turmoil of politics, with all its treacheries, intrigues, and disappointments. Verily, verily, you have chosen the better part, though the country as a whole is the loser…"[35]

Graaff het aan die man van Reuters 'n belangrike wenk gegee wat tot Jones se opgang bygedra het. Jones, wat die insident in sy outobiografie beskryf, wou uit Kaapstad na die persoonlike personeel van baron Herbert de Reuter, seun van Reuters se stigter, Julius de Reuter, oorgeplaas word ten einde vinniger in die nuusagentskap bevorder te word. Op besoek aan Londen as lid van die Botha-kabinet geniet Graaff 'n noenmaal met die baron en bring ook deel van die middag met hom deur. Graaff, wat oplet dat Reuter slaafs aan sy werk en kantoor geheg is, lees hom die leviete voor oor "the folly of interminable toil". Hy doen aan die hand dat, wanneer iemand die grootste deel van sy lewe aan 'n massiewe onderneming soos Reuters bestee het, hy behoort af te tree om die vrugte van sy arbeid te geniet. Die baron behoort 'n jong man met talent en ambisie nader te trek om sy adjunk te wees, sy laste te verlig en as sy opvolger opgelei te word. Tot Graaff se verbasing antwoord Reuter dat hy reeds aan so iets gedink het. Hoewel Graaff nie Jones se naam reguit noem as die persoon wat hy in gedagte het nie, skimp hy wel oor Jones se "youth, energy, faculty for organisation and administration" en "… the quite exceptional position, personal, official and public, which he has made for himself and for Reuters in South Africa". Reuter was ook vol lof vir Jones, en toe Graaff vertrek, was hy oortuig dat hy die saadjie gesaai het.[36]

In 'n persoonlike gesprek daarna met die baron kry Jones die versekering dat hy as sy opvolger beskou word. Maar toe breek die Eerste Wêreldoorlog uit, en Jones sien nooit weer vir Herbert de Reuter nie, wat in 1915 selfmoord pleeg. Jones word die nuwe uitvoerende hoof, 'n invloedryke posisie wat hy 26 jaar lank sou beklee. In Suid-Afrika stroom die gelukwensinge na hom, van Graaff, Botha en Smuts sowel as hul politieke teenstanders soos sir Starr Jameson, sir Thomas Smartt en sir Percy Fitzpatrick.[37]

---

[34] Graaff-versameling, De Grendel. Brief, gedateer 23 September 1913, in Graaff-familie se besit.
[35] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 25 September 1913 in Graaff-familie se besit
[36] Roderick Jones, *Life in Reuters,* pp. 98-102.
[37] Roderick Jones, *Life in Reuters,* pp. 148-149.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die dag nadat Graaff uit die kabinet getree het, word sy broer Kobie as minister sonder portefeulje in die Botha-kabinet aangestel. Sen. Jacobus Graaff was sedert 1910 die SAP se hoofsweep in die Senaat nadat hy in 1903 tot die Wetgewende Raad van die Kaapse Parlement verkies is. Sir David moes op versoek van Botha sy broer oorreed om in die kabinet te dien. Dit blyk uit 'n brief wat Botha tevore aan "Lieve Davie" gerig het oor sy voorneme om uit te tree:

> "Nu, Davie, jy het my gezegd wat jou positie betreft – Malan die net hier was, zegt my dat jy waarlik sterk voelt om uit te gaan. Myn eigen verlangen hondermaal over is, neen, dat kan niet, dat mag niet. Maar alhoewel ik in U myn warmste ondersteuner zie – een van myn dierbaarste vrienden en iemand die ik weet altoos sal helpen om Zuid Afrika recht te rukken en sterk en groot te maken en om myn handen te versterken – als gy voelt dat het helpen zal om meer gerustheid te verwekken oor uwe gezondheid die by my altoos de eerste konsiderasie is, dan zwig ik - ja, dan en dan alleen zal ik. In dat geval sal ik bly zyn als u met Kobie Graaff sal praten of hy zonder portefeuille in die Senaat sal dienen."[38]

Sir David telegrafeer aan Botha dat hy met sy broer gepraat het. Kobie is "favourably inclined".[39]

Terwyl hy in die kabinet gedien het, was Graaff een van die voorste lede van 'n komitee onder leiding van F. S. Malan wat 'n biografie van Onze Jan Hofmeyr laat skryf het. Op 'n vergadering van Graaffs Trust op 18 April 1913 word korrespondensie tussen Malan en Van de Sandt de Villiers Drukpers Maatschappij Beperkt voorgelees waarvolgens hierdie twee partye en Graaff ooreengekom het dat elkeen een derde van die verlies (indien enige) sal dra vir die druk en publikasie van 6 000 eksemplare van Hofmeyr se biografie, waarvan die koste op £1 168 geraam word.[40] Die biografie, geskryf deur Hofmeyr se familielid J. H. Hofmeyr (die latere minister wat soms Kleinjan genoem is) in samewerking met F.W. Reitz, verskyn in 1913.[41]

Graaff is ook een van die mense wat verantwoordelik was vir die oprigting van die monument van Onze Jan op Kerkplein in Kaapstad. Die monument staan regoor die Groote Kerk, terwyl Graaffs Trust se kantore in die een hoek van die plein geleë is. 'n Klein faksimilee van Hofmeyr se standbeeld staan steeds in De Grendel se opstal, asook twee leerstoele en 'n skaal wat deur Hofmeyr aan Graaff nagelaat is.[42]

Voordat Graaff uit die kabinet bedank het, het versoeningspogings tussen Botha en Hertzog nog 'n ruk lank voortgeduur, maar dit vervaag toe Hertzog nie gevra word om die vakature te vul wat deur Sauer se afsterwe ontstaan het nie.

'n Organisasie om Hertzog se beginsels te beliggaam word daarna in Kaapland gestig: die Kaapse Nasionale Waaksaamheidskomitee. Toe die Waaksaamheidskomitee op 10 Augustus 1913 in die York-kamer van die Theatre Restaurant in Kaapstad vergader, is die voorsitter Van der Horst, Graaff se regterhand.

Prominente Kaaplanders woon die vergadering by. Een van die persone wat met verskoning afwesig is, is Graaff se ouer broer Jan - 'n voorteken van politieke verskille in die Graaff-familie, wat soos etlike Afrikaner-families van daardie era politiek verdeeld raak. 'n Paar jaar later dien die ouer Graaff, wat reeds in 1892 as sterk ondersteuner van die Afrikanerbond 'n lid van die Kaapse Parlement was, van 1918 tot 1920 in die Senaat - maar nie as lid van die SAP nie. Sen.

---

[38] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 16-17/19, Sir David Graaff. Botha-Graaff, 11 September 1913.
[39] NASA, Pretoria. Private Sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/19, Ministers. Graaff-Botha, 13 September 1913.
[40] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 18 April 1913.
[41] J.H. Hofmeyr, *Het Leven van Jan Hendrif Hofmeyr (Onze Jan).*
[42] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 11

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Jan Graaff, onder Engelssprekendes bekend as John Graaff, is met steun van die Nasionale Party tot senator verkies.[43]

Drie broers Graaff – David, wat tot 1920 lid van die Volksraad bly, en die senatore Jacobus en Jan – was dus in een stadium saam parlementslede.

Na sy uittrede in 1913 verander Graaff se lewensloop aansienlik. Die getroude lewe en vaderskap verg nuwe verpligtinge. Kort na sy bedanking uit die kabinet word sy eersteling, De Villiers, op 8 Desember 1913 in hul woning Ostende in Seepunt gebore. Genl. Louis Botha willig in om die peetvader van klein De Villiers te wees. Hy skenk 'n silwer doopring aan die toekomstige sir De Villiers Graaff, wat sy vader se eretitel sou erf.[44]

Op dieselfde dag stuur Graaff 'n brief aan genl. Botha wat aantoon dat hy steeds 'n beduidende politieke rol probeer speel, ondanks die feit dat hy pas as kabinetslid bedank het. Hy en vriende van hom in die Suid-Afrikaanse Party wou versoening tussen generaals Botha en Hertzog probeer bewerkstellig.

Graaff, steeds 'n parlementslid, kon weens sy vrou se swangerskap nie self reis nie en versoek dus sy sakevennoot J.G.P. van der Horst om die brief na Bloemfontein te neem. Daarin word voorgestel dat daar briefwisseling tussen Botha en Hertzog moes wees om hul onderskeie standpunte te stel en die verlede te vergeet. Die onderhandelinge slaag egter nie en Van der Horst telegrafeer uit Bloemfontein aan Graaff: "Can do nothing at present returning home tomorrow."[45]

Teen hierdie tyde was die skeuring in die Suid-Afrikaanse Party 'n voldonge feit. 'n Uniale kongres – bekend as die "Roomkongres", omdat Botha verklaar het dat die room van die land daar bymekaar sou wees – is op 20 November in Kaapstad gehou. Daar is 'n voorstel dat die regering met sy taak voortgaan, oplaas met 131 stemme teen 90 aanvaar. 'n Belangrike deel van die kongres was aan Hertzog se kant – van die teenstemme kom 58 uit die Vrystaat, 23 uit Kaapland, 6 uit Transvaal en 3 uit Natal. Die meerderheid van Hertzog se ondersteuners het daarna uitgestap.

Die Hertzog-ondersteuners in Kaapland was nogtans steeds nie bereid om van die SAP af te skei nie. Die Engelssprekende prof. Fremantle, 'n Hertzog-ondersteuner, skryf in sy dagboek:

> " . . . Van der Horst thinks the Free State likely to go to extremes but the feeling in the Cape is above all for union. At the congress we got the majority of the real S.A.P. and anyhow we have no right to secede till we are turned out... He (Van der Horst) says Graaff and also Botha was much disappointed at the number who voted for us at the congress, and Graaff told him he did not know there were so many stupid people in the world."[46]

Vroeg in 1914 is begin met die stigting van takke van die Nasionale Party, wat spoedig die sterkste opposisie teen die SAP sou word.

---

[43] *Die Burger,* 12 Desember 1918. Jan Graaff was een van twee kandidate wat in die ingewikkelde kiesstelsel deur 45 Provinsiale Raadslede verkies is in die vakature wat deur die dood van sir Anthonie Viljoen en sen. Searle, albei van die SAP, veroorsaak is. *Die Burger* het geskryf: "De heer Jan Graaff is 'n broer van die Minister (sir Jacobus), maar hij behoort nie aan dieselfde party nie. Maar terwijl hij nomineel … as 'n Independent beskou kan word, is dit al lang bekend dat sij neiginge oorhel na die Nasionale en nie na die SAP-kant nie…"

[44] De V. Graaff, *Div looks back,* p. 14.

[45] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 15.

[46] NBSA, Kaapstad. Fremantle-versameling, Band 4. Dagboekinskrywing 27 Desember 1913. Fremantle was die L.V. vir Uitenhage.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

In die tyd na sy uittrede as kabinetslid vergroot Graaff sy woning op De Grendel, wat reeds in 1898 gebou is nadat hy die plaas aangekoop en sy arabierperde en Friesland-beeste daarheen verskuif het. 'n Derde gewel vir die imposante dubbelverdieping-opstal met sy agt slaapkamers en panoramiese uitsig seewaarts oor die vlakte tot Tafelberg word a-simmetries aangebou. Die Victoriaanse herehuis is in die argitek Herbert Baker se eiesoortige benadering tot die Kaaps-Hollandse gewelstyl gebou.[47] Baker, ontwerper van die Uniegebou en ander bekende Suid-Afrikaanse geboue, was 'n vennoot in die argiteksfirma Kendall & Morris, wat die herehuis op De Grendel ontwerp het.[48]

Ostende in Seepunt word verkoop nadat die Graaff-gesin op De Grendel gaan woon het. Hier sou Graaff se drie seuns idilliese jeugjare deurbring, soos onder meer beskryf in die outobiografie van sy oudste seun, sir De Villiers Graaff.[49]

Graaff se sakebedrywighede het intussen nie stilgestaan nie. Graaffs Trust bekom met verloop van tyd al hoe meer aandele in Milnerton Estates, en teen 1914 besit die trust na 'n nuwe aandeel-uitgifte 11 182 van die maatskappy se 16 032 aandele. [50]

Na rekonstruksie van Milnerton Estates word die direksie opnuut saamgestel, en in 1914 dien die volgende direkteure daarin: sir David Graaff, Isaac Lewis van Johannesburg, J.G.P. van der Horst, T.S. McEwan en Hector Mackenzie van Kaapstad, later dr. C.L. Herman van Rondebosch, maj, Gideon Brand van Zyl van Kaapstad en (die latere sir) Jacobus Graaff.[51]

Middel 1914, nadat Graaff vir Botha oortuig het om hom uitgebreide verlof toe te staan, vertrek hy en sy jong gesin aan boord van die Armadale Castle na die buiteland om die bes moontlike mediese advies in Europa te kry. Sy dokters het op die seereis aangedring, asook dat hy voorste spesialiste in Europa raadpleeg, anders gaan sy gesondheid ingee.[52] Saam op die skeepvaart gaan 'n Engelse kinderoppasster, me Hannah Baxter, sowel as 'n koei om melk vir die sewe-maande-oue De Villiers te verskaf.[53]

In Londen raai spesialiste vir Graaff aan om die baaie by spa's in Baden-Baden en Carlsbad te gebruik. By Baden-Baden raak Graaff bekommerd oor troepebewegings in die omgewing en hy verstaan Duits goed genoeg om van toenemende spanning bewus te raak. Teen daardie tyd begin oorlogswolke saampak na die sluipmoord op die Oostenryks-Hongaarse troonopvolger, aartshertog Franz Ferdinand, op 28 June 1914. Een oggend, nadat hy soldate heelnag hoor marsjeer het, vind Graaff onder sy deur 'n brief van 'n Duitse vriend wat hom aanraai om dadelik te vertrek, aangesien oorlog onvermydelik is. Die gesin haal die laaste stoomboot op die Ryn.

Hoewel hy ongerus oor 'n moontlike konflik-situasie voel, ontvang Graaff na sy aankoms in Londen aanvanklik in amptelike kringe in Londen gerusstellende versekerings. In 'n voorligtingsessie verklaar die Britse minister van buitelandse sake, sir Edward Grey, dat Brittanje die gebiedsonskendbaarheid van België sal waarborg en is hy vol vertroue dat oorlog vermy kan word.[54]

---

[47] *Die Burger*, Eiendomsbylae, 11 November 2008, p. 3.
[48] Bouplanne in besit van sir David Graaff, derde baronet.
[49] Sir De Villiers Graaff skryf uitvoerig hieroor in *Div Looks Back.*
[50] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 16 November 1914.
[51] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Inligting oor direksievergaderings van Milnerton Estates uit notuleboeke van die maatskappy verkry.
[52] *The African World,* 21 November 1914.
[53] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 15.
[54] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 16.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Dit stem nie ooreen met Graaff se waarnemings nie. Kort daarna, op 2 Augustus 1914, stap hy in Whitehall af en loop Winston Churchill raak, wat hy voorheen by die Rykskonferensie ontmoet het. Toe hy Churchill se mening vra, is die Britse politikus adamant: oorlog binne enkele dae. Dit versterk Graaff se ongerustheid en hy stuur onmiddellik 'n dringende kabelgram aan genl. Botha om hom te waarsku. Dit was 'n persoonlike boodskap, bloot onderteken deur "Davie", en dit lê 'n rukkie in Pretoria voordat dit onder genl. Smuts se aandag kom en hy dit na genl. Botha aanstuur. Die Suid-Afrikaanse premier en mev. Botha was in daardie stadium op besoek aan Rhodesië (Zimbabwe). Hulle sou per trein vertrek na Beira, waar hulle die volgende dag, 3 Augustus, aan boord van 'n Duitse skip op die Indiese Oseaan sou vaar.

Botha speel blykbaar brug in sy treinwa toe die telegram by hom aankom. Hy sit sy kaarte neer, maak die telegram oop en lees dit; tel sy kaarte op, sit dit weer neer en lees die telegram 'n tweede keer. Daarop kondig hy aan dat die reis na Beira afgestel word en dat die spoorwegowerhede versoek word om hom so spoedig moontlik na Pretoria terug te bring.[55]

Twee dae daarna steek Duitse troepe die Belgiese grens oor en begin 'n aanval op Luik (Liège). Die slag word die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog, wat die bloedigste konflik tot in daardie stadium in menseheugenis sou wees.

Botha se noue ontkoming is regstreeks aan Graaff se kabelgram te danke. As hy wel op die Duitse skip beland het, sou hy waarskynlik in die destydse Duits-Oos-Afrika (vandag Tanzanië) beland het, aangesien die skip na Dar-es-Salaam teruggekeer het.

Die Londense *Times* verwys na die voorval en besluit dat, as Graaff nie byna per ongeluk sy nie-amptelike kabelgram gestuur het nie, Botha sou verdwyn het of, indien hy wel Duitsland bereik het, in die vyand se land geïnterneer sou gewees het. Dis nodeloos om by te voeg dat so 'n insident ernstige politieke gevolge sou gehad het.[56]

Die Britse goewerneur-generaal, lord Buxton, kom in sy biografie oor Botha tot 'n soortgelyke gevolgtrekking:

> "A sinister meaning would undoubtedly have been attributed to the incident, and in any case General Botha's absence from the Union at that moment might very easily have altered the course of events in South Africa after war broke out."[57]

Die Britse oorlogsverklaring teen Duitsland het ook implikasies vir Suid-Afrika as buurland van Duits-Suidwes-Afrika (Namibië). Die Britse regering vra Botha om die Duitse kolonie binne te val en Walvisbaai, Lüderitzbucht en die radiosender in Windhoek in besit te neem.[58]

Die kabinet, onder druk van Brittanje dat ander magte gestuur kan word as Suid-Afrika nie instem nie, willig op 10 Augustus in. Vooraf is daar egter groot meningsverskil binne die Botha-kabinet. Een van die ministers wat sterk teen die ekspedisie gekant is, is Graaff se broer Kobie. Sen. Jacobus Graaff staan nie alleen nie; die Britse versoek word ook aanvanklik deur F.S. Malan, H.C. van Heerden en H.S. Theron teengestaan. Malan se vertwyfeling verkrummel nadat hy Botha besoek het. Hy, Theron en Van Heerden gee oplaas hul toestemming op voorwaarde dat die ekspedisie 'n gesamentlike onderneming van Suid-Afrika en Brittanje moet wees, die Parlement dit eers moet goedkeur en dit met vrywilligers onderneem sal word. Sen. Graaff bly tot die einde teen die inval gekant en sou saam met Malan bedank het indien Malan onversetlik gebly het.[59]

Botha en Smuts, wat dadelik aan die Britse versoek wou voldoen, kry hul sin in 'n buitengewone parlementsitting wat van 9-14 September 1914 belê word. 'n Faktor in hul

---

[55] *The Cape Argus*, 14 April 1931.
[56] *The Times*, 1 September 1919.
[57] S. C. Buxton, *General Botha*, p. 335.
[58] H. Giliomee en B.Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 237.
[59] Geyser en A.H. Marais (red), *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie*, pp. 204-207.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

besluitneming – een waarvan Graaff as sakeman sekerlik deeglik bewus was – was die dominante posisie van Brittanje in die wêreldhandel in daardie stadium. Teen 1914 beheer Brittanje omtrent die helfte van globale investering in internasionale sakebedrywighede.[60] Ondanks heftige teenstand word die regering se oorlogsplanne met 92 stemme teen 12 goedgekeur.[61]

Die pos van Suid-Afrika se gesant in Londen was in daardie stadium vakant aangesien die hoë kommissaris, sir Richard Solomon, op 10 November 1913 oorlede is.[62] In een stadium tydens die kabinetskrisis oor Hertzog was daar 'n voorstel dat Botha self die pos van hoë kommissaris moet oorneem – 'n voorstel wat hy verontwaardig verwerp het. Hy bied dit aan Merriman na Solomon se dood, maar Merriman wys dit hoflik van die hand met die verduideliking dat hy te oud is om sy woning te verlaat.[63] Toe Botha uit Suid-Afrika-Huis meegedeel word dat Graaff hom in Londen bevind, vra hy hom om die vakante pos te vul, aangesien hy dit nodig vind dat iemand met kabinetsrang so 'n strategiese posisie beklee.[64] Graaff willig in - sonder betaling.[65] Graaff, wat op 17 Augustus aan koning George V voorgestel word[66], ervaar die eerste Zeppelin-aanval op Londen vanuit sy ampswoning. Hy stuur sy seun De Villiers met die kinderoppasster na Dunton Green, naby Brighton. Toe lady Eileen skarlakenkoors opdoen en in kwarantyn buite Londen moet gaan bly, bly Graaff in die hoofstad aan.

Hy neem die bestuur van die hoë kommissariaat oor en onderhandel met die Britse regering 'n lening van £7 000 000 om die Suid- Afrikaanse oorlogspoging te steun.[67] Weens die oorlog is daar ook vir die skeepsrederye groter koste en verantwoordelikhede na en van Suid-Afrika. Graaff slaag daarin om die owerhede te oorreed om geen bobelastings op die bedywiger skeepsvervoer te hef nie.[68]

Hy doen ook aan die hand dat die Suid-Afrikaanse regering 'n skenking aan die Britse regering doen, aangesien die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris die enigste in Londen is wat dit nog nie gedoen het nie: "… we should not appear to be slow to follow the example of the other Dominions in offering something more tangible than sympathy." Harcourt, die Britse minister van kolonies, het te kenne gegee dat, hoewel hy nie eintlik daarvoor wil vra nie, 'n skenking van mielies of vleis uit Suid-Afrika hoog gewaardeer sou word. Toe Graaff aandui dat dit moeilik is om voedsel te stuur, verseker Harcourt hom dat 'n voorraad tabak vir die troepe en die vloot besonder hoog gewaardeer sal word. Graaff stel dit gevolglik voor in 'n brief aan Smuts, waarin hy ook oor die Suidwes-krygstog verklaar dat hy geen twyfel het dat dit die moeite werd is om die gebied te verower nie.[69]

Tuis is daar ander probleme. Die onmiddellike gevolg van die Botha-regering se besluit om Duits-Suidwes-Afrika binne te val is 'n gewapende opstand: die Rebellie van 1914.

Heldefigure soos generaals Christiaan de Wet en Koos de la Rey sowel as hooggeplaaste leëroffisiere is onder die mense wat nie die inval steun nie. Hiernaas is daar ander beweegredes vir die Rebellie, veral die hoop op die terugwinning van die republikeinse onafhanklikheid en

---

[60] *The Economist,* 13 November 2010, p. 11: "Presently Chinese firms own just 6% of global investment in international business. Historically top dogs have had a far bigger share than that. Both Britain and America peaked with a share of about 50% in 1914 and 1967 respectively."
[61] C.F.J. Muller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p. 352.
[62] *New York Times*, 11 November 1913. Solomon was die Transvaalse agent-generaal wat die Cullinan-diamant namens die Transvaalse regering aan koning Eduard VII geskenk het.
[63] P. Lewsen, *John X. Merriman: Paradoxical South African Statesman,* p. 355.
[64] *The African World*, 21 Desember 1914.
[65] *Morning Post, Daily Mail,* 13 September 1914.
[66] *The Times*, Court Circular, 18 Augustus 1914.
[67] *South Africa*, 21 November 1914.
[68] *The African World,* 21 November 1914.
[69] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1,Vol. 196/63. Graaff-Smuts, 4 September 1914.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

gegriefdheid oor die regering se besluit om burgers vir militêre diens op te kommandeer. Botha kondig ook krygswet af om die opstand te onderdruk.

Voordat De la Rey, die Leeu van Wes-Transvaal, 'n aktiewe rol in die protesbeweging kon speel, word hy doodgeskiet by 'n padblokkade wat in Langlaagte vir die berugte Foster-bende van Johannesburg opgestel is. Saam met hom in sy motor was kommandant-generaal C.F. Beyers, wat dieselfde dag sy bedanking uit die weermag ingedien het.

Botha, wat 'n rasse-oorlog wou vermy en slegs Afrikaanssprekende soldate gebruik het, trek met 'n groot oormag op teen die opstandelinge. De Wet word by Winburg verslaan en Beyers, wat later in die Vaalrivier verdrink het, by Bultfontein. In die omgewing van Pretoria veg Jopie Fourie, wat nie uit die weermag bedank het nie, voort, maar toe hy op 16 Desember 1914 die wapen neerlê, word hy voor 'n krygshof gedaag omdat hy op regeringsoldate geskiet het wat die wit vlag gehys het. Hy word 'n paar dae daarna tereggestel nadat Smuts geweier het om hom te begenadig. Majoor J.C.G. Kemp het uiteindelik op 2 Februarie 1915 in die noordweste van Kaapland oorgegee met sy mag sowel as dié van die eerste rebel, lt.-kol. Manie Maritz, wat verraderlik na die Duitsers oorgeloop het. Die Rebellie, waaraan ongeveer 12 000 rebelle deelgeneem het, was verby.

Onmiddellik nadat Botha die opstand in sy land onderdruk het, bring hy 'n mag van 43 000 man op die been om die Duitse kolonie van Suidwes-Afrika, wat uiters 9 000 man byeen kon bring, aan te val. Hy neem self die opperbevel en land middel Februarie 1915 in Walvisbaai.[70]

Teen die einde van die jaar word die dramatiese gebeurde in Suid-Afrika deur die nuwe goewerneur-generaal, lord Buxton, in 'n brief aan Geoffrey Dawson, redakteur van *The Times*, opgesom:

> "… since I have been here South Aftica has fully lived up to its reputation. Its politics are like its climate – stormy and thundery, hail and lightening suddenly from a blue sky. An Empire war; a special war in German South West territory; Treachery; Rebellion; Martial Law, including passes and a mild curfew; the Capital surrounded with troops; Government House defended by the Defence Force with Maxims; our liberty of movement restricted within certain limits for fear of capture! All these things additional to the ordinary interests, problems and policies."[71]

In Londen help Graaff intussen 'n aantal mense om betyds uit die oorlogstoneel in Europa weg te kom. Een van hulle is sir James Sivewright, en sy geval verg al Graaff se takt en diplomasie.[72] 'n Ander is sy ou vriend dr. Lawrence Herman.[73] Graaff se verbintenis met Herman dateer vermoedelik terug tot die Jameson-inval, toe Herman waarskynlik deur Graaff gehelp is om uit Kaapstad te ontsnap. As jarelange vriend en adviseur van Graaff was Herman onder meer 'n direkteur van Milnerton Estates, die eiendomsmaatskappy waaroor die Graaffs die beheer oorgeneem het. Herman, stigter van die eerste Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (in Kaapstad in 1883), praktiseer tot ongeveer 1900 in Kaapstad as geneesheer. Daarna wy hy hom toe aan openbare gesondheid en mediese opleiding, veral aan die Universiteit van Kaapstad. Hy was een van die dryfkragte agter die eerste Suid-Afrikaanse mediese kongres, en hy was ook 'n voorste Vrymesselaar.[74] Op Graaff se begrafnis was hy een van die slippedraers.

---

[70] T.R.H. Davenport, *South Africa, A Modern History,* pp. 185-186; C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* pp. 352-354; H. Giliomee en B. Mbenga, *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* pp. 238-240.
[71] Bodleian Library, Oxford Universiteit. Dawson Papers, boks 64, no. 87-93. Brief van Buxton aan Lawson aangehaal in K. Fedorowich, "Sleeping with the Lion?", in *South African Historical Journal* 49 (Nov. 2003), p. 71.
[72] *The African World,* 21 November 1914.
[73] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 16.
[74] E. H. Burrows, *History of Medicine in South Africa*, pp. 350-352. Herman (1857-1940), die seun van 'n besoekende medikus aan die New Somerset Hospital, het volgens Burrows die verwydering van sielsieke-pasiënte van Robbeneiland sowel as die verskuiwing van melaatses na Pretoria bewerkstellig. Hy was ook die meester van die Vrymesselaar-losie De Goede Hoop.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff was weens die oorlog en die Rebellie angstig om na Suid-Afrika terug te keer. Op sy aanbeveling nooi Botha vir W.P. Schreiner, 'n voormalige premier van die Kaapkolonie, om hom as hoë kommissaris op te volg.[75] Will Schreiner, broer van die skrywer Olive Schreiner, was getroud met Frances (Fan) Reitz, suster van oudpres. F.W. Reitz van die Oranje-Vrystaat, wat van 1911-1918 President van die Senaat was. Schreiner, wat 'n ruk tevore op 'n private besoek aan Engeland aangekom het, bring 'n paar dae saam met Graaff in Londen deur voordat hy hom op 11 November na sy termyn van drie maande as hoë kommissaris vervang.[76] Die hoë kommissarisse van Australië, Nieu-Seeland en Kanada hou 'n week daarna 'n afskeidsdinee in die Ritz Hotel vir Graaff en sy eggenote.[77]

Graaff en sy gesin keer aan boord van die Llandovery Castle terug na Suid-Afrika. In 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van Reuter verwys Graaff by sy vertrek na die imperiale regering se simpatieke houding jeens die Unie-regering:

> "I can only say how much I value the brief opportunity I have had of seeing the inner workings of the Imperial machine at such a period as the present, and of being able to convey to the people of South Africa an assurance of the loyal and whole-hearted sympathy of the Imperial Government and of the British people at home in the stupendous task to which General Botha has set his hand, and which, please God, will soon be successfully finished."[78]

Kort nadat die Llandovery Castle uit Southampton weggevaar het, gaan die skip in digte mis voor anker. Die gesagvoerder roep die passasiers byeen en deel hulle mee dat hy wapentuig vervoer, dat hy nie kan aanvoer dat hy in bevel van 'n burgerlike vaartuig is nie en dat duikbote hulle kan aanval. Hy bied aan dat hy Lissabon sal aandoen, waar passasiers wat ongelukkig oor die situasie is aan wal kan gaan. Die passasiers vermoed dat Graaff iets met die affêre te doen het en die meeste weier om met hom of lady Graaff te praat. Hul vermoedens was inderdaad gegrond, want Graaff het vir sy eie rekening twee vliegtuie in Amerika aangekoop wat hy na Kaapstad wou vervoer in die hoop dat hulle in die beplande krygstog in Suidwes-Afrika aangewend kon word.

Halfpad na Kaapstad verskyn 'n oorlogskip wat 'n skoot oor die boeg van die Llandovery Castle vuur en 'n boot na die passasierskip oorstuur. Die passasiers moes by die reddingsbote aantree voordat besef word dat dit 'n Britse oorlogskip is. Die doel van die operasie was om Graaff te kom haal en vinniger na Kaapstad te vaar sodat hy daar kon aankom voordat Botha na Suidwes-Afrika vertrek.

Lady Eileen, wat in trane uitbars toe sy besef dis 'n Britse oorlogskip, bly op die posboot agter met haar seun De Villiers, die kinderoppasster - en die koei. Die houding van die ander passasiers verander daarna merkbaar. Toe die skip Tafelbaai bereik, kom Graaff aan boord en neem sy vrou op die loodssleepboot om Botha te groet, wat 'n paar uur daarna van die ou pier aan die onderent van Adderleystraat vertrek om self die bevel van Suid-Afrikaanse troepe oor die grens oor te neem.[79]

Uit Londen wil Harcourt van die nuwe goewerneur-generaal, lord Buxton, weet wat Graaff se houding nou is (nadat Buxton in 'n vorige brief twyfel oor een van die Graaffs se lojaliteit teenoor Botha en die Kroon uitgespreek het):

> "Please let me know whether Sir David Graaff is loyally and actively supporting Botha on his return to South Africa and also let me know what sort of account Graaff gives of dealing with us here. I get on very well with Schreiner, but I knew him in the old days and he is, of

---

[75] Eric A. Walker, *W.P. Schreiner: A South African*, pp. 363-364.
[76] *Westminster Gazette* en *Daily Call*, 12 November 1914
[77] *The Daily Telegraph, The Times* en *Morning Post*, 21 November 1914.
[78] *The Times*, 23 November 1914.
[79] De V. Graaff, *Div Looks Back*, pp. 16-17.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

course, a very different type from Graaff. But I find Schreiner always apt to take a depressing view of affairs, whether South African or elsewhere."[80]

Buxton antwoord Harcourt, wat hy op sy bynaam, "Loulou", aanspreek, dat Botha die aand tevore met groot warmte gepraat het van Graaff, wat baie nuttig in die Volksraad sal wees:

"…the Graaff referred to was Senator Graaff, Minister without portfolio, and brother of Sir David, who was put into the Cabinet when Sir David resigned. Botha dislikes him extremely and doesn't trust him, nor does anyone else. He is very different to his brother."[81]

Sir David Graaff wou na sy terugkeer uit Londen as kwartiermeester by die weermag aansluit, maar kry opdrag van Botha om in Suid-Afrika agter te bly en in sy afwesigheid na kabinetspligte om te sien.[82] Sy lojaliteit aan Botha sou hom binne 'n kort tyd nuwe verpligtinge besorg. Ondanks sy gesondheidheidsprobleme en die verantwoordelikhede van 'n jong gesin sou hy weinig ruskans in die oorlogsjare kry.

Die Suid-Afrikaanse inval in Suidwes-Afrika en die Rebellie laat letsels in die politiek wat vorentoe hul uitwerking sou laat voel, hoewel die regering die opstandelinge oor die algemeen tegemoetkomend behandel het. Slegs 281 van die ongeveer 12 000 rebelle word voor die hof gedaag en tronkstraf tot 'n maksimum van sewe jaar of boetes tot 'n maksimum van £2000 opgelê. Die bitterste gevoelens spruit uit die teregstelling van Jopie Fourie ondanks pleidooie tot die laaste oomblikke. Jopie Fourie verkry martelaarstatus en die verwyt agtervolg Smuts dat gras oor die graf groei, maar nie oor die skavot nie. Agterna erken Smuts dat dit die grootste politieke fout van sy loopbaan was.[83] Die vernaamste gevolg van die Rebellie is dat Botha en Smuts deur 'n deel van die Afrikaners beskou word as handlangers van Britse imperialisme en verraaiers van die Afrikaner.[84]

Gevoelens het verhard, veral onder Afrikaners wat weens die Anglo-Boere-oorlog staal in hul harte gekry met die voorneme om nooit weer onder vreemde oorheersing te staan nie. Die polarisasie strek egter ook na die ander kant. Buxton som die situasie in 'n brief aan Harcourt op waarin hy onder meer na Siener van Rensburg verwys:

"No human being can tell you (not even Van Rensburg the Prophet) what the immediate future will be in this extraordinary and fascinating country.
I marvel more and more when I hear the 'loyal' English in this country (even some of the best) talk about the 'Dutch' – and still more when I hear repeated what they say, but do not say to me – why there is a single loyal Dutchman in the country. I hope sincerely that the racial situation will improve – they have had a serious setback lately."[85]

In die krisis-situasie waarin Botha hom bevind, wend die eerste minister hom tot Graaff om sy kabinet te kom versterk. In daardie stadium behartig Smuts finansies sowel as verdediging, nadat H.C. Hull reeds in 1912 as finansminister bedank het. Buxton skryf aan Botha oor Smuts se twee portefeuljes, en hy en John X. Merriman noem teenoor Botha drie persone wat die portefeulje van finansies kan oorneem.[86] Daarop reageer Botha dat Graaff die beste kandidaat is, maar hy wys op die gesondheidsprobleme:

---

[80] Bodleian Library, Oxford Universiteit. MS Harcourt 473, fols 155-7, Harcourt-Buxton, 11 Desember 1914.
[81] Bodleian Library, Oxford Universiteit. MS Harcourt 473, fols 188-9, Buxton-Harcourt, 5 Januarie 1915.
[82] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 17.
[83] D.W. Krüger, *The Making of a Nation,* pp. 93-95.
[84] C.F.J. Muller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p. 354.
[85] Bodleian Library, Oxford Universiteit. MS Harcourt 473, fols 200-1,.Buxton-Harcourt, 13 Januarie 1915.
[86] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1 197/49. Buxton-Botha, 27 Januarie 1915. Buxton noem Graaff, Currie en Hull. Hy vermeld dat Botha persoonlike besware teen Hull het.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "Wat de drie persoonen betref door hem en vriend Merriman genoemd moet ik zeg met Graaff kan ik mij vereenigen, maar tusschen ons, ik heb hem bezocht en hij was er ziekerig, de dag te vooren viel hij eenklaps neder in een floute, dus van hem alhoewel altijd klaar om te helpen mag wij niet te veel vorderen, hij zeide mij als Smuts van de eene kant D.Z.W. intrek en ik de andere dan zal hij de Thesariers werk op hem neem na Parlements zitting, want voeg hij er bij de onderneming is een groote en wij behoort spoedig de land te overwonnen en al ons beste krachte moet er heen."[87]

Ander openbare figure gaan voort om Graaff te probeer oorreed. Buxton beskryf vroeg in Februarie 1915 in 'n brief aan Smuts sy pogings met Graaff:

> "Graaff came to see me to-day at my request - & we had a long talk. Finally he said that, in the circumstances, & if the others suggested are all for different reasons out of the question, that he would be prepared to take the office of Finance Minister. He would do this, tho' much against the grain, as a token of his loyalty to Botha & the Gov. It must be understood that he was only prepared to undertake the duties provisionally, & must be at liberty to relinquish them (in due notice) when the pressure & war were over.
> But before finally deciding, he wished to have a talk with you here, & hoped that you would be coming down at an early date."

Buxton skryf dieselfde dag aan Graaff: "It is very public spirited of you to consider the question in the light you have."[88] Smuts skryf uit Pretoria aan Graaff :

> "My dear David, I know from Genl Botha, Lord Buxton and Smartt that they have discussed the question of Treasurer with you, and from all I have heard the same information, viz that you are not anxious to have the post and will if necessary only take it in a spirit of loyalty and helpfulness to Genl Botha and his government.This loyal spirit on your part I appreciate more than I can tell you. I made it plain some time ago to Genl Botha that the strain on me of the dual position was very heavy and for many reasons it would be desirable to make a change. After discussions you appeared to be the best man to control our finances but we were doubtful about your health. General Botha wrote to me from Cape Town that you were willing to help if necessary after seeing me, but he had grave misgivings about your ability to stand the strain at present. Now however anxious I am to shove the burden off my shoulders, I shall not be so selfish as to endanger your health and life in the process. The financial work next session will be the most difficult from the purely physical point of view… What I therefore propose is this. As soon as I come to Cape Town you and I will have a talk and unless I am confident that you could stand the strain of the work, I shall struggle on as Treasurer to the end of the session and then hand over to you. If your health will be likely to stand the strain the case will be different… Unfortunately the state of our Cape commandos along the Orange will make it necessary for me to go there and I can only be in Cape Town on Monday 22 Febr when I shall see you."[89]

Graaff word klaarblyklik oortuig om die pos te aanvaar, want op 24 Februarie 1915 word die plaasseun van Villiersdorp die regering se finansminister.

Toe hy die aanstelling aanvaar, word die twee Graaffs, David en sy broer Jacobus, die enigste twee broers wat tot op hede saam in 'n Suid-Afrikaanse kabinet gedien het. Sir Jacobus, wat in 1917 tot ridder geslaan word[90] en onder Engelssprekendes as Sir Jimmy bekend staan, beklee die pos van minister sonder portefeulje tot 1920, waarna hy tot 1921 as minister van pos- en telegraafwese en openbare werke in die Smuts-kabinet dien. Hy bly tot sy dood in 1927 'n lid van die Senaat.

Botha verwys na Graaff se gesondheid in 'n brief aan Smuts:

---

[87] K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. III, p. 232. Botha-Smuts, 1 Februarie 1915.
[88] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 17. Ook Graaff-versameling, De Grendel. Briewe in Graaff-familie se besit.
[89] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 12 Februarie 1915 in Graaff-familie se besit.
[90] Sir Jacobus Graaff, K.C.M.G. – Knight Commander of the Order of St. Michael and St. George.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "Mijn gedachte is gedurig bij jou met al jou drie dubbele moeilijkheid, want ik weet de nieuwe lid zal jou meer moeite geven, zijn gezondheid is erg swak, en ik vrees zijn senewiachtigheid zal hem niet veel vertrouwen geven…"[91]

Beswaar teen Graaff se aanstelling word aangeteken deur 'n man van Pietermaritzburg, S.E. Barbour, wat aan die Goewerneur-generaal skryf dat Graaff geldelike voordeel uit die vleiskontrakte tydens die Anglo-Boere-oorlog en die verwisseling van eienaarskap van die Union-Castle Line getrek het. Buxton teken aan dat hy geen notisie van die bewerings neem nie en bloot ontvangs van Barbour se brief sal erken.[92] Hy laat weet Londen dat Graaff se aanstelling 'n bevredigende oplossing is in die lig van die druk op Smuts en dat dit die Suid-Afrikaanse regering sal versterk. Smuts sal egter die volgende begroting indien.[93]

Ook die Londense *Times* verklaar dat Graaff se aanstelling as finansminister die kabinet sal versterk "where it is most exposed and vulnerable". Die blad wys daarop dat die kombinasie van die militêre en finansiële portefeuljes heeltemal onverdedigbaar is. Die meerderheid in die Parlement was egter nie geneë om die teoretiese beswaar sterk te opper nadat Hull bedank het nie, omdat die oorlog en die Rebellie alles verander het. Noudat Verdediging 'n groot bestedingsdepartement geword het, is skeiding noodsaaklik. Graaff se aanstelling is des te meer verdienstelik omdat dit bekend is dat hy om gesondheidsredes ongeneë was om die kabinetspos te aanvaar, aldus die invloedryke Britse koerant.[94]

Die Britse minister van kolonies is ook positief. Op 17 Maart skryf Harcourt uit Londen aan Buxton: "I am glad that you have got Sir David Graaff in that post as it is obviously the best solution of the difficulty for the time being."[95] Smuts, gretig om die bevel van die weermag in die suide van die Suidwes-krygstog oor te neem, skryf aan H.C. Hull: "Old Davie is now treasurer, but threatens to go as soon as the war is over. I am glad to be free of that burden…"[96]

Die groter verantwoordelikhede bring mee dat Graaff voortdurend besoeke aan Pretoria moet bring, wat 'n treinreis van twee dae en twee nagte behels, en hy is lang tye weg van die huis.

In die kort Parlementsitting voor die verkiesing beantwoord Graaff parlementêre vrae en dien hy die belastingvoorstelle in.[97] Aan die einde van die sitting, wat tot 21 April duur, ontstaan verdeeldheid in die Kabinet oor watter stad die setel van die Regering moet wees. Uiteindelik word besluit dat dit Kaapstad moet wees solank soos die Suidwes-veldtog duur. Buxton laat weet Harcourt uit Kaapstad dat hy hieroor geheel en al met ministers Graaff en Burton saamstem, aangesien versterkings en vervoermiddele uit Kaapstad gestuur word, terwyl Pretoria 'n duisend myl weg is: "The Executive meetings over which I preside will therefore be held week by week here, and there will be a quorum of Ministers staying here."[98]

Graaff bly deurentyd in verbinding met Botha, wat die krygstog in Suidwes-Afrika lei. Opbeurend skryf hy dat Botha bly behoort te wees dat Smuts na die front vertrek het, verlos van sy kantoorpligte, en nou te velde tot Botha se beskikking is. Hy raai Botha aan om

---

[91] K. Hancock en J van der Poel: *Selections from the Smuts Papers,* Vol. III, p. 239. Botha-Smuts, 27 Februarie 1915.
[92] NASA, Pretoria. Goewerneur-generaal se argief. SAB GG Vol. 137, 3/1766-1818. Barbour-Buxton, 3 Maart 1915.
[93] NASA, Pretoria. Goewerneur-generaal se argief. SAB GG Vol. 1103, 23/372. Buxton-Secretary of State, 24 Februarie 1915.
[94] *The Times*, 24 Februarie 1915.
[95] Bodleian Library, Oxford Universiteit. MS Harcourt 473, fols 29-36, Harcourt-Buxton, 17 Maart 1915.
[96] K. Hancock and J. van der Poel: *Selections from the Smuts Papers,* Vol. III, p. 262. Smuts-Hull, 25 Maart 1915.
[97] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 26 Februarie tot 21 April 1915.
[98] Bodleian Library, Oxford Universiteit. MS Harcourt 473, Buxton-Harcourt, 26 April 1915.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

sommige van die troepe wat ontslaan wil word, die keuse te gee om in die gebied aan te bly en hulle daar te vestig.[99]

In een van sy briewe vermeld Graaff dat sir Thomas Price hom kom spreek het oor "'n klein irritasie" onder die Engelse seksie omdat Boere-bevelvoerders al die groot werk in die Suidwes-veldtog doen:

> "He felt sure that your purpose in arranging for this was to remove the stain upon the honour of the Dutch-speaking people cast upon it by the rebel movement in this country. He felt sure that right-minded English men viewed the matter from that standpoint and that if you or your people would say something to that effect it would be generally accepted and approved by all."[100]

Graaff maan Botha ook dat dit beter sal wees om die komende algemene verkiesing te hou eers nadat die Suidwes-veldtog afgehandel is, aangesien hulle aan die kiesers sal moet verduidelik dat die uitgawes voortduur en dat hulle geen idee het wanneer die oorlog verby sal wees nie. Hy vermeld dat sy broer Kobie, ook lid van die kabinet, met hom saamstem.[101]

In nog 'n brief deel hy Botha mee dat hy ingelig is dat die Duitse generaal in Suidwes-Afrika aan morfien verslaaf is en dat 'n groot aantal van sy soldate sterk daarteen gekant is om te veg. Wat die geldsake tuis betref, gaan dit goed met die Tesourie, wat tesouriewissels suksesvol uitgereik het. Dit is goedkoper om geld op hierdie wyse te bekom as om na die ope mark in Engeland te gaan. Voorts verwittig hy Botha dat hy 'n klompie puik jong bulle het en dat dit hom groot genoeë sal doen om twee bulle vir hom uit te hou. Hy vertel ook dat sy eersgeborene (die 18-maande-oue De Villiers) so vet soos 'n vet Zoeloe-seuntjie is.[102]

Toe Botha Windhoek, wat nie verdedig is nie, op 13 Mei 1915 binnegaan, was die hele gebied ten suide van die hoofstad in besit van genl. Smuts se magte. Die Duitse magte onder die Duitse goewerneur, dr. Theodor Seitz, gee op 9 Julie 1915 tussen Otavi en Tsumeb oor, en Botha plaas die land voorlopig onder militêre bestuur.[103]

Botha skenk na sy terugkeer in Suid-Afrika aan Graaff 'n Duitse wapenskild wat op die lokomotief was van 'n soldatetrein wat deur die Suid-Afrikaanse troepe tot oorgawe gedwing is. Graaff laat die wapenskild monteer en dit word daarna as 'n kaggelskerm voor 'n kaggel in De Grendel gebruik.[104]

Met die geboorte van die Graaffs se tweede seun, David, op 7 Julie 1915 skryf mev. Tibbie Steyn vanaf Onze Rust, oudpres. Steyn se plaas buite Bloemfontein, 'n brief om die egpaar geluk te wens. Sy pleit in die brief ook dat Graaff sy invloed gebruik om genl De Wet en ander gevange rebelle vry te laat, anders sal onrus voortduur:

> "We feel very thanktful that the G. W. campaign has ended and I pray that we may soon return to a normal state in South Africa. That will only come about after our men convicted are released. As long as Gen de Wet and his followers remain in prison I fear the unrest will continue. You have great influence and I am sure you can do much."[105]

Die verwysing na genl. De Wet is betekenisvol. Want selfs uit die gevangenis sit die vermaarde Boeregeneraal sy verset teen die Botha-regering voort. Hy beywer hom onder meer vir die stigting van die nuwe Kaapstadse dagblad *De Burger* (later *Die Burger*), wat as lyfblad van die Kaaplandse Nasionale Party formidabele steun teen die SAP en *Ons Land* sou monster. In

---

[99] NASA, Pretoria. Private sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 10/19, Graaff-Botha, 19 April 1915.
[100] NASA, Pretoria. Private sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 10/19, Graaff-Botha, 7 Mei 1915.
[101] NASA, Pretoria. Private sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 10/19, Graaff-Botha, 27 Mei 1915.
[102] NASA, Pretoria. Private sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 10/19, Graaff-Botha, 11 Junie 1915.
[103] C.F.J. Mulller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p. 352-356.
[104] Meegedeel deur sir David Graaff, derde baronet.
[105] Graaff-versameling, De Grendel. Brief gedateer 14 Julie 1915 in Graaff-familie se besit.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

opdrag van De Wet rig 'n klomp rebelle op 31 Mei 1915 "met alle Toegenegenheid en Hoogachting" 'n brief uit die gevangenis aan die te stigte dagblad se aangewese redakteur, dr. D.F. Malan, wat as predikant op Graaff-Reinet die preekstoel ontruim om die redakteurstoel in Kaapstad in te neem.[106]

Graaff was nie net om politieke redes gekant teen die nuwe dagblad nie, hy het ook geldelike belange gehad by bestaande publikasies, veral *Ons Land*, wat tydens die Rebellie as 'n volslae propagandablad van die SAP optree.

Graaff se koerantbelange strek 'n tyd terug. In 1909 notuleer Graaffs Trust dat David Graaff beloof het om op 'n £-vir-£ basis £200 by te dra om eksemplare van *Ons Land* na mense van Transvaal en die Oranjerivier-kolonie te stuur.[107] In 1911 keur Graaffs Trust se direksie in opdrag van Graaff 'n lening van £4 500 goed aan *Ons Land* se drukker, Van de Sandt de Villiers Drukpers Maatschappij Beperkt.[108] En op 6 Junie 1913 word 'n brief van sir David voorgelê waarin hy onderneem om J. W. Sauer se waarborg van £500 teen verliese van die *South African News* oor te neem. Daardeur word sy waarborg tot £1000 verhoog, wat tot 31 Desember 1913 sal geld.[109] In 'n later stadium is verklaar dat 13 000 van *Ons Land* se 24 000 aandele in Graaff en F.S. Malan se hande is.[110]

Graaff se vriend F.S. Malan, die oud-joernalis wat 'n senior lid van die Botha-kabinet was, voel die stigting van die opposisie-dagblad as 'n besondere bedreiging aan. Dit tref hom in 'n dubbele hoedanigheid: as voorsitter van die SAP in Kaapland en as leidende direkteur van die beheerraad van Van de Sandt de Villiers, wat *Ons Land* uitgee. 'n Nasionale koerant kon rigting gee aan die Afrikaner-opposisie in Kaapland en die SAP 'n ernstige knou gee in Kaapse plattelandse setels. Malan se eie setel, Malmesbury, asook sir David Graaff se Namakwalandse setel kon in die gedrang kom.[111]

Graaff en sy broer sen. Jacobus Graaff neem aktief deel aan die aanslag teen *De Burger* voordat die nuwe dagblad tot stand kom. Hulle slaag daarin om die Remington-maatskappy te oorreed om nie, soos tevore voorlopig ooreengekom, die koerant te druk nie. Willie Hofmeyr, voorsitter van die Nasionale Pers, skryf op 21 April 1915 aan dr. D.F. Malan: "Die groot moeilikheid wat ontstaan het, was dat Remington te kenne gegee het dat hulle van ons provisioneel aangegaane kontrak moes afsien. Ik verstaan dat dit te wyte is aan pressie wat deur die Graaffs uitgeoefen is op Remington deur Garlick wat 'n belang in die maatskappy het. Wat die geld tog kan doen!"[112]

'n Rolpers word egter tog vir *De Burger* verkry. Dit word aangekoop via Hortor & Co. Ltd., wat die groot en goed toegeruste koerantpers van die *Transvaal Leader* oorneem toe publikasie van dié sukkelende Johannesburgse koerant gestaak word. Die nuwe koerant se eerste uitgawe verskyn op 26 Julie 1915 onder redakteurskap van dr. D.F. Malan, wat tegelykertyd die leier van die Kaaplandse Nasionale Party is. Sy spotprent-tekenaar is D.C. Boonzaier, die karikaturis wat Graaff vroeër probeer ompraat het om vir hom te werk, maar wat voortaan 'n blywende doring in die vlees van Botha en Smuts sou wees.

'n Verdere ironie van die koerantestryd is dat, toe *De Burger* begin publiseer, die nuwe dagblad sy intrek neem juis in die gebou van die South African Newspaper Company in Keeromstraat –

---

[106] C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide,* p. 147 – Afdruk van die bladsy met die groep rebelle se handtekeninge.
[107] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 2 Julie 1909.
[108] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 12 Mei 1911. Rentekoers teen 5% vasgestel.
[109] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 6 Junie 1913.
[110] Adv. J.H.H. de Waal, aangehaal in *Ons Vaderland*, 4 Oktober 1918.
[111] C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide,* p. 119.
[112] C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide,* p. 125. John Garlick (1852-1931), die eienaar van 'n groot afdelingswinkel in Adderleystraat in Kaapstad, was van 1904 tot 1908 'n lid van die Kaapse Parlement.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

die kantoorgebou met 'n drukpers waarin Graaffs Trust in een stadium kantore gehad het, enkele jare voordat die *South African News* in 1914 ondergegaan het.[113]

Nog 'n uitvloeisel van die Rebellie is die Helpmekaar-beweging waarmee begin is om siviele eise teen rebelle en hul boetes te help betaal. Teen Augustus 1917 beloop die oorblywende rebelleskuld £104 000 in die Vrystaat en £6 000 in Transvaal. Die Helpmekaarfonds word 'n dramatiese landwye insamelingsveldtog na die aanbod van mnr. J. E. de Villiers van die Paarl, algemeen bekend as Oom Japie Helpmekaar, dat hy £500 sal skenk as 500 mense gevind kan word wat elk £100 sal skenk. Op Villiersdorp is Graaff se suster Hannie (mev. Maritz Botha) die voorsitter van die Helpmekaar se vroue-werkgeselskap, terwyl die "Kommissie en staf" van die De Villiers Graaff Instituut, die skool op die dorp wat na Graaff heet, en sy bevriende koerant *Ons Land* onderskeidelik £100 elk bydra. Uit sy kiesafdeling, Namakwaland, kom twee bydraes van £100 van die NG kerkraad. Teen November 1917 is daar reeds 1 376 honderdponders. Sover vasgestel kan word, lewer Graaff nie 'n bydrae tot die Helpmekaarfonds nie; sy naam verskyn in elk geval nie in die lys van honderdponders uit Kaapland nie.[114] Nadat die rebelleskuld afbetaal is, is die oorskot gebruik om die Helpmekaar-Studiefonds te stig, wat in Kaapland die sterkste uitgebou is om studielenings en beurse toe te ken.

Enkele maande voordat die algemene verkiesing van 1915 gehou word, ontvang Graaff as minister van finansies vertoë oor diamantregte in Suidwes-Afrika van niemand minder nie as Sammy Marks, die man wat hom vantevore so heftig gekritiseer het.

Marks, 'n senator sedert 1910, val in daardie stadium een na die ander kabinetslid lastig oor diamantregte; van die eerste minister, Botha, tot Smuts en F.S. Malan, die minister van mynwese en nywerheidswese. Die Suidwes-krygstog was nog nie eens verby nie toe hy Smuts einde Mei op Uniedag in die Uniegebou nader. Toe Botha twee maande daarna triomfantelik in Pretoria aankom, sit Marks langs Smuts by die feestelike noenmaal en voer 'n lang gesprek met hom oor Suidwes se diamantbedryf. Marks, onbeskaamd wanneer winste op die spel is, nader Smuts, wat sy hande vol het met regeringswerk, daarna nog 'n keer sonder welslae.[115]

Marks het moontlik met sy vroeëre krasse uitlatings oor Graaff gemeen hy sou nooit weer uit hierdie fonteintjie hoef te drink nie. Maar nou, soos hy in 'n brief aan sy vennoot Isaac Lewis opmerk, is die kwessie van die diamanthandel in die hande van Graaff as minister van finansies. Hy wend hom gevolglik tot Graaff om gunste en gawes te probeer bewimpel.

Wat Marks inderdaad probeer regkry, is die reg om die diamante te bemark wat die Unie-regering nou in Suidwes-Afrika beheer. Dit sou Lewis & Marks se diamantafdeling 'n voorste markaandeel in die internasionale diamanthandel besorg.

Saam met die brief wat hy aan Graaff rig, stuur Marks 'n afskrif van 'n brief aan F.S. Malan. Hy versoek Graaff reguit om voorkeurbehandeling:

> "…to favour me with your opinion as to whether or not you consider the time is ripe in the matter and if you think we are entitled to consideration in preference of other diamond dealers. Of course, there is no need to assure you that I fully understand any deal with the Government must be strictly business."[116]

Marks meld teenoor Lewis dat hy geen antwoord van Graaff ontvang het nie.[117] Sy pogings slaag ook nie elders nie.

---

[113] C.F.J. Muller, *Sonop in die Suide,* skryf uitvoerig oor die stigtingsjare van *De Burger*.
[114] J.D. Kestell, *Helpmekaar Gedenkboek*, pp. 171 en 241-249.
[115] R. Mendelsohn, *Sammy Marks: The Uncrowned King of the Transvaal,* p. 231.
[116] Sammy Marks Collection, UK, SM/B2/40, Marks-Graaff, 4 Augustus 1915.
[117] Sammy Marks Collection, UK, SM/B2/40, Marks-Lewis, 2 September 1915.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Intussen, midde-in die oorlogsituasie, word die verkiesingsveldtog vir die algemene verkiesing van Oktober 1915 voortgesit. Graaff voel nie optimisties oor die SAP se kanse nie. Behalwe dat die oorlog nie goed verloop nie, is daar vele ander probleme, terwyl die nagevolge van die Rebellie voortduur. Daar is groeiende steun vir Hertzog se Nasionaliste en Botha verkeer in 'n dilemma met die Unioniste, wie se posisie deur die opvlamming van Ryk-sentimente in oorlogstyd versterk is. Die Unioniste kon sommige SAP-setels in die NP se hande laat beland, terwyl die SAP in stedelike Unioniste-setels waarskynlik swakker sou vaar. Botha meen egter dat 'n openlike ooreenkoms met die Unioniste 'n nekslag vir die SAP sou wees.[118]

In Julie kla sir Alfred Hennessy, organiserende sekretaris van die Unionisteparty, by Graaff dat die SAP kandidate stel in kiesafdelings wat deur die Unioniste gehou word, soos Three Rivers en Grahamstad. Hy betreur dit en voeg by dat dit kan meebring dat die Unioniste ook in andersins veilige SAP-setels kandidate sal moet stel. Hy bepleit 'n algemene ooreenkoms om nie kandidate in mekaar se kiesafdelings te stel nie. Waar probleme opduik, kan elke geval na verdienste bespreek word.[119]

Aangesien Botha nog nie terug uit Suidwes-Afrika was nie, dra Graaff die voorstel oor aan Smuts. Vir Smuts is dit 'n moeilike probleem en hy probeer die fatale indruk vermy dat daar 'n ooreenkoms is. Die oplossing vir Smuts is dat die twee partye by die gewone gebruike in 'n verkiesing hou, maar die weggee van setels aan die Hertzogiete en Arbeiders voorkom, mekaar teen hulle ondersteun en hul ondersteuners reg laat stem.[120] Ook Henry Burton is gekant teen vinnige samewerking. Hy skryf in 'n brief aan Graaff "…this sort of business will knock the enthusiasm out of our own people…"[121] Toe gerugte van 'n vorm van samewerking tussen die SAP en Unioniste uitlek, stem dit baie kiesers agterdogtig en vergroot die swaai na die Nasionale Party.[122]

In Graaff se kiesafdeling, Namakwaland, kon nie eenstemmigheid onder aspirant-kandidate verkry word oor wie die SAP se kandidaat moet wees nie, gevolglik besluit Graaff om self weer te staan. Hy telegrafeer uit Springbok aan Botha dat hy 'n taai geveg teen die Nasionale kandidaat verwag.[123]

Op 'n uitgebreide verkiesingsreis word hy vergesel deur dr. Lawrence Herman, die geneesheer wat hy na die Jameson-inval uit Kaapstad help ontsnap en daarna uit die Europese krygstoneel help wegkom het. Hy wis nie dat Herman 'n groot hoeveelheid droppoeier (liquorice powder) met hom saamgeneem het waarmee hy ondersteuners vir 'n verskeidenheid van kwale gratis behandel nie.

Toe Graaff in Kaapstad terugkeer, voorspel hy dat Botha die verkiesing gaan verloor.[124] Hy het dit egter mis gehad. Botha behou die bewind, maar met 'n verkleinde meerderheid. Die SAP se seteltal daal van 1910 se 66 tot 54, die Unioniste skuif met 2 op tot 40, terwyl die pas gestigte NP 27 setels inpalm en die Arbeidersparty 4 behou. Graaff self behou sy setel met 'n stewige meerderheid. Hy trek 1 140 stemme teenoor sy Nasionale teenstander, A.H. Stander, se 708, terwyl 'n onafhanklike kandidaat, J. Studer, 226 stemme behaal.[125] Die groei van die Nasionale Party, wat 'n stemmetal van 75 623 teenoor die SAP se 94 285 behaal, is 'n vingerwysing dat moeilikheid vorentoe vir die SAP wag.

---

[118] O. Geyser en A.H. Marais (red), *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie,* p. 250.
[119] K. Hancock and J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. III, p. 297. Graaff-Smuts, 8 Junie 1915.
[120] K. Hancock and J. van der Poel. *Selections from the Smuts Papers,* Vol. III, p. 298. Smuts-Graaff, 14 Junie 1915.
[121] Graaff-versameling, De Grendel. Brief, gedateer 15 Jun ie 1915 uit Pretoria, in besit van die Graaff-familie.
[122] O. Geyser en A.H. Marais (red), *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie,* p. 251-252.
[123] NASA, Pretoria. Private sekretaris van Eerste Minister. SAB MEM 1/22, Graaff-Botha, 25 September 1915.
[124] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 18.
[125] B.M. Schoeman, *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976,* pp. 49 en 59.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff se seun De Villiers wonder later of sy vader se goeie vertoning te danke is aan harde werk oor die jare of die droppoeier wat dr. Herman uitgedeel het.[126]

In die afwesigheid van Botha en Smuts terwyl hulle aan die Suidwes-veldtog deelneem, dra Graaff 'n swaar werklas saam met F.S. Malan, wat van die eerste minister se take oorneem. Smuts vertrek ook kort na die verkiesing na die oorlogsfront in Oos-Afrika om die bevel van die imperiale mag oor te neem. Hy kon die Duitse mag onder die uitmuntende aanvoerder Lettow-Vorbeck in die destydse Tanganjika egter nie onderwerp nie en vertrek na 'n jaar na 'n oorlogskonferensie in Londen. Daar word hy lid van Lloyd George se Imperiale Oorlogskabinet en hy speel 'n merkwaardige rol in die Britse oorlogspoging. Sy sleutelrol in die organisasie en strategie van die oorlog is so bepalend dat hy volgens Lloyd George die vader van die Britse lugmag genoem kan word.[127]

Teen die einde van die jaar pleit Botha by Graaff om langer as finansminister aan te bly. Botha telegrafeer aan hom dat hy die saak met Smuts en F.S. Malan bespreek en tot die gevolgtrekking gekom het dat, as Graaff nou uittree, dit 'n "rampspoedige krisis" vir die Regering sal veroorsaak wat op 'n algemene verkiesing kan uitloop. Botha meen dat Graaff ten minste tot die volgende kort Parlementsitting moet aanbly.[128]

In die Parlementsitting wat op 19 November begin, reageer Graaff positief op 'n mosie van sir Edgar Walton dat 'n gekose komitee aangestel word oor die aanstelling van 'n trustee wat toesig oor vyandsonderdane se winste en bates moet hou. Graaff verklaar dat die Regering wetgewing hieroor wil indien, maar nie verder wil gaan nie as Brittanje, waar die owerhede hulle tot die hof kan wend indien hulle beheer oor vermeende oortreders se bates wil kry.[129] Op 'n ander vraag van Walton weier hy om 'n oorlogswinsbelasting soos in Brittanje in te stel.[130] Hy dien wel in die Volksraad 'n wetsontwerp oor handel met die vyand in.[131]

Graaff verstrek in 'n begrotingsdebat syfers oor die koste van oorlogvoering. Suid-Afrika, wat 40 000 soldate uit 'n blanke bevolking van net meer as 'n miljoen na die oorlogsfront gestuur het, het oor twee jaar £21 miljoen bestee. Hy sê voorts die voortbestaan van die land hang af van die welslae van die Britse weermag. Dit moet daarby duidelik wees dat Suid-Afrika se handel en nywerheid afhanklik is van die Britse vloot se beskerming, waarvoor die land min of niks betaal nie. Suid-Afrika het meer rede om hom in die oorlog in te meng as ander dominiums, aangesien die vyand aan die grense is; inderdaad, die vyand is binne die Unie self.[132]

Graaff dien 'n jaar lank in die sleutelpos van minister van finansies - tot 31 Januarie 1916, toe hy weens swak gesondheid uittree. Hy bly aan as Volksraadslid. Hy word as finansminister opgevolg deur Henry Burton, wat egter steeds minister van spoorweë en hawens bly. Botha verwys na Graaff toe hy in die Volksraad antwoord op 'n mosie van 'n NP-lid, C.T.M. Wilcocks, dat dit nie in landsbelang is dat die minister van finansies enige ander portefeulje beklee nie. Wilcocks haal gesaghebbendes aan dat die Tesourie die belangrikste van alle staatsdepartemente is en dat geen bykomende laste op die minister se skouers gelaai behoort te word nie. Botha reageer dat die huidige situasie net tydelik is, hoewel hy saamstem dat dit beter is om die portefeuljes apart te hou. Hy sê die Regering het 'n ruk tevore daarin geslaag om Graaff te kry om die werk van minister van finansies te doen. Ofskoon sy gesondheid swak

---

[126] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 18.
[127] C.F.J. Muller (red), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p. 356.
[128] SAB MEM, 1/22. Botha-Graaff, 1 November 1915.
[129] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 2 Desember 1915.
[130] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 8 Desember 1915.
[131] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 4 Desember 1915
[132] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 4 Desember 1915.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

was, het Graaff "groot patriotiese dienste" verrig, totdat sy gesondheid so agteruitgegaan het dat hy nie langer na Pretoria kon reis nie.[133]

Graaff handhaaf na sy uittrede uit die kabinet sy vertrouensverhouding met Botha, met wie hy die vorige klompie jare gereeld gekorrespondeer het wanneer hulle nie saam in Kaapstad of Pretoria was nie. Hy nooi Botha onder meer vir middagete in sy Kaapse klub, die City Club, waar hy in 1888 aangesluit het voordat hy ook lid van die Reform Club en later die National Liberal Club in Londen geword het. Toe hy op 21 Mei 1916 in die oorlogsatmosfeer van destyds met Botha as sy gas by die klub se eetsaal in Koningin Victoriastraat aankom, kry Botha 'n helde-ontvangs, geboekstaaf in die klub-geskiedenis:

> "… and many will remember that on his entering the dining-room all the members present spontaneously rose to their feet and accorded him an enthusiastic welcome, obviously in recognition of his loyal attitude to Great Britain during the Great War which was then in progress and to his part in it. The cheering lasted for several minutes and the General was perceptibly affected and bowed his acknowledgement".[134]

Graaff laat verander die herehuis op De Grendel verder in hierdie tyd, en hy laat ook 'n klein kerkie aanbou. 'n Voorste Kaapse argiteksfirma, Parker & Forsyth, stel die planne op. Die een vennoot, John Parker, was van 1913 vir twee termyne die burgemeester van Kaapstad. Die argitekte noem die klipkerkie met sy rietdak Tygerberg Church. In 1916 word ook verbouings aan Graaffs Trust se kantore in Kaapstad aangebring.[135]

In die Volksraadsitting van 1917 verstrek Graaff in 'n debat oor 'n wetsontwerp op die uitvoer van landbouprodukte insiggewende besonderhede oor Imperial Cold Storage. Hy doen dit toe hy hom teen optrede van sy eie regering uitspreek. Dit gaan oor 'n amendement wat die minister van landbou voorgestel het. Dit sou die aanvanklike wetswysiging, waarvolgens munisipaliteite nie 'n lisensie vir slagpale mag weier as die vleis vir uitvoer bestem is nie, ongedaan gemaak het.

Graaff betreur die amendement, aangesien dit 'n belangrike bedryf soos die uitvoer van vleis kan belemmer of skaad, juis terwyl die Parlement nywerhede probeer bevorder. Hy meen dat 'n groot mate van vooroordeel teenoor verkoelingstrusts of –korporasies bestaan. Hy het al in 1907 se verkiesing in Kaapstad verklaar dat hy in 1902 sy verbintenis met die verkoelingsbedryf verbreek het, en herhaal dat hy nie verantwoordelik is vir die optrede van enige sodanige maatskappy in Suid-Afrika nie. Hy is 'n "ongelukkige aandeelhouer" in ICS, die enigste verkoelingsmaatskappy waarin hy aandele besit. ICS is in die Volksraad as 'n trust of 'n monopolie voorgehou. Maar volgens inligting wat hy pas van die bestuurder verkry het, het die maatskappy altesame 2 090 aandeelhouers, waarvan een derde besit word deur vier groepe – De Beers, Barnato Bros., Lewis & Marks en sy eie firma. ICS se kapitaal bedra £345 000; die maatskappy het sedert sy stigting in 1902 sewe agtstes van sy kapitaal verloor. Sedert hy 'n aandeelhouer is, is die opbrengs op sy eie aandele heelwat minder as 1 persent, verklaar Graaff.

As enigiets gedoen word om hierdie maatskappy te skaad, sou dit waarskynlik die onskuldige aandeelhouers skaad. Hy vra of dit die regte ding is om te doen om beleggers die skrik op die lyf te jaag in 'n land waar geld op legitieme wyse belê is in 'n besigheid wat nie wins oplewer nie. Voorts, as enigiemand dink dat die middelman in Suid-Afrika uitgeskakel gaan word, sou dit die eerste keer in die land se geskiedenis wees. Die middelman kan 'n noodsaaklike euwel wees, maar is so noodsaaklik soos die produsent.

Graaff wys ook daarop dat verkoelingsmaatskappye in oorlogstyd groot geld maak, maar nadat sake tot normaal teruggekeer het, is baie firmas gelikwideer wat in die winsgewende tyd begin

---

[133] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times*, 15 Maart 1916.

[134] A.I. Little, *History of the City Club, Cape Town, 1878-1938*, p. 43. Die president van die klub was sedert 1888 die goewerneur van die Kaapkolonie of die goewerneur-generaal van die Unie.

[135] O. Pryce-Lewis, "John Parker: His Life and Work", p. 15.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

is, en 'n groot aantal mense het hul geld verloor. In Argentinië, die grootste vleisuitvoerland ter wêreld, waar hy 'n verkoelingsmaatskappy gestig het, het hy aansienlike aanmoediging by wyse van fasiliteite van die Argentynse regering gekry. Hy het die onderneming 'n hele paar jaar suksesvol bedryf en aan 'n Amerikaanse firma verkoop toe hy uitgetree het. Vandag is daardie firma die grootste ter wêreld wat die uitvoer van bevrore vleis betref, aldus Graaff. Die minister van landbou, H.C. van Heerden, trek later in die debat, waaraan verskeie ander lede deelgeneem het, sy amendement terug.[136]

Graaff gee as Volksraadslid steeds ondersteuning aan Botha, wat tekens toon dat sy laste as eerste minister baie swaar word. Met Smuts in die buiteland vanaf 1917 verkeer Botha onder soveel druk dat sy gesondheid verswak en hy na sy plaas, Rusthof, vertrek om aan te sterk. F.S. Malan dien in hierdie tyd as waarnemende eerste minister. Vroeg in 1918 kom Botha, wat depressief geraak het, na Kaapstad om deur Graaff se geneesheer, dr. Hugh Smith, behandel te word. Sy toestand is aan liggaamlike sowel as geestelike faktore te wyte, volgens Buxton, wat aan dr. Smith skryf dat Botha glo hy het nog net 'n jaar om te leef. Botha (toe 55) sal dan die ouderdom bereik waarop sy vader sowel as sy oudste broer gesterf het, met simptome wat baie aan syne herinner.[137]

Terwyl hy onder doktersbehandeling is, bly Botha en sy eggenote 'n paar weke op De Grendel. Hulle plant twee Norfolk-denne in die tuin wat steeds daar staan. Botha was ook die peetvader van Graaff se oudste seun, De Villiers. Terwyl hulle een oggend op die stoep sit, vertel Botha dat hy iets seldsaams kan doen wat De Villiers nie kan doen nie, naamlik om sy ore te roer. Toe die jong seun aandui dat hy dit ook kan doen, klop Botha hom op die rug en grinnik: "Jy is die enigste ander donkie wat ek nog ooit ontmoet het."[138]

Botha skryf daarna oor hul verblyf op die plaas aan die Graaffs:

> "Annie en ik praat elke dag van ons leven van jullie twee, en wy zullen naar ons graf gaan met de diepste gevoel van dankbaarheid. Davie, nooit het my een aangenaamer tyd door gebracht dan by jullie, zelfs Broeders en Susters liefde attentie en hulp kon ooit ver ons aangenamer zyn geweest, alles was aangenaam, smaakvol en lekker en myn gezondheid is tot vandaag goed, alleen door jullie lieflyke oppassen, ja Davie veel kunnen wy niet doen, maar bidden kunnen en zullen wy, en tot God ons weg neem . . . getroue volgelingen blyven."[139]

In 1918 is daar 'n verdere gebeurtenis waarby Graaff betrek word: die transformasie van die South African College tot die volwaardige Universiteit van Kaapstad. Hy word deur die Goewerneur-generaal aangestel as een van die vier lede van 'n kommissie wat voordat die universiteitsraad saamgestel is, planne en spesifikasies vir die universiteitsgeboue moet opstel op Groote Schuur, die landgoed wat hy in 1912 vir die staat aangekoop het.[140]

Toe die Eerste Wêreldoorlog sy einde met Wapenstilstandsdag op 11 November 1918 nader, word Botha na die vredesberaad by Versailles ontbied. Hy benoem Smuts as sy mede-afgevaardigde, maar Smuts is as lid van die imperiale oorlogskabinet na Hongarye gestuur om 'n krisis daar te hanteer. Botha vra gevolglik vir Graaff om hom as mede-afgevaardigde te vergesel.

---

[136] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 19 Junie 1917. Die Argentynse onderneming wat Graaff daar gestig het, is klaarblyklik La Plata, wat hy aan Swift's verkoop het.
[137] S. C. Buxton, *General Botha,* p. 326.
[138] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 18
[139] Graaff-versameling, De Grendel. Brief, geskryf in 1919 uit Parys, in Graaff-familie se besit.
[140] W. Ritchie, *The History of the SA College 1829-1918,* p. 647.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hulle vertrek met hul vrouens na Europa op 'n Japanse skip waarop lady Buxton, gade van die goewerneur-generaal, ook 'n passasier is. Sy beskryf hoe Graaff omsien na Botha, wat op die skip fiks probeer bly:

> "He gets up at six and walks for 2½ hours, followed by the devoted Sir David Graaff. (Die generaal moet versigtig met sy dieet wees, want) …every mouthful is eyed by Sir David Graaff, and Mrs. Botha would do the same if he were not hidden from her by an immense floral arrangement from Groote Schuur. It is a real case of 'the Devil was sick'. He was very good at first, but yesterday he felt splendidly well, after hours of deck quoits and an hour and a half's walk before breakfast. So at dinner, he broke away and exceeded in preserved ginger, and defied Mrs. Botha and Sir David in a most killing way…"[141]

In Parys aangekom, blyk dit dat Smuts tog die vredeskonferensie kan bywoon, en Graaff word as Botha se politieke adviseur aangestel. Die vredeskonferensie, wat ses maande sou duur, begin op 12 Januarie 1919 in Parys. Kort daarna word Graaff weer siek – "fainting fits due to cold on the tummy…" skryf Smuts uit Parys.[142]

Beide Botha en Smuts, wat albei ten gunste van versoening met Duitsland en beperkte skadevergoeding was, beskou die vredesvoorwaardes as te kras. Gedagtig aan hul ervaring tydens die Vrede van Vereeniging in 1902 wou geeneen van hulle die Vredesverdrag onderteken nie. Die verdrag plaas die blaam op Duitsland en sy bondgenote dat hulle die oorlog veroorsaak het, en vereis dat hulle ontwapen, aansienlike gebiedskonsessies maak en reparasies aan sekere lande betaal. Botha se versoenende houding maak indruk, dermate dat Smuts op die konferensie teenoor die Suid-Afrikaanse premier se private sekretaris, Frank Theron, opmerk: "Wie reken jy is die grootste figuur op hierdie konferensie? Ons eie oubaas Louis – daar is geeneen van hierdie mense wat by hom kan kers vashou nie."[143] Die gematigde leiers loop hulle egter vas teen die anti-Duitse gevoelens van veral Georges Clemenceau van Frankryk en Woodrow Wilson van Amerika.[144]

Lady Eileen Graaff praat daarna dikwels van daardie tye. Sy vertel die storie van Smuts se bekommernis oor wat gedoen is, en sy woorde teenoor haar toe hulle oorlogsgrafte op die slagvelde naby Rheims besoek: "Eileen, ek het die bloed van die volgende geslag weggeteken."[145] Smuts skryf uit Versailles aan sy vrou: "It is a terrible document, not a peace treaty but a war treaty, and I am troubled in my conscience about putting my name to it."[146] Die politieke groothartigheid wat die Britse leier Campbell-Bannerman teenoor die verslane Boererepublieke geopenbaar het, sou vir die res van sy lewe vir Smuts 'n opperste riglyn in internasionale betrekkinge bly.[147] Nou skryf hy aan Margaret Gillitt: "We in Paris are sowing the dragon's teeth".[148] Sy siening dat die vredesvoorwaardes "a trail of anarchy, ruin and bitterness … for another generation" sou agterlaat, sou twee dekades later in die oorlogsteater van die Tweede Wêreldoorlog korrek bewys word. Smuts en Botha word nogtans oplaas oorgehaal om die verdrag te aanvaar deur Lloyd George, onder wie Smuts in die imperiale oorlogskabinet gedien het.[149]

---

[141] S. C. Buxton, *General Botha,* p. 190.
[142] W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. IV, p. 50. Smuts-Gillett, 20 Januarie 1919.
[143] P. Beukes, *The Holistic Smuts,* p. 72.
[144] P. Johnson, *A History of the Modern World,* p. 24-30.
[145] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 19.
[146] W.K. Hancock, *Smuts, the Sanguine Years, 1870-1919,* p. 524.
[147] A. Lentin, *Jan Smuts: Man of Courage and Vision,* p. 121.
[148] W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers,* Vol. IV, p. 50. Smuts-Gillett, 25 Mei 1919
[149] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 19.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die verdrag, wat die staat van oorlog tussen Duitsland en die Geallieerdes beëindig, word op 28 Junie 1919 in Versailles onderteken. Met die ondertekening van die verdrag word Suid-Afrika vir die eerste keer aanvaar as 'n selfstandige land, op gelyke voet met Brittanje en die ander dominiums. Deel van die ooreenkoms is dat Duitse besittings uitgedeel word, en die voormalige Duitse kolonie Suidwes-Afrika word as 'n sogenaamde C-mandaat aan Suid-Afrika toegeken. Voortaan sou Suid-Afrika die gebied onder toesig van die te stigte Volkebond administreer – 'n beloning vir hul land se aandeel in die oorlog wat dankbaar deur Botha en Smuts aanvaar word.[150]

Graaff en sy eggenote vertrek voor Botha en Smuts uit Parys terug na Suid-Afrika, aangesien Graaff voel dat sy gesondheid vereis dat hy uit die politiek moet tree. Botha skryf uit Parys aan hom:

> "My Liewe Vriend Davie, Ik begint om vir jou te zeg nooit het ik in al myn leven jou meer of een persoon meer gemist dan ver jou, ik heb een groote Karbonkel aan myn been, zoo pynlik dat ik niet loopen kan maar in kamer op stoel zit van jy weg is tot nu, nachten dat ik niet slaap, en vool werklik uit geput en moeg. Smuts vertrek naar Hongary dezelfde dag toen ik hier kwam en ons is glad nie verteegenwoordig op de Conferentie, ik was de avond voor jou vertrek en de ochend ook opgewonne, en wou zoo graag ver jou emstig vraag blyf net een maand en zie alles door, dan komt er weder op is het regt om jou weg te houden van de lief kinderen, telkemaal stand ik op om met jou te spreek maar had niet de mood. Elke dag verspreek ik my, als ik geroep worden en kan niet gaan naar de Conferentie dan zeg ik vraag vir Sir Davie om myn plek te neem. Ja, ou vriend, ik mis vir jou banja, ik hoop en bid dat jullie een veilige en goede reis had. . . "[151]

In een van sy laaste toesprake in die Volksraad steun Graaff die stigting van 'n Suid-Afrikaanse diamantslypbedryf, wat reeds in 1913 deur 'n Senaatskomitee voorgestel is. Dit verbly hom dat 'n wetsontwerp hieroor ingedien is deur die waarnemende eerste minister, F.S. Malan, wat ook die minister van mynwese is. Klein diamantslyperye wat voorheen in Suid-Afrika begin is, het misluk omdat hulle dit moeilik gevind het om die nodige diamante in die hande te kry.

Graaff vertel dat, toe hy onlangs in Londen was, die eerste minister (Botha) hom gevra het om die pas gestigte diamantslypery in Brighton te besoek. Onder die 400 tot 500 werkers daar was 'n aantal Suid-Afrikaners, van wie sommige dit betreur het dat daar nie so 'n bedryf in Suid-Afrika is nie. Dit was vir hom 'n openbaring.[152] Toe hy Botha daaroor inlig, het die eerste minister hom gevra om die man te spreek wat 'n groter belang as enigiemand anders in die diamantbedryf het – S.B. Joel.[153] Joel het belangstelling in die vestiging van 'n Suid-Afrikaanse diamantslypbedryf getoon, mits daar nie in die beheer van diamante ingemeng word nie. Daarna het De Beers se direksie in 'n onderhoud met hom (Graaff) en Botha aangedui dat hulle nie bereid is om diamante in Suid-Afrika te slyp nie, en ook nie om diamante aan 'n private onderneming te gee om geslyp te word nie. Op besoek aan Amsterdam het die senior vennoot van die Ascher-slypery, wat 17 000 werknemers het, op 'n voorstel van hom (Graaff) dat Ascher

---

[150] C.F.J. Muller (red), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p. 357. Die Volkebond, wat op 16 Januarie 1920 vir die eerste keer vergader het, het aanvanklik uit 42 stigter-lande bestaan – sonder die Verenigde State, aangesien die Amerikaanse Kongres nie die Vredesverdrag wou bekragtig nie. Smuts het 'n groot aandeel in die totstandkoming van die Volkebond gehad. Toe hy aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog die Paryse Vredesverdrag onderteken, word hy die enigste staatsman ter wêreld wat die onderskeie verdrae onderteken het waardeur die twee wêreldoorloë beëindig is. Hy het ook die aanhef tot die Handves van die Verenigde Nasies geskryf – die internasionale organisasie wat as opvolger van die Volkebond wêreldvrede moes bevorder.

[151] Brief gedateer 5 April 1919, aangehaal in De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 20.

[152] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 4 Junie 1919.

[153] Solly Joel, 'n neef van Barney Barnato, het na Barnato se dood die beheer van Johannesburg Consolidated Investments oorgeneem.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

'n diamantslypery in Suid-Afrika begin, gereageer dat die Diamant-sindikaat[154] nie daarvan sou hou nie. Ascher se junior vennoot het egter gesê as die Suid-Afrikaanse regering die idee steun en die verskaffing van diamante kan verseker, sal hy na Suid-Afrika kom en Suid-Afrikaners leer om diamante te slyp.

Graaff wys daarop dat uitvoerbelasting op diamante eers onlangs gehef is (in 1917, vasgestel op 5 persent). Van al die diamantmaatskappye is sowat £1½ miljoen (belasting) ontvang, terwyl net een maatskappy 'n wins van £2½ miljoen na belasting gemaak het. Diamante is jare lank skotvry uitgevoer en het eers onlangs 'n bydrae tot die staatskas gelewer, terwyl die winste elders gaan. Daar is geen twyfel dat die winste wat die sindikaat elders maak 'n diamantslypbedryf in Suid-Afrika verhinder nie.[155]

Botha het vroeër aangedui dat sy regering vasbeslote is om die projek deur te voer.[156] Die maatreël kom wel op die wetboek, Wet 38 van 1919, wat voorsiening vir die vestiging van 'n diamantslypbedryf in Suid-Afrika maak.[157] Dit lewer egter daarna verskeie probleme op, waaronder 'n gebrek aan kundigheid bergeleke met die gevestigde oorsese bedrywe, veral in Amsterdam en Antwerpen; die moontlike verlies van inkomste uit uitvoerbelasting; die kwessie van prysvasstelling van ru-diamante wat plaaslik aangekoop word; die grootte, gehalte en klas van diamante, wat gewoonlik in 'n reeks aangekoop word; die gevare van smokkelary, en so meer. Van die probleme is later in toesprake in die Volksraad uitgewys deur sir Ernest Oppenheimer nadat hy tot LV vir Kimberley verkies is, en die wetgewing is in 1927 en later weer aangepas.[158]

Graaff was tydens die vredesberaad in Versailles ook betrokke by 'n ander ontwikkeling rakende die diamantbedryf: die onderhandelinge oor Suid-Afrikaners se oorname van die Duitse diamantbelange in Suidwes-Afrika.

Die voorheen florerende diamantbedryf in die mandaatgebied tel onder die Duitse besittings wat deur die oordrag van die mandaatgebied geraak word. Duitse maatskappye was aktief in die diamant-stormloop wat vanaf 1908 op die ontdekking van diamante van besonder goeie gehalte in die woestyngebied aan die weskus gevolg het. Die eerste diamant is opgetel deur 'n Kaapse bruinman, Zacharias Lelawa, wat dit getoon het aan August Stauch, die Duitse spoorwegman wat as die grondlegger van die diamantbedryf in die Sperrgebiet beskou word. Stauch het kleims naby Lüderitzbucht (Lüderitz) afgesteek en 'n aantal diamantmaatskappye begin.[159] Na die Suid-Afrikaanse oorname van die gebied het Stauch se vriend dr. Erich Lübbert, 'n regsgeleerde van Lüderitzbucht, hom en ander Duitse myneienaars oortuig dat dit in hul beste belang sou wees om onteiening te vermy deur met Suid-Afrikaanse produsente saam te werk.[160]

Onderhandelinge wat hierna begin, geskied in groot geheimhouding, maar dit lek uit dat "prominente Suid-Afrikaanse belange" betrokke is. Baie mense dink dat dit dui op De Beers, die diamant-kolos wat deur Rhodes gestig is, maar dit was glad nie die geval nie. Van Suid-Afrikaanse kant is die aanvoorwerk vir die onderhandelinge gedoen deur Henry Hull, die voormalige minister van finansies in die Botha-kabinet wat kort tevore 'n direkteur geword het van Ernest Oppenheimer se goudmynmaatskappy, Anglo American Corporation, wat destyds nie baie groot was nie. Hy het Oppenheimer gevra of hy sou belangstel daarin om 'n beherende belang in 'n sekere groep diamantprodusente te bekom, vermoedelik nadat hy 'n wenk van

---

[154] Die Diamant-sindikaat het in 1889 in Londen met Rhodes, wat alleenbeheer oor die diamant-reus De Beers verkry het, 'n ooreenkoms bereik waardeur die produksie van diamante monopolisties beheer en prysbinding toegepas is – 'n taak wat later deur die Sentrale Verkooporganisasie oorgeneem is.
[155] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 4 Junie 1919.
[156] T. Gregory, *Ernest Oppenheimer and the Economic Development of Southern Africa,* p. 124.
[157] *Hansard*, soos gerapporteer in *The Cape Times,* 12 Mei en 4, 6, 9, 10, 11 en 19 Junie 1919.
[158] T. Gregory, *Ernest Oppenheimer and the Economic Development of Southern Africa,* pp. 123-128.
[159] O. Levinson, *Diamonds in the Desert,* pp. 28-29.
[160] O. Levinson, *Diamonds in the Desert,* pp. 117-119.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff ontvang het. Oppenheimer, wat dadelik geraai het dat dit op Suidwes-Afrika dui, reageer kripties: "Net as dit groot genoeg is."[161]

Graaff en Hull maak 'n afspraak met Botha, wat sê dat hy geen beswaar teen hul planne het nie. In sommige boeke word beweer dat die onderhandelinge daarna vir De Beers geheim gehou is.[162] De Beers is egter wel genader, soos blyk uit samesprekinge oor 'n moontlike ooreenkoms wat Graaff vroeg in Februarie 1919 in die Savoy Hotel in Londen met Hull en Oppenheimer gevoer het. In 'n brief aan Smuts, wat toe in Parys was, skryf Graaff dat hy aan Hull en Oppenheimer uitgewys het wat die Suid-Afrikaanse regering in so 'n ooreenkoms onaanvaarbaar sou vind. Hy was ook in verbinding met Solly Joel sowel as De Beers. De Beers het egter nie flink gereageer op 'n versoek om aan te toon wat hulle bereid is om te doen om die diamantbedryf in Suidwes te vestig nie; Kimberley moes nog besluit. Graaff waarsku De Beers dat hy drie weke lank geen antwoord van hulle ontvang het nie en dat die saak dringend is, aangesien genl. Botha haastig is om op te tree. De Beers sal net hulleself kan blameer as Botha 'n besluit neem voordat hy hul antwoord ontvang, lui die brief.[163]

Hull, wat hierna nou met Graaff saamwerk, neem die voortou met verdere voorbereidings vir onderhandelinge. Twee verteenwoordigers van De Beers wat by Botha te hore kom dat Hull, gesteun deur Graaff en "sekere mynbelange", reeds op pad na die Duitsers is, probeer Hull toe voorspring. Maar die groep se Londense direkteure, onder die indruk dat die Duitsers nie hul belange wil verkoop nie en oortuig dat Hull se sending sou misluk, reageer afwysend.[164] Uiteindelik word die onderhandelinge met die Duitsers veertien dae lank in Oktober en November 1919 in Amsterdam gevoer. Hull word na die beraad vergesel deur Oppenheimer en maj. C.H. Wessels van die mynkantoor op Lüderitzbucht, wat in Mei 1919 verlof tot afwesigheid verkry het.[165]

Die Duitse maatskappye word in die Amsterdamse onderhandelinge deur Lübbert, Stauch en Walter Bredow verteenwoordig, terwyl na Hull en Graaffs Trust, wat met 'n aantal ander finansiers saamgewerk het, slegs as die "Purchaser" verwys word.[166] As deel van die geheimhouding om De Beers te neutraliseer word die versending van geld tydens die transaksie deur Graaffs Trust gekanaliseer.[167]

Graaff, wat moes help om die nodige kapitaal vir die transaksie te verskaf, het ook regstreekse belang by die onderhandelinge gehad deurdat hy by die Suidwes-maatskappy Pomona Diamonds betrokke was. Graaffs Trust het reeds in 1911 'n aandeel verkry in die mynsindikaat wat na die ontdekking van die Pomona-diamantveld in Suidwes-Afrika gestig is. Die ontginning van Pomona se diamante het in 1912 begin en teen 1914 is maandeliks gemiddeld reeds meer as 50 000 karaat diamante uitgehaal.[168] Graaff se ou werknemer J.G.P. van der Horst, wat op 2 Junie 1917 as 'n direkteur van Graaffs Trust aangestel is, het daarna op versoek en koste van Graaffs Trust na Duits-Suidwes-Afrika gegaan en die kontrak gereël waarvolgens Pomona Diamonds sy belang in Pomona Diamanten Gesellschaft uitgeoefen het. As direkteur van Pomona Diamonds het Graaff voorgestel dat Van der Horst die voorsitter van die direksie word. Die ander direkteur was sir John Graham. In die direksie het egter onenigheid tussen Graaff en Van der Horst ontstaan – 'n vroeë aanduiding van onmin wat later sou toeneem. Graaff en Graham het naamlik die oordrag van die Duitse diamantmaatskappy na 'n Engelse maatskappy gesteun op 'n vergadering waar Van der Horst nie teenwoordig kon wees nie,

---

[161] A. Hocking, *Oppenheimer and Son,* p. 88; T. Gregory, *Ernest Oppenheimer and the Economic Development of Southern Africa,* pp. 115-119.
[162] Sien byvoorbeeld A. Hocking, *Oppenheimer and Son,* p. 88.
[163] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1 205/144. Graaff-Smuts, 12 Februarie 1919.
[164] A. Hocking, *Oppenheimer and Son,* p. 88; T. Gregory, *Ernest Oppenheimer and the Economic Development of Southern Africa,* pp``. 115-119; M. Kaplan, *Jewish Roots in the South African Economy* pp. 128-129.
[165] De Beers Argief, Kimberley. Memorandum oor CDM-argief van argivaris, dr. Moonyean Buys.
[166] O. Levinson, *Diamonds in the Desert,* p. 121.
[167] Meegedeel deur sir David Graaff, derde baronet.
[168] O. Levinson, *Diamonds in the Desert,* p. 61.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

volgens 'n memorandum van James Keddie Stephenson. Van der Horst het daarna beswaar teen die oordrag gemaak, op grond van sy voorneme om die beroep van direkteur van maatskappye heeltyd te beoefen, 'n beroep wat hy volgens hom 'n eerbare een wou maak. Stephenson merk op:

> "Were it not for the fact that Mr Van der Horst openly and without warning attacked the attitude of Sir David Graaff re transfer from a German to an English Company at the meeting of Pomona Diamond shareholders, I should incline in the belief that he was at the time suffering from Mental Aberration because it would have been the simplest thing in the world to have discussed, as Mr. Van der Horst always did in other even trifling matters, the whole position of transfer or sale even of Pomona Diamonds, with Sir David both from Graaffs Trust point of view or from the point of view of the shareholders of Pomona Diamonds Limited, and if need be have agreed to differ."[169]

Toe in die Amsterdamse onderhandelinge ooreengekom word dat 'n nuwe maatskappy saam met die Suid-Afrikaners gevorm moet word, is Pomona een van die maatskappye wat in die nuwe konglomeraat, Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Ltd., opgeneem word. Die koopprys bedra £3,5 miljoen, waarvan een helfte in kontant uitbetaal word en die ander by wyse van aandele in die nuwe maatskappy. Die werklike bedrag wat aan die Duitse verkopers uitbetaal is, beloop egter heelwat minder, sowat £2,8 miljoen weens die devaluasie van die Duitse mark.[170] Die nominale aanvangskapitaal van Consolidated Diamond Mines bedra £4,5 miljoen in £1-aandele. Die nuwe maatskappy neem die Duitse diamantmyne sowel as hul masjinerie en toerusting oor, asook die spoorlyn tussen Lüderitzbucht en Bogenfels. 'n Afsonderlike kontrak vir kragverskaffing word met die South West Electric Power Company gesluit.[171]

Die Duitse verteenwoordigers van die diamantmaatskappye, onder wie August Stauch, kom begin 1920 aan boord van die Nederlandse vragskip Kelbergen in Kaapstad aan. Hulle is toe nog as vyandsonderdane beskou. Toe *Die Burger* se joernalis J.H. Steinmeyer, wat 'n kollega op die skip kom groet het, verneem of die Duitse geselskap in die Unie toegelaat kan word, deel die immigrasiebeampte hom mee dat hulle nie paspoorte het nie, maar "... they are consigned to Sir David Graaff and that is quite in order". Graaff, Oppenheimer en Hull het die geselskap welkom geheet. Die Duitsers vertel die middag aan Steinmeyer dat die vredesverdrag die bepaling bevat dat die veroweraar – in die geval van Suidwes die Unie-regering – geregtig sou wees om op alle Duitse besittings beslag te lê of dit van die vyandsonderdane te koop. Hulle het in die omstandighede ooreengekom om hul belange te verkoop en het na die Unie gekom om die ooreenkoms verder te bespreek en te bekragtig.[172] Dr. Lübbert, wat in Kaapstad agtergebly het, het daarna die landgoed Fernwood gekoop, wat vroeër deur Graaff gehuur is. Hy het 'n deel daarvan aan Kirstenbosch se botaniese tuin geskenk, die res het die parlementêre sportklub geword.[173]

Graaff, Oppenheimer en Hull moes bontstaan om die nodige kapitaal vir die oorname van die twaalf myne te bekom. Graaff se eie belange word ingespan en steun kom van Dunkelsbuhlers,

---

[169] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2, Stephenson se ongedateerde memorandum.
[170] C. W. Newbury, *The Diamond Ring,* p. 219.
[171] De Beers Argief, Kimberley. Henry Hull se memorandum oor die stigting van Consolidated Diamond Mines, Februarie 1920. Die Duitse maatskappye was: Pomona Diamanten Gesellschaft, Koloniale Bergbau Gesellschaft, Deutsche Diamanten Gesellschaft, Diamanten Pacht Gesellschaft, Diamanten Aktiengesellschaft (voorheen Weiss, De Meillon and Co.), Neue Hansa-Diamanten-Gesellschaft, Vereinigte Diamant-Minen Aktiengesellschaft, Consolidierte Lüderitzbuchter Diamant-Minen Gesellschaft,Grubenbahn Gesellschaft Pomona, Gesellschaft für Kolonial-Werte en Deutsche Kolonialgesellschaft für Südwestafrika.
[172] *Die Burger,* 18 Desember 1956.
[173] O. Levinson, *Diamonds in the Desert,* p.122.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Oppenheimer se ou Londense firma van diamantmakelaars, asook van Morgan Grenfell. Op 'n reis na Amerika kry Oppenheimer verdere steun van J.P. Morgan en Newmont Mining.[174]

Die hoofkantoor van Consolidated Diamond Mines, wat mynregte vir vyftig jaar in die Sperrgebiet verkry, word op 9 Februarie 1920 in Kaapstad geregistreer.[175] Graaff en Hull, wat die voorsitter word, dien saam in CDM se eerste direksie van nege lede, onder wie vier Duitsers. Sir Ernest Oppenheimer, wat op Nuwejaarsdag 1921 tot ridder geslaan word,[176] word as besturende direkteur aangestel.

Maj. Wessels, wat Oppenheimer en Hull na Amsterdam vergesel het, dagvaar Graaff en Hull, albei groot aandeelhouers in CDM, na afloop van die onderhandelinge vir £15 000 weens beweerde kontrakbreuk. Hy beweer dat hulle hom vir "dienste gelewer" mondelings 'n belangrike betrekking in die nuwe maatskappy aangebied het. Die twee ontken dat enige sodanige onderneming gegee is. Op die verhoordag, 5 Augustus 1920, trek Wessels egter sy eis terug.[177]

De Beers, wat na die stigting van die nuwe maatskappy ook nie 'n minderheidsaandeel wou bekom nie,[178] is in die loop van die oorname-drama uitoorlê. Die skrywer Michael Brittan som op dat die transaksie "...engineered by Oppenheimer which put him in control of the substantial Lüderitz fields, was characteristic of his entrepreneurial pluck. It was also a coup masterfully executed under the nose of a complacent De Beers which had sat back and could muster no more than an ineffectual bid for control".[179]

Die slag wat Oppenheimer met Graaff en Hull se hulp geslaan het, lê die grondslag vir die Oppenheimers se latere oorname van De Beers, waar sir Ernest in 1929 die voorsitter sou word.[180] Oppenheimer neem die bestuursbeheer oor De Beers, wat aanvanklik deur Rhodes in die Kaapkolonie ingelyf is, terug van die Londense direkteure. Hy slaag skouspelagtig daarin dat Suid-Afrikaners uit Suid-Afrika die diamantbedryf deur die Sentrale Verkooporganisasie beheer.[181] Deur die voorraad en aanbod van diamante te beperk kon De Beers as 'n feitlike monopolie die internasionale diamanthandel dekades lank totaal oorheers - en wêreldbekend raak met die reklametreffer: "A diamond is forever."[182]

Voordat die diamant-onderhandelinge afgehandel is, het Botha van die vredesberaad by Versailles in Kaapstad teruggekeer. By sy terugkoms in Julie 1919 pleit hy by Graaff om van plan te verander en as parlementslid aan te bly, maar Graaff sien nie kans daarvoor nie. 'n Maand daarna, op 27 Augustus, sterf Botha op 56-jarige ouderdom. Graaff se seun De Villiers, toe slegs ses jaar oud, kon later onthou hoe bedroef sy vader was dat hy nie aan Botha se laaste versoek kon voldoen nie.[183]

---

[174] A. Hocking, *Oppenheimer and Son,* p. 89.
[175] De Beers Argief, Kimberley. Jaarverslag van CDM 1920. Ook C. W. Newbury, *The Diamond Ring,* p. 218. Die vier Duitse direkteure is Stauch, Lübbert, Bredow en Carl Weiss, en die twee ander direkteure wat deur die koper benoem is C.L. Dalziel en A.W. Tait.
[176] A. Hocking, *Oppenheimer and Son,* p. 91.
[177] NASA, Kaapstad. CSC Vol. 2/1/1/1213. Saak no. 541/20. Die geding is vermoedelik buite die hof geskik. In De Beers se argief in Kimberley is geen aanduiding in die personeelleggers te vind dat Wessels enige betrekking by Consolidated Diamond Mines beklee het nie.
[178] T. Gregory, *Ernest Oppenheimer and the Development of Southern Africa,* p. 135.
[179] M. Brittan, *Discover Namibia,* pp. 188-189.
[180] De Beers Argief, Kimberley. Termyn van Oppenheimer se direkteurskap.
[181] M. O'Dowd, "An Assessment of the English-Speaking South Africans' Contribution to the Economy" in A. de Villiers, *English-speaking South Africa Today,* p. 144.
[182] Die tydskrif *Advertising Age* het "A diamond is forever" in 2000 as die beste advertensie-sinsnede van die twintigste eeu aangewys.
[183] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 19.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Merriman, wat Graaff en Malan so bitter kwalik geneem het omdat hulle Botha eerder as hom as die Unie se eerste premier verkies het, spreek nou 'n veel gunstiger oordeel uit oor die krygsman wat die land sedert 1910 gelei het:

> "Little perhaps as we may think of his gift of administration, he was probably the only man who was able to deal with the cyclone that seems about to sweep over us here… One has to go back to the memories of Spionkop and Colenso and Vereeniging to sort it out with the Botha we remember in the House of Assembly. *In a great crisis he was a great man* – a fact which those that knew him as a halting and often ineffectual politician are apt to forget."[184]

Graaff reis per trein na Pretoria vir die begrafnis van Botha, wat deur al die kabinetslede, 'n groot aantal hoogwaardigheidsbekleders, Boere-oudstryders en ander deelnemendes bygewoon word.[185] Smuts lewer by die graf 'n roerende rede oor sy makker van 21 jaar – volgens hom 'n vriend sonder weerga wie se take byna te swaar was om uit te voer:

> "We came together with a closeness seldom vouchsafed to friends. This entitles me to call him the greatest, cleanest, sweetest soul of all the land – of all my days."[186]

Graaff, eweneens 'n jarelange vriend van Botha, bly na sy dood nog 'n rukkie in die Parlement aan, tot voor die volgende verkiesing, wat op 20 Maart 1920 gehou word. Hy bedank finaal as Volksraadslid op 6 Februarie 1920. Maar hy sou nie uit die openbare oog bly nie.

---

[184] Lewsen, P. *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Merriman aan sir Drummond Chaplin, 31 Augustus 1919, pp. 308-309.
[185] *De Burger,* 1 September 1919.
[186] P. Beukes, *The Holistic Smuts,* p. 72.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 10

Terug na De Grendel en sakelewe

Met sy uittrede uit die politiek keer Graaff terug na die plaaslewe op De Grendel, waar hy hom veel meer aan sy gesin en die opvoeding van sy kinders kan toewy. Terselfdertyd neem hy ondanks sy gesondheidsprobleme weer aktief deel aan die sakelewe waarin hy sy fortuin gemaak het.

Graaff se seun De Villiers beskryf die jare tussen sy vader se uittrede uit die openbare lewe in 1920 en sy oorlye in 1931 as die gelukkigste van sy lewe. Die gesin woon permanent op De Grendel, waar sy vader daarop aandring om elke dag perd te ry en sy seuns oral op die plaas rond te neem. Die ou trein na die Tygerberg was nog in gebruik en die gesin haal dit gereeld na Kaapstad, dikwels om kerkdienste by te woon in die Groote Kerk, waar Oupa (ds. Van Heerden) die leraar was. Somervakansies word deurgebring op Bloubergstrand, waar Graaff 'n koppelhuis met die Duminy-familie van Bellville gedeel het. Graaff het 'n spesiale piekniekwa vir sy jagpartye laat maak en dit is die gereelde vervoermiddel na Blouberg. Agt muile trek die wa van De Grendel na Rietvlei en by die strand word hulle vervang deur twaalf osse van Graaff se onderste plaas, Montague Gardens, waar ene mnr. Kets die voorman was. Kets was 'n merkwaardige groenteboer en hy sorg dat die wa altyd met mandjies groente, waatlemoen en spanspek gelaai word. Die strandhuis op Blouberg was te klein vir die gesin, dus word 'n markiestent opgeslaan in die voortuin, waar Graaff en die seuns slaap. Ryperde word in die agterplaas aangehou. Een van die seuns se eerste take na hul aankoms is om die put op die strand skoon te maak om vir drinkwater te sorg. Hulle moet ook kontak maak met mnr. Stadler, die plaaslike inwoner wat vis met treknette vang. Van hom kry hulle vars harders, galjoen en soms steenbras en kabeljou.

Graaff kon nie lank ledig wees nie en verskeie kere per week ry hy te perd na die Tygerberg om die trein na Kaapstad te haal sodat hy 'n dag op kantoor kan deurbring. Hy keer gewoonlik voor skemeraand terug, maar een aand kom sy ryperd veel vroeër as wat verwag is sonder hom by die strandhuis aan. Pandemonium breek uit. Almal wil deel van die soekgeselskap wees en lady Eileen het groot moeite om almal in bedwang te hou. Kort daarna maak Graaff egter sy opwagting op 'n ander perd. Hy vertel dat die stalkneg wat die perd na die stasie moes bring, die rydier losgelaat het en die perd het na die stal teruggehardloop.

Later in die jaar, gewoonlik in Februarie, huur die gesin ook 'n strandhuis in Muizenberg. Soms wanneer lady Eileen van haar huislike pligte verlos wil wees, gaan hulle tuis in die Majestic Hotel in Kalkbaai.[1]

Graaff koop gereeld eiendom op die sanderige vlaktes noord van Kaapstad op. D. A. St C. Hennessy, 'n jeugvriend van Graaff se seun De Villiers, onthou uit sy skooldae dat sy vader een keer aan tafel by aandete gesê het:

> "'I don't understand why Davie Graaff continues to buy up that desert land!' That desert land, of course, what is now Paarden Eiland and Milnerton which over the longer term has proved a very valuable purchase, and typifies Graaff's foresight and shrewdness."[2]

Die eiendom wat Graaff besit, strek in een stadium hoefystervormig vanaf De Grendel en omringende plase na Tygerhof, Wingfield, Ysterplaat se vliegveld en Montague Gardens tot by Paardeneiland en Ascot se renbaan in Milnerton. Die renbaan is een van die eiendomme wat Milnerton Estates verkry toe die Milnerton Turf Club in 1923 bankrot gaan. Die likwidateur, C.A. Raats, rapporteer dat die renbaan, die klub se vernaamste bate, vir £2 500 aan Milnerton Estates verkoop is.[3] Volgens Graaff se seun De Villiers het sy vader groot stukke grond "ietwat

---

[1] De V. Graaff, *Div Looks Back*, pp. 22-24.
[2] L. Barnard en D. Kriek, *Sir De Villiers Graaff*, p. 20.
[3] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 3. Raats se kennisgewing, 11 Oktober 1923.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

diktatoriaal" vir Milnerton Estates verkry, volgens die maatskappy se notules. Toe sommige aandeelhouers daarteen beswaar maak omdat die maatskappy nie dividende betaal nie, het hy die eiendomme self oorgeneem, met gevolglike winste waarin die aandeelhouers graag sou wil gedeel het.[4]

Hennessy oordeel dat baie van Graaff se karaktertrekke aan sy seun De Villiers oorgedra is:

> "Sir David, despite his business and political interests, devoted himself to his children's upbringing. It is all there in De Villiers. His courtesy, his discipline, his love of the land and animals. His application to the job on hand and the development of his natural sporting abilities such as riding, shooting, cricket, fishing, and not forgetting boxing. His mother's influence was there too although more apparent after his father's death, when she had to guide the family fortunes while her eldest son was completing his education at a very rapid pace."[5]

Vriende vertel aan Hennessy dat lady Eileen 'n besonder mooi jong vrou was toe sy met Graaff getroud is:

> "She was, I am told, a beautiful and striking woman then and certainly was so when I came to regard her as almost a second mother during my school days. Although very much younger than her husband she had the personality to match her husband's, and a latent ability in business which only became apparent after her husband's death."[6]

Lady Eileen maak 'n ewe gunstige indruk op die Britse skrywer Marion Cran, 'n liefhebber van tuine en blomme, wat 'n boek geskryf het oor 'n besoek wat sy aan Suid-Afrika gebring het:

> "The English idea of the Dutch in Africa is largely modelled on the unattractive types described in certain widely-read novels. I believed they were very fat and drank coffee all day… I know much better now. I was taken to see lady Graaf's (sic) beautiful garden at Tygerberg, placed on a hill overlooking the flats. One of the brightest surprises of my life was to meet that beautiful woman. As she came toward me I could hardly pull myself together to veil my complete and happy disillusionment from all my preconceived ideas. Lady Graaf (sic) carries her cropped head regally. It is a style only really admirable for fine heads and thick hair, though always preferable to the hot, unhygienic mess of hairpins, plaits, coils, curls and 'buns' of former days."[7]

Die Graaff-kinders word tweetalig groot. Tuis praat hulle Afrikaans en Engels.[8] Graaff stuur egter sy drie seuns nie na die skool wat hy op Villiersdorp laat bou het nie, maar na Diocesan College, beter bekend as Bishops, die eksklusiewe private seunskool in Rondebosch in Kaapstad.

Tog behou Graaff sy volgehoue belangstelling in die Hoërskool De Villiers Graaff. In die twintigerjare tree hy opnuut na vore as 'n groot weldoener van die skool en Villiersdorp. Reeds in 1919 wou die NG kerkraad 'n koshuis vir arm kinders op die dorp inrig. Vir die doeleinde word 'n huis op die hoek van Victoria- en Hamstraat genaamd Rose Villa, wat deur Graaff gehuur is, in die loop van die jaar geïdentifiseer. Toe Graaff daarvan hoor, verseker hy die kerkraad dat die eiendom as 'n "Kostinrichting voor Arme Kinderen" beskikbaar is en dat hy die huurgeld van £30 per jaar tot die verstryking van die huurkontrak op 31 Mei 1921 sal betaal. Op die volgende kerkraadsvergadering word egter besluit om die huis liewer vir £2 000 aan te koop, waarop Graaff die kerkraad in kennis stel dat hy £30 per jaar vir tien jaar sal betaal as gedeeltelike vereffening van die jaarlikse paaiemente aan die vorige eienaar. Rose Villa word in Julie 1920 deur 23 kosgangers betrek. Nadat verbeterings aangebring is, kon die

---

[4] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 264.
[5] L. Barnard en D. Kriek, *Sir De Villiers Graaff*, pp. 20-21.
[6] L. Barnard en D. Kriek, *Sir De Villiers Graaff*, p. 20.
[7] M. Cran, *The Gardens of Good Hope*, pp. 46 -47.
[8] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

koshuis 40 kosgangers huisves. Die huis word benut tot 1956, toe 'n nuwe koshuis, Huis Du Raan, in gebruik geneem word.[9]

Graaff se uittrede uit die openbare lewe bring mee dat hy ook terugkeer tot die verkoelingsbedryf waarvan hy die Suid-Afrikaanse pionier was – in die besonder tot die direksie van Imperial Cold Storage, waar J.G.P. van der Horst sedert 1910 aan die hoof staan. Vanaf die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het ICS weer eens baie proviand aan verbygaande skepe sowel as voedsel aan soldate en matrose voorsien, en dinge het weer eens goed gegaan.[10] Teen die einde van 1920 beloop die boekwaarde van ICS se bates £1 318 5899. Die maatskappy doen toe sake in Kaapstad, Port Elizabeth, Bloemfontein, Oos-Londen, Portervilleweg, Kimberley, Durban, Pietermaritzburg, Pretoria, Johannesburg, Standerton, Hutchinson en Aliwal-Noord. Daar is ook botterfabrieke op Aliwal-Noord, Burgersdorp, Dordrecht, Indwe, Maclear, Zastron, Smithfield en Rouxville, en 'n kaasfabriek op Maclear. Die hantering van suiwelprodukte en fasiliteite vir vrugte-uitvoer is uitgebrei, terwyl ICS ook tot die visbedryf toegetree het deur hulp aan Irvin & Johnson te verleen in sy omskakeling tot 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid.[11]

Dit het egter nie die hele tyd voor die wind gegaan nie. Tussen 1912 en 1924 verklaar ICS net sewe keer dividende, wat tussen 5 en 7½ persent wissel.[12] Teen die einde van die jare twintig was die maatskappy boonop 'n hele ruk sonder 'n voorsitter. Francis Oats, ook voorsitter van De Beers Consolidated Mines, was die voorsitter van ICS sedert die rekonstruksie van 1910, maar hy sterf op 25 Mei 1918 op 'n besoek aan Port Elizabeth. En toe 'n ander bekende direkteur, Sammy Marks, op 18 Februarie 1920 sterf, was die voorsitterskap steeds vakant.

Marks word opgevolg deur sy neef en vennoot Isaac Lewis, wat Hector Mackenzie, hoofbestuurder van die Standard Bank, as sy alternatief benoem. Die dood van twee direkteure in so 'n kort tyd maak dit duidelik dat die direksie vergroot moet word. Gevolglik vergader Van der Horst, Lewis en Hector Mackenzie op 25 Junie 1920 – die dag voor die jaarvergadering – in Johannesburg en besluit dat twee ou staatmakers, sir David Graaff en James Keddie Stephenson, tot die direksie verkies moet word. Na afloop van die jaarvergadering en voordat die twee nuwe direkteure hulle amptelik by die direksie aansluit, kom Van der Horst en die twee ander dienende direkteure, Hector Mackenzie en Fritz Hirschhorn, byeen met die spesifieke doel om 'n nuwe voorsitter aan te wys. Soos verwag kon word, val die keuse op Van der Horst, die besturende direkteur.[13]

Teen hierdie tyd ontstaan spanning in die direksie, aangesien Van der Horst sy voorneme bekend gemaak het om tot die politiek toe te tree. Graaff staan sy planne teen, aanvanklik as aandeelhouer. Hy was in daardie stadium die grootste aandeelhouer in ICS en besit feitlik een derde van die onderneming - 100 900 uit 'n totaal van 346 994 aandele en 130 000 van die 404 100 skuldbriewe, volgens 'n memorandum van Stephenson wat in die Graaff-versameling in die Nasionale Biblioteek behoue gebly het.[14]

In die legger met Stephenson se dokumente is 'n afskrif van 'n private brief wat oor die hele kwessie aan Sammy Marks as 'n direkteur van ICS geskryf is. Die afskrif, gedateer 31 Januarie 1920, is nie onderteken nie, maar die trant daarvan laat geen twyfel nie dat dit deur Graaff self

---

[9] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* pp. 274-275.
[10] Tiger Brands Argief, Johannesburg. L.F. Beckerling se memorandum oor ICS, p. 2.
[11] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 8.
[12] H.A. Chilvers, *The Story of De Beers.* pp. 163-164.
[13] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* pp. 123-124.
[14] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Memorandum, ongedateerd en nie onderteken nie, maar gemerk as (J.K.) Stephenson se dokumente, p. 1.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

geskryf is. Die briefskrywer wys daarop dat Van der Horst hom (as onafhanklike) in die algemene verkiesing op 19 Maart in Malmesbury teen F.S. Malan verkiesbaar gestel het, en wil van Marks weet of sy mede-direkteure dit goedgekeur het:

> "The interests of the Imperial Company's shareholders are of paramount importance, and as a very large shareholder and a debenture holder as well, I cannot see how it is possible for Mr. Van der Horst to attend to politics and business at one and the same time.
> It seems extraordinary also that Mr. Van der Horst should have elected to oppose Mr. Malan who has done so much for the country and who has so consistently stuck to his guns, while Mr. Van der Horst wobbled from Nationalist to South African Party and now would almost persuade himself that he is to be the financial saviour of the country. Beyers the Nationalist has, I understand, withdrawn in Mr. Van der Horst's favour, so by putting two and two together one can, with a degree of certainty, guess to which side Mr Van der Horst is likely to attach himself. It would be interesting to know in what way the Imperial Company is likely to benefit through Mr. Van der Horst's political aspirations. I am afraid and other shareholders agree that the Imperial Company will not gain anything by its Managing Director being at one and the same time member of Parliament for Malmesbury or any other place.
> I have tried Politics and business and have found that business suffers every time. I am sure that your own experience in this respect is similar to my own."[15]

Marks, wat van 1910 'n senator in die Unie-Parlement was, was reeds ernstig siek toe Graaff aan hom skryf. Hy sterf twee weke later.[16] Dit is onbekend of hy die brief ontvang of daarop gereageer het.

Van der Horst sou Graaff se besware teen politieke deelname klaarblyklik moeilik vind om te aanvaar, aangesien Graaff self lank by die politiek betrokke was en eers in 1920 uitgetree het. Vandaar sy uitlating teenoor Graaff: "You have bought my head, but nothing can make you buy my heart."[17]

Die onenigheid volg na 'n lang assosiasie vandat Van der Horst in die beginjare van Graaffs Trust as Graaff se regterhand opgetree het. Albei van hulle was ondersteuners van die Afrikanerbond en voorstanders van die Afrikaanse taal en kultuur, maar teen 1920 loop hul paaie uiteen. Van der Horst neem nou die strydbyl op teen Graaff se ou vriend F.S. Malan, 'n minister in die Smuts-kabinet en 'n man wie se Kaaps-liberale standpunt oor die stemreg van gekleurdes hy deel. Van der Horst, vroeër 'n Nasionalis, het in 1914 Botha en Smuts se inval in Suidwes-Afrika gesteun. Hy het tot kort voordat hy hom in die 1920-verkiesing verkiesbaar gestel het, saam met Malan gedien in die Hoofraad van die Suid-Afrikaanse Party van genl. Smuts, wat teen daardie tyd steun begin verloor het, maar steeds sterk deur Graaff gesteun is. Van der Horst bedank op 3 Februarie uit die uitvoerende komitee van die SAP. Die distriksraad van die Nasionale Party op Malmesbury besluit op 11 Februarie om Van der Horst as onafhanklike kandidaat te steun nadat die NP-kandidaat ten gunste van hom onttrek het.[18]

Ondanks besware van direkteure dat ICS as 'n handelsmaatskappy afhanklik is van die steun van mense met uiteenlopende politieke oortuigings gaan Van der Horst voort met sy kandidatuur in Malmesbury, waar hy en Malan die enigste kandidate is. Maar hy haal nie die paal nie; Malan wen die verkiesing met 1 700 stemme teenoor Van der Horst se 1 292. Van der

---

[15] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Getikte kopie van brief, nie onderteken nie.
[16] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1, p. 538.
[17] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 128. Aanhaling bevestig in onderhoud met W.H. (Bill) Neate.
[18] Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein. Notuleboek, NP-distriksraad Malmesbury, 25 Januarie 1916-23 Augustus 1948. PV27, NP Kaap, 1/4/2/8/1.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Horst stel hom daarna nog 'n keer verkiesbaar, hierdie keer onder die NP-vaandel in die Oos-Kaapse kiesafdeling Aliwal in 1924 se verkiesing, maar word steeds nie verkies nie.[19]

Die verkiesing van 1920 het gevolg nadat die nuwe eerste minister, Jan Smuts, as Botha se regterhand die premierskap oorgeneem het. Die intellektueel begaafde en onvermoeibare Smuts, wat egter met die bynaam "Slim Jannie" opgesaal word deur Afrikaners wat hom nie vertrou nie, geniet nie die voordeel van Botha se persoonlike aanhang en sjarme nie. Die gety in die land draai al hoe meer ten gunste van Hertzog se Nasionale Party, wat in 1920 se verkiesing die meeste setels inpalm. Die Suid-Afrikaanse Party vaar swakker, met 41 setels (voorheen 54) teenoor die Nasionale Party se 44 (voorheen 26), die Unioniste se 25 (voorheen 40) en die Arbeiders se 21 (voorheen 4) en 3 Onafhanklikes. Smuts kan slegs met behulp van die Unioniste regeer, maar sy meerderheid is wankelrig.

Na die verkiesing en nadat Graaff opnuut tot die direksie van ICS toegetree het, ontstaan verdere onenigheid en spanning tussen hom en Van der Horst.

'n Geskil ontstaan oor 'n projek om lewende hawe uit Oos-Londen uit te voer. Die idee het by Van der Horst posgevat tydens die oorlogsjare toe die uitvoer van vleis baie lonend was. Hy beveel aan dat 'n terrein aan die Buffalorivier van die regering gehuur word, maar in die drie jaar sedert hy dit in 1917 aanbeveel het, is min gedoen om die terrein op die wesoewer te ontwikkel.[20] Sedertdien plaas die regering kwaai beperkings op die uitvoer van vleis en boonop het koste byna verdubbel. Graaff, wat 'n inspeksie ter plaaste saam met Van der Horst en Hector Mackenzie gehou het, is oortuig dat die projek nie lewensvatbaar is nie. Hy meen dat die uitvoer van vleis vir 'n hele paar jaar nie iets groots gaan wees nie.Van der Horst stem nie saam nie, maar die direksie gee Graaff gelyk en die projek word laat vaar. Van der Horst dring daarop aan dat sy teenstem genotuleer word.[21]

Nog 'n meningsverskil ontstaan oor 'n Kaapse mededinger, Southern Cross Cold Storage & Export Company, waarin ICS 'n belang verkry het. Graaff en Stephenson meen dat, hoewel 'n ooreenkoms tussen die twee maatskappye op 19 Augustus 1919 aangegaan is, hulle nie daarmee moet voortgaan nie.[22] Daar is 'n dreigement van regstappe en hulle betreur dit dat die bedrag van £142 089 teen middel-1920 – voordat hulle direkteure geword het - bestee is aan geboue en masjinerie van wat lyk na 'n onderneming wat agteruitgaan. Terselfdertyd sit die maatskappy volgens Stephenson met 'n groot oortrokke rekening. Van der Horst voorsien egter blykbaar dat die sukkelende maatskappy vorentoe 'n wins kan toon. Hy is selfs bereid om bykomende kapitaal te verkry. Dit is oplaas nie nodig nie, aangesien iemand wat deur Stephenson as 'n anonieme "goedhartige vriend" beskryf word tot die redding kom met 'n tydelike lening van £250 000 teen 'n laer rentekoers as die bank s'n. Stephenson maak dit later duidelik dat die "vriend" Graaff was.[23] Uiteindelik koop ICS die Southern Cross Company uit en sluit die onderneming, maar nie voordat die verhoudinge tussen Graaff en sy lojale mede-direkteur Stephenson aan die een kant en Van der Horst aan die ander kant versuur het nie. Van der Horst was bereid om risiko's te loop met ondernemings waarin hy vertroue gehad het, terwyl Graaff adamant was dat alle kapitaaluitgawes wat nie spoedige voordele vir aandeelhouers bied nie, laat vaar moet word.[24]

Daarin geniet Graaff die steun van die meerderheid van die direksie, volgens Stephenson. Hy tabuleer hierdie kwessies sowel as die oorskot-probleem met die opeenhoping van huide en 'n

---

[19] B.M. Schoeman, *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976,* p. 87 en 128. Van der Horst het in Aliwal naelskraaps met 172 stemme verloor.

[20] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Box 2 in Nasionale Biblioteek. Memorandum, ongedateerd en nie onderteken nie, maar gemerk as (J K) Stephenson se verslag, pp. 1-2. Stephenson skryf die verslag nadat hy as nuwe direkteur sy eerste direksievergadering op 26 Julie 1920 bygewoon het.

[21] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 16 September 1920.

[22] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 16 September en 11 Oktober 1920 .

[23] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Stephenson se Memorandum, pp. 1-2.

[24] P. B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 126.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

walvis-projek (met Irvin & Johnson) as die oorsake van meningsverskille: "On most of these questions the Board did not agree with the Management and at times there was considerable irritation displayed," skryf hy.[25]

Die verdeeldheid in die direksie kom voor op 'n tydstip dat ICS ook getref word deur 'n verswakkende ekonomie. Die na-oorlogse insinking word deur 'n langdurige droogte vererger, militêre aankope kom feitlik tot stilstand en die aantal skepe om die Kaap wat voorrade moet aanvul neem drasties af. Die prys van vleis daal aansienlik en die vraag na neweprodukte soos huide en velle verswak dramaties. Dit word duidelik dat ICS in 1920 swak sal vaar en waarskynlik uit vorige winste sal moet put.Graaff neem Van der Horst onder meer kwalik dat hy sou gesê het "the Company would have to shut up". Van der Horst ontken dat hy hierdie woorde gebruik het; hy het eerder aan die direksie uitgewys dat te veel tyd verloop het sonder dat iets gedoen is in die rigting wat hy nodig geag het.[26]

Graaff reageer dat hy graag krediet gee waar dit toekom, maar dat te veel uitbreidings, veral buitengewone uitgawes wat eiendom en masjinerie betref, aangegaan is sonder dat die maatskappy se finansies behoorlik in ag geneem is. Hy wonder wat sou gebeur het as Van der Horst se aanbevelings oor 'n groot belang in South Georgia Whaling, die "Kerguelen Venture", ook 'n walvis-projek, en die Oos-Londense projek aanvaar is:

> "As a very large shareholder in the Company I give way to no one in my concern for the interests of the shareholders, and my best endeavours have been and will be given for the protection and furtherance of such interests."[27]

In die politiek kom Smuts intussen ook onder groter druk. Hoewel hy van Maart 1920 slegs met behulp van die Unioniste regeer, krimp sy meerderheid tot 'n riskante vier. Dit dwing hom tot beslissender stappe. In November 1920 smelt die SAP saam met die empire-gesinde Unioniste. Elf maande na die vorige verkiesing skryf Smuts 'n nuwe verkiesing uit wat op 8 Februarie 1921 gehou staan te word.

Drie dae voor die verkiesing sterf Graaff se ouer broer, sen. Jan Graaff, op 5 Februarie 1921. Hy en sy weduwee, Harriet Rosetta (née Grout), was kinderloos.

Die 66-jarige Johannes Jacobus Arnoldus Graaff , 'n senator vanaf 1918, was lank by boerdery en die aankoop van vee betrokke nadat hy hom in die beginjare by sy jonger broers by Combrinck & Kie aangesluit het. "Hy was 'n kenner van diere soos daar maar min in die land was," skryf *Die Burger* in die berig oor sy begrafnis, wat op sy plaas Bellevue in Portervilleweg (later Gouda) gehou word.[28]

Hy was 'n ietwat eksentrieke lid van die Graaff-familie. Familielede noem hom "Uncle John", maar sommige ander mense was bra onvleiend oor "Mal Jan" Graaff, wat voor sy dood daarop aangedring het dat hy in 'n kis met 'n glasdeksel en 'n telefoon begrawe moet word, ingeval hy uit die dode opstaan.[29] Sir David Graaff se jongste seun, Jannie, kom na sy oom se dood van die telefoon te hore en in die geselskap van 'n paar maats bel hy die nommer op die plaaslyn na Gouda. Na drie kort en lang luie kom die sentrale op die lyn en blaf: "Gaan bars!"[30]

Sen. Graaff het gereeld van sy woning, Bloemhof aan die Hoofweg in Seepunt, na die Parlement gestap. Hy het ook in 'n klein koets gery waarin daar net genoeg ruimte vir hom was. Voor op die koets, wat deur 'n groot perd getrek is, het die koetsier gesit. Dit was 'n sonderlinge rytuig

---

[25] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Stephenson se Memorandum, p. 5.
[26] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Van der Horst-Graaff, 22 November 1920.
[27] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Graaff-Van der Horst, 13 Desember 1920.
[28] *Die Burger,* 7 Februarie 1921.
[29] Meegedeel deur Pieter Graaff.
[30] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

wat altyd die aandag getrek het. Hy het ook somer en winter 'n lang, dik blou jas met 'n fluweelkraag gedra. Die jas het amper op sy skoene gehang. Dan het hy handskoene gedra en 'n besonder groot breërandhoed, wat hom met sy swart baard en lang snorbaard die voorkoms van 'n "brigand" gegee het – onder hierdie naam was hy algemeen bekend.[31]

Eendag het die senator in die Kompanjiestuin 'n gesprek aangeknoop met Frikkie Esau van Calvinia, wat op 'n bank langs hom gesit en siek en miserabel gelyk het. Toe Esau vertel dat hy sonder werk en glad nie in 'n goeie toestand is nie, neem hy hom huis toe as sy lyfbediende (valet). Esau versorg sen. Graaff op sy sterfbed en gaan werk daarna as hoofbediende (butler) vir sy broer David, 'n pos wat hy jare lank op De Grendel beklee. Daarna neem lady Eileen hom in haar diens tot haar dood in 1950, toe hy met pensioen aftree.[32] Na haar dood het Esau, met wie genl. Smuts gereeld 'n geselsie aangeknoop het wanneer hy by die Graaffs gaan eet, 'n paar jaar vir haar seun dr. Jannie Graaff gewerk.[33]

Die laaste jare van sy lewe was Jan Graaff se gesondheid nie goed nie. Een van sy erflatings is £500 vir 'n bed in die Volkshospitaal in Kaapstad wat "Senator John and Rosetta Graaff's Gift" genoem moet word.[34]

Sir David Graaff het sy ouer broer, wat van 1917 tot 1921 ook 'n direkteur van die Ou Mutual was, teen die einde geldelik gehelp. Op 26 Februarie 1917 gee hy aan Graaffs Trust opdrag dat 'n bedrag van £250 "…be placed annually to the credit of Mr J.J.A. Graaff as from 1 July 1914, the amounts to be debited to Sir David Graaff's personal account". [35]

Kort na sen. Jan Graaff se begrafnis word die verkiesingsuitslae van 1921 bekend gemaak. Hierdie keer vaar die nuwe SAP heelwat beter, met 79 setels teenoor die NP se 45 danksy die Unioniste-setels wat bykom.[36] Maar hoewel die meerderheid gerieflik lyk, lê daar vir Smuts, wie se party ideologiese saamhorigheid ingeboet het, verdere probleme voor.

In Imperial Cold Storage se topbestuur duur onenigheid voort. Teen einde April 1921 kom Van der Horst met 'n verdere verrassing vorendag: hy dui aan hy wil 'n kandidaat wees in die aanstaande verkiesing van direkteure van Ou Mutual. Die direksie, nou ook met Graaff en Stephenson as lede, reageer op die volgende direksievergadering sterk afwysend:

> "It was agreed that if Mr Van der Horst is elected a director of the South African Mutual, he will retire as managing director of the company after six months."[37]

Van der Horst word wel tot 'n direkteur van Ou Mutual verkies en hy moet uittree. Hy dien daarma tot 1950 jare lank in die versekeringsmaatskappy se direksie, waarvan vier jaar as voorsitter (1944-1948). Na sy uittrede by ICS word hy ook aangestel as besturende direkteur van Fletcher & Cartwright, die groot afdelingswinkel op die hoek van Adderley- en Darlingstraat in Kaapstad. 'n Eredoktorsgraad in die ekonomie is in 1926 deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken.[38]

Van der Horst spreek sy laaste jaarvergadering op 22 September 1921 toe. In 'n lang toespraak maak hy bekend dat ICS steeds 'n wins maak, maar vir die eerste keer sedert 1912 geen

---

[31] J.H. Steinmeyer se beskrywing in *Die Burger*, 18 Desember 1957.
[32] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 61. Esau was waarskynlik 'n familielid van Abraham Esau, die bruinman van Calvinia wat in die Anglo-Boere-oorlog weens sy simpatie met die Britte deur Boere-kommando's vermoor is.
[33] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff.
[34] SANA, Kaapstad. Testament van Jan Graaff, CA, MOOC, 6/9/1910.
[35] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 26 Februarie 1917.
[36] B.M. Schoeman, *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-197*, p. 79.
[37] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 10 Mei 1921.
[38] *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Vol. 3, p. 820-821.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

dividend kan betaal nie. Hy wys op die groei van die maatskappy sedertdien, maar spreek opnuut kommer uit dat die waarde van ICS se bates nie behoorlik in die balansstaat gereflekteer word nie. Aan die einde van die vergadering besluit die aandeelhouers eenparig dat hy 'n ruim bonus verdien.[39]

Graaff was nie teenwoordig nie, hy was in die buiteland. Sy gesondheid het verswak en hy raadpleeg spesialiste in Harley Street in Londen terwyl sy gesin in die De Vere Hotel oorkant die Kensington-tuin tuisgaan. Hy word na die gesondheidsoord Harrogate gestuur, maar daar gaan dit nog slegter. Oplaas neem hy sy hele gesin op 'n plesiervaart na Noorweë en die fjords. Sy gesondheid vind meer baat hierby as al die dokters en al die baaie by spa's. Behalwe uitstappies na die berge en die gletsers vind die Graaff-geselskap dat die Noorweërs Afrikaans verstaan en dat hulle 'n bietjie Noorweegs verstaan. Die Graaffs keer met nuwe lewenslus terug.[40]

In Graaff se afwesigheid waak veral James Keddie Stephenson oor sy belange. Onder geskrifte in die Graaff'-versameling in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad is 'n memorandum in die Stephenson-legger wat hy klaarblyklik geskryf het in reaksie op Van der Horst se laaste toespraak, wat net in verkorte vorm behoue gebly het. Die memorandum is ongedateerd, dus is dit onseker of Stephenson dit geskryf het in afwagting van wat Van der Horst gaan sê of nadat hy hom aangehoor het – en in welke mate Van der Horst na Graaff verwys het.

Volgens die memorandum verklaar Stephenson dat hy gehoop het dat Van der Horst hom sou weerhou van enige verwysings na die verskille tussen hom en Graaff, aangesien laasgenoemde in die buiteland is en homself nie kan verweer nie. Aandeelhouers kan aanvaar dat die belange van die Imperial Company ook die belange van sir David is, ongeag van wat Van der Horst tot die teendeel dink of sê, en sy enigste doel is om alles in sy vermoë te doen om die welsyn van die maatskappy te bevorder. "In his heart of hearts, Mr. Van der Horst knows this is so," verklaar Stephenson. Hy vind dit onverklaarbaar waarom Van der Horst 'n antagonistiese houding teenoor Graaff, die grootste aandeelhouer in die maatskappy, aangeneem het:

> "I believe that it was due to Sir David that Mr. Van der Horst became associated with this Company and that the salary attached to the position was due to the same kindly offices. I know that Sir David treated Mr. Van der Horst with every consideration even after he left his immediate employ and helped him not only with advice in the interests of this Company when asked to do so, but also helped to increase Mr Van der Horst's material prosperity…But this I do know that Directors, including Sir David Graaff, consider that the affairs of this Company demand the undivided attention of its Managing Director and other officials and that all outside engagements must give way thereto."

Stephenson gaan voort dat hy geneig is om te dink dat die werklike rede vir al die moeilikheid daarin geleë is dat Graaff nie met Van der Horst oor die walvis-projek saamgestem het nie, maar des te meer omdat Graaff nie bereid was om sy aandele teen £2 elk af te staan aan 'n groot finanshuis met wie Van der Horst in verbinding was nie.[41]

In 'n ander memorandum getiteld "Mr. Van der Horst" onder Stephenson se dokumente blyk dit dat die finanshuis Barnato Bros was, die groep van die mynmagnaat Barney Barnato, wat ICS wou oorneem op die grondslag van £2 per aandeel. Die ouditeure van ICS bereken egter saam met E. R. Syfret & Co dat die boekwaarde van die maatskappy se bates op 31 Desember 1919 op £2.19.3 per aandeel te staan gekom het sonder dat klandisiewaarde bereken is.[42]

---

[39] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 131-132.
[40] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 22.
[41] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. In 'n begeleidende nota by sy memorandum gedateer 25 September 1923 vra Stephenson vir sekretaris Raats om twee afskrifte van die memorandum.
[42] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Stephenson se memorandum getitel "Mr. Van der Horst".

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Stephenson skryf dat aandeelhouers in die omstandighede dankbaar moet wees dat Graaff sy aandele nie so goedkoop wou verkoop nie en sy weg oopgesien het om hom by die direksie aan te sluit en raad en advies te gee.

Uiteindelik deel Van der Horst vir Graaff mee dat die aandele-transaksie as gevolg van sy houding afgespring het. Stephenson verklaar voorts:

> "Van der Horst asked that his own shares, most of which he acquired on credit from Sir David, on a basis of 21 shillings each, be taken over at market value 38/6, to which Sir David agreed. By this alone Mr. Van der Horst netted some thousands of pounds without finding any capital at all…I regret that Mr. Van der Horst has not been able to see eye to eye in these matters with his fellow Directors and I doubly regret the personal animosity which he has shown to his friend and benefactor Sir David Graaff, who is not here to explain any action which he may have seen fit to take in the interests of the shareholders of the Company."[43]

Stephenson, wat vantevore tien jaar met sy vrou en kinders in die buiteland was, neem Van der Horst se bestuurspos in Oktober 1921 oor, sewentien jaar nadat hy dieselfde taak voorheen verrig het.[44]

In dieselfde maand ontbied die eerste minister, Smuts, vir Graaff na Pretoria om 'n oplossing te bespreek vir die probleem van vee wat uit die buurlande Suidwes-Afrika en Rhodesië ingevoer word. Vertoë is tot die Regering oor die onbevredigende situasie in die vleishandel weens skerp prysdalings van slagvee gerig. Veeboere kla by Smuts dat hulle 'n oorskot van slagdiere het en verplig is om dit onder die produksiekoste te verkoop. Hy doen teenoor Graaff aan die hand dat een groot koöperatiewe produsentevereniging deur veeboere gestig word, en dat so 'n vereniging verspreiding deur 'n bestaande verkoelingsmaatskappy reël. Hy meld dat die Meat Producers' Exchange 'n bestaande organisasie is wat moontlik die voorgestelde plan kan uitvoer. Graaff voer daarop samesprekinge met St. Charles Gwynne, besturende direkteur van die Exchange, met die oog op 'n vyfjaarkontrak waarvolgens die Imperial die Exchange se verspreiding sou behartig en sy groothandel-besigheid sou laat vaar. Wedersydse agterdog en wantroue veroorsaak dat dit 'n lang uitgerekte affêre word. Uiteindelik word 'n jaarkontrak op 10 Februarie 1922 gesluit waarvolgens Rand Cold Storage, 'n filiaal van die Imperial, as verspreider vir die Exchange sal optree.[45]

Die kontraktuele samewerking begin in 'n tydperk van groot onrus aan die Rand, waar 'n resessie en dalende goudpryse aanleiding gee tot die mynwerkerstaking van 1922, wat met geweld deur die Smuts-regering onderdruk word. 'n Gekose komitee van die Parlement stel in Junie en Julie van daardie jaar ondersoek in na die Meat Producers' Exchange. Graaff en Gwynne sowel as Smuts en sir Thomas Smartt, die minister van landbou, asook J.G.P. van der Horst is onder die getuies wat voor die kommissie verskyn.

Graaff se jarelange ervaring in die vleisbedryf kom sterk na vore in sy getuienis en hy toon hom meer as opgewasse teen kruisondervraging van kommissielede. Hy verklaar reguit dat hy "baie ontevrede" was met die reëling met die Exchange, wat daarop sou neerkom dat hy sy eie onderneming opbreek om 'n ooreenkoms met 'n maatskappy met powere finansies aan te gaan. Gevra waarom hy tog sy maatskappy met die Exchange geassosieer het, antwoord hy dat hy dit nie sou gedoen het nie as "sekere mense" nie so sterk ten gunste daarvan was nie. Op 'n verdere vraag of hy na die eerste minister (Smuts) verwys, sê hy: "I refer particularly to the mining interests also." Sy verwysing na mynhuise spruit klaarblyklik uit die groot belang wat

[43] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 2. Stephenson se memorandum oor Van der Horst se toespraak..
[44] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 1. Stephenson se ongepubliseerde memoires.
[45] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", p. 10-11.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

die Randse mynbase, met hul omvangryke vleisbehoeftes vir swart mynwerkers in die mynkampongs, in die hele vleiskwessie gehad het. Op 'n vraag of sy eintlike plan was om die hele bedryf in te palm (collar) antwoord hy: "…at all times any business, person, company or firm is always entitled to secure as much of the trade as they possibly can."[46]

Gwynne getuig dat die Exchange op 9 Mei 1921 as 'n "koöperatiewe kombinasie" van veeboere met 'n aanvangskapitaal van £4 000 gestig is. Aanvanklik was die lede veral groot beesboere uit Suid-Afrika en sy buurstate. Hy blameer onder meer afslaers vir die Exchange se probleme – "practically all the country auctioneers were against us…" - maar voer ook aan dat Graaff onderhandelinge uitgerek het: "Sir David was not dealing in good faith with us, he was simply playing us along."[47]

Van der Horst getuig dat hy 'n week na sy uittrede uit die Imperial in Johannesburg was, waar hy 'n ondersoek vir die Randse myne gedoen het. Gwynne het hom gevra om hom te spreek. In hul gesprek het Gwynne 'n lang uiteensetting gegee van die uitstekende ooreenkoms wat hy met Graaff bereik het, waarop Van der Horst opgemerk het dat, as hy dit reggekry het, dit 'n "wonderwerk" is.

In verdere getuienis gee Van der Horst 'n betekenisvolle beskouing van Graaff. Hy ontken dat hy uit kwaadgesindheid teenoor hom kom getuig het. Hoewel hy ernstige verskille met Graaff gehad het, was dit nie die oorsaak nie en kan dit nie aan persoonlike rusies of griewe gewyt word nie. Hul geskille spruit uit 'n botsende uitkyk op die lewe, in die besonder wat die sakelewe en die pligte van direkteurs betref:

> "He belongs to his generation and I to another, and I really understand his position better than he understands mine. In spite of attempts at reconciliation there was a fundamental difference which made it impossible for us to continue in business and work together in the new era in which we arrived. Naturally I felt that Sir David Graaff was a powerful man. To his charm of manner he adds uncommon natural ability and a very masterful personality, and has been for the last thirty years a power in the land, and a conflict of this kind on fundamental differences was a serious conflict. But the idea that it arose out of some personal question, and that I bear some personal grudge, is far removed from the facts."[48]

Smuts getuig dat hy Graaff oor 'n nuwe skema vir die vleisbedryf genader het omdat hy (Graaff) meer ervaring en meer kennis van die vleisbedryf, veral wat uitvoerhandel betref, as enigiemand anders in Suid-Afrika het. Hy het aan Graaff sy plan uiteengesit vir 'n groot koöperatiewe vereniging van boere wat deur die bestaande koelkamers en verspreiders werk en gevra of dit haalbaar is. Graaff het geantwoord: "Ja, dit is moontlik." Graaff het herhaaldelik aan hom gesê dat dit onmoontlik sou wees om enige reëling te tref as die Regering dit nie steun en goedkeur nie. Op 'n vraag van 'n komiteelid of daar 'n groot mate van agterdog oor die Imperial se werksaamhede is, antwoord Smuts: "Every financial corporation in South Africa is under great suspicion. We are a suspicious community, and sometimes our suspicions are justified."[49]

Die volgende jaar, in Mei 1923, stort die Meat Producers' Exchange in duie. Die oorsake is swak bestuur onder onervare mense en onenigheid en veranderinge in die direksie. Die doodskoot kom toe Rand Cold Storage kennis gee dat hy die verspreidingskontrak gaan opsê. In 'n amptelike ondersoek word later bevind dat dit moontlik is dat die samewerkingsooreenkoms in 'n "benevolent monopoly" tot voordeel van vleisprodusente én

---

[46] *Hansard*, Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange Limited. Getuienis van Graaff, 30 Junie 1922, p. 308 en 313

[47] *Hansard*, Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange Limited. Getuienis van Gwynne, 30 Junie 1922, pp. 17 en 386.

[48] *Hansard*, Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange Limited. Getuienis van J.G.P. van der Horst, 10 Julie 1922, pp. 482 en 487-488.

[49] *Hansard*, Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange Limited. Getuienis van Smuts, 15 Julie 1922, pp. 512-513, 529 en 521.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

verbruikers kon ontwikkel het. 'n Ware gees van samewerking het egter aan albei kante ontbreek en die mislukking "was probably not a misfortune for the country".[50] Verdere belangrike faktore was dat mynbase tydens die Randse mynstaking die druk op hul winste probeer verlig het deur die koste van vleis vir hul swart mynwerkers af te druk. Sodoende het die mynbase 'n alliansie met 'n groot verkoelingsmaatskappy en veeboere gevorm. Toe boere wat op die rand van bankrotskap was, die beheer oor die Exchange probeer oorneem om vleispryse op te stoot, het hulle misluk en het die onderneming ineengestort. Hul mislukking was in die eerste plaas aan die monopsonie van die myne en ICS te wyte, maar ook aan die massiewe verdeeldheid in die landbou self tussen groot veeboere en kleiner boere sowel as die indringing van mynbelange in die landbou. Die enigste instansie wat in staat was om kleiner boere se belange te beskerm en die onderneming te red, was die staat, maar onder Smuts is geen sodanige hulp verleen nie. Smuts se aanvanklike steun vir die Exchange onder leiding van Gwynne, 'n Rhodesiese beesboer, het bowendien vervaag nadat sy droom om Rhodesië by die Unie in te lyf in Oktober 1922 deur wit Rhodesiërs in 'n referendum verpletter is. [51] Smuts verwerp staatshulp vir die Exchange en verklaar reguit dat beesboere na hulleself moet omsien.[52]

Einde 1922 is Graaff vir die eerste keer sedert sy terugkeer tot die Imperial weer die voorsitter op 'n jaarvergadering, een in Johannesburg wat baie lewendig verloop. 'n Kenmerk is 'n aanval op die direksie deur 'n komitee van aandeelhouers wat op die vorige jaarvergadering met eenparige steun aangestel is. Graaff verduidelik dat ICS se verlies van £115 782 te wyte is aan die sluiting van die Oos-Londense koelkamers en substansiële steun wat aan verwante ondernemings gegee is – 'n klaarblyklike verwysing na die walvis-projekte wat Van der Horst gesteun het. Maj. Forsyth Allan staan toe op en verklaar dat die voorsittersverslag bloot 'n poging is om Van der Horst te diskrediteer. (Allan, 'n oudgediende van die Britse leër in die Anglo-Boere-oorlog, het hom daarna in Transvaal gevestig, waar hy 'n staatsaanklaer was.[53]) Hy verwys ook na Van der Horst se getuienis voor die gekose komitee oor die Meat Producers' Exchange waar hy verklaar het: "It pays directors sometimes to have a company badly managed for a time, because that affords them an opportunity of buying shares cheaply." Allan haas hom om te sê dat hy nie daarmee te kenne wil gee dat dit op ICS se direksie van toepassing is nie, maar hy wil tog vir Graaff aanraai om soos Caesar se vrou bo suspisie verhewe te wees. 'n Lid van die aandeelhouerskomitee, Thomas Farquhar, spreek ook bedenkinge uit oor 'n vertraging met die aflossing van skuldbriewe. Hy beweer selfs dat Graaff se alternatiewe voorstelle daarop kan uitloop dat aandele se waarde "by a stroke of Sir David Graaff's pen" met die helfte verminder kan word.

Graaff reageer ontstoke: "Onwaar! Onwaar!" Hy moet daarna ook aanluister hoe die direksie in 'n verslag van die aandeelhouerskomitee kwaai gekritiseer word, onder meer omdat die direksie traag sou wees om die werklike waarde van die maatskappy se bates bekend te maak en weier om 'n verteenwoordiger van die aandeelhouers in die direksie aan te stel. Die komitee betreur dit dat ander direkteure hulle by Graaff se "absolute dominansie" van die direksie neerlê.

Graaff verklaar dat hy eksepsie teen Allan se woorde neem. Dit is 'n "baie ernstige ding" om te beweer en onwaar om te kenne te gee dat ICS opsetlik wanbestuur word om die aandeelpryse af te druk. Hy sal nie toelaat dat die direksie deur Farquhar gedomineer word nie en hy weier dat die aandeelhouers verteenwoordiging in die direksie kry, sê hy. 'n Voorstel dat sy voorsittersverslag aanvaar word, word eers met die opsteek van hande verwerp, maar daarna eenparig aanvaar. Die vergadering sluit op 'n selfs eienaardiger noot af toe Allan 'n mosie van

---

[50] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", pp. 10-11.
[51] R. Morrell, "Farmers, Randlords and the South African State: Confrontation on the Wiwatersrand Beef Markets circa 1920-1923." *Journal of African History*, Vol. 27, No. 3, pp. 531-532.
[52] *Die Burger*, 19 Oktober 1922.
[53] *South African Who's Who*, 1929-1930.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

dank vir Graaff se voorsitterskap voorstel. Hy sê dat hy geen persoonlike aanval op die voorsitter gedoen het nie, maar die direksie as geheel gekritiseer het. Die mosie word deur maj. J.C. Bateman gesekondeer en onder applous aanvaar. Graaff bedank die aanwesiges, in die besonder Allan vir sy opmerkings toe hy die mosie voorgestel het.[54]

Graaff bly steeds betrokke by innovasies en tegnologiese ontwikkelinge. Sy vroeëre belangstelling in radio-kommunikasie speel 'n rol in samesprekinge hieroor wat in 1923 begin. Hy word verbind met die Marconi-maatskappy se reuse-sender wat by Klipheuwel opgerig word nadat tien morge grond digby die Ascot-renbaan in Milnerton daarvoor opsygesit is. Die sender was jare lank Suid-Afrika se vernaamste skakel met Europa. Die yslike radiomaste is uiteindelik na baie jare se diens afgetakel nadat moderner tegnologie beskikbaar geword het.[55]

Ten tyde van die verwikkelinge oor die Meat Producers' Exchange het Graaff middel 1922 'n belangrike kontrak in Suidwes-Afrika verkry. Die alleenreg vir vyftien jaar om bevrore vleis en vir drie jaar om vee uit die mandaatgebied na die buiteland te vervoer, word aan Imperial Cold Storage toegeken. Die maatskappy kry gratis 'n stuk grond in Walvisbaai vir die oprigting van koelkamers en ander geboue, gratis spoorweg-aansluiting en gunstige vervoer- en hawetariewe. Die maatskappy moet in ruil koelkamers oprig vir die verwerking van 150 stuks grootvee en 500 skape per dag, fabrieke moet gebou word vir die verwerking van die afval, koelkamers vir suiwelprodukte en 'n rokery vir ham en spek. Die reëling kry in 1923 kontraktuele beslag met die stigting van die South West African Cold Storage and Stock Farmers Limited.[56]

In *Die Burger,* wat 'n volgehoue veldtog voer teen uitbuiter-kapitaliste wat deur Boonzaier se Hoggenheimer-spotprente verpersoonlik word, word teen die "oktopus-vleesmonopolie van Imperiale Koelkamers" te velde getrek. In 'n frontaanval op die eerste minister, Smuts, beweer die koerant dat die oorspronklike plan was om 'n monopolie oor die hele Unie te verkry:

> "Dit het egter nie afgekom nie weens die tydige onthullings wat in verband daarmee gemaak is. Geheimsinnigheid het in daardie geval nie gewerk nie. Maar nou is daar darem 'n monopolie, al is dit net vir Suid-Wes. Die Imperiale Koelkamer-maatskappy het dit in die hande gekry en die Regering het sy goedkeuring daaraan geheg. Hierdie slag is die uiterste geheimsinnigheid in ag geneem en met die grootste welslae. Suid-Wes sit nou vas in die arms van die oktopus-vleesmaatskappy, wat amper die hele Unie onder sy suiers gekry het en wat in daardie rigting seker nog nie moed opgegee het nie. Hy wag net sy kans af.
>
> Die Regering met genl. Smuts het die veeboere van Suid-Wes, die hele mandaatgebied verraai in die hande van 'n kragtige monopolie. Waarom? Omdat hy heeltemal onder die plak van die kapitaliste en monopoliste sit. Dis meer as tyd dat genl. Smuts sy goed vat en trek. Hy word nou alte gevaarlik."[57]

Graaff verdedig hom in sy voorsittersrede op ICS se jaarvergadering op 18 Oktober 1923 in die hoofkantoor in Dokweg in Kaapstad teen klagtes dat hy die maatskappy domineer en voordeel uit 'n monopolie trek:

> "I now pass to a more or less personal matter… that I have been personally dominating the company's affairs. Even if this were true - and it is not the case - I should not agree that the interests of the shareholders had suffered in consequence. The facts are quite simple. It is by no means an easy matter to find a suitable man with the necessary experience for managing a business of this kind… In the meantime - no matter how great the

[54] *Rand Daily Mail,* 18 Desember 1922.
[55] E. Rosenthal, *History of Milnerton,* p. 58.
[56] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", pp. 11-12.
[57] *Die Burger*, 31 Oktober 1922.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> inconvenience to myself - I am prepared to continue to give such assistance as I can in the conduct of your company's affairs.
> Criticism such as I have described is often coupled with a free use of the word 'monopoly' and, as you are aware, the term 'monopoly' has been in considerable vogue for some time past in regard to the operations of the Imperial Company. It is generally associated with sinister whispers of illicit profits and ill-gotten gains. In view of my fairly large holding of shares in the company, I cannot but be interested in such suggestions - interested and, shall I say, amused? From 1911 to 1923 the average dividends paid by the company represent 3.64 per cent per annum, and since 1920 no dividend has been paid. And incidentally, I might here remark, in view of false statements made concerning the profits I am alleged to have received from the company, that during this period my firm received an average annual return of less than 2 per cent on their share capital invested in the company.
> I find, further. that this so-called 'monopoly' of the meat trade which we are alleged to hold represents only 23.6 per cent of the trade in beef, and 19.6 per cent in mutton in the Cape Peninsula... I fail to see how we can be accused of holding a monopoly.
> It must be remembered that large cold storage concerns in other parts of the world have incurred heavy losses since the war owing to the unstable state of the world's markets. Our difficulties have not been singular, but it is the aim of your directors by every judicious means to avoid future losses and to endeavour to bring about an improvement in our trading conditions." [58]

Die beskuldigings van 'n monopolie duur egter voort. In die Volksraad hamer die opposisie op die verlening van die Walvisbaai-kontrak aan Imperial Cold Storage. Hertzog, toe nog die opposisieleier voor die 1924-verkiesing, maak beswaar teen die kontrak, wat op "regsgeleerde advies" wat aan die Regering gegee is nie aan die Parlement voorgelê is nie. Dit is "een van die meest nadelige kontrakte en een van die meest nadelige voorregte wat ooit deur die Regering aan enige liggaam of persoon verleen is," sê hy. Uitsluitende regte is aan die "groot monopolie op Walvisbaai" toegeken om koelkamers daar op te rig en daarvoor word aan "...die maatskappy 300 000 morge grond verleen om dit te doen, sodat hulle die nodige weiveld en anders sal hê om beesboerdery of skaapboerdery uit te voer op grote skaal..."[59]

Smuts voer aan dat, as daar nie 'n opening gemaak word vir die uitvoer van vee uit Suidwes nie, Suid-Afrika vir lief sal moet neem dat die Unie in toenemende mate die afsetgebied vir daardie dele sal word. Die produsente in Suidwes het die Unie-regering "gesmeek" om 'n uitweg te vind. Tenders is vir koelkamers gevra, en twee tenders het ingekom: die een van ICS en die ander van Suidwes-boere. Die boere het twee voorwaardes gestel, dat "die Regering die nodige finansies verskaf en 'n volmaakte monopolie vir die uitvoer van vleis na oorsee en Suid-Afrika sou opsit". Die Regering sou elke pennie moes verskaf en was nie bereid om dit te doen nie. Die Regering het ook sy bes gedoen om die Suidwes-maatskappy Liebigs in te kry, maar daardie maatskappy het dit duidelik gemaak daar daar vir hom geen profyt in sou wees nie. Wat die grond betref, dit lê in die woestyn op die Omatakoe-vlakte waar niemand woon nie. Daar is geen water nie en 'n tydperk van vyf jaar is toegeken om vir water te boor. Boonop kan die Regering die onderneming met ses maande kennisgewing oorneem.

Smuts betoog dat "daar nie die minste kwessie is dat die oplossing in die belang van die Unie is". Hy gee toe dat hy die kontrak aan die Parlement sou voorgelê het as sy aandag betyds daarop gevestig is, maar nou is dit te laat; die kontrak is reeds in 1922 aangegaan. Die Regering se regsadviseurs het die Regering ingelig dat hy wettig optree, en daar was nie die geringste bedoeling om wetlike of morele verantwoordelikheid te vermy nie. Hy erken ook dat die vleishandel in Suid-Afrika, vernaamlik wat uitvoer betref, in monopolistiese hande geval het, maar dit is genoodsaak deur "die onverbiddelike omstandighede van die land". Hier en in die buiteland is die vleishandel 'n affêre wat groot bedryfservaring, groot kapitaal en groot

[58] *The Cape Times*, 19 Oktober 1923.
[59] *Hansard*, kol. 1094-1096, kol. 1099, 26 Maart 1924.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

kennis van sake vereis, en oral word dit deur spesialiste gedryf. Elke poging van boere om self koelkamers op te sit het in duie geval. In Suidwes was alle ander voorstelle van die tafel af; net die Imperial het oorgebly. "Had ons aan hulle moet sê, 'Nee, julle is melaats, ons wil niks met julle te doen te doen hê nie?' Sou dit 'n verantwoordelike houding vir enige regering gewees het?"[60]

In die debat wat daarna voortgesit word, verklaar die minister van spoorweê en hawens, J.W. Jagger, dat die vleishandel oor die hele wêreld in die hande van 'n paar enkelinge gekom het. In die Verenigde State is daar vier – Swift, Armour en twee ander. Op 'n vraag van 'n Nasionalis, C.W. (Charlie) Malan, of dit gesond is, antwoord hy: "No, but we cannot help it."[61]

Teen die tyd dat die debat in die Volksraad gevoer word, het die gety teen Smuts se SAP-regering aanmerklik gedraai. Na die verkiesing van 1921 het onrus in die land steeds nie bedaar nie, terwyl 'n ekonomiese insinking van 1920-1923 verder tot die ongewildheid van die regering bygedra het. Smuts onderdruk die Bulhoek-opstand in die Oos-Kaap met geweld, en in 1922 volg verdere hardhandige optrede en lewensverlies toe hy krygswet afkondig om die groot mynwerkerstaking aan die Rand met behulp van die leër en die lugmag te beëindig. Woede heers onder alle bevolkingsgroepe oor die regering se gewelddadige optrede. Teen April 1923 sluit die Nasionale Party en die Arbeidersparty 'n ooreenkoms om mekaar in die volgende verkiesing te steun teen kandidate van die SAP.[62]

Toe die SAP in April 1924 'n tussenverkiesing in Wakkerstroom verloor, raadpleeg Smuts vir Graaff oor wat hom te doen staan. Die gesprek was klaarblyklik deel van 'n deurlopende proses van dialoog tussen die twee. Die invloed van Smuts, soos dié van Louis Botha, was "altyd teenwoordig" in die Graaff-huishouding, volgens Graaff se seun De Villiers. Albei was gereelde besoekers aan De Grendel.[63]

Klein De Villiers Graaff, toe tien jaar oud, skink die koffie in De Grendel se studeerkamer en hy luister met groot oë na die gesprek. Graaff adviseer Smuts om voort te gaan aangesien die ekonomie aan die verbeter is en die terugkerende soldate hul klagtes begin vergeet. Hy waarsku Smuts ook dat, as hy bedank, hy hom moet klaarmaak om minstens vyftien jaar in die wildernis deur te bring.[64]

Smuts veronagsaam die advies en dien die volgende dag sy bedanking in, sonder dat hy sy kabinet geraadpleeg het. Lady Eileen Graaff, wat 'n wenk van Patrick Duncan gekry het, is een van die weinige mense in die openbare galery van die Parlement toe Smuts die aankondiging doen. Sy bel haar eggenoot onmiddellik daarna met die nuus uit een van die parlementslede se kantoor, waar een van die parlementêre bodes wat haar onthou uit die dae toe haar man in die kabinet was, haar toegelaat het om die telefoon te gebruik.

Graaff reageer ontsteld: "Die Jannie, die Jannie, hy wil nie hoor nie." Hy haas hom na die Parlement om met Smuts te redekawel en dreig selfs dat hy gaan weier om hom in die komende verkiesing te help.[65]

In die waterskeiding-verkiesing van 19 Junie 1924 word die regerende party vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis by die stembus verslaan; die tweede keer volg eers in 1948, toe dr. D.F. Malan se Nasionaliste oorneem. Die Pakt-regering van Hertzog se Nasionaliste en kol.

---

[60] *Hansard*, kol. 1096-1098, 1103-1105, 26 Maart 1924.
[61] *Hansard*, kol. 1108, 26 Maart 1924. Swift & Company is die maatskappy wat La Plata in Argentinië by Graaff gekoop het, volgens sy getuienis voor die Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange.
[62] C.F.J. Muller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* p. 361-362.
[63] De V. Graaff, "Jan Smuts Remembered – A Centennial Tribute," p. 1.
[64] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 25.
[65] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 25.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

H.F.P. Creswell se Arbeiders verower saam 81 setels teenoor die SAP se 53.[66] Graaff se voorspelling oor Smuts se lot blyk ook akkuraat te wees: Smuts word vyftien jaar later eers weer eerste minister. Hertzog lei die land tot 1939.

'n Kwarteeu na die verkiesing van 1924 eet sir De Villiers Graaff, wat die setel Hottentots-Holland vir die Verenigde Party in 1948 se verkiesing verower het, saam met Smuts in die eetkamer van die Parlement. Hy herinner Smuts aan die insident in 1924, en sê dat hy altyd gewonder het of sy vader werklik nie in daardie jaar se verkiesing gehelp het nie. Smuts antwoord: "Old Dawie, your father, was the most loyal follower any leader ever had."[67]

Die verkiesingsjaar 1924 word vir Graaff ook 'n jaar van groot uitbreidings wat die Imperial betref. Hy verkry in die loop van 1924 volle beheer oor ICS toe hy die aandele van De Beers, 'n stigterlid van die maatskappy in 1902, oorneem. De Beers se belegging in die verkoelingsbedryf het in 1919 nog £332 894 bedra. In September 1924 verkoop De Beers sy 43 549 aandele in ICS aan Graaff vir £43 549.[68] Toe Graaff die diamantmaatskappy se belang oorneem, kom De Beers se verbintenis van 22 jaar met ICS tot 'n einde.[69]

In 1924 word ook die aanvoorwerk gedoen vir wat mettertyd 'n belangrike vleiskontrak met die Italiaanse weermag sou word. Die Suid-Afrikaanse handelskommissaris in Europa, Karl Spilhaus, skryf in Mei uit Rotterdam, waar hy gesetel was, aan Smuts dat hy op pad na Londen is om met Graaff nuwe ontwikkelinge in die vleishandel met Italië te bespreek.[70] Spilhaus sluit hom later by ICS aan.

In dieselfde jaar gaan Imperial Cold Storage se skrander en uitgeslape veekoper, Wolfe Davis, na Suid-Rhodesië (Zimbabwe) omdat die gehalte van vee in Suid-Afrika nie altyd na wens was nie. Volgens 'n latere voorsitter, Bill Neate, kon Davis, wat 'n formidabele geheue gehad het, lees, maar nie skryf nie – "al die syfers ensovoorts was in sy kop".[71] Davis beraadslaag met kabinetslede en amptenare en beding met die British South Africa Company, die ou Charter Company van Rhodes, 'n kontrak om 50 000 stuks vee aan ICS te verskaf. Die slagvee moes van die beste gehalte wees en lewend na Johannesburg vervoer word, waar Rand Cold Storage 'n kontrak met Randse myne aangegaan het om 60 persent van hul vleis vir die jaar te lewer.[72]

In Betsjoeanaland (Botswana) verkry ICS die alleenreg om koelkamers in die protektoraat op te rig, asook 'n groot stuk grond vir veeboerdery. In Suidwes-Afrika verleen die Administrasie aan ICS 'n opsie om 250 000 hektaar grond in die distrik van Outjo aan te koop, spesifiek om vee vir die uitvoermark te verskaf.[73] Graaff begin om verkoelde beesvleis (chilled beef) uit te voer. Een van die eerste besendings gaan na Italië, waar hy self die skip inwag en 'n kontrak met die Italiaanse weermag sluit wat 'n hele klompie jare voortduur.[74] In Suid-Rhodesië word in September 'n verdere konsessie aan ICS toegestaan om koelkamers en slagpale in te rig. Grond daarvoor word in Bulawayo verkry, sowel as 800 hektaar aangrensende weiveld. Graaff stig die Rhodesian Export & Cold Storage Company, waarvan hy die voorsitter en Karl Spilhaus, die voormalige Suid-Afrikaanse handelskommissaris, 'n direkteur word.[75]

---

[66] B.M. Schoeman, *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976,* p.128.
[67] De V. Graaff, "Jan Smuts Remembered – A Centennial Tribute," p. 2.
[68] De Beers Argief, Kimberley. S4/ ICS12. A. Drake aan De Beers se hoofrekenmeester, 18 September 1924.
[69] R. Frankel, *Tiger Tapestry,* p. 166.
[70] NASA, Pretoria. Smuts-versameling A1 214. Spilhaus-Smuts, 19 Mei 1924.
[71] Onderhoud met Bill Neate.
[72] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 9 Januarie, 4 en 7 Februarie 1924.
[73] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 7 Maart 1924.
[74] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 28.
[75] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Eerste vergadering van Rhodesian Export & Cold Storage Company, 29 Desember 1925.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Die Imperial verklaar in 1924 vir die eerste keer in 'n paar jaar 'n dividend, 7½ persent. Op die jaarvergadering word 'n nuwe direkteur aangestel: Ryno Verster, 'n voormalige burgemeester van Kaapstad en die eienaar van 'n groot slaghuis in Langstraat. Die volgende jaar word die dividend tot 10 persent verhoog en word nog 'n nuwe direkteur aangekondig: Karl Spilhaus, wat volgens Graaff 'n knap en ervare sakeman is en groot organisasievermoëns het. Op hierdie jaarvergadering verseker Graaff aandeelhouers dat die intrinsieke waarde van hul aandele die hoogste in die maatskappy se bestaan is.[76] Op 'n gewone direksievergadering twaalf dae later besluit die direkteure om die aandelekapitaal van £400 000 tot £750 000 te verhoog – sonder dat die aandeelhouers geraadpleeg is, soos wetlik vereis is.[77]

Die groei en dominante posisie van Imperial Cold Storage ontgaan die nuwe regering van genl. Hertzog nie nadat hy die bewind oorgeneem het nie. Einde Oktober 1924 gelas die nuwe minister van landbou, genl. J.C.G. Kemp, die Raad van Handel en Nywerheid om ondersoek na die vleis-, vis- en ander voedselbedrywe in te stel. 'n Kommissie onder voorsitterskap van A.J. Bruwer lewer in Junie 1925 'n verslag waarin die Imperial die vernaamste teiken is, hoewel in die bevindinge ook na Transvaalsche Koelkamers verwys word.

Die kommissie gee 'n lang uiteensetting van ICS en sy voorgangers en doen 'n reeks van aanbevelings aan die hand, klaarblyklik daarop gemik om monopolistiese toestande teen te werk. In 'n beduidend sosialistiese aanslag word onder meer aanbeveel dat 'n aantal sterk koöperatiewe vleisprodusenteverenigings, met koelkamergeriewe op strategiese punte tot hul beskikking, gevorm word. Die Regering en munisipaliteite moet hul eie slagpale en koelkamers oprig, hoewel die fasiliteite hulleself moet finansier. Voldoende vervoergeriewe moet op gunstige voorwaardes verskaf word, en "ander stappe" gedoen word om die uitvoer en plaaslike verbruik van bederfbare produkte te bevorder. 'n Beheerraad moet ingestel word om alles te beheer en te koördineer. Laastens word die Regering gevra om onmiddellik vas te stel wat gedoen kan word om die monopolie-aspekte van die 1922-ooreenkoms tussen die Suidwes-administrasie en ICS uit te skakel.[78]

'n Minderheidsverslag word ingedien deur prof. H.E.S. Fremantle, 'n vriend van Hertzog en een van die Engelssprekende stigters van die Nasionale Party. Sy bevindings bots, verrassend, reëlreg met dié van die drie ander lede van die kommissie, wat hy van 'n obsessie met ICS beskuldig. Hy meen dat daar eintlik 'n baie eenvoudige verklaring vir die geskiedenis van ICS is: dit is grootliks te wyte aan die algemene verloop van gebeurtenisse in die land. Combrinck & Kie en sy opvolgers het tydens die Anglo-Boere-oorlog, toe vleispryse skerp gestyg het, die geleentheid aangegryp. 'n Politieke lawaai het ontstaan. Maar wat klagtes betref dat te veel vir vleis gevra is (overcharging), daar is geen statistiese getuienis in die meerderheidsverslag nie. Dit is beslissend op die proef gestel toe verskeie mededingende ondernemings na die oorlog begin is, waarvan een, Rhodes s'n, genoeg kapitaal agter hom gehad het – maar almal was spoedig omtrent al hul kapitaal kwyt. Sedert die groei van die uitvoermark is ICS opnuut onder beheer van diegene wat 'n sukses van Combrincks gemaak het, maar saketoestande is steeds uiters moeilik, met die gevolg dat mededingers óf nie vorendag kom nie óf nie hulleself kan handhaaf nie. Die mislukking van die Meat Producers' Exchange kan syns insiens nie aan enige optrede van ICS gewyt word nie, maar aan inherente swakheid, en dieselfde geld vir 'n lang lys mededingers, beginnende by De Beers. Wat die "groot gebruik van politieke invloed in die bedryf" betref, is daar sover hy weet geen getuienis om so 'n ernstige aanklag te staaf nie. Hy verwerp ook die bewerings van 'n monopolie, aangesien ICS en sy filiale slegs 20 persent van die kleinhandel beheer en daar genoegsame mededinging in die groothandel is. ICS staan wel alleen in die uitvoermark en was die enigste maatskappy wat uitvoerpremies (bounties)

[76] Notules, Kaapse direksie van ICS, 10 April 1924 en 10 Junie 1925.
[77] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa*, p. 148.
[78] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", Aanbevelings: pp. 48-50, 8 Junie 1925.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

ontvang het. Maar ICS was ook die enigste maatskappy wat hom ingevolge die wet daarvoor geregistreer het; dit staan ander vry om hulle ook te registreer.[79]

Die Imperial loop deur onder negatiewe publisiteit nadat die kommissie se aanbevelings gepubliseer is – en toe volg 'n verdere debakel. Teen die einde van die jaar stel die Hertzog-regering nog 'n kommissie van ondersoek aan wat vir ICS 'n verleentheid word. Dit staan mettertyd bekend as die Geval van die Besmette Eiers: 'n ondersoek na ernstige klagtes uit Brittanje dat eiers wat uit Suid-Afrika ingevoer word na appels, pynappels en sitrus ruik. Sowat 80 000 kiste eiers ter waarde van £240 000 wat uit Kaapstad verskeep is, is veral deur lemoene in die Kaapse koelkamers gekontamineer.[80]

Die ondersoek volg op 'n seemanstaking in September 1925 in die Kaapse hawe, juis op 'n tydstip dat ICS sy veldtog om sy koelkamergeriewe aan boere bekend te stel sterk uitbrei. Die gevolg is dat meer vrugte en eiers as ooit tevore na die Kaapse hawe stroom. Die toevoer help om die tanende uitvoermark vir vleis teen te werk, maar ICS word die slagoffer van sy eie reklamesukses. Sy koelkamers word tot barstens toe gevul met sitrusvrugte, pere, appels en pynappels sowel as hoendereiers wat van oral in die land aankom.

Volgens getuienis voor die kommissie is appels uit die Kaapprovinsie en lemoene uit Transvaal in tienduisende kiste in die koelkamers opgestapel. Die appels het begin opbreek en later die lemoene, wat gemuf en verrot het. Sap het uit die kaste geloop en een ooggetuie beskryf die koelkamers vir sitrusvrugte as "just a solid mass of blue, stinking fungus". ICS neem meisies in diens wat van die bokse wat gered kan word elders pak en ander met vrot vrugte saans in die see gooi. Die koelkamers vir die uitvoer-eiers was langs die verrottende vrugte; partykeer is eiers ook in die koelkamers gepak waaruit vrugte verwyder is.

Die Imperial weier op regsadvies om voor die kommissie te verskyn op grond daarvan dat eise om skadevergoeding teen ICS hangende is. Die Union-Castle Line, teen wie soortgelyke eise dreig, lewer egter wel getuienis.

Die verslag van die kommissie van ondersoek, bestaande uit kol. Irvine Smith (voorsitter), dr. C. F. Juritz en mnr. E. A. Griffiths, word einde Maart 1926 in die Volksraad ter tafel gelê. Die kommissie bevind dat atmosferiese kontaminasie van sitrus, appels, pynappels, en allerlei ander geure voor verskeping die besmetting van die eiers veroorsaak het. Selfs Australiese botter wat inderhaas na Engeland uitgevoer is sowel as vleis is met vrugtegeure gekontamineer. Die proporsionele verspreiding van die besmetting is volgens die kommissie 90% te wyte aan ICS en 10% aan die Union-Castle Steamship Company.

'n Reeks van aanbevelings word gedoen om toestande te verbeter. Die kommissie wys daarop dat dit gevaarlik is om eiers vir die uitvoermark saam met vrugte in een gebou te hou, veral in 'n gebou waarin allerlei soorte vrugte, vleis, bewerkte hoenders, kaas, vis en afval geberg word. Die kommissie beveel aan dat radikale veranderings in die hantering van vrugte en eiers ingestel word, en dat die Regering hierdie taak oorneem. Ook word aanbeveel dat alle regeringskontrakte en -ooreenkomste met ICS deur die Regering se regsadviseurs nagegaan word met die oog op hersiening en kansellasie waar moontlik. Die bergingsgeriewe by alle Suid-Afrikaanse hawens moet uitgebrei word. Voorts moet verkoelingstrokke by geskikte sentrums in die spoorwegstelsels beskikbaar wees, en die spoorwegadministrasie kan dan ys vir die trokke lewer teen 10s per ton pleks van ICS se 38s 4d per ton.

Die kommissie beveel ook aan dat regsadvies ingewin moet word oor die posisie van inspekteurs wat die onwettige berging van uitvoer-eiers toegelaat het. Laastens moet geregtelike stappe ingestel word (legal proceedings be instituted) teen sir David Graaff, voorsitter, en die

---

[79] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", Fremantle: pp. 52-54., 10 Junie 1925.

[80] *Hansard*, Bylae by die Verrigtinge in die Volksraad: "Report of the Egg Export Commission". Die kommissie is op 16 November 1925 aangestel.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

takbestuurder van ICS weens oortreding van die regulasies oor die verkoop van eiers.[81] Hiervan het egter niks tereggekom nie.

Die twee kommissies se bevindings kon die nuwe regering kwalik meer gelief by Graaff gemaak het. Hy reageer heftig op die jaarvergadering in 1926 en beskuldig die kommissies daarvan dat hulle aan ICS metodes en motiewe toeskryf "which were entirely unsupported by facts or by any evidence that could be deemed trustworthy". Dit lyk ook nie of die gebeurde hom van stryk gebring het nie. Op die jaarvergadering kondig hy aan dat die maatskappy se vertoning in die afgelope boekjaar suksesvol genoeg was om 'n dividend van 10% uit te keer, terwyl 'n verdere 2,5% by die dividendbeskermingsfonds gevoeg word.[82] Kort daarna word 'n skikking boonop bereik met die Egg Exporters' Association, wat 'n eis om skadevergoeding ingestel het. Die eis word laat vaar toe ICS instem om aan Johannesburgse uitvoerders 2s per verlore kis en aan Kaapse produsente 1s 6d per kis uit te betaal.[83]

In dieselfde jaar huur Graaff 'n private spoorwegwa van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en neem sy hele gesin en dr. Lawrence Herman na die Victoria-waterval, waar hulle 'n paar dae in die treinkoets oorbly. Onderweg doen hulle ICS se romery op Lobatsi by die grens van Betsjoeanaland aan. Wolfe Davis sluit vir 'n deel van die reis by die geselskap aan, wat ook per motor na die Shangani-veeplaas gaan.[84] Dié plaas en nog 'n beesplaas in Suid-Rhodesië, Nuanetsi, was twee van die grootste en beste veeplase in die gebied. Dit is deur die Rhodesian Land, Cattle and Ranching Corporation beheer, wat op 15 Oktober 1926 gestig is nadat die Rhodesian Export & Cold Storage Company tot stand gekom het. Die Imperial was saam met Anglo American en die Charter Company die drie grootste aandeelhouers in die twee reuse-plase naby die grens van Mosambiek wat sowat 2,75 miljoen acre (ongeveer 1,1 miljoen hektaar) beslaan en 80 000 stuks vee ingesluit het. Die beheermaatskappy begin met 'n aanvangskapitaal van £800 000 waartoe die drie maatskappye onderskeidelik £250 000, £250 000 en £300 000 bygedra het.[85] Graaff se oudste seun, De Villiers, vergesel van sy jonger broer, David, gaan later vir 'n jagtog na Nuanetsi as 'n beloning van sy ouers omdat hy Matriek op vyftienjarige ouderdom met 'n eerste klas geslaag het.[86]

Graaff beheer teen hierdie tyd landboubelange wat van oos na wes dwarsoor die landkaart van Suider-Afrika strek, en hy verklaar in sy jaarverslag vir 1926 dat ICS vleis na Italië, Frankryk, België, Nederland en Duitsland uitvoer.[87] Hy en sy eggenote bring in dieselfde jaar ook 'n besoek aan die Verenigde State, waar hy by die Buick-fabriek in Detroit 'n Buick koop waarmee hulle in Amerika rondreis voordat hulle na Suid-Afrika terugkeer. Prohibisie was nog van krag en Graaff se private sekretaris, maj. J.C. Bateman, smokkel whisky verby die doeane en beheerpunte deur die bottels in lady Graaff se naaldwerkmandjie weg te steek. Hy beland in haar slegte boeke toe sy dit ontdek.[88]

---

[81] *Hansard*, Bylae by die Verrigtinge in die Volksraad: "Report of the Egg Export Commission," 22 Maart 1926, pp. 7-15.
[82] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, direksie van ICS, Voorsitterverslag op jaarvergadering, 12 April 1926.
[83] Tiger Brands Argief, Johannesburg . Notule, direksie van ICS, 1 Julie 1926.
[84] De V. Graaff, *Div Looks Back,* 27-28.
[85] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, direksie van ICS, 3 September 1926.
[86] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 31.
[87] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, direksie van ICS, Voorsitterverslag op jaarvergadering, 12 April 1926.
[88] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p.26.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Vroeg in 1927 ontval Graaff se broer Kobie hom. Op besoek aan Londen vir mediese behandeling sterf sir Jacobus op 5 April 1927 in die Hyde Park Hotel.[89] Hy word drie weke later onder blyke van groot deelneming uit die Groote Kerk in Kaapstad begrawe. Die roudiens word gelei deur ds. J.P. van Heerden, skoonvader van sir David, wat met sy gesin die diens bywoon. Mense staan die sypaadjies vol toe die begrafnisstoet verbygaan en die verkeer in Adderleystraat word 'n ruk lank stopgesit.[90]

Die jonger Graaff-broer was 64. Hy sterf as 'n welgestelde man, met verskeie eiendomme en 'n groot portefeulje aandele wat in sy boedel opgeneem is. Die reëling oor winsdeling tussen hom en sy broer sir David as vennote van Graaffs Trust is vier jaar tevore gewysig.Tot in daardie stadium was die verhouding 2:1, twee derdes aan sir David en een derde aan sir Jacobus na voorsiening van 4% rente op kapitaal. Sedertdien is die basis van winsdeling gegrond op die verhouding tussen die twee se onderskeie kapitaalrekenings, te wete sir David 77,6% en sir Jacobus 22,4%.[91]

Die hegte bande tussen die twee broers wat jonk-jonk saam in Combrinck se slagtery begin werk het, blyk ook uit sir Jacobus se testament. Hy stel sir David as eksekuteur van die boedel aan, maar laat geen geldelike erflating aan hom nie, net 'n spesiale versoek: "… to select for himself from the jewellery and personal belongings left by me some memento of our lifelong affection, cooperation and mutual understanding, and subject thereto I bequeath to Lady De Villiers Graaff and to each of her children a sum of £105 wherewith I ask them each to purchase a memento of me".

Naas sy vrou en vier kinders word 'n hele aantal ander familielede in sir Jacobus se testament begunstig. Een is sy suster Hannie, mev. Maritz Botha, wat 'n jaargeld van £500 erf, en 'n ander sy neef Pieter Hendrik de Villiers Graaff, die Kaapse Rebel van Vlaklaagte, Holmdene (Tvl.), wat 'n jaargeld van £200 ontvang.[92] Sir Jacobus se weduwee, lady Susan, erf onder meer hul woning Bordeaux in Seepunt. Die huis was geleë op die erf oorkant die strandfront waar die Bordeaux-woonstelgebou later gebou is. Die nabygeleë Graaff's Pool is na sir Jacobus en sy broer sir David genoem. Nadat die eiendom aan die stadsraad oorgedra is, was dit 'n ruk lank 'n getypoel slegs vir mans, maar in 1994 is dit vir albei geslagte oopgestel. In 2005 is die omringende betonmure weens stormskade afgebreek.[93]

Ten tyde van sir Jacobus se dood word verdere pogings aangewend om die ouer Graaff in 'n leiersposisie terug in die politiek te kry. Sir David se seun De Villiers vertel van 'n besoek wat Tielman Roos, die destydse stormvoël van die Suid-Afrikaanse politiek, saam met Colin Steyn en Gys Hofmeyr, voormalige administrateur van Suidwes-Afrika (Namibië), in die Majestic Hotel in Kalkbaai aan Graaff gebring het. Die jeugdige De Villiers moet die drankies skink en hy luister aandagtig na die gesprek. Die drietal lig Graaff in dat hulle 'n nuwe sentrale party in die politiek wil stig en hom as leier wil hê. Graaff stel hulle teleur, aangesien hy nóg instem om hul party te lei nóg 'n donasie wil gee wat hulle graag wou hê. Na hul vertrek vra Graaff dat sy seun genl. Smuts moet opbel en vir aandete moet nooi om 'n baie belangrike saak te bespreek. Smuts kom twee aande daarna na die hotel, en De Villiers onthou hoe verbaas Smuts op sy vader se mededelings gereageer het.[94] Die ouer Graaff skryf later vanaf De Grendel 'n brief aan Smuts waarin hy na Gys Hofmeyr verwys:

---

[89] *The Times*, 7 April 1927.
[90] *Die Burger*, 18 Mei 1927.
[91] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 11 April 1923.
[92] SANA, Kaapstad. Testament van sir Jacobus, CA, MOOC, 6/9/3142.
[93] Argief, Kaapse Stadsraad. Persverklaring van Stad Kaapstad, No 137/2005, 10 Junie 2005.
[94] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 25.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

"I daresay you are aware that 'Gysie' is busy re the hereeniging. I don't think it is worth taking notice of."[95]

Graaff, wat op 30 Maart 1927 sy 68ste verjaardag vier, begin na sy jonger broer se dood besef dat hy nie onbepaald in dieselfde tempo kan voortgaan nie. 'n Jonger man sal die leisels moet oorneem. Op 'n direksievergadering in April 1927 kondig hy aan dat hy besluit het om as voorsitter van ICS uit te tree, en Karl Spilhaus neem oor as voorsitter. Spilhaus lewer die voorsittersrede op die jaarvergadering op 27 Mei 1927.[96]

Graaff tree dieselfde jaar ook uit as voorsitter van Milnerton Estates, waar hy opgevolg word deur die latere goewerneur-generaal maj. Gideon Brand van Zyl, wat Graaff ook as voorsitter van Milnerton se plaaslike raad opvolg. 'n Waardasie van eiendom onder die nuwe plaaslike raad, wat in 1926 tot stand gekom het, toon dat die erwe in die dorpsgebied in Januarie 1927 'n belasbare waarde van £123 190 het. Hiervan besit Milnerton Estates 61,6 persent, wat £75 895 verteenwoordig.[97]

In die loop van 1927 tree gewysigde inkomstebelastingwetgewing in werking wat Graaff se bedrywighede as weldoener raak. Die wetgewing word 'n oorweging in sy betrokkenheid by die skool op Villiersdorp wat na hom genoem is. Die vestiging van al hoe meer hoërskole op die platteland in die eerste dekades van die twintigste eeu het tot gevolg gehad dat die leerlingtalle en kosgangers van Bolandse hoërskole drasties afneem, en dit raak ook die Hoërskool De Villiers Graaff. Herhaalde vertoë tot Graaff om ruimer beursfondse val op 'n simpatieke oor, maar die deurslag word gegee deur 'n bepaling in die belastingwet dat skenkings tot 'n maksimum van £3 000 vir opvoedkundige doeleindes van 'n belastingbetaler se belasbare inkomste afgetrek kon word. Vir Graaff, wat reeds vanweë sy hoë inkomste superbelasting betaal het, beteken so 'n skenking welkome verligting. Bowendien het hy gevoel, en dit ook gesê, dat hy liewer die geld wil gee aan die skool wat sy naam dra as aan die regering waarvan hy nie hou nie.[98]

Op Graaffs Trust se direksievergadering van 26 Oktober 1927 rapporteer sekretaris Christian Raats dat sir David 'n skenkingsakte onderteken het ingevolge waarvan hy vanaf 1 Januarie 1927 'n donasie van £3 000 per jaar aan die Hoërskool De Villiers Graaff sal skenk totdat die totaal £100 000 beloop. Hierdie £3 000 is bykomend tot die £373.12.10 per jaar wat voorheen deur sir David aan die skool betaal is en wat sal saamloop met die donasie van £3000.[99] Die bedrag van £373.12.10 is die rente en delging op die helfte van die koste op die oorspronklike twee skoolgeboue wat deur die skoolraad van Caledon aan Graaff terugbetaal moes word, maar hy het hierdie bedrag elke jaar net so aan die skoolkomitee oorgedra vir 'n beursfonds.[100]

'n Groot openbare geleentheid word op 4 Junie 1927 by die skool gehou om die skenking te vier. Onder die gaste is die destydse opposisieleier, genl. Smuts, en 'n voormalige speaker van die Volksraad, Joel Krige. Na 'n groot eetmaal in die skoolsaal gaan haal sestien skoolseuns vir Graaff in Oude Huis en bring hom na die skool, waar hy met toejuiging begroet word. 'n Dokument met die voorwaardes vir die skenking word hier deur Graaff onderteken, met dr. C. Lawrence Herman as getuie. Verskeie versierde adresse waarin hy lof toegeswaai word vir sy skenking word aan Graaff oorhandig.

---

[95] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1 219. Graaff-Smuts, 16 November 1926.
[96] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p.152.
[97] E. Rosenthal, *The History of Milnerton,* p. 60.
[98] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 240.
[99] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 26 Oktober 1927.
[100] J. Ham, "Die Geskiedenis van die Hoërskool De Villiers Graaff en Sy Voorgangers 1843-1972". Ham bereken dat die totaal van hierdie skenkings R38 858,56 beloop het, dus meer as £3000 meer as die aanvanklike boukoste.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Toe Smuts, beïndruk deur die natuurskoon van Villiersdorp, opstaan om die skare toe te spreek, roep hy uit: "Kan mense hier sondig?" Hy spreek die hoop uit dat ander ryk mense in die land Graaff se goeie voorbeeld sal volg en iets vir hul geboorteplek sal doen. Graaff lê op sy beurt klem daarop dat die gemiddelde leerling gehelp moet word – "die skilpad sowel as die haas moet gehelp word". Hy sluit af deur te sê dat mense nooit hul vaderland of geboorteplek moet vergeet nie. Iemand wat dit doen, is sy sout nie werd nie.[101]

Graaff se skenkings is onder meer aangewend om beurse beskikbaar te stel wat leerlinge van heinde en ver na Villiersdorp se skool en koshuise getrek het. Dit hou mettertyd groot voordele in vir die skool en die gemeenskap en stimuleer die dorp se groei en vooruitgang.[102]

Hoewel Graaff sy deelname aan die sakelewe in die laat jare twintig geleidelik afskaal, speel hy wat sommige sakevriende betref steeds 'n aktiewe rol. Een van die voorste sakelui wat baat vind by Graaff se hulp in 'n deurslaggewende stadium is Max Sonnenberg, die stigter van Woolworths, een van die grootste kettingwinkelgroepe in Suid-Afrika.

Sonnenberg was ook 'n man met weinig formele opleiding wat dit ver gebring het. Hy kom in 1893 as veertienjarige seun in Suid-Afrika aan en gaan werk op Vryburg by S. Solomon & Kie, sy oom Charlie se winkel, eerder as om skool toe te gaan, sodat hy sy moeder se passaat na sy nuwe tuisland kon betaal. Nadat hy in die destydse Noord- en Suid-Rhodesië (Zambië en Zimbabwe) handel gedryf en groot boerderybelange ontwikkel het, keer hy aan die einde van die Anglo-Boere-oorlog terug na Vryburg, waar hy Solomon's in 1912 oorneem.

Sonnenberg word in 1920 tot lid van die Volksraad verkies en vestig hom in 1921 in Kaapstad, waar sy vrou se gesondheid veel beter was. Hy verkoop sy onderneming op Vryburg en begin in die Tuinroete-gebied 'n winkelgroep, genaamd Sonnenberg Limited, waarin Graaff ook 'n belang verkry. Sonnenberg, wat gemeen het die volstruisbedryf sou herleef na die ineenstorting voor die Eerste Wêreldoorlog, het Graaff vroeër by sy oom Charlie ontmoet en met hom sake gedoen.[103]

Sonnenberg, met sy verdeelde belange tussen sy sakeonderneming en die politiek, stel hom herkiesbaar in 1924 se verkiesing, maar word verslaan. Hoewel teleurgestel, is hy heimlik ook verlig – want as hy soos tevore voortgegaan het, sou hy waarskynlik bankrot gespeel het.

In die sukkelende ekonomiese omstandighede verkoop hy sy winkels, maar behou sy maatskappy. Hy begin saam met Morris Mauerberger en Louis Berman 'n fabriek in Keeromstraat in Kaapstad wat kakiebroeke vervaardig, maar toe dit ook nie bevredigend slaag nie, gaan hulle in 1929 uitmekaar.

Einde ten raad wend Max Sonnenberg hom tot Graaff, wat hom vir ses maande na die destydse Betsjoeanaland (Botswana) stuur om 'n suiwelfabriek vir Imperial Cold Storage te begin. Hy keer dus terug na Lobatsi, waar hy jare tevore die suiwelbedryf gevestig het.

Op besoek aan Kaapstad kom Sonnenberg te hore dat Eaton Robins & Co, 'n beroemde ou firma in St Georgestraat, gelikwideer word. E. R. Syfret, 'n trustee van die boedel, deel Sonnenberg mee dat die onderneming te koop is vir £100 000 – 'n waarde van sowat tien sjielings per pond. "Having worked out what was wrong," skryf Sonnenberg in sy outobiografie[104], "I was able to work out a scheme and start afresh." Hy beskik nie oor genoeg kontant vir die transaksie nie, maar genoeg *chutzpah* om Syfret te vra of hy 'n waarborg sal aanvaar. "It depends who gives it," antwoord Syfret. Sonnenberg gaan voort:

---

[101] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 240.
[102] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 51.
[103] M. Kaplan, *Jewish Roots in the South African Economy,* pp. 343-349.
[104] M. Sonnenberg, *The Way I Saw It,* pp. 129-134.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "I set off to see Sir David Graaff, who, with his great vision and commercial knowledge, immediately saw the possibilities and agreed to back me. Without a moment's delay, I phoned through to Syfret and told him I was coming in with some news. It was an unnecessary precaution for I found that the old gentleman was already aware of the facts and ready to close the deal."

Hy verander die naam van die onderneming, met sy standplaas oorkant Stuttafords in die hart van Kaapstad se sentrale sakedeel, in Sonnenberg Limited. Hy raak van oorskot-voorraad ontslae onder meer deur strooihoede wat in 'n pakke opgestapel was op tafels op die sypaadjie te pak en gratis aan die publiek uit te deel. Die toeloop veroorsaak 'n verkeersophoping.

Terwyl Sonnenberg peins oor hoe hy sy kontant-onderneming nog beter kan bedryf, vra Graaff hom 'n guns wat hy beswaarlik kon weier in die lig van die hulp wat hy ontvang het. Graaff het naamlik kort tevore in 'n dispuut gewikkel geraak met die vismaatskappy Irvin & Johnson. Hy wou 'n mededingende onderneming begin en versoek dat Sonnenberg onmiddellik na Engeland vertrek om vistreilers vir hom aan te koop. Die verbaasde Sonnenberg reageer: "I have never bought a trawler." Maar Graaff oorreed hom: "Never mind, I know your judgment is good. Look over the ships and close the deal for me."

Sonnenberg vaar op die volgende posboot na Engeland en koop die treilers in die vishawe Grimsby in Lincolnshire, wat Graaff as die hart van die Engelse visbedryf uitgewys het . Toe die vyf klein stoombote wat Sonnenberg vir 'n vyfsyfer-bedrag aangekoop het, uiteindelik in Kaapstad aankom, word hulle opgeneem in Irvin & Johnson se vloot, aangesien Graaff intussen met die maatskappy vrede gemaak het.

Terwyl Sonnenberg in Londen vir die terugvaart van sy skip wag, bring hy 'n hoflikheidsbesoek aan Percy Robin Lewis, 'n ou leweransier van Eaton Robins & Co, maar in daardie stadium die besturende direkteur van Australasian Chain Stores Limited, met 'n belang in Woolworths Limited van Australië en Nieu-Seeland. Lewis doen terstond 'n aanbod aan Sonnenberg om kettingwinkels vir Woolworths in Suid-Afrika te open, beginnende in Kaapstad, wat omtrent dieselfde grootte as Adelaide in Australië is.

Terug in Kaapstad van die besoek wat hy op versoek van Graaff aan Engeland gebring het, soek die 52-jarige Sonnenberg 'n geskikte perseel vir die eerste Woolworths-winkel in die land. Hy vind dit aan die onderkant van Pleinstraat in die ou Royal Hotel, wat kort tevore deur die likwidateurs verkoop is juis aan Graaff, wat dit op sy beurt aan Morris Mauerberger verkoop het. Die drie nuwe eienaars wat daarna die vakante hotel van Mauerberger gekoop het, stem in om die Palm Court, die hotel se eetkamer, aan Sonnenberg te verhuur. So begin die eerste tak van Woolworths, uiteindelik 'n baie suksesvolle onderneming wat landwyd sou uitbrei, in 'n deel van Kaapstad met juis die soort kliënt wat Sonnenberg wou lok. Op die eerste dag, 30 Oktober 1931, moes die polisie ingeroep word om die skare te beheer.[105] Dit was die begin van Woolworths se suksesverhaal. Graaff se vertroue in Sonnenberg is nie beskaam nie.

Graaff staan Smuts, wat dit as opposisieleier nie breed gehad het nie, ook by. Hy help met die studiekoste van Smuts se dogter Cato, wat aan die Cambridge Universiteit gestudeer het.[106] Einde Januarie 1928 skryf Smuts uit die Civil Service Club in Kaapstad, waar hy tydens Parlementsittings tuisgegaan het,[107] aan mev. Isie Smuts dat Cato vir Eileen (lady Graaff) 'n mooi bedanking moet terugstuur:

---

[105] M. Kaplan, *Jewish Roots in the South African Economy*, pp. 343-349.

[106] Bevestig deur sir David Graaff, derde baronet. Cato Smuts is in 1928 met Bancroft Clark getroud.

[107] T. Cameron, *Jan Smuts: An Illustrated Biography*, p. 107. Smuts moes in die klub bly omdat hy nie 'n Kaapse woning gehad het nie. Die Gillett-familie het in 1928 'n Kaapse huis vir Smuts gekoop: Tsalta in Bowwoodweg in Claremont.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "Die plek op die skip word bespreek vir 12 Maart. Dit is baie gaaf van die Graaffs en sal ons ook baie help. Ek beskou dit een 'scholarship' vir Cato van een ryk man en voel er geen beswaar teen. Net soos ek ook een scholarship had."[108]

Kort hierna tref 'n groot terugslag ICS, toe 'n brand die nag van 11 Februarie 1928 by die maatskappy se perseel in Dokweg in Kaapstad uitbreek. Graaff en sy seun De Villiers gaan op daardie tydstip tuis in die Majestic Hotel in Kalkbaai, aangesien lady Eileen in die laaste stadium van swangerskap was met haar jongste seun, wat 'n week daarna, op 19 Februarie 1928, die lewenslig aanskou. Die seun, Jannie, word gedoop Johannes de Villiers Graaff, en Smuts word sy peetvader.

Die brand, beskou as een van die grootstes tot in daardie stadium in Kaapstad, rig ernstige skade aan. Vroegoggend bel 'n nagwag uit Dokweg na Graaff se hotelkamer met die tyding: "The Imperial's afire, Sir David, the Imperial's afire!" Graaff verneem of die ander direkteure in kennis gestel is, en toe hy hoor dat almal ingelig is, sê hy: "Wel, dan is daar niks meer wat ek kan doen nie," en gaan slaap verder.[109]

Die verwoestende brand, wat vermoedelik deur 'n kortsluiting veroorsaak is, lê ICS se hoofgebou in puin. Tonne vleis, eiers, botter en vrugte brand uit terwyl die walms van ammoniakgas deur die geboue sweef. Alle brandweerwaens in Kaapstad is na Dokweg ontbied en brandweermanne wat die ammoniaktenks met brandslange natspuit, verhinder dat die tenks ontplof. Personeel dra van die voorrade na ICS se nabygeleë nuwe geboue en werkers red ook van die swaar leergebonde notuleboeke en ander dossiere. Graaff verklaar na die brand dat daar nie skade aan die ondergrondse koelkamers aangerig is nie en dat die veertien brandkaste onbeskadig is. Hy meen dat "…alhoewel die gewone loop van sake 'n bietjie gestrem sal wees, daar nie rede sal wees dat sake enigsins op 'n kleiner skaal voortgesit sal word nie. Dit is moeilik om die skade te bereken … maar gelukkig is dit alles deur versekering gedek".[110]

Die gebou word daarna gesloop en 'n nuwe gebou, wat steeds aan die onderkant van Loopstraat in Kaapstad staan, word mettertyd opgerig. ICS kom egter nie ongeskonde uit die terugslag nie. In Mei 1928 kom die verdere tyding dat die gesamentlike oortrokke rekening van die Kaapstadse en Londense lantore, wat op £247 000 vasgepen is, tot £305 655 opgeloop het.[111]

Ondanks probleme by ICS bly Graaff bedrywig op ander terreine. Hy lewer teen die einde van die dekade 'n belangrike bydrae tot die totstandkoming van die Tafelbaaise sweefspoor, wat in 1929 geopen word en een van Suid-Afrika se grootste toeriste-attraksies sou word.

Graaff koop reeds in 1927 aandele in die Table Mountain Aerial Cableway, altesame 7 500 teen 5 sjielings per aandeel.[112] Die projek, waarmee die vorige jaar 'n begin gemaak is, duur drie jaar. Die sweefspoor word amptelik op 4 Oktober 1929 geopen deur die burgemeester van Kaapstad, eerw. A.J.S. Lewis, wat kritici van die sweefspoor as "ultra-aesthetic and selfish" bestempel. Die voorsitter van die sweefspoormaatskappy, sir Alfred Hennessy, noem dat die sweefspoor geheel en al 'n Suid-Afrikaanse onderneming is, en dat Graaff en sir Ernest Oppenheimer die twee vernaamste ondersteuners was. Sowat 200 gaste woon die opening by, onder wie Graaff en sy eggenote. Lady Graaff beskryf die rit op die sweefspoor aan 'n verslaggewer:

---

[108] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1 224/134. Smuts-mev. Smuts, 28 Januarie 1928.
[109] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 24.
[110] *Die Burger,* 13 Februarie 1928.
[111] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 1 Mei 1928.
[112] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 14 Desember 1929.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

> "…the most wonderful ride I have ever made in my life. It is too beautiful. I think everybody should take the opportunity of going… The last stretch was so terribly steep that I felt at the time I did not want to look down. But coming down is similar to riding in a train."[113]

'n Paar maande daarna verkoop Graaff sy belange in die sweefspoormaatskappy. Op 'n vergadering van Graaffs Trust op 14 Desember 1929 word verklaar dat hy sy aandele vir 25-28s elk verkoop het, en sy skuldbriewe teen pari plus rente tot die verkoopdatum.[114] Vroeg in die 21ste eeu sou die Graaffs opnuut 'n beduidende aandeel in die lonende sweefspoor teen Tafelberg verkry.[115]

Sy gesondheidheidsprobleme verhinder Graaff ook nie om voort te gaan met ander projekte wat hy aangepak het nie. Een daarvan is die vervaardiging van "Velvet Ice Cream" deur Imperial Cold Storage, en 'n tweede sy vasbeslotenheid om 'n strandhuis langs die Milnerton-lagune te bou. In November 1928 aanvaar die direksie van Milnerton Estates, toe onder voorsitterskap van Gideon Brand van Zyl, sy aanbod vir die terrein "… to erect a high class private residential property at an estimated cost of £10 000 as practical proof of Sir David's confidence in Milnerton Estates Limited and in the belief that such development should provide an incentive to development generally".[116] Die bouwerk aan die huis, wat uiteindelik die naam Zonnekus kry nadat die familie lank daaroor geredekawel het, begin in 1929 en word in 1930 voltooi. Toe lady Eileen protesteer oor die besteding aan die spoghuis in die Spaans-koloniale boustyl wat deur die argiteksfirma Waldgate & Elsworth[117] ontwerp is, deel Graaff haar mee dat hy in een week genoeg geld op die aandelebeurs gemaak het om al die koste te dek. Hy was baie lief vir Zonnekus en dring daarop aan dat die gesin minstens vier maande van die jaar daar deurbring, twee in die lente en twee in die herfs om die ergste suidoostewinde te vermy. Graaff kry 'n kamer met 'n breë balkon wat oor die see uitkyk en ondanks sy verswakkende gesondheid dring hy daarop aan om elke oggend te gaan baai. Sy seuns swem, roei en hengel in die lagune.[118]

Graaff tree oplaas uit as 'n direkteur van die Imperial. Op ICS se direksievergadering van 21 Oktober 1928 word 'n brief van hom voorgelees waarin hy sy bedanking as direkteur indien. Hy skryf dat die rede sy toenemende onvermoë is om die maatskappy doeltreffend te administreer. Onmiddellik na die aankondiging stel Ryno Verster voor dat John Gibson, die onlangs afgetrede hoofbestuurder van die Standard Bank, die voorsitter word. Gibson kom dadelik die vertrek binne om sy nuwe verantwoordelikhede te aanvaar. Dit is 'n betekenisvolle aanstelling in die lig van die Imperial se groter wordende oortrokke bankrekening, wat in Mei deur die Standard Bank tot 'n bedrag van £500 000 goedgekeur is.[119]

Smuts verwys middel 1929 na Graaff se gesondheid in 'n brief aan E.F.C. Lane waaruit blyk dat Graaff ook van sy belange in Imperial Cold Storage ontslae wil raak:

> "Dawie is getting old and is by no means the man he was a few years ago. If his wife tackled the job she would probably do much better."[120]

Graaff verkeer al hoe meer onder doktersbehandeling. Sy seun De Villiers meen dat hy aan verharding van die are (arteriosklerose) gely het. Sy geheue het verswak. Toe hy 'n ruk tevore van Italië teruggekeer het, was hy onseker oor die besonderhede van die kontrak wat hy daar

---

[113] *The Cape Argus,* 5 Oktober 1929.
[114] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 14 Desember 1929.
[115] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Jaarverslag van Milnerton Estates 2008.
[116] E. Rosenthal, *History of Milnerton,* p. 63.
[117] Die firma Waldgate & Elsworth het onder meer die hoofgeboue van die Universiteit van Kaapstad teen Tafelberg ontwerp.
[118] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 30.
[119] P.B. Simons, *Ice Cold in Af rica,* p. 156.
[120] W.K. Hancock en J van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, Vol. 5, p. 413, Smuts-Lane, 28 Junie 1929.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

onderteken het. Hy onttrek hom algaande van die sakelewe, terwyl hy pal deur 'n manlike verpleër vergesel word wanneer hy op die plaas rondbeweeg.[121]

De Villiers se jeugvriend D. A. St C. Hennessy beskryf die ouer man in daardie tyd as naderhand 'n semi-invalide, "still very distinguished looking with his Van Dyk beard and immaculately turned out. An impressive and formidable man of great charm. Built on a much smaller scale than his son".[122] Op 'n tuisrolprent uit die jare twintig wat 'n beeld van die patrisiese lewenswyse van daardie jare bied, staan die ouer wordende Graaff tussen vriende langs sy vrou, wat effens langer as hy was. Die vroue dra hoede en lang tabberds en die mans het meesal driestuk-pakke en stywe boordjies met dasse.[123]

Graaff se lyfarts beskryf ook sy toestand in 'n hofgeding wat Combrinck & Kie (in likwidasie) in die Transvaalse Hooggeregshof teen Simon Michaelson van Pretoria aanhangig gemaak oor geld wat aan die gelikwideerde maatskappy verskuldig is. Die verweerder het aansoek gedoen dat Graaff vir kruisondervraging na Pretoria moet kom. Dr. Hugh Smith voer egter in 'n beëdigde verklaring aan dat sy lewe in gevaar gestel sou word as hy van seevlak na die Hoëveld moet gaan. Hy is al baie jare Graaff se huisarts en sy gesondheid wek veral die laaste jaar of so groot kommer. "He is suffering from high blood pressure and its attendant symptoms, and from severe nervous and mental exhaustion due to prolonged overstrain and excessive responsibilities," verklaar Smith. Die hof gelas dat Graaff in Kaapstad deur advokate ondervra kan word.[124]

Namate Graaff se kragte afneem, vul lady Eileen Graaff van die leemtes, hoewel haar jongste seun, Jannie, nog 'n suigeling is. Sy word op 2 Augustus 1929 op 'n buitengewone direksievergadering van Graaffs Trust as direkteur aangestel. Met Hector Mackenzie in die voorsitterstoel en sir David en al die ander direkteure teenwoordig, word die oordrag van tien van Graaff se aandele aan sy eggenote goedgekeur. Op die volgende vergadering verklaar Mackenzie dat dit sir David se wens is dat sy eggenote hom te alle tye moet verteenwoordig wanneer hy dit nie gerieflik vind om vergaderings by te woon nie – veral noudat hy op mediese advies "intended for the present, to take as full a rest from business matters as possible". Lady Graaff sê die enigste rede waarom sy daar is "… is to spare him the necessity of having personally to attend the board meetings, as she was in a position to discuss matters with him at all times necessary and so ascertain his views".[125]

Graaff verminder ook sy ander sakeverpligtinge. Einde 1929 bedank hy as direkteur van Consolidated Diamond Mines, die maatskappy waarmee hy gehelp het om die Oppenheimers se diamant-rykdom te vestig. Hy lig die direksie in dat hy op mediese advies besluit het om alle sakebedrywighede te staak.[126]

Imperial Cold Storage gaan steeds agteruit. Na die mening van werknemers soos Bill Neate en L.F. Beckerling het "het dinge in die maatskappy" vanaf die vroeë jare twintig verswak. Neate, wat van 1942 'n halwe eeu in ICS se diens was, meen dat ICS te veel uitgebrei en sy vermoëns oorspan het.[127] Beckerling oordeel: "Aanvanklik is daar te veel geld spandeer aan kapitaalprojekte, soos byvoorbeeld meer as miljoen morge in Rhodesië sowel as dieselfde grootte grond in SWA. Na 1928, toe die depressie begin het, was ICS weer eens in geldelike

---

[121] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 30.
[122] L. Barnard en D. Kriek, *Sir De Villiers Graaff*, p. 19. Hennessy was De Villiers Graaff se strooijonker by sy troue met Ena Voigt.
[123] Graaff-versameling, De Grendel. Rolprent in besit van die Graaff-familie.
[124] NASA, Pretoria. Archive depository. TAB TPD, Vol. 8/876 807/1929. Dr. Smith se beëdigde verklaring is op 23 September 1929 onderteken.
[125] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 2 en 8 Augustus 1929.
[126] De Beers Argief, Kimberley. Jaarverslag van CDM, 1929.
[127] Meegedeel deur Bill Neate.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

moeilikheid... (en) het hulle die Standard Bank soveel geld geskuld dat die bank J.G. van der Horst ingeroep het met die versoek 'You fix Imperial'. Absolute streng maatreëels is getref, en onder andere is die hele Raad met uitsondering van Wolfe Davis afgedank. Personeelsalarisse is links en regs verminder en alle ander moontlike besparingsmaatreels is toegepas."[128]

Teen hierdie tyd het Rand Cold Storage sy kontrak met die Randse myne verloor, probleme het met die Italiaanse vleiskontrak ontstaan en Irvin & Johnson was ontevrede oor die gehalte van die ys wat ICS aan sy vaartuie gelewer het. Spilhaus het as gevolg van 'n dispuut oor sy vergoeding uit die direksie bedank en die oorblywende direkteure benoem Graaff in sy plek, klaarblyklik as 'n blyk van lojaliteit. Op 'n direksievergadering op 3 Junie beklee Ryno Verster die voorsitterstoel omdat Gibson ongesteld was en hy verklaar dat die oortrokke bankgeriewe ernstige afmetinge aangeneem het. Op die wins-en-verlies-rekening is net 'n enkele inskrywing want, verklaar Verster, dit is "desirable to disclose to outside people as little information as possible in regard to the business". Teen Augustus verswak Graaff se toestand sodanig dat Gerald Orpen, wat E.R. Syfret & Co. in die direksie verteenwoordig het, in sy plek as direkteur benoem word.[129]

In die penarie waarin ICS beland het, is intussen al hoe meer pogings aangewend om die maatskappy se vorige redder, dr. Van der Horst, weer te betrek. Die gevoel kom nie net uit die direksie nie, waar Gibson op 29 Augustus bedank het en Van der Horst genooi is om die voorsitterskap oor te neem. Lady Eileen Graaff rig ook 'n persoonlike pleidooi tot Van der Horst om die reddingspoging te onderneem. Haar rol in die samesprekinge sou vorentoe nog groter word.[130] Graaff se oudste seun, De Villiers, noem dat hy en sy jonger broer, David, op hul beurt oplaas vir Van der Horst genader het om die voorsitterskap van ICS oor te neem. Die twee broers was toe onderskeidelik sestien en dertien jaar oud. Hul vader se geheue het hom in hierdie stadium by tye (intermittently) in die steek gelaat, volgens De Villiers.[131]

Juis in hierdie stadium word die hele wêreld geruk deur die Groot Depressie: die ernstigste internasionale ekonomiese insinking van moderne tye. In New York daal die Dow Jones-indeks van Donderdag 24 Oktober 1929 tot die daaropvolgende Swart Dinsdag van 312,76 tot 230 punte. Die insakking sou nog drie jaar voortduur tot 'n laagtepunt van 40,56 punte op 8 Julie 1932. Groot Amerikaanse maatskappye se aandeelpryse val met tot 90 persent, talle banke word gesluit, deposante verloor hul geld en werkloosheid in Amerika neem toe tot 25 persent.[132] Ook in Suid-Afrika word die wêreldwye skokke gevoel.

Volgens oorlewering stel Van der Horst drie voorwaardes vir sy terugkeer wat hy agter op 'n koevert neergeskryf het. Hy vereis dat Graaffs Trust al sy aandele in ICS verkoop, dat hy self 'n nuwe direksie sal aanstel en dat hy sy eie salaris sal bepaal. Sy voorwaardes word aanvaar, maar 'n vername probleem was dat ICS se aandele toe slegs 1s 9d werd was en dat niemand dit wou koop nie.[133] Dit stuit Van der Horst nie, want hy nooi 'n klompie vriende na Imhoff's Gift, sy historiese plaas naby Kommetjie in die Skiereiland, om 'n uitweg te vind. Onder hulle is Wolfe Davis, die broers Albow – Saul, Philip en Isaac, al drie in die vleisbedryf[134] - maj. Piet van der Byl, die boer-politikus van die plaas Fairfield by Bredasdorp, en die bouer Joseph Rubbi. Hulle stem in om by te dra tot die aandelekapitaal van 'n fonds wat as die Common Fund Investment Society bekend sou staan. Die fonds moes die Graaff-aandele oorneem.

Van der Horst neem daarna die voorsitterskap van ICS oor en op die volgende vergadering bedank Ryno Verster en Hector Mackenzie uit die direksie. Van die ou garde bly net twee direkteure oor: Wolfe Davis, as alternatief vir Graaff, en die getroue James Keddie Stephenson.

---

[128] Tiger Brands Argief, Johannesburg. L.F. Beckerling se memorandum oor ICS, p. 2..
[129] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 157.
[130] Bevestig deur Bill Neate.
[131] De V. Graaff, *Div Looks Back,* pp.29 en 37.
[132] P. Jay, *The Road to Riches,* p. 262.
[133] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 159.
[134] R Frankel, *Tiger Tapestry,* p. 166.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Stephenson is die man wat hom na die direksievergadering van 28 Augustus 1929 na Graaff haas om hom in te lig oor die besluite wat pas geneem is. Hy rapporteer daarna dat Graaff, nadat hy die ooreenkoms onderteken het, gesê het dat hy niks meer oor die saak te sê het nie.[135]

Van der Horst se regrukpoging kom op volle gang op 17 Desember 1929, twee maande na die ineenstorting op Wall Street, toe hy 'n buitengewone aandeelhouersvergadering van ICS in die raadsaal van *The Cape Argus* in St. Georgestraat in Kaapstad belê. Die maatskappy se korttermyn-lenings het toe tot meer as 'n miljoen pond toegeneem – 'n bedrag van £1 032 684. In sy toespraak spreek hy kritiek uit dat van die lenings belê is in vaste bates waarvan sommige geen opbrengs lewer nie. In 1926 is die aandelekapitaal ook van £400 000 tot £750 000 vermeerder sonder dat die aandeelhouers dit goedgekeur het. Geen dividend sal uitbetaal kan word totdat die opbrengs uit sakebedrywighede dit regverdig nie, verklaar hy: "When that will be, it would be idle to prophesy." Intussen sal die maatskappy met die bystand van die bankiers voortgaan totdat 'n uitvoerbare sakeplan voorgelê kan word.[136]

Dit sou nog 'n lang ruk duur om ICS weer op 'n gesonde sakegrondslag te bedryf, veral weens die aansienlike skuldlas. Twee van die grootste bedrae was verskuldig aan skuldeisers wat deur die maatskappy se bankier, Standard Bank, en Graaffs Trust verteenwoordig is. Dit veroorsaak dat die kwessie nog 'n paar jaar voortsleep voordat Graaff en sy familie se jarelange verbintenis met 'n bedryf waarin hy as elfjarige seun begin werk het tot 'n einde kom.

[135] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 159.
[136] Tiger Brands Argief, Johannesburg. Notule, Kaapse direksie van ICS, 17 Desember 1929.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 11

Afsterwe en nalatenskap

Midde-in die Depressie van die vroeë jare dertig nader die einde vir Graaff toe sy gesondheid, wat reeds jare lank probleme gee, vinnig agteruitgaan. In hierdie tyd word hy byna elke Sondag besoek deur F.S. Malan, die ou vriend wat hy gereeld in die gevangenis opgesoek het toe Malan tydens die Anglo-Boere-oorlog in aanhouding was. Malan, toe 'n senator – hy sou in 1940 tot President van die Senaat verkies word - praat altyd emosioneel oor daardie besoeke.[1]

Graaff sterf op 13 April 1931, twee weke na sy 72ste verjaardag, aan 'n massiewe beroerte in sy vakansiehuis, Zonnekus. Sy oudste seun, De Villiers, wat op die balkon buite sy slaapkamer geslaap het, word teen middernag wakker en vind sy vader op die vloer langs sy bed. Hy tel hom op en sit hom terug in die bed, maak sy moeder wakker en hulle ontbied 'n dokter, maar dit was alles vergeefs.[2]

In Volksraad stel die eerste minister, genl. Hertzog, die volgende dag 'n onbestrede mosie van roubeklag voor waarin waardering betuig word vir Graaff se dienste aan die staat in die Kaapse Parlement, die Suid-Afrikaanse Parlement, as Minister van die Kroon en as hoë kommissaris in Londen, en waarin die Raad se opregte medelye aan lady Graaff en haar familie oorgedra word. Hertzog sê dat hoewel min lede Graaff intiem geken het vanweë sy teruggetrokke geaardheid (retiring disposition), hy ongetwyfeld 'n man van groot vermoëns was wat nie net veel tot die stoflike welvaart van Kaapstad bygedra het nie, maar ook as 'n sakeman van uitstaande vermoë sy deel tot die bevordering van die belange van Suid-Afrika gedoen het. Sy standpunt teen die Skeepsring in 1911 in die Parlement het dit ongetwyfeld moontlik gemaak dat vriendskaplike betrekkinge gehandhaaf kon word met die skeepsredery wat die diens tussen Brittanje en Suid-Afrika lewer.

Die opposisieleier, genl. Smuts, wat die mosie sekondeer, verklaar dat sir David een van die merkwaardigste mense van sy tyd was. Hy het 'n lewendige belangstelling in Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling getoon, en daar is geen twyfel nie dat hy een van die mense was wat die meeste tot die uitbreiding en ontwikkeling van die land se ekonomiese belange bygedra het. Hy het hom weens swak gesondheid al hoe meer aan die openbare lewe onttrek, en is dus nie so welbekend as wat hy andersins sou wees nie. Graaff was jare lank sy vriend en daar is weinig mense wat 'n meer lojale vriend as hy kon wees of op wie meer staatgemaak kon word. Graaff was nie iemand wat homself geadverteer of die kalklig gesoek het nie, maar hy het veel tot die openbare lewe van die land bygedra.

Die mosie word staande deur alle lede van die Volksraad aangeneem.[3] Verskeie koerante lewer kommentaar op Graaff se heengaan. *The Cape Times* skryf dat hy veertig jaar 'n mag agter die troon was en verwys ook na sy sakevernuf en vriendskappe:

> "He made his way in the world by sheer force of personality and by a brilliant application of the special acumen in business affairs with which he had been endowed – his only endowment.
> He was a man of many and warm friendships, a born host, rejoicing to give entertainment at his great farm on the slopes of the Tygerberg…"[4]

In *Die Burger* word verklaar dat dit tot die openbare geheime behoort dat Graaff 'n "kragtige ondersteuner" van genl. Botha vir die premierskap van die Unie was en dat sy steun "van groot betekenis gewees het in die Kaap". Die laaste jare van sy "verwantskap met die vleeshandel was

---

[1] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 11.
[2] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 36.
[3] *Hansard*, 14 April 1931, kol. 2369-2370.
[4] *The Cape Times,* 14 April 1931.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

vir hom minder gelukkig". Sy gesondheid was nie van die beste nie en hy het so baie ander belange gehad dat hy nie sy onverdeelde aandag daaraan kon wy nie, met die gevolg dat "'n aantal ongelukkige spekulasies ...die Imperial in 'n uiters moeilike posisie geplaas het. In hierdie tydperk was hy gelukkiger met sy diamantbeleggings".[5]

In Londen skryf *The Times* dat sir David 'n belangrike openbare figuur in Suid-Afrika was. Die blad beskryf hom "as a moving spirit in the modern development of cold storage". Hy het die vleisbedryf in die Unie prakties gedomineer en kritiek op sy aktiwiteite het nie uitgebly nie, maar dit is miskien meer korrek om die toename van sulke fasiliteite as onafwendbaar en eerder voordelig te beskou. Die koerant gaan voort: "Sir David Graaff was accounted the wealthiest man in the Cape Colony, and he had a finger in many financial pies in the Union. The supply of meat to the troops in the South African War laid the foundation of his very considerable fortune." As intieme vriend en politieke makker van genl. Botha was Graaff na Uniewording, toe die rykdom van die myn-kapitaliste van die Rand in groot mate teen die "Dutch" gerig was, 'n uitsondering, aangesien hy nie 'n "Rand man" was nie en die oorwig van sy rykdom en invloed aan die kant van die ouer bevolking en die landbou ingegooi het. Sy invloed, soos dié van Jan Hofmeyr, is agter die skerms uitgeoefen, aldus *The Times*.[6]

Graaff se seun De Villiers, wat sy vader se titel erf, beskryf sy dood as 'n traumatiese ervaring, des te meer omdat sy vader ondanks sy ongesteldheid so 'n oorheersende rol in die lewe van sy familie gespeel het:

> "It was he who always took the final decisions and helped us youngsters with his wise advice. He was a stern man who did not suffer fools gladly and made the highest demands, not only of his family but also of his employees. But he was also a kind man who was always doing little things for old people in distress, old friends, widows of friends and employees. These activities he kept very much to himself and when he died we were amazed to find just how many people, some of them distinguished, he was helping in one way or another. He also had a keen sense of humour which at times was impish and he enjoyed practical jokes, some of which were most original. Once, on my birthday, I had to unpack my father's present myself. Removing all the wrappings and opening the box, it turned out to be a little black boy, Sammy Gobo, who was my playmate until I went to school."[7]

Tien dae na Graaff se dood skryf Smuts aan Lane:

> "Yes, Sir David has passed away in a great business cloud, and I feel sorry for those who have to bring order into his affairs."[8]

Graaff versoek voor sy dood dat sy begrafnis privaat moet wees. 'n Aansienlike aantal familielede en vriende woon in die sterfhuis, Zonnekus, die stil en eenvoudige roudiens by wat die dag na sy dood deur sy skoonvader waargeneem word. Dr. Van Heerden, wat die diens in Engels lei, maak gewag van die oorledene as 'n man wat baie rolle in sy lewe vervul en groot dade verrig het. "Veel het hy in sy lewe tot stand gebring en baie weldade het hy oral bewys. So het hy sy geboortedorp nooit vergeet nie; aan die stad waarin hy gewoon het, het hy onskatbare dienste bewys, aan die land het hy sy beste kragte gewy. Niemand in die publiek weet watter ontsaglike bedrae hy aan openbare liggame geskenk het nie." Hyself, sê dr. Van Heerden, het dikwels geld gehanteer wat sir David geskenk het. "Nooit wou hy laat weet van wie dit kom nie. Die armes en minder bevoorregtes het in hom 'n ware vriend verloor."

Na afloop van die kort diens in die sterfhuis vertrek die begrafnisstoet van sowat vyftig motors na De Grendel. Die diens hier word waargeneem deur ds. Geo S. Malan, wat vertel dat Graaff se laaste wens was dat die diens in Hollands gehou sal word in die kerkie wat hy self vir die gebruik van die mense van die buurt laat oprig het. Werkers op die plaas dra die kis na 'n

---

[5] *Die Burger*, 14 April 1931.
[6] *The Times*, 14 April 1931.
[7] De V. Graaff, *Div Looks Back*, p. 36.
[8] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1/232, Smuts-Lane, 23 April 1931.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

uitgemesselde graf in die kerkhof, waar Graaff se lieflingsgesang, "Heer, waar dan heen" gesing word.[9]

As slippedraers tree op genl. Smuts, C. Joel Krige, LV, sen. F.S. Malan, adv. Patrick Duncan, LV, die latere goewerneur-generaal (1937-1943), dr. C. Lawrence Herman, J.K. Stephenson, dr. J.G.P. van der Horst en Gerald Orpen.

Benewens hierdie vooraanstaande Suid-Afrikaners betoon 'n hele aantal van die bekendste mense hier te lande sowel as uit die buiteland die laaste eer aan die ontslapene. In uitvoerige berigte vermeld die Kaapse dagblaaie dat onder die aanwesiges by die sterfhuis en by die graf onder andere opgemerk is: mnr. W. J. H. Farrell, onder-sekretaris van Buitelandse Sake, wat die Regering verteenwoordig het; mnr. J. D. de Villiers (namens die Administrateur en die Provinsiale Administrasie); maj. Gideon Brand van Zyl, LV (die latere goewerneur-generaal, 1946-1951); oudminister Henry Burton; prof. en mev. Eric Walker; lord Kylsant; ds. A. G. du Toit; kapt. Frank Joubert; mnr. E. R. Syfret; sir Alfred Hennessy, voorsitter van die Royal Automobile Club van Suid-Afrika; mnr. Jas. A. Duff, bestuurder van die Union Castle-skeepvaartmaatskappy in Kaapstad; mnr. H. J. C. Stephan, onder-burgemeester, en mnr. R. B. H. McNab, onder-stadsklerk, namens die burgemeester en stadsraad van Kaapstad; prof. en mev. H. E. S. Fremantle; mev. Millie Overbeek, suster van lady Graaff; mev. Attwell, niggie van wyle sir David, asook mej. Van der Merwe; mnr. J. S. Shield, algemene bestuurder, en mnr. T. W. Dennis, takbestuurder van die Standard Bank van Suid-Afrika; mnr. R. J. Verster en mnr. W. J. Thorne, twee gewese burgemeesters van Kaapstad; sir Lionel Phillips; mnr. Alwyn Zoutendyk; mnr. H. Cornish-Bowden, landmeter-generaal; mnr. en mev. F. H. Sargeant; sir Drummond en lady Chaplin; sir Herbert Stanley, die Britse hoë kommissaris; kol. E.H. Davidson (namens die goewerneur-generaal); dr. De Villiers; mev. (dr.) Marais; kapt. Elsworth; mnr. S. H. Kidd van die Diocesan College; mnr. P. A. Millard (namens die superintendent-generaal van Onderwys); mnr. G. H. Welsh, hoof-inspekteur vir naturelle-onderwys; mnr. A. N. de Villiers, hoof van die hoër skool op Villiersdorp; mnr. Van Copenhagen, stadsklerk, en mnr. H. J. Brink, burgemeester van Villiersdorp; mnr. H. L. Currie; sir Carruthers en lady Beattie; eerw. A. P. Bender; mnr. en mev. C. A. Raats; mej. Hannah Baxter (wat sir David se kinders grootgemaak het); sir Thomas en lady Watt; mnr. Gys Hofmeyr; dr. Julius Petersen; lady De Waal; mnr. A. H. Teague; mnr. A. McLean; mnr. G. C. Johnston; mnr. A. B. Godbold; dr. T.M. Daneel; mev. (prof.) Du Toit; oud-minister H. C. Hull; mev. (dr.) J. P. van Heerden; mnr. R. H. Graaff; mnr. J.W. Langermann; mnr. E. A. Graham en mnr. Geo. Irvin.[10] Meer as honderd blomkranse stroom ook na Zonnekus, en *The Cape Times* publiseer 'n lang lys met die name van mense en instansies wat kranse gestuur het.[11]

Graaff maak in sy testament voorsiening vir sy eggenote, familielede en vriende, onder wie die weduwee van genl. Louis Botha, asook vir die voortbestaan van sy baronetskap. Sy laaste wil en testament is op 24 November 1928 onderteken.[12] In die uitvoerige dokument, waartoe 'n aantal kodisille later bygevoeg word, bevestig hy eerstens 'n donasie wat hy op 13 April 1926 – op die dag vyf jaar voor sy dood – ten gunste van sy eie trust uitgereik het. Daarin maak hy voorsiening dat 'n bedrag van £200 000 in trust gehou en tot voordeel van sy vrou en kinders aangewend moet word.

Hy stig 'n baronetfonds om voorsiening vir die erfgename van sy erflike titel te maak. Vir die Baronetcy Fund bewillig hy 'n bedrag van £200 000 wat eweneens in trust deur Graaffs Trust gehou moet word. In 'n kodisil wat op 13 Mei 1930 bygevoeg is, verminder hy hierdie bedrag tot £100 000 weens onder meer "an entirely unexpected fall in the market value of certain assets" – klaarblyklik een van die gevolge van die depressiejare. Die kapitaal van die Baronetcy Fund

[9] *Die Burger*, 15 April 1931.
[10] *The Cape Times, Die Burger, The Cape Argus*, 15 April 1931.
[11] *The Cape Times*, 16 April 1931.
[12] SANA, Kaapstad. Testament van sir David, CA, MOOC, 6/9/3885.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

moet egter vergroot word namate meer geld beskikbaar word totdat die oorspronklike bedrag van £200 000 bereik word. (Dit is mettertyd gedoen deurdat dele van Graaff se aansienlike eiendomsbesit stuk-stuk van die hand gesit is.[13])

Graaff verklaar in sy testament dat sy plaas De Grendel met sy erflike titel geassosieer moet word, en dat dit aan die baronetskap 'n tuiste in Suid-Afrika moet bied, tot in die tiende geslag. Die plaas moet die naam De Grendel behou en solank daar 'n manlike erfgenaam is, sal hy die plaas erf. Indien die oudste manlike erfgenaam geen manlike afstammeling het nie, sal die oudste manlike erfgenaam van die baronet se tweede seun die plaas erf. Hierdie erfenis sal voortduur so lank soos die reg daarvoor voorsiening maak, en in elk geval vir nie minder as tien geslagte nie, solank soos 'n regstreekse afstammeling gevind kan word.

Hy bemaak sy meubels, voertuie en persoonlike besittings aan sy eggenote. Lady Graaff verkry verblyfreg op De Grendel so lank soos sy nie weer trou nie sowel as vruggebruik van hul strandhuis, Zonnekus, en 'n ander huis in Milnerton, Magnolite House. Sy oudste seun, De Villiers, erf sy Tygerbergse plase, bestaande uit De Grendel, Plattekloof, Montagu Gardens en Zeven Pannetjies en enige aangrensende eiendom wat hy besit sowel as die lewende hawe en plaastoerusting daarop. Sy ander plase bemaak hy aan sy twee jonger seuns, David en Johannes (Jannie), vir hul gesamentlike voordeel.

Graaff spreek hom voorts in sy testament in detail uit oor die opvoeding van sy kinders. Hy versoek dat die onderrig van sy seuns, wat by mondigwording elk lewenslank 'n bedrag van £3 600 per jaar uit sy boedel sal ontvang, na sy dood aan sy skoonvader, ds. Johannes Petrus van Heerden, toevertrou word. Daarvoor bewillig hy 'n lewenslange bedrag van £500 per jaar aan ds. Van Heerden. Hoewel hy nie daarop aandring nie, beveel hy sterk aan dat die seuns hulle op die landbou en regspleging toespits:

> "…to devote their time and attention to acquiring a knowledge of agriculture and farming generally and that they should enter an Agricultural College or Training Institution for the purpose of acquiring a knowledge of farming as I believe that they will be happier and healthier men as agriculturists than if they followed any other line of business or entered upon any official or professional career. I also recommend my sons to give time to the study of South African Law, the acquisition of which knowledge will, I am confident, stand them in good stead in their general business dealings."

Graaff gee in sy testament verdere advies aan sy seuns, wat hy finansieel gerieflik agterlaat:

> "I am happy to be able to secure my children in a position of financial comfort. But I realise that this very fact places a responsibility upon them. I earnestly urge each of them to discharge that responsibility in a manner which will ensure a sense of full self-respect and I trust that each child will keep prominently in mind the fact that health and happiness can best be assured by leading a rational and useful life, and most certainly cannot be secured by leading a life of indolent extravagance."

Aan die weduwees van sy twee broers John en sir Jacobus bemaak hy £1 000 elk. 'n Derde skoonsuster, mev. Margaret (Millie) Overbeek, suster van lady Graaff, ontvang 'n erfporsie van £500 "in grateful recognition by me of her aid in the early education of my two elder sons". Sy suster Hannie (mev. Johanna Catherina Elizabeth Botha) erf £1 000 per jaar gedurende haar leeftyd. Sy niggie Anna Elizabeth Lefevre en sy neef Pieter Hendrik de Villiers Graaff (die Kaapse rebel) ontvang elk £500 per jaar gedurende hul leeftyd. Nog drie neefs, die seuns van sy broer sir Jacobus Graaff, erf elkeen £500 per jaar gedurende hul leeftyd – met die voorbehoud dat die eksekuteurs van sy boedel gemagtig sal wees "to withhold payment wholly or in part if, in their sole discretion, the executors are of the opinion that the mode of life adopted by any of the nephews is such as would not commend itself to me during my lifetime". Twee ander niggies, onderskeidelik die dogters van sy broer sir Jacobus en sy suster Anna Elizabeth (Nonnie) van

[13] Meegedeel deur Chris Theron.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

der Merwe, ontvang elkeen £350.6.8 per jaar gedurende hul leeftyd. Hy bemaak ook £500 per jaar aan sy skoonvader, ds. J.P. van Heerden,

'n Besondere bemaking is die £1 000 per jaar gedurende haar leeftyd wat hy aan mev. Annie Botha, weduwee van genl. Louis Botha, nalaat uit erkenning van die egpaar se "great services rendered to South Africa". (In die Parlement is vroeër na die afsterwe van genl. Botha 'n jaargeld van £1 000 bewillig aan mev. Botha, wat as 'n nooi Emmet 'n direkte afstammeling van die Ierse patriot Robert Emmet was.[14]]

Die bedrag van £100 gaan aan elke huishulp op De Grendel wat langer as vier jaar in diens is, asook aan elkeen van sy peetkinders, aan Hannah Baxter (die kinderoppasster), en 'n binnemeisie in sy diens, Frances Hoofd. Hy bemaak £500 elk aan sewe liefdadigheidsorganisasies: Dorcas Huizen in Breestraat in Kaapstad (vir bejaarde dames); Kinder Zending Huis in Bredastraat, Kaapstad; Magdalena-tehuis in Claremont; SA Weeshuis in Kotzestraat, Kaapstad; Vrouwen Zending Bond in Adderleystraat, Kaapstad; Oude Mannen Huis in Faurestraat in Kaapstad; en die NG Kerk (Groote Kerk) in Adderleystraat vir die onderhoud van weduwees en bejaardes. Die Child Life Protection Society ontvang £100 per jaar totdat die bedrag van £3 000 bereik word. Hy laat 'n bedrag van £2 000 per jaar vir die onderhoud van die familie se grafkelder in Villiersdorp se kerkhof, die Combrincks se grafkelder in Maitland en die begraafplaas van die private kerkie op De Grendel.

Die restant van die boedel word in trust aan sy weduwee en kinders gelaat en die inkomste eweredig onder hulle verdeel. By hul dood word hul afstammelinge die erfgename. Enige dogters verbeur hul erfporsie as hulle binne gemeenskap van goedere in die eg verbind word. Hy probeer ook om die voortbestaan van Graaffs Trust as die bewaarder van die familie se belange te verseker deur te bepaal:

> "Bearing in mind the financial provision here and elsewhere made by me for my wife and children, I direct that, in case of need, monetary provision to ensure the continuation of Graaffs Trust Limited, on a basis reasonably consistent with its status as custodian of the financial and general affairs of the Graaff family, shall be made from the residue of my estate, and the necessary deductions shall be made in equal portions from the payments accruing to my wife and children under this clause."

Graaff bepaal ook in sy testament dat, indien sy erflike baronetskap tot 'n einde kom, die vruggebruik van die bedrag van £100 000 wat hy in die Baronetcy Fund nagelaat het, ten behoewe van die Hoërskool De Villiers Graaff se De Villiers Graaff Education Fund aangewend moet word, op dieselfde voorwaardes wat hy in sy skenkingsakte neergelê het. Hy wys daarop dat hy in sy leeftyd "constant and anxious thought" bestee het aan die wyse waarop hy onderwys in Suid-Afrika kon bevorder. Hy doen dit deur die skenkingsakte ten bate van die skool op sy geboortedorp wat deur sy voorvaders gestig is. In 'n kodisil by die testament bepaal hy dat die skool gelyke steun aan albei amptelike tale moet gee. Onderwysers en leerlinge moet egter onthou dat die handel in die groot sentrums en die buitewêreld toenemend kennis van Engels en Frans vereis, dus beveel hy "volle aandag" aan hierdie tale aan.[15]

'n Komplikasie wat na sy dood intree, was dat hy nooit hierdie skenking aan die skool by die Akteskantoor geregistreer het, soos wetlik vereis nie. Sy heengaan het ook saamgeval met die Groot Depressie, wat veroorsaak het dat maatskappye waarin hy groot beleggings gehad het vir geruime tyd geen dividende kon betaal nie. Die gevolg was dat daar nie genoegsame inkomste in Graaff se boedel was om die jaargeld aan die skool te betaal nie.

Hoewel Graaff in sy testament voorsiening gemaak het dat enige tekort in die jaargeld uitbetaal moet word sodra die inkomste in die boedel dit toelaat, het die vraag ontstaan of die skenking

---

[14] *Hansard*, 18 September 1919, en *De Burger*, 29 Augustus 1919.

[15] SANA, Kaapstad. Testament van sir David, CA, MOOC, 6/9/3885

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

beskou kon word as 'n eis teen sy boedel, wat ook waardevolle bates soos eiendomme en landgoedere omvat. Graaffs Trust, as eksekuteur van die boedel en trustee van die trusts wat geskep is, het gemeen dat sekerheid verkry moet word voordat die boedel beredder kon word, en het dus aanbeveel dat die skoolkomitee 'n beslissing in die Hooggeregshof verkry. Die hofkoste sou uit die boedel betaal word.

Regter Watermeyer lewer op 13 Januarie 1932 uitspraak. Hy verwerp die aansoekers, die skoolkomitee en die beurskomitee, se eis teen die boedel aangesien die skenking nie geregistreer is nie.[16] Die skool ontvang gevolglik vir 'n aantal jare geen jaargeld uit Graaff se boedel nie. Maar toe toestande teen 1938 verbeter, word die skenkings, ook die agterstallige, voortgesit. Die totaal van £100 000 word in 1961 bereik toe die laaste skenking oorbetaal word. Graaff se broers sir Jacobus en sen. John Graaff laat ook skenkings aan die skool. Sir Jacobus se skenking bedra 'n beurs van £50 per jaar, wat, soos in sy testament bepaal, tot 1977 jaarliks vir vyftig jaar na sy dood in 1927 aan die beste leerling in standerd 10 toegeken is. Sen. John Graaff het in sy testament voorsiening gemaak vir die uitbetaling van £32 000 aan die skool na die dood van sekere familielede.[17]

Die kwessie van Graaff se skenking aan die skool wat in die hof uitgemaak moes word, is een van heelparty nagevolge uit die bepalings van sy testament. Nog een van die gevolge kom tien dae na sir David se dood na vore op die direksievergadering op 24 April 1931 van Graaffs Trust, wat aangewys is as die eksekuteur van sy boedel en die administrateur van die trusts wat ingevolge sy testament gestig is. In die testament het hy die direkteure van Graaffs Trust benoem. Lady Eileen Graaff, met ds. Van Heerden as haar alternatief, moes in die direksie onder voorsitterskap van Hector Mackenzie dien. Die ander lede is Ryno Verster, asook 'n direkteur van Syfret's Trust (aanvanklik Gerald D'Arcy Orpen), Graaff se seuns De Villiers en David en wyle sir Jacobus se seun J.A.C. Graaff.[18]

Verster, wat na die dood van sir Jacobus in sy plek as direkteur aangestel is, woon die direksievergadering van 24 April by, hoewel genotuleer is dat hy op 27 Augustus 1930 bedank het. Volgens die notule het hy toe aangevoer dat sy seun binnekort tot 'n besigheid gaan toetree wat in mededinging met ICS sal wees. Sy bedanking is aanvaar en op voorstel van lady Graaff is Frederic Harry Sargeant, haar eggenoot se private sekretaris[19], in sy plek aangestel. Sargeant, nou in die voorsitterstoel, verwys na Verster se genotuleerde bedanking en verneem "how the matter now appealed to him'". Verster verklaar dat hy nou vir die eerste keer die notule onder oë kry, en hy neem eksepsie daarteen. Mackenzie se voorstel dat hy moet bedank, is 'n ernstige klad op sy eer en integriteit. Hy moet 'n belangriker saak in oorweging neem: wat sou die wens van sy afgestorwe vriend en kollega wat hy 48 jaar geken het, gewees het as hy vandag nog geleef het? As hy bedank, sou hy ontrou wees aan die vertroue wat Graaff in hom gestel het. Hy het 'n voorste regsgeleerde, adv. Albert van de Sandt Centlivres, geraadpleeg, en dié se regsmening is dat hy nie uit die direksie verwyder kan word nie. Na 'n lang debat word 'n voorstel van Verster aanvaar dat nog 'n regsmening ingewin word.[20]

Op die volgende direksievergadering op 29 April 1931 lê Sargeant 'n gesamentlike regsmening van drie advokate voor wat Centlivres s'n bevestig. Verster herhaal sy voorneme om in die beste belang van die trust te werk, en dat hy bereid is om hom aan enige bespreking te onttrek waar ICS se belange geopper word.[21] Die aanstelling van direkteure, soos bepaal in Graaff se

[16] Kaapse Hooggeregshof, CSC 2/1/1/ 1213, saak no. 331/1931.
[17] G. van Lill, *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000,* p. 241-242.
[18] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 22 April 1931.
[19] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 265, vermeld dat Sargeant in die kantoor van die Suid-Afrikaanse hoë kommissaris in Londen gewerk het toe Graaff die pos beklee het.
[20] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 24 April 1931.
[21] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 29 April 1931.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

testament, word uiteindelik op 30 Mei bekragtig.[22] Graaff se tweede seun, David, matrikuleer einde 1932 en moet dus ingevolge sy vader se testament as 'n direkteur van Graaffs Trust aangestel word. Op die direksievergadering van 29 Januarie 1933 word hy eenparig aangewys, waarop Verster sy bedanking indien. Die voorsitter, Mackenzie, bedank hom vir sy waardevolle dienste.[23]

Verdere probleme rakende Graaff se testament ontstaan toe die Belastinggaarder die geldigheid betwis van die trusts wat hy voor sy dood geskep het. Die saak beland uiteindelik in die hof. Die Graaffs kry adv. Albert van de Sandt Centlivres, KC, om namens hulle op te tree. Die mening van Centlivres, 'n latere hoofregter wat ook 'n goeie vriend van die Graaff-familie geword het, blyk die korrekte te wees.[24] 'n Volle regbank van die Kaapse Hooggeregshof bekragtig die geldigheid van die trusts en gee uitspraak, met koste, teen die Belastinggaarder.[25]

Die drama om ICS te red was intussen nog nie afgehandel nie. Van der Horst was 'n paar jaar besonder bedrywig om die maatskappy reg deur die Groot Depressie staande te hou en sake reg te ruk. Eiendomme soos die groot Karooplaas by Hutchinson is verkoop en Walvis Bay Fisheries en Velvet Ice Cream is gelikwideer. Wolfe Davis is in 1930 in Graaff se plek as direkteur aangestel. "I see no way of carrying on the business without him," verklaar Van der Horst. "I particularly need him because he is an optimist…" Die enigste ander direkteur wat behoue bly, is James Keddie Stephenson – en oor hom gee Van der Horst 'n veelseggende uitleg: hy en Stephenson is die enigste vorige voorsitters wat met hul uittrede 'n kontantoorskot agtergelaat het.[26]

Van der Horst onderhandel mettertyd in Londen met Standard Bank om verdere oordragfasiliteite van £200 000 aan ICS toe te staan. Dit word voortgesit tot Junie 1932, toe die tyd aanbreek dat die maatskappy die skuldeisers moet terugbetaal wat deur die bank en Graaffs Trust verteenwoordig word. In die ellendige omstandighede van die Depressie, asook Brittanje se onttrekking aan die goudstandaard in 1931, wat 'n verwoestende uitwerking op Suid-Afrikaanse uitvoerders gehad het, toon ICS steeds verliese. ICS kon nie eens die rente op sy skuld aan die skuldeisers delg nie. Van der Horst nader gevolglik in 1933 opnuut die twee grootste verteenwoordigers van skuldeisers, Standard Bank en Graaffs Trust, met die oog daarop om 'n nuwe ooreenkoms uit te werk wat die Imperial aan die gang kan hou.[27]

Lady Graaff gaan ook na Londen om na die familiebelange om te sien, aangesien die skuldeisers wat deur Graaffs Trust verteenwoordig word, gevaar loop dat, as ICS gelikwideer word, hulle alles kan verloor wat aan hulle verskuldig is. Sy skryf op 21 November uit Londen aan Hector MacKenzie dat sy regsadvies oor die reorganisasie van die Imperial ingewin het. Sy het na sorgvuldige oorweging besluit dat dit die enigste regte ding is om te doen, sodat haar kinders haar nie kan blameer as die maatskappy steeds nie 'n sukses is nie. "This of course has worried me more than I can possibly say – just when I was trying to get away from it all to be dragged into it once more." Sy hoop sy het op die regte manier opgetree, maar die direkteure moet daartoe instem. "The alternative as I see it is liquidation and what then will we get out of it… remember that we are all working to make this Co. a success and there are many of the people interested in this Co. beside ourselves."[28]

---

[22] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 30 Mei 1931.
[23] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Notule van Graaffs Trust, 29 Januarie 1933
[24] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 38.
[25] Kaapse Hooggeregshof, CSC Vol. 2/1/1/1259, Saak no 216/1934, 9 November 1934.
[26] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 166.
[27] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 169-170.
[28] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 1. Lady Graaff-Mackenzie, 21 November (geen jaartal).

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Van der Horst skryf vroeg in 1934 'n brief aan Graaffs Trust om spoedig 'n finale besluit oor die reëling te neem:

> "May I urge you to come to a speedy decision about the arrangement. I am tempted to quote the old tag about a tide in the affairs of men. It may also hold in regard to Companies although they have neither a body to be kicked nor a soul to be damned. Your Principals stand most to lose by liquidation of the Company and I would feel that I have been wasting a good deal of time, thought and energy during the last four years if they were now to lose everything."[29]

Die uiteindelike reëling word bekragtig op 'n aandeelhouersvergadering wat op 29 Mei 1934 in die Katedraalsaal in Koningin Victoriastraat in Kaapstad gehou word. Van der Horst, oortuig dat ICS wesenlik 'n gesonde onderneming is, verduidelik dat hy besluit het dat, eerder as om die maatskappy te likwideer, dit beter is om 'n ooreenkoms met die vernaamste skuldeisers te bereik. Op die agenda is die ingewikkelde ooreenkoms wat die direksie met Standard Bank en Graaffs Trust as die twee grootste verteenwoordigers van skuldeisers aangegaan het. Die bank verleen bykomende sekuriteit in die vorm van £429 000 se skuldbriewe en skryf opgeloopte rente ten bedrae van £122 000 af terwyl sy uitleenkoers tot 5 persent verminder word. Aan Graaffs Trust, as verteenwoordiger van die naasgrootste groep skuldeisers, is £402 000 verskuldig, 'n bedrag bestaande uit lenings en skuldbriewe. Graaffs Trust aanvaar 369 000 nie-kumulatiewe voorkeuraandele met 'n dividendkoers van 5 persent ter uitbetaling van 'n gedeelte van die skuld, terwyl die orige £33 000 se skuldbriewe gekanselleer word. Daarby word die maatskappy kwytgeskeld van opgeloopte rente van £88 000 wat aan Graaffs Trust verskuldig is.[30]

Sir De Villiers Graaff bevestig in sy outobiografie dat die Graaffs, nadat hulle uiteindelik beheer oor ICS verloor het, uitbetaal is in voorkeuraandele wat hulle met verloop van tyd verkoop het. "But it was a long, hard road which took years off my mother's life."[31] Nog 330 118 gewone ICS-aandele was in 1933 in Graaff se boedel en in trusts van sy drie seuns.[32] Anglo American en die Common Fund het in 1936 die Graaffs se gewone aandele oorgeneem.[33]

Die Graaffs het ook 'n goeie verhouding met dr. Van der Horst gehandhaaf nadat hulle hul belang in ICS verloor het. Dr. Jannie Graaff onthou dat sy moeder gereeld besoeke aan Van der Horst en sy eggenote, Truida, op sy plaas, Imhoff's Gift, gebring het.[34]

Van der Horst het ICS, wat so laat as 1937 eers sy eerste dividend kon uitbetaal[35], met verloop van tyd weer op 'n gesonde sakegrondslag teruggekry. Sy neef dr. Jan van der Horst het hom in 1942 by ICS aangesluit en was op 45-jarige ouderdom die mede- besturende direkteur. In 1967 is die jonger Van der Horst na die Ou Mutual waar hy, soos sy oom, naderhand ook die voorsitter geword het. ICS het in 1982 'n filiaal van Barlow Rand geword toe die Ou Mutual, met dr. Jan van der Horst as voorsitter, sy aandelebesit in ICS uitgeruil het.[36] Uiteindelik is Imperial Cold Storage in 1998 deur Tiger Brands oorgeneem en van die Johannesburgse Effektebeurs gedenoteer. Die Imperial, 'n instelling wat by byna alle Suid-Afrikaners bekend was, voedsel aan miljoene mense verskaf en op sy hoogtepunt meer as honderd filiale beheer en meer as 18 000 mense in diens geneem het, het van die Suid-Afrikaanse toneel verdwyn.[37]

---

[29] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 1. Van der Horst-Graaffs Trust, 21 Februarie 1934.
[30] Tiger Brands Argief, Johannesburg . Notule van Kaapse direksie van ICS, Aandeelhouersvergadering, 29 Mei 1934.
[31] De V. Graaff, *Div Looks Back,* p. 38.
[32] NBSA, Kaapstad. Graaff Papers, MSC 55, Boks 1. Memorandum oor Graaff se boedel, 15 Desember 1933.
[33] R. Frankel, *Tiger Tapestry,* p. 166.
[34] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff.
[35] Tiger Brands Argief, Johannesburg. L.F. Beckerling se memorandum oor ICS, p. 2.
[36] R. Frankel, *Tiger Tapestry,* pp. 381-382.
[37] P.B. Simons, *Ice Cold in Africa,* p. 246.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Terwyl lady Eileen Graaff na sir David se oorlye noodgedwonge al hoe meer by sy sakebelange betrek is, het die pastoriedogter haar as 'n knap sakevrou begin onderskei. Sy onderhandel onder meer tydens die Tweede Wêreldoorlog met genl. Smuts, toe weer eerste minister, die oordrag van grond vir die vliegvelde van Ysterplaat en Wingfield. Smuts rig die versoek tot haar nadat die Britse premier, sir Winston Churchill, hom gevra het om in Suid-Afrika met die opleiding van Britse vlieëniers te help, aangesien die slegte weerstoestande in Brittanje opleiding in vegvliegtuie baie bemoeilik.[38] Graaffs Trust willig in om 'n groot stuk grond van 300 hektaar beskikbaar te stel, maar hou die voorkoopreg uit. Dit beteken dat hierdie uiters waardevolle terrein digby Kaapstad se middestad teen die destydse koopprys aan die Graaffs moet teruggaan as die regering dit nie meer gebruik nie – en in later jare word Ysterplaat meestal slegs vir die staatshoof se amptelike vliegtuig gebruik. Onderhandelinge sal met die Departement van Verdediging gevoer moet word indien die grond teruggekoop word. Dit behels dat die aanvanklike koopprys plus rente betaal moet word, asook dat die staat vergoeding moet ontvang vir geboue wat hy nie wil verwyder nie.[39]

Dr. Jannie Graaff sê by geleentheid aan Chris Theron, sekretaris van Graaffs Trust, oor sy moeder: "Chris, she may not have had much of a financial education, but boy, she had business sense!"[40] Bill Neate, 'n latere voorsitter van ICS, bevestig eweneens dat lady Graaff 'n bedrewe sakevrou was.[41] Jean Cullen, jarelange assistent van sir De Villiers Graaff, onthou ook dat hy groot agting vir sy moeder gehad het. Lady Eileen het 'n sterk persoonlikheid gehad en was 'n ware materfamilias na haar man se dood, volgens Cullen. De Villiers was sewentien jaar oud toe Graaff oorlede is. In die lig van sy aansienlike verantwoordelikhede op so 'n jeugdige ouderdom het sy daarop aangedring dat hy hom aan Oxford verder bekwaam om sy vader se skoene vol te staan.[42] Sy het selfs bekwame mense soos Frederick Harry Sargeant, haar man se private sekretaris wat die voorsitter van Graaffs Trust geword het, nie met alte veel ontsag bejeën nie. Dr. Jannie Graaff vermeld dat sy Sargeant, wat vroeër dr. Leander Starr Jameson se private sekretaris was, by geleentheid 'n "nincompoop" genoem het.[43]

Die Graaffs se vriendskap met genl. Smuts, wie se Verenigde Party in 1948 se verkiesing deur dr. D.F. Malan se Nasionale Party verslaan is, word tot sy dood op 11 September 1950 op sy plaas by Irene volgehou. Lady Graaff skryf nog op 5 Februarie van daardie jaar aan "Dear Oom Jannie" dat sy by haar seun De Villiers verneem het dat hy nie te wel is nie. Sy nooi Smuts, toe weer opposisieleier, om te eniger tyd in Sunningdale, haar groot, gerieflike huis met sy tuin van twee morg en "baie privaat" in Kenilworth, te kom bly.[44]

Sy sterf 'n maand na Smuts, op 21 Oktober 1950, op sestigjarige ouderdom. In haar testament laat sy Sunningdale na aan haar jongste seun, dr. Jannie Graaff. Die huis in Tennantweg is in 1894 deur die bekende argitek Herbert Baker vir W.T. Buissiné onwerp en word as een van sy prominentste Kaapse geboue beskou.[45] Sy het die huis in 1943 op aanbeveling van Smuts gekoop, veral omdat die oorlogstydse rantsoering van brandstof dit vir haar moeilik gemaak het om gereeld vanaf Zonnekus in Milnerton in die stad te kom. Dr. Graaff verkoop die huis 'n jaar nadat hy dit geërf het.[46] Teen hierdie tyd woon haar oudste seun, sir De Villiers, reeds geruime tyd op De Grendel, terwyl haar tweede seun, David, die vakansiehuis Zonnekus by Milnerton erf.

---

[38] Meegedeel deur sir David Graaff, derde baronet.
[39] Brief van Graaffs Trust aan *The Cape Times*, 7 Junie 1996.
[40] Meegedeel deur Chris Theron.
[41] Onderhoud met Bill Neate.
[42] Meegedeel deur Jean Cullen. Sir De Villiers het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer voordat hy hom op Oxford verder in die regte bekwaam het en in 1938 in Kaapstad tot die Balie toegelaat is.
[43] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff.
[44] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1/284. Lady Graaff-Smuts, 5 Februarie 1950.
[45] B.A. Johnson, "Domestic Work by Baker and His Partners at the Cape, 1892-1912", p. 4.
[46] Meegedeel deur dr. Jannie Graaff.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Lady Graaff laat haar waardevolle juwele aan haar drie seuns, met die uitdruklike wens dat die juwele in die Graaff-familie moet bly, maar dat die seuns se eggenotes daarvan gebruik mag maak.

Sy laat £100 elk aan haar susters Margaretha Jacoba (Millie) Overbeek en Anna Dorothea de Jongh, asook £100 elk aan haar ses peetkinders, Henry Robin van Heerden Borcherds, Jennifer Graaff, Andrew Duncan, Richard Feetham, Julian Thompson (later beter bekend as Ogilvie-Thompson van Anglo American) en Tony Thesen. Vir haar suster Muriel van Heerden en tante Maria Elizabeth le Roux laat sy £50 elk na, en vir haar neef Henry Robins van Heerden Borchards £250. Vir elke personeellid van Sunningdale en Zonnekus laat sy £50 na, en aan haar hoofbediende (butler), John Esau, ook bekend as Frikkie, £10 per maand solank soos hy leef. In die inventaris van haar boedel word 'n totaal van £136 260 aangegee, bestaande uit eiendom van £98 412, onroerende goedere van £24 500 en aandele ter waarde van £85 206.[47]

Van die drie Graaff-seuns tree net die oudste, sir De Villiers Graaff, ook tot die politiek toe. Hy word in 1948 as lid van die Verenigde Party in die kiesafdeling Hottentots-Holland tot die Volksraad verkies. Sir Div, soos hy algemeen bekend gestaan het, volg in 1956 vir J.G.N. (Koos) Strauss as leier van die VP op. Dié party ontbind in 1977 om in die Nuwe Republiek Party op te gaan, wat hy 'n ruk lank lei. Sir Div, algemeen beskou as die gentleman van die Suid-Afrikaanse politiek, was die langs dienende opposisieleier in Suid-Afrika, 'n tydperk van 21 jaar. In een stadium, na die dood van pres. Nic Diederichs in 1978, was daar sprake selfs onder Nasionaliste dat hy die volgende staatspresident moet wees, maar mnr. Marais Viljoen is toe tot seremoniële staatshoof verkies. Sir De Villiers, wat 'n outobiografie oor sy loopbaan geskryf het, gaan boer na sy uittrede met sy Friesland-Holstein-stoetbeeste en Duitse merino's op De Grendel, waar hy in 1999 oorlede is. Hy was getroud met Helena le Roux (Ena) Voigt, 'n mede-student aan die Universiteit van Kaapstad.[48] Twee seuns en 'n dogter is uit hul huwelik gebore: David, Johann en Geneé.

Sir De Villiers se jonger broer, Dawie, was 'n boer en 'n sakeman en het nooit getrou nie. Hy is in 1972 oorlede. Die jongste broer, Johannes, beter bekend as dr. Jannie Graaff, was 'n briljante student wat op 15-jarige ouderdom gematrikuleer en op 22 'n dosent aan die Cambridge Universiteit geword het. Hy het met sy terugkeer in Suid-Afrika die plaas Die Eike in Ceres gekoop, hy was 'n direkteur van maatskappye en het lesings in ekonomie en finansies gegee. Hy is die skrywer van *Theoretical Welfare Economics*[49] en was lid van adviserende kommissies oor die Suid-Afrikaanse belastingstelsel. Hy is getroud met Clare Thomson, wie se vader en oupa albei Nobelpryswenners was.[50] Ses kinders is uit hul huwelik gebore - vyf dogters, onder wie 'n tweeling, en 'n seun, P.J. (Pieter) Graaff. Pieter Graaff volg in sy oupa se voetspore met koelbewaring. Hy is die voorsitter van die Ceres Group en Ceres Fruit Growers, een van die grootste verkoelingsaanlegte in die Suidelike Halfrond, wat vrugte en vrugtesappe prosesseer, verpak en bemark.[51]

Sir De Villiers se oudste seun, David, die derde baronet, is in 1940 gebore. Hy het sy vader die eerste keer gesien toe hy vyf jaar oud was, omdat sir De Villiers voor sy geboorte in die Tweede Wêreldoorlog gaan veg het en by Tobruk krygsgevange geneem is. Smuts het aan lady Graaff 'n telegram gestuur dat amptelik bevestig is dat haar seun 'n krygsgevangene is: "This though sad

---

[47]SANA, Kaapstad. Testament van lady Eileen, CA/MOOC 6/9/1667.

[48] Sy outobiografie, *Div Looks Back*, is in 1993 gepubliseer. Vroeër is Leo Barnard en Dan Kriek se bundel *Sir De Villiers Graaff* in 1990 gepubliseer.

[49] J. de V. Graaff se boek *Theoretical Welfare Economics* is in 1957 gepubliseer.

[50] Nobel Foundation. *Nobel Lectures, Physics 1901-1921, 1922-1941*. Clare Graaff se oupa John Joseph Thomson, beskou as die ontdekker van die elektron, ontvang die Nobelprys vir fisika in 1906. Dieselfde eer val haar vader, George Paget Thomson, in 1937 te beurt toe die Nobelprys vir fisika aan hom toegeken word vir navorsing wat aantoon dat elektrons in golwe beweeg ondanks die feit dat hulle partikels is.

[51] Pieter Graaff se curriculum vitae.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

is more satisfactory."[52] David, wat met uitvoerdruiwe in die Hexvallei geboer het nadat hy aan die universiteite van Stellenbosch, Grenoble en Oxford gestudeer het, het ook tot die politiek toegetree en die derde geslag van Graaffs in die Parlement verteenwoordig. Hy staan as kandidaat van sy vader se party, die Verenigde Party, in verkiesings voordat hy hom by die Nasionale Party aansluit omdat hy gemeen het dat P.W. Botha se regering oor magsdeling met swartes gaan onderhandel. Hy word in 1987 se verkiesing tot Nasionale LV vir Wynberg verkies en dien daarna as adjunk-minister van handel en nywerheid in F.W. de Klerk se kabinet. Hy tree in 1998 uit en begin na sy vader se dood in 1999 op De Grendel boer.

Daar sit hy die stoetboerdery voort met van die oudste stoetvee in die land, maar begin ook met die oog op Durbanville se reputasie as 'n puik wynbougebied wyne op De Grendel produseer. Die plaas lê sewe kilometer van die see af soos die kraai vlieg en die wingerde is 250 tot 300 meter bo seespieël. Sy vader en oupa het geen wingerde gehad nie, maar daar was jare tevore wel druiwe op De Grendel. Die familie het 'n stokou berig in die *Cape Gazette* van 1812 opgespoor waarvolgens ene Joseph Heyns De Grendel te koop aangebied het, met 10 000 wingerdstokke onder die losgoed. Die wingerde is waarskynlik uitgeroei deur die filoksera-plaag wat die Kaap in die laat-negentiende eeu getref het.[53] Een van die landgoedwyne wat in die moderne nuwe wynkelder geproduseer word, is De Grendel Rubaiyat 2006, 'n naam wat die derde baronet na sy oupa herlei. Die eerste sir David het naamlik in die 1920's 'n eksemplaar van Edgar Fitzgerald se 1859-werk The Rubaiyat of Omar Khayyam, oorgetrek in rooi Sweedse leer, bekom. Daarin verskyn 'n kwatryn van die elfde-eeuse Persiese astroloog en wiskundige wat na die druif en wyn verwys.[54] Die vlagskipwyn, Winifred, 'n versnit van semillon, chardonnay en voignier, is genoem na die derde baronet se vrou, Sally, wie se voornaam Winifred is.[55]

Sir David se jonger broer, dr. Johann Graaff, is senior lektor in sosiologie aan die Universiteit van Kaapstad. Hul suster, Geneé Allanson, is in 2007 oorlede. Uit sir David se huwelik met Winifred Sally Melinda Williams, 'n Engelse dame, is vier kinders gebore. Die oudste seun, De Villiers, boer met uitvoerdruiwe op die erfplaas Naudéshof in die Hexriviervallei waar sy vader geboer het. Hy is getroud met Gaedry (Kriel) en hul oudste seun, Pieter David Barkley de Villiers Graaff, het ook die voorvadername. Sir David se tweede kind is 'n dogter, Leeza, en sy het twee jonger broers. Robert, wat op die Lushof-vrugteboerdery tussen Ceres en Prince Alfred Hamlet boer, was in 2007 die Wes-Kaapse Jong Boer van die Jaar. Soos sy oupagrootjie voer hy ook arabierperde in. Hy is getroud met Judy, dogter van die Springbok-rugbyspeler Jannie Engelbrecht en sy vrou, Ellen. Die jongste seun, David John (Johnny), bedryf 'n rehabilitasiesentrum vir dwelmverslaafdes, die Montrose Foundation in Bishopscourt in Kaapstad. Perderitte op De Grendel maak deel van die terapie uit.

Die nageslag van die eerste sir David Graaff oefen steeds beheer uit oor die vernaamste maatskappye wat met sy sakebedrywighede verbind word, Graaffs Trust en Milnerton Estates. Graaffs Trust is in 1996 oorgeneem deur Milnerton Estates, wat sedertdien as die houermaatskappy optree. As die finansiële arm van die groep is Graaffs Trust sodoende nouer met die winsgewende terrein van eiendomsbeleggings saamgesnoer, terwyl die bestuur en personeel doeltreffender aangewend kon word.

Hoewel Milnerton Estates 'n belang van 100% in Graaffs Trust hou, besit die Graaff-familie verreweg die meeste aandele in die houermaatskappy. Die Graaffs se aandelebesit is soos volg verdeel: Dr Jannie Graaff 19%, sir David Graaff 15%, dr. Johann Graaff 15%, Genée Graaff

---

[52] NASA, Pretoria. Smuts-versameling, A1/254/217. Smuts-Lady Graaff, 2 Julie 1942.
[53] *Die Burger,* Bylae, 1 November 2008, p. 10.
[54] *Die Burger,* 29 September 2009.
[55] *Die Burger,* Bylae, 1 November 2008, p. 10.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

(Allanson) se boedel 15% (gehou deur haar twee seuns), Standard Bank 12%, dr. Jannie Graaff se ses kinders 3% elk. Milnerton Estates sowel as Graaffs Trust het elk 'n onafhanklike voorsitter, onderskeidelik Anne Ray en Dave Moir. Die twee direksies oorvleuel in sekere mate, met die Graaffs in albei die sterkste verteenwoordig.[56]

Teen 2008 doen Milnerton Estates steeds hoofsaaklik sake as 'n woonbuurt-ontwikkelaar. Die maatskappy, wat aanvanklik eiendom vir ontwikkeling en verkope in Paarden Eiland en Milnerton bekom het, verkry daarna ook eiendom verder noord in Table View en Vissershok. Al die eiendom lê binne die grense van die munisipaliteit van Blaauwberg. Een van die ontwikkelingsprojekte wat aangepak is, is die woonbuurt Parklands buite Kaapstad.[57] Dele van die nie-landbougrond van De Grendel is sedert die aanvang van die 21ste eeu vir eiendomsontwikkeling verkoop.[58]

Behalwe Graaffs Trust, wat teen 2008 bates van R1 285 miljoen geadministreer het, het Milnerton Estates 'n belang in enkele ander ondernemings. Een hiervan is 'n belang van 87,7% in Veldtdrif Salt Co Pty Ltd, wat in 1999 met die produksie van sout op Dwarskersbos aan die Weskus begin het.Voorts is daar 'n belang van 50% elk in Rosedean Investments en Roth Educational Services, die twee pilare van Parklands College. Nog 'n winsgewende belegging is in die sweefspoor op Tafelberg. Teen 2008 hou Milnerton Estates 'n effektiewe belang van 28% in die Table Mountain Aerial Cableway Company, waarin die eerste sir David tagtig jaar tevore 'n belang gehad het.[59]

Graaff se ruim nalatenskap in sy testament van 1928 om die voortbestaan van sy erflike titel te verseker, lewer tagtig jaar later probleme op deurdat boedelbelasting 'n onhoudbare las op elke nuwe erfgenaam plaas. Gevolglik dien Graaffs Trust, as trustee van die Baronetcy Fund, op 20 Julie 2007 voor die Kaapse Hoër Hof 'n hofaansoek in om die bepalings van Graaff se testament te wysig sodat die fonds se trustees eerder as die begunstigde titelhouer vir die boedelbelasting aanspreeklik sal wees.

Die fonds se bates bedra in daardie stadium meer as R700 miljoen. Die titelhouer is egter slegs geregtig op inkomste uit die fonds en mag nooit die kapitaal gebruik of erodeer nie. Die plaas De Grendel word hierbenewens weens hoë onderhoudskoste teen 'n verlies bedryf, volgens die aansoek. Die aansoeker wys daarop dat, toe die baronetskap die derde baronet, sir David Graaff, na sy vader se heengaan in 1999 toegeval het, hy boedelbelasting ten bedrae van byna R18 miljoen moes betaal – 'n bedrag wat hy alleenlik kon bekostig danksy 'n lening, terugbetaalbaar oor vyf jaar, wat die Baronetcy Fund aan hom toegestaan het. Sy erfgenaam sal na raming 'n onbekostigbare bedrag aan boedelbelasting moet afstaan, en volgens rekenkundige berekenings sou dit vir sy kleinseun 'n astronomiese bedrag beloop.

In die hofstukke word voorts daarop gewys dat die derde baronet, sir David, se oudste seun, De Villiers, ook twee seuns het, van wie die oudste David Peter Berkeley de Villiers Graaff heet.[60] Dit beteken dat die baronetskap nog minstens twee geslagte sal voortduur. Toekomstige erfgename kan weens die enorme bedrag van die boedelbelasting dalk besluit om die titel van die hand te wys, wat sekerlik nie die eerste baronet se oogmerk was nie, volgens die hofstukke.
'n Hofbevel om die testamentêre bepalings te wysig sodat die boedelbelasting voortaan deur die Baronetcy Fund betaal sal word, word op 28 Augustus 2007 deur waarnemende regter John

[56] Inligting verkry uit jaarverslae van die maatskappye en mededelings van Chris Theron, sekretaris van die groep.
[57] *The Cape Times*, 13 Julie 2006
[58] Meegedeel deur sir David Graaff, derde baronet.
[59] Graaffs Trust Argief, Kaapstad. Jaarverslag, Milnerton Estates, 2008.
[60] David Peter Berkeley de Villiers Graaff het 'n jonger broer, Austin, en twee susters.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Whitehead toegestaan.[61] Daardeur word verseker dat sir David Graaff se erflike titel, binne enkele jare waarskynlik die laaste baronetskap van 'n Suid-Afrikaner wat in Suid-Afrika woon, bly voortbestaan.

Gevolgtrekking

In hierdie studie is gepoog om 'n kritiese, vertolkende werkwyse te volg, dus 'n biografie waarin stof nie veronagsaam is wat nie noodwendig vleiend vir die onderwerp is nie. Dit is juis sulke inligting wat 'n lewensverhaal geloofwaardig maak – en die karakter menslik.[62] Deur 'n beeld van Graaff *in* sy tyd te gee, nie 'n relaas van hom *en* die tyd waarin hy geleef het nie, kan die besonder gebeurtenisvolle tydperk in die land se geskiedenis ten tyde van Uniewording ook beter belig word. In hierdie verband betoog die geskiedskrywer Alex Mouton dat biografie behoorlike geskiedskrywing uitmaak: "A portrait could be painted without over-emphasising the role of the individual at the cost of the social and political context, while providing insight into the past."[63] Hieraan voeg die vooraanstaande biograaf Phyllis Lewsen toe dat "biography gives a sense of life and positive identity which is sometimes lacking in more abstract historical analyses. These qualities can be lost in learned history."[64] En vir 'n Amerikaanse geskiedskrywer van formaat, Barbara Tuchman, is biografie 'n prisma van die geskiedenis aangesien dit die universele in die besondere omvat; 'n fokus waardeur die skrywer sy veld tot hanteerbare dimensies vernou terwyl dit die leser toelaat om die onderwerp makliker te verstaan.[65]

In hierdie opsig kan Graaff se lewensverhaal as parlementêre politikus en voorste sakeman bydra tot beter begrip van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.[66] Dit werp lig op die betreklik klein netwerk van vooraanstaande persoonlikhede wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis bepaal het in die tydperk voor en na Uniewording, toe die grense van die huidige Republiek van Suid-Afrika vasgelê is. Vandat hy tot die politiek toegetree het in die Afrikanerbond van Onze Jan Hofmeyr, sy mentor, het hy in die geselskap van die land se vooraanstaande politieke figure beweeg. Hy was 'n intieme vriend van Botha en Smuts, die Unie se eerste twee premiers, en het insae en by tye deel gehad aan hul besluitneming oor 'n hele aantal bepalende kwessies. Hy was 'n vertroueling van albei, veral van Botha, wat as premier soms sy advies gevra het voordat hy ander kabinetskollegas geraadpleeg het. Hy ook was meer as 'n blote akoliet; soms het hy wel deeglik van hulle verskil.

Graaff was in die tyd van ekonomiese opbloei in Suid-Afrika 'n entrepreneur van formaat, die pionier wat grootskaalse koelbewaring na Suid-Afrika gebring en 'n fortuin uit bevrore vleis en die verkoeling van vrugte en ander produkte opgebou het. Sy sakevernuf het goed te pas gekom

---

[61] Kaapse Hoër Hof, Saak no. 9546/2007

[62] H. Renders, *De Seven Hoofdzonden van de Biografie: Over Biografen, Historici en Journalisten,* p.17.

[63] A. Mouton, "'The good, the bad and the ugly': Professional historians and political biography of South African parliamentary politics, 1910-1990", p. 3.

[64] S. Pienaar, "Interview with Phyllis Lewsen", *South African Historical Journal,* 28, Mei 1993, p. 29.

[65] B. Tuchman, *Practising History, Selected Essays,* pp. 80-84.

[66] A. Mouton, "'The good, the bad and the ugly': Professional historians and political biography of South African parliamentary politics, 1910-1990", p. 8: "And yet, despite the proven value of political biography in the United States and Britain, the library shelves of South African universities are bare of biographies on parliamentary politicians by professional historians."

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

in die rol wat hy in die landspolitiek gespeel het, beginnende op plaaslike vlak, waar hy as jeugdige burgemeester van Kaapstad die leiding met ingrypende modernisering van die Moederstad geneem het. Dit is verder gevoer tot op kabinetsvlak en het bygedra tot die vordering wat die land in ekonomiese selfstandigheid, skeepsvervoer en die diamantbedryf gemaak het.

Graaff se lewensverhaal is uit historiografiese oogpunt insiggewend ook omdat dit aspekte van die verhouding sakeman-politikus uitbeeld. Enersyds beklemtoon dit dat sakelui se insig en vaardighede op die hoogste vlak van landsregering 'n groot bate vir 'n land kan wees; andersyds dat so 'n noue verbintenis ook nadele oplewer. Graaff self het dit betreur dat dit altyd sakebedrywighede is wat skade ly wanneer besigheid en politiek vermeng word.

As politikus het hy vroeg besef hoe belangrik goeie mediaverhoudinge in die politiek is. Hy het by tye deur onder kritiek deurgeloop, onder meer van *Die Burger* en 'n knaende teenstander soos die *South African Review.* Maar sy noue bande met toonaangewende koerante wat die Kaapse mediatoneel voor die koms van televisie oorheers het, soos die *Cape Times* en *Cape Argus,* asook die blad *South Africa*, sowel as sy besonder goeie verhouding met die internasionale nuusagentskap Reuters, het verseker dat hy in die media 'n oorwegend gunstige openbare beeld kon handhaaf.

Die netwerke op hoë vlak waarbinne Graaff beweeg het en waarmee hy ten nouste gemoeid was, beide in die politiek en die sakewêreld, toon dat hy in ruim mate beskik het oor die konneksies wat in sosiologiese terminologie as sosiale kapitaal bekend staan.

Die konsep van sosiale kapitaal, wat in verskeie geesteswetenskappe gebruik word, word verskillend gedefinieer. In die algemeen omvat dit hoofsaaklik die kern-idee dat "…social networks have value. Just as a screwdriver (physical capital) or a university education (human capital) can increase productivity (both individual and collective), so do social contacts affect the productivity of individuals and groups".[67] Dit bring die waarde van sosiale verhoudinge na vore en die rol van samewerking en vertroue om kollektiewe of ekonomiese resultate te verkry. In die algemeen kan dit beskou word as die vrug van sosiale verhoudings, bestaande uit die verwagte voordele van voorkeurbehandeling en –samewerking tussen individue en groepe. Vir die Amerikaanse akademikus Robert. D. Putnam het sosiale kapitaal drie komponente: morele norme en verpligtinge, sosiale waardes (veral vertroue) en sosiale netwerke (veral vrywillige verenigings). In teenstelling hiermee lê die Franse sosioloog Pierre Bordieu minder klem op vertroue; hy benadruk eerder klasseverskille.[68]

Die Suid-Afrikaanse futuroloog dr. Philip H. Spies beklemtoon, soos Putnam, dat sosiale kapitaal bowenal op onderlinge vertroue berus.[69] In die politiek was Graaff veral in 'n sterk vertrouensposisie, met Hofmeyr as sy mentor en daarna as vertroueling van twee premiers, Botha en Smuts. 'n Ernstige vertrouensbreuk het egter met Cecil John Rhodes ontstaan weens sy knoeiery tydens die Jameson-inval. As sakeman was daar ook 'n besondere band van vertroue tussen Graaff en sy broer sir Jacobus en mede-sakelui soos James Keddie Stephenson. Andersyds het hy uitgeval met sy eertydse regterhand, J.G.P. van der Horst, wat metteryd egter tot Imperial Cold Storage se redding sou kom. Soos ander prominente sakelui kon Graaff ook soms van regeringskant die wind van voor kry, soos die geval was met die ondersoeke wat die Hertzog-regering na sy sakebedrywighede ingestel het.

---

[67] R. D. Putnam, "Bowling Alone: America's Declining Social Capital". *Journal of Democracy* 6 (1), pp. 65–78.

[68] M. Siisiäinen, "Two concepts of Social Capital: Bourdieu vs. Putnam", pp. 1-6.

[69] Onderhoud met dr. Philip H. Spies, emeritus-professor in toekomsnavorsing aan die Universiteit van Stellenbosch en hoof van Creative Futures, Paarl.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Afgesien van sosiale kapitaal het Graaff klaarblyklik oor buitengewone menslike kapitaal beskik: die talente wat hom in die fleur van sy lewe een van Suid-Afrika se invloedrykste politici en innoverendste sakemanne gemaak het. Sodanige talente, so het die ekonoom Adam Smith in een van die oudste definisies van menslike kapitaal verklaar, bevoordeel ook die samelewing waartoe so 'n enkeling behoort.[70]

In die oorlogsituasie tydens die eeuwisseling het Graaff hom as prominente Kaapse Afrikaner in die dilemma van ander Kaapse Afrikaners bevind. Enersyds het hulle trou betuig aan die Britse Ryk, waarvan die Kaapkolonie deel was, en andersyds het hulle lojaal teenoor hul Afrikaanse herkoms gebly en het hul simpatie tydens die Anglo-Boere-oorlog by die burgers van die republieke in die noorde gelê. Hy het die verskeurdheid van baie Kaapse Afrikaners gedeel, wat voordeel getrek het uit die ekonomiese vooruitgang wat Engelssprekendes na Suid-Afrika gebring het sowel as uit samewerking met die koloniale metropool, maar gekant geraak het teen die imperialistiese uitbreidingsdrang wat verpersoonlik is deur Rhodes, teen wie Graaff na die Jameson-inval gedraai het. Soos sy vriend sen. F.S. Malan het hy hom vir 'n verenigde Suid-Afrika, vry van interne Britse beheer, maar steeds as 'n integrale deel van die Ryk, beywer. Hy het die imperiale band beskou as noodsaaklik om 'n stabiele, florerende gemeenskap te skep waarin Afrikaans- en Engelssprekendes hul vyandigheid te bowe kon kom om een nasie te vorm. As vermoënde sakeman het hy tydens Uniewording verskil van die Randlords, wat die Brits-gesinde Unioniste gesteun het, deurdat hy sy steun by die Boeregeneraals Botha en Smuts ingewerp het. Hy het ook sy seuns na 'n eksklusiewe Engelse private skool gestuur, maar 'n troue lidmaat van die NG Kerk gebly.

In hierdie kompleksiteit het Graaff onder meer as 'n vaandeldraer van Suid-Afrikanisme opgetree, soos blyk uit sy optrede met die Skeepsring-kwessie, toe hy Suid-Afrikaanse belange voorop gestel het. Suid-Afrikanisme is in daardie stadium van die land se geskiedenis uit 'n kapitalistiese hoek ook getipeer as samewerking tussen (Engelse) nyweraars en (Afrikaner) landbouers, synde een van die hoekstene van Suid-Afrikanisme.[71] Graaff se beskouings staan egter nader aan dié van F.S. Malan, wat Suid-Afrikanisme reeds in 1908 as die hoogste patriotiese sentiment sowel as 'n praktiese gees van selfversorging en selfrespek gedefinieer het.[72] Naas 'n noue identifikasie met Suid-Afrika impliseer Suid-Afrikanisme ook 'n begeerte na nasionale eenheid. Binne die Suid-Afrikaanse Party van Smuts en Botha was Graaff 'n voorstander van konsiliasie-politiek, destyds vernaamlik met die doel om ou verdeeldhede tussen die wit "rasse" te bowe te kom en 'n verenigde nasie te bevorder. Tog sou Suid-Afrikanisme 'n ontwykende ideaal bly - 'n eeu later in die "nuwe" Suid-Afrika word dit steeds meesal slegs deur sporadiese opflikkerings, veral by groot sportgeleenthede, gekenmerk.

---

[70] Adam Smith, *An Inquiry into the Nature And Causes of the Wealth of Nations, Book 2 - Of the Nature, Accumulation, and Employment of Stock*, 11.1.17: "The acquisition of such talents, by the maintenance of the acquirer during his education, study, or apprenticeship, always costs a real expense, which is a capital fixed and realized, as it were, in his person. Those talents, as they make a part of his fortune, so do they likewise that of the society to which he belongs. The improved dexterity of a workman may be considered in the same light as a machine or instrument of trade which facilitates and abridges labor, and which, though it costs a certain expense, repays that expense with a profit."

[71] Bozzoli, B, *The political nature of a ruling class: capital and ideology in South Africa,* pp. 204-5.

[72] Aangehaal in H.E. King, "The South African National Union: Its Part in Development." *South African Journal of Industries,* Februarie 1919. Malan het die frase "South Africanism" reeds in 1908 in die jaarboek van SANU gebruik: "The South African National Union embodies a young and vigorous South Africanism, a South Africanism which is animated by the highest patriotic sentiments as well as by a practical spirit; South Africa cannot be the home of a happy and prosperous people unless all animosities are buried and South Africans becoime more self-supporting, and consequently more self-respecting."

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff, wat aanvanklik 'n federale regeringsvorm voorgestaan het, het die Unie ná die Nasionale Konvensie geesdriftig gesteun. Nadat hy kabinetslid geword het, het hy hom in die openbaar selde oor die land se groot rassevraagstuk uitgespreek. Hy het wel die Kaaps-liberale standpunt oor gekleurde stemreg ondersteun, maar saamgestem met Botha se paternalistiese inlywingsplan vir die Britse protektorate Swaziland, Basoetoland en Betsjoeanaland, wat aan swartes 'n vorm van selfbestuur onder die Unie-regering sou besorg het.

Kritiek wat teenoor Graaff as sakeman uitgespreek is, konsentreer bowenal op monopolistiese tendense. Politieke verbintenisse het waarskynlik by sy kritici 'n rol gespeel. Die Raad van Handel en Nywerheid se ondersoek na die vleis-, vis- en ander voedselbedrywe is byvoorbeeld in 1925 ingestel na die bewindsoorname van genl. Hertzog, wie se Nasionale Party deur Graaff as prominente SAP-ondersteuner teengestaan is. Graaff het hom as voorsitter van ICS op jaarvergaderings sowel as in sy getuienis voor kommissies van ondersoek meermale teen beskuldigings van 'n monopolie verweer. Hiervoor het hy in die Raad van Handel en Nywerheid se ondersoek betekenisvolle steun gekry van 'n politieke teenstander, die Hertzog-vriend prof. H.E.S. Fremantle, wat in 'n minderheidsverslag bewerings van 'n monopolie sowel as politieke invloed verwerp het.[73] Gespesialiseerde kennis van die verkoelingsbedryf en mededingers wat nie die mas teen Graaff se innovasies en organisasievermoëns kon opkom nie sowel as die natuurrampe, klimaatstoestande en droogtes wat Suid-Afrika as 'n riskante landbouland kenmerk, het waarskynlik 'n baie sterker bepalende rol in die Imperial se dominansie gespeel. Sy antwoord in die ondersoek na die Meat Producers' Exchange op 'n vraag of sy eintlike plan was om die hele bedryf in te palm is 'n nugtere: "…at all times any business, person, company or firm is always entitled to secure as much of the trade as they possibly can."[74] Markaandeel is altyd 'n primêre doelwit vir enige suksesvolle sakeonderneming.

Nietemin het Graaff se welslae as sakeman geensins sy sin vir maatskaplike verantwoordelikheid verdof nie. Burgertrots eerder as persoonlike voordeel was waarskynlik die belangrikste motivering vir sy moderniserende inisiatiewe om Kaapstad 'n beter plek vir sy inwoners en 'n gesogte bestemming vir besoekers te maak. Hiervoor doen hy buitelandse ervaring op deur op eie koste oorsee te reis. As weldoener stel hy voorts 'n vroeë voorbeeld vir Suid-Afrikaanse sakelui deur sy bystand aan talle liefdadigheidsorganisasies, in die besonder deur groot bedrae geld aan onderwys te skenk. Die skool wat na hom genoem is op sy geboortedorp, Villiersdorp, bly 'n monument vir die hoë prioriteit wat hy op goeie onderwys en onderrig geplaas het, 'n behoefte wat in die 21ste-eeuse Suid-Afrika nog groter geword het. Graaff voldoen aan 'n ideaal wat teen die einde van die negentiende eeu internasionaal onder sommige vermoënde sakelui begin posvat het, dat ryk mense 'n morele plig het om reeds in hul leeftyd hul fortuin te begin weggee. Die Amerikaanse staalmagnaat Andrew Carnegie was waarskynlik die eerste nyweraar wat dit openlik verklaar het, met die skroeiende oordeel in sy *Gospel of Wealth* dat diegene wat dit nie doen nie "will pass away 'unwept, unhonored and unsung'…"[75]

---

[73] NBSA, Kaapstad. Raad van Handel en Nywerheid, Unie van Suid-Afrika, Verslag no 54, "Meat, Fish and Other Products", Fremantle: pp. 52-54., 10 Junie 1925.

[74] *Hansard*, Gekose Komitee oor die Meat Producers' Exchange Limited. Getuienis van Graaff, 30 Junie 1922, pp. 308 en 313.

[75] A. Carnegie,*The Gospel of Wealth and Other Timely Essays,* p. 29: "Thus is the prop.em of rich and poor to be solved. The laws of accumulation will be left free, the laws of distribution free. Individualism will continue, but the millionaire will be but a trustee for the poor… There is no mode of disposing of surplus wealth creditap.e to thoughtful and earnest men into whose hands it flows, save by using it year by year for the general good. Men may die without incurring the pity of their fellows, still sharers in great business enterprises from which their capital cannot be or has not been withdrawn, and which is left chiefly at death for pup.ic uses; yet the day is not far distant when the man who dies leaving behind him millions of availap.e wealth, which was free to him to administer during life, will pass away 'unwept, unhonored, and unsung', no matter to what uses he leaves the dross which he cannot take with him. Of such as these the pup.ic verdict will then be: 'The man who dies thus rich dies disgraced.'"

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff se loopbaan toon ook dat goeie gesondheid noodsaaklik is op die hoogste vlak, hetsy in die openbare lewe of die sakelewe. Op albei terreine kon hy waarskynlik 'n selfs belangriker en langduriger rol gespeel as hy die gevolge van 'n ernstige operasie en hoë bloeddruk kon vryspring. Juis die gesondheid van twee van sy prominente tydgenote het ook hul loopbaan beïnvloed. Oudpres. M.T. Steyn sou ongetwyfeld die Unie se eerste premier gewees het as hy nie aan spierswakte (myasthenia gravis) gely het nie, terwyl genl. Louis Botha as 'n betreklik jeugdige 56-jarige gesterf het. Tog is 'n gesonde lewensfilosofie selfs belangriker. Dr. Anton Rupert het daarop gewys dat perfekte gesondheid nie voorvereistes vir dinamiese leierskap of 'n suksesvolle loopbaan is nie: "Roosevelt was kreupel. Caesar epilepties, terwyl Napoleon deur maagsere geteister is… Bismarck was erg oorgewig, terwyl Gandhi net vel en been was. Hulle almal het egter grenslose energie gehad."[76] Hoewel Graaff se gesondheid oor 'n lang tydperk kommer veroorsaak het, het hy nogtans genoeg energie gehad om tot in die jare twintig op 'n aantal terreine aktief te bly.

In Suid-Afrika is daar min persoonlikhede soos Graaff, mense wat in die politiek sowel as die ekonomie 'n stempel gelaat het. Hy is in die Suid-Afrikaanse geskiedenis inderdaad 'n buitengewone verskynsel: 'n hoogs suksesvolle entrepreneur wat ook in die politiek tot die hoogste poste uitgestyg het. Enigsins vergelykbaar, hoewel minder invloedryk, is die sakemanne John William Jagger, wat van 1921-1924 minister van spoorweë en hawens was, en Richard Stuttaford, wat van 1933-1942 verskeie portefeuljes in die kabinet beklee het.[77] Die diamantmagnate sir Ernest Oppenheimer en sy seun Harry was op hul beurt albei parlementslede, maar geeneen het in die kabinet gedien nie. Sammy Marks was eweneens 'n senator, maar nie 'n kabinetslid nie. Met die uitsondering van Cecil John Rhodes, die imperiale mynmagnaat wat ook die premier van die Kaapkolonie was, het weinig ander top-sakelui in die Suid-Afrikaanse geskiedenis so 'n invloedryke rol in die politieke hiërargie soos Graaff beklee.

Die rariteit van die erflike baronetskap is sekerlik nie die vernaamste rede waarom sir David Graaff in die Suid-Afrikaanse geskiedenis vermelding verdien nie. As 'n prominente figuur in 'n vormende tydperk in Suid-Afrika het hy by tye 'n deurslaggewende rol in die modernisering van die land vervul.

---

[76] W.P. Esterhuyse, *Anton Rupert – Plewitbesorger vir Hoop,* p. 124.

[77] Jagger, 'n voorste Kaapse handelaar van die groothandelfirma Jaggers, was van 1902-1929 'n parlementslid. Hy was 'n raadslid en groot donateur van die Universiteit van Kaapstad, waar die Jagger-Biblioteek na hom genoem is. Stuttaford, ook 'n Kaapse handelaar van die afdelingswinkel Stuttafords in Adderleystraat, was van 1924 tot 1942 'n parlementslid.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

Literatuur

Barlow, Arthur. 1952. *Almost in Confidence.* Kaapstad: Juta.
Barnard, Leo, en Kriek, Dan, redakteurs. 1990. *Sir De Villiers Graaff.* Pretoria: Digma Publications.
Beukes, Piet. 1989. *The Holistic Smuts: A Study in Personality.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Bozzoli, Belinda, 1981. *The political nature of a ruling class: capital and ideology in South Africa.* Londen: Routledge & Kegan Paul
Brittan, Michael. 1979. *Discover Namibia.* Kaapstad: Struik.
Burrows, Edmund H. 1958. *History of Medicine in South Africa.* Kaapstad: Balkema.
Buxton, Sydney Charles. 1924. *General Botha.* Londen: John Murray.
Caine, Barbara. 2010. *Biography and History.* New York: Palgrave Macmillan.
Cameron, Trewhella. 1994. *Jan Smuts: An Illustrated Biography.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Cameron, Trewhella (red). 1986. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Cannadine, David. 1993. *G.M. Trevelyan: A Life in History.* Londen: Harper Collins.
Carnegie, Andrew. 1933. *The Gospel of Wealth and Other Timely Essays.* New York: Doubleday, Doran & Company.
Chilvers, Hedley A. 1939. *The Story of De Beers.* Londen: Cassell & Co.
Cloete, Bettie. 1946. *Die Lewe van Senator F. .S Malan, President van die Senaat.* Johannesburg: Afrikaanse Pers.
Colvin, Ian D. 1922. *The Life of Jameson.* Londen: Arnold.
Cran, Marion. 1926. *The Gardens of Good Hope.* Londen: Herbert Jenkins.
Davenport, T.R.H. 1966. *The Afrikanerbond: the History of a South African Political Party, 1880-1911.* Kaapstad: Oxford University Press.
Davenport, T.R.H. 1977. *South Africa, A Modern History.* Johannesburg: Macmillan.
De Bosdari, C. 1964. *Cape Dutch Houses and Farms.* Kaapstad: A A Balkema.
De Kiewiet, C.W. 1957. *A History of South Africa, Social and Economic.* Londen: Oxford University Press.
De Villiers, André. 1976. *English-speaking South Africa Today.* Kaapstad: Oxford University Press.
De Villiers, J.C. (Kay). 2008. *Healers, Helpers and Hospitals – A History of Military Medicine in the Anglo-Boer War.* Pretoria: Protea Book House.
De Waal, J.H.H (onder skuilnaam J.W.). 1928. *Die lewe van David Christiaan de Waal.* Kaapstad: Nasionale Pers.
Du Plessis, E.P. 1964. *'n Volk staan op: Die Ekonomiese Volkskongres en daarna.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Engelenburg, C V. 1929. *Generaal Louis Botha.* Pretoria: Van Schaik.
Esterhuyse, W.P. 1986. *Anton Rupert – Pleitbesorger vir Hoop.* Kaapstad: Tafelberg.
Fairbridge, Dorothy. 1922. *Historic Houses of South Africa.* Kaapstad: Maskew Miller.
Findlay John G.1912. *The Imperial Conference of 1911 from within.* Londen: Constable & Co.
Fitzpatrick, Percy. 1900. *The Transvaal from within.* Londen: William Heinemann.
Geyser, O. en Marais, A.H. (red).1975. *Die Nasionale Party – Agtergrond, Stigting en Konsolidasie.* Pretoria en Kaapstad: Academia.
Frankel, Rudy. 1988. *Tiger Tapestry.* Kaapstad: C. Struik.
Giliomee, Hermann en Mbenga, Bernard. 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.
Graaff, J. de V. 1957. *Theoretical Welfare Economics.* Cambridge : Cambridge University Press.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Graaff, sir De Villiers. 1993. *Div looks back.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Hancock, W.K., en Van der Poel, J (redakteurs). 1966-'73. *Selections from the Smuts Papers, 1886-1950.* Cambridge: Cambridge University Press.
Gregory, Theodore. 1962. *Ernest Oppenheimer and the Economic Development of Southern Africa.* Kaapstad: Oxford University Press.
Grobbelaar, Charmaine, 2007. *The Arabian Horse and its influence in South Africa.* Pretoria: Protea.
Grundlingh, Albert en Swart, Sandra. 2009. *Radelose Rebellie; Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie.* Pretoria: Protea Boekhuis.
Hancock, W.K. 1962. *Smuts I: The Sanguine Years.* Cambridge: Cambridge University Press.
Hancock, W.K. 1968. *Smuts II: The Fields of Force.* Cambridge: Cambridge University Press.
Hancock, W.K. andVan der Poel, J. 1966. *Selections from the Smuts Papers.* Cambridge: Cambridge University Press.
Hanson, Simon G. 1938. *Argentine Meat and the British Market.* Londen: Oxford University Press.
Heese, J. A. en Lombard, R.T. J. 1989. *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters Deel 2.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
Heselridge, Arthur G.M. (ed). 1914. *Debrett's Baronetage, Knightage and Companionage.* Londen: Dean & Son Ltd.
Hocking, Anthony. 1973. *Oppenheimer and Son.* Johannesburg: McGraw-Hill.
Hofmeyr, George (red). 2002. *NG Kerk 350.* Kaapstad: Lux Verbi.
Hofmeyr, J. H. en Reitz, F.W. 1913. *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan).* Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.
Holroyd, Michael. 2002. *Works on paper: The craft of biography and autobiography.* Londen: Little, Brown.
Immelman, R.M.P. 1955. *Men of Good Hope – The Romantic Story of the Cape Town Chamber of Commerce.* Kaapstad: Cape Town Chamber of Commerce.
Jay, Peter. 2000. *Road to Riches.* Londen: Weidenfeld & Nicholson.
Johnson, Paul. 1983. *A History of the Modern World.* Londen: Weidenfeld & Nicholson.
Jones, Roderick. 1951. *A Life in Reuters.* Londen: Hodder and Stoughton.
Kaplan, Mendel. 1986. *Jewish Roots in the South African Economy.* Kaapstad: C. Struik.
Kestell, J.D. 1918. *Helpmekaar Gedenkboek.* Kaapstad: De Nationale Pers Beperkt.
Kidd, Charles (ed). 2007. *Debrett's Peerage and Baronetage.* Richmond, Surrey: Debrett's Limited
Krüger, D.W. en Beyers, C.J. 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,* Deel 1-4. 1968-1982. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (deur Tafelberg-Uitgewers).
Krüger, D.W. 1969. *The Making of a Nation.* Johannesburg: Macmillan.
Lentin, Anthony. 2010. *Jan Smuts: Man of Courage and Vision.* Kaapstad: Jonathan Ball.
Le Roux, Cobus. 2004. *Elke dag 'n vol dag.* Villiersdorp: Bo-Radyn Boerdery Edms Bpk.
Levinson, Olga. 1983. *Diamonds in the Desert: The Story of August Stauch and His Times.* Kaapstad: Tafelberg.
Lewsen, Phyllis. 1982. *John X. Merriman : Paradoxical South African Statesman.* Johannesburg: Ad Donker.
Lewsen, Phyllis. 1996. *Reverberations – A Memoir,* Kaapstad: University of Cape Town Press.
Lewsen, Phyllis. 1963. *Selections from the Correspondence of John X. Merriman.* Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging.
Little, A.I. 1938. *History of the City Club, Cape Town, 1878-1938.* Kaapstad: City Club.
Mahan, Alfred Thayer.1900. *The Story of the War in South Africa 1899-1900.* Londen: Sampson Low, Marston and Company.
Malan, F S: ±1924. *Marie Koopmans-de Wet.* Kaapstad: Juta.
Malherbe, J. A. 1947. *Predikante-prestasies en –petaljes.* Kaapstad: Maskew Miller.
Marais, A.H. 1971. *Politieke Briewe, 1909-1910, Deel 1.* Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Vrystaatse Universiteit.
Marais, A.H. 1973. *Politieke Briewe, 1911-1912, Deel 2.* Kaapstad: Tafelberg.
McCracken, J. L. 1967. *The Cape Parliament, 1854-1910.* Oxford: Clarendon Press.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Mendelsohn, Richard. 1991. *Sammy Marks: The Uncrowned King of the Transvaal.* Kaapstad: David Philip.
Mouton, F.A. 2011. *Prophet without Honour – F.S. Malan: Afrikaner, South African and Cape liberal.* Pretoria: Protea.
Moseley, Charles (ed). 2004. *Burke's Peerage, Baronetage & Knightage.* Londen: Burke's Peerage and Gentry.
Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die Suide: Geboorte en Groei van die Nasionale Pers, 1915-1948.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Muller, C.F.J. (red). 1968. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Kaapstad: Academica.
Murray, Marischal. 1953. *Union-Castle Chronicle.* Londen: Longmans Green.
Oberholster, J. A. S. 1941. *Die Groote Kerk 100 Jaar Oud.* Kaapstad: Ned. Geref. Kerk.
Newbury, C.W. 1989. *The Diamond Ring: Business, Politics and Precious Stones in South Africa 1867-1947.* Oxford: Clarendon Press.
Nobel Foundation. *Nobel Lectures Physics 1901-1921, 1922-1941, 1942-1962.* Amsterdam: Elsevier.
O'Meara, Dan. 1983. *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934-1948***.** New York: Cambridge University Press.
Pakenham, Thomas. 1979. *The Boer War.* Braamfontein: Jonathan Ball.
Phillips, Lionel. 1986. *Some Reminiscences.* Johannesburg: Ad Donker.
Picard, Hymen W. J. 1969. *Grand Parade –The Birth of the Greater Cape Town, 1830-1913.* Kaapstad: C Struik.
Pretorius, André. 1997. *Our Threatened Heritage.* Kaapstad: André Pretorius.
Pretorius, Fransjohan.1985. *Die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902.* Kaapstad: Don Nelson.
Pretorius, Fransjohan (red). 2001. *Verskroeide Aarde.* Kaapstad: Human & Rousseau..
Raath, A.W.G. en Louw, R.M.1991. *Die Konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.
Renders, Hans. 2008. *De Seven Hoofdzonden van de Biografie: Over Biografen, Historici en Journalisten.* Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
Rosenthal, Eric. 1963. *Manne en Maatskappye.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Rosenthal, Eric. 1980. *The History of Milnerton.* Kaapstad: Milnerton Munisipaliteit.
Schoeman, B.M. 1977. *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976.* Pretoria: Aktuele Publikasies.
Schoeman, Karel. 1992. *Only Anguish to Live Here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer War.* Kaapstad: Human & Rousseau.
Schreuder, Deryck en Butler, Jeffrey. 2002. *Sir Graham Bower's Secret History of the Jameson Raid and the South African Crisis, 1895-1902.* Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging.
Shaw, Gerald (ed.) 1984. *The Garrett Papers.* Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging.
Simons, Phillida Brooke. 2000. *Ice Cold in Africa.* Kaapstad: Fernwood Press.
Smith, Adam. 1904 (eerste uitgawe 1776). *An Inquiry into the Nature And Causes of the Wealth of Nations, Book 2 - Of the Nature, Accumulation, and Employment of Stock*, Londen: Methuen & Co.
Solomon, Vivian Edgar (ed). 1981. *Selections from the Correspondence of Percy Alport Molteno, 1892-1914.* Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
Solomon, Vivian Edgar. 1982. *The South African Shipping Question, 1886-1914.* Kaapstad: Historical Publication Society.
Sonnenberg, Max. 1957. *The Way I Saw It.* Kaapstad: Howard Timmins.
Spies S.B.1977. *Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics, January 1900-May 1902.* Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
Tamarkin, Mordechai. 1996. *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners – The Imperial Colossus and the Colonial Parish Pump.* Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
The Transvaal Publishing Company, 1906. *Men of the Times: Old Colonists of the Cape Colony and Orange River Colony.* Johannesburg: Eyre and Spottiswoode.

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Thévenot, Roger. 1979. *A History of Refrigeration throughout the World.* Parys: International Institute of Refrigeration.
Thom, H.B. (sameroeper). 1966. *Stellenbosch 1866-1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Thompson, Leonard Monteath. 1960.*The unification of South Africa, 1902-1910.* Oxford: Clarendon Press.
Thompson, P.S. 1999. *The British civic culture of Natal, South Africa, 1902-1961.* Howick: Brevitas.
Tuchman, Barbara. 1981. *Practising History, Selected Essays.* New York: Ballantine Books.
Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., en Geyer, A.L. 1955. *Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Van Lill, ds. Gert. 2002. *Ned Geref Kerk Villiersdorp 1858-2000.* Villiersdorp: Ned Geref Kerk.
Worden, N., Van Heyningen, E., Bickford-Smith, V. 1998. *Cape Town. The Making of a City.* Kaapstad: David Philip.

Artikels, Ongepubliseerde Verhandelings en Proefskrifte

Bickford-Smith, Vivian. 1983. "Keeping Your Own Council" in *Studies in the History of Cape Town*, vol. 5, Centre for African Studies, Universiteit van Kaapstad.
Blumberg, L. 1989. "Robert Koch and the rinderpest." *SA Medical Journal*, Vol. 76, 21 Oktober 1989.
dokument.
Coetzer, P H. 1998. "Wolfkloof Stamland Villiersdorp". Pretoria: Ongepubliseerde Carruthers, Jane. 1984. "G.H. Swingler and the Supply of Electricity to Cape Town" in *Studies in the History of Cape Town*, vol 5. Centre for African Studies, Universiteit van Kaapstad.
Davey, Arthur M. 1976. "The British Pro-Boers 1877-1902." D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
Davids, Achmat. 1984. "The revolt of the Malays" in *Studies in the History of Cape Town*, vol 5. Centre for African Studies, Universiteit van Kaapstad.
Fedorowich, K. 2003. "Sleeping with the Lion? The Loyal Afrikaner and the South African Rebellion of 1914-15". *South African Historical Journal* 49.
Galbraith, John S. 1983. "British War Measures in the Cape Colony, 1900-1902: A Study of Miscaculations and Mismanagement." *South African Historical Journal* 15.
Giliomee, Hermann. 2008. "Ethnic Business and Economic Empowerment: The Afrikaner Case, 1915-1970". *South African Journal of Economics*, Vol. 76:4.
Graaff, sir De Villiers. Ongedateerd. "Jan Smuts Remembered – A Centennial Tribute". Argief van die Universiteit van Kaapstad, BC 580 D.
Grundlingh, M A S: 1973. "The Parliament of the Cape of Good Hope, with Special Reference to Party Politics." *Argief-Jaarboek van Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, vol ii.
Ham, Jan. 1974. "Die Geskiedenis van die Hoërskool De Villiers Graaff en Sy Voorgangers 1843-1972". M Ed-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
Hatherley, John. 1953. "The effects of the depression after the Anglo-Boer War on Cape politics 1902-1910." M.A.-tesis, Universiteit van Kaapstad,
Johnson, B.A.1987. "Domestic Work by Baker and His Partners at the Cape, 1892-1912", Ongepubliseerde D.Litt.-tesis. Pretoria: Unisa.
Kannemeyer, J.C. 2006. "Biografiese geskiedskrywing: 'n Rekenskap." *Tydskrif vir Letterkunde* 43 (1).
Keiser, Richard. 1975. "The South African Governor-general, 1910-1919". Oxford: D.Phil-proefskrif, Oxford-Universiteit.
Marais, A.H.1972. "Die politieke uitwerking van die verhouding van die Afrikaansprekende tot die Engelssprekende, 1910 – 1915". Bloemfontein: D.Phil-proefskrif, Vrystaatse Universiteit.
Mirilas, P. en Skandalakis, J. E. 2003. "Not just an appendix: Sir Frederick Treves" in

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Archives of Disease in Childhood 88. Atlanta: BMJ Publishing Group Ltd & Royal College of Paediatrics and Child Health.
Morrell, Robert. 1986. "Farmers, Randlords and the South African State: Confrontation in the Witwatersrand Meat Markets, circa 1920-1923". *Journal of African History*, Vol. 27, No. 3.
Mouton, Alex. 2006. "The Burden of Empathy: John X. Merriman, F.S. Malan and Phyllis Lewsen's Quest for Biographical Authenticity", *South African Historical Journal*, 55.
Mouton, Alex. 2009. "'The good, the bad and the ugly': Professional historians and political biography of South African parliamentary politics, 1910-1990". Professorale intreerede, Unisa, Pretoria.
O'Dowd, M.C. 1976. "An Assessment of the English-Speaking South Africans' Contribution to the Economy", in A. de Villiers, *English-speaking South Africa Today.*
Orman, Sandra-Lynn. 1983. "Sir David Graaff, Businessman and Politician, 1881-1910". Honneurstesis, Universiteit van Kaapstad.
Pienaar, Sara. 1993. "Interview with Phyllis Lewsen", *South African Historical Journal,* 28, bl. 29.
Pryce-Lewis, O. 1994. "John Parker: His Life and Work". Manuscripts & Archives, University of Cape Town Libraries.
Putnam, Robert D. 1995). "Bowling Alone: America's Declining Social Capital". *Journal of Democracy* 6 (1).
Renders, Hans. 2008. "Did Pearl Harbour Change Everything?: The Deadly Sins of Biographers." *Journal of Historical Biography* 3 (Spring 2008).
Rosenthal, Eric. Ongedateerd. "Cold Storage Chronicle: History of the Imperial Cold Storage". Ongepubliseerde manuskrip, Rosenthal-versameling, Cambridge University Library.
Rosenthal, Eric. Ongedateerd. "Sir David Graaff – Founder of Imperial Cold Storage". Manuskrip van artikel in *Founders of South African Commerce*, no 12.
Shell, Robert. 1984. "Rites and Rebellion: Islamic Conversion at the Cape, 1808-1915". *Studies in the History of Cape Town*, vol 5. Centre for African Studies, Universiteit van Kaapstad.
Siisiäinen,Martti. 2000. "Two concepts of Social Capital: Bourdieu vs. Putnam". Paper presented at ISTR Fourth International Conference, Dublin.
Snyman, J.H. 1973. "Die Afrikaner in Kaapland 1899-1902". D. Litt.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit.
Van der Schijff, Es P. 1977. "Die Rol van die Ned. Geref. Kerk in die Inisiëring van Maatskaplike en Ander Dienste in die Kaapse Skiereiland, 1844-1937". Ph.D-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
Van Onselen, Charles. 1972. "Reactions to Runderpest in Southern Africa, 1896-7", *Journal of African History* XIII, 3.
Webb, Kieran. 2007. "The Continued Importance of Geographic Distance and Boulding's Loss of Strength Gradient", *Comparative Strategy*, Volume 26, Issue 4.

Tydskrif- en koerantartikels

Daily Call, 1914
De Zuid-Afrikaan, 1890.
Die Burger, 1915-1973
Die Huisgenoot, 1919-1959
Die Kerkbode, 1902-1956
Economist, 2010
General Directory of the Cape Colony, 1870
Het Volksblad, 1860
Morning Post, 1914

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Natal Mercury, 1912
New York Times, 1913
Ons Land, later De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land, 1902-1920
Ons Vaderland, 1918
Pall Mall Gazette, 1892
Rand Daily Mail, 1922
South Africa, 1891-1914
South African Journal of Industries, 1919
South African Review, 1902
Standard & Mail, 1877
The African World, 1914
The Cape, 1910
The Cape Argus, 1891-1953
The Cape Times, 1881-1976
The Financial News, 1901
The Lantern, 1890-1892
The London Gazette, 1911
The Star, Johannesburg, 1976
The Times, Londen, 1892-1937
Time Magazine, 1931
Volkstem, 1907
Washington Post, 1892
Westminster Gazette, 1914

Regeringspublikasies

Hansard, Kaapse Parlement, 1890-1909.
Hansard, Suid-Afrikaanse Parlement, 1910-1931.
Official Roll of the Baronetage, Crown Office, Londen.
Statistical Register of the Cape of Good Hope, 1899 en 1902.

Ongepubliseerde Argivale Bronne

Bodleian Library, Oxford
Harcourt Collection: 473

Cambridge University Library
Rosenthal Collection: Ongekatalogiseerde manuskrip, “Cold Storage Chronicle”

College of Arms, Londen
Graaff-wapenskild en familiegeskiedenis
Home Office: HO 45/10652, HO 211986/3

De Beers Argief, Kimberley
Dokumentversamelings, Consolidated Diamond Mines en Imperial Cold Storage: S4/CS1, S4/CS2, S4/CS4, S4/CS5, S4/ICS7, S4/ ICS12

Graaffs Trust Argief, Kaapstad
Direksienotules en jaarverslae, Graaffs Trust en Milnerton Estates, 1905-2009

Kaapse Stadsraad Argief, Kaapstad
Notules en burgemeestersverslae, ongenommerd

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein
Kaaplandse Nasionale Party versameling: PV27, 1/4/2/8/1

National Archives, Kew, Londen
Home Office: HO/45/10652/211986/2, HO/45/10652/211986/3
Colonial Office: CO/417, CO/545

National Army Museum, Londen.
Papers relating to the Administration of Martial Law in South Africa, 1902.

National Library, Londen
Viscount Gladstone Collection: 45997, 45998
Royal Commission on the War in South Africa. Vol 28, Minutes of Evidence, 1903; Vol 30, Report and Appendix, 1906

Rhodes House, Oxford
Rhodes Collection: MSS. Afr.s.228 C3A, MSS. Afr. s. 228 C6

Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Kaapstad
F.S. Malan-versameling: Dagboeke. Vol. 2, 19, 22, 23. 33, 84.
Raad van Handel en Nywerheid. 1925. Verslag 54, "Meat, Fish and other Foodstuffs: An Inquiry into Trade Combinations, Supplies, Distribution and Prices."
Testamente van Graaff-familielede: MOOC 6/9/1667, MOOC 6/9/1910, MOOC, 6/9/3142 MOOC 6/9/3885.

Suid-Afrikaanse Nasionale Argief, Pretoria
Goewerneur-generaal: GG 94/3, GG 137, 3, GG 1103, 23
Private Sekretaris van Eerste Minister: MEM 1/18, MEM 1/19, MEM 1/22, MEM 10/19, MEM 16-17/10
Smuts-versameling: A1/194, A1/196, A/ 197, A1/205, A1/214, A1/219, A1/224, A1/232, A1/254, A1/284
Transvaalse Afdeling van Hooggeregshof: TAB TPD 8/876 807/1929

Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek, Kaapstad
D.C. Boonzaier-versameling: Dagboeke, Vol. 6.
Fremantle-versameling: Band 4
Graaff Papers: Boks 1, 2, 3, 5.

Tiger Brands Argief, Johannesburg
Dokumentversameling, Imperial Cold Storage, ongenommerd

Universiteit van Kaapstad
Sammy Marks Collection: SM/B2/20, SM/B2/21, SM/B2/22, SM/B2/40, SM/B3, SM/B32/16

Universiteit van Suid-Afrika
Verenigde Party Argief: Sir De Villiers Graaff Persoonlik 1.3.1

University of Stellenbosch: http://scholar.sun.ac.za

Onderhoude

Sir George Albu	Julie 2009
Mnr. Japie Basson	Mei 2009
Mnr. Grant Bavister	13 Oktober 2008
Me. Sandra-Lynn (Orman) Berson	Desember 2008
Prof. Kay de Villiers	Maart-April 2009
Sir David Graaff	Julie-Augustus 2008
Dr. Jannie Graaff	Maart 2009
Dr. Johann Graaff	November 2008
Mnr. Pieter Graaff	Februarie 2008
Lady Sally Graaff	November 2008
Mnr. Jan Ham	Maart 2009
Mnr. William G. Hunt	14 Oktober 2008
Mnr. Cobus le Roux	1 Junie 2008
Prof. Richard Mendelsohn	Mei 2009
Prof. Alex Mouton	Mei-Junie 2009
Mnr. W. H. (Bill) Neate	16 April 2008
Prof. Fransjohan Pretorius	Maart 2009
Me. Anne Ray	8 Mei 2008
Mnr. Gerald Shaw	30 Januarie 2009
Dr. Philip Spies	Julie 2011
Me. Alet Swanepoel	Mei 2009
Mnr. Chris Theron	Maart 2009